

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 60 | Volume 60 | **SEPTEMBER 2020**
Nommer 3 | Number 3



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



3

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
September 2020

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese
Burgerskaponderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic
Citizenship Education

Internasionaal/International

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit
Leuven, België)

A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaaliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2020 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2020 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 60 Nummer 3, September 2020 / Volume 60 Number 3, September 2020

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

PIET STRAUSS

Generaal CF Beyers: Sy lewensbeskouing soos weerspieël in sy openbare standpunte /
General CF Beyers: His world view as reflected in his public statements 561

FRANCOIS VENTER

Staatsregtelike behoortlikheid in die 21ste eeu / *Constitutional propriety in the 21st century* 579

ILSE RIEDER EN HERMAN VAN DER ELST

Substantiewe beleidsimplementering en die erosie van kiesersvertroue as faktore in die konsolidering van die Suid-Afrikaanse demokrasie / *Substantive policy implementation and the erosion of voter trust as factors in the consolidation of the South African democracy* 596

RIAAN EKSTEEN

Die grondwetlike vereistes en prosesse om 'n president van die VSA uit sy amp te verwyder: Die geval van president Donald Trump in 'n politiek gelaaiede atmosfeer / *The constitutional requirements and processes to remove a president of the USA from office: The case of president Donald Trump in a politically charged atmosphere* 619

PAUL VAN GEEST

Armoede en menselijke waardigheid: Het magisterium van de katholieke kerk over de wisselwerking tussen beide / *Poverty and human dignity: The magisterium of the Catholic Church on the interaction between the two* 646

JANNIE ROSSOUW

Diamantjubiläum van desimalisasie: 60 jaar van Suid-Afrikaanse rand en sent / *Diamond jubilee of decimalisation: 60 years of South African rand and cent* 658

ANET SMIT

Analisering van die bydraende rol van die rekeningkundige profesie om ons planeet te red / *Analysing the contributory role of the accounting profession to save our planet* 674

RA LOTRIET EN K KOKOTWANE DITSHEGO

'n Assessering van die persepsies oor digitale transformasie by 'n Suid-Afrikaanse handelsbank – 'n geval van Antropogeen-ontkenning vir die ekonomie? / *An assessment of perceptions concerning digital transformation at a South African commercial bank – a case of Anthropocene denial for the economy?* 687

SUSAN MEYER

Omgewingsidentiteit in die Era van die Mens: Nuwe perspektiewe op *Toorbos*. Deel 1 / *Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on Toorbos. Part 1* 708

RONEL S DAVIDS, NICOLETTE V ROMAN EN RINIE SCHENCK

Horende moeders en vaders se benadering tot ouerskap van kinders met gehoorverlies / *Parenting approaches of hearing mothers and fathers to children with hearing loss* 727

A HELJSTEK-HOFMAN, MCH VAN DIJK-GROENEBOER EN MAA VAN AMELSVOORT Persoonsgerichte burgerschapsvorming in het openbaar voortgezet onderwijs / <i>Person-oriented citizenship education in public secondary education</i>	745
MA TSEGAYE EN RJ BOTHA Die bemagtiging van sekondêreskool-hoofde in Ethiopië om hulle in staat te stel om hul onderrigleierskapsrolle doeltreffend te verrig / <i>Empowering secondary-school principals in Ethiopia to perform their instructional leadership roles more effectively</i>	764
LEENTJIE VAN JAARVELD Entrepreuriese skoolhoofleierskapstyl in skole: Goeie versus swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede / <i>Entrepreneurial leadership style in schools: Good versus poor socio-economic circumstances</i>	783
RICKUS STRÖH EN ADÉLE NEL “Sal julle hom aanvaar net soos hy is?": Faan (<i>Faan se trein</i>) en Lambert (<i>Triomf</i>) as filmiese destabilisering van hegemoniese Afrikanermanlikheid / “Will you accept him as he is?": <i>Faan (Faan se trein) and Lambert (Triomf) as filmic destabilisation of hegemonic Afrikaner masculinity</i>	797
AMANDA VAN DER WALT EN BERTUS VAN ROOY Taboetaalgebruik as sleutel-element vir die konstruksie van 'n manlike zefidentiteit / <i>Taboo language use as a key element in the construction of a zef identity</i>	814
ESSAY	
CS (FANIE) DE BEER 'n Lofrede vir taal	833
HULDEBLYK	
CS (FANIE) DE BEER Michel Serres, die ondeunde denker – 'n huldeblyk	853
GEDIGTE	
HENNIE PIETERSE	859
PIETER VERSTER	861
TAALRUBRIEK	
TOM MCLACHLAN Een frase, verskeie sake	863
BOEKBESPREKING/BOOK REVIEW	
ERIC HOLM <i>Die trekos en trektoerusting in Suid-Afrika – Protea</i>	865

Generaal CF Beyers: Sy lewensbeskouing soos weerspieël in sy openbare standpunte

General CF Beyers: His world view as reflected in his public statements

PJ STRAUSS

Navorsingsgenoot

Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

E-pos: StraussP@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat en tree op 30 Junie 2015 af. Benewens ongeveer honderd artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, het Strauss ook verskeie boeke geskryf. Hy spits hom toe op gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, soos blyk uit onlangs verskene werke. In die kerkreg lewer *Kerk en Orde vandag* (2010), blyke van 'n reformatoriese deurwerk van die bekende *Solas* van die Reformasie van die sewentiende eeu na vandag. *Kerkwees in die branding – die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013), verteenwoordig 'n kontemporêr kerkhistoriese werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, die moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde amp by die Algemene Sinode, van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein en was vir 12 jaar, van 2001–2013, die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, Die Voortrekkers.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as a lecturer in Church Polity and Church History at the University of the Free State in 1988 and retired on 30 June 2015. Apart from some 100 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on the topics of Church Polity and modern South African Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and Order today* (2010) he argues that 3 *Solas* of the Reformation of the sixteenth century should also be accepted and implemented today, while in *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod 1994–2011* (2013), he uses a reformational approach in modern church history.

Strauss was moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church for the periods 1999–2003 and 2005–2007. He was also moderator of the General Synod of the same church in 2007–2011. In addition, he is actively involved in cultural events and, for 12 years (2001–2013), he served as leader of the Afrikaans youth movement, *Die Voortrekkers*.

Datums:

Ontvang: 2020-02-20

Goedgekeur: 2020-07-10

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***General CF Beyers: His world view as reflected in his public statements***

One of the generals of the Boers in the Anglo-Boer War (ABO) of 1899–1902, General CF Beyers, emerged from this war as a leading Afrikaner. He was elected as the chairman of the meeting of the Boer delegates – 60 representatives of the South African Republic and the Republic of the Orange Free State – at Vereeniging from 15-31 May 1902. This meeting was held to discuss the conditions for peace with Britain.

The delegates had a strong feeling of trust in General Beyers. Not only was he a die-hard fighter against the British and known for his courage and good judgement in difficult circumstances on the battlefield, but he would also not easily accept conditions put forward by the British. The Boers were in a difficult position in the Transvaal and the Free State in 1902. More or less 20 000 die-hard Boers still offered resistance in the form of guerilla warfare, with hit and run tactics, until the end of the ABO. This made it difficult for the majority of soldiers in the service of Britain to end the war.

Beyers entered the talks at Vereeniging as someone still prepared to go on with the war. According to his world view as based on his understanding of Scripture, the Boers had a just cause and he therefore firmly believed that the blessings of the Lord would not stay out. Beyers was known for his perseverance under pressure. However, during the talks he came under the impression of Zechariah 4:6, in which it is proclaimed that man will not succeed by means of violence and earthly power, but through the spirit of God. Especially the phrase “... by my Spirit, says the Lord” contributed to Beyers’ acceptance of the conditions for peace as formulated by the British. It was as if Beyers had accepted God’s guidance as something which determines man’s ways without the latter having any say in it. As if Beyers saw the providence of God as a form of determinism or in a deterministic way.

As a Christian who held the view that life was something to be devoted to honouring God’s wishes in everything, a reformed Calvinistic approach, Beyers became the speaker of the legislative assembly of the Transvaal, or former South African Republic, in 1907. He advocated school education which would allow parents an important role in the affairs of a school. At the same time Beyers believed that schools should also be run according to scriptural principles. He was convinced that every aspect of life should be guided by the principles and message of the Bible. His world view was that of a Christian who sought God’s will in everything.

In 1912 Beyers became the commanding officer (commandant-general) of the South African Defence Force. This made things difficult for him when the First World War broke out on 4 August 1914. According to him he became a coerced rather than a willing British subject after the Peace of Vereeniging in 1902 when he gave his word as a Christian at Vereeniging that he would honour the King and the British flag. But to fight an offensive war in 1914 against Germany in German West Africa was, he believed, an act without any provocation on the part of the Germans, and one that was contrary to the Bible and the biblically-based traditions of the Afrikaner.

Like the former South African Republic (Transvaal), which became a British colony from 1902 until 1910, South Africa became a union or a self-governing dominion under the British throne in the British Commonwealth in 1910. In 1914 it appeared that South Africa’s predominantly Afrikaner government was willing to assist Britain by undertaking an offensive war against Germany in German West Africa. It reacted positively when requested by Britain to invade German West Africa (today Namibia) because of strategic aims. According to Beyers such a decision left him no choice other than to resign as the commanding officer of the South African forces. While ostensibly and publicly favouring a peaceful resistance against the

government publicly, he at the same time attended protest meetings in the Free State and Transvaal, gun in hand.

The Rebellion of 1914–1915 started with shots fired on 27 October 1914 at Rooiwal near Pretoria. Beyers stuck to his viewpoint of a non-violent protest, but was persecuted by the government and had to flee. On 8 December 1914 in order to remain free, he was forced to swim across the Vaal River in close proximity to a town later to become known as Makwassie. He drowned in the river which was in flood.

The question remains as to why Beyers would appear to have acted in a non-violent, sometimes uncertain way in the Rebellion? The possibility that such indecisive behaviour might as well have been informed by his acceptance of the determining providence of God has to be entertained.

KEY WORDS: Christian world view covers life; biblical direction in everything; Rebellion of 1914–1915 a protest and not a well-planned action; God's providence taken as deterministic; tragic end of an Afrikaner

TREFWOORDE: Konsekwente Christelike lewensbeskouing; Bybel dek volle lewe; Rebelle 1914–1915 'n uitbarsting en nie 'n beplande opstand nie; God as deterministies in sy voorsienigheid beskou; tragiese einde van Afrikanerleier

OPSOMMING

Generaal CF Beyers het uit die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 getree as 'n erkende militêre aanvoerder, strateeg én Afrikanerleier. Beyers is namens die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) na die vredesamesprekings van die 60 Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 15-31 Mei 1902 gestuur. Hier is hy tot voorsitter van die vergadering verkies. Aanvanklik was Beyers van mening dat die Boere die stryd kon voortsit. Algaande het die argument hom egter oortuig: die Here sê dat sy kinders nie deur mag en krag sal slaag nie, maar deur sy Gees...

Beyers word in 1912 die kommandant-generaal van die verdedigingsmag van die Unie van Suid-Afrika. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 en die Unie se positiewe reaksie op 'n Britse versoek dat hy Duitswes-Afrika (tans Namibië) om strategiese redes inval, lok protes van Beyers en talle Afrikaners uit. Hy bedank as hoof van die Verdedigingsmag op 15 September.

Beyers is gekant teen 'n rebellie, maar word sonder enige ondersoek of navraag deur Regeringsmagte wat skiet, agtervolg. As 'n voortvlugtige verdrink hy op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier naby die huidige Makwassie.

Beyers het geglo in 'n bykans deterministiese voorsienigheid van God: 'n oortuiging wat hom in die laaste dae van sy lewe laat vlug en padgee. Na sy dood word sy bandolier met al sy patrone aan hom gevind. Hy het dwarsdeur sy agtervolging deur Regeringsmagte getrou aan Sagaria 4:6 gebly en nie een skoot teruggeskiet nie.

INLEIDING

Christiaan Frederik Beyers is op 23 September 1869 op die plaas Banhoek in die distrik Stellenbosch gebore. Hy verdrink in tragiese omstandighede op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier naby die huidige Makwassie (Scholtz 1941:11, 381-382; SABW III 1977:66; Möller 2014:51).

Beyers was, volgens sy biograaf GD Scholtz, ten tye van sy verdrinking “een van die mees geliefde figure in die geskiedenis van die Afrikaanse volk” (Scholtz 1941:9). ’n Waardering en ’n affiniteit wat waarskynlik verband hou met sy “kragtige” persoonlikheid (SABW III:67), krygsmenskap, kulturele inisiatief en, veral, konsekwente Christenskap. Vanweë sy liggaamskrag speel Beyers ook vir Transvaal rugby. In 1891 draf hy vir die “Rooibontes” teen die eerste Britse toerspan na Suid-Afrika uit (SA Rugbyraad 1964:29; Möller 2014: 51).

Beyers verhuis teen die einde van 1888 na Pretoria en word in 1894 ’n prokureur in Boksburg (Möller 2014:51). Vanweë sy aanbod om die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) as ’n vrywilliger te help tydens die Jamesoninval van 1895–1896, verkry die gebore Bolander in 1897 volle burgerskap van dié republiek (SABW III:66; Scholtz 1941:20). Scholtz glo dat ’n oorlog manne na vore stoot “wat weet wat gedoen moet word” en dat Beyers saam met onder meer Christiaan de Wet, Louis Botha (in 1910 word hy die eerste premier van die Unie van Suid-Afrika), Koos de la Rey en Jan Smuts (in 1910 word hy as die regterhand van Louis Botha in die Suid-Afrikaanse kabinet as onder meer die Minister van Verdediging opgeneem, SABW I 1976:775) as bekende Boeregeneraals uit die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 (ABO) te voorskyn tree (Scholtz 1998:15).

In ’n ontleding van sy kenmerke as ’n soldaat, wys Scholtz op Beyers se “persoonlike moed... sin vir dissipline en... strategiese vernuf”. Op die slagveld was hy onverskrokke en vreesloos. Hy kon onder hewige vuur en die “beskieting van die vyand” bedaard bly en “oop en bloot” rondstap met ’n koelheid wat aan onverskilligheid gegrens het. Dieselfde het in die Rebelle van 1914–1915 gebeur. Hier het Beyers, tot en met sy verdrinking, net ’n ligte vleiswond opgedoen. Hy het dieselfde moed en dissipline van sy mede-offisiere en manskappe verwag (Scholtz 1941:67). Lee noem Beyers die assistent-kommandant-generaal van die distrikte Waterberg en Soutpansberg in die ZAR wat groot moed, vindingrykheid en oorspronklikheid getoon het in Boere-aanvalle op Britse stellings (Lee 1985:139). Beyers lei in hierdie distrikte mettertyd ’n “geïsoleerde guerilla-oorlog” van “slaan en vlug” – tot aan die einde van die ABO (SABW III:67). In Maart 1900 word hy in die Heidelbergse kommando tot assistent-veldkornet bevorder (Scholtz 1941:25) en in September 1900 as assistent-kommandant-generaal aangewys in die noorde van die ZAR. Kommandant-generaal Louis Botha doen die aanstelling (SABW III:67; Scholtz 1941:70).

Beyers kry van sy moeder ’n godsdienstige opvoeding wat algaande meer en meer uit sy optrede sou blyk. Scholtz druk dit so uit: “Sy godsdienstige oortuiging het sy hele handel en wandel later beheers” (Scholtz 1941:18). Hy trou op 6 Augustus 1896 met Mathilde König op Klerksdorp (Möller 2014:51). Dit word ’n verbintenis wat hom versterk in sy Christelike geloofsoortuiging. Mathilde kon Frans en Duits praat en was, soos Beyers, ’n godsdienstige, oortuigde Afrikaner. Sy het teologiese boeke gelees en ’n studie van die godsdienste van die wêreld gemaak. Scholtz noem haar “een van die grootste invloede in sy lewe”. In teenstelling met Beyers se uitgaande geaardheid, was sy teruggetrokke en stil (SABW III: 66; Scholtz 1941:21). Geen kinders word uit die huwelik gebore nie (De la Rey 1998:7, 87; SABW III:66).

’n Godsdienstige oortuiging of ’n uitkyk wat mens se hele handel en wandel beheers, word ook ’n lewens- en wêreldbeskouing genoem. Dit is op ’n ontleding van hierdie beskouing van Beyers as ’n openbare figuur dat hierdie artikel fokus. Sy lewensbeskouing soos blyk uit sy openbare standpunte en optredes, word ontleed. Is dit so dat sy Bybels-Christelike “oortuiging” sy hele lewe gestempel het? Dat Beyers as ’n krygsmans en politikus hom van ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing bedien het? Wat was die invloed hiervan op sy standpunte en gedrag?

LEWENSBERADERING

Mathilde Beyers vertel hoe haar man al sy motiewe en handeling aan die Bybel getoets en in gebed gebly het totdat hy sekerheid oor 'n saak gekry het.

In September 1914 is bepaalde omstandighede en probleme rondom keuses wat uitgeoefen moes word, voortdurend deur Beyers in sy gebede tydens huisgodsdienste geopper. Dit het in die eerste plek gegaan om Brittanje en Duitsland wat mekaar tydens die Eerste Wêreldoorlog die stryd aansê en die SA Regering se voorneme om homself in die geval van 'n Duitse aanval te verdedig. Daarteenoor was daar onrus onder Afrikaners oor 'n moontlike inval van die Unie in Duitswes-Afrika en die opkommandering tot 'n “nie-afrikaanse offensiewe oorlog” van hulle wat slegs 12 jaar tevore met die morele steun van Duitsland teen die Britte geveg en hulle Republieke (die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrijstaat) verloor het. Bowendien was daar 'n beweerde verstandhouding onder Boereleiers na afloop van die Anglo-Boereoorlog (ABO) dat hulle hulle onafhanklikheid by 'n gepaste geleentheid sou terugvat.

Beyers het vir die Suid-Afrikaanse Regering met wie hy nie eens in gees en benadering was nie, gebid, maar ook vir die Afrikaner, vir sy toekoms en sy vryheid. Sy vrou vertel hoe sy hom nog met tranen in die bresse hoor tree het vir sy mense: “Here God! Is er dan geen hoekje op uw aarde, waar de Afrikaner ontwikkelen kan naar zijn aard, naar zijn aard?” (volledige woordelike aanhaling in Scholtz 1941:182).

Vir Beyers was die kerk die bolwerk van die Christendom. Met sy aankoms in Pretoria teen die einde van 1888 (SABW III:66) word hy 'n lidmaat van die Pretoriase Ned Hervormde of Gereformeerde Kerk (later Ned Geref Kerk, Van der Watt 1987:20-21). Hier word hy spoedig 'n diaken en lid van die kerkraad. Hy deel sy sielservarings met ander en vertel hoe hy dinge beoordeel en ervaar. Toe sy lyk twee dae na sy verdrinking op 8 Desember 1914 uit die Vaalrivier gehaal word, word die boekie van Andrew Murray, *Aanbidt God*, in sy sak gevind. Hy het hom verdiep in die Christelike geloofsleer en met andersdenkendes daarvoor in gesprek getree. Hy en Mathilde stry teen sektes. Uit hierdie oord word hulle gekomplimenteer vir hulle kennis van die Bybel en die Christelike geloof (Scholtz 1941:182-183). Voor 'n vergadering van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Pretoria, praat Beyers as speaker van die Wetgewende Vergadering van Transvaal (1907-1910) oor die invloed van die Bybel deur die jare op sy mense, die Afrikaners – 'n invloed wat hulle geestelike krag gegee het. Hy verwys na die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika, die Groot Trek en die Gelofte voor die Slag van Bloedrivier in 1838. Hy dra 'n Bybel wat sy ma aan hom gegee het dwarsdeur die ABO. Saans word dit deel van sy kopkussing. In die distrik Waterberg weer hierdie Bybel in sy hemsak twee koeëls wat sy bors sou tref, af. Beyers is van 1904 tot 1912 voorsitter van die *Commando Dank Zendingsvereniging* wat gedurende die oorlog in sy kommando ontstaan (Scholtz 1941:182-187).

Tussen sy nagelate stukke word 'n toespraak oor karaktervorming gevind waaruit sekere aspekte van Beyers se opvattinge oor die lewe duidelik blyk. Hy skryf dit met 'n potlood op papier. Volgens Beyers is die lewe van elke mens 'n plan van God. Daarvoor moet die mens hom onderwerp aan God se wil. Onder God se beginsels vir die lewe is daar liefde, waarheid, reinheid en geduld. Om net vir jouself te werk en net jou eie posisie en reputasie te bevorder, is nie liefde nie. Liefde offer op vir die medemens én vir die vaderland. Liefde vertroos bedroefdes, bemoedig swakkes en is 'n groot behoefte in die lewe. Gedryf deur liefde ontwikkel getroue burgers op wie daar gereken kan word. Die bou van karakter vra tyd. Vriendskap moet duur wees omdat die invloed van “een leven op een ander ... ontzaggelijk en verbazend” is (dokument volledig in Scholtz 1941:188-192). Beyers wou deurgaans volgens sy innerlike

oortuiging handel, al sou dit hom skade berokken. Sy eerlikheid, integriteit en pligsbesef het hom as ’n vervolgte deur gewapende Regeringstroepe in Desember 1914 daarvan weerhou om teen sy gegewe woord in self na die wapen te gryp of ’n gewapende rebellie te inisieer. Toe sy lyk na sy verdrinking uit die rivier gehaal is, was sy bandolier nog vol patrone. Nie ’n enkele een het ontbreek nie omdat Beyers sy woord gegee het en, ten spyte van skote op hom deur sy agtervolgers, eenvoudig nie op sy eie mense wou skiet nie (Scholtz 1941:382).

Later verwys Afrikaners na drie Afrikanermartelare in die Rebellie, al drie slagoffers van die beleid van Botha en Smuts: Koos de la Rey, Christiaan Beyers en Jopie Fourie (SABW III 1977:68). Fourie rebelleer terwyl hy ’n lid is van die Unieverdedigingsmag. Hy word ’n dag na sy krygsverhoor (dit is ongewoon om kort na die verhoor tereggestel te word) in die Sentrale Gevangenis in Pretoria op Sondagoggend 20 Desember om 5:00 gefusilleer – die enigste rebel wat so ’n dood sou sterf (Giliomee 2012:288). DF Malan en ander predikante soek die Saterdag tevergeefs na Smuts om Fourie te begenadig. Malan kry die blywende indruk dat Smuts, ’n oud-Sondagskoolonderwyser van hom op Riebeeck-Wes, hulle doelbewus ontwyk (Malan 1959: 22-24).¹

Teen hierdie agtergrond sou Beyers sy Christelike godsdiens en geloof op kommando uitleef. Voor die Slag van Nooitgedacht in die Magaliesberge op 12-13 Desember 1900, laat Beyers eers ’n diens deur ds. AP Kriel hou (Scholtz 1941:46). Op 16 Desember word “Dingaans-” of Geloftefees in Beyers se kommando onder leiding van dieselfde Ned Geref-predikant gehou (Scholtz 1941:49). Ds. Kriel sê later dat die Christelike geloof en godsdiens die grondslag van Beyers se “hele lewensbeskouing” geword het. Godsdiens op kommando was vir hom ’n werklikheid. Dit was verweef met die denke, planne en verrigtinge van elke dag. Vir hom was sy geloof nie net dogma nie, maar dit wat sy hele lewe stuur en dra. Mense wat hom nie goed geken het nie, kon die indruk kry dat hy ’n dweper was. Vir die wat hom goed geken het, aldus Scholtz, was CF Beyers egter die toonbeeld van ’n Christen. Iemand wat nie net daarvoor praat nie, maar dit ook uitleef. Nadat hy soggens opgestaan het, het hy eers Bybel gelees en gebed. As hy kon, sou hy nie op ’n Sondag veg nie. Offisiere wat hulle skuldig maak aan openbare misdrywe, moes volgens hom ontslaan word (Scholtz 1941:63-66). Beyers was ’n groot voorstander van dissipline. Tydens ’n geveg sou hy met ’n kort sambok rondbeweeg en geen ongehoorsaamheid of lafhartigheid onder die manne duld nie. Met die hulp van kaptein Heinrich du Toit van die ZAR se Staatsartillerie het hy hulle – vreemd vir rustelose, vrye Boere – ook aan driloefeninge blootgestel (Scholtz 1941:68). In die Waterberg neem sy kommando nie voedsel by swartes deur dwang nie, maar betaal hulle daarvoor (Scholtz 1941:91). Beyers se eerlike, reguit optrede boesem vertrou in. Tog skep dit soms die indruk van ’n gedrewe, byna ongevoelige takteloosheid (Scholtz 1941:162).

’N ADRES WAT GETUIG

Na vredesluiting op 31 Mei kom die skeidingsuur van CF Beyers met sy kommando op 9 Junie 1902. Soos dit soms by die afskeid van ’n dominee uit ’n Ned Geref-gemeente gaan, oorhandig sy offisiere by hierdie “plegtigheid” aan Beyers ’n afskeidsadres. Dié afskeidsadres

¹ Malan verwoord iets van die gemoedstoestand van Afrikaners met Jopie Fourie se teregstelling. Volgens hom het Hendriena Joubert, ’n bekende leiersfiguur onder Afrikanervroue en die weduwee van generaal Piet Joubert, die Boerebevelvoerder by Majuba op 27 Februarie 1881, teen 5:00 die oggend van 20 Desember 1914 die skote van die vuurpeloton gehoor. Skote wat in die ore en harte van duisende Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika weergalm het (Malan 1959:24).

is 'n adres wat die gehalte van hulle saamwees in die ABO met hom as 'n militêre leier en konsekwente Christen op skrif stel; 'n adres waarin die offisiere hulle ervaring van die saamwees van die kommando in die oorlog met woorde probeer raakvat; en 'n adres wat 'n oorlogsgetuigskrif vir 'n Christen-generaal is.

Die offisiere glo hulle praat namens die hele kommando as hulle hulle generaal “hartelijk dank toe... brengen voor wat gij gedurende dezen zwaren en noodlottigen oorlog voor ons geweest zijt...”. Omdat generaal Louis Botha en die ZAR-regering van Beyers se dapperheid en manlikheid bewus was, is hy in September 1900 in beheer van “onze strijdmachten” geplaas. As 'n vreemdeling is hy nie met genoeg hartlikheid en liefde in die kommando ontvang nie. Sy regsinnigheid, beslistheid, minlikheid en godvrugtige lewenswandel het egter meegebring dat hulle spoedig tot hom aangetrokke gevoel en hom as leier leer vertrou en liefkry het. Sy onverskrokkenheid by die Slag van Nooitgedacht op 13 Desember 1900, waar hy sy eie lewe ter wille van die kommando se veiligheid op die spel geplaas het, is een voorbeeld daarvan. Ten spyte van kommandoledede wat uit moedeloosheid gehensop of na die Britte oorgeloop het, was Beyers onder die moeilikste omstandighede “een invloed ter volharding” vir sy mense. Sy vindingrykheid het hulle in tye van materiële nood en 'n kosskaarste in staat gestel om te oorleef. Hulle wil hom verseker dat

... uwe onvermoeide [geestelike, PS] bearbeiding, gepaard met een voorbeeldigen en Godvruchtigen wandel voor velen onzer tot een blijvende geestelijken zegen is geweest....

Weens die ABO en daarmee hulle gevolglike armoede kan hulle hom geen tasbare bewys van hulle toegeneentheid gee nie. Wat hulle wel as geskenk aanbied, is

... onze voortdurende hoogachting en liefde... en (wij willen) u verzekeren dat zelfs onze kindertjes door ons van u zullen hooren en zodoende u leeren respecteeren en liefhebben... . Wij (blijven) voor de toekomst tot u opzien als den vriend en weldoener van het Afrikaansche volk. (adres woordeliks volledig in Scholtz 1941:99-101)

'n Paar waarnemings is hier gepas.

In die eerste plek reflekteer die adres die stellings van AP Kriel en GD Scholtz dat Christiaan Beyers se Christelike godsdiens en geloof die grondslag van sy “hele lewensbeskouing en -wandel” geword het. Sy burgers – volgens hulle eie getuigenis – het sy militêre en Christelike leierskap daagliks as 'n geïntegreerde geheel beleef en die adres maak daarvan 'n verweefde eenheid. Boonop stel hierdie manne uit die noordelike dele van die ZAR die lens breër as hulle Beyers as 'n weldoener en daarom 'n leier van die breër Afrikaanse gemeenskap beskou.

In die tweede plek ontbreek geykte kerktaal en openbare lofredes in hierdie adres. Dit gaan om die raakvatpogings met woorde van die burgers se egte belewenis van die generaal en hulle beskrywing van 'n leier wat onder hulle beweeg én “huisbesoek” of geestelike werk gedoen het. Dit handel oor 'n generaal wat deur sy konsekwente Christenskap en omgee 'n hartsnaar by sy burgers geroer het en oor emosies wat 'n refleksie is van sy eie gemoed as gevegseleier en wat later – rondom sy verdrinking gedurende die Rebelle op 8 Desember 1914 – waarskynlik 'n gedeeltelike verklaring bied vir sy ontwykende gedrag kort voor sy dood. Op 'n beredenering hiervan word teruggekom.

ONS SAAK IS REG – VOOR GOD

Beyers se houding oor die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat se redes vir hulle aandeel aan die ABO, sou ook uitkom by die vergadering van die afgevaardigdes van die twee Boererepublieke oor vrede op 15–31 Mei 1902 by Vereeniging (Kestell & Van Velden 1982:

169). Hierdie houding getuig eweneens van die impak van sy Christelike lewensbeskouing op sy hele lewe. As 'n weerspieëling van die vertrou by Boere in sy persoon en oordeel, word Beyers as die voorsitter van die byeenkoms gekies (Kestell & Van Velden 1982:14,56; Scholtz 1960:115). Hierdie vertrou reflekteer ten minste twee waarnemings van eienskappe van Beyers deur sy geesgenote en kommando-offisiere in die ABO: sy ewewigtige oordeel oor mense en die slagveld en sy volharding met die saak van die Republieke. Beyers, self 'n bittereinder in die ABO, sou nie om spek en bone na vrede gryp nie en 'n roemlose neerlaag die Afrikaner spaar as hy kon. Dit was 'n saak wat deur president MT Steyn van die Vrystaat, wat weens siekte aan die vergadering moes onttrek, as die bittereinder van die bittereinders beklemtoon is (Kestell & Van Velden 1982:42; OVS Volksraadsnotule 22:09:1899:15-24; Van Schoor 2009:134). Teen die einde van die ABO was daar ongeveer 20 000 bittereinders in die veld teen die Engelse en uit hulle sou die afgevaardigdes van die Boere na Vereeniging kom (Schoeman sa:38).

By Vereeniging verklaar Beyers op Donderdag 29 Mei 1902 dat die Republieke Brittanje die stryd aangesê het omdat “onze zaak recht is”. Brittanje is 'n imperialistiese wêreldmoondheid wat die twee klein Republieke van hulle onafhanklikheid wou ontnem.

Onze zaak was recht en is recht en zal recht blijven en macht zal niet triomfeeren. Daarom wil ik volharden in den strijd om te zien dat recht triomfeert, al moet triomfeeren eerste na mijn dood plaats vinden. (toespraak woordeliks in Scholtz 1941:94-97; vgl Kestell & Van Velden 1982:144)

As 'n Christen kon Beyers dit nie in die internasionale politiek en Volkereg aanvaar dat mag reg is nie. Hierdie Christelike oortuiging gegronde op sy lewensbeskouing, het hom in die ABO aangespoor om te volhard. Vir Beyers is daar teen Mei 1902 nie onoorkomelike hindernisse in die pad van die Republieke om die oorlog voort te sit nie. Hindernisse was daar van die begin af. Wat hom wel hinder, is die mismoedige gees wat sy mense – in die ZAR en die Vrystaat – *skynbaar* besiel. Sy (Christelike) gewete raai hom aan om teen vrede te stem, maar dit sal belaglik wees om voort te gaan as “almal rondom my die wapens neerlê” (Kestell & Van Velden 1982:144-145). Op Saterdag 31 Mei 1902 aanvaar die Boere die vredesvoorstelle van die Britte wat die onafhanklikheid van die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat beëindig. Die stemming is 54-6. Beyers se naam verskyn onder die 54 wat dit aanvaar (Kestell & Van Velden 1982:169-173). In sy eie verstaan daarvan uitgedruk: as omstandighede rondom die uitvoering van 'n saak dit onmoontlik maak, moet selfs “my” gewete swyg. Beyers toon as konsekwente Christen by Vereeniging dus ook 'n realistiese, toegeeflike kant (SABW III:67; Kestell & Van Velden 1982:144): hy is 'n realis wat homself uit noodweer ook op 'n Sondag verdedig of kan vlug as dinge te warm word. So laat Beyers hom in die bespreking by Vereeniging oorhaal om ten gunste van vrede te stem (SABW III:67).

Op 16 Februarie 1905 sê Beyers dat die Boere in die ABO “deur die Goddelike wil” verslaan is. “Nou sal hulle 'n ander stryd vir hulle regte op 'n ander manier voer”. Die Here het hierdie feit op Vereeniging deur Sagaria 4:6 aan hom geopenbaar (Scholtz 1941:121).

AFRIKANERWEES SONDER POLITIEKE BEHEER

Wat Beyers tydens die vergadering uit die Bybel aflei, is dat die lotgevalle van die Afrikaner nie deur wapengeweld nie, maar die wil van God bepaal word. Om nou by Vereeniging vir vrede te stem impliseer dat jy steeds vir die politieke onafhanklikheid van die Afrikaner kan werk, maar nie deur die loop van 'n geweer nie. Twaalf jaar later, in die Rebelle van 1914,

bly die Bybelwoord wat Beyers by Vereeniging gelees het, naamlik Sagaria 4:6, hom by: “Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige” (Scholtz 1941:97). Dit waarin die wapenstryd in die ABO gefaal het, moet die konstitusionele stryd in vredestryd voorsien. Deur God se wil het die Afrikaner in die ABO die onderspit gedelf en deur God se voorsienigheid sy politieke onafhanklikheid verloor.

Vir Beyers beteken dit egter nie dat die Afrikaner moet verdwyn nie. God het ’n doel met hierdie volk. Later sê hy in Pretoria: “Als God u in de wereld gebracht heeft als Afrikaner, verwacht Hij ook van u dat u zal sterven als Afrikaner” Scholtz voeg hieraan toe dat Beyers se liefde vir alles wat Afrikaans is, slegs geëwenaar is deur sy haat vir alle “anglisisiepogings” (aanhaling by Scholtz 1941:121; vgl Möller 2014:51). Na die ABO loop die weë van Beyers teenoor Botha en Smuts as politieke leiers, eers in Transvaal tot 1910 en daarna in Suid-Afrika, uiteen. Die groot rede hiervoor is die konsiliasiepolitiek van laasgenoemde wat Suid-Afrika ’n onderdeel van die Britse Ryk met Britse belange wil maak (Scholtz 1941:117,119). Na die stigting van die Het Volkparty in 1905 toon Beyers se oortuigings en uitsprake “dikwels weinig ooreenkoms... met die versoeningsbeleid van sy party” – ’n verleentheid vir Botha en Smuts. In 1907 word hy as die lid vir Waterberg deel van die Transvaalse Wetgewende Vergadering én speaker van die vergadering (SABW III:67). Die algemene opvatting in die wandelgange is dat Botha hom “aan die stoel gekluister het” om ’n sterk andersdenkende stem in sy party stil te maak (Scholtz 1941:163-164).²

Beyers dink soms byna ongenueanseerd deterministies oor God se voorsienigheid. As God dit in ’n situasie skynbaar so wil, kan die gelowige niks anders as om te gehoorsaam nie. Gebede en smeking om die Here van ’n ander beskikking te oortuig, is nodeloos en teen sy wil. Vir enige Christen wat aan uitsonderings op die tweede tafel van die tien gebooe en dus die sesde gebod glo, is die wapen in ’n bepaalde situasie juis die laaste uitweg: in noodweer of as niks anders na deeglike oorweging meer help nie en daar ’n redelike kans op sukses is (Heyns 1989:192-218). Waarom sou die Afrikaner as Afrikaner binne God se wil die ABO kon oorleef as sy state of Republieke as deel van sy kultuurbesit daarmee beëindig word? Buitendien, as die Here God dit so beskik dat jy as ’n Afrikaner in die wêreld kom, moet jy hierdie reëling as ’n konstante, vaste beginsel sien en jou opstel teen enige verandering van jou kultuurbesit of volkswees? Sou dit ongehoorsaam en sondig wees om te verander van taal en kultuur? Moes die Kaapse Hollanders, Duitsers, Franse en ander in die Kolonie nooit Afrikaners geword het nie (Giliomee 2003:51)? Of as mense soos hulle deur ’n vrye keuse ’n Afrikaner geword het, moet sy keusevryheid en kulturele ontwikkeling daar stop? Is kultuur nie ’n dinamiese, immer veranderende saak in verskillende tye nie?

Hoe dit ook al sy, die twee Boerepublieke sou die ABO verloor, maar die gesamentlike impak van die oorlog sou Afrikanernasionalisme laat oorleef en met ’n nuwe trots en ’n besef van eiewaarde – dit wat in beide Christiaan en Mathilde Beyers geleef het – die twintigste eeu instuur (Lee 1985:210). Die waarde is verhoog deur die sielseffek van volhardende bittereinders te velde teen ’n Britse oormag tot aan die einde van die ABO (Lee 1985:219) en die triomferende

² Scholtz voer aan dat Botha en Smuts vir Beyers as ’n struikelblok vir hulle konsiliasiepolitiek beskou het en nie as ’n persona grata in hulle eie geledere nie. Met hierdie skuif is Beyers buite die aktiewe partypolitiek geplaas en het hy geen aandeel aan die vereniging van Suid-Afrika in 1910 gehad nie (Scholtz 1941:164,167,176).

³ Resente navorsing dui daarop dat die sterftesyfer onder hierdie vroue en kinders nie die 26,370 op die Vrouemonument is soos dit in 1913 was nie, maar 34,051 (Raath 2012:13; Reynolds 2013:122).

martelaarskap – die woorde van die vader van die Vrouemonument, president MT Steyn, by onthulling daarvan op 16 Desember 1913 – van fisies weerlose maar geestelik sterke Boervrouens en -kinders in, aanvanklik, swak georganiseerde Britse konsentrasiekampe en elders (Strauss sa:8).³

POLITIEK IN DIE OU TRANSVAAL

Op ’n byeenkoms van Transvaalse Afrikaners op 23 en 24 Mei 1904 in Pretoria, ’n vergadering wat deur generaal Louis Botha saamgeroep word, word Beyers saam met Botha, De la Rey, Smuts en adv. Ewald Esselen benoem op ’n komitee waaruit die Het Volkparty in 1905 ontstaan (Scholtz 1941:113). Vanweë sterk steun onder die verteenwoordigers van distrikte in Transvaal, word Beyers verkies tot die hoofbestuur van Het Volk. Beyers se kritiek op die Britse hantering van die vredesooreenkoms van 1902 asook Botha en Smuts se konsiliasiepolitiek, kritiek waarmee hy eerlik uitkom, veroorsaak op hierdie stadium reeds “heelwat verleentheid” vir hierdie twee here (SABW III:67).

Beyers lewer ’n rede oor die onderwys op die kongres in Mei 1904. Hierdie rede trek aandag en stimuleer die beweging om hom hierna een van die “vernaamste sprekers op verhoë van Het Volk” te maak. Hy word een van ’n afvaardiging wat die besluite van die kongres die volgende dag aan die Engelse luitenant-goewerneur, sir Arthur Lawley, moet oordra. Anders as sy medekomiteede, pleit Beyers nie vir die beloofde uitbetaling van 3 000 000 pond deur Britanje as skadevergoeding aan die Boere nie. Vir hom is dit ’n reg wat spruit uit hulle afspraak met vredesluiting. Die bedrag staan immers in artikel 10 van die bepalinge van die Vrede van Vereniging opgeteken (Scholtz 1941:113-114). Vir Beyers as Christen is sy woord sy eer. Hy verwas dieselfde van die Engelse, want hulle leef ook in God se wêreld...⁴

Die konsiliasiepolitiek wil ’n streep trek deur die Afrikanerverlede, maar Beyers put inspirasie uit hierdie verlede – inspirasie dat die Afrikaner weer “*in alle opsigte*” ’n vrye volk sal word. Mathilde vertel na sy dood in 1914 dat Beyers nooit ’n geheim daarvan gemaak het nie dat hy na 1902 ’n gedwonge Britse onderdaan was en dat dit hom groot vreugde sou gee om sy land opnuut vry te sien. Om ’n bittereinder te wees was by Beyers – soos sy ander groot oortuigings – ’n saak van die hart as die kern van sy persoonlikheid (Smit 1992:161). Boerebittereinders was republikeine en nie gewillige onderdane van die Britse Ryk of koningshuis nie.

Ten opsigte van die herstel van ’n republiek, wys Scholtz in 1942 op ’n onderskeid wat na die ABO onder Afrikaners voorkom. Na 1902 was daar ’n stilte onder Afrikanerleiers oor die ideaal van ’n republiek. Sommige het om taktiese redes nie daarvoor gepraat nie, maar republikeine in hulle harte gebly. Onder hulle was daar Beyers by wie die ideaal bly voorleef het. Ander – soos Botha en Smuts – wou uit oortuiging nie daarvan praat nie, omdat hulle dit afgesweer het (Scholtz 1942:18-19).

Generaal Smuts lê in 1907 ’n memorandum oor die onderwys in Transvaal aan die Brit Lord Selborne voor wat laasgenoemde met “’n paar wysigings” aanvaar. Smuts gee die reg om onderwysers aan te stel en te ontslaan aan die regering. Skooldkommisies van ouers kan net voorstelle maak. Engels sal ook die medium van onderwys wees. Sodra die kinders Engels

⁴ In 1907 sê Beyers voor ’n Engelse gehoor by Simmer and Jack in Germiston dat die Boere by Vereniging in 1902 die Britse gesag en Britse vlag aanvaar het en dat hulle by hulle woord sal staan. “He for one would stand by his word to the new Government as he had stood by his word to the old Government” (volledige aanhaling in Scholtz 1941:161).

verstaan, word Hollands as medium van onderrig deur hierdie taal vervang (Scholtz 1941: 143). Hierdie memorandum lok hewige reaksie uit van verskeie lede van Het Volk, die CNO-beweging in Transvaal en die verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke. Hulle sou met die CNO-skole volhard. Beyers wys op drie sake in die onderwys waarin Afrikanerouers “vrij” wil wees: godsdien, taal en die keuse van onderwysers. Tereg voeg hy hieraan toe: “Wij hebben recht op subsidie, want wij betalen onze belasting” (aanhaling by Scholtz 1941:146). As ’n Christen én ’n prokureur, het Beyers ’n oog vir ’n regering wat in algemene regsbelang, regverdig aan almal op sy gebied, in ’n moderne gedifferensieerde samelewing optree; ’n oog vir belastingbetalers wat op hulle betaling van belasting aan die staat van laasgenoemde die handhawing van hulle regte – hulle privaat- en publiekregtelike regte waarby gesubsidieerde onderwys ingesluit is – as ’n billike teenprestasie verwag (Strauss 2018:950). Die CNO-kongres wat in hierdie tyd plaasvind, neem Beyers se oortuiging in sy grondwet op dat Christelike onderwys of die C in die CNO op die Bybel en die belydenisskrifte van die 3 “Hollandsche” kerke gebaseer moet wees – die C wat die N en die O moet stuur of bepaal. Nasionaal beteken vir hom dat “wij” God se leiding in die geskiedenis van “ons Volk”, godsdien, taal en tradisies in ere hou en daarop voortbou. Die CNO aanvaar daarby ’n voorstel van – interessant genoeg – generaals Botha en Beyers dat daar by die owerheid aangedring word om CNO-onderwys te subsidieer en dat die hoofkomitee van Het Volk versoek word om hierin saam te werk (Scholtz 1941:147).

Het Volk keur eers in Desember 1906 ’n program van beginsels goed; ’n program waarmee Beyers ook vergaderings toespreek. Hierdie program beoog rassevrede (in daardie tyd ’n verwysing na Afrikaners en Engelse) in ’n verenigde Suid-Afrika, samewerking met Brittanje oor sy protektorate in Suider-Afrika, die hantering van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika buite die partypolitiek, vrye onderwys en ouerseggenkap by die aanstelling van onderwysers én die taalmedium (mits Engels as verpligtend ook aangebied word), die bevordering van die mynbou en die landbou, die beskerming van blanke arbeid en ’n verbod op ongewenste immigrante (Scholtz 1941:150). Hierin kom duidelike voorlopers van die beleid van die latere Nasionale Party (gestig in 1914) in die Unie van Suid-Afrika voor.

As speaker van die Transvaalse Wetgewende Vergadering bou Beyers ’n goeie reputasie op. Ook die opposisie het waardering vir sy beslistheid, hoflikheid en onpartydigheid (SABW III: 67): eienskappe eie aan ’n gebalanseerde Christenheer in so ’n situasie. Met sigbare selftevredenheid kon hy sake glad en spoedig, effektief en tydekonomies afhandel (Scholtz 1941:178). In 1910 word Beyers in die Suid-Afrikaanse Volksraad onbestrede as die lid vir Pretoria-Suid aangewys. Hy neem aan debatte oor onderwys, godsdien en verdediging deel.⁵ Op 1 Julie 1912 bedank hy uit die Volksraad om die kommandant-generaal van die nuwe Unie-Verdedigingsmag te word. Die vermoede bestaan weer dat hy daarmee deur Botha as ’n struikelblok uit die politiek gehaal word (SABW III:67; Möller 2014:51). Hierdie aanwysing sou die laaste fase in sy lewe inlei.

⁵ ’n Korrespondent van die *Morning Post* noem generaal Beyers op 25 Januarie 1912 ’n merkwaardige figuur. Hy kom uit die ABO met ’n reputasie van ’n middeleeuse dapperheid en ’n “almost fanatical devotion” aan die ideale van die Afrikaner in Suid-Afrika. Hy skroom nie om van sy mense as die sout van die aarde te praat nie. As hy kon – hulle weet dit ook omdat hy hardop sê wat hy dink – sou hy die Engelse die see injaag. Hierdie oortuigings word onderbou deur sy godsdienstige ingesteldheid en vertrekpunte “narrow as that of Calvin and strong with the strength of that narrowness. Yet Beyers is no backveld Boer. He is a gentleman in the most exacting sense of that exacting word”, (Scholtz 1941:209).

EERSTE WÊRELDOORLOG BRING SPANNING

In 'n terugblik op gebeure maak Lee die opmerking dat die bittereinder-bevelvoerders van die Boere in die ABO, voor die Rebelle van Afrikaner teen Afrikaner in 1914–1915, vir die laaste keer bymekaar was by die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913. Die inwyding van die Vrouemonument was 'n emosionele triomf vir die Boerebittereinders of “hard-liners” (Lee 1985:209). Die aanvaarde konstitusionele én bittereinderweg vir 'n republiek was – soos Beyers dit voorsien het – egter 'n lang pad. Byna 50 jaar na Beyers se dood – in 1961 – sou die nuwe Republiek van Suid-Afrika tot stand kom en 'n nuwe eenheidstaat van verskeie volke in hierdie deel van die wêreld gevorm word.

Ongeveer 30 000 regeringstroepen het teen meer as 11 000 Rebelle te staan gekom. Onder die rebelle was daar 7 123 uit die Noord-Vrystaat, 2 998 uit die toenmalige Wes-Transvaal en 1 251 uit die Noord-Kaap. Hierdie plekke van herkoms stem ooreen met die plekke van herkoms van talle leiers onder die Boerebittereinders in die ABO. Die Rebelle was beperk tot die Noord-Vrystaat, Noordwes-Transvaal en die Noord-Kaap (Giliomee 2012:288). Die Rebelle was deur die bank Afrikaners en die oorgrote meerderheid regeringstroepen en polisiemanne was ook Afrikaners. Aan rebellekant sou 190 sneuwel en aan regeringskant 132. Dit wil voorkom asof die eerste skote op 27 Oktober 1914 by Rooiwal naby Pretoria geklap het en die laaste teen middel-Desember. Die laaste Rebelle het begin Februarie 1915 by Upington oorgegee (Scholtz 1942:97, 186-212; Van der Watt 1987:342). NJ van der Merwe noem die Rebelle 'n “uitbarsting en nie 'n komplot nie”.⁶ Hy toon dat die “voorbereiding... ontoereikend” was – “die Regering alleen het wapens en ammunisie in voorraad gehad” (Van der Merwe II:327). Giliomee noem die Rebelle byna sagkens 'n “ampere fiasko” (Giliomee 2012:288). Dit was glad nie 'n deurdagte, welbeplande en goed voorbereide inisiatief nie.⁷ Kommunikasie tussen die leiersfigure was gebrekkig tot onbestaanbaar en 'n groot getal Rebelle het nie perde of gewere gehad nie. Grundlingh en Swart (2009) praat van moeilik peilbare redes vir die Rebelle en duisende manne wat sonder 'n duidelike visie eenvoudig gerebelleer het. Hulle haal vir Neame aan wat in 1930 daarna verwys as

...one of the most curious and dramatic incidents in the Great War. The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word which is today lost, and even if it could be recovered one could not recreate the *strange atmosphere in which thousands of men acted in a sort of mid-summer madness*. (Grundlingh & Swart 2009:10-11)

Die Eerste Wêreldoorlog tussen onder andere Brittanje en Duitsland, het op 4 Augustus 1914 uitgebreek (De la Rey 1998:55). Die afspraak tussen die SA Regering en Brittanje was dat die Unie homself sou verdedig indien Duitsland hom sou aanval. Hieroor was daar geen onrus onder die Boerebittereinders nie. 'n Defensiewe oorlog in 'n situasie van noodweer of uit

⁶ Beyers se biograaf, GD Scholtz, neem hierdie benaming van Van der Merwe as gepas oor (Scholtz 1941:277). Die begrip “uitbarsting” laat reg geskied aan die karig voorbereide, onbeplande, ondeurdagte aard van die Rebelle. Dr NJ van der Merwe in sy hoedanigheid as teoloog en kultuurleier is 'n geloofwaardige getuie hiervan en 'n lewensbeskoulik begronde Christen-Afrikaner op die bittereinderlyn.

⁷ Van Zyl Hattingh toon byvoorbeeld dat generaal Kemp uit 'n laer van ongeveer 2 000 man slegs 610 gekry het wie se perde vir die onderneming geskik was (Van Zyl Hattingh 2000:15). Giliomee praat van min ammunisie en voedsel by die Rebelle wat lewendehawe onderweg opgekommandeer en winkels in dorpe geplunder het (Giliomee 2012:288).

selfverdediging was vir hulle ’n aanvaarde norm. ’n Gerug dat Suid-Afrika positief wil reageer op ’n Britse versoek – dit het later geblyk dat dit reeds op 10 Augustus 1914 gebeur het – om Duitswes-Afrika (tans Namibië) binne te val om sekere strategiese redes,⁸ het die gemoedere egter gaande gemaak. Hierdie gerug word verbind aan die stelling dat burgers nie vrywillig betrokke gaan raak nie, maar opgekommandeer (dus verplig) sou word. Die gerug kry baard toe die opposisie, die Nasionale Party, die moontlikheid van so ’n inval op 26 Augustus afwys. Op 12 September besluit die Suid-Afrikaanse Parlement – die antwoord wat reeds op 10 Augustus aan die Britte gegee is, word nou “wettig-amptelik” – op voorstel van die Botha-Smutsregering egter met ’n meerderheid van 92-12 om aan die Britse versoek gehoor te gee (Scholtz 1942:94; Koorts 2014:118; De la Rey 1998:77-78,82). Daarmee word die teerling in die openbare lewe van Suid-Afrika gewerp en ’n gefundeerde tradisie onder republikeinse Afrikaners deur mede-Afrikaners eenkant gestoot (Wessels 1977:205; Van Schoor 1997:31).

As kommandant-generaal is Beyers van meet af van hierdie Regeringsplan bewus. Hy spreek sy sterk teenkanting daarteen uit (SABW III:67) en hoop dat die inisiatief in die Parlement sal sneuwel. Ook besluit hy om uit protes teen so ’n aksie van die Regering as die hoof van die Unie-verdedigingsmag – ’n posisie waarin hy direk by so ’n inval betrokke sou moes wees – te bedank. Na ’n gesprek met geesgenoot Koos De la Rey, besluit Beyers om sy bedanking terug te hou tot die Parlement oor die Britse versoek besluit het. Hy is primêr om godsdienstige redes teen die Regering se offensief teen Duitswes gekant, sodat die saak ’n vretende kanker in sy gemoed word. Nadat die Parlement sy besluit op 12 September geneem het, bedank Beyers op 15 September 1914 as kommandant-generaal.⁹ Die Minister van Verdediging, generaal JC Smuts, neem hom dit erg kwalik, maar Beyers kry steun by ’n breë front Afrikaners (Möller 2014:52).

DIE UITBARSTING

Hierna volg die verhaal van die Rebelle wat vanweë sy gebondenheid aan Neame se “spoken word which is today lost” as kommunikasie-middel én die kompleksiteit en uiteenlopendheid van die redes vir die houdings en optredes van uitstaande figure, hom nie leen tot ’n Christelike-etiese oordeel sonder ’n grondige ondersoek nie – ’n ondersoek waarvoor die ruimte hier ontbreek. Deur beide die Regering en die Rebelle is dinge gesê en gedoen wat die wenkbroue laat lig. Daarom dat die Ned Geref Kerk se Raad van Gefedereerde Kerke in Januarie 1915 vir ’n deeglike ondersoek en ’n gesprek oor redes en gedrag vra voordat daar op straf besluit en houe uitgedeel word. Die Raad van Kerke as ’n kerklike instelling vra vir regverdigheid en billikheid waarin die waardigheid van die mense betrokke – hulle is immers Christenge-lowiges – gerespekteer en vreedsame oplossings gesoek word (NGK Raad van Kerke 1915:23; Du Toit 2014:201-212).

Kortom, die SA Regering se besluit op ’n nie-geprovokeerde inval in Duitswes in 1914, laat die saak wat verwant is aan dit wat Boer en Brit in 1899–1902 aan mekaar laat spring het, dié keer onder Afrikaners onderling, weer ontvlam. Dit was immers Brittanje wat die Boere-

⁸ Die Britse versoek was dat die Unieregering beslag lê op “such a part of German South West Africa as will give them the command of Swakopmund, Luderitzbucht and the wireless stations there or in the interior...”. Die versoek word op 9 Augustus herhaal en hoewel die SA Kabinet verdeeld is daarvoor, word die Britse Regering reeds op 10 Augustus verwittig dat die Unie gehoor sal gee aan die versoek (Möller 2014:51-52; De la Rey 1998:99).

⁹ Brief van bedanking volledig afgedruk in De la Rey (1998:102-106).

republieke aanvanklik uit imperialistiese motiewe offensief beleër het (OVS Volksraadsnotule 22:09:1899:15-24).

Omrede hulle weerstand teen ’n moontlike inval van die Unie in Duitswes, hulle weerstand teen die opkommandering van Afrikaners volgens krygswet én hulle ideaal dat Afrikaners onder ’n regering van Afrikaners die Boererepublieke terugkry, word die name van generaals soos De Wet, De la Rey, Beyers, Kemp en Maritz mettertyd in die wandelgange gekoppel aan ’n rebellie (Scholtz 1941:277-279). Die “spoken word” verhoed egter die moontlikheid dat Beyers se houding van geen geweld in die situasie nie, by almal uitkom. In ’n gespanne, Regeringsvyandige situasie langs die graf van De la Rey op Lichtenburg op 20 September 1914, waar 7 000 tot 10 000 Afrikaners byeen is, ontken Beyers in ’n toespraak dat gedagtes oor ’n rebellie by hom opgekom het. Hy verwys na ’n roudiens vir De la Rey in Pretoria en sê:

In de kerk te Pretoria is gesproken over rebellie. Er is daarbuiten openlijk gezegd dat Generaal De la Rey en ik op pad waren om rebellie te stoken. Namens de held, die hier ligt, verwerp ik de aantijging met verachting van mij; niets is verder van mijn gedachten dan rebellie. (Scholtz 1941:323)¹⁰

De la Rey sterf na geweerskote op Beyers se Daimler – hulle twee was in hierdie motor op pad na die militêre basis in Potchefstroom – in ’n padblokkade by Fordsburg. Ten spyte van ’n versoek om te stop, besluit die twee generaals om verder te ry. Die toneel speel hom kort voor 21:00 op 15 September 1914 af. Volgens Beyers en De la Rey is hulle ná agtervolging en dophou-aksies deur Regeringsmense teen hierdie tyd sku vir die vyandige optrede van die Regering teen diegene wat gekant is teen die inval in Duitswes. De la Rey se weerstand vroeër in die Senaat is bekend en Beyers bedank vanweë dieselfde weerstand op 15 September as kommandant-generaal (De la Rey 1998:78-79). ’n Dag na die begrafnis van De la Rey, 21 September 1914, vind ’n openbare vergadering van ongeveer 1 000 mense op die markplein in Lichtenburg plaas. Hier vra Beyers dat sy bedanking uit die Verdedigingsmag nie deur ander gevolg moet word nie. Die hoof het bedank en dit is genoeg om protes te kommunikeer. Die vergadering keur ’n SA inval in Duitswes feitlik eenparig af. Beyers se invloed blyk uit die argumente wat gebruik word: die Duitswes-veldtog is strydig met die houding van die meerderheid stemgeregtigdes in die Unie, met die SA Verdedigingswet en met “onze eervolle kristelike tradisies” (besluit volledig in Scholtz 1941:325-326).

In sy bespreking van die redes vir hierdie vergadering gee Scholtz steun, maar lewer hy ook kritiek. Volgens Scholtz staan die beswaar dat die Verdedigingswet hom teen ’n offensiewe benadering in oorlog uitspreek op onsekere grond. Generaal Smuts was vir hierdie wet verantwoordelik en ken dit. So verwys artikel 1 na die verdediging van Suid-Afrika in enige gedeelte van “Zuid-Afrika binnen of buiten de Unie”. Volgens Scholtz bedoel Smuts daarmee dat die Unie binne ’n groter Suid- of Suider-Afrika val. Die groter “Zuid-Afrika” word gekoppel aan “aardrykskundige” grense en die Unie van Suid-Afrika aan staatsgrense. Wat Scholtz nalaat om te sê, is dat Smuts tydens die uitbarsting van 1914 nooit die moeite gedoen het om kritici onder Afrikaners op hierdie punt te wys, hulle kritiek met teenargumente te ontsenu of die saak met hulle deur te praat nie. Intendeel, die Regering sou die besluit van 21 September

¹⁰ Ds. HS Bosman van die Gemeente Pretoria waarsku by hierdie geleentheid teen rebellie. Volgens Scholtz kom hy daarmee op ’n stadium waarop “geen verantwoordelike Afrikaner aan so iets gedink het nie”. Bosman is egter ’n goeie vriend van premier Louis Botha en kry sy – vir hom gesagvolle – indrukke van landsomstandighede bes moontlik via hierdie kanaal. So ’n klimaat so vroeg by die kabinet voorspel niks goeds vir goeie onderhandelinge en onderlinge vertroue nie (Scholtz 1941:321).

op Lichtenburg ignoreer: 'n besluit wat per telegram aan hom gestuur is met die “*beleefdelik*”(e) versoek dat hy teen 30 September daarop antwoord; 'n telegram wat tot gesprek en besluite kon lei omdat generaals De Wet, Beyers, Liebenberg en Kemp, manne van aansien en invloed onder republikeinse Afrikaners, getaak is om in die saak op te tree. Die Regering ignoreer egter die telegram en versoek. Hulle draai dus hulle rug op 'n kans om sake deur te praat met erkende leiers wat in rondlopende gerugte – sonder dat hulle persoonlik geraadpleeg of hulle kant van die saak aangehoor word (die *audi alteram partem*-reël van natuurlike geregtigheid) – met rebellie geassosieer word. Scholtz onderstreep dit met hierdie sinnetjie: “Van die regering is nooit antwoord ontvang nie” (Scholtz 1941:325-326).

Christelike “volkstradisies” van Afrikaners in die 1940’s verbind Scholtz aan die Bybel se afwys van 'n offensiewe oorlog en Christelike beginsels wat vanuit 'n Christelik-gereformeerde of Calvinistiese beskouing in “die staatkunde” uitgeleef word. Daarom was die skok by Afrikaners oor die besluit om Duitswes in te val, “baie groot” (Scholtz 1942:104-108). Scholtz aanvaar in hierdie tyd teen hierdie agtergrond ook, soos die skoonseun van president MT Steyn, NJ van der Merwe, dat die Rebelle van 1914–1915 'n “uitbarsting” was (vgl hoofstuk XV en sy tema in Scholtz 1941:277).

BEYERS SKIET NIE

In September-Oktober 1914 word daar in die Vrystaat en Transvaal protesvergaderings teen die inval in Duitswes gehou (Scholtz 1941:329,337). Groot getalle burgers woon dit by met geweer, bandolier en biltong en beskuit in die saak. Dit is 'n werkswyse wat, op die keper beskou, tot die uitlokking van die Regering wat in die klimaat van 'n “uitbarsting” sensitief móés raak vir 'n moontlike rebellie, kon lei en 'n werkswyse wat die ontkenning dat 'n rebellie beoog word, verdag maak. Beyers as 'n teenstander van geweld, wys op 'n keer die dra van gewere op protesvergaderings af omdat dit tot provokasie van die rondbewegende Regeringsmagte – volgens premier Botha is hulle aktief ter wille van wet en orde – lei en dinge vererger. Ironies genoeg dra Beyers self 'n geweer hoewel hy nie van voorneme is om dit te gebruik nie (Scholtz 1941:350-351,364). In 'n vloeibare, onsekere situasie ontstaan wantroue, suspisie en 'n gebrek aan kommunikasie.

Tot Botha en Smuts en vroeëre ABO-geesgenote moes die sterk antipatie teen die Regering op die begrafnis van De la Rey deurgedring het (Scholtz 1942:101). Hulle was in die ABO immers deel van die bittereinder-weerstand met sy antipatie teen “Groot” Brittanje. Hulle het hierdie antipatie beleef al het die Britse imperialisme vir Botha en Smuts na die afloop van die ABO moreel gebind. Tot so 'n mate dat hulle die politieke onafhanklikheid van die Afrikaner afgesweer het (vgl Smuts se volledige woordelike antwoord op Beyers se bedankingsbrief in Scholtz 1941:327-329).¹¹

Intussen sou Beyers bly by sy prinsipiële houding ten gunste van nie-gewelddadige optrede en geen rebellie nie.

Daar is daarop gewys dat die eerste skote in die Rebelle op 27 Oktober 1914 by Rooiwal geval het. Dit volg nadat krygswet met passende regulasies as 'n reaksie op 'n vermeende

¹¹ Smuts beskou Beyers se “bittere aanval op Groot-Brittanje” as “ongemotiveerd” en komende van – nogal – die kommandant-generaal van een van die Britse dominiums. Beyers se verwysing na Britse wandade in die ABO kan nie Duitse wandade teenoor België regverdig nie. Boonop het Brittanje sedert die “Zuid-Afrikaanse oorlog” aan Suid-Afrika – volgens hom – sy volledige vryheid gegee..., (volledig aangehaal in Scholtz 1941:323).

sluimerende rebellie op 12 Oktober 1914 afgekondig is. Die Regering wou wet en orde handhaaf deur protesvergaderings in die kiem te smoor en te verbied (Van de Watt 1987:242-343).

Op 29 Oktober 1914 stel De Wet en Beyers hulle Steenbokfonteinverklaring – of kennisgewing – as die generaals van “protesterende Burgers”. Hulle protesteer teen die Regering se “goddeloze aanval op Duits-Zuidwest”. Hulle wil protesteer sonder om die bloed van Afrikaners te vergiet of aanvallend op te tree. Hulle wil, en hier kom die gewraakte sin wat tot misverstand kan lei, “blijven protesteren met het wapen in de hand...”

Hulle doen ’n beroep op alle burgers om hulle invloed teen die inval in Duitswes te gebruik en te weier om deur die Regering gebruik te word om “ons (die protesteerders in hierdie konteks?) met wapenen te bevechten” (verklaring afgedruk in Scholtz 1941:358-359). Hierdie opmerking dui op ’n moontlike militêre stryd wat teen hierdie tyd teen die uitbarsting geloods word. As die beweerde Rebelle uitwyk en nie veg nie, word hulle agtervolg en daar op hulle geskiet soos op Beyers teen die einde van sy lewe (Möller 2014:64).

Beyers en De Wet staan by Steenbokfontein op ’n nie-gewelddadige pad, maar teenstrydig hiermee, gewapen. So protesteer hulle teen die “goddeloze” inval in Duitswes én krygswet en regulasies wat onder die slagspreuk van wet en orde hulle reg van protes aan bande lê. Die krygswet is op 12 Oktober afgekondig voordat enige skoot geskiet is. Op 15 Oktober stuur Botha ’n telegram aan generaal Hertzog met die veelseggende woorde: “Er zijn geen onderhandelingen met rebelvoorman: rebellie kan alleen met geweld onderdrukt worden” (volledig in Scholtz 1942:175). Tog ontken dieselfde Botha drie weke vroeër by De la Rey se begrafnis die afkondiging van krygswet en ander maatreëls (Scholtz 1942:182). Krygswet en so ’n bewoording skep egter ’n situasie wat tot die vergieting van Afrikanerbloed deur mede-Afrikaners kan lei. Beyers wil nie veg nie, maar kan nie die inval goedkeur nie omdat dit ingaan teen “ons” aanvaarde Christelike tradisies en “ons” protes deur krygswet kortwiek. Die nie-geprovokeerde inval in Duitswes is onBybels en dus goddeloos. Terwyl die skote tussen Afrikaner en Afrikaner begin klap, wil Beyers nie skiet nie en bloedvergiëting voorkom: vandaar – moontlik – ook die dra van wapens. Die vraag is egter: geskied dit om veiligheidsredes...?

In hierdie vloeibare, spanningsvolle situasie waarin die skote val, maak die magte van die Regering korte mette met die Rebelle. Teen 16 November is die Rebelle uitmekaar gejaag en hulle weerstand geknak (Scholtz 1941:378).

Op 8 Desember 1914 word Beyers en ’n kommando’tjie teen ’n vol Vaalrivier in die omgewing van Makwassie vasgedruk deur Regeringstroepe van kommandant Cilliers. Die kommando’tjie gee oor, maar die 45-jarige Beyers en ene Jan Pieterse durf die rivier aan om na die noordelike oewer te swem. Voor hulle ontsnappingspoging is daar ’n “hewige” skermutseling met Cilliers en sy troepe. Teen die tyd dat Beyers en Pieterse met hulle perde in die helfte van die rivier kom, skiet die Regeringsmense so “hewig op hulle... sodat dit soos hael op die water” lyk. Die perde breek verbouereerd los. Beyers beland in die moeilikheid en verdrink later. Sy drywende lyk word 2 dae later vroegoggend 5 kilometer vanwaar hy in die water verdwyn het, opgemerk en aan wal gebring. Nadat die watervlak van die rivier gesak het, word die lyk van Pieterse op 12 Desember gevind (Scholtz 1941:380-382).

SLOT

Soos reeds opgemerk, was daar nie een patroon uit Beyers se bandolier weg nie. Hy het sy aggressiewe, gewapende agtervolgning sonder om ’n skoot terug te skiet, oorleef, maar in die Vaalrivier omgekrom. Op die amptelike doodsertifikaat van dr. De Castilla (afdruk in Möller

2014:62) word die oorsaak van sy dood aangegee as “drowning”. Geen merk of wond van ’n geweerkoeël is aan hom gevind nie. Sy dood, so het familie bespiegel, kon hartversaking of selfs koronêre ontoereikendheid in die rivier wat in vloed was, gewees het. Volgens Mathilde Beyers was die hart van haar man, soos ’n aantal jare voor sy dood ondersoek deur hulle huisarts dr HP Veale, in ’n swak toestand.

Mathilde was oortuig dat Beyers se tragiese dood hom verdere vernedering gespaar het. “God nam hem weg voor de ogen van zijn vervolgers – God liet niet toe dat hem meer smaad en hoon aangedaan werd en genadiglik bewaarde Hij ook de vervolgers voor de schande dat een Afrikaanse kogel die man zou treffen die zij leven veil had voor zijn volk” (haar woorde afgedruk in Möller 2014:65).

Beyers kon sy standpunt van geen rebellie en wapengeweld in Suid-Afrika in 1914–1915 nie enduit volhou. Selfs in sy tragiese dood is hierdie eer hom nie ontnem nie. Hierdie standpunt het nie van hom ’n pasifis gemaak nie, maar was sy verstaan van Sagaria 4:6 by Vereniging in 1902 en met die uitbarsting of Rebelle van 1914-1915 in die noordelike dele van Suid-Afrika. As kommandant-generaal van die Unie-verdedigingsmag is dit in elk geval onmoontlik dat hy ’n pasifis kon wees.

Die vraag word gevra wat CF Beyers, as ’n begaafde soldaat, kon gedryf het om inisiatiefloos te vlug en te onduik in sy laaste dae. Hy was in hierdie tyd dikwels onbeslis, weifelend en passief, asof sy entoesiasme vir sake verdwyn het. Om hierdie aangeleentheid te ontrafel, ontbreek historiese en verantwoorde bronne. Wat wel uit ons relaas blyk, is Beyers se byna deterministiese opvatting van God se wil en voorsienigheid waarby hy hom neergelê het. ’n Wil wat hy gemeen het om in die Skrif, in Sagaria 4:6, te vind. Uit die Skrif wat hy as die grondslag van die lewe én die maatstaf vir reg en verkeerd beskou het, het Beyers ook geglo in die Here God wat voorsien en dat hy hom daarby moet neerlê (kyk ook Möller 2014: 66; SABW III:68).

Daarmee wek Beyers agting en prikkel hy historici. Maar, daarmee is Beyers as een van die martelare van die Rebelle van 1914-1915 tragies na sy graf.

BIBLIOGRAFIE

- De la Rey, H. 1998. *Die ware Koos de la Rey*. Pretoria: Protea Boekhuis (samesteller Lappe Laubscher).
- De Wet, C.R. 1959. *Die stryd tussen Boer en Brit*. Kaapstad: Tafelberg (in Afrikaans vertaal deur J.J. Human).
- Du Toit, F. 2014. Die Afrikaanse kerke en die Rebelle. Langner, D. & Raath, A. (redakteurs). *Die Afrikanerrebelle 1914–1915*. Pretoria: Kraal, pp. 195-246.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners. Biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. 2012. Afrikanernasionalisme, 1902–1924. Pretorius, F. (redakteur). *Geskiedenis van Suid-Afrika – Van voortyde tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 275-292.
- Grundlingh, A. & Swart, S. 2009. *Radelose rebellie?* Pretoria: Protea Boekhuis.
- Heyns, J.A. 1989. *Teologiese Etiek 2/2*. Pretoria: NG Kerkboekhandel 1988.
- Kestell, J.D. & Van Velden, D.E. 1982. *Die vredesonderhandelinge*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Koorts, L. 2014. *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*. Kaapstad: Tafelberg.
- Lee, E. 1985. *To the bitter end. A photographic history of the Boer War 1899–1902*. London: Guild.
- Malan, D.F. 1959. *Afrikanervolkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Möller, P. 2014. Generaal C.F. Beyers en die Rebelle. Langner, D. & Raath, A. (redakteurs): *Die Afrikanerrebelle 1914–1915*. Pretoria: Kraal, pp. 51-69.
- Ned Geref Kerken in Zuid-Afrika (NGK) 1915. *Handelingen van eene Buitengewone Vergadering van den Raad van Ned Geref Kerken in Zuid-Afrika*. Paarl: Paarl Drukpers.
- Oranje-Vrijstaat (OVS) Volksraadnotule 22:09:1899:15-24.

- Raath, A.W.G. 2012. *Onthou*. Brandfort: Kraal.
- Reynolds, C. 2013. *Konsentrasiekampsterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Brandfort: FAK.
- SA Rugbyraad 1964. *Rugby in Suid-Afrika 1889-1964*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Schoeman, J.H. sa. *Die ander kant van die Rebelle*. Pretoria: J.H. Schoeman.
- Scholtz, G.D. 1941. *Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Scholtz, G.D. 1942. *Die Rebelle 1914-1915*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Scholtz, G.D. 1998. *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*. Menlopark: Protea Boekhuis (2e uitgawe).
- Strauss, P.J. 2018. Kerk en staat in twee gereformeerde kerkordes. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58/4-2:940-984.
- Strauss, P.J. sa. *Uitdrukings op die Nasionale Vrouemonument geweeg*. Bloemfontein: Drufoma.
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (SABW) I*. 1976. Kaapstad: Tafelberg (2e druk).
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek (SABW) III*. 1977. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Merwe, N.J. 1921. *Marthinus Theunis Steyn. 'n Lewensbeskrywing II*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Van der Watt, P.B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Van Schoor, M.C.E. 1997. *'n Bittereinder aan die Woord*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum.
- Van Schoor, M.C.E. 2009. *Marthinus Theunis Steyn – regsman, staatsman en volksman*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Wessels, F.J.H. 1977. Ongeloof en wêreldgebeure. Strauss, D.F.M. (redakteur). *Woord en Wetenskap*. Bloemfontein: VCHO, pp. 202-211.

Staatsregtelike behoortlikheid in die 21ste eeu¹

Constitutional propriety in the 21st century

FRANCOIS VENTER

Fakulteit Regte

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Francois.Venter@nwu.ac.za



Francois Venter

FRANCOIS VENTER is tans buitengewone professor aan die Fakulteit Regte van die Noordwes-Universiteit, waar hy van 2001 tot 2012 as dekaan gedien het. Hy ontvang tussen 1979 en 2019 gereeld toekennings van die Alexander-von-Humboldt-Stiftung vir navorsingsbesoeke aan Duitsland. Tydens die grondwetlike onderhandelings- en formuleringsproses van Mei tot Desember 1993 dien hy as sameroeper van die Tegnieuse Komitee oor Grondwetlike Aangeleenthede van die Veelparty-onderhandelingsproses. In 1998 bring hy die tans geakkrediteerde *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* as eerste van sy soort in Suid-Afrika tot stand en dien as redakteur daarvan tot in 2012. In 2011 en 2017 word hy deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) formeel gegradeer as 'n navorser wat aansienlike internasionale erkenning van sy eweknieë vir die hoë gehalte en impak van sy onlangse navorsingsuitsette geniet. Hy is die outeur van verskeie monografieë, waaronder *Constitutionalism and Religion*. Cheltenham: Edward Elgar Publishers, 2015 en *Legal Research – Purpose, Planning and Publication*. Kaapstad: Juta, 2018.

FRANCOIS VENTER is currently extraordinary professor in the Faculty of Law at the North-West University, where he served as dean from 2001–2012. Between 1979 and 2019 he regularly received research grants from the Alexander-von-Humboldt-Stiftung for research visits to Germany. During the negotiating process and formulation of the new Constitution he served as convenor of the Technical Committee on Constitutional Affairs of the Multiparty Negotiation Process from May to December 1993. In 1998 he established the now accredited *Potchefstroom Electronic Law Journal (PER)*, the first of its kind in South Africa, serving as its editor until 2012. In 2011 and 2017 he was rated by the National Research Foundation as a researcher “who enjoys considerable international recognition by his peers for the high quality and impact of his recent research outputs.” He is the author of various monographs, including *Constitutionalism and Religion*. Cheltenham: Edward Elgar Publishers, 2015 and *Legal Research – Purpose, Planning and Publication*. Cape Town: Juta, 2018.

¹ 'n Voordrag by die konferensie van die Reformation Research Consortium getiteld “Om te doen wat reg en billik is”, gehou op 27 tot 29 November 2019 in Potchefstroom was op hierdie artikel gebaseer. Aspekte van die navorsing waarop dit gebaseer is, is gedeeltelik moontlik gemaak deur 'n “Incentive Funding for Rated Researchers”-toekening van die National Research Foundation.

Datums:

Ontvang: 2020-01-03

Goedgekeur: 2020-06-15

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***Constitutional propriety in the 21st century***

South African legal history is “modern”: the Dutch brought the 17th-century European Renaissance to Southern Africa. North-Atlantic cultural arrogance and the rationalisation of political and economic immorality were an integral part of Western liberalism even up to World War II. When South Africa achieved statehood in 1910, it was founded upon the 19th-century colonial ethos.

In 1948 the dual dream of the Afrikaners (liberation from the British yoke and securing their survival as a minority) blinded them from recognising the global implications of the American-sponsored liberal humanism, leading to the establishment of the United Nations (UN) and the institutionalisation of the notion of universal human rights.

Following the end of WWII, numerous former colonies and dependencies obtained their independence from European states and the USSR, quadrupling the membership of the UN within a few decades. By the 1990s, liberal-democratic constitutionalism had crystallised as a range of interrelated elements, establishing the norm for good governance and economic success under North-Atlantic hegemony (see Table 1).

When State President FW de Klerk announced the radical historical turning point in the history of South Africa on 2 February 1990, the question was what would be “just, right and fair” in a hugely complicated situation. Although some constitutionalist elements had at the time been present in South African law, a liberal-democratic culture of human rights and constitutionalism did not exist. Nevertheless, to achieve the desired change, the ANC, as the only organisation capable of mobilising a political majority, was an unavoidable component of the political equation, despite having just emerged from at least three decades of Marxist/Leninist indoctrination as a client of the collapsed USSR. What had to be clear for all to see, was that compromises had to be made, which could neither include continued racial separation nor take the form of a socialist revolution.

Constitutionally, the most attractive available model on which the political compromises could be built, was liberal constitutionalism as it was exemplified in particular in the post-war constitutions of Germany and Canada. Ironically, now, three decades later, it is becoming increasingly clear that liberal constitutionalism has globally entered a crisis phase, unable to counter populism, extremist politics, digital ubiquity or the inhumane conduct of states such as China, Russia and various Middle-Eastern countries.

The reasons for the crisis are complex, but it is suggested that they include the following: the foundational thinking underpinning liberal democracy is steadily losing its cogency; this loss of persuasiveness is fortified by factors such as exponential population growth and globalisation; and the lack of cogency of the foundations of liberal democracy, such as the fictional social contract, the nation state and natural law. Liberalism as civil religion, based on self-sufficient individualism, has become impotent in the face of the challenges faced by humanity in the 21st century.

When the ANC got the opportunity to use its parliamentary majority to steer the writing of the “final” Constitution in 1995/96, it superimposed particular elements of socialism on the constitutionalism of the 1993 Constitution, including centralised presidential powers, the qualification of property rights, egalitarian standards of justice and the justification of selective discrimination in, for example, labour relations and state procurement. These were the first steps indicative of mere pragmatism on the part of the ANC when it acceded in 1993 to support the introduction of constitutionalism. Subsequently, on the level of social indoctrination, the elastic notion of “transformation” was canonised with the express purpose of promoting the

interests of the “proletarian” (black) masses as policy imperative to turn colonial history against the (white) “bourgeoisie”.

Supported by parliamentary legislation adopted since 1998, patently socialist policies have systematically been introduced, including the “transformational” regulation of labour; (unconstitutional) “cadre deployment” at all levels of state employment, the virtual nationalisation of water rights, mineral rights and marine resources, enforced annexation of private business interests by means of “black economic empowerment”, state control over the legal professions and higher education, the growing dependency of at least one third of the population on state social grants, the ongoing preparations for the nationalisation of the health sector and the constitutional empowerment of expropriation without compensation. Despite these indicators, the ANC, probably under the intellectual guidance of the intelligentsia concentrated in its alliance partner, the SACP, strategically does not openly characterise its policies as “socialist”, but even in its third decade in government, illogically maintains that it still is a revolutionary liberation movement.

There are no obvious solutions to the worldwide crisis of constitutionalism. The illiberal constitutionalism of, for example, China – a virtual dictatorship with a population apparently unperturbed by comprehensive state incursions on individual privacy in exchange for personal wealth – may be perceived by some to be a solution. Such a system, however, stands in complete contradiction to Western notions of constitutionalism.

A response to what would be constitutionally just and fair from a Christian perspective requires recognition that real justice is not man-made, but a divine gift. In the hands of humanity, optimal constitutional justice may be pursued not on liberal, rationalistic or socialist foundations, but based on reciprocity, which is the time-honoured intuitive golden rule predating Jesus’s propounding thereof as doing unto others as you would wish them to do unto you. In the end, one may find solace in the truth that history is not dependent on the seven or eight billion presumably autonomous denizens of earth holding widely divergent worldviews, but is exclusively in the hands of the sovereign Creator.

KEYWORDS: Constitutional law, democracy, liberalism, socialism, transformation, rule of law, constitutionalism, populism, globalisation, China, human rights, colonialism

TREFWOORDE: Staatsreg, demokrasie, liberalisme, sosialisme, transformasie, regstaatlikheid, konstitusionalisme, populisme, globalisering, China, mense-regte, kolonialisme

OPSOMMING

Europese kolonialisering het die Renaissance na Suider-Afrika gebring. Dit het Westerse liberalisme ingesluit, maar ook kulturele arrogansie en rassevooroordeel. Die liberalisme het in die tweede helfte van die 20ste eeu globaal getriomfeer. Ironies was die Suid-Afrikaanse regering van 1948 deur die ideale van Afrikanerbevryding en -oorlewing verblind toe, op presies die verkeerde wêreldhistoriese tydvak, besluit is op die institusionalisering van apartheid.

In die dekades wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, het Westerse liberale konstitusionalisme die maatstaf geword vir wat as staatsregtelik behoorlik geag is. Die na-oorlogse voorrang van Westerse konstitusionalisme is weens dekolonialisering en die val van die USSR in ’n groot aantal nuwe grondwette weerspieël – ook in die Suid-Afrikaanse grondwette van 1993 en 1996. Daarin is kompromieë tussen die sosialistiese ideologie van

die ANC en 'n regering wat in die laat 1980's besluit het om weerstand teen Westerse konstitusionalisme te staak, opgeneem.

Tans word dit egter duidelik dat die Westerse idees gefundeer in die irrasionele 18de- en 19de-eeuse teorieë van die liberalisme besig is om momentum te verloor. Die Weste is nie konseptueel daarvoor toegerus om populisme, radikalisme, globalisering of die sosialistiese aanslae van veral China die hoof te bied nie. Terselfdertyd het die ANC stelselmatig sosialistiese beleid, wetgewing en ideologie ingevoer in Suid-Afrika, sonder egter om dit as sodanig te tipeer.

Wat in die wêreld en in Suid-Afrika in 2020 as staatsregtelik behoorlik verstaan moet word, kan alleen maar gemeet word aan die eeue-oue, multikulturele standaard van wederkerigheid, wat ook 'n Christelike grondbeginsel is.

1. DIE HISTORIESE AANLOOP

Suid-Afrika se regs-geskiedenis het verskeie dimensies wat vanselfsprekend deur plaaslike omstandighede bepaal is, maar ook sterk deur internasionale faktore beïnvloed is. Hierdie geskiedenis is “modern” in die sin dat dit plaaslik in die middel van die 17de eeu geplant is. Wat in hierdie wêrelddeel vóór Europese kolonialisering gebeur het, is natuurlik nie irrelevant nie, maar dit het weens die oorweldigende krag van die koloniale instellings bloedweinig invloed op die regs-geskiedenis gehad.

Die Nederlandse koloniste het die Renaissance en die voorafgaande Reformasie by wyse van spreke na Suider-Afrika gebring. Die gebruikelike beeld van 'n handjievol Hollanders wat op drie primitiewe seilskepe op 'n Kaapse strand aan wal gegaan het, gewapen met kru donderbusse en swaarde, misken die feit dat hierdie mense uit 'n wêrelddeel vertrek het waar groot geeste soos Descartes, Newton en Leibnitz besig was om bekendheid te verwerf, die fundamente van die moderne wetenskap gelê is en 'n fenomenale kulturele opbloeï aan die gang was wat tot in die hedendaagse globale samelewing weerklink. Die stigting van Kaapstad kan eintlik gesien word as 'n mylpaal in die ontplooiing van die Europese etos na die res van die wêreld. Hierdie Europese etos het op 'n klaargemaakte fondament berus wat oor meer as twintig eeue se denke en leefwyses rondom die Middellandse See en Wes-Europa ontwikkel het.

Onmiskienbaar het die koloniste van die 17de tot die 19de eeue ook 'n skaamtelose arrogansie saamgebring, wat berus het op die Westerse tegnologiese, kulturele en militêre voorsprong bo die inwoners van die res van die wêreld. Deurgaans, en tot ten minste in die veertigerjare van die 20ste eeu, het die mentaliteit van Westerse (dit wil sê Europees-Amerikaanse) kulturele meerderwaardigheid wêreldwyd bly voortbestaan. Wat vandag as blatante rassisme, diskriminerende verwaandheid en selfsugtige rasionalisering van immoraliteit verstaan word, was die aanvaarde norm tot diep in die 20ste eeu. Die moraliteit van gewelddadige anneksasie van gebiede waar sogenaamde onderontwikkelde mense geleef het en die afdwing van regs-, religieuse en kulturele maatstawwe op die nie-Europese wêreld, en selfs slawerny tot in die 19de eeu, is nouliks bevraagteken.

Die oornam van Suider-Afrika deur die Britse Empire aan die begin van die 19de eeu was nie anders nie. “Beskaafdheid”, gemeet aan maatstawwe soos geletterdheid, minimum vlakke van welvaart en akkulturasie, was tipiese Brits-koloniale voorwaardes vir die verlening van toegang tot die koloniale samelewing. Die res van die bevolking is benader as 'n administratiewe probleem (Venter 1981:21-22; 30; 50-51; 119-120). Daardeur is die skeidingsmuur tussen wit en swart, wat reeds by hul aankoms bestaan het, gedurende die 19de eeu deur die verteenwoordigers van die Britse Ryk al hoe hoër opgebou.

Ironies het die groeiende invloed van die humanisme op die Westerse denke die brutaliteit van slawerny aan die Britse politiek sigbaar gemaak, en deur die afskaffing daarvan bygedra tot die Groot Trek (Brookes 1974:35-36) en gevolglik die verdere penetrasie in Suider-Afrika van die Europese kultuur.

Toe die land in 1910 “Suid-Afrika” geword het, was die koloniale mentaliteit steeds sigbaar in die diepgewortelde aandrang op rassesekeiding en die gebruik van magsmiddele en administratiewe meganismes om sosio-ekonomiese probleme en openbare orde te hanteer (Davenport 1977:152).

Teen die agtergrond van enersyds die Westerse etos tot die middel van die 20ste eeu en andersyds ’n tweeledige stryd in die gemoed van die regering wat in 1948 in Suid-Afrika aan bewind gekom het, is die strategies onbesonne besluit geneem om die koloniale erfenis van rassesekeiding deur middel van sosiale manipulerings (“social engineering”) te institutionaliseer – en om daaraan ’n naam te gee: “apartheid”. Terugskouend is dit maklik om die historiese onbesonnenheid van hierdie besluit te sien. Wat dit egter seker vir die destydse besluitnemers moeiliker gemaak het om die onwysheid van daardie besluit in te sien, was die agtergrond van die tweeledige stryd waarin Afrikaners toe reeds vir meer as ’n eeu gewikkel was: eerstens om die Britse oorheersing af te skud en, tweedens, oorlewing as ’n kulturele minderheid (sien byvoorbeeld Scher 2012:325). Die besluit op apartheid is egter op presies die verkeerde wêreldhistoriese moment geneem. Die strydvaardige blindheid waaruit dit gemotiveer is, het daarna nog vir veertig jaar lank voortbestaan.

2. GLOBALE KONSTITUSIONALISME IN DIE LAAT TWINTIGSTE EEU

Die wêreldhistoriese wending van die veertigerjare is gekenmerk deur die finale deurbraak van die liberalisme, aangevuur deur die weersin wat die gruwels van twee wêreldoorloë in die Westerse gemoed wakker gemaak het. Die liberalisme het natuurlik lank vantevore ontwikkel. Die volle implikasies van die liberalisme vir die sosiale, regs- en internasionale ordes kon egter eers gedurende die Tweede Wêreldoorlog, tydens die beplanning van ’n na-oorlogse vredesbedeling, deurgevoer word. Geenens en Rosenblatt (2012:8) merk byvoorbeeld op: “If since the end of the Cold War we are all liberals, then the suspicion is that in some sense we are all Lockceans now.”

Die vestiging van die na-oorlogse universele menseregtebedeling as universele morele standaard kan verstaan word as die hoogtepunt van die Noord-Atlantiese staatsdenke. Die VSA, destyds die mees ongeskonde grootmoondheid met ’n suksesvolle liberale sosiale bedeling van anderhalf eeu, was ideaal geplaas om die leiding in die ontwerp van ’n nuwe wêreldorde te neem. Die fondament is reeds in 1941 in president Roosevelt se toespraak oor die sogenaamde “four essential human freedoms” gelê. Dit was ’n kragtige betoog tydens sy “State of the Union”-rede ten gunste van die universele erkenning van spraakvryheid, geloofsvryheid en die uitskakeling van vrees en van behoefte (“want”). Die VSA het daarna ’n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van die Verenigde Nasies-organisasie in 1945. In sy beskrywing van die opstel van ’n voorbereidende dokument deur verteenwoordigers van Brittanje, Rusland en die Verenigde State wat in 1944 begin het, berig Luard (1982:24) soos volg: “the United States took the initiative, formulating proposals to which the others reacted. And the UN Charter, as it finally emerged, was only a slightly modified form of the original US plan.”

Reeds in 1944, toe die beplanning van die oprigting van die Verenigde Nasies-organisasie by Dumbarton Oaks in die VSA begin het, het die VSA die idee voorgestel dat die toekomstige

internasionale organisasie gemagtig moet wees om die erkenning van “basiese menseregte” te bevorder (Luard 1982:32). Die destydse Amerikaanse presidentsvrou, Eleanor Roosevelt, het as afgevaardigde van die VSA na die Algemene Vergadering en die eerste voorsitter van die Verenigde Nasies se Menseregtekommissie ’n sleutelrol in die opstel van die Universele Verklaring van Menseregte, wat in 1948 aangeneem is, gespeel. Dit is dus geen verrassing nie dat president Roosevelt se idee van “vier vryhede” in die voorrede van hierdie dokument, in die omgang bekend as die “Internasionale Menseregteakte”, ingesluit is:

Whereas disregard and contempt for human rights have resulted in barbarous acts which have outraged the conscience of mankind, and the advent of a world in which human beings shall enjoy freedom of speech and belief and freedom from fear and want has been proclaimed as the highest aspiration of the common people ...

Die Internasionale Menseregteakte dien steeds as anker van die Verenigde Nasies. Gordon Brown, voormalige Britse Eerste Minister, stel dit soos volg:

The promulgation of the UDHR in 1948 made a difference in how people saw their place in the world and their relations with their state and with each other. This is in itself a valuable contribution, quite apart from the securing of the rights actually listed in the document. Over the decades since 1948, the UDHR has provided the rudiments of a “common conscience” for humanity. In the words of Immanuel Kant, a violation of rights in any place is now felt all around the world. The international community is continuing to build on this, and the UDHR should be regarded as one of the pillars of an emerging global ethic for our increasingly interdependent world. (Brown 2016:23)

Die totstandkoming en voortbestaan van die na-oorlogse universele menseregteregime as globale morele standaard kan met reg beskryf word as die kulminasie van Noord-Atlantiese grondwetlike denke, gebou op die voorgaande eeuelange denkontwikkeling, gekanaliseer deur die 20ste-eeuse dominansie van Amerikaanse liberalisme. Dit is ook steeds die idioom waarin Euro-Amerikaanse politieke en staatsregtelike denke meestal tot uitdrukking gebring word. Die staatkundige “ideaaltype” is nog die “liberale demokrasie” (kyk byvoorbeeld Glassman 2019:127-128).

Die verandering van die toestand van die mensdom sedert 1945 was niks minder nie as skouspelagtig. Aspekte van hierdie verandering is die demografie (die totale wêreldbevolking het verdriedubbel), grootskaalse verstedeliking (van nagenoeg 65% tot 90%), die opruiming van kolonialisme en die politieke, morele, ekonomiese en staatsregtelike gevolge daarvan, die derde en vierde industriële revolusies en die opkoms van Japan, Indië en China as ernstige mededingers teen die Weste om ekonomiese, politieke en epistemiese oorheersing.

In die tweede helfte van die 20ste eeu het ’n groot aantal voormalig afhanklike gebiede en kolonies hul onafhanklikheid van die Wes-Europese state, Brittanje en later die USSR verkry, waardeur die ledetal van die Verenigde Nasies nagenoeg verviervoudig het. Dit het ook ’n stortvloed van nuwe grondwette teweeggebring. Nagenoeg 90% van die nasionale grondwette wat in 2019 in werking was, is sedert 1945 aangeneem. Die meeste van die nuwe grondwette toon konseptuele en terminologiese invloed van die grondwette van die VSA, Frankryk en Duitsland, en Engelse staatsdenke het om verstaanbare redes veral in die lande van die Britse Gemenebes as belangrike voorbeeld gedien. Hoewel elke grondwetlike orde unieke kenmerke het wat dit van ander onderskei, het die meeste daarvan voortgevloeit uit die etos van 18de- en 19de-eeuse liberalisme, waarvan die VSA deurgaans die vaandel gedra het. Hierdie na-oorlogse konstitusionalisme was die maatstaf vir die skryf van baie nuwe

grondwette, soos vir Japan (1947) en Wes-Duitsland (1949) (kyk byvoorbeeld Venter 2000:hfste. 2-4). Wat grondwette van Afrika uit hierdie era betref, verduidelik Fombad (2016:51):

Modern African constitutions, like those of most other countries in the world are sediments of diverse historical processes shaped and re-shaped by borrowings, imitations, and adaptation to meet changing circumstances. The first generation of constitutions had little prospects of succeeding in establishing a firm basis for constitutionalism, democracy, and respect for the rule of law because they were largely imposed by the departing colonial powers with minimal local input and the new African leaders were ill equipped to enforce them.

Daarteenoor het die ideologie wat Amerikaans-geleide en -geïnspireerde liberale demokrasie en die vryemarkeconomie die sterkste teengestaan het, naamlik Russiese kommunisme, in vier dekades van geleidelike na-oorlogse agteruitgang uitgeloop op 'n ineenstorting in die tagtigerjare, waardeur die konsep van Westerse konstitusionalisme opnuut wêreldwyd gevestig is as die veronderstelde standaard vir staatsregtelike sukses en voorspoed.

Liberaal-demokratiese konstitusionalisme bestaan uit 'n kompleks van konsepte. Die globale verstaan van ideale konstitusionalisme in die laaste dekade van die 20ste eeu het die volgende kenmerke ingesluit:

- Die erkenning van die menswaardigheid van die individu as die kern van die beskerming van menseregte
- Populêre soewereiniteit
- Verteenwoordigende en verantwoordbare demokratiese regering
- Regstaatlikheid
- Onafhanklike howe

Dit kan soos volg in tabelformaat voorgestel word (vertaling van tabel 24.1 in Venter 2019:514):

TABEL 1: Elemente van Westerse konstitusionalisme

STRUKTUREEL (FORMEEL)		SUBSTANTIEWE (NORMATIEWE) KWALITEITE	DOKTRINÊRE KOMPONENTE
STRENG VEREISTES	MEGANISMES EN PROSEDURES		
Grondwetlike toekenning en regulering van staatsgesag aan omskrewende instellings en ampsdraers	Gereelde vrye en regverdige veelparty-verkiesings	Erkenning van menswaardigheid	Regstaatlikheid (“rule of law” ingesluit)
Onafhanklikheid van die regbank	Regterlike hersienings-jurisdiksie	Legaliteit en regsekerheid	Demokrasie
Bindende regsregulering van die verhoudings tussen staatsorgane en die verhouding tussen individue en die staat	Burgerlike beheer oor die gewapende en veiligheidsmagte	Respek vir die skeiding van magte	Populêre soewereiniteit

TABEL 1: Elemente van Westerse konstitusionalisme (*vervolg*)

STRUKTUREEL (FORMEEL)		SUBSTANTIEWE (NORMATIEWE) KWALITEITE	DOKTRINÊRE KOMPONENTE
STRENG VEREISTES	MEGANISMES EN PROSEDURES		
Vasgestelde prosedures vir die aanneme van wetgewing, staatsadministrasie en regspleging	Regsbeskerming teen arbitrêre en wederregtelike staatsoptrede	Respek vir die skeiding van magte	
Vermoë van die staat om openbare orde te handhaaf	Verteenwoordigende en verantwoordbare regering	Populêre respek vir (die legitimitêit van) die Grondwet	
Grondwetlike beskerming van fundamentele regte			

3. “REG EN BILLIK” IN SUID-AFRIKA IN 1993

Toe staatspresident FW de Klerk op 2 Februarie 1990 ’n radikale staatsregtelike, politieke en sosiale wending in die geskiedenis van Suid-Afrika aangekondig het, was die fundamentele morele vraag wat reg en billik vir Suid-Afrika sou wees in die laaste dekade van die 20ste eeu. Natuurlik was daar geen eenvoudige antwoord op hierdie vraag nie, want, soos dit uit die historiese, politieke, lewensbeskoulike, ekonomiese, juridiese en internasionale geskiedenis blyk, was die situasie uiters kompleks.

Hoewel bepaalde elemente van konstitusionalisme teen 1990 reeds in die Suid-Afrikaanse reg bestaan het, was daar in Suid-Afrika nie sprake van materiële regstaatlikheid of ’n liberaal-demokratiese menseregtekultuur nie (vergelyk byvoorbeeld Van Wyk 1980). Om te bereik wat as staatsregtelike behoortlikheid beskou sou kon word, sou dus fundamentele vernuwings verg. Daarvoor was dit in die eerste plek nodig dat die belangrikste opponerende setels van politieke mag tot ’n vergelyk oor die pad vorentoe moes kom. Die regering van die dag was die een faktor in hierdie politieke vergelyking, en die ander was die ANC as die enigste organisasie wat die meerderheid van die totale landsbevolking polities sou kon mobiliseer. Aan die een kant was daar dus ’n regering wat bewustelik besluit het om vier dekades se reaksie teen die na-oorlogse liberaal-demokratiese tendense te staak, en aan die ander kant ’n revolusionêre organisasie met ten minste drie dekades se blootstelling aan sosialistiese indoktrinering as kliënt van veral die USSR.

Vir enigeen wat destyds die noodwendigheid van radikale staatsregtelike en sosiale verandering ingesien het, moes dit ook duidelik wees dat die aangaan van kompromieë onvermydelik sou wees. Enersyds sou rasseskering nie langer in stand gehou kon word nie, en andersyds sou die oplossing nie die vorm kon aanneem van ’n triomf van ’n sosialistiese revolusie nie. Oor die beweegredes van die onderhandelingspartye en die verloop van die proses is heelwat geskryf, meestal uit die een of ander ideologiese perspektief. Een van die objektiefste (en dus betroubare) weergawes is dié van Richard Spitz en Matthew Chaskalson (Spitz & Chaskalson 2000).

Terwyl daar dus aan die een kant ’n politieke *modus vivendi* ontwikkel moes word, moes daar ook ’n volkome nuwe staatsregtelike bedeling waarbinne die politieke kompromie kon funksioneer, ontwikkel word. Die oortuigendste suksesmodel wat daarvoor voorhande was, was natuurlik liberaal-demokratiese konstitusionalisme, soos dit veral in die na-oorlogse Kanadese en Duitse grondwette gemanifesteer het.

Die politieke onderhandelingsproses wat van Mei tot Desember 1993 tot die skryf van die teks van die 1993-Grondwet gelei het, is tegnies ondersteun deur verskeie advieskomitees wat hoofsaaklik saamgestel is uit mense met kennis van die Westerse konstitusionalisme. Onder meer weens die globale aansien daarvan, het die tegniese advies wat so by die politieke proses ingevoer is, as voertuig vir kompromie goed aanklank gevind by albei onderhandelingspole. Die uitkoms was ’n grondwetteks wat uitstekend met die Westerse opvattinge van wat staatsregtelik as reg en billik geag is, geresoneer het.

4. DIE KRISIS VAN DIE FONDAMENTE VAN DIE WESTERSE KONSTITUSIONALISME

Nou, drie dekades nadat Westerse liberaal-demokratiese konstitusionalisme sy hoogtepunt bereik het, word dit egter algaande duidelik dat die liberalisme, en daarmee saam die liberale demokrasie, wêreldwyd besig is om in ’n krisistyd te beweeg.

Otfried Höffe skryf byvoorbeeld (vergelyk ook Glassman 2019:184):

Over time the state has taken on more and more responsibilities and, in many respects, has become more powerful as a result. According to many the opposite is true today: the state is being dismantled. As long as the state is seen as an authority, such a loss of power is probably welcome (and is consistent with the principle of subsidiarity). Yet, depending on the nature and magnitude of the loss, the original and subsidiary state responsibilities may be jeopardised, and with this, the political project of modernity: the democratic self-organisation of society. (Höffe 2007:103)

Die opvallendste tekens daarvan is die opkoms in Westerse demokrasieë van populisme, die gepaardgaande opkoms van ander ekstremistiese politieke sentimente, die onvermoë van die internasionale samelewing om die onmenslike staatsgedrag van lande soos China, die Russiese Federasie en verskeie Midde-Oosterse state in toom te hou of te bekamp en die aanskoulike ekonomiese sukses van veral China. Glassman (2019:128) beskryf die internasionale toneel soos volg:

Liberal democracy works in the well-established nation-states of the modern world. In developing nations liberal democracy takes time to become institutionalized. There is a worrisome trend that has occurred in recent years that could override the balance of liberal democracy. Political scientists have been calling it “illiberal” democracy.

Putin in Russia, Erdoğan in Turkey, Orbán in Hungary, Duterte in the Philippines, and others, have been using the powers of the state to do violence, to their citizens, and to violate the rights of their citizens.

’n Brandende vraag van hierdie tyd is wáárom die veronderstelde ideale naoorlogse liberalisme onmagtig is om weerstand teen onreg en magmisbruik, intern en internasionaal, suksesvol te weerstaan. Na my mening moet die antwoorde, ten minste gedeeltelik, gesoek word in die fundamentele swakhede en uitgediendheid van die ideologiese en teoretiese grondslae waarop die liberale konstitusionalisme berus. Die ontleding hiervan kan boekdele vul, maar die volgende kan as van die kernpunte waargeneem word:

1. Die *oortuigingskrag* van die *grondbeginsels* van die liberaal-demokratiese denke wat selfs die eienskappe van 'n staatsreligie vertoon (sien byvoorbeeld Griffen 1990:200), het weens verskeie werklikhede algaande gekrimp. “Liberalisme” kan op verskillende maniere verstaan word, waaronder as die teenkant van radikalisme. Kernelemente van liberale filosofie is die priorisering van individuele belange bo dié van die gemeenskap, die beklemtoning van individuele vryheid en van die basiese “goedheid” van die mens, die skeiding van dit wat is (die *Sein*) van hoe dinge behoort te wees (die *Sollen*), a-religiositeit voortspruitend uit rasionalisme en sekularisme, aandrang op die maksimale beperking van owerheidsgesag, die verdediging van private eiendomsreg en individualistiese humanisme (vergelyk Venter 2017:75 en die gesag daar aangehaal).
2. Faktore wat tot hierdie inkrimping van oortuigingskrag bydra, sluit die massiewe *bevolkingsgroei* van die mensdom in, asook die outomatisering van *kommunikasie* en handel, *globalisering* en die ongekende *mobilititeit* van mense, inligting en produkte.
3. Dat Westerse konstitusionalisme so lank kon oorleef en gedy, is merkwaardig gegewe die irrasionele uitgangspunte van die liberale demokrasie – soos die fiktiewe idee van 'n sosiale verdrag, veronderstelde volksoewereiniteit, die onbestaanbaarheid van 'n nasiestaat en die utopiese konsep van die natuureg.

Die krisis van die Westerse konstitusionalisme is daarin geleë dat die religie van liberalisme, gefundeer op die soewereiniteit en selfgenoegsame rasionaliteit van die individu, nie antwoorde kan verskaf op die morele, staatsregtelike en sosiale vrae wat in die 21ste eeu prominent aan die orde gekom het nie. So, byvoorbeeld, bied individualisme geen lewensvatbare respons op die stygende tendens van populisme nie; die oortuigingskrag van verteenwoordigende demokrasie as manifestering van volksoewereiniteit word verswelg deur die skaal van die bevolkingsgetalle; die primaat van menswaardigheid word onder die druk van massifikasie en digitalisering verdun; en bepaalde dogmatiese hoekstene van die liberalisme, soos die vanselfsprekendheid van 'n fundamentele reg op persoonlike eiendom, verkrummel onder die druk van die aandrang op staatsregulering en die eskalering van ongelykheid.

5. DIE AANSLAG OP DIE FONDAMENTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KONSTITUSIONALISME

Die Suid-Afrikaanse grondwetteks van 1993 het die grondslag gevorm van die Grondwet van 1996. Die skryfproses in 1995 en 1996 van die sogenaamde finale teks deur die Grondwetlike Vergadering, bestaande uit al die lede van die nuutverkose parlement, het aan die ANC-meerderheid die geleentheid gebied om bepaalde elemente, wat sterker aangesluit het by die sosialistiese denkwysie wat deur hul voor-grondwetlike borge en die kommunistiese intelligentsia in hul eie geledere by hulle ingeprent is, in te voer. Hierdie grondwetlike elemente sluit die volgende in: 'n presidentsamp waarin die regeringsgesag gesentraliseer is (Venter 2014:99-100); die kwalifikasie van eiendomsreg deur artikel 25(2) tot (8) van die Grondwet van 1996; egalitêre geregtighedsriglyne deur artikel 9(2) tot (5) van die Grondwet van 1996; en die skep van ruimte deur artikel 217(2) van die Grondwet van 1996 om selektiewe diskriminasie in byvoorbeeld arbeidsverhoudinge en staatsverkryging te regverdig.

Belangrike elemente van konstitusionalisme is wel behou en bly tot vandag wesenlik-belangrike stabiliserende grondwetlike elemente. Daaronder tel die grondwetlike beskerming van die onafhanklikheid van die regbank, die beginsel van gereelde demokratiese verkiesings, instellings ter ondersteuning van die demokrasie (byvoorbeeld die openbare beskermer en die ouditeur-generaal) en regstaatlikheid.

Die ANC het nietemin sedert 1994 daarin geslaag om sosialistiese meganismes stelselmatig te implementeer, waardeur die fundamente van konstitusionalisme algaande uitgekwalwe word. Op die vlak van sosiale indoktrinering behels dit die vernuftige kanoniserings van die revolusionêre en plooibare konsep “transformasie” (vergelyk Venter 2016). Die transformasie van elke samelewingskring in die uitsluitlike belang van die proletariaat swart, met behulp waarvan die rassediskriminasie van die koloniale en apartheidsgeskiedenis omgekeer moet word: die motto van transformasie is dat die bourgeoisie wit is, en die proletariaat swart. In 2008 het Thabo Mbeki in sy presidensiële staatsrede die konsep van twee Suid-Afrikaanse nasies, een wit en ryk, die ander swart en arm, aan die orde gestel. Sithole (2014:258-259) kom, vanuit die perspektief van die sienings van Frantz Fanon daaroor, tot die volgende gevolgtrekking:

The “Two Nations” speech is indeed relevant to South Africa precisely because it has exact correlates with Fanon’s conception of Manicheism. It still has traces of the past and in most instances, it affirms itself through the rhetorical contradistinction between white privilege and black dispossession which captures the reality of the present in the face of race denialism. The said differences being along racial lines, it is improper to deny this existential reality by enforcing the chorus of the liberal consensus and Marxist sophistry with its emphasis on class while deliberately erasing race from the rhetoric that recognizes race as an important category of analysis with regard to disparities in quality of life post-1994. If anything, what the “Two Nations” speech touched on is the existential reality of South Africa, on the basis of which Mbeki is often accused of being obsessed with race – which is undeniably the very embodiment of the nation.

Uit ’n oorsig van sleutelwetgewing en die gepaardgaande beleidsontplooiing wat oor nagenoeg twee dekades op die wetboek geplaas is, kom die sosialistiese motiewe van die ANC duidelik na vore:

- In 1998 is die Wet op Gelyke Indiensneming (55 van 1998) aangeneem met die doel om rasgebaseerde regstellende aksie te institusionaliseer. Artikel 15(1) van dié Wet bepaal:

Affirmative action measures are measures designed to ensure that suitably qualified people from designated groups have equal employment opportunities and are equitably represented in all occupational levels in the workforce of a designated employer.

Die aangewese groepe is hoofsaaklik “black people”, ’n begrip wat in artikel 1 gedefinieer word as “a generic term which means Africans, Coloureds and Indians”.
- Deur die praktyk van “kaderontplooiing” is die staatsadministrasie, in stryd met eksplisiete bepalings van die Grondwet, op alle regeringsvlakke gevul met vertrouelinge van die ANC, ongeag hul bekwaamheid of gebrek daaraan. Dat hierdie praktyk wederregtelik bedryf word, blyk onder meer uit artikel 195(1) van die Grondwet, wat ’n reeks beginsels wat die openbare administrasie moet beheers, lys. Daaronder is ’n hoë standaard van beroepsetiek, dat dienste onpartydig, regverdig, op billike grondslag en sonder vooroordeel gelewer moet word en dat indiënsneming- en personeelbestuurspraktyke gebaseer moet word op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig.
- Ook in 1998 het die Nasionale Waterwet (36 van 1998) ’n einde gemaak aan private regte op water deurdat die nasionale regering tot openbare trustee van die land se waterhulpbronne verhef is. Artikel 3 van dié Wet bepaal onder meer die volgende:

- (1) As the public trustee of the nation's water resources the National Government, acting through the Minister, must ensure that water is protected, used, developed, conserved, managed and controlled in a sustainable and equitable manner, for the benefit of all persons and in accordance with its constitutional mandate.
- (3) The National Government, acting through the Minister, has the power to regulate the use, flow and control of all water in the Republic.
- Artikel 217(2) van die Grondwet wat in 1996 deur die ANC ingevoer is om vorige benadeling as deurslaggewende maatstaf vir staatsverkryging te vestig, magtig die staat om 'n verkrygingsbeleid toe te pas wat voorsiening maak vir voorkeurkategorieë by die toekenning van kontrakte en “die beskerming of vooruitgang van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is”. Op sterkte hiervan is 'n stelsel van swart ekonomiese bemagtiging teen 2000 deur 'n kommissie onder die voorsitterskap van Cyril Ramaphosa ontwikkel. Die uitdruklike oogmerk daarvan is om die sakebelange van wit eienaars stelselmatig met behulp van regsdwang in die naam van transformasie aan swart eienaars oor te dra.
 - In 2002 is die land se mineraal- en petroleumhulpbronne ingevolge parlementêre wetgewing (Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002) in die hande van die staat as sogenaamde beskermer geplaas ten einde transformasie- en bemagtigingsdoelwitte te bevorder. Artikel 3 van dié Wet bepaal onder meer die volgende:
 - (1) Mineral and petroleum resources are the common heritage of all the people of South Africa and the State is the custodian thereof for the benefit of all South Africans.
 - (2) As the custodian of the nation's mineral and petroleum resources, the State, acting through the Minister, may –
 - (a) grant, issue, refuse, control, administer and manage any reconnaissance permission, prospecting right, permission to remove, mining right, mining permit, retention permit, technical co-operation permit, reconnaissance permit, exploration right and production right.
 - Die aanname en implementering van die Wet op Regspraktyk (28 van 2014) is duidelik daarop gemik om die private regsprofessies onder staatsbeheer te bring, om daardeur ook algaande meer politieke inspraak op regterlike benoemings te bekom. Artikel 3 van dié Wet bepaal dat die doel daarvan onder meer is –
 - to ... provide a legislative framework for the transformation and restructuring of the legal profession;
 - broaden access to justice by putting in place –
 - measures that provide equal opportunities for all aspirant legal practitioners in order to have a legal profession that broadly reflects the demographics of the Republic;
- Artikel 7 van die Wet maak voorsiening vir die samestelling, onder politieke oorsig, van 'n “Legal Practice Council”, wat ooglopend bedoel is om die funksies van die balieverenigings van die advokatuur en die prokureursordes oor te neem.
- Artikel 4 van die Wet op Maatskaplike Bystand (13 van 2004) bepaal dat die volgende soort toelaes uit die staatsbegroting betaal moet word: kindertoelae (“child support”), versorging van fisiek of verstandelik gestremde kinders (“a care dependency grant”), pleegouertoelae, ongeskiktheidstoelae (“disability”), ouderdomstoelae, oorlogsveteraantoelae en hulptoelae (“grant-in-aid”) aan persone wat hulp van ander persone

benodig weens 'n fisieke of 'n verstandelike gebrek. Hierdie stelsel van maatskaplike toelaes het in die afgelope jare van nagenoeg vier- tot meer as sewentienmiljoen begunstigdes gegroei, waardeur ten minste een derde van die totale bevolking ekonomies afhanklik van die staat gemaak is.

- In 2016 is die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997) gewysig om aan die minister van Hoër Onderwys en Opleiding gesag te verleen om eensydig transformasiedoelwitte vir universiteite voor te skryf en af te dwing, sonder dat 'n omskrywing van “transformasie” voorsien word. Artikel 3(1) van dié Wet bepaal dat dit die Minister se taak is “[to] determine policy on higher education, which policy includes, but is not limited to ... transformation goals and oversight mechanisms for these goals”.
- Die beoogde infasering van 'n nasionale gesondheidsversekeringstelsel, wat klaarblyklik ten doel het om die gesondheidssektor stelselmatig onder uitsluitlike staatsbeheer te bring, is maklik herkenbaar as 'n sosialistiese magsmeganisme. Klousule 2 van die betrokke wetsontwerp (National Health Insurance Bill [B 11-2019] van Julie 2019) beskryf die doel van die beoogde wetgewing onder meer soos volg:

The purpose of this Act is to establish and maintain a National Health Insurance Fund in the Republic funded through mandatory prepayment that aims to achieve sustainable and affordable universal access to quality health care services by –

 - (a) serving as the single purchaser and single payer of health care services in order to ensure the equitable and fair distribution and use of health care services;
- Die ontketening van die debat oor grondonteiening sonder vergoeding en die moontlike wysiging van artikel 25 van die Grondwet dui onmiskenbaar op die siening dat private eiendomsreg strydig is met die ideale van 'n “getransformeerde” staatsorde. In November 2018 het die gesamentlike parlementêre komitee wat die moontlike wysiging van die Grondwet moes ondersoek, onder meer soos volg aanbeveel (Report of the Joint constitutional review committee on the possible review of Section 25 of the Constitution):

That Section 25 of the Constitution must be amended to make explicit that which is implicit in the Constitution, with regards to Expropriation of Land without Compensation, as a legitimate option for Land Reform, so as to address the historic wrongs caused by the arbitrary dispossession of land, and in so doing ensure equitable access to land and further empower the majority of South Africans to be productive participants in ownership, food security and agricultural reform programs.
- Ten spyte van die meriete geleë in die aanvanklike flink reaksie van president Ramaphosa om epidemiese virusinfeksies in Suid-Afrika te bekamp, weerspieël die wyse waarop die regering die pandemie-krisis in 2020 aangepak het die mees onlangse aanduidings van die sosialistiese mentaliteit van die ANC, wat ooglopend gesentraliseerde magsuitoefening met minimale eksterne kontrole verkies.

Weens die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die koloniale, uniale en later RSA-owerhede se reaksie op oorlog, rebellie en revolusie, was daar 'n bepaalde sensitiwiteit oor “noodtoestande” in 1993–1996 toe die twee grondwette geskryf is. Wat almal in daardie tyd in gedagte gehad het, is hoe bedreigings van die veiligheid van die staat grondwetlik hanteer moet word. So ver terug as die 19de eeu, was die mees ekstreme vorm van die beskerming van “staatsveiligheid” onder die Brits-koloniale regime (soms met meer en soms met minder objektiewe regverdiging) die afkondiging van

krygswet (“martial law”). Die effek van die verklaring van krygswet het die werking van die reg feitlik geheel en al opgehef en die hantering van wet en orde nagenoeg volledig aan die militêre owerhede oorgelaat. Op ’n ietwat minder ekstreme vlak, maar polities omstrede, was die afkondiging van noodtoestande, veral in die 1980’s. Daardeer is heelwat diskresie in die hande van die uitvoerende gesag en ander staatsorgane, veral die polisie, geplaas. Destyds is dit in ’n grondwetlike konteks gedoen waarin dit wat die Parlement toegelaat het om “wet” te wees, wet was. Die hoewe het oor feitlik geen effektiewe hersieningsjurisdiksie beskik nie. Artikel 37 van die huidige Grondwet is teen daardie agtergrond van die ervarings van die tagtigerjare geskryf.

Die Wet op Rampbestuur van 2002 is waarskynlik nie geformuleer met iets soos die globale pandemie van 2020 in gedagte nie, maar toe dit wel gebeur, het die regering besef dat dit geleentheid gebied het om die balanserende meganismes wat in artikel 37 van die Grondwet ingebou is, te omseil. Ironies maak die Wet dit vir die regering moontlik om meer ingrypende stappe te neem as wat onder ’n grondwetlike noodtoestand toegelaat word. Die parlementêre kontrolemeganismes (byvoorbeeld oor die duur van die verklaarde ramptoestand) geld nie soos in die geval van die afkondiging van ’n noodtoestand nie. Interessant is ook dat die president dit goed gedink het om die “Intergovernmental Committee on Disaster Management” waarvoor artikel 4(1) van die Wet op Rampbestuur voorsiening maak, te vervang met ’n obskure buite-statutêre liggaam met die militaristiese benaming “National Covidvirus Command Council”. Hierdie liggaam, waarvan die benaming nominale ondertone van ’n oorlogskabinet (soos in tye van krygswet) gehad het, se verrigtinge het in die geheim verloop. Ooglopend het die ANC die krisis as geleentheid gesien om staatsgesag verder volgens die sosialistiese ideologie te sentraliseer. Daar kan verwag word dat dit ’n nuwe uitdaging vir die oorlewing van konstitusionalisme in Suid-Afrika teweeg gebring het.

Teen hierdie feitlike agtergrond bly daar min twyfel daaroor dat die ANC se instemming in 1993 tot die invoer van ’n liberaal-demokratiese bedeling gefundeer op Westerse konstitusionalisme bloot strategiese pragmatisme was. Dit beteken wel nie dat die organisasie ten tye van die grondwetlike onderhandelinge of selfs sedertdien daarin kon slaag om ’n samehangende politieke dogma te artikuleer nie. Per slot van rekening was slegs ’n klein minderheid van die deelnemers aan die proses van grondwetskrywing oortuigde liberaliste of eksplisiete kommuniste. Die ANC bied steeds ’n tuiste aan aanhangers van uiteenlopende sosio-ekonomiese en ideologiese sienings en het met aanhoudende politieke druk van die links-populistiese afsplintering van die organisasie, die EFF, te kampe. Wat egter wel met stelligheid beweer kan word, is dat, waar liberale demokrasie in 1993 die vanselfsprekende keuse vir kompromie en internasionale aanvaarbaar-making was, sosialistiese staatsbeheer, waarskynlik onder die vernuftige intellektuele aansporing van die SAKP as alliansievenoot, ’n aantreklike meganisme vir die ANC geword het. Deur die sentralisering van mag kan die bewind, ten spyte van sosiale en ekonomiese mislukking deur die Organisasie, behou word. Vir die ANC, wat teen alle logika in steeds die selfbeeld van ’n revolusionêre bevrydingsbeweging troetel, is dit nietemin miskien ook ongerieflik om ’n etiket soos “sosialisme” (dit wil sê die sentralisering van staatsgesag as tussenstap in die proses van die oorgang van kapitalisme na kommunisme) eksplisiet aan sy regeringstyl te koppel.

Wat egter toenemend duidelik word, is dat Suid-Afrika, soos verskeie ander state wat aan die einde van die 20ste eeu grondwette aangeneem het wat liberale konstitusionalisme as

grondslag vertoon, besig is om in 'n moeras van “illiberal constitutionalism” (waarvan die ANC se sosialistiese neigings 'n duidelike voorbeeld is) weg te sak. Met verwysing na Hongarye en Pole beskryf Drinóczi en Bień-Kacała (2019:1165) hierdie begrip soos volg:

Illiberal constitutionalism emerged through the populist capture of the constitutions and of constitutionalism. The capturing mechanism appears in the manner in which the constitutional changes are implemented, political and legal constitutionalisms are theorized, and the constitutional/national identity is interpreted. It is also present in the relativization of the rule of law and human rights and in the constitutionalization of populist nationalism, identity politics, patrimonialism, clientelism, and corruption. Each of these indicates that constitutional democracy exists only in a formal sense. Illiberal democracy is viewed as the functioning of a public power that upholds the main constitutional structure but lacks normative commitment to constraints on public power, and, consequently, where the main common, traditional constitutional values are relativized or only partially observed. In these states, each element of a liberal democracy, such as the rule of law, democracy, and human rights, is observable; not one is missing, but no element prevails in its entirety.

6. QUO VADIS STAATSREGTELIKE BEHOORLIKHEID?

Oplossings vir die wêreldwye en Suid-Afrikaanse krisis van konstitusionalisme lê nie voor die hand nie. Daarby moet 'n mens in gedagte hou dat die ontwikkeling van die liberaal-demokratiese denke feitlik regdeur die hele opgetekende geskiedenis van die mensdom plaasgevind het. Verder moet in berekening gebring word dat uiteenlopende alternatiewe deur die eeue getoets is, waaronder monargieë, diktatorskappe, staatsabsolutisme, godsdienstregimes, sosialisme en kommunisme. Geeneen hiervan het egter tot dusver dieselfde aanvaarding as synde “staatsregtelik behoorlik” bereik nie.

Wát die maatstawwe vir die meting van die sukses van 'n regeringsbedeling moet wees, is ook geensins voor die hand liggend nie. As die moderne Chinese kultuur byvoorbeeld min waarde aan individualisme heg, maar 'n hoë premie op welvaart plaas, kan die huidige sentralistiese politieke diktatuur van Xi Jinping, toenemend ondersteun deur kunsmatige intelligensie-installasies waardeur individualisme tot niet gemaak word, moontlik as 'n suksesvolle model vir die 21ste eeu voorgelê word. Glassman (2019:186) beskryf die Chinese situasie soos volg:

Xi is a Maoist – his family was personally involved in the Communist Revolution and its aftermath. But, at its core, his regime espouses the Confucian model of governance: an authoritarian ruler, aided by an educated officialdom, whose job it is to rule “*benevolently*.” The government must make sure the economy is running well, and the people are protected from outside invasion.

Xi Jinping is an authoritarian – the secret police are everywhere and the military arrest and harass anyone who speaks or acts against the government. Look at what the Chinese government is doing to the Uyghers – the Muslim minority group, who did act and speak against the government.

Xi Jinping declared himself president for life: dictator.

Westerse liberalisme gril natuurlik vir die ontmensliking en magskonsentrasie van so 'n bedeling, maar kyk min of meer magteloos toe hoedat dit besig is om die Weste se globale ideologiese hegemonie uit te daag en terug te dryf. Om die opmars van gesentraliseerde

sosialisme met sosiaal-filosofiese konstruksies uit die tyd van die Verligting in Wes-Europa te probeer bekamp, kom toenemend futiel voor.

Wat is dan “staatsregtelik behoorlik, reg en billik” in 2020? Die antwoord op hierdie vraag is volkome afhanklik van die lewensbeskouing waarop dit gefundeer word. Om gemeenskaplike grond te vind is gevolglik uiters moeilik, maar ter wille van die debat doen ek die volgende gedagtes uit ’n Christelike perspektief aan die hand:

- Die behoorlikheid van ’n staatsregtelike bedeling kan gemeet word aan die mate van *geregtigheid* wat daardeur bewerkstellig word.
- Geregtigheid is nie bloot ’n rasonele, menslike konstruk nie, maar in wese ’n *gawe* van God.
- Soos enige vorm van gesag, ontstaan staatsregtelike gesag nie deur ’n mistieke sosiale verdrag waardeur soewereine individue ’n deel van hul “natuurlike” aansprake ter wille van orde en beskerming aan ’n owerheid afstaan nie, maar staatsgesag word toebedeel deur *Goddelike beskikking*.
- Politieke gesagsdraers het geen vanselfsprekende aanspraak op godgegewe gesag nie, maar die legitimiteit van hul gesag is afhanklik van hul erkenning van die *soewereiniteit van God*, die enigste werklike bron van alle gesag.
- Die doel van die reg, in besonder van die staatsreg, is om *sosiale orde* tot stand te bring en te handhaaf. Derhalwe kan die behoorlikheid van ’n grondwetlike bedeling gemeet word aan die vlak van aanvaarding deur die burgers in geheel van die *regverdigheid* waarmee die owerhede die samelewing juridies orden.
- ’n Betroubare maatstaf vir “geregtigheid” is die universele *goue reël* (wat selfs die uitsprake van Jesus, soos in die Evangelies opgeteken, met eeue voorafgegaan het), naamlik dat jy só teenoor ander moet handel soos wat jy van ander verwag om met jou te handel. Die liberalisme se humanistiese, rasionalistiese en individualistiese vertrekpunte is nie met hierdie beginsel van *wederkerigheid* versoenbaar nie.

Wat reg en billik in die huidige Suid-Afrikaanse staatsreg is, kan aan die hand van hierdie breë maatstawwe, eerder as aan liberalistiese, populistiese of sosialistiese standaarde gemeet word.

Wat natuurlik nie ontken kan word nie, is dat daar heelwat meriete in die artefakte van die liberaal-Westerse konstitusionalisme is. Oortuigende alternatiewe vir staatsregtelike beginsels, soos demokrasie, staatsbeskerming van fundamentele regte, verantwoordbaarheid van regerings en regsprekende onafhanklikheid wat deur die Weste geuniversaliseer is, bestaan nie.

Die beginsel van wederkerige geregtigheid wat die goue reël voorskryf, berus egter nie op die liberalisme se humanistiese, rasionalistiese en individualistiese vertrekpunte nie. Gevolglik kan die begroning van gesonde staatsregtelike beginsels as alternatief vir die opkomende ideologieë van die Ooste nie gesoek word in fiksies soos die sosiale verdrag, die rasonele outonomie van die individuele mens of die natuurreg (hoe ook al gekonstrueer) nie. Dit geld ook vir wat soms as demokratiese sosialisme aangebied word. Soos die liberalisme op losse skroewe staan, ontken die sosialisme die meriete van regverdige regsbeskerming wat uit die liberale konstitusionalisme gekristalliseer het en bevorder dit die sentralisering en willekeur van staatsmag, en dus van grootskaalse onreg.

Dit is egter per slot van rekening van wesenlike belang, en ook fundamenteel vertroostend, om te weet en te erken dat die verloop van die geskiedenis en die toekoms nie deur sewe- of agtmiljard gewaand outonome menslike aardbewoners met wyd uiteenlopende lewensbeskouings bepaal word nie, maar uitsluitlik deur die soewereine Skepper.

BIBLIOGRAFIE

- Brookes, E.H. 1974. *White rule in South Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Brown, G. (ed). 2016. *The universal declaration of human rights in the 21st century: A living document in a changing world – A report by the Global Citizenship Commission*. Cambridge: Open Book Publishers.
- Davenport, T.R.H. 1977. *South Africa – A modern history* (2nd ed.). Johannesburg: MacMillan.
- Drinóczi, T. & Bień-Kacała, A. 2019. Illiberal constitutionalism: The case of Hungary and Poland. *German Law Journal*, 20:1140-1166.
- Fombad, C.M. 2016. In Fombad (ed.). *Separation of powers in African constitutionalism*. Oxford: Oxford University Press.
- Geenens, R. & Rosenblatt, H. (eds). 2012. *French liberalism from Montesquieu to the present day*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Glassman, R.M. 2019. *The future of democracy*. Cham: Springer.
- Griffen, S.M. 1990. Constitutionalism in the United States: From theory to politics. *Oxford Journal of Legal Studies*, 10(2):200-220.
- Höffe, O. 2007. *Democracy in an age of globalisation*. Dordrecht: Springer.
- Luard, E. 1982. *A history of the United Nations* (Vol. 1). London: MacMillan.
- Parliament of the Republic of South Africa. 2018. Announcements, tablings and Committee reports (No. 169-2018). <https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Docs/atc/a3985fff-84d0-4109-80f4-e89064c8dede.pdf> [15 December 2019].
- Scher, D.M. 2012. In Pretorius (red.). *Die geskiedenis van Suid-Afrika – Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Sithole, T. 2014. The rhetoric of Thabo Mbeki's 'Two Nations' Speech and the plague of manicheanism in South Africa. *African Journal of Rhetoric*, 6:327-362.
- Spitz, R. & Chaskalson, M. 2000. *The politics of transition – A hidden history of South Africa's negotiated settlement*. Oxford: Hart Publishing.
- Van Wyk, D.H. 1980. Suid-Afrika en die Regstaatsidee. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 152.
- Venter, F. 1981. *Die staatreg van afsonderlike ontwikkeling*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Venter, F. 2014. Konstitusionalisme in Suid-Afrika. *LitNet Akademies*, 11(2):91-115.
- Venter, F. 2016. Transformasie en die universiteitswese. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 4(1):946-960.
- Venter, F. 2017. Rethinking the language of constitutional comparison. *South African Journal on Human Rights*, 33(1):72-96.
- Venter, F. 2019. In Landau & Lerner (eds). *Comparative constitution making*. Cheltenham: Elgar Legal Publishers.

Substantiewe beleidsimplementering en die erosie van kiesersvertroue as faktore in die konsolidering van die Suid-Afrikaanse demokrasie

Substantive policy implementation and the erosion of voter trust as factors in the consolidation of the South African democracy

ILSE RIEDER EN HERMAN VAN DER ELST

Politieke Wetenskap

Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekcampus

Vanderbijlpark

Suid-Afrika

E-pos: compmark.hok@gmail.com en
herman.vanderelst@nwu.ac.za



Ilse Rieder



Herman van der Elst

ILSE RIEDER is tans 'n PhD-student in politieke studies aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). In 1979 ontvang sy die grade BA in Kommunikasiekunde en Honneurs, albei aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Hierna beklee sy poste in Reklame en Menslike Hulpbronne in die industrie. Sy dien ook op die direksie (hoof- uitvoerende beampte) van haar eie maatskappy, wat spesialiseer in stelselontwikkeling en inligtingstechnologie. Sy voltooi haar Meestersgraad in politieke studies, cum laude, aan die NWU in 2018. Haar onderwerp handel oor die erosie van kiesersvertroue as faktor in die Suid-Afrikaanse demokrasie. In haar huidige navorsing fokus Ilse op die verdieping van demokrasie en magsverhoudinge in ontwikkelde en ontwikkelingsdemokrasieë, waar substantiewe politieke gelykheid 'n demokratiese vereiste is.

ILSE RIEDER is currently a PhD student in political studies at the Vaal Triangle campus of the North West University (NWU). In 1979 she completed her BA Degree in Communication Studies and her Honour's Degree in 1981, both at the University of the Free State (UFS). Thereafter, she held positions in Advertising and Human Resources within industry and served as CEO of her own company, which specialises in system development and information technology. She completed her Master's Degree in political studies, cum laude, in 2018 at the NWU. The subject of her dissertation dealt with the erosion of voter trust as factor in the contemporary South African democracy. In her current research Ilse focuses on the deepening of democracy and power relations in developed as well as developmental democracies, where substantive political equality is a requirement of democracy.

HERMAN VAN DER ELST is 'n medeprofessor en dosent in Politieke Wetenskappe by die Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). In 2000 verwerf hy 'n Magistergraad in Internasionale Politiek aan die Universiteit van Pretoria (UP) en in 2008 'n PhD in Openbare

HERMAN VAN DER ELST is an associate professor and lecturer in Political Sciences at the Vaal Triangle campus of the North West University (NWU). He obtained a Master's degree in International Politics at the University of Pretoria (UP) in 2000, followed by a PhD in Public Manage-

Datums:

Ontvang: 2020-02-05

Goedgekeur: 2020-06-28

Gepubliseer: September 2020

Bestuur en Regering by die Potchefstroomkampus van die NWU, met 'n tesis getiteld "Grondhervorming in Suid-Afrika en die oogmerke van post-vestiging: Die ontwerp van 'n bestuursmodel vir volhoubare ontwikkeling". 'n Gedeelte van sy navorsing is by die Vrije Universiteit van Amsterdam (VU) gedoen. Hy is outeur van 'n aantal artikels in nasionale en internasionale vakwetenskaplike tydskrifte, asook hoofstukke in boeke met 'n fokus op volhoubare ontwikkeling in die kontemporêre transformerende Suid-Afrikaanse, en Afrika politieke landskap.

ment and Governance at the Potchefstroom campus of the NWU in 2008. The title of his thesis was "Post settlement land reform objectives in South Africa: Towards a management model for sustainable development". Part of his research was completed at the Vrije Universiteit van Amsterdam (VU). He is the author of a number of articles in local and international academic journals, as well as chapters in books with a focus on sustainable development in the contemporary transforming South African, and African, political landscapes.

ABSTRACT

Substantive policy implementation and the erosion of voter trust as factors in the consolidation of the South African democracy

Internationally, voter trust in political systems is recognised as key to successful democratic governance and the effective co-ordination of collective interaction between government and civil society. For the purposes of this article, it is inferred that voter trust is largely based on the ability of the government to bring about successful transformation in a developmental society – within a period of time. Voter trust in the ANC originally showed increased levels in the first decade of democracy. However, after the 2004 election levels of voter trust started eroding in the ANC; in fact, since the 1999 elections voter trust has been consistently eroding in the South African democracy as a whole. In order to identify the nature and causes of this phenomenon, this article will focus primarily on the following narrative: the failure of transitional governments to implement effectively election promises in the substantive dimensions of the democracy and the effect of said failure on voter behaviour and trust. Based on these guidelines, the purpose of the article is therefore to identify the causes of the erosion of voter trust in the macro (ethical and moral), meso (economic) and application (social) dimensions of the democracy. The primary objective will be to establish the influence such erosion of voter trust has had on the ruling party, election outcomes and the democratic consolidation process generally in South Africa.

To illustrate the trajectory of the erosion in voter trust, voting patterns from the post-1994 period to 2016 are discussed. The results of various analytical studies regarding voting patterns were applied to substantiate the argument that the trajectory of voter trust in the ANC government at first reflected an increase, as opposed to the erosion thereof in the second decade of democracy and beyond. The analysis of voting patterns, especially under the so-called "born free" generation, revealed voter apathy, low political efficacy and the erosion of trust in the governing party, leaders, institutions and democratic processes. Various studies revealed that participation of the VAP (Voting Age Population) in elections from 1994 to 2004 was already on a downward trajectory since 1999 through to 2016. Urbanisation and the change in socio-economic needs of voters, as well as the ideological shift in their viewpoint from democratic ideals (freedom and equality) to bread and butter issues, coupled with the government's inability to eliminate poverty, rendered the original election message of liberation and the ANC as the only legitimate government, increasingly irrelevant in the last decade of democracy.

Analysis of the implementation of election promises, as stipulated in the ANC manifestos, show that there were successes at procedural level in terms of the establishment of democratic institutions, but that the ANC was mostly ineffective in its management thereof (substantive implementation), and therefore failed in the establishment of socio-economic and interventional programmes and policies. The appearance of corruption, clientelism, maladministration and state capture is manifest not only in the ANC government structures, but also in democratic institutions, State Owned Enterprises (SOE's) and Nongovernmental Organisations (NGO's). Voter trust in a democracy follows a dynamic process where political (moral) trust is initially high, shifting to institutional trust (economic) in the transitional phase along with interpersonal trust (social), as democratic consolidation and acceptance of democratic principles (as the only legitimate form of government) are being established. Delay in democratic consolidation places the focus on interpersonal trust as voters become more concerned over issues such as basic service delivery, poverty alleviation, housing and jobs (personal wellbeing). In this article it is assumed that a downward turn in voter trust negatively affects democratic consolidation. All three dimensions of voter trust are required in equal balance for the democracy to consolidate successfully within a set period of time. In conclusion, recommendations are made, including a vision towards future trends in voter trust in the aftermath of the 2019 national/provincial elections.

KEY WORDS: democracy, voter trust, erosion, transformation, substantive policy implementation, role of the state, voting patterns, ineffectiveness, corruption, legitimacy, developmental outcomes

TREFWOORDE: demokrasie, kiesersvertroue, erosie, transformasie, substantiewe beleidsimplementering, rol van die staat, stempatrone, ondoeltreffendheid, korrupsie, legitimiteit, ontwikkelingsuitkomst

OPSOMMING

As vertrekpunt vir hierdie artikel word Suid-Afrika beskryf as 'n ontwikkelingstaat, tans onderworpe aan 'n proses van demokratiese konsolidasie. Hierdie onafgehandelde proses word direk verbind aan die oorgang vanaf 'n ou (apartheids-) na 'n nuwe (demokratiese) bedeling. In hierdie opsig word Suid-Afrika dan ook ingesluit onder die definisie van 'n transformasionele staat. Die term "transformasionele demokrasie" verwys vervolgens na 'n demokrasie wat tot stand gekom het as gevolg van 'n bevrydingstryd, en getransformeer het vanaf 'n outokratiese of koloniale regime na 'n konstitusionele staatsorde.

Daar word geargumenteer dat daar in vele opsigte voldoen is aan die vereistes van prosedurele transformasie ná 1994, met die aanvaarding van die grondwet in 1996 en die instelling van konstitusioneel-demokratiese strukture en instansies, en veral die hervorming van die regstelsel en die instelling van vrye en regverdige verkiesings. In terme van substantiewe transformasie bly die proses egter nog onafgehandel. Dit is juis hierdie gebrek aan substantiewe transformasie wat gelei het tot 'n afname in kiesersdeelname en kiesersvertroue. Teen hierdie agtergrond is die oogmerk van die artikel om die effek van die erosie van kiesersvertroue op die politieke landskap en die uiteindelijke proses van sowel historiese as huidige demokratiese konsolidasie in Suid-Afrika te bepaal. Ten einde hierdie doel te bereik word daar eerstens, op 'n holistiese wyse, gefokus op die rol van die staat in moderne ontwikkelende demokrasieë. Tweedens word die artikel vernou tot die aard van kiesersvertroue in gevestigde en transformasionele demokrasieë. Teen hierdie kontekstuele agtergrond word derdens gefokus op die Suid-Afrikaanse situasie. Hier word spesifiek verwys na die stygende trajek van onder-

steuning vir die ANC in nasionale en plaaslike verkiesings tussen 1994 en 2004, met daarteenoor die moontlike oorsake vir die afname in ondersteuning vir die ANC-regering ná 2004. Terselfdertyd word die afname in stemopkoms reeds sedert die verkiesing in 1999 in teenstelling tot die groeiende stemouderdompopulasie (SOP) tot en met die nasionale verkiesing in 2019 onder die soeklig geplaas. Met die oog op die projeksie van ’n toekoms-scenario rakende politieke konsolidasie word die daling in stemopkoms en die onderliggende erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse politieke landskap, ter afsluiting, in verband gebring met mislukkinge in die bereiking van veral substantiewe ontwikkelingsdoelwitte en -uitkomst.

1. INLEIDING

Die lae stemopkoms in die jongste Suid-Afrikaanse nasionale verkiesing (9 Mei 2019) beklemtoon die integrale rol wat kiesersvertroue in die demokratiseringsproses sowel as die konsolidasie van die transformasionele demokrasie vertolk. Keele (2004:29) verwys na kiesersvertroue as die sogenaamde “barometer” vir politieke prestasie en regeringsrespons op openbare behoeftes. In ’n demokrasie kan kiesersvertroue dus beskou word as ’n omvattende aanwyser van ’n bevolking se persepsie (en interpretasie) van die prestasie van ’n regering. Kiesersvertroue word deur Fukuyama (1996:7) beskryf as ’n inherente komponent van ’n nasie se ekonomiese welsyn:

One of the most important lessons that we can learn from an examination of economic life is that a nation’s wellbeing as well as its ability to compete, is conditioned by a single pervasive cultural characteristic: the level of trust inherent in society.

In die Suid-Afrikaanse politieke landskap het kiesersvertroue in die ANC, wat aanvanklik in die eerste dekade van demokrasie hoog was, ná 2004 begin erodeer – dermate dat die legitimiteit van die huidige regering, insluitende regeringsbeleid en -prestasie, sowel as die doeltreffende funksionering van bestaande demokratiese instansies en prosesse soos onderskryf in die grondwet, tans onder verdenking is. Daarbenewens het stemopkoms in verkiesings sedert die bevrydingsverkiesing ook met 37% teenoor SOP (stemouderdompopulasie) gedaal. Vervolgens word daar dus holisties gekyk na die rol wat die staat speel in die suksesvolle bestuur van die transformasionele proses, veral wat die bereiking van substantiewe ontwikkelingsdoelwitte aanbetref.

2. DIE ROL VAN DIE STAAT IN ’N MODERNE ONTWIKKELINGSDEMOKRASIE

Die staat se rol in die ekonomiese aktiwiteit van die moderne ontwikkelingsdemokrasie sentreer rondom ekonomiese groei, en die bevordering van vennootskappe tussen die staat en die vernaamste ekonomiese belangegroep (Heywood 2013:68). Meyer en Van Der Elst (2014:76) beklemtoon dat die rol wat die staat speel in lyn moet wees met die bevolking se unieke sosio-ekonomiese en politieke samestelling. Volgens Woo-Cummings (in Fritz & Menocal 2007:532-534) word ontwikkelingstate nie geassosieer met spesifieke beleide nie. Op verskillende tye en onder verskillende omstandighede word verskillende beleidsprogramme aangewend om sosiale en ekonomiese veranderinge teweeg te bring. Die staat speel dus ’n leierskapsrol en tree op as koördineerder van die makro-ekonomiese beleid om suksesvolle ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer.

2.1 Die staat as legitieme uitvoerder van die sosiale kontrak¹

In die Westerse demokratiese tradisie is die regering se fundamentele rol om die regte en vryhede van die bevolking te beskerm. Meer kontemporêre benaderings soos dié van Rawls en Kant (Vorster 1984:433) hou ’n doktrine voor van “die staat gebaseer op die reg”; die staat is ’n vereniging van mense onder die reg en die sosiale kontrak is dus gegrond op die beginsels van die reg (soos per die grondwet) en toesegging van regte en pligte (soos per verkiesingsbeloftes en doelwitte). Vir Gauthier (Fiezer & Dowdon 2017) is die sosiale kontrak ’n morele ooreenkoms van vertroue, met rasionaliteit en selfbelang as die faktore wat die partye tot die kontrak verbind. Dames (2007) wys daarop dat die sosiale kontrak gebaseer is op ’n wedersydse vertrouensverhouding tussen die regering en burgers en dus as ’n “vertrouenskontrak” beskou kan word.

2.2 Bevordering van polities-ekonomiese groei en stabiliteit in die makro-omgewing van die demokrasie

In transformasionele demokrasieë waar sosiale kwessies soos werkloosheid en armoede hoogty vier, beïnvloed die makro-ekonomiese beleid ook die politieke en sosiale sfeer, aangesien dit aspekte soos werkskepping, maatskaplike welsyndienste en uitgawes insluit (Schoeman 2014:227). Die ingrypende rol van die staat vereis spesifiek dat die regering welsyngerigte programme moet implementeer om sodoende arm en ekonomies-agtergeblewe² gemeenskappe se lewenstandaard te verbeter. Die verhouding tussen politieke stabiliteit en ekonomiese bestuur word deur Schoeman (2014:215) gedefinieer as die “politieke ekonomie,” en tipeer die manier waarop rykdom/welvaart binne die gemeenskap versprei en/of aangewend word. Ekonomiese sukses en stabiliteit bevorder ook die samewerking en vertroue tussen die gemeenskapslede, wat weer die ekonomie stimuleer (Inglehart 1999:93). Vooruitgang maak mense optimisties en optimisme bevorder vertroue (Uslaner 1999:142). Blind beskryf die sterk verhouding wat tussen die bou van vertroue en ekonomiese vooruitgang bestaan soos volg:

Both processes, however, feed into each other: increasing social and political trust facilitates the process of economic restructuring – sound economic policymaking and institution building, in turn, enhances social and political trust. (Blind 2006:17)

Adebayo (2016) voer aan dat die regering doeltreffend moet wees in die uitvoering van pligte en dienslewering in die prosedurele en substantiewe dimensies van die demokrasie. Hierdie aspekte word hiernaas uitgelig.

¹ Die sosiale kontrak word soos volg deur Held (2006:47) beskryf: “The government is the result of an agreement among the citizenry and is legitimate only to the extent to which it fulfills the instruction of the general will” (Held 2006:47).

² Transformasionele demokrasieë dra die gevolge van koloniale verdrukking en moet die unieke uitdagings van sosio-ekonomiese en soms rassekonflik bylê om ongelykheid op alle vlakke van die samelewing te verwyder. In die Suid-Afrikaanse konteks verwys agtergeblewe gemeenskappe na die erfenis van die apartheidsregime en gemeenskappe wat onder hierdie dispensasie nie deel gehad het aan die ekonomiese opheffing in Suid-Afrika nie.

2.3 Doeltreffende regering as vereiste vir suksesvolle demokratisering: Rolspelers, magswisseling en dienslewering

Volgens Heywood (2013:356) is doeltreffende regering die “uitset” van die politieke proses: die “wat” “hoe” en “wanneer”, en het dit ’n direkte impak op die vlakke van kiesersvertroue, namate kiesers regeringsprestasie assosieer met beloofde verkiesingsbeloftes en uitkomste. Uit die bostaande definisie is dit duidelik dat die verhouding tussen demokrasie en vertroue ’n komplekse en multidimensionele verbintenis is. Vertroue en wantroue word gebalanseer deur etiese beginsels en demokratiese meganismes soos stemreg, vryheid van spraak en assosiasie, en die verdeling van magte, waardeur die vertrouensverhouding voortdurend gekonfronteer word (Warren 1999:2). Politieke vertroue lei tot doeltreffende regering, wat weer lei tot politieke legitimiteit. Dus word legitimiteit deur die kieserskorps aan die regering toegesê. Blind definieer hier die primêre determinante van legitimiteit as sosiale vertroue, ekonomiese doeltreffendheid en voortrefflike regering wat demokratiese regte ondersteun (Blind 2006:16-17). Sodanige proses van legitimering word deur die verskillende rolspelers in die demokrasie bestuur.

2.3.1 Rolspelers in die uitvoering van staatspligte; en demokratiese beleid en proses

Blind (2006:16) en Venter (2014b:96) beskou die rolspelers in die uitvoering van demokratiese beleid as die staat, burgerlike gemeenskap en assosiasies insluitende kiesers, en die privaat en openbare sektore. Die suksesvolle politieke, ekonomiese en onderlinge sosiale interaksie tussen hierdie groepe bevorder vertroue. Die verhoudinge tussen hierdie rolspelers is dinamies en word weerspieël in die aard en kwaliteit van die dienste wat gelewer word, soos byvoorbeeld gesondheidsdienste, opvoeding, onderhoud van infrastruktuur, polisiëring, verdediging, water- en elektrisiteitsvoorsiening, asook omgewingsbestuur. Die demokraties-verkose amptenare se taak is om, in ooreenstemming met die grondwet, regeringsbeleid op prosedurele en substantiewe vlak uit te voer (Venter 2014b:93). Hul posisie in die demokratiese gemeenskap is dus afhanklik van die kieserspubliek se ondersteuning en vertroue. Menocal (2007:10) verwys na die strukturele faktore, soos die onderliggende ekonomiese, sosiale en institusionele toestande, wat ’n beduidende invloed uitoefen op die vooruitsig van demokratiese konsolidering, en beklemtoon Przeworski se definisie van demokratiese konsolidering as die aanvaarding van ’n demokratiese kultuur deur alle rolspelers as “the only game in town”.

2.3.2 Magswisseling tussen politieke partye as vereiste vir legitieme demokrasie

Demokrasie skep en bevorder ruimte vir opposisiepartye om aan die politieke proses deel te neem sodat magswisseling tussen partye binne ’n kultuur van vertroue³ plaasvind (Inglehart 1999:98,105). Inglehart noem dit “societal trust” en beskou dit as die basis van die burgerlike kultuur en ’n noodsaaklike voorvereiste vir ’n sterk burgerlike gemeenskap en legitimiteit van die demokrasie (Inglehart 1999:104). Offe (1999:44) identifiseer vier aspekte van vertroue:

³ Blind (2006:15) beskryf ’n kultuur van vertroue as volg: “A trust culture is where citizens feel they have a more or less equal and potential chance of making a difference in the political decision-making. This is where good governance comes in as the indispensable corollary of the trust culture”.

- Horisontale vertroue van burgers in mekaar – non-elite⁴
- Vertroue van burgers en gemeenskappe in politieke en elite-groepe
- Horisontale vertroue tussen elite-groepe soos ondernemings, geloofsinstitusies en akademië
- Vertikale vertroue wat die vertroue tussen elite en die massa-publiek (non-elite) verteenwoordig.

Blind (2006:14) dui aan dat die aard van politieke vertroue in die huidige era van globalisering 'n metamorfiese ondergaan en dat 'n nuwe burgerlike gemeenskap aan die ontwikkel is. Hierdie nuwe gemeenskaplike kultuur heg eiewaarde aan politieke geloofwaardigheid en vertroue en beskou dit nie bloot as 'n gebruiksmiddel tot 'n politieke doel nie. Die vertrouensvlak tussen landsburgers en politici raak persoonliker, kiesers wil meer insae in regeringsake hê en die regering se resultate van nader ontleed en monitor. Blind (2006:15) definieer hierdie verskynsel as “the changed expectations of citizens”, en globalisering lei gevolglik tot 'n herdefiniëring van die staat se funksies en rol. Burgers se definisie van vertroue word beskou as 'n noodsaaklike bestanddeel in die bou van 'n bevoegde staat en 'n kultuur van vertroue. Voortreflike regering⁵ kan dus slegs toegepas word indien al die rolspelers in die proses mekaar vertrou en die demokrasie versterk deur doeltreffende interaksie en samewerking op sosio-ekonomiese vlak.

2.3.3 Doeltreffende dienslewering as vereiste vir suksesvolle demokratisering

Suksesvolle demokratisering vereis dat uitkomst binne die raamwerk van vooraf-ingestelde demokratiese reëls bepaal sal word. Demokratiese konsolidasie is 'n proses en volgens Menocal *et al.* (2008:32) behels die uitdaging vir transformasionele regerings dat demokratiese konsolidering binne 'n sekere tydperk moet kan plaasvind. In hierdie proses van transformasie moet prosedurele en substantiewe beleidsformulering en -implementering, in lyn met die behoeftes van die gemeenskap, die kapasiteit van die staat en die bronne tot hul beskikking aangewend word. Hierdie omstandighede noodsaak dat transformasionele beleid eienskappe van verskillende demokratiese bedelings insluit: die staat moet 'n liberaal ekonomiese aanslag hê om investering aan te moedig, maar 'n intervensionele beleid in die ontwikkeling van menslike kapitaal, en infrastrukturele ontwikkeling navolg (Meyer & van der Elst 2014:77). Die rol van die staat om beloofde beleidsprogramme suksesvol uit te voer, binne 'n sekere tydperk en in lyn met verkiesingsbeloftes, is nou verbonde aan die konsep van sosio-ekonomiese dienslewering aan gemeenskappe. Wanneer kiesers vertroue begin verloor in die regering as gevolg van die ondoeltreffende implementering van basiese dienste, korrupsie en wanadministrasie, hou dit die potensiaal in dat die demokrasie nie kan konsolideer nie.

⁴ Non-elite- en elite-groepe: Kwessies rondom die regte van minderheids-groepe en die invloed van korporasies en elite-groepe beïnvloed die konstitusionaliteit en doeltreffendheid van demokratiese prosesse, wat die vertikale en horisontale vlakke van kiesersvertroue kan skaad. Vertikale vertroue verwys na vertroue tussen outoriteit (regering, elite-groepe) en burgers, en horisontale vertroue verwys na vertroue tussen groepe en individue (non-elite) (Eek & Rothstein 2005:3).

⁵ Die term “voortreflike regering” (“good governance”) word deur Morlino gedefinieer as 'n demokrasie gegrond in prosedures, inhoud en resultate (Morlino 2002:3).

3. DIE AARD VAN KIESERSVERTROUW AS MULTIDIMENSIONELE VERANDERLIKE IN DEMOKRATIESE BEDELINGS

Die kieserspubliek se interpretasie van demokrasie as 'n vorm van kollektiewe magsdeling, aktiewe deelname in politieke prosesse en gelykheid voor die reg, word deur Patterson (1999:158) beskou as kriteria vir vertroue in 'n demokratiese gemeenskap. Die uitdaging vir demokratiese regering is om institusies te skep wat voldoen aan die verwagtinge van “die mense”⁶ en 'n kultuur van vertroue op alle vlakke van die demokrasie te vestig (Canovan 2008:359).

3.1 Die aard van kiesersvertroue in gevestigde demokrasieë

Volgens Warren (1999:3) is vertroue ook bevorderlik vir die bestuur en legitimering van regeringsaksies. Kiesersvertroue gee 'n duidelike aanduiding van kiesers se persepsies rakende regeringsprestasie en die legitimiteit wat die kieserskorps toewys aan die regering-aan-bewind. Vir Fukuyama (1996:26) is vertroue kultureel van aard en oorgeërf van bestaande gemeenskappe met gedeelde norme en waardes, en sluit dit die verwagting van doeltreffende koördinerende van kollektiewe interaksie tussen regering en burgerlike gemeenskappe in. In 'n gevestigde demokrasie waarborg vertroue die legitimiteit van die staat in die uitvoering van beleid en proses. Mense is meer gewillig om na die regering te luister en beleid te ondersteun en help implementeer. Gevestigde demokrasieë word gekenmerk deur sterk deelname aan sosiale en gemeenskapsprogramme, en hoë vlakke van kiesersdeelname in verkiesingstyd. Ekonomiese vooruitgang en stabiliteit in die demokrasie word ook verseker deur deelname van alle belanghebbendes aan demokratiese prosesse.

3.2 Die aard van kiesersvertroue in transformasionele demokrasieë

In postkoloniale demokrasieë, waar daar transformasie (vanaf 'n outokratiese bestel na demokratiese regering) plaasvind of plaasgevind het, behels die regering se mandaat uitgebreide politieke en sosio-ekonomiese intervensie. In dergelike ontwikkelende demokrasieë moet die staat dikwels 'n ingrypende rol speel om ekonomiese en burgerlike hervorming te verseker en welvaartprogramme te implementeer. Aspekte soos gelyke menseregte, armoedeverligting, werkverskaffing en verbeterde dienslewering word vooropgestel deur kiesers en die nuwe regering word aanspreeklik gehou vir die nakoming van verkiesingsbeloftes. Mhone (in Gumede 2014:180) beklemtoon die vooropstelling van 'n pro-aktiewe ekonomiese en sosiale ontwikkelingsagenda. Ramphele (2012) toon aan dat die transformasie na 'n ware oop gemeenskap en 'n veelparty-demokrasie behels dat leiers die bevrydingsmotief moet aflê ten gunste van werklike sosio-ekonomiese hervorming, waar die behoeftes van die bevolking sentraal geplaas word in die politieke proses. Hier word verwys na mislukte sosio-ekonomiese programme en beloofde doelwitte wat nie bereik word nie. In die geval van transformasionele demokrasieë is die oorskakeling vanaf vryheidsbeweging na 'n doeltreffende en verteenwoordigende demokratiese regering nie onmiddellik suksesvol nie, aangesien die uitdaging van demokratiese staatsbestuur dikwels bots met die vereistes en beginsels van die oorspronklike vryheidstryd (Clapham 2012:8). Offe (1999:85) verduidelik dat voortrefflike regering vertroue bou “if institutions and procedures generate an impeccable record in terms of truth-

⁶ Ackerman (in Canovan 2008:357) beskou “die mense” as 'n toevallige mobilisering van onafhanklike individue wat tydelik as kiesers in 'n politieke liggaam bymekaarkom om politieke mag toe te pas.

telling, promise-keeping, fairness and solidarity ... here the formula is that good government and good laws make good citizens". Die bevrydingsregering word gevolglik toenemend deur kiesers beoordeel volgens prestasie op multidimensionele vlakke van die demokrasie.

3.2.1 *Die eienskappe van kiesersvertroue op multidimensionele vlakke van die transformasionele demokrasie*

Kiesersvertroue kan op drie vlakke of dimensies van die transformasionele demokrasie ontleed word, naamlik die makro-, meso- en toepassingsvlakke.

- **Politieke vertroue (makrovlak):** behels vertroue in en tevredenheid met demokrasie in die makro-omgewing, vertroue in demokratiese regte en vryhede, etiese en morele aspekte van politieke leierskap, die persepsie van korrupsie onder staatsinstansies en -leiers, sowel as vertroue in politieke en gemeenskapsleiers (vervat morele vertroue).
- **Institusionele vertroue (mesovlak):** behels vertroue in institusies (meso-omgewing), die vertroue wat kiesers plaas in instansies soos die howe, polisie, parlement, staatsbeheerde- en privaat ondernemings, en die ekonomie (vervat ekonomiese en algemene vertroue). Die impak van regeringsbeleid en -prosesse sowel as die uitkomst van regeringsaksies en -optrede is bepalend vir die vlakke van institusionele vertroue.
- **Interpersoonlike vertroue (toepassingsvlak):** Kiesersvertroue op toepassingsvlak behels die interpersoonlike aspekte van die individu se besluitnemingsprosesse in verhouding tot die verbetering van persoonlike welsyn, lewenstandaard en sosio-ekonomiese behoeftes. Persepsies van leiers se geloofwaardigheid, vertroue in mense en groepe (sosiale vertroue) en die responsiwiteit van veral plaaslike regeringsamptenare word hierby ingesluit.

Die konsolidering van die demokrasie is die einddoel van die demokratiseringsproses. Kotze (2015:20) wys op die noodsaaklikheid van veral staatskapasiteit en die rol van 'n funksionerende regeringstruktuur met 'n geïnstansionaliseerde ekonomiese gemeenskap wat ekonomiese ontwikkeling en herdistribusie kan fasiliteer as 'n sleutelement van demokratiese konsolidering. Hierdie proses behels die uitvoering van prosedurele en substantiewe verpligtinge van die staat op alle vlakke van die demokrasie. Prosedurele verpligtinge sentreer rondom die uitbouing en konsolidering van die demokrasie deur die beskerming van demokratiese prosedures en instellings soos die grondwet en die implementering van regeringsprogramme. In die substantiewe dimensie word die regte en vryhede van burgers beskerm en vind die sosio-ekonomiese uitbouing en opheffing van die gemeenskap plaas.

3.2.2 *Die vestiging van kiesersvertroue in transformasionele demokrasieë*


In transformasionele demokrasieë is dit noodsaaklik dat die normatiewe demokratiese ideale van vryheid en gelykheid verwesentlik⁷ word deur in openbare behoeftes soos behuising,

⁷ Wnuk-Lipinski en Fuchs (2005:52) stel dié vraag: "What is the driving force behind transition to democracy?" en kwalifiseer dit verder deur die ideaal van vryheid en gelykheid uit te lig as die hoofdryfveer en doelstelling van transformasie. Dominant in die vroeë fases van die oorgangsproses is bevryding, en die populêre idealistiese geloof dat vryheid 'n klomp ander waardes ook sal waarborg. Wanneer mense begin besef dat vryheid nie ander voordele waarborg nie, begin gelykheid 'n rol speel as 'n mobiliserende mag – as 'n ideologiese veronderstelling

werkskepping en basiese dienste te voorsien. Die klem val op substantiewe aspekte soos armoedeverligting, werkverskaffing en gelyke regte wat, veral in die geval van die onsuksesvolle demokratisering in Afrika-state, as 'n deurslaggewende faktor gesien word (Adegboye 2013:246). Die verhoudinge tussen die rolspelers is dinamies en word weerspieël in die aard en kwaliteit van die dienste wat gelewer word, soos byvoorbeeld gesondheidsdienste, opvoeding, onderhoud van infrastruktuur, polisiëring, verdediging, water- en elektrisiteitsvoorsiening, en omgewingsbestuur. Die verkose amptenare se taak is om, in ooreenstemming met die grondwet, regeringsbeleid prosedureel en substantief uit te voer (Venter 2014b:93). Leiers se posisie in die demokratiese gemeenskap is dus afhanklik van die kieserspubliek se ondersteuning en vertroue.

4. DIE TRAJEK VAN KIESERSDEELNAME EN STEUN IN NASIONALE VERKIESINGS BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Ná demokratisering in 1994 het 'n tendens in Suid-Afrika ontstaan in terme van die stempatrone van kiesers, wat Russon (2012:95) 'n "bell curve" noem – met groei aan die begin van die demokratiese bedeling en 'n afname daarna. Tussen 1994 en 2004 groei ondersteuning vir die regerende party, maar Russon identifiseer 'n keerpunt in die tydperk tussen 2007–2009 met ANC-stemgetalle wat in die nasionale verkiesing van 2009 reeds 'n afname toon (Russon 2012:95). In die verkiesing van 2004 stem 70% van kiesers vir die ANC terwyl daar 'n duidelike afname is na 66% in die verkiesing van 2009 vyf jaar later. Teen 2014 wen die ANC slegs 62% van geldige stemme en in die onlangse verkiesing net 58% (ENCA 2019) soos hiernaas aangedui. Die ANC se ondersteuning is slegs 28% van die SOP in 2019.



Figuur 1: ANC-kiesersondersteuning as 'n persentasie van die stempokoms en SOP.*


Bron: Schulz-Herzenberg (2014a:4). Aangepas om 2019-resultate in te sluit.

*SOP: Stemouderdompopulasie

sowel as 'n pragmatiese oogmerk. Die onderliggende frustrasie is altyd die omstandighede rondom sosiale verarming – die rykes bly ryk en die armes bly arm.

Die verkiesingsuitslae in die verskeie metro's in die nasionale en plaaslike verkiesings van onderskeidelik 2014 en 2016 dui, volgens Booyesen (2014a:164), op die kern van die saak: kiesers ondersteun, veral in die metro's, nie meer die ANC se bevrydingsmotief of die beweging se potensiaal om bevrydingsbeloftes na te kom nie. Kiesers se veranderende behoeftes noodsaak die verbetering van die gemeenskappe se sosio-ekonomiese welsyn en die lewering van basiese dienste. In die stedelike gebiede verloor die ANC ondersteuning te midde van die kwessies rondom swak regering, ondoeltreffende verteenwoordiging en die kompromittering van leierskap en beleid (Booyesen 2014a:164). Verder is vertroue in die meeste van die regerings-institusies sedert 2012 aan die afneem. Ontleding van kiesers se persepsie van politieke insluiting en deelname toon dat kiesers se vertroue in hul vermoëns om institusies te beïnvloed ook laag is (politieke doeltreffendheid). 62,3% van respondente stem saam met die stelling dat "leiers nie gepla is met mense soos ek nie"; 51,6% stem saam dat daar geen manier is om openbare amptenare te laat luister nie (Fakir *et al.* 2014:20).

Die geleidelike afname in kiesersdeelname (kyk Figuur 2) in verhouding tot die groeiende stemouderdompopulasie (SOP) is aanduidend van 'n onderliggende afname in vertroue in en ondersteuning van demokratiese prosesse. In die twee nasionale verkiesings (2009 en 2014) het die ANC meer as 200 000 kiesers verloor, terwyl die kiesersbevolking met 2,5 miljoen gegroei het. Die lae stemopkoms in die afgelope 2019 nasionale verkiesing (49% van die SOP) beklemtoon weereens die integrale rol wat kiesersvertroue in die demokratiseringsproses speel. Terwyl vertroue in die regerende party hoog vertoon teen 2004 en die ANC as dominante party voorkom, voorspel die stelselmatige afname in kiesersdeelname reeds merkbaar in die verkiesing van 2004 dat daar wel groeiende ontevredenheid onder kiesers voorkom, wat kiesersvertroue in die regering en die demokrasie erodeer. Die onafhanklike verkiesingskommissie (OVK) rapporteer dat terwyl 26 779 025 kiesers vir die verkiesing van 2019 geregistreer het om te stem, ('n toename van 5,48% vergeleke met 2014), 983 155 minder kiesers in die verkiesing van 2019 gestem het as in die verkiesing van 2014. Dit beteken dus die stemopkoms het afgeneem van 73% in 2014 tot 65% in 2019 – dit in vergelyking met 1999, waar 89% van die geregistreerde kiesers gestem het.



Figuur 2: Stemopkoms as persentasie van kiesersregistrasie en SOP in die nasionale verkiesings vanaf 1994 tot 2019.

Bron: Schulz-Herzenberg (2014a:4). Aangepas soos per 2019-verkiesingsuitslae.

Eloff (2015:13) verklaar in sy boek *The Turning Point* dat Suid-Afrika belas is met vele uitdagings waarvan wydverspreide armoede en werkloosheid die grootste is. Die ekonomie is swakker as ooit tevore, daar is rassspanning en wydverspreide studente-onrus, protes oor dienslewering is 'n alledaagse gebeurtenis en groot kommer heers oor die vermoëns en vaardighede van verkose leiers en die staatsdiens. Ondersteuning vir populistiese partye soos die EFF en BFLF-beweging (Black First Land First) neem toe voor die nasionale verkiesing van 2019 te midde van eskalerende regeringsretoriek met beloftes van “radikale ekonomiese transformasie” om jonger kiesers se steun te probeer werf. Die ANC belowe om universiteitsgeledere te takel en grondhervorming aktief te begin toepas. Terwyl die ANC-party mag en invloed aanwend om sommige lojale kaders in sleutelposte te behou, word die hegemonie van die party toenemend gekonfronteer as gevolg van tekorte aan staatskapasiteit en die ontbloting van korrupsie in die openbare en privaat sektore.

Die ontleding van stempatrone in die tydperk 1994 tot 2019 skep 'n duidelike trajek van aanvanklike toename in ondersteuning vir die ANC in die eerste dekade, maar 'n afname in ondersteuning ná 2004. Die geleidelike afname in stemopkoms sedert die vryheidsverkiesing is ook duidelik en teen hierdie agtergrond kan moontlike redes vir die erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse konteks uitgelig word.

5. SUBSTANTIEWE VERKLARINGS VIR DIE EROSIE VAN KIESERSVERTRoue EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE LANDSKAP

Przeworski (in Wang 2002:17) beklemtoon dat die onvermoë van 'n regering om die basiese staatsfunksies suksesvol tot uitvoer te bring tot gevolg het dat burgers vertroue in die regime verloor – maak nie saak hoe demokraties die staat is nie. Demokrasie is beide 'n ideologie en 'n vorm van regering. Demokrasie in 'n staat-in-oorgang bestaan dus uit twee prosesse (Rose & Shin 2001:333): die proses van transformasie van 'n niedemokratiese regime na 'n meer demokratiese een, (die demokratiese ideaal) sowel as die proses van staatsbou (die demokratiese realiteit), wat die doeltreffende bestuur van territoriale gebied, stabiele infrastruktuur, betroubare staatsbronne en instellings omsluit (Wang 2002:11:7). Suksesvolle demokratisering is dus afhanklik van die suksesvolle verwesenliking van ontwikkelingsuitkomst. Hierdie stelling word gevolglik krities bespreek, ter ondersteuning van die argument dat die ANC-regering nie hul ontwikkelingsdoelwitte, soos in verkiesingsmanifeste vervat, in die substantiewe dimensies van die demokrasie verwesenlik het nie. Bydraende faktore hier is, onder andere, die hegemoniese karakter en denkwyse van die ANC wat die persepsie skep dat die demokrasie in die verkeerde rigting beweeg (IPSOS 2016). Swak dienslewering en korrupsie dra by tot 'n verlies aan legitimiteit. Booysen (2015:184) beskou ook die “opwaarts-mobiele” swart middelklas, 'n byproduk van die ANC se transformasionele agenda, as 'n bedreiging vir die ANC, aangesien hierdie kiesers nie gedwonge voel om vir die ANC te stem nie. Kwessies soos die stadige tempo van ekonomiese transformasie en hoë lewenskostes dra meer gewig as die ideologiese boodskap van bevryding en het dus 'n direkte impak op die trajek wat kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie volg.

5.1 Prosedurele hervormings ná 1994

Ná die bevrydingsverkiesing van 1994 is grootskaalse konstitusionele hervormings geïmplementeer, tydens die aanvaarding van die grondwet in 1996 wat die Handves van Menseregte insluit, en die instelling van 'n reeks wetlike institusies (die “Hoofstuk 9”-institusies) om

demokratiese strukture te vestig wat burgers se regte en vryhede beskerm (Graham 2015:111). Nuwe wette is geïmplementeer wat werkers beskerm, gelyke beregtiging is bevorder, en sosiale programme is geloods wat hierdie grondwetlike beginsels in die demokratiese strukture vestig (Husy 1999). Prosedureel is uitgebreide hervormings geïmplementeer wat Suid-Afrika se politieke landskap getransformeer het in 'n konstitusionele demokrasie en die raamwerk geskep het vir die doeltreffende bestuur van staats- en demokratiese institusies soos die onafhanklike verkiesingskommissie (OVK), die polisie, 'n onafhanklike regstelsel en 'n hervormde staatsdiens. Investering in infrastrukturele projekte soos behuising en skole vind plaas, anti-korrupsiestrukture word daargestel en die doeltreffende bestuur van provinsiale en plaaslike rade sowel as die staatsdiens word ooreenkomstig die beginsel van "Batho Pele"⁸ geïmplementeer.

5.2 Die impak van stemapatie onder jonger kiesers op verkiesingsuitslae

Wêreldwyd, en veral in ontwikkelende state, bestaan die tendens dat jonger kiesers apaties raak teenoor politieke prosedures,⁹ wat 'n afname in stemregistrasie onder jonger burgers tot gevolg het. In die Suid-Afrikaanse konteks assosieer jonger kiesers, veral die "vrygeborenes" (ná 1994 gebore) minder met die bevrydingsideologie van die ANC (Potgieter & Lutz 2014:10,19,25). Jonger kiesers toon 'n groter voorkeur vir die bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos opleiding en werksgeleenthede as dryfkrag tot politieke besluitneming, teenoor die toenemende irrelevante strydpolitiek van 20 jaar gelede. In die 2019-verkiesing het 9,8 miljoen stemgeregtigdes nie geregistreer om te stem nie. Ongeveer 6 miljoen van hulle was jonger as 30 jaar. Jonger kiesers wend hulle eerder tot toenemende protesaksie as alternatiewe politieke deelname oor 'n breë spektrum van griewe, van grondhervorming en dienslewering, tot die lamlê van die onderwyssektor met die "Fees must Fall"-veldtog in 2015/2016 en die vernietiging van 24 skole in Limpopo in 2016.

5.3 Die ANC se ontwikkelingsagenda sedert 2004

Om te bepaal tot watter mate die ANC-regering ondoeltreffend was in die implementering van hul verkiesingsbeloftes en beleidsverklarings moet die belangrikste ontwikkelingsdoelwitte van die regering in oënskou geneem, en teen ontwikkelingsuitkomstige in die substantiewe dimensie gemeet word. Substantief fokus doelwitte en pligte op die beskerming van burgers se regte en vryhede, uitbouing van die ekonomie, en die verbetering van gemeenskappe se welsyn, soos in Tabel 1 uiteengesit word. Substantiewe hervorming behels die doeltreffende bestuur van prosedurele strukture om die ontwikkelingsagenda te dryf. Die bekamping van korrupsie en die bevordering van deursigtigheid en aanspreeklikheid onder regeringsamptenare word vooropgestel (sien Tabel 1). Die toepassing van die beginsels van vryheid en gelykheid soos in die grondwet uiteengesit, word in die substantiewe dimensie van die demokrasie getoets.

⁸ Ook bekend as die "Batho Pele"-Witskrif, wat beteken "die mense eerste", is die doelwit van hierdie beleidsdokument om standarde te stel vir die lewer van voortreflike kliëntediens aan die gebruikers van regeringsbronne. Die Witskrif dien, volgens Naidoo (2005:95) as basis van die oorgangsregering se doelwitte om die wanbalanse en ongelykhede in dienslewering te herstel.

⁹ Afrobarometer-studies (2014/2015) in ontwikkelende state (Afrika) toon dat jonger kiesers (18-35 jaar) laag meet in terme van politieke doeltreffendheid (Potgieter & Lutz 2014:16) a.g.v. die werkloosheidskrisis in Afrika.

TABEL 1: Ontwikkelingsdoelwitte in die substantiewe dimensie soos opeenvolgend in ANC-manifeste uiteengesit

SUBSTANTIEWE DIMENSIE	ANC VERKIESINGSBELOFTES soos per 2005 MANIFES
Beskerming van regte en vryhede van alle burgers	<i>“Guided by the Reconstruction and Development Programme (RDP), our vision is to build a society that is truly united, non-racial, non-sexist and democratic. Fully integrate the institution of traditional leadership into democratic governance and development”.</i>
Uitbouing van die ekonomie en die bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos armoedeverligting en die persoonlike welsyn van burgers	<i>“Reduce poverty by half through economic development, comprehensive social security, land reform and improved household and community assets. Next 5 years: spend over R15 billion to facilitate broad-based Black Economic Empowerment. Our economic and social programmes will work together to ensure they support each other. The developmental state will play a central and strategic role in the economy.”</i>
Die uitbouing van ’n deelnemende politieke kultuur, nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)	<i>“Ensure involvement of communities in local economic development initiatives to provide work, build community infrastructure and ensure access to local opportunities. Intensify efforts aimed at building a spirit of community, good citizenship, social activism, moral regeneration and solidarity at the local level”.</i>
Bevordering van deursigtigheid en toerekenbaarheid in die uitvoering van regeringsfunksies	<i>“Improve interaction between government and the people through accountable public representatives, one-stop government centres, izimbizo and the use of electronic government services”.</i>
Bekamping van korrupsie en wanadministrasie op alle vlakke van regering	<i>“Ensure efficient functioning of all anti-corruption structures and systems including whistle-blowing, blacklisting of corrupt companies, implementation of laws to ensure exposure of, and action against, private sector corruption, and quicker processes to deal with any corrupt civil servants and public officials”.</i>

Bron: ANC (2004); Kotze (2015a:16-19)

Mseleku (2016) is van mening dat die fokus vir die ANC op magstryd en nie dienslewering is nie en dat die ANC sy ontwikkelingsagenda oorbeklemtoon, terwyl daar nie die politieke wil is om in die belang van kiesers nie, maar eerder in die belang van die president en regerende elite op te tree. Fikeni (in Pillay 2014) wys daarop dat kiesers die ANC se vlak van toewyding en eerlikheid bevraagteken en maak die stelling dat die ANC in terme van die uitvoering van verkiesingsbeloftes tekort skiet: “the ANC are lacking at the track record of implementation”. Volgens Pillay (2014) het die ANC as gevolg van onvervulde beloftes nie daarin geslaag om gedurende die nasionale verkiesing van 2014 vertroue by kiesers te bou nie.

5.3.1 Die beskerming van die regte en vryhede van burgers

Waarskynlik die sterkste wapen om die regte van burgers in ’n demokratiese staat te beskerm, is die grondwet. Die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat veronderstel is om veelparty-kompetisie

te bevorder, word volgens Mattes (2002:23) egter oorskadu deur eenparty-dominansie en beperkte toerekenbaarheid van regeringsamptenare.

5.3.2 *Uitbouing van die ekonomie: Armoedeverligting en die uitwissing van sosio-ekonomiese ongelykhede*

Die ANC se welsynsbeleid het tot 'n groot mate daarin geslaag om die vlakke van bestaande armoede te verlaag en teen 2014 word welsynstoelae aan 12,5 miljoen mense uitbetaal (Statistics SA, 2014:35). Die ANC maak dus aanspraak op sukses, maar die realiteit is dat die meeste swart burgers 25 jaar ná die instelling van demokrasie steeds nie ekonomies bemagtig is nie en grotendeels ontevrede is met die stadige pas van ekonomiese vooruitgang. Statistics SA (2014:51) bevind dat blanke huishoudings steeds vyf keer meer as swart huishoudings verdien. Teen 2018 word Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt as 0.95 gerapporteer – en Suid-Afrika as die mees ongelyke samelewing ter wêreld. Modise (in Thomas 2014:100) beklemtoon die tekort aan betekenisvolle transformasie en die duidelike gaping wat nog tussen ryk en arm hier te lande bestaan.

Terwyl die instelling van demokratiese institusies dus hervormings op prosedurele vlak meebring, is die bestuur en onderhoud van die meerderheid van hierdie instansies teen 2018 grootliks 'n mislukking. Volgens Terreblanche (1999) was die implementering van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) vanuit die staanspoor problematies en oorambisieus, aangesien regeringsdepartemente nie daarin kon slaag om aan die program se vereistes te voldoen nie. Fiskale en organisatoriese beperkings, en 'n tekort aan doeltreffende openbare dienslewingskapasiteit, het die totale onvermoë van die nuwe regering om die nodige staatskapasiteit te bou, bevestig. Gedurende 1996 word die HOP “vervang” met die Growth, Employment and Redistribution program (GEAR), waarmee die regering, wat ekonomiese beleid betref, ideologies van koers verander het om liberale, fiskale en monetêre hervorming teweeg te bring. Volgens Gumede (2015:236) het GEAR egter meeste van sy doelwitte nie bereik nie en volgens meerdere kritici (o.a. COSATU) die pas van sosiale ontwikkeling vertraag. Gevolglik het 'n magdom probleme ontstaan, soos 'n toename in werkloosheid as gevolg van bevolkingsgroei en toenemende verstedeliking. Werkloosheid onder die jeug word 'n toenemende bekommernis (52,5%, die vyfde hoogste ter wêreld) met tweederdes tussen 18-29 jaar (News24, 2015).

Die NOP wat in 2011 bekendgestel is, slaag ook nie daarin om die beplande ontwikkelingsdoelwitte wat uiteengesit is te verwesenlik nie. Die NOP spesifiseer as een van sy ontwikkelingsdoelwitte dat die werkloosheidsyfer teen 2020 op 14% moet staan (Peyper 2017). Tans staan werkloosheid op 29% in die 2de kwartaal van 2019 (Trading Economics 2019) – die jongste syfers soos vrygestel deur Statistiek SA – en die situasie is in die parlement deur president Ramaphosa as 'n krisis beskryf (Strydom 2014). In onderwys bly kwaliteit en uitkomst 'n probleem en daar is geen kontinuïteit in die voorsiening van basiese dienste nie. Die beheer van protesaksie is 'n daaglikse gebeurtenis; misdaad en korrupsie ruk handuit en sosiale kohesie in gemeenskappe is swak. Die eerste kwartaal van 2017 se BBP-data toon dat die ekonomie in 'n tegniese resessie is en 2019-data bevestig dat die BNP in die eerste kwartaal van 2019 met 3,2% afgeneem het, die grootste kwartaallike afname in 10 jaar (Mathe 2019).

Die breë basis swart ekonomiese bemagtiging (BB-SEB) het die totstandkoming van 'n klein, maar polities-verbonde swart elite beteken, wat hoofsaaklik voordeel getrek het uit polities-onderhandelde en staatsgefinansierde oordrag van korporatiewe eienaarskap (Habib 2013:7).

5.3.3 *Die uitbouing van 'n deelnemende politieke kultuur*

McEwan (2003:480) beklemtoon dit dat die prosesse van demokratiese transformasie nog besig is om in Suid-Afrika te ontvou en dat die land nog worstel met die ontwikkeling van nasionale eenheid, burgerskap, 'n ondersteunende politieke kultuur en sosiale kohesie onder die verskillende gemeenskappe. In Suid-Afrika is die bou van 'n nasionale identiteit gebaseer op die beginsel van “unity in diversity” (Kotze 2015b:248). Kotze bevind egter die huidige ondersteuning vir demokrasie is hoofsaaklik pragmaties van aard – Suid-Afrikaanse burgers verbind die waardes van demokrasie aan die verbetering in hul persoonlike omstandighede (Kotze 2015b:256). Vir baie Suid-Afrikaners beteken demokrasie dus die lewering van sosiale en ekonomiese goedere en welvaart, wat prioriteit neem oor die ideologiese beloftes van vryheid en gelykheid.

5.3.4 *Bevordering van deursigtigheid en toerekenbaarheid*

Ingevolge Artikel 195 van Wet 108 van 1996 word openbare verantwoordingspligtigheid of toerekenbaarheid (“accountability”) beklemtoon as een van die demokratiese beginsels wat deur die verkose regering nagestreef moet word (Pretorius 2006:121). Daar is dus verskeie wette aanvaar en instansies in die lewe geroep wat, volgens Pretorius, deursigtigheid en toerekenbaarheid onder politieke ampsdraers en openbare amptenare bevorder en bestuur. Dié Hoofstuk 9-institusies word beskerm deur wetgewing om onafhanklik en onpartydig op te tree en geen persoon of openbare institusies mag met hul werksaamhede inmeng nie. Die onderskeie howe, spesiale ondersoekenhede, parlementêre komitees, die media, en drukgroepe het ten doel om openbare amptenare tot verantwoording te roep (Pretorius 2006:212). Hierdie ondersoekenhede kan slegs doeltreffend optree indien hulle onafhanklik hul werksaamhede kan uitvoer, wat volgens Pretorius nie die geval is nie. Pretorius wys daarop dat interne ouditeenhede en kantore van die Ouditeur-generaal dikwels oor onvoldoende fondse beskik en 'n gebrek aan kapasiteit vir die tydige beskikbaarstelling van ouditverslae ervaar. Beslissings deur die Openbare Beskermer geneem word in 2019 deur die konstitusionele hof en die Noord-Gauteng hooggeregshof as nalatig en foutief gekritiseer, maar die Openbare Beskermer is steeds in die pos. Terwyl die Zondo-kommissie van ondersoek reeds in Augustus 2018 deur die regering geloods is om aantygings van staatskaping te ondersoek, is nog geen individue tot verantwoording geroep nie. Die Zondo-kommissie ondersoek korrupsie en wanadministrasie in onder meer ESKOM, Transnet, die SAUK, Denel, Nasionale Vervolgingseenhede en die Vrede-Suiwelplaasdebakel. Verskeie projekte waarby die Gupta-broers betrokke was, het ook reeds korrupsie en geldwassery deur individue, staats- en openbare maatskappye oopgevelek, en die verwagting is dat verskeie partye en individue wel ter boek gebring sal word.

In die laaste dekade is daar ook pogings deur die regering aangewend om die media te beperk deur middel van die Wet op Inligting.¹⁰ Ingevolge Artikel 16(1) van Wet 108 van 1996 beskik elke ingesetene oor die reg op vryheid van uitdrukking, insluitende die pers en ander media. Die Grondwet onderskryf ook die vryheid van die media (punt 16.1a). Suid-Afrika se media-omgewing word egter as “gedeeltelik vry” geklassifiseer terwyl die Internetomgewing as “vry” geklassifiseer word (FOTP 2017).

¹⁰ Op 12 November 2013 is die Wet op Inligting goedgekeur in die nasionale vergadering met 225 stemme teenoor 88. Die wet is hewig teengestaan deur verskeie burgerlike organisasies en politieke partye, hoofsaaklik omdat dit die publiek se toegang tot inligting sou beperk, sowel as die vermoë van joernaliste en fluitjieblasers om korrupsie bloot te lê (Du Toit & De Jager 2014:108).

5.3.5 *Bekamping van korrupsie en wanadministrasie*

Kotze en Du Toit (2005:328) kom dus tot die gevolgtrekking dat ’n afname in vertroue ’n negatiewe invloed op die konsolidering van die Suid-Afrikaanse demokrasie het. Hierdie verlies in vertroue word oorgedra in negatiewe gevoelens oor die demokratiese proses in geheel in wat Kotze (2015b:255) beskryf as demokratiese vermoeidheid (“democratic fatigue”) – die resultaat van te veel leë beloftes gemaak aan kiesers. Fikeni (in Pillay 2014) wys daarop dat kiesers die ANC se vlak van toewyding en eerlikheid bevraagteken, en maak die stelling dat die ANC in terme van die uitvoering van verkiesingsbeloftes tekort skiet: “the ANC are lacking at the track record of implementation”.

6. AANBEVELINGS OM DIE EROSIË VAN KIESERSVERTROUË IN DIE ANC EN DEMOKRATIESE PROSESSE TE BEKAMP EN ’N KULTUUR VAN VERTROUË TE BEVORDER

Dit is dus in die ANC se belang om die erosie van kiesersvertroue in die ANC en Suid-Afrikaanse demokrasie aan te spreek. Aanbevelings lê hoofsaaklik klem op kritieke aspekte soos etiese leierskap en aanspreeklikheid, die verandering in die denkwysse en praktyke rondom die uitkakeling van hegemonesse mag, die verbetering in die lewensomstandighede van agtergeblewe gemeenskappe deur doeltreffende implementering van ingrypende programme, die skep van ’n kultuur van vertroue en die herstel van die vertrouensverhouding tussen belangegroeppe in die demokrasie.

6.1 ’n Terugkeer na etiese en morele leierskap, toerekenbaarheid en respek vir die grondwet as basis vir suksesvolle demokratisering

Die oproep tot leiers om terug te keer na die oorspronklike beginsels van demokrasie word daagliks in die media bespreek. Volgens Mkosana (in Dames 2008) kan die beginsels van etiek nie verwyder word van die daaglikse lewe nie. Leiers, en veral etiese leierskap, funksioneer op grond van, en word versterk deur, die horisontale en vertikale interaksie wat plaasvind in gemeenskappe. Heydenrych (2016:130) beklemtoon dat leiers ’n beter begrip van die grondwet en sy betekenis as ’n transformasionele konsep moet vorm. Respek vir die grondwet moet herstel word. Politieke kommentator Malala (in Eloff 2014:215) waarsku teen politici wat die grondwet wil verander “instead of lifting themselves and the people up to meet the expectations of the constitution”. Die gees van die grondwet is net so belangrik soos die wetlike detail (Eloff 2014:216).

6.2 Die uitkakeling van hegemonesse mag: leiers se denkwysse moet verander en politieke leiers moet aanspreeklik gehou word

Die denkwysse van bevrydingsbewegings word beskou as een van die hoofredes waarom demokratisering in sub-Sahara Afrika-state grootliks misluk het. Ramphele (2012) verwoord hierdie argument soos volg: die onverdraagsaamheid vir verskille in opinie binne en buite die bevrydingsbeweging en die onwilligheid om politieke leiers wat die wet oortree en konstitusie minag aanspreeklik te hou, vorm die kern van die onversoenbaarheid tussen bevrydings- en demokratiese politiek. Du Plessis (in Kotze 2015:265) maak die stelling dat terwyl die ANC steeds dominansie in verkiesings behou, die hegemonie van die party gekonfronteer word –

“not in parliament, but on the pavements” – wat ’n fundamentele verskuiwing in die politieke kultuur teweeg kan bring. Alhoewel dominant in die kort termyn, is Du Toit en De Jager (2014:113) van mening dat die ANC tans die vertroue van kiesers verloor, en sien die afname in ondersteuning vir die ANC as ’n positiewe ontwikkeling wat daartoe kan bydra dat Suid-Afrika se politieke landskap meer kompetender raak. Groter toerekenbaarheid en meer doeltreffende beleidsimplementering word hierdeur gegeneer, tot voordeel van die gemeenskap, aangesien opposisiepartye ook meer inspraak lewer.

6.3 Transformasie van die openbare sektor en plaaslike regerings moet plaasvind – die beginsels van “Batho Pele” moet toegepas word

Terreblanche (1999) beskou die tekort aan staatskapasiteit as een van die grootste probleme wat die transformasionele regering moet oorkom. Volgens Terreblanche het die nuwe regering net aanvaar dat die nodige staatskapasiteit beskikbaar sou wees om hul ontwikkelingsagenda uit te voer en die ekonomie en breë gemeenskap te hervorm (Graham 2015:112). Die Grondwet bepaal dat die staatsburokrasie verteenwoordigend moet wees van die breë samelewing, met personeelbestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig. Hierdie reël is deur die ANC geïnterpreteer as die grondslag vir die sogenaamde kaderontplooiingsrasionaal. Du Toit en De Jager (2014:98) is van mening dat hierdie beleid van die ANC deurslaggewend was in die vestiging van ANC-dominansie in die openbare sektor. Volgens Naidoo (2005:76) moet die openbare sektor terugkeer na die beginsels van “Batho Pele” soos in die Witskrif vir die Lewering van Openbare Dienste van 1997 vasgestel is en met integriteit dienste aan gemeenskappe lewer. Toerekenbaarheid, deelname en deursigtigheid dien as sleutel tot die herstel van openbare vertroue in die burokrasie wat deur die doeltreffende aanwending van menslike en finansiële bronne op nasionale, plaaslike en provinsiale vlak aan burgers gelewer kan word (Naidoo 2005:76-77).

6.4 Fokus op sosio-ekonomiese ontwikkeling: Die NOP moet doeltreffend toegepas word om ontwikkelingsdoelwitte te bereik, veral wat werkskepping aanbetref

Oosthuizen (2016a) is van mening dat ekonomiese beleid nie net op een spesifieke ideologie gebaseer hoef te wees nie en beklemtoon dat ’n toekomstige ekonomiese beleid in Suid-Afrika interafhanklik moet wees van geleenthede en strukture binne die arbeidsmark en die ontwikkeling van vermoëns.

Suid-Afrika se neo-liberale ekonomiese beleid het toenemend die elite bevoordeel, ten koste van ’n ongeskoolde arbeidsmag. Gewone burgers was tot op hede op die staat aangewese vir armoedeverligting, eerder as die sakesektor. Die gevolg was dat ekonomiese groei plaasgevind het sonder die uitbreiding van die arbeidsmark. Die NOP sluit egter ontwikkelingsdoelwitte en -programme in, soos onderwys, gesondheid, behuising, sekuriteit en landelike ontwikkeling, wat op grondvlak die welsyn van burgers aanspreek. Doeltreffende implementering van hierdie programme, ook in die area van die bekamping van korrupsie, kan die lewenskwaliteit van agtergeblewe gemeenskappe aansienlik verbeter en ook ekonomiese vooruitgang bewerkstellig (Tamukamoyo *et al.* 2013). Eloff (2014:226) wys daarop dat Suid-Afrika se probleem nie die ontwikkeling van beleid is nie, maar die implementering daarvan. Ekonomiese groei en werkverskaffing is bo aan die lys. President Ramaphosa beskou werkloosheid onder die jeug as die enkele grootste sosio-ekonomiese probleem en is van

mening dat die jeug die kern moet uitmaak van ekonomiese ontwikkeling. Die jeug moet toegang hê tot werksgeleenthede, opleiding, ondervinding en entrepreneursgeleenthede (Strydom 2014).

6.5 'n Nuwe kultuur in die ANC-regering moet gevestig word: Deelname van alle belanghebbendes en klem op politieke en sosio-ekonomiese kohesie

Die konsolidering van die demokrasie hang ook af van die betrokkenheid en deelname van kiesers tydens en tussen verkiesings, sowel as die deelname van outonome burgerlike organisasies – die organe van direkte demokrasie (Suttner 2004:769). Volgens Suttner bestaan hierdie organisasies op 'n ongelyke vlak in die huidige demokrasie weens die ANC se onduidelike siening oor pluralisme, wat die gevoel onder lede skep dat die betrokkenheid in sosiale bewegings waargeneem kan word as dislojaal. Suttner (2004:769) beklemtoon dit dat die bestaan van selfbemaatigde organe van direkte en deelnemende demokrasie 'n manifestasie van pluralisme is, en burgers word gemobiliseer om deel te neem omdat hulle 'n aandeel in die politieke stelsel het. Veelparty-deelname (poliargie) word deur teoretici soos Held en Dahl as voorvereistes vir suksesvolle demokrasie beklemtoon. Die intervensionele rol van die staat behels ook die beskerming van individuele regte, die deelname van minderheidsgroepe aan politieke en ander assosiasies, wat bydra tot die uitbouing van 'n kultuur van vertroue. Hierdie eienskappe ontbreek grotendeels in Suid-Afrika – namate die ontevredenheid onder kiesers transformeer in xenofobiese aanvalle en gewelddadige onrusvoorvalle. Suid-Afrika se sosio-ekonomiese kultuur kort kohesie (die vermoë om op 'n gemeenskaplike basis saam te werk) en een van die belangrikste elemente van suksesvolle regering – politieke, ekonomiese en sosiale vertroue. In Suid-Afrika is die vertrouensverhouding tussen die verskillende rassegroepe en kulture swak, en die strukture wat sosiale kapitaal bou ondoeltreffend. Die dominante posisie van die ANC benadeel die vorming van sosiale bande onder die verskillende bevolkingsgroepe, wat ook op ekonomiese vlak 'n impak het, aangesien ekonomiese aktiwiteit die sosiale samewerking van individue en groepe vereis. Volgens Eloff (2014:223) is 'n nuwe kultuur in die ANC en regering nodig om suksesvolle demokratiese konsolidering te bereik. Lekalake wys daarop dat Suid-Afrikaanse burgers se aanvanklike positiewe opinie van demokrasie sedert 2011 tot so 'n mate afgeneem het dat Suid-Afrika tans onder die Afrika-gemiddeld vir “pro-demokratiese”-houdings geklassifiseer word (Lekalake 2016:2).

7. GEVOLGTREKKING

In hierdie artikel is gepoog om die omvang van die huidige regering se onvermoë in die uitvoering van beleid en die realisering van ontwikkelingsdoelwitte uit te wys, en die impak daarvan op kiesersvertroue en die konsolidering van die Suid-Afrikaanse demokrasie te beklemtoon. Kiesersvertroue word onlosmaaklik verbind aan die houdings, gedrag, waardes en belange van al die deelnemers in die demokrasie en die erosie daarvan en dus oorsaaklik beskou as deurslaggewend ten opsigte van die onsuksesvolle demokratiese konsolidering, veral in post-koloniale Afrika-state. In die geval van Suid-Afrika se transformasionele proses was die demokratiese ervaring vir die grootste deel van die bevolking nie een van vryheid, gelykheid en voorspoed soos deurgaans in die ANC-manifeste verkondig nie. Die feit dat die gaping tussen ryk en arm steeds een van die grootste uitdagings vir die ANC-regering bly, het hoofsaaklik gelei tot demokratiese vermoedheid wat beslis te bespeur is, veral onder kiesers in die ouderdomsgroep 18-29 jaar (Kotze 2015b:255). Die afname in stemgetalle, voorvalle

van onrus en veral ook die groeiende ondersteuning van meer populistiese partye soos die EFF, is die resultaat van kiesers se ontevredenheid met die manier waarop demokratiese prosesse bestuur word. Die boodskap van die meer populistiese partye vind aanklank by die arm en werklose gemeenskappe en kan beslis 'n deurslaggewende rol speel in toekomstige verkiesings en die verdere groei van opposisiepartye.

Die trajek wat demokratiese konsolidering in 'n transformasionele staat volg, is die gevolg van 'n evolusionêre proses waardeur demokratiese waardes en strukture oor 'n tydperk gevestig word. Die sosiale kontrak, wat die basis van die grondwetlike ooreenkoms tussen regering en burgers vorm, kan slegs suksesvol tot uitvoer gebring word deur die toepassing van die beginsels van voortrefflike regering en die uitvoering van verkiesingsbeloftes. Die kern van die regering se substantiewe verpligtinge teenoor kiesers word saamgevat as die beskerming van hul regte en vryhede, die betroubare voorsiening van basiese dienste, die verbetering van burgers se sosio-ekonomiese omstandighede en die uiteindelijke konsolidasie van die demokrasie. Die rol van die staat in die proses is om die gestelde ontwikkelingsdoelwitte op doeltreffende wyse tot uitvoer te bring. Die rol van kiesersvertroue in die demokrasie is dus om legitimiteit aan regeringsaksies te verleen deur toenemende deelname van kiesers aan demokratiese prosesse. Konsolidering van die demokrasie kan slegs binne 'n kultuur van vertroue plaasvind, waar 'n gebalanseerde vertrouensverhouding tussen alle belangegroepes op makro-, meso-, en toepassingsvlak van die demokrasie bestaan.

In die Suid-Afrikaanse demokrasie, 25 jaar in die nuwe dispensasie, ontbreek steeds die kapasiteit om werklike verdieping van die demokrasie en demokratiese konsolidasie teweeg te bring, sodat die ideale van vryheid en gelykheid op alle vlakke van die demokrasie gevestig kan word. Totdat die ANC-regering op substantiewe vlak werklike transformasie op 'n doeltreffende wyse deurvoer, word Suid-Afrika steeds beskou as 'n ontwikkelingstaat wat nog op pad is na demokratiese konsolidasie en waarvan die uitkoms nog nie 'n gegewe is nie.

BIBLIOGRAFIE

- Adebayo, W. 2017. *Governance and legitimacy crisis in Africa in the 21st century*. Witten: Herdecke University.
- Adegboye, A.A. 2013. Consolidating participatory democracy in Africa: The challenges and the way forward. *European Scientific Journal*, 9(2):241-251.
- Afrobarometer. 2014. Malawi Round 6 survey results. 2nd Release: August 20. http://afrobarometer.org/sites/default/files/media-briefing/malawi/mlw_r6_presentation2_econ_trust.pdf. [Datum van toegang: 7 Sept. 2017].
- ANC. 2004. (African National Congress). Election manifesto. <http://www.anc.org.za/documents/Manifestos/>. [Datum van toegang: 10 Mei 2016].
- Blind, P.K. 2006. Building trust in government in the 21st century: Review of literature and emerging issues. Paper presented at the 7th Global Forum on Reinventing Government. Vienna, Austria, p. 1-31.
- Booyens, S. 2014a. Election 2014 and the ANC's duet of dominance and decline. *Journal of African Elections*, 14(1):7-34.
- Booyens, S. 2015. *Dominance and decline: The ANC in the time of Zuma*. Johannesburg: Wits University Press.
- Canovan, M. 2008. The people. In Dryzek, J.S., Honig, B. & Phillips, A. eds. *The Oxford handbook of political theory*. Oxford: Oxford University Press, pp. 349-362.
- Clapham, C. 2012. From liberation movement to government: Part legacies and the challenge of transition in Africa. Discussion Paper 8. Johannesburg: The Brenthurst Foundation.
- Du Toit, P. & De Jager, N. 2014. South Africa's Dominant-Party System in Comparative Perspective. *Taiwan Journal of Democracy*, 10(2):93-113.

- Eek, D. & Rothstein, B. 2005. *Exploring a causal relationship between vertical and horizontal trust. QOG Working Paper Series*. Gothenburg: Gothenburg University.
- Eloff, T. 2017. *Turning Point – South Africa at a crossroads*. Cape Town: Tafelberg.
- ENCA 2019 election results. 11 May 2019. <https://www.enca.com/election-results-2019>. [Datum van toegang: 10 Nov 2019].
- Fakir, E., Holland, W. & Kotler, K. eds. 2014b. South Africa 2014 election updates: The final issues – private funding of political parties, youth participation and new political entrants. EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South Africa, Election updates. Issue 9.
- Fiezer, J. & Dowden, B. eds. 2017. Social contract theory. www.iep.utm.edu/soc-cont. [Datum van toegang: 25 Mei 2017].
- Fritz, V. & Menocal, R. 2007. Developmental states in the new millennium: Concepts and challenges for a new aid agenda. *Development Policy Review*, 25(5):531-552.
- FOTP. 2017. Freedom of the Press. South Africa's media now rated 'partly free' as it drops in freedom rankings. *Business Live*, 4 May. <https://www.businesslive.co.za/rdm/news/2017-05-04-south-africas-press-now-rated-partly-free-as-it-drops-in-freedom-rankings/>. [Datum van toegang: 5 Feb. 2018].
- Fukuyama, F. 1996. *Trust: The social virtues and the creation of prosperity*. New York, NY: Free Press Paperbacks.
- Graham, V. 2015. The birth of a constitutional state. In De Jager, N. ed. 2015. *South African politics: An introduction*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa, pp. 95-120.
- Gumede, V. 2014. Public policy making in South Africa. In Venter, A. & Landsberg, C. eds. *Government and politics in South Africa*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik, pp. 165-183.
- Gumede, V. 2015. Economic policy in post-apartheid South Africa. In De Jager, N. ed. *South African Politics: An introduction*. Cape Town: Oxford University Press, pp. 226-246.
- Habib, A. 2013. *South Africa's suspended revolution: Hopes and prospects*. Johannesburg: Wits University Press.
- Held, D. ed. 2006. *Models of democracy*. 3rd ed. Stanford: Stanford University Press.
- Heydenrych, P.W. 2016. Constitutionalism and coloniality: A case of colonialism continued or the best of both worlds? In Van Eeden, E.S. ed. 2016. *New Contree, A journal of historical and human sciences for Southern Africa*, 75: 116-134 (July). Pretoria: Bontshi Business Services.
- Heywood, A. 2013. *Politics*. 4th ed. London: Palgrave Macmillan.
- Husy, D. 2000. Growth, poverty and inequality. <http://www.socialwatch.org/node/10709>. [Datum van toegang: 20 Apr. 2016].
- Inglehart, R. 1999. Trust, wellbeing and democracy. In Warren, M E. ed. *Democracy and trust*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 88-120.
- IPSOS. 2016a. The country is going in the wrong direction. Flash Poll. Mar. 2016. <http://www.ipsos.co.za/SitePages/>. [Datum van toegang: 21 Apr. 2016].
- Keele, L. 2004. *Social capital, government performance, and the dynamics of trust in Government*. Oxford: Nuffield College and Oxford University.
- Kotze J.S. 2015a. Introduction: *The theory and practice of democratic development*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa, p. 2-20.
- Kotze, J.S. 2015b. Political culture in South Africa. In De Jager, N. ed. *South African politics: An introduction*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa, pp. 247-272.
- Lekalake, R. 2016. Support for democracy in South Africa declines amid rising discontent with implementation. *Afrobarometer: Dispatch No. 71*. The Institute for Justice and Reconciliation. Cape Town.
- Mathe, T. 2019. SA's GDP slumps to its lowest in a decade. *Mail & Guardian*, 4 June, 2019. <https://mg.co.za/article/2019-06-04-sas-gdp-slumps-to-its-lowest-in-a-decade/>.
- Mailovich, C. 2019. Business Day, 26 June. Only 18 municipalities got clean audits in 2017/2018. <https://www.businesslive.co.za/bd/national/2019-06-26-only-18-municipalities-got-clean-audits-in-20172018/>. [Datum van toegang: 15 Jan. 2020].
- Marais, H. 2015. *South Africa pushed to the limit: The political economy of change*. Claremont: UCT Press.
- Mattes, R. 2002. South Africa: Democracy without the people. *Journal of Democracy*, 13(1):22-36.

- Mattes, R. 2011. The 'Born free's': The prospects for generational change in Post Apartheid South Africa. *Afrobarometer Working Paper* No. 131.
- McEwan, C. 2003. Bringing government to the people: Women, local governance and community participation in South Africa. *Geoforum*, 34(4):469-481.
- Menocal, A.R., Fritz, V. & Raknerc, L. 2008. Hybrid regimes and the challenges of deepening and sustaining democracy in developing countries. *South African Journal of International Affairs*, 15(1):29-40.
- Menocal, A.R. 2007. Analysing the relationship between democracy and development: Defining basic concepts and assessing key linkages. Background note (1) prepared for the Wilton Park Conference on Democracy and Development, 23-25 October 2007.
- Meyer, F. & Van der Elst, H. 2014. The interventionist role of the state: Socio-economic and political development in democratic South Africa, 1994-2014. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, 5(7):74-84.
- Morlino, L. 2002. What is a "Good" Democracy? Theory and empirical analysis. Paper delivered at the conference on: the European Union, Nations State, and the quality of democracy. Lessons from Southern Europe. University of California. Berkeley University of Florence (Italy) & Institute for International Studies. Stanford University.
- Mseleku, Z. 2016. The ANC empty promise behind political vote. *News24*, 3 Aug. 2016. www.news24.com/mynews24/the-anc-empty-promise-behind-political-vote-20160803. [Datum van toegang: 23 Mei 2018].
- Naidoo, G. 2005. Leadership and governance for a sustainable public service. The case for selected South African public service organizations. Pretoria: University of Pretoria. (Thesis - partial fulfilment of the requirements for the degree PhD).
- Offe, C. 1999. How can we trust our fellow citizens? In Warren, M.E. ed. 1999. *Democracy and trust*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 42-87.
- Oosthuizen, M. 2016a. South Africa in 'cluster of crises': Nowhere to go except social unrest? *Fin 24*. *City Press*, 23 Nov. www.fin24.com/BizNews/south-africa-in-cluster-of-crises-nowhere-to-go-except-social-unrest-chilling-analysis-20161123. [Datum van toegang: 10 Jun. 2018].
- Oosthuizen, M. 2016b. Why South Africa can't deliver on the social contract set out in its constitution. <https://theconversation.com/why-south-africa-cant-deliver-on-the-social-contract-set-out-in-its-constitution-69119>. [Datum van toegang: 10 Jun. 2018].
- Patterson, O. 1999. Liberty against the democratic state: On the historical and contemporary sources of American distrust. In Warren, M.E. ed. 1999. *Democracy and trust*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 151-207.
- Pillay, V. 2014. ANC manifesto: Broken trust and Zuma a hindrance. *Mail & Guardian*, 13 January. <https://mg.co.za/article/2014-01-13-anc-manifesto-broken-trust-and-zuma-a-hindrance>. [Datum van toegang: 16 Aug. 2016].
- Potgieter, E. & Lutz, B.F. 2014. South African Youth: Politically apathetic? *EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa)*, South Africa, Election Updates, Issue 8. <https://www.eisa.org.za/eu/2014eu9editorial2.htm>. [Datum van toegang: 19 Mei 2016].
- Peyper, L. 2017. SA unemployment rate rises to 14-year high. *Daily Maverick*, 1 June. www.dailymaverick.co.za/article/2017-06-01-sa-unemployment-rate-rises-to-14-year-high/. [Datum van toegang: 18 Mei 2016].
- Pretorius, M.C. 2006. Theorie en praktyk van deursigtigheid in die openbare sektor. Vrystaat: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling – Magistergraad).
- Ramphele, M. 2012. Drop struggle politics. *The Sunday Times*. 30 Sept. <http://www.leader.co.za/article.aspx?s=23&23&f=1&a=4024>. [Datum van toegang: 15 Aug. 2016].
- Rose, R. & Shin, D. C. 2001. Demoratization backwards: The problem of Third Wave Democracies. *British Journal of Political Science*, 31(2):331-354.
- Russon, R.D. 2011. Ten years of democratic local government elections in South Africa: Is the Tide Turning? *Journal of African Elections*, 10(1):74-98.
- Schoeman, M. 2014. The political economy of South Africa in a global context. In Venter, A. & Landsberg, C. eds. 2014. *Government and politics in the new South Africa*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik, pp. 213-229.

- Schulz-Herzenberg C. 2014a. Voter participation in the South African elections of 2014. *ISS (Institute for Security Studies) Policy Brief* 61.
- Statistiek SA. 2014. *kyk* Statistics SA. 2014.
- Statistics SA. 2014. Poverty trends in SA. https://www.gov.za/sites/default/files/Poverty_Trends_03April2014.pdf. [Datum van toegang: 14 Apr. 2016].
- Strydom, N. 2014. *Maroela media*, 10 Junie 2014. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/ramaphosa-werkloosheid-onder-die-jeug-is-grootste-uitdaging/>. [Datum van toegang: 10 Jan 2020].
- Suttner, R. 2004. Democratic transition and consolidation in South Africa. The advice of experts. *Current Sociology*, 52(5):755-773.
- Tamukamoyo, H., Mtshali, M. & Mofana, R. 2013. Why the national development plan benefits South Africa's working class. *ISS (Institute for Security Studies)*. <http://www.polity.org.za/article/why-the-national-development-plan-benefits-south-africas-working-class-2013-05-21>. [Datum van toegang: 10 Mei 2018].
- Thomas, A. 2014. Media-reported corporate governance transgressions in broad-based black economic empowerment deals in the South African mining sector. *African Journal of Business Ethics*, 8(2):89-107.
- Trading Economics. <https://tradingeconomics.com/south-africa/unemployment-rate>. [Datum van toegang: 31 Oct. 2019].
- Uslaner, E.M. 1999. Democracy and social capital. In Warren, M.E. ed. 1999. *Democracy and trust*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 121-150.
- Venter, A. 2014. Administering national government. In Venter, A. & Landsberg, C. eds. 2014. *Government and politics in the new South Africa*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 80-99.
- Warren, M.E. ed. 1999. *Democracy and trust*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wang, S. 2002. *State Effectiveness and Democracy: Asia Cases*. CUHK (Chinese University of Hong Kong).

Die grondwetlike vereistes en prosesse om 'n president van die VSA uit sy amp te verwyder: Die geval van president Donald Trump tydens 'n politiek gelaaide atmosfeer

The constitutional requirements and processes to remove a president of the USA from office: The case of president Donald Trump in a politically charged atmosphere

RIAAAN EKSTEEN

Senior Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Johannesburg
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofspraak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973-76) en van Beplanning (1981-93). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, D.C. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur en hoof van die Missie by die VN in New York (1976-1981); Namibie (1990-1991); VN Geneve (1992-1995) en Turkye, insluitend Azerbaidjan, Kirgizstan; Uzbekistan en Turkmenistan. Hierdie laasgenoemde aanstelling is deur president Mandela gemaak. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens (SAUK) van 1983 tot 1988 en politieke ontleder op die Johannesburgse Aandeelbeurs (JSE) van 1988 tot 1990.

RIAAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973-1976) and Head of Planning (1981-1983). In addition, from 1968-1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, D.C.; subsequently, he was Ambassador and Head of Mission for 12 years at the U.N. New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992-1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kirgizstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995-1997). The latter ambassadorial assignment being endorsed by president Nelson Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation.

Datums:

Ontvang: 2020-03-05

Goedgekeur: 2020-07-29

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***The constitutional requirements and processes to remove a president of the USA from office: The case of president Donald Trump in a politically charged atmosphere***

Before news about the Covid-19 pandemic engulfed the world from February 2020, and the blanket media coverage of it in the USA in particular, one of the biggest news stories in the USA in recent times was the impeachment of president Trump. This event has prompted many to ask what it means and how it works. Impeachment is grave and momentous. This serious constitutional power is inherently a legal as well as a political process and has only been wielded by Congress on a few rare moments in US history. It is potentially a profoundly disruptive event and prudently consists of a two-step process that starts with the House of Representatives approving articles of impeachment (the formal accusations) against the president and their consequent referral to the Senate to conduct the trial and pronounce a ruling on the accusations.

Each of the Chambers of Congress is entrusted with a specific but distinct responsibility in respect of impeachment that is prescribed in Article I of the Constitution. The House “shall have the sole Power of Impeachment” and the Senate “shall have the sole Power to try all Impeachments”. “Impeachment” as the term is often used is thus not synonymous with both impeachment and removal from office. The House must first formulate and approve the indictment against the president; its power is not dependent on the Senate’s. The latter’s is “to try” the president on the approved charges. With the Chief Justice presiding the Senate must vote by a required two-thirds majority for indictment. Only then it has to decide how to deal with this violation of oath of office, which is not a criminal conviction in the traditional sense of law breaking. While resembling a court, it is, however, vital to understand that the Senate conducts a political trial, not a judicial trial. Once both these prescribed steps have been successfully completed can the Senate declare the president unfit to serve and remove him from office. It is the Senate that has the final say in any impeachment. The House plays no role in how the Senate must dispose of an impeached president.

There were several challenging points with the case for impeaching president Trump. After three years, during which Democrats publicly and very vociferously accused him of a host of criminal acts – from bribery and extortion to campaign finance violations, obstruction of justice, collusion with Russia, conspiracy and even treason – the two articles of impeachment eventually adopted allege none of those things. Instead two non-criminal allegations – abuse of power and obstruction of Congress – were formulated as charges. Both those seemed farcical to Republicans. Politically, the substance of the articles was a major retreat by Democrats. They thereby effectively admitted that the president did not commit any statutory crimes. It also meant that it would be the first presidential impeachment in history in which no statutory crimes were even alleged. In this alone, president Trump claimed vindication even before the Senate commenced with his trial.

Unfortunately, Democrats refused to involve the courts and wait for judicial review. House speaker Pelosi said that they could not be at the mercy of the courts! These kinds of statements seem to belie ulterior political motives ahead of a presidential election less than a year away. She exposed her political playbook when in early 2019 she had first announced that she saw no need for impeachment to proceed only to reverse her stand a few months later in September 2019 when she called on the House to proceed immediately with hearings to formulate articles of impeachment in order to have the entire process completed by the end of 2019. Urgency became the justification for expediting this traditionally weighty and lengthy process. However, once the articles had been passed by the House she held onto them for several weeks into

January 2020 before conveying them to the Senate for its process to start. So much for the urgency!

Republicans locked ranks in support of the president. In the House, every Republican member voted against impeachment. When out of 51 Republican Senators the Democrats could convince only one to support one of the charges the trial ended with the president's acquittal. Remarkably, president Trump has now become the first impeached president to run for re-election. He now touts the partisan vote in the House as illegitimate and his Senate acquittal as vindication. It bolsters his argument that the Democrats and the media never accepted his 2016 victory and have tried to overrule the verdict of voters ever since.

Democrats may well have failed to persuade the country: instead they have set a new, low standard for impeaching a president. The House articles, on face value, were defective in that they both failed to meet the constitutional threshold of "high crimes and misdemeanors". Eventually the intricate process of impeachment failed to deliver that which the Democrats wanted to achieve at all cost. With these high hurdles in place, no president has ever been removed from office by such means, and only three presidents have ever been impeached by the House – Andrew Johnson in 1869, Bill Clinton in 1995 and Donald Trump in 2019. In 1973 president Richard Nixon resigned before the House could vote on articles of impeachment.

What the USA has experienced in the case of president Trump is of a different order. The impeachment proceedings are supposed to be a sober constitutional matter – not a political circus. But a politically divided nation, the fractured media environment, the toxicity of social media and a president who feeds on chaos combined to create an atmosphere unlike anything that existed during previous impeachment proceedings. With not much more than a party line impeachment vote the Democratic Party seemed motivated by a partisan desire to weaken president Trump during the 2020 election cycle. Had Covid-19 not entered the political scene and is bound to occupy centre stage in the months leading up to the presidential election in November 2020, the issue of impeachment would have been a major campaign slogan for the Democrats.

KEY WORDS: Abuse of power; Articles of impeachment; Chief Justice; Congress; Democrats; House of Representatives; Impeachment; Intelligence Committee; Judiciary Committee; Obstruction of Congress; president Trump; Republicans; Senate; speaker Pelosi; Ukraine

TREFWOORDE: Amp; ampsaanklagtes; ampsverhoor; Demokrate; Hoofregter; Huis van Verteenwoordigers; Intelligensiekomitee; Kongres; magsmisbruik; Oekraïne; obstruksie van die Kongres; president Trump; Regskomitee; Republikeine; Senaat; speaker Pelosi

OPSOMMING

Om 'n president uit sy amp te verwyder, is 'n tweeledige proses wat sowel 'n politieke as 'n regs-komponent behels en agtereenvolgens in die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat suksesvol afgehandel moet word. Uit die aard van die saak is beide ernstig en gewigtig, maar die spesifieke bepalinge daarvoor in die grondwet word nie altyd reg verstaan nie.

In 1868 was president Andrew Johnson die eerste president teen wie die Huis wel ampsaanklagtes suksesvol geformuleer het, wat die Senaat nie goedgekeur het nie. Voordat die Huis oor ampsaanklagtes teen president Richard Nixon kon stem, het hy in 1973 bedank. In 1995 het die Senaat vir president Bill Clinton op twee ampsaanklagtes onskuldig bevind.

Die speaker van die Huis, Nancy Pelosi, gee op 24 September 2019 opdrag dat ampsaanklagtes teen president Trump ondersoek moet word met die doel om hom uit sy amp te verwyder. Eintlik was dit meer om 'n politieke proses aan die gang te kry sodat 'n politieke doelwit bereik kon word, eerder as om tot die verdediging van die grondwet te kom en die toepassing daarvan te verseker. Wat veronderstel was om 'n somber grondwetlike aangeleentheid te gewees het, het algaande in 'n politieke sirkus ontaard. Die Huis waar die Demokrate in die meerderheid was, het wel twee aanklagte teen hom geformuleer. In die Senaat kon die Demokrate met hul minderheid nie 18 Republikeine oortuig om saam te stem nie. Toe die vereiste tweederdemeerderheid vir 'n skuldigbevinding as gevolg daarvan faal, het die Demokrate die verrigtinge in die Senaat as 'n skynverhoor veroordeel. In die finale ontleding het dit vir die Demokrate daarvoor gegaan om president Trump persoonlik en polities af te kraak en te verketter met die oog op die presidentverkiezing in November 2020.

INLEIDING

Om 'n president uit sy amp te verwyder, is 'n tweeledige proses wat sowel 'n politieke as 'n regs-komponent behels en agtereenvolgens in die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat suksesvol afgehandel moet word. Die begrip “impeachment” behels die hele omvang van albei prosesse wat in beide Huise van die wetgewende gesag en nie net een daarvan nie suksesvol afgehandel moet word. Gevolglik, om verwarring te voorkom, word na wat in die HvV gevolg word om aanklagte teen die president te formuleer en te aanvaar ten einde die proses te begin om hom uit sy amp verwyder te kry, verwys as *ampsaanklagtes* en wat daarna in die Senaat volg as die *ampsverhoor*.

Uit die aard van die saak is die hele aangeleentheid ernstig en gewigtig. Artikel II van die grondwet beskryf nie net die uitvoerende gesag nie, maar dit stipuleer ook die proses wat gevolg moet word om 'n president uit sy amp te verwyder. Die bepaling se bedoeling hou verband met 'n skending van sy ampseed – nie 'n misdad in die normale sin van die woord om 'n wetsoortreding te begaan nie. Daar hoef dus nie bewys van 'n misdad te wees om 'n president uit sy amp te verwyder nie. Die grondwet bevat verder verskeie spesifieke bepalings met betrekking tot die onderskeie rolle van die HvV en die Senaat. Om ampsaanklagtes teen 'n president deur die HvV aanvaar te kry, is dus nie dieselfde as om hom uit sy amp te verwyder nie. Laasgenoemde gebeur slegs wanneer die Senaat die ampsaanklagtes wat die HvV geformuleer en aan die Senaat voorgelê het, met die voorgeskrewe meerderheid aanvaar. Wanneer albei die prosesse met betrekking tot president Donald Trump ontleed word, moet met Bowman saamgestem word wat van oordeel is dat die toepaslike grondwetlike bepalings nie altyd reg verstaan word nie.¹

GRONDWETLIKE BEPALINGS

Die Britse parlement het die proses reeds in 1376 begin toepas om 'n persoon uit sy amp te verwyder. Gebaseer op die Britse gemenerereg en met die ondervinding tydens die Konfederale era was die opstellers van die grondwet in Philadelphia in 1787 met die beginsel bekend. Hierdie onderwerp het hulle tyd en aandag deeglik in beslag geneem. Een van die drie vernaamste opstellers en vertolkers van die grondwet was Alexander Hamilton. Hy het 11 opstelle in *The Federalist Papers*² oor die magte van die president geskryf waarvan twee

¹ Bowman (2019).

² Hamilton; Madison; Jay (2014).

spesifiek oor hierdie artikels in die grondwet gehandel het. Sodoende word hy vandag nog beskou as 'n geldige en vername bron om aan te haal ter ondersteuning van standpunte wanneer daar oor die bedoelinge van die opstellers gedebatteer word.³ Hamilton verduidelik hierdie artikels die beste in *Federalist Paper* nr. 65 waarin hy ook 'n bepaalde waarskuwing rig:

... there will always be the greatest danger that the decision will be regulated more by the comparative strength of parties than by the real demonstrations of innocence or guilt.⁴

Verder voeg hy beslis heel toepaslik by, veral met die oog op afgelope prosesse teen president Trump: "The greatest danger of impeachment would be depriving a president of due process".⁵

Die twee bepalings wat die mees deurslaggewende is, is Artikel I, Seksies 2 en 3. Seksie 2 se klousule 5 bepaal dat die HvV "shall have the sole Power of Impeachment",⁶ met ander woorde om die klagstaat op te stel. Seksie 3 se klousule 6 bepaal dat die Senaat "shall have the sole Power to try all Impeachments",⁷ met ander woorde dat die Senaat die ampsaanklagtes moet aanvaar voordat 'n president uit sy amp verwyder kan word. Hierdie twee bepalings oor die magte van die twee onderskeie huise van die Kongres moet in tandem werk. Die HvV se mag is nie van die Senaat s'n afhanklik nie, en ook nie andersom nie. Die grondwet skryf twee afsonderlike optredes voor en elk van die onderskeie funksies word aan die twee verskillende dele van die wetgewende gesag oorgelaat. Afgesien van hierdie twee bepalings bevat Artikel I, Seksie 3, ook nog hierdie vier belangrike bepalings met betrekking tot die Senaat se betrokkenheid wat in klousules 6 en 7 voorkom:⁸

- When sitting for that Purpose, they shall be on Oath or Affirmation.
- When the president of the United States is tried, the Chief Justice shall preside.
- And no Person shall be convicted without the Concurrence of two thirds of the Members present.
- Judgment in Cases of impeachment shall not extend further than to removal from Office.

Artikel II, Seksie 4, bepaal dat die president uit sy amp verwyder sal word "on Impeachment for, and Conviction of, Treason, Bribery, or other high Crimes and Misdemeanours".⁹

Wanneer ampsaanklagtes aanvaar word, word nie gepoog om kriminele veroordelings te verkry of te bewys nie, maar eerder om aanklagtes te ondersoek en te formuleer. Daar kan dus meer as een aanklag wees.

AMPSAANKLAGTES TEEN VORIGE PRESIDENTE

Die eerste poging om 'n president uit sy amp te verwyder, was in 1843 teen president John Tyler maar dit was 'n klaaglike mislukking. Die HvV het nie eens die ampsaanklagtes goedgekeur nie. In 1868 was president Andrew Johnson die eerste president teen wie die HvV wel ampsaanklagtes goedgekeur het. Elf daarvan is teen hom geformuleer en aanvaar, maar

³ Sy naam verskyn 35 keer in die verslag van 658 bladsye waarin die Huis se Regskomitee die twee ampsaanklagtes teen president Trump aan die HvV voorgeleë het.

⁴ The Federalist Papers, No. 65.

⁵ *Ibid.*

⁶ Mondschein (2017:81).

⁷ *Ibid.*

⁸ *Ibid.*

⁹ *Ibid.*, bl. 87.

die vernaamste was dat hy 'n bepaalde wet oortree het. Die Senaat het geen ampsaanklagte teen hom goedgekeur nie. Die gebeure rondom sy verhoor in die Senaat het belangrike politieke implikasies vir die magsbalans tussen die wetgewende en uitvoerende gesag ingehou. So is die beginsel gehandhaaf dat 'n president nie bloot uit sy amp onthef kon word net omdat lede van die Kongres met hom oor beleid, styl en die manier hoe hy die uitvoerende gesag administreer, verskil nie. Wanneer die volgende kommentaar (in 1977 geskryf) oor die ampsaanklagtes en kongressionele prosesse teen hom gelees word, klink dit soos *déjà vu* in president Trump se geval:

Johnson saw himself as the champion of the Constitution, and he was a stubborn man, but Congress was no less determined. ... The impeachment was one of the most disgraceful episodes in the history of the Federal Government. ... For had impeachment succeeded [it] would have established the principle that Congress may remove a president not for "high Crimes and Misdemeanors", as required by the Constitution, but for purely political reasons. [president Johnson's counsels] tore the allegations to shreds, and it was soon apparent to all that but the most prejudiced that there was no valid case.¹⁰

In 1973 het president Richard Nixon drie ampsaanklagtes in die gesig gestaar wat die Huis se Regskomitee aanvaar het, naamlik regsverdeling, magsmisbruik en minagting van die Kongres. Voordat die HvV egter oor die ampsaanklagtes kon stem, het hy bedank. Gevolglik het die HvV nooit ampsaanklagtes teen hom aanvaar nie en het die Senaat ook nie daarvoor vergader om hom te verhoor nie.

In 1995 het die Senaat vir president Bill Clinton op twee ampsaanklagtes verhoor wat die HvV aanvaar het omdat sy optrede bepalinge van die VSA se kriminele kode geskend het – obstruksie van 'n federale ondersoek en om meened voor 'n groot jurie te pleeg. Hy was dus nie van persoonlike indiskresies aangekla nie en het dit nooit werklik oor seks in die Withuis gegaan nie, maar eerder oor die oppergesag van die reg en of hy werklik meened gepleeg het. Die Senaat het nie die ampsaanklagtes teen hom goedgekeur nie.¹¹

AMPSAANKLAGTE TEEN PRESIDENT TRUMP

Die speaker van die HvV, Nancy Pelosi, het op 24 September 2019 opdrag gegee dat ampsaanklagtes teen president Trump ondersoek moet word met die doel om hom uit sy amp te verwyder. Met die Demokrate wat die meerderheidsparty in die HvV is, is sy en die voorsitters van die Huis se Intelligensie- en Regskomitees die voorstes in die koor van Demokrate om die president van allerlei wandade te beskuldig. Haar besluit is geneem met die oog daarop om die hele proses redelik spoedig af te handel. Die gronde vir haar optrede was die klag wat die steeds onbekende en geheime fluitjieblaser onder die aandag van die Demokrate gebring het oor president Trump se telefoonoproep met die president van die Oekraïne. Wat haar opdrag eintlik vermag het, was meer om 'n politieke proses aan die gang te kry, sodat 'n politieke doelwit bereik kon word as om tot die verdediging en toepassing van die grondwet te kom. Toe daar vroeër niks van die Mueller-verslag gekom het om president Trump met sameswering met Russiese inmenging in die presidensiële verkiesing van 2016 te verbind nie, moes die

¹⁰ Morrison; Commager; Leuchtenburg (1977:337 en 339-340).

¹¹ Turley handel breedvoerig met die geskiedenis van die aksies teen hierdie Presidente, die bedoelings om 'n President uit sy amp te verwyder en die gevallestudies wat met elkeen van die beskuldigings verband hou. Turley (2019:5-23).

Demokrate alternatiewe begin kry om die politieke vure teen die president te stook. Daar is dus 'n wêreldse verskil tussen ondersteuning van 'n ondersoek om ampsaanklagtes te formuleer en om daarna te stem dat die president uit sy amp verwyder moet word. Ten einde haar party se venynige anti-Trump-groep tevrede te stel, was sy bereid om met 'n politieke dobbelspel wat mettertyd groot risiko's vir haar en haar party sou inhou, te waag.

In die hele proses om die president uit sy amp verwyder te kry, kan die rol wat speaker Pelosi gespeel het en wat die gevolge van haar onderskeie optredes sou wees nie gering geskat word nie. Op 6 Maart 2019 het sy eers plegtig verklaar:

Impeachment is so divisive to the country that unless there's something so compelling and overwhelming and bipartisan, I don't think we should go down that path, because it divides the country. And he's just not worth it.¹²

Ses maande later kon sy nie wag om die HvV te versoek om met die proses te begin om die president uit sy amp verwyder te kry nie – verkieslik om hom voor die einde van Desember 2019 uit sy amp te kry. Toe die HvV wel die twee aanklagartikels in Desember 2019 aanvaar, het sy ses weke gesloer voordat sy die ampsaanklagtes aan die Senaat gestuur het. Toe die Senaat uiteindelik met die verhoor kon begin, maar nog voor 'n stemming oor die ampsaanklagtes plaasgevind het, het sy verklaar dat sy nie die senaatsbesluit sal aanvaar nie tensy getuies wel geroep word, soos die Demokrate in die Senaat begin eis het. Vir haar sou dit 'n geval wees waar die president nie vrygespreek kon word alvorens daar nie aan haar kollegas in die Senaat se eise oor nuwe getuies en ander dokumente voldoen is nie. Volgens haar kon daar nie sprake van 'n verhoor wees nie en sonder 'n verhoor kan daar nie sprake van vryspreking wees nie!¹³ Wat speaker Pelosi bewerkstellig het, is breedvoerig in die media bespreek.¹⁴

In hul angstigheid om die president op gronde van veelvoudige ampsaanklagtes uit sy amp verwyder te kry, het die Demokrate hom van allerlei federale misdade beskuldig sonder om die oortredings te artikeleer en met konkrete bewyse aan te dui welke misdade hy wel gepleeg het. Magsmisbruik is op sigself geen misdaad nie. Die beskuldigings dat president Trump nasionale

¹² Heim (2019) en DeBonis & Bade (2019).

¹³ Hieroor het 'n kommentator tereg die volgende opgemerk:

The Democratic rhetoric was, on one hand, an early attempt to salvage what promises to be a crushing political loss. After warning for months about the dangers of a partisan impeachment, Pelosi led the House down that path after allegations of grave misdeeds emerged from the Trump administration — only to find the GOP ever-willing to stand by Trump in the face of damaging revelations.

Schumer, Pelosi and other Democrats are launching an appeal that they hope will have staying power. In the short term, that means impressing on voters that they ought to treat Trump's certain claims of vindication with deep skepticism. In the longer term, they are banking that history will remember unkindly those who stood with Trump. The fact is [the Senate] inherited a fatally flawed case, a fatally flawed process from the House. DeBonis (2020).

¹⁴ Impeachment achieved nothing but more bitter political division. ... In the bitter end, what has all of this accomplished? The House has defined impeachment down to a standard that will now make more impeachments likely. "Abuse of power" and "corrupt motives" are justifications that partisans in both parties can use.

Mr. Trump remains in office, but he will now claim vindication and use it as a rallying cry for re-election against what he will call an attempted insider coup. The partisan furies have intensified, and this election year will be even more bitterly fought. Mr. Trump's political standing has even improved during the impeachment struggle, as voters concluded early on that his behavior was wrong and unwise but not impeachable. Editorial (2020).

veiligheid gekompromitteer en die VSA se belange geïgnoreer en geskaad het, is beide argumente wat eerder in 'n verkiesing gemaak behoort te word. Slegte en swak beleid is nie 'n misdaad nie. Des te meer is dit nie 'n verskoning om 'n verkiesing vooruit te probeer loop waarin die Demokrate skynbaar vrees dat hulle aansienlike steun kan verloor nie.

Klagtes teen president Trump oor sy bestuurstyl en hantering van binnelandse en buitelandse aangeleenthede was voor die aksies in die HvV en die twee betrokke komitees reeds wyd uiteenlopend en het mettertyd in felheid toegeneem. Oor die algemeen is die ernstige bewerings wat teen hom ingebring is, beskryf as ongekend in die geskiedenis van die VSA.¹⁵ So het Kamarck dan die volgende stelling gemaak om die openbare gevoel teen die president te verwoord toe sy beskryf het hoe die optrede teen hom van dié teen president Nixon verskil:

The president himself is directly involved in all four of the likely articles of impeachment: obstruction of justice, violation of federal election law (a possible constitutional abuse of power), obstruction of Congress, and violation of the emoluments clause.¹⁶

Selfs 'n groep van 17 spesiale aanklaers wat by die amspaanklagtes teen Nixon betrokke was se menings was dat die openbare rekord *prima facie* bewyse bevat wat daarop dui dat president Trump dade gepleeg het wat sy verwydering uit sy amp regverdig.¹⁷ In 'n hoofartikel het die *Christianity Today* gepleit dat die president uit sy amp verwyder moet word omdat hy

... attempted to use his political power to coerce a foreign leader to harass and discredit one of the president's political opponents. That is not only a violation of the Constitution; more importantly, it is profoundly immoral.¹⁸

So het die meningpeilings mettertyd al hoe meer begin aandui dat ondersteuning vir kongressionele optrede teen die president besig was om toe te neem namate die Oekraïne-saga ontvou het. Teen die tyd wat die HvV oor die amspaanklagtes gestem het, was die bevolking reeds skerp verdeeld oor die vraag of die president uit sy amp verwyder moes word.¹⁹

BESPREKING IN DIE INTELLIGENSIEKOMITEE EN DIE KOMITEE SE VERSLAG

Die HvV het op 31 Oktober 2019 gestem dat prosedures vir openbare verhore opgestel word. speaker Pelosi het hierna die Intelligensie- en die Regskomitee aangewys om elk afsonderlik betrokke te raak by die ondersoek na die aanklagte en daarna hul verslae aan die HvV te stuur.²⁰ Die grondwet ken geen rol vir die speaker of komiteevoorsitters in hierdie proses toe nie. Sy het hierdie voorsitters van die twee betrokke komitees ook later aangewys om eers die HvV se amspaanklagte aan die Senaat voor te dra en daarna die bespreking daarvan met die Senatore namens die Demokrate te lei.

Hierdie Komitee se verslag waarin al die bevindings vervat is, is na twee weke se aanhoor van 'n reeks getuies aan die Huis se Regskomitee gestuur sodat amspaanklagtes teen die president geformuleer kon word. Die voorsitter, Adam Schiff, wat 'n hewige teenstander van president Trump is, was oortuig daarvan dat hy en sy komitee oor onweerlegbare getuienis

¹⁵ Haltiwanger (2019).

¹⁶ Kamarck (2019).

¹⁷ 17 former Watergate special prosecutors (2019).

¹⁸ Galli (2019).

¹⁹ Bycoffe; Koeze; Rakich (2019).

²⁰ In die geval van president Clinton was net die Regskomitee betrokke.

beskik het om te bewys dat die president sy mag misbruik het. Met die aanvang van die verhoor het Schiff verklaar dat die president skuldig mag wees aan omkoperij wat in Artikel II van die grondwet uitdruklik as 'n misdadig genoem word. Openbare getuigenis van 12 huidige en voormalige regeringbeamptes is aangehoor. Hulle het bewyse gelewer dat die president politieke gunste in ruil vir amptelike optrede deur Oekraïne geëis het. Soos wat die getuies klagtes teen die president opgestapel het, het die openbare reaksie toegeneem. Die Republikeinse reaksie was dat die ondersoek onwettig, onregmatig en gevaarlik was. Voor en tydens die sittings van sy komitee het Schiff hom aansienlike kritiek op die hals gehaal oor sommige van sy twyfelagtige optredes, aanvegbare uitlatings en partydige besluite.²¹

Die Komitee het hoogstens voorleggings van beroepsburokrate aangehoor. Daarin het hulle hul ontevredenheid oor die president se beleidsveranderings uitgespreek. Meeste van die getuies was ook persoonlik teen die president gekant en het eintlik geen geheim daarvan gemaak nie. Hul vertoning was 'n klassieke geval van beroepselite wat almal glo dat hulle meer en beter as die president weet. Dit was geheel en al irrelevant. Hul taak was om te adviseer en daarna die besluite van die uitvoerende gesag te implementeer selfs al sou die besluite teen hul eie sienings en advies indruis. Indien hulle dit om een of ander rede nie wou of kon doen nie moes hulle eerder bedank het. Uiteindelik het die Komitee sy verslag gebaseer op dit wat hierdie relatiewe klein groepie amptenare met eintlik tweedehandse kennis van besonderhede te vertel gehad het. In die Komitee se verslag van 300 bladsye wat aan die Regskomitee gestuur is, word bepaalde gevolgtrekkings in die uitvoerende opsomming gemaak.²²

Die verslag sluit met die stelling af dat president Trump nasionale veiligheid gekompromitteer het ter bevordering van sy eie persoonlike en partypolitieke belange. Die kern hiervan is die bewering dat president Trump 'n telefoonoproep en daaropvolgende ontmoeting met president Zelensky van Oekraïne tesame met terughouding van militêre bystand in die aangesig van Russiese aggressie gebruik het om daardie president te kry om ondersoek te onderneem met betrekking tot die aktiwiteite van voormalige Vise-president Joe Biden en sy seun, Hunter, in Oekraïne. Dit is vertolk en aangegryp dat president Trump wou sien dat sy moontlike politieke teenstander in die presidensiële verkiesing van 2020 ondersoek moes word, wat tot nadeel van Joe Biden sou wees. So was daar ook nog die ongegronde teorie dat Oekraïne met die presidensiële verkiesing van 2016 ingemeng het. Meeste van die getuies het hulle op hoorsê verlaat en het die Demokrate die standaard verlaag om 'n president uit sy amp verwyder te kry. Saam met die skrapse getuigenis was die oorvloed van negatiewe gevoelens teenoor president Trump deurentyd sterk by die Demokrate op die Komitee sowel as by die getuies aanwesig. Saam voorspel dit niks goeds vir toekomstige presidente waar die land soms skerp en by tye bitterlik verdeel is nie. Die grootste fout wat die komiteevoorsitter gemaak het,

²¹ So het 'n voormalige speaker, Newt Gingrich wat 'n Republikein is, hom oor Schiff en Nadler, voorsitter van die HvV se Regskomitee, uitgelaat:

Schiff was just as inflammatory when he called Trump a “despot” and the type of tyrant the Founders feared, while Nadler called Trump a “dictator.” Liberals can certainly criticize the president for some of his policies that they may disagree with, but claiming he is a despot and a dictator is so over the top, so far from reality, that it helped destroy whatever credibility the House managers may have had at the start of the impeachment process. Their wild exaggerations made it pretty clear this was a partisan, politically driven impeachment. Gingrich (2020).

²² In response, president Trump engaged in an unprecedented campaign of obstruction of this impeachment inquiry. Nevertheless, due in large measure to patriotic and courageous public servants who provided the Committees with direct evidence of the President's actions, the Committees uncovered significant misconduct on the part of the President of the United States. Report of the House Permanent Select Committee on Intelligence (2019:12).

was om twee weke te verspeel waartydens getuies gedagvaar kon word en verseker kon word dat hulle wel voor die Komitee sou verskyn. Hy het botweg geweier om in hofsake betrokke te raak met die argument dat die hofsake te lank sou sloer en dat daar nie gewag kon word om die president uit sy amp verwyder te kry nie.

In hul ondersoek het die Intelligensiekomitee dagvaardings uitgereik wat die teenwoordigheid van sekere amptenare, naamlik die president se Stafhoof, in die Withuis verlang het, sowel as die beskikbaarstelling van tersaaklike dokumente. Toe president Trump weier om sy amptenare toe te laat om te getuig en ook nie dokumentasie beskikbaar wou stel nie is hy van obstruksie van die Kongres²³ aangekla. Die Komitee se argument daarop was dat die president die grondwetlike grenslyn oorgesteek het om self te besluit hoe hy met die ondersoek sou saamwerk.

Die Komitee was van mening dat hierdie ongehoorde veldtog van obstruksie van die Kongres 'n ernstige bedreiging vir die VSA se demokrasie inhou. Die skade aan die stelsel van wigte en teenwigte sal langdurig en potensieel onherroeplik wees indien die president se vermoë om die Kongres teen te staan en te kortwiek onbeantwoord bly. Vir die Demokrate het die president homself voor landsbelang geplaas en die ondersoekproses misbruik in die najaag van 'n politieke vendetta.

Hierdie ampsaanklagte wat in wese die weerstand teen kongressionele dagvaardings is, is geformuleer omdat die president hom tot die howe gewend het om die magte van die uitvoerende gesag te beskerm. Baie presidente het presies dieselfde in die verlede gedoen. Die aanklag gaan derhalwe sover om te verklaar dat president Trump hom tot die howe gewend het sonder wettige beweegredes of verskoning, maar die Demokrate het nie eens die howe geleentheid gegee om te kon oordeel wat 'n wettige beweegrede is nie.²⁴

Teen hierdie agtergrond en wat ook in die tweede ampsaanklag opgeneem is, is dit belangrik om op die beginsel van uitvoerende privilegie te fokus. presidente het al dikwels in die verlede hulself tot die howe gewend om konflik met die Kongres te besleg oor versoeke dat senior lede van die Withuis-personeel voor 'n Kongreskomitee moet getuig, terwyl hul gesprekke met presidente deur die toepassing van die beginsel van uitvoerende privilegie beskerm word. presidente George Bush, Bill Clinton en Barack Obama het almal sodanige getuienis voor die Kongres op daardie beginsel teengestaan. presidente is geregtig om regs Hersiening te ontvang ten opsigte van konflikte tussen die wetgewer en die uitvoerende gesag. Hierdie Hersiening is deel van die grondwetlike bestel om howe toe te laat om te bepaal watter gesag sy magte oorskry. Hierdie beginsel beskerm nie net persone se getuienis nie, maar word ook op presidensiële dokumentasie van toepassing gemaak. So het president George Washington hom reeds in 1795 op hierdie beginsel beroep toe hy geweier het om dokumente in verband met die Jay-verdrag aan die Kongres te oorhandig: "Washington refused, setting an important precedent on executive privilege".²⁵

Nadat die Senaat president Trump reeds vrygespreek het, is 'n belangrike hofuitspraak gelewer wat verband hou met uitvoerende privilegie. Voordat speaker Pelosi die HvV versoek het om die proses te begin om die president uit sy amp verwyder te kry, het die Huis se Regskomitee een van president Trump se voormalige Withuisraadgewers, Don McGahn, op 22 April 2019 gedagvaar om getuienis te lewer en sekere Withuisdokumente beskikbaar te stel. McGahn het geweier en na sy bedanking het sy opvolger die Komitee ingelig dat die president vir McGahn opdrag gegee het om nie voor die Komitee te verskyn nie. Die Withuis

²³ Hierdie obstruksie moet nie met dwarsboming van die gereg verwar word nie.

²⁴ Sien ook voetnote 27-33 *infra*.

²⁵ Herring (2008:80).

se standpunt was op die opinie van die Departement van Justisie se regsadviseur gegrond dat Withuispersoneel, soos McGahn, absoluut immuun is teen gedwonge kongressionele getuienis ten opsigte van aangeleenthede wat gedurende dienstermyne in die Withuis gebeur het.²⁶ Op 28 Februarie 2020 het die Federale Appèlhof in Washington D.C., wat as die belangrikste hof in die VSA naas die Hooggeregshof geag word, die saak teen Don McGahn verwerp.²⁷ Een van die argumente wat die hof in dié uitspraak maak, is:

Judicial entanglement in the branches' political affairs would not end here. If the Committee can enforce this subpoena in the courts, chambers of Congress (and their duly authorized committees) can enforce *any* subpoena.²⁸

Die Hof het verder uitgewys dat byna alle vorige presidente dieselfde standpunt ingeneem het en die argument gesteun op 'n regsopinie van die departement van Justisie.²⁹ Gevolglik het die Hof beslis:

We conclude that separation-of-powers principles and historical practice compel us to dismiss for lack of jurisdiction the Committee's suit to enforce a congressional subpoena against the Executive Branch.³⁰

Hierdie is nie net 'n groot oorwinning vir die Withuis nie, maar 'n verwoestende verlies vir die gesag van die Kongres in alle toekomstige konflikte met die Withuis oor die onderwerp van geprivilegeerde getuies en dokumente.

This decision marks one of the greatest losses in the history of the House of Representatives. If it stands, it will threaten the ability of all committees to enforce oversight authority, and the House, having hit rock bottom, has no alternative but to appeal. Whatever the outcome will be in the litigation going forward, the lower chamber should certainly take a second to contemplate the recent past. Congress was wrong in rushing to impeach the president over these evidentiary disputes, and its second article was both premature and presumptuous in claiming obstruction.³¹

Turley wys heeltemal korrek daarop dat die uitspraak is

... a huge victory for the White House in barring such testimony, and also a devastating loss to the authority of Congress in any such future conflicts.³²

Die Regskomitee het na die uitspraak hierdie hof versoek dat die saak herverhoor word en die keer deur al 11 regters op daardie regbank. Hierdie groep regters beslis op 7 Augustus 2020 dat die Regskomitee *locus standi* het om die dagvaardiging af te dwing, maar verwys die vraag of die komitee wel 'n rede vir hierdie aksie sou hê terug na die oorspronklike paneel van drie regters. Hierdie paneel beslis op sy beurt op 31 Augustus 2020 dat die Regskomitee geen sodanige rede gehad het nie omdat nóg die grondwet nóg enige statuut die HvV of enige van sy komitees magtiging daarvoor verleen.³³ 'n Verdere appèl word nie uitgesluit nie

²⁶ Office of Legal Counsel (2019).

²⁷ Committee on the Judiciary of the United States House of Representatives v. Donald F. McGahn. U.S. Court of Appeals for the District of Columbia Circuit (2020).

²⁸ *Ibid.*, bl. 11. (Kursief in oorspronklike teks).

²⁹ *Ibid.*, bl. 17. (Office of Legal Counsel (1982)).

³⁰ *Ibid.*, bl. 19.

³¹ Turley (2020 d).

³² *Ibid.*

³³ Neidig (2020) en Setzer (2020).

BESPREKING IN DIE REGSKOMITEE EN DIE KOMITEE SE VERSLAG

Twee van die drie professors in regsgeleerdheid wat die Demokrate gekry het om sienings en interpretasies oor grondwetlike aspekte met die lede te deel, het hulself te buite gegaan. Een van hulle, Noah Feldman,³⁴ het reeds in Januarie 2017, toe Donald Trump nog nie eens as president ingehuldig is nie, gevra dat die president uit sy amp verwyder moes word! Hy het dus reeds toe al sy besluit geneem dat die president verdien om verwyder te word al het die president nog nie eens kans gehad om 'n wandaad te pleeg nie. In sy getuienis het hy sy tirade teen die president voortgesit. Hy was so neerbuigend asof hy vir studente in sy lesingklas voorskryf. 'n Waansinnige stelling wat hy gemaak het, was dat die twiets wat president Trump in 2017 op Twitter uitgestuur het wel gronde is waarop hy uit sy amp verwyder kon word. Vir baie waarnemers het hierdie stelling die oppervlakkigheid van sy denke weerspieël en dat hy homself herhaaldelik met sy eie retoriek beïndruk het. Die ander getuie, Michael Gerhardt,³⁵ het die president se handelinge met die Oekraïne ontleed en hulle beskryf as slegter as die wandaad van enige vorige president! Weereens 'n subjektiewe aanslag van die eerste water. Die derde een, Pamela Karlan,³⁶ het nie nagelaat om aanvegbare stellings teen die president kwyt te raak nie. In haar relaas het sy ook die jong seun van die president ongevraagd by 'n argument ingesleep. Vir haar was dit om die president ongesonde te laat net so goed as om aan alle toekomstige presidente 'n vrypas te gee en hulle daarmee aan te moedig om verkiesings te ondermyn en nasionale veiligheid vir persoonlike gewin aan te wend. Die drie het min of geen objektiwiteit of neutraliteit getoon nie. Hulle het bloot op hul beskouings wat hulle vooraf verkondig het, voortgebou en hul eie persoonlike agendas vooropgestel. Hulle het onmiskenbaar die indruk gelaat dat hulle getuienis saamgeflans was: hulle het selfvoldaan voorgekom, was hiperpartydig en deurgaans onoortuigend en onindrukwekkend.

John Turley³⁷ wat die Republikeine versoek het om sy professorale sienings te lewer, het sy argumente teen die ampsaanklagtes op twee kardinale punte gebaseer. Eerstens dat 'n misdaad gepleeg moes wees. Tweedens dat oorhaastigheid nie bevorderlik is om ampsaanklagtes behoorlik te formuleer en af te handel nie.

He implored Democrats to slow their rush toward impeachment. ... Opposing impeachment, Mr. Turley warned Democrats not to jump the gun, saying they were moving forward “on the basis of conjecture”.³⁸

Die verslag wat die Komitee saamgestel het, naamlik “Constitutional Grounds for Presidential Impeachment” beslaan 52 bladsye en in die slotgedeelte word hierdie stelling gemaak:

Impeachment is the House’s last and most extraordinary resort when faced with a president who threatens our constitutional system. ... In the end, it is the House – *speaking for the nation as a whole* – that must decide whether the president’s conduct rises to the level of “high Crimes and Misdemeanors” warranting impeachment.³⁹

³⁴ Feldman (2019).

³⁵ Gerhardt (2019).

³⁶ Karlan (2019).

³⁷ Turley (2019).

³⁸ Murdock (2019).

³⁹ Report of the Majority Staff of the House Committee on the Judiciary (2019:52). (Kursief bygevoeg).

Op grond van hierdie verslag het die Komitee die resoluëie op 13 Desember 2019 aanvaar wat die ampsaanklagtes teen die president uiteensit en na goedkeuring deur die volle HvV aan die Senaat voorgelê sou word. Die twee ampsaanklagtes waardeur beoog is om die president uit sy amp verwyder te kry, het gewentel om magsmisbruik en obstruksie van die Kongres.⁴⁰ Die resoluëie bevat onder andere hierdie paragraaf:

Wherefore, president Trump, by such conduct, has demonstrated that he will remain a threat to the Constitution if allowed to remain in office, and has acted in a manner grossly incompatible with self-governance and the rule of law. president Trump thus warrants impeachment and trial, removal from office, and disqualification to hold and enjoy any office of honor, trust, or profit under the United States.⁴¹

Albei die ampsaanklagtes was van 'n nie-kriminele aard. Geen misdaad is beweer en geen onderliggende misdaad was teenwoordig nie.⁴² Ray wys daarop dat sonder 'n misdaad kan 'n president nie uit sy amp verwyder word nie.⁴³ Trouens, geen president is al ooit so verwyder bloot op grond van 'n ampsaanklag van nie-kriminele magsmisbruik en wat geen skending van die reg hoegenaamd beweer of definieer nie. Hierdie ampsaanklagtes was so wyd van aard dat dit eintlik enigiets kon insluit. Dit was juis die rede waarom ampsaanklagtes teen vorige presidente spesifieke wetsoortredings ingesluit het. Die verdere basiese beswaar teen die twee aanklagartikels was dat hulle so vaag is. Hulle was swak en het feitlik geen substansie bevat nie. Dit bring gevolglik mee dat magsmisbruik nie 'n werkbare standaard is om 'n president uit sy amp te verwyder nie. Dit skep nie net 'n regsprobleem nie, maar beslis ook 'n politieke probleem.

Die klag van magsmisbruik wat teen president Trump ingebring is, het hoofsaaklik om die bewering dat hy die nasionale veiligheid van die VSA in gevaar gestel het, gewentel. Feitlik al sy voorgangers kon op een of ander wyse daarvan beskuldig word dat hulle mag in hierdie opsig misbruik het. Voorbeelde hiervan is volop en word die presedent aanvaar dat sodanige magsmisbruik nou die norm word om 'n president uit sy amp te verwyder, word 'n resep geskep wat die land uitmekaar sal skeur en die partydige stryd in Washington D.C. net sal vererger.

Die tweede ampsaanklag wat oor obstruksie van die Kongres gehandel het, was geheel en al flou. Vir die Demokrate om van die president op grond daarvan ontslae te raak, het daarop neergekom om hom die reg te ontnem om vertroulike gesprekke met sy adviseurs te voer en daardie reg te verdedig. Om verder te beweer dat sy optredes ampsaanklagtes regverdig omdat hy korrupte motiewe sou gehad het, soos wat die Regskomitee se verslag dan ook gekonstateer het, sou nooit as 'n aanvaarbare rede kon dien om hom uit sy amp te verwyder nie. Sou dit wel geslaag het, sou die deure vir uitnodigings vir sodanige optrede in die toekoms teen alle

⁴⁰ Dit is noodsaaklik dat duidelik verstaan word dat die Kongres uit twee Huise bestaan, soos wat Artikel I, Seksie 1, van die grondwet bepaal, naamlik die HvV en die Senaat. Derhalwe kan geredeneer word dat die verwysing in die tweede aanklag na die "Kongres" eintlik regstegnies nie korrek is nie omdat die obstruksie waarna die opstellers van hierdie klagte verwys, slaan op gebeure in en rondom die HvV en nie die Senaat nie. Geen saak is uitgemaak dat die President vir obstruksie van die Senaat verantwoordelik was wat deur sy Republikeinse Party beheer word nie.

⁴¹ Resolution (2019:8-9).

⁴² McCarthy (2019 a en b).

⁴³ Ray (2019).

presidente oop wees. Hierdie aanklag het verband gehou met die gebeure gedurende die ondersoek na die eerste aanklag van magismisbruik.

Die uitnodiging wat die voorsitter van die Regskomitee van die HvV, Jerrold Nadler, aan die president gerig het dat hy en sy regsadviseurs aan die verrigtinge kon deelneem, is deur een van daardie adviseurs, Pat Cipollone, van die hand gewys.⁴⁴ Dit is dan ook nodeloos om te noem dat die Withuis geensins deelgeneem het nie. Voorsitter Nadler se gevolgtrekking in die Komitee se verslag was die volgende:

Never before in the history of the republic ... has the president engaged in a course of conduct that included all of the acts that most concerned the Framers. ... The facts before us are clear: president Trump did not merely seek to benefit from foreign interference in our elections, he directly and specifically invited foreign interference in our elections. ... He was willing to compromise our security and his office for personal political gain.⁴⁵

Geeneen van die twee ampsaanklagtes het aan die vereistes wat die grondwet stel om 'n ampsverwydering van 'n president suksesvol te laat slaag voldoen nie. Nie een daarvan word eens in die grondwet genoem nie.⁴⁶ Albei is oop vir enige interpretasie wat deur partydiges aangegryp kan word, veral deur 'n meerderheid in die HvV teen feitlik enige president van die opponerende party. Beide is presies wat die opstellers van die grondwet wou vermy.

BESPREKING IN EN BESLUIT VAN DIE HUIS VAN VERTEENWOORDIGERS

Teen die tyd wat die HvV met sy verrigtinge begin het, was dit reeds duidelik dat die uitslag van die aksie teen president Trump vooraf bestem was. Toe het die Demokrate al baie van hul invloed, integriteit en gesonde verstand ingeboet.⁴⁷ President Trump het ook nie gewag om sy skerp bewoorde brief aan speaker Pelosi met die aanvang van die verrigtinge te stuur nie. Hy het snydende opmerkings oor die ampsaanklagtes gemaak en in een besondere paragraaf so teen haar te velde getrek:

Perhaps most insulting of all is your false display of solemnity. You apparently have so little respect for the American People that you expect them to believe that you are approaching this impeachment somberly, reservedly, and reluctantly. No intelligent person believes what you are saying. Since the moment I won the election, the Democrat Party has been possessed by Impeachment Fever. There is no reticence. This is not a somber affair. You are making a mockery of impeachment and you are scarcely concealing your hatred of me, of the Republican Party, and tens of millions of patriotic Americans.⁴⁸

Net soos in 'n kriminele hofsak waar die groot jurie inligting versamel om te kan bepaal of die persoon aangekla moet word, word die HvV en sy komitees in so 'n ondersoek betrek.

⁴⁴ Cipollone wat die verrigtinge as ongegrond en partydig beskryf het, het in sy brief van 1 Desember 2019 onder andere die volgende beklemtoon:

It is too late to cure the profound procedural deficiencies that have tainted this entire inquiry. Nevertheless, if you are serious about conducting a fair process going forward, and in order to protect the rights and privileges of the President, we may consider participating in future Judiciary Committee proceedings if you afford the Administration the ability to do so meaningfully.

Letter of Counsel (2019).

⁴⁵ Report of the Majority Staff of the House Committee on the Judiciary (2019).

Dershowitz (2019).

⁴⁶ Turley (2020 b).

⁴⁷ Letter of president Trump (2019).

Hierdie is 'n geval sonder 'n duidelike kriminele daad wat die eerste geval in die geskiedenis van die VSA is. In al drie vorige ondersoeke was die aard van die beweerde kriminele daad van presidente Johnson, Nixon en Clinton duidelik en is dit vasgestel.

Die twee foute wat speaker Pelosi gemaak het, was om eerstens nie die howe te nader sodat getuies gedwing kon word om voor die twee Komitees te getuig nie; tweedens, om byna 'n maand te wag nadat die HvV die ampsaanklagtes goedgekeur het voordat sy die aanklag-artikels na die Senaat vir bespreking en stemming gestuur het. Daarmee het sy self 'n klug van haar eie vorige standpunt gemaak dat dit 'n ernstige aanklag is wat dringende aandag verg en spoedige afhandeling noodsaak. Later het Freeman heel tereg die vraag gestel: “Did Pelosi and Schumer Learn Anything from Impeachment?”⁴⁹

As die stemmery in die HvV 'n uitgemaakte saak was wat die Demokrate met hul meerderheidstem kon verseker, het dieselfde in die Senaat gevolg waar die Republikeine in beheer was.

BESPREKING IN EN BESLUIT VAN DIE SENAAT

Speaker Pelosi het die twee ampsaanklagtes wat die HvV in Desember 2019 goedgekeur het vir 'n hele aantal weke teruggehou voordat sy dit in Januarie 2020 eers aan die Senaat gestuur het, ten spyte van die Demokrate se angstigheid dat die proses teen die president gou afgehandel moes word. Hulle wou die proses in die HvV ten alle koste so spoedig moontlik afhandel: “Securing an impeachment in the shortest time does not earn you a historic prize; it earns you a historic failure”.⁵⁰

Van die begin was die set waarmee speaker Pelosi besig was om die ampsaanklagtes eers terug te hou so ongeloofwaardig soos wat dit skynheilig was. Die terughouding blyk nou agterna meer om haar beeld as 'n meesterstrateeg gestand te doen ten spyte van 'n eersterangse mistasting.⁵¹ Wat uiteindelik die gevolg was, was dat waar die proses om 'n president uit sy amp te verwyder 'n dramatiese en uitsonderlike gebeurtenis is, dit heeltemal momentum verloor het.⁵²

Nou was daar van die Senaat verwag om nuwe getuies en dokumente aan te hoor waarvoor die HvV nie tyd gehad het nie. Hoe langer sy gewag het om die artikels aan te stuur, hoe meer het die Demokrate hul argument van regverdigheid verloor. Toe speaker Pelosi dit wel doen, was sy so voorbarig om aan die leierskap van die Senaat voor te skryf watter getuies die Senaat moes roep en dit was dan ook getuies wat die HvV geweier het om aan te hoor. Die leier van die Republikeins beheerde Senaat het haar voorskrifte net afgelag. Die Senaat het ook daarna 'n mosie verwerp dat nuwe getuies en addisionele dokumente voorgelê moes word. Selfs toe die HvV oorhaastig oor die ampsaanklagtes gestem het, was dit reeds duidelik dat daar meer relevante getuies was waarop die lede grondwetlik aanspraak kon maak om aan te hoor.⁵³ Dit het duidelik geword dat oorhaastigheid sy tol uiteindelik gaan eis.

Terwyl die grondwet aan die Senaat alleen mag gee om alle ampsaanklagtes te verhoor, swyg dit oor die meganismes waarvolgens die verhoor moet plaasvind, behalwe om te bepaal dat die hoofregter as voorsittende beampte sal optree en dat tweederdes van aanwesige senatore positief oor die ampsaanklagtes moet stem om die president uit sy amp te verwyder. 'n Gewone meerderheidstem geld vir alle ander besluite en anders as in 'n kriminele hofverhoor is daar

⁴⁹ Freeman 2020.

⁵⁰ Turley (2020a).

⁵¹ Turley (2020b).

⁵² Noonan (2020).

⁵³ Marcus (2019).

geen vereiste dat die president van 'n misdaad aangekla word nie. Sou die Senaat besluit dat die president wel van sy amp onthef word, is daardie straf polities van aard. Omdat die Senaat ook die enigste gesag is om so 'n verhoor waar te neem, is daar geen ander instelling waarna geappelleer kan word nie.⁵⁴

Volgens 'n bepaalde senaatsreël moet 'n Senator wat 'n vraag wil stel dit skriftelik doen waarna die Hoofregter dit voorlees vir die betrokke regsman om daarop te antwoord. Netsoos sy voorganger, hoofregter William Rehnquist, tydens die verhoor van president Clinton, het hoofregter Roberts ook nie meer as 'n seremoniële teenwoordigheid gehandhaaf nie en baie min oor substansie besluit. Hy het self opgemerk dat hy sou poog om sy karig gedefinieerde verantwoordelikhede uit te voer. Hoofregter Rehnquist het egter aan Senatore 'n belangrike aspek uitgewys wat nou ook van toepassing was: "The Senate is not simply a jury. It is the court in this case. Therefore, counsel should refrain from referring to the senators as jurors".⁵⁵

Die Senaat het die ampsaanklagtes teen president Trump uitsluitlik beoordeel op grond van die rekord wat die HvV saamgestel het en so het die Demokrate hul eie graf gegrawe. Die Republikeins beheerde Senaat het met hul meerderheid van 51 gemaklik beheer oor elke aspek van die verrigtinge behou.⁵⁶ Teen die tyd dat hoofregter Roberts die senatore ingesweer het en al 100 senatore met hul plegtige eed onderneem het om onpartydig te wees, het meeste van hulle reeds besluit of die president skuldig was of nie. In so 'n polities gelaaide omgewing is onpartydigheid subjektief en volg die senatore hul eie weergawe van hul eed. Nie eens die Hoofregter kan senatore straf wanneer hulle nie onpartydig optree nie. Senatore sien alles deur 'n politieke bril, insluitende hul eed van onpartydigheid.⁵⁷

Die Huis het die twee swakste ampsaanklagtes moontlik aan die Senaat voorgelê en die Republikeinse senatore het die oorhoofse aanklagproses om verskeie redes onaanvaarbaar gevind:

- Dit was gans te partydig en onregverdig.
- Daar is geoordeel dat die HvV, as 'n instelling, gefaal het.
- Die ampsaanklagtes was 'n veroordeling wat 'n misdaad gesoek het.
- Die grondwet verwys na hoogverraad, omkoperij en ander hoë misdade en misdrywe wat duidelik 'n kriminele standaard daarstel.
- Omdat geen misdaad gespesifiseer is nie, kon daar nie aan die grondwetlike vereiste om president Trump uit sy amp te verwyder, voldoen word nie.
- Die besluit om 'n president so te verwyder, is sekerlik die gewigtigste besluit wat geneem kan word. Dit moet die laaste uitweg wees om 'n president uit sy amp te verwyder wanneer hy 'n misdaad begaan het wat so ernstig is dat die HvV en die Senaat saam moet optree eerder as om die keuse aan die kiesers in 'n verkiesing oor te laat.

In die Senaat is die president se argumente deur sewe persone aangebied. Dieselfde getal het die ampsaanklagtes teen hom gestel. Sy span het die twee ampsaanklagtes as niksbeduidend en gevaarlik beskryf wat spoedig deur die Senaat verwerp moes word.⁵⁸ In hul geskrewe voorlegging van 110 bladsye met 60 bladsye se aanhangsels het hulle onder andere die volgende benadruk:

⁵⁴ Kruzel (2020).

⁵⁵ Liptak (2020).

⁵⁶ SCOTUSBlog (2020).

⁵⁷ Phillips (2020 a).

⁵⁸ Bender (2020).

The only threat to the Constitution that House Democrats have brought to light is their own degradation of the impeachment process and trampling of the separation of powers. Their fixation on damaging the president has trivialized the momentous act of impeachment, debased the standards of impeachable conduct, and perverted the power of impeachment by turning it into a partisan, election year political tool.⁵⁹

In hul beskouing van hierdie memorandum wys Kim en Demirjain ook op hierdie stellings wat hulle beïndruk:

Accepting that unprecedented approach [from Democrats] would fundamentally damage the separation of powers by making the House itself the sole judge of its authority. ... It would permit Congress to threaten every president with impeachment merely for protecting the prerogatives of the Presidency.⁶⁰

Die HvV se regsgroep het die twee ampsoanklagtes teen die president in 'n memorandum van 107 bladsye uiteengesit en bestaan uit twee dele.⁶¹ Daarin is al die ampsoanklagtes wat tydens die sittings van die HvV self en sy twee komitees plaasgevind het, herhaal en saamgevat. Die oormatige klem wat op buitelandse beleid geplaas is, het van deursigtigheid gespreek en eintlik was dit 'n poging om die president in 'n slegte lig te stel en om vir die HvV dalk meer invloed te kon bekom deur sy mag ingeperk te kry.⁶²

Die twee ampsoanklagtes en bykomende beskuldigings wat teen die president gemaak is, word so in hierdie memorandum verwoord:

- President Trump has demonstrated his continued willingness to corrupt free and fair elections, betray our national security, and subvert the constitutional separation of powers – all for personal gain. President Trump's ongoing pattern of misconduct demonstrates that he is an immediate threat to the Nation and the rule of law. It is imperative that the Senate convict and remove him from office now, and permanently bar him from holding federal office.⁶³
- President Trump's unrepentant embrace of foreign election interference illustrates the threat posed by his continued occupancy of the Office of the president. ... The aim of president Trump's Ukraine scheme was to corrupt the integrity of the 2020 election by enlisting a foreign power to give him an unfair advantage – in short, to cheat. That threat persists today.⁶⁴
- President Trump's obstruction of the House's impeachment inquiry intended to hold him accountable for his misconduct presents a serious danger to our constitutional checks and balances.⁶⁵
- President Trump's current obstruction of Congress is, therefore, not the first time he has committed misconduct concerning a federal investigation into election interference and then sought to hide it.⁶⁶

⁵⁹ Trial Memorandum of president Donald J. Trump (2020), bl. 12.

⁶⁰ Kim; Demirjain (2020).

⁶¹ Trial Memorandum of the House of Representatives (2020).

⁶² Binder; Goldgeier; Saunders (2020).

⁶³ Trial Memorandum of the House of Representatives (2002:41)

⁶⁴ *Ibid.*, bl. 43.

⁶⁵ *Ibid.*, bl. 44.

⁶⁶ *Ibid.*, bl. 45.

- The Senate should convict and remove president Trump to avoid serious and long-term damage to our democratic values and the Nation's security.⁶⁷
- President Trump has betrayed the American people and the ideals on which the Nation was founded. Unless he is removed from office, he will continue to endanger our national security, jeopardize the integrity of our elections, and undermine our core constitutional principles.⁶⁸

Een van die president se spanlede, Alan Dershowitz, wat ook tydens die verhoor van president Clinton sy standpunte oor grondwetlike aspekte en vereistes om 'n president uit sy amp te verwyder, gestel het, het insiggewende argumente geopper:

In exercising that power the Senate must consider three issues: The first is whether the evidence presented by the House managers establishes by the appropriate standard of proof, proof beyond a reasonable doubt, that the factual allegations occurred. The second is whether if these factual allegations occurred, did they rise to the level of abuse of power and/or obstruction of Congress? Finally, the Senate must determine whether abuse of power and obstruction of Congress are constitutionally authorized criteria for impeachment.⁶⁹

Sy uiteensetting van hoe feitlik elke president dwarsdeur die VSA se geskiedenis al van magsmisbruik beskuldig was, is hoogs interessante leesstof.⁷⁰ Sy slotsom hieroor is:

Presidents often have mixed motives that include partisan personal benefits along with the national interest.⁷¹

Oor die argumente wat die Demokrate in hul voordragte aan die Senaat voorgelê het, was sy gevolgtrekking:

In the three days of argument, the House managers tossed around words, even vaguer and more open-ended than abuse and obstruction to justify their case for removal. These included trust, truth, honesty, and finally, right. These aspirational words of virtue are really important, but they demonstrate the failure of the managers to distinguish the alleged political sins from constitutionally impeachable offenses.⁷²

Hy het sy betoog met hierdie woorde afgesluit:

As Madison put it, "if men were angels, no government would be necessary".⁷³

Nog 'n lid van die president se regspan wat ook by die Clinton-saga betrokke was, Ken Starr, het hierdie waarneming gemaak oor wat dit beteken om 'n president uit sy amp te verwyder:

Like war, impeachment is hell – or at least presidential impeachment is hell. Those of us who lived through the Clinton impeachment, including members of his body, well understand a presidential impeachment is tantamount to domestic war, albeit thankfully protected by our beloved First Amendment, a war of words and a war of ideas. But it's

⁶⁷ *Ibid.*

⁶⁸ *Ibid.*, bl. 46.

⁶⁹ Dershowitz (2020:3/31).

⁷⁰ *Ibid.*, bl. 18/31.

⁷¹ *Ibid.*, bl. 19/31.

⁷² *Ibid.*, bl. 25/31.

⁷³ *Ibid.*

filled with acrimony and it divides the country like nothing else. Those of us who lived through the Clinton impeachment understand that in a deep and personal way.⁷⁴

'n Hele drama het in die Senaat gewoed oor die Demokrate se aandrang dat John Bolton, wat tydens die gebeure rondom die Oekraïne die president se nasionale veiligheidsraadgewer was en toe pas in 'n boek opsienbare nuwe getuienis oor die gebeure sou publiseer,⁷⁵ as getuie geroep moes word. Die Demokrate wou van hom 'n stergetuie maak. Niks het egter daarvan gekom nie. Die huigelary van die Demokrate is ook hiermee ten toon gestel. Hulle wou Bolton ten alle koste laat getuig. Hierdie eis van hulle het egter nie ingereken dat visepresident Biden en sy seun, Hunter, as getuies oor hulle twyfelagtige optredes in Oekraïne geroep sou kon word nie.

Die Republikeinse senatore het met een uitsondering die president bankvas gesteun.⁷⁶ Die Demokrate wetende dat die stemme in die Senaat nie daar was om die ampsaanklagtes teen die president goedgekeur te kry nie, het dus nie na die doel van goedkeuring gewerk nie, maar eerder vanaf 'n mislukte doel teruggewerk om alles so onguur as moontlik te maak. Turley het na die senaatsitting 'n samevatting hieroor gelewer.⁷⁷ Ander kommentare oor die gebeure in die Senaat was volop. Hierdie opmerking van Hewitt was sprekend:

There are no “lessons” here other than the abuse of power by members of a partisan majority in the House to raise profiles and profits for themselves. This chapter leaves a constitutional scar. This behavior is not what impeachment was intended for. President Trump’s phone call did not include any offense, much less any impeachable one.⁷⁸

Von Spakovsky het hierdie gepaste opsomming gemaak:

Historians almost universally condemn the Johnson impeachment as “rash, reckless, and unwarranted” as Schweikart and Allen explain. As Paul Johnson says, no “constructive purpose was served by this vendetta, and the only political consequence was the discrediting of those who conducted it.” Now that the process is over, at least for now, it

⁷⁴ Hains (2020).

⁷⁵ Sy boek is wel in Junie 2020 gepubliseer. Vir 'n aantal dae het dele daaruit prominensie in die media geniet, maar die aandag was steeds meer op die Covid-19-pandemie gevestig.

⁷⁶ Phillips (2020b).

⁷⁷ I warned the panel that it was rushing to a failed impeachment by insisting on a vote by Christmas. This was the shortest impeachment investigation in American history, as well as the narrowest grounds and thinnest record for trial.

Indeed, in the impeachment case of president Nixon, it took only a couple of months to go all the way to the Supreme Court for a final decision.

Absent such a delay, the impeachment of Trump was guaranteed to fail, due to an incomplete and insufficient record.

As these blunders by the House became more and more obvious, the effort to excuse them became more and more absurd.

By waiting only a few months, the record certainly would have been strengthened. Instead, House Democrats surrendered control of the record to the opposing party and adopted a ridiculous strategy of demanding concessions to get an impeachment that Senate Republicans loathed. That strategy failed miserably.

We will never know how this impeachment trial would have unfolded if the House had waited to secure additional testimony and court orders.

Instead, the House submission of an incomplete record and its failure to subpoena witnesses like Bolton made it easy for the Senate to refuse to do what the House did not attempt. Turley (2020c).

⁷⁸ Hewitt (2020).

is hard to come to any conclusion other than that this impeachment, which Democrats started talking about doing as soon as Trump was inaugurated, was the result of personal and political “vendettas” against the president. Given that some polls show that Trump is now more popular with the public than at any time during his presidency, Democrats may also end up suffering the “political consequences” of their abuse of the impeachment process and the “discrediting of those who conducted it.”⁷⁹

Die Senaat se stemming dien as getuigskrif van Washington D.C. se buitengewone partydige verdeling en die president se houvas op sy Republikeinse magsbasis. Die kwytskelding hou beslis diepliggende en langtermynramifikasies in vir instellings in die VSA en die magsbalans tussen die uitvoerende en wetgewende staatsorgane.

GEVOLGE

Die ongrondwetlike pogings van die Demokratiese party se meerderheid in die HvV om president Trump uit sy amp te verwyder op gronde wat nie in die grondwet vervat of voorsien word nie sal sekerlik aansienlike skade aan die oppergesag van die reg aanrig. Om ’n president op dié wyse te verwyder, is nog altyd as ’n binnelandse aangeleentheid beskou. Nou is president Trump se hantering van ’n buitelandse beleidsaspek die spil gemaak waarom die ampsaanklagtes gedraai het. Hiervan getuig ook die brief wat meer as 500 akademici vanuit regs fakulteite op 6 Desember 2019 aan die Kongres gesirkuleer het. Daarin beskuldig hulle die president daarvan dat sy optredes met betrekking tot die Oekraïne dit noodsaak dat hy uit sy amp verwyder moet word.⁸⁰ Bykomend was daar nog die verklaring wat 700 historici op 17 Desember 2019 uitgereik het en waarin hulle op hul beurt teen die president te velde trek.⁸¹

Vir twee jaar het die Demokrate gesukkel om beskuldigings van sameswering te bewys. Toe die verslag van Robert Mueller nie daarin kon slaag om Russiese betrokkenheid in die presidensiële verkiesing van 2016 te bewys nie, is die Oekraïne in 2019 aangegryp om klagtes te konstrueer wat daarmee verband hou. Steeds was die probleem dat die Demokrate nie afdoende bewyse kon lewer nie – dat daar enige misdaad gepleeg is en, indien wel, waar en wanneer die misdaad plaasgevind het.

Na drie jaar, waartydens die Demokrate die president van ’n hele aantal kriminele dade beskuldig het – omkoperij, afpersing, skending van voorskrifte vir verkiesingsfondse, dwarsboming van die gereg, sameswering en selfs hoogverraad – het die twee finale ampsaanklagtes uiteindelik geen van hierdie beskuldigings bevat nie. Dit was ’n groot terugwaartse stap vir die Demokrate wat daardeur effektiewelik toegegee het dat die president geen statutêre misdaad gepleeg het wat die grondwet vereis nie. Toe die twee ampsaanklagtes deur die HvV aanvaar is en aan die Senaat voorgelê is, was dit die eerste keer in die VSA se geskiedenis dat ’n president uit sy amp verwyder sou kon word sonder dat enige statutêre misdryf genoem is, wat nog te sê bewys kon word. Dit alleen was ’n groot oorwinning vir president Trump en kan hy tereg op vindikasier aanspraak maak. Wat dit uiteindelik beteken, is dat die president nie ten opsigte van sy optredes met betrekking tot die Oekraïne aangekla was nie, maar eerder omdat die Demokrate vas oortuig daarvan was dat hy ongeskik is om president te wees en sy herverkiesing in November 2020 ten alle koste verhoed moet word. Toe hulle die proses aan die gang gesit het om hom uit sy amp te verwyder, het die Demokrate almal onder die indruk

⁷⁹ Von Spakovsky (2020).

⁸⁰ Legal Scholars (2019).

⁸¹ Historians’ Statement (2019).

probeer bring dat hulle gewigtige ampsaanklagtes teen die president aanhangig kan maak. Dit was iets so tasbaar en voor die hand liggend dat die publiek dit alles sou wou sien en aanhoor en wat die stelsel sou skok en menings sou verander. Aan die einde kon hulle met niks sodanig vorendag kom nie. So was hul pogings om 'n geloofwaardige verhaal van korrupsie saam te flans oor die telefoonoproep tussen die president en sy eweknie in die Oekraïne eintlik bra power.

In 1998, no Democrat voted to convict Bill Clinton, who had engaged in wrongdoing for wholly self-serving reasons, despite the GOP's case being far more methodical and incriminating.

Democrats are demanding the GOP adopt standards that no party has ever lived by.

The public wouldn't be anesthetized to another alleged national emergency. You simply can't expect a well-adjusted voter to maintain CNN-levels of indignation for years on end. Beyond the public's mood, the Democrats' strategy was a mess. House Democrats and their 17 witnesses set impossible-to-meet expectations, declaring that Trump had engaged in the worst wrongdoing ever committed by any president in history. (I'm not exaggerating.) When it comes to Trump criticism, everything is always "the worst thing ever!"⁸²

Uiteindelik het Demokrate se oorhaastigheid, selfvoldaanheid en skamel gefundeerde ampsaanklagtes teen die president in hul gesigte ontplof.

SLOT

Mettertyd het die bevolking uitgeput geraak om die saga van die Demokrate healtyd te aanskou. Die aanvanklike beskuldigings teen die president het later net nie meer water gehou nie en dit waarop uiteindelik besluit is, was swak geformuleer en hopeloos fundeer. Diegene wat gereken het dat president Trump sonder versuim uit sy amp verwyder moes word, is dieselfde groep wat so gedink het op die dag wat hy as president in Januarie 2017 ingehuldig is. Hier was dit weer 'n geval waar politiek net deur die prisma van 'n betrokke politieke party gesien en benader is.

Die besluit van die HvV om wel twee ampsaanklagtes teen president Trump te aanvaar, was 'n besondere oomblik in die geskiedenis van die VSA en 'n raar een daarby. So is met daardie besluit die president se naam in die annale van die land op 'n uiters onterende wyse ingegraveer. Die klad van die besluit op sy nalatenskap – afgesien van die Senaat se verwerping van die aanklagartikels – is nou deel van die geboekstaafde rekordhouding van sy presidentskap. Tog het hy met sy skrywes aan die HvV houe ingekry en sy standpunte gestel, wat eweneens deel van die politieke annale sal bly.

Impeachment is a constitutional sword meant to be unsheathed only in the gravest, most unusual circumstances and to be wielded only to preserve the security and integrity of the republic. Clinton's offenses did not meet that standard, and neither do Trump's.⁸³

Hierdie proses om president Trump uit sy amp te verwyder, is heel anders as wat met die vorige twee presidente die geval was. Dit was veronderstel om 'n somber grondwetlike aangeleentheid te gewees het, maar het in 'n politieke sirkus ontaard. 'n Verdeelde nasie, die

⁸² Harsanyi (2020).

⁸³ Editorial (2019).

gebroke media-omgewing, die toksiese sosiale media en 'n president wat op chaos floreer, het saamgespan om 'n atmosfeer te skep wat ongehoord was tydens die Nixon-verrigtinge en die aansienlike luider en ontoegeeflike houding tydens die hele proses met president Clinton. Die Demokrate het nie daarin gelaag om almal te oortuig nie – hul eie ondersteuners het nietemin bankvas geglo dat die president aan 'n wye reeks misdrywe skuldig is. Hulle het wel daarin geslaag om 'n nuwe lae standaard daar te stel om 'n president uit sy amp te verwyder. In die lig van die Senaat se verwerping van albei ampsaanklagtes, het die Demokrate eintlik vir president Trump gehelp om heel waarskynlik in November 2020 as president herverkies te word. Die hele proses teen hom het meer verkiesingsvrywilligers en kontantdonasies na sy kant toe laat stroom. Sy aanvaardingspersentasie in meningsopnames het ook begin toeneem.

Al is hy nou die eerste president wat te midde van die ampsaanklagtes van die HvV vir herverkiesing gaan staan, sal hy deurentyd in sy verkiesingsveldtog die partydige stemmery daarvoor as onwettig kan afmaak en die Senaat se vryspraak as bewys van sy onskuld in herinnering roep tot groot gejuig van diegene wat lojaal sy magsbasis vorm. Verder sal hy argumenteer dat die Demokrate en die hoofstroom-media nooit sy verkiesing in 2016 aanvaar het nie en gevolglik gepoog het om daardie besluit van die kiesers op allerlei wyses ongedaan te probeer maak. Word hy wel in November 2020 herverkies, sal die stommititeit om hom van sy amp te probeer onthef een van die groot redes vir sy oorwinning wees. Wat die slag vir die Demokrate veel erger sal maak, is wanneer die HvV en die Senaat in die toekoms deur die Republikeine beheer word en die president terselfdertyd 'n Demokrat is. Dan sal so 'n president met die wete moet saamleef dat swak en ongefundeerde ampsaanklagtes maklik teen hom of haar ingebring kan word. Strassel som dit verder korrek op:

When a party spends three years baselessly accusing a president of everything from being a Russian mole to obstructing justice, from profiting off the presidency to abusing security clearances and cheating on his taxes, that party loses the credibility to say: Really, this time, we mean it. Democrats didn't lose the war for hearts and minds on Wednesday. They lost it three years ago.⁸⁴

Kiesers het oor die algemeen gevoel dat die hele proses nie so belangrik in die groter geheel was as wat die VSA werklik in die gejuig staar nie.

For something allegedly momentous, Americans sure seem bored by impeachment.⁸⁵

Hulle was deeglik bewus daarvan dat daar 'n wêreldse verskil bestaan tussen ondersteuning om ampsaanklagtes te ondersoek enersyds en om 'n president uit sy amp te verwyder andersyds.

Impeachment was designed to be a last solemn resort, not another partisan tool. Settling for today's doomed indictment ushers in tomorrow's. Impeachment's deterrent effect will erode, because it will be seen as a political gesture. The barrier to removal will rise because breaking with your party will be harder. Oversight will be weaker; the presidency more imperial.⁸⁶

Kiesers wat vir president Trump gestem het en steeds ondersteun, is per slot van sake almal Amerikaanse burgers. Daar is genoegsame rede waarom die grondwet dit so moeilik maak om 'n president uit sy amp te verwyder. Die grondwetskrywers het hoë vereistes daarvoor

⁸⁴ Strassel (2019).

⁸⁵ Geraghty (2019).

⁸⁶ The Economist (2019).

gestel juis om te verseker dat eng partydige meerderhede nie die mag wegneem van iemand wie se mag uit 'n verkiesing voortvloei nie. Dit beteken dus dat van die president se ondersteuners oortuig moes word om hul rug op hom te draai. Om dit te kon vermag, is vereis dat hulle sienings en menings met deernis hanteer word. Diegene in die anti-Trump-groeperings was nie bereid om dit te doen nie, wel om halsoorkop hul meerderheid in een deel van die Kongres aan te wend sodat hul halfgebakte ampsaanklagtes spoedeisend geformuleer en deurgevoer kon word.⁸⁷

Die stemmery in die HvV sou dalk 'n morele oorwinning vir die Demokrate kon gewees het, maar die politieke geveg wat dit ontketen het, sal nog lank, ten minste tot en met die verkiesing in November 2020, voortduur. Die wese van daardie oorwinning was dus nie om die president uit sy amp verwyder te kry nie omdat almal vooraf geweet het dit kan en sal nie gebeur nie. Dit het eerder gegaan om president Trump persoonlik en polities af te kraak en te verketter. So kan die Demokrate ewigdurend 'n beskuldiging om sy nek hang dat die HvV hom aangekla het en hy in 'n skynverhoor deur die Senaat vrygespreek is.

Dat president Trump onbesonne dinge aanvang, aanvegbare stellings maak en soms swak oordeel aan die dag lê, is nie te betwyfel nie, maar speaker Pelosi en haar kohorte het nog nooit die morele geloofwaardigheid of politieke stamina gehad om 'n oortuigende saak teen die president te voer nie. Die Demokrate sou veel eerder geloofwaardigheid oor sy swakhede verseker het as hulle dit by die stembus uitgebuit het eerder as om 'n apokaliptiese drama aan te bied wat moeilik verkoopbaar was in 'n tyd toe sy gewildheid allesbehalwe aan die kwyn was.⁸⁸

Kort na die verhoor in die Senaat het die Covid-19 virus sy tol in baie lande begin eis. Die VSA was traag om ten volle ag op die felheid daarvan te slaan. President Trump en senior Republikeinse leiers het egter aangedui dat die verhoor die regering se aandag van die groeiende krisis afgetrek het en verhoed het dat voldoende voorbereidings getref is om die land se mense te beskerm. Soos wat die pandemie versprei het, het die president onder meer en meer kritiek begin deurloop. Ses maande na die gebeure in die HvV en die Senaat is die gevolge van die virus en die swak hantering om dit te bekamp, steeds die spil waarom aanvalle op die president draai. Gevolglik is die politieke aanvalshoeke in die komende presidensverkiezing nie meer die gebeure in die Kongres nie, maar meer bepalend die onvermoë van die president om die gesondheidskrisis behoorlik en effektief te bestuur.

BIBLIOGRAFIE

BOEKE EN ARTIKELS

- Bender, Michael. 2020. White House Calls Impeachment Charges 'Frivolous' and 'Dangerous' in Legal Brief'. *The Wall Street Journal*, 20 Januarie 2020.
- Binder, Sarah; Goldgeier, James; Saunders, Elizabeth. 2020. The Imperial Presidency Is Alive and Well – Don't Mistake Impeachment for a Congressional Effort to Claw Back Power. *Foreign Affairs*, 21 Januarie 2020.
- Bowman, Frank. 2019. *High Crimes and Misdemeanors: A History of Impeachment for the Age of Trump*. Cambridge University Press.
- DeBonis, Mike. 2020. 'A permanent asterisk': Acquittal at hand, Democrats sow doubt about Trump trial. *The Washington Post*, 1 Februarie 2020.
- DeBonis, Mike & Bade, Rachael. 2019. 'I'm not for impeachment' without bipartisan support, Pelosi says, roiling fellow Democrats. *The Washington Post*, 12 Maart 2019.

⁸⁷ Olsen (2020).

⁸⁸ Williamson (2020).

- Bycoffe, Aaron; Koeze, Ella; Rakich, Nathaniel. 2019. Do Americans Support Impeaching Trump? *FiveThirtyEight*, 17 Desember 2019.
- Dershowitz, Alan. 2019. Two House articles of impeach fail to meet constitutional standard. *The Hill*, 10 Desember 2019.
- Dershowitz, Alan. 2020. Argument Transcript: Trump Impeachment Trial. 27 Januarie 2020. (www.rev.com/blog/transcripts).
- Editorial 2019. President Trump's fate: The case for censure over impeachment. *The Chicago Tribune*, 25 November 2019.
- Editorial 2020. James Madison 1, Nancy Pelosi 0. *The Wall Street Journal*, 5 Februarie 2020.
- Feldman, Noah. 2019. <https://d3i6fh83elv35t.cloudfront.net/static/2019/12/Feldman-Testimony.pdf>. [4 Desember 2019].
- Freeman, James. 2020. Did Pelosi and Schumer Learn Anything from Impeachment? *The Wall Street Journal*, 11 Maart 2020.
- Galli, Mark. 2019. Trump Should Be Removed from Office. *Christianity Today*, 19 September 2019.
- Geraghty, Jim. 2019. Impeachment Is a Drag. *National Review*, 3 Desember 2019.
- Gerhardt, Michael 2019. <https://docs.house.gov/meetings/JU/JU00/20191204/110281/HHRG-116-JU00-Wstate-GerhardtP-20191204.pdf>. [4 Desember 2019].
- Gingrich, Newt. 2020. Pelosi's Petty Nastiness and the Fall of the Democratic Party. *Gingrich360*, 5 Februarie 2020.
- Hains, Tim. 2020. We Are Living In What Can Aptly Be Described As The Age Of Impeachment, "How Did We Get Here?" *Real Clear Politics*, 27 Januarie 2020.
- Haltiwanger, John. 2019. Trump's behavior with Ukraine 'stupid' and unprecedented. *Business Insider*, 28 September 2019.
- Hamilton, Alexander; Madison, James & Jay, John. 2014. *The Federalist Papers* (Mentor Series). Dover Publications, USA.
- Hanson, Victor 2019. Impeachment Fallout. *National Review*, 31 Desember 2019.
- Harsanyi, David. 2020. Why Impeachment Failed. *The Daily Signal*, 7 Februarie 2020.
- Heim, Joe. 2019. Nancy Pelosi on Impeaching Trump: 'He's Just Not Worth It'. *The Washington Post Magazine*, 11 Maart 2019.
- Herring, George. 2008. *From Colony to Superpower: U.S. Foreign Relations since 1776*. Oxford University Press.
- Hewitt, Hugh. 2020. Memories of this impeachment charade will fade quickly. *The Washington Post*, 1 Februarie 2020.
- Historians' Statement on the Impeachment of president Trump. 2019. <https://medium.com/@historiansonimpeachment/historians-statement-on-the-impeachment-of-president-trump-6e4ed2277b16>. [17 Desember 2019].
- Kamarck, Elaine. 2019. All roads lead to Putin: This week in impeachment. *Brookings Institution*, 18 Oktober 2019. <https://www.brookings.edu/blog/fixgov/2019/10/18/all-roads-lead-to-putin-this-week-in-impeachment>.
- Karlan, Pamela. 2019. <https://d3i6fh83elv35t.cloudfront.net/static/2019/12/Karlan-Testimony.pdf>. [4 Desember 2019].
- Kim, Seung; Demirjian, Karoum. 2020. White House calls for Trump acquittal in 'rigged' impeachment as Senate prepares for swift trial. *The Washington Post*, 21 Januarie 2020.
- Kruzel, John. 2020. How impeachment differs from court trials. *The Hill*, 14 Januarie 2020.
- Legal Scholars' Statement 2019. <https://medium.com/@legalscholarsonimpeachment/letter-to-congress-from-legal-scholars-6c18b5b6d116>. [6 Desember 2019].
- Liptak, Adam. 2020. Trump's Impeachment Trial a Perilous Duty for Chief Justice. *The New York Times*, 14 Januarie 2020.
- McCarthy, Andrew. 2019. The Articles of Impeachment Are Very Weak. *National Review*, 11 Desember 2019.
- MacKinnon, Amy. 2019. Believe It or Not, Impeachment Is About to Get Even More Partisan. *Foreign Policy*, 4 Desember 2019.
- Marcus, Ruth. 2020. When the impeachment trial ends, the Senate's reputation will be hopelessly in tatters. *The Washington Post*, 1 Februarie 2020.

- Mondschein, Ken. 2017. *The U.S. Constitution and Other Writings*. Canterbury Classics, San Diego.
- Morrison, Samuel; Commager, Henry; Leuchtenburg, William. 1977. *A Concise History of the American Republic*. Oxford University Press.
- Murdock, Jeff. 2019. GOP witness Turley urges Democrats to slow down impeachment push. *The Washington Times*, 4 Desember 2019.
- Neidig, Harper. 2020. House asks full appeals court to rehear McGahn case. *The Hill*, 6 Maart 2020.
- Noonan, Peggy. 2020. Impeachment Moves Forward to Nowhere. *The Patriot Post*, 18 Januarie 2020.
- Olsen, Henry. 2020. Mitch McConnell has it right on impeachment". *The Washington Post*, 8 Januarie 2020.
- Phillips, Amber. 2020a. For Trump's Republican defenders, is there such thing as too much presidential power? *The Washington Post*, 10 Januarie 2020.
- Phillips, Amber 2020b. About that oath of 'impartiality' senators just took. *The Washington Post*, 16 Januarie 2020.
- Ray, Robert. 2019. You can't impeach if there is no crime. *Time*, 18 November 2019.
- SCOTUSBlog 2020. The role of the chief justice in an impeachment trial, 10 Januarie 2020.
- Setzer, Elliot. 2020. D.C. Circuit Panel Rules Against House in McGahn Case. *LAWFARE*, 31 Augustus 2020.
- Strassel, Kimberley. 2019. Impeachment as Usual Democrats have managed to turn a grave process into a dully partisan one. *The Wall Street Journal*, 14 November 2019.
- The Economist* 2019. Trump, impeachment and American democracy. 12 Desember 2019.
- Turley, Jonathan. 2019. "The Impeachment Inquiry Into president Donald J. Trump: The Constitutional Basis For Presidential Impeachment". Written Statement presented to the House of Representatives Committee on the Judiciary. 4 Desember 2019
- Turley, Jonathan. 2020a. Democratic impeachment case collapses under weight of time. *The Hill*, 4 Januarie 2020.
- Turley, Jonathan 2020b. How the House destroyed its own case for the Trump impeachment. *The Hill*, 11 Januarie 2020.
- Turley, Jonathan 2020c. How the House lost the witness battle along with impeachment. *The Hill*, 1 Februarie 2020.
- Turley, Jonathan. 2020d. Congress hits rock bottom in losing to the president in subpoena ruling. *The Hill*, 29 Februarie 2020.
- Von Spakovsky, Hans. 2020. How history will view Trump's impeachment. *The Daily Signal*, 7 Februarie 2020.
- Williamson, Kevin. 2020. What Was It For? *National Review*, 12 Januarie 2020.
- 17 former Watergate special prosecutors, 2019. We investigated the Watergate scandal. We believe Trump should be impeached. *The Washington Post*, 10 Oktober 2019.

DOKUMENTE VAN DIE DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

- History of Refusals by Executive Branch Officials to Provide Information Demanded by Congress, 6 Opinion. Office of Legal Counsel, 1982.
- Testimonial Immunity Before Congress of the Former Counsel to the President, 43 Opinion. Office of Legal Counsel. 20 Mei 2019.

DOKUMENTE VAN DIE HUIS VAN VERTEENWOORDIGERS

- Report of the House Permanent Select Committee on Intelligence, Pursuant to H. Res. 660 in Consultation with the House Committee on Oversight and Reform and the House Committee on Foreign Affairs, Desember 2019.
- Report of the Majority Staff of the House Committee on the Judiciary. Constitutional Grounds for Presidential Impeachment, Desember 2019.
- Resolution on Impeachment adopted by the Judiciary Committee of the House of Representatives. (H. Res 755, 11th Congress), 13 Desember 2019.

DOKUMENTE VAN DIE SENAAT

Trial Memorandum of the House of Representatives. 20 Januarie 2020.

Trial Memorandum of President Donald J. Trump. 20 Januarie 2020.

DOKUMENTE VAN DIE WITHUIS

Letter of Counsel to the President addressed to the Chairman of the Committee on the Judiciary, 1 Desember 2019.

Letter of President Trump addressed to speaker Pelosi, 17 Desember 2019.

HOFUITSPRAAK

Committee on the Judiciary of the United States House of Representatives v. Donald F. McGahn. U.S. Court of Appeals for the District of Columbia Circuit, No. 19-5331, 28 Februarie 2020.

VERDERE LEESSTOF

Banner, James 2019. Misconduct: From George Washington to Today. *The New Press*, New York. 2019.

Berman, Russell. 2019. Impeachment's Inevitability Problem. *The Atlantic*, 13 Desember 2019.

Black, Charles; Bobbitt, Philip. 2018. *Impeachment: A Handbook*, New Edition Yale University Press.

Bowman, Frank. 2019. Foreign Policy Has Always Been at the Heart of Impeachment – High Crimes From the Middle Ages to the Age of Trump. *Foreign Affairs*, 25 November 2019.

Boyer, Dave. 2020. Star witness? Schumer, other Senate Dems blasted John Bolton as 'untruthful' in 2005. *The Washington Times*, 29 Januarie 2020.

Brown, Lowell. 2010. *High Crimes and Misdemeanors in Presidential Impeachment* Palgrave Macmillan, New York.

Congressional Research Service 2019. Impeachment and the Constitution. R46013, 20 November 2019. <https://crsreports.congress.gov>

Editorial 2020. Lamar Alexander's Finest Hour. *The Wall Street Journal*, 2 Februarie 2020.

Editorial 2019. Pelosi Has Second Thought. *The Wall Street Journal*, 19 Desember 2019.

Editorial 2020. Pelosi's Impeachment Offenses. *The Wall Street Journal*, 15 Januarie 2020.

Editorial 2020. The John Bolton Report. *The Wall Street Journal*, 27 Januarie 2020.

Geraghty, Jim. 2019. Impeachment Won't Help Win Back Votes for Democrats. *National Review*, 26 November 2019.

Gingrich, Newt. 2020. The Democratic House, Not President Trump, Will be Permanently Scarred by Impeachment. *Gingrich360*, 17 Januarie 2020.

Katyal, Neal; Koppelman, Sam. 2019. *Impeach: The Case Against Donald Trump*. Houghton Mifflin Harcourt. New York, 2019.

TREFWOORDE: desimalisasie, metrisering, politieke diskonto, Republiekwording van Suid-Afrika, rand, sent

OPSOMMING

Die Unie van Suid-Afrika het op 14 Februarie 1961 'n desimale geldstelsel, naamlik die rand en sent (R/c), in omloop geplaas. Die rand en sent het die imperiale geldstelsel van pond, sjielings en pennies (£/s/d) vervang. Desimalisasie in 1961 word dikwels met die republiekwording van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 in verband gebring, maar hierdie was inderdaad twee verskillende prosesse wat net toevallig in dieselfde jaar plaasgevind het. Die besluit om 'n desimale muntstelsel in te stel is in 1956 geneem, terwyl die besluit om die volle onafhanklikheid van Suid-Afrika van die Verenigde Koninkryk as die Republiek van Suid-Afrika te oorweeg, eers in 1960 geneem is. Suid-Afrika het sy eie geldeenheid, hoewel gemodelleer op die stelsel van £/s/d soos gebruik in die VK, reeds teen 1910 in omloop gestel. Weens dieselfde benaming en struktuur (£/s/d) wat vir die twee geldeenhede gebruik is, het die algemene publiek dit verkeerdelik as homogeen beskou. Desimalisasie was dus nie die aankondiging van 'n onafhanklike geldeenheid nie; maar bloot die vervanging van een onafhanklike geldeenheid deur 'n ander.

Desimalisasie in Suid-Afrika het desimalisasie in die Verenigde Koninkryk met presies 'n dekade voorafgegaan. Die Verenigde Koninkryk het op 15 Februarie 1971 gedesimaliseer. Desimalisasie het metrisering in Suid-Afrika ook met sowat 'n dekade vooruitgegaan, met laasgenoemde wat eers op 1 April 1971 'n aanvang geneem het.

Ten tye van desimalisasie is die waarde van R2,00 aan £1/- gelykgestel. Sedertdien het die wisselkoers van die rand verswak en staan dit tans op sowat R21,00 = £1,00. Met hierdie navorsing word 'n hipotese getoets vir hierdie verswakking van die wisselkoers en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dit onder meer aan 'n politieke diskonto van sowat 45 persent toegeskryf kan word.

1. INLEIDING

Op 14 Februarie 1961 het die Unie van Suid-Afrika 'n desimale geldstelsel, naamlik die rand en sent (R/c), in omloop geplaas (SA Reserve Bank 1971). Die rand en sent het die vorige imperiale geldstelsel bestaande uit pond, sjielings en pennies (£/s/d) vervang. Die simbool vir die pennie (d) is afgelei van die Latynse woord denarius, wat die kleinste muntstuk in die Romeinse tyd was.

Die SA Reserwebank het 'n leidende rol in desimalisasie gespeel en dr. EHD Arndt, destyds die vise-president van die sentrale bank, was voorsitter van die "... task force to convert the South African currency and payments arrangements to a decimal system. The work of Daan Desimaal culminated in the issue of token quantities of new bank notes in rand currency by the SA Reserve Bank on 14 February 1961 ..." (Stals 1996).

Op 14 Februarie 2021 vier Suid-Afrika dus die diamantjubileum van desimalisasie. Ten spyte van die belangrike rol van geld in Suid-Afrika se volkshuishouding, is min literatuur tydens en sedert desimalisasie oor die onderwerp gepubliseer, afgesien van die regeringsverslae wat in hierdie artikel toegelig word. Afgesien van mediaberigte, sluit die vernaamste wetenskaplike navorsingsbronne oor die onderwerp artikels in vaktidskrifte deur Arndt (1961) en Erasmus (1960) in, wat die aanloop en omskakelingsproses bespreek. Engelbrecht (1987) het gebeurde voor en na 1961 omvattend beskryf.

Suid-Afrika het 'n stelsel van rand en sent met 'n amptelike omskakelingskoers van R2,00 = £1/-/- aanvaar. Die omskakeling het gevolg op die verslag van die Desimale Muntkommissie ("Decimal Coinage Commission") wat op 8 Augustus 1956 deur die destydse Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika, dr. EG Jansen, aangestel is (Union of South Africa 1958). Die aanstelling van die Desimale Muntkommissie het gevolg op 'n verslag van die Beclagekomitee wat desimalisasie en metrisering vir Suid-Afrika aanbeveel het (Erasmus 1960). Die Beclagekomitee het egter in 1948 aanbeveel dat geen onmiddellike stappe met betrekking tot metrisering geneem word nie, maar dat slegs desimalisasie oorweeg word (Erasmus 1960). Die motivering was klaarblyklik dat die twee prosesse van desimalisasie en metrisering geskei word om verwarring onder die publiek tot die minimum te beperk.

Die Kommissie is aangestel om ondersoek in te stel na "(t)he decimal coinage system which ... it regards as the most appropriate for the Union ...", terwyl die omskakelingsmetodologie en -koste ook ondersoek moes word (Union of South Africa 1958:iii). Die Kommissie se opdrag was dus nie om die voor- en nadele van desimalisasie te ondersoek nie, want die Regering het teen 1956 reeds besluit om 'n desimale geldstelsel in te voer, soos in Afdeling 3 verduidelik word. Die Kommissie se opdrag het eerder te doen gehad met die praktiese uitvoering van die besluit om te desimaliseer.

Die Kommissie het op 1 Augustus 1958 'n verslag gepubliseer wat 'n spesifieke desimale geldstelsel vir Suid-Afrika aanbeveel het. Die Suid-Afrikaanse regering het die aanbeveling in die Kommissie se meerderheidsverslag dat die land 'n desimale geldstelsel op die basis van 'n 10 sjieling/sent-sisteem moet instel, aanvaar. Afgesien van die meerderheidsverslag is ook twee minderheidsverslae gepubliseer. Een minderheidsverslag het 'n ander basis vir omskakeling aanbeveel (die £/c/decime stelsel), terwyl die ander minderheidsverslag spesifieke voorstelle bevat het rakende die vergoeding vir omskakelingskoste van sakeondernemings.

Die Kommissie het in wese twee alternatiewe tipes desimale stelsels oorweeg. In die eerste geval is oorweging geskenk aan die behoud van die pond as basisgeldeenheid, verdeel in een van drie moontlike "subgeldeenhede":

- £/c stelsel, met elke sent gelykstaande aan 2,4 pennies. Dit is verwerp omdat die waarde van een sent té groot sou wees.
- £/mil stelsel, met elke mil gelykstaande aan 0,24 pennies. Dit is verwerp omdat die waarde van een mil té klein sou wees.
- £/c/decime stelsel, met elke sent gelykstaande aan 2,4 pennies en elke decime gelykstaande aan 0,24 pennies. Dit is verwerp omdat dit sou vereis dat 'n té groot aantal munte in omloop geplaas sou moes word.

As tweede alternatiewe stelsel het die Kommissie oorweging geskenk aan 10 sjielings (£½) as basis vir die nuwe geldeenheid, met 'n omskakelingskoers van een sent gelykstaande in waarde aan een pennie en 100 sent gelykstaande in waarde aan 10 sjielings. Ten spyte van vroeëre voorstelle, is geen besluit op daardie stadium al geneem oor die naam van die nuwe geldeenheid nie. Hierdie stelsel en omskakelingskoers is vervat in die aanbeveling van die

meerderheidsverslag, onder meer omdat bevind is dat die oorgrote meerderheid van kontanttransaksies se waarde destyds minder as een pond was. Die pond as basiseenheid se waarde sou dus té groot wees. Aldus Engelbrecht (1987:109-110) is die 10 sjieling-sent-stelsel aanvaar omdat die omrekening van ponde na rande "... die maklikste sou wees. Aangesien die stelsel op die syfer 10 gegrond is, sou berekeninge vereenvoudig word want die meeste moderne masjiene was toe reeds vir die desimale geldstelsel ontwerp". Aldus Arndt (1961) en Erasmus (1960) is dieselfde basis vir desimalisasie-omskakeling vroeër deur die SA Buro vir Standaard aanbeveel.

Die vorige imperiale geldstelsel het bestaan uit ponde, sjielings en pennies (£/s/d). Kragtens hierdie stelsel was £1 aan 20 sjielings gelykstaande, terwyl 1 sjieling aan 12 pennies gelykstaande was. Die amptelike omskakelingskoers op 14 Februarie 1961 was dus: £1 = R2; 10 sjielings = R1; 12 pennies = 10 sent; 2½ pennies = 2 sent; en 1 pennie = 1 sent (Engelbrecht 1987).

Die geldeenheid se naam, rand, is afgelei van die Witwatersrand, die goudneerslag waar Johannesburg en die eerste goudmyne geleë is (Wordorigins Archive [S.a.]). Die subdele is sent en die geldstelsel word afgekort as R/c. Soos in 'n volgende afdeling uitgewys word, is 'n finale regeringsbesluit oor die geldeenheid se naam eers na 1958 geneem. Die gebruik van "rand" as naam vir die nuwe geldeenheid is egter reeds so vroeg as 1932 voorgestel (Arndt 1960:93).

Desimalisasie het metrisering in Suid-Afrika met sowat 'n dekade vooruitgehoop. Laasgenoemde het eers op 1 April 1971 'n aanvang geneem, ten spyte van die feit dat die Becklage-komitee hierdie saak reeds saam met desimalisasie ondersoek het (Erasmus 1960:278).

Die omskakelingskoerse van imperiale na metrieke mates en gewigte is grootliks gestandaardiseer. Terwyl omskakelingskoerse vir desimalisasie bepaal moes word, is die internasionale SI-stelsel (Systeme International d'Unites) in die geval van metrisering gebruik (Ball 2016). Aldus Ball (2016) is 'n Metrifikasie-Adviesraad op 15 September 1967 aangestel om Suid-Afrika se metrisering te beplan en te koördineer. Die raad het binne die SA Buro vir Standaard gefunksioneer, met adv. JJ Loots as verantwoordelike minister. Metrisering is in 'n korter tydperk as desimalisasie afgehandel, onder meer omdat internasionale omskakelingskoerse gebruik kon word (Simetric [S.a.]). Soos in Suid-Afrika die geval was, het ander lande die omskakeling van desimalisasie en metrisering ook as twee afsonderlike prosesse hanteer.

Die res van hierdie artikel is soos volg gestruktureer: Afdeling 2 gee 'n internasionale historiese perspektief. Afdeling 3 rapporteer oor die geskiedenis van desimalisasie in Suid-Afrika. In Afdeling 4 word die historiese verloop van die wisselkoers van die rand teenoor die pond ontleed. In Afdeling 5 word die rand/pond wisselkoersbeweging sedert 1961 ontleed. Die gevolgtrekkings volg in Afdeling 6.

2. INTERNASIONALE HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die eerste vorm van transaksies tussen mense het by wyse van ruilhandel plaasgevind. Weens praktiese probleme met ruilhandel, het die behoefte aan 'n gemeenskaplike rekeneenheid of waardebehalter ontstaan (Engelbrecht 1987:1). Vir hierdie doel is metaalmunte in gebruik geneem. Metaalmunte het baie voordele ingehou, byvoorbeeld algemene aanvaarding, redelike konstante waarde en maklike verdeelbaarheid. Afhangende van die waarde van die munt is verskeie metale soos goud, silwer, nikkell en koper vir hierdie doel gebruik.

Na sy reis na die Verre Ooste het Marco Polo in die 13e eeu gerapporteer dat papiergeld aldaar in omloop is. In die Weste was dit 'n vreemde idee (Kennedy 1977), want die munte

wat in omloop was, se waarde was ongeveer gelykstaande aan die metaalinhoud daarvan (Engelbrecht 1987:7).

Banknote is aanvanklik in die Weste uitgereik op grond van die beginsel dat note vir edelmetale inwisselbaar is. Banknote is dus kragtens 'n goud- of silwerstandaard uitgereik, met volle inwisselbaarheid van die note teen sigwaarde vir die edelmetaal waarkragtens dit uitgereik is (Rossouw 2008).

Die pond is so vroeg as 775 nC in die destydse Engeland as geldeenheid gebruik (World Economic Forum S.a.; sien ook Jarvis 2011). Op daardie tydstip was die waarde van een pond gelykstaande aan een pond (454 gram) silwer. Tans is die prys van een pond (16 onse; 454 gram) silwer sowat £220,00. Dit het impliseer dat die waarde van die geldeenheid op 'n silwerstandaard gebaseer was en banknote vir silwer inwisselbaar was.

In 1717 het Sir Isaac Newton, die Muntmeester, die goudprys vasgestel teen £3/17/10 (3 pond, 17 sjielings en 10 pennies) per ons en daardie waarde het vir byna 200 jaar gegeld (Historical Gold Prices S.a.). Dit het die waarde van die pond in goud bepaal, waarna die goudstandaard die vorige silwerstandaard vervang het. Tans is die goudprys sowat £1 430 per ons.

Een pond silwer se waarde is in die Romeinse tyd vasgestel op 240 silwer denarii. Die waarde is oorgedra na die pond as geldeenheid, wat met ander woorde sou beteken dat daar 240 pennies in 'n pond sou wees (Johnson S.a.), wat dan ook aan een pond silwer gelykstaande was.

Aldus Falk (2019) is sjielingmunte in 1504 in omloop geplaas, terwyl Currency Information (2011) die datum as 1487 rapporteer. Die sjieling is egter reeds vroeër as rekeneenheid gebruik. Die waarde van 'n sjieling is tydens die Normandiese verowering van die Britse Eiland op 12 pennies vasgestel, wat impliseer het dat daar 20 sjielings in 'n pond was.

Ten tye van die Tweede Britse anneksasie van die Kaap in 1806 was die Nederlandse riksdalder die vernaamste geldeenheid in omloop, maar die nuwe owerheid het die stelsel van £/s/d uit die Verenigde Koninkryk ook in omloop gebring.

Gedurende die bewind van Lord Caledon (1807 tot 1811) en Lord Cradock (1811 tot 1814) as goewerneurs aan die Kaap, is die hoeveelheid riksdaldernote in omloop met byna 50 persent verhoog (Engelbrecht 1987:29). Soos onder hierdie omstandighede verwag kan word, het die waarde van die note gedaal. Tussen 1806 en 1825 het die waarde van die riksdalder van 4 sjielings tot 15 sent (1/6) gedaal (Die Huisgenoot 1938:43; Engelbrecht 1987:29). In 1825 het die regering in die Verenigde Koninkryk besluit dat die stelsel van £/s/d die wettige betaalmiddel in alle kolonies sal wees. Riksdaldernote het daarna uit omloop verdwyn in die Kaap.

Rusland was onder Tsaar Pieter die Grote (Czar Peter the Great in Engels; Tzar Pyotr Velikiy in Russies) die eerste land om 'n desimale geldstelsel te aanvaar (The New Encyclopaedia Britannica 1994; sien ook Numista 2018). Numista (2018) rapporteer die datums waarop alle lande desimale geldstelsels aanvaar het en dui ook aan dat sekere lande vanaf onafhanklikheid (byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika) of unifikasie (byvoorbeeld Italië) sodanige geldstelsels gebruik het. Soos in Afdeling 3 aangedui word, het desimalisasie in die geval van Suid-Afrika toevallig met republiekwording saamgeval.

Jarvis (2011) rapporteer dat Lord Wrottesley, 'n politikus, reeds so ver terug as 1824 gepoog het om die Verenigde Koninkryk op 'n desimale geldstelsel te plaas. Destyds was daar algemene teenstand in die Verenigde Koninkryk teen so 'n inisiatief, maar suksesvolle desimalisasie in Suid-Afrika in 1961 “... prompted the Government to set up a committee looking into the process” (Jarvis 1961). Die Verenigde Koninkryk het inderdaad 'n dekade

later, op 15 Februarie 1971, die desimale geldstelsel in omloop geplaas. Arndt (1961) toon aan dat suksesvolle desimalisasie in Suid-Afrika impetus aan desimalisasiebewegings in ander Gemenebeslande gegee het, met spesifieke vermelding dat “... the several Australian and New Zealand delegations which spent several weeks here (i.e., in South Africa) at the time, have returned home ... with very few improvements to suggest on the planning which had taken place ...” (1961:102).

3. GESKIEDENIS VAN DESIMALISASIE IN SUID-AFRIKA

3.1 Historiese perspektief

Die stelsel van pond, sjielings en pennies (£/s/d) wat Suid-Afrika voor desimalisasie gebruik het, was geskoei op die stelsel van £/s/d wat in die Verenigde Koninkryk gebruik is, maar was nie identies daaraan nie, hoewel dit teen pari verhandel het. Engelbrecht (1987:109) meld dat “... die publiek die Suid-Afrikaanse pond (verkeerdelik) as identies met die Britse pond beskou het”. Die Suid-Afrikaanse pond, sjielings en pennies het inderdaad teen pari met die Britse pond, sjielings en pennies verhandel, maar was sedert unifikasie in Suid-Afrika in 1910 ’n onafhanklike geldstelsel wat verskeie ooreenkomste met die Britse stelsel getoon het. Die SA Reserwebank het byvoorbeeld sedert 1922 onafhanklik van die Bank van Engeland, maar teen pari met die geldeenheid van die VK, die Suid-Afrikaanse note en munte uitgereik (SA Reserve Bank 1971).

Volgens Arndt (1961:89) was daar so ver terug as 1913 reeds voorstelle dat Suid-Afrika ’n desimale geldstelsel moet aanvaar. In daardie jaar het mnr. EC Reynolds, die hoofbestuurder van die National Bank of South Africa, in sy kapasiteit as president van die Instituut van Bankiers van Suid-Afrika, in sy presidentsrede voorbrand gemaak vir desimalisasie (Reynolds 1913). Teen 1914 het die Instituut van Bankiers ’n prys uitgelooft aan mnr. TC Chaloner vir sy navorsingsartikel oor die implementering van ’n desimale geldstelsel in Suid-Afrika (Chaloner 1914). Arndt verklaar egter dat “(t)he outbreak of World War I and the South African rebellion, in 1914, had obviously made the timing of Mr Reynolds’ proposal unpropitious as far as possible action by the Union Government was concerned” (1961:91).

Brink (2015:377-380) toon aan dat dr. FV Engelenburg teen 1922 voorspraak gemaak het vir ’n desimale geldstelsel vir Suid-Afrika. Engelenburg het in ’n aanbeveling aan die Suid-Afrikaanse regering gemeld dat “(i)t is just possible that our present small change will be replaced by copper, nickel and other coins, adapted for decimal purposes” (Brink 2015:379).

Teen 1925 het prof. EM Kemmerer en dr. G Vissering op versoek van die Suid-Afrikaanse regering ’n ondersoek na die wenslikheid van die herinstelling van die goudstandaard en ander monetêre en banksake in Suid-Afrika geloods. Kemmerer en Vissering het in hul verslag die herinstelling van die goudstandaard aanbeveel, wat deur die regering aanvaar is en in 1925 heringestel is (totdat dit op 28 Desember 1932 weer afgeskaf is). Afgesien van hul verslag oor die goudstandaard, het Vissering in ’n afsonderlike verslag ook ’n desimale geldstelsel vir Suid-Afrika aanbeveel (Arndt 1961:93), maar hierdie aanbeveling is nie deur die regering tot uitvoer gebring nie.

Aldus Erasmus (1960:277; sien ook Arndt 1960:93) is ’n wetsontwerp in Maart 1932 deur die minister van finansies (mnr. NC Havenga) by die Suid-Afrikaanse Parlement ingedien wat by aanvaarding voorsiening sou maak vir ’n desimale geldstelsel. Kragtens hierdie wetsontwerp (Coinage Bill) is in die vooruitsig gestel dat die Unie van Suid-Afrika “... a decimal coinage system based on the florin and cent, and a gold ten florin coin to be known as the rand” (Arndt

1960:93) sal aanvaar. Die wetsontwerp is egter nooit bespreek nie, onder meer omdat die parlement daardie jaar vroegtydig moes verdaag sodat die eerste minister (genl. JBM Hertzog) en Havenga die Gemenebeskonferensie in Kanada kon bywoon (Engelbrecht 1987:109). Die feit dat die voordele, koste en omskakelingskoers vanaf die imperiale na die desimale geldstelsel nie voorheen die onderwerp van 'n deurtastende ondersoek op owerheidsvlak was nie, het waarskynlik ook bygedra tot die feit dat die wetsontwerp nie gedebatteer is nie (Arndt 1960:93).

In 1948 het die Becklagekomitee wat desimalisasie en die metrisering van mate en gewigte oorweeg het, in sy verslag die desimalisasie van die geldstelsel aanbeveel. Hierdie komitee het aanbeveel dat Suid-Afrika die floryn (*f*) as desimale geldeenheid aanvaar, met 'n omskakelingskoers van $f10 = \text{£}1$, hoewel die komitee 'n voorstel van mnr. PA Moore oorweeg het dat die desimale geldstelsel die rand/pennie moet wees (Arndt 1960:94). In 1949 is opdrag aan die Buro vir Standaarde gegee om die werk van die Becklagekomitee voort te sit (Erasmus 1960:278).

Die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het op 19 Februarie 1949 goedgekeur dat:

- 'n Versoek aan die regering gerig word om so gou doenlik die nodige stappe te neem om 'n desimale geldstelsel in Suid-Afrika in te voer;
- 'n Afvaardiging van die SA Akademie die minister moet besoek om die desimalisasie van die geldstelsel aan te beveel; en
- Verdere ondersoek gedoen word na die wenslikheid en uitvoerbaarheid van die desimalisasie van mate en gewigte (die metrieke stelsel).

Die Buro van Standaarde het 'n komitee aangestel om die implikasies van desimalisasie van die geldstelsel te ondersoek. Die komitee het wyd met die plaaslike handel en nywerheid en plaaslike kundiges gekonsulteer en ook uit die buiteland inligting oor die onderwerp ingewin. In Januarie 1953 het die komitee aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse regering die nodige stappe neem om 'n desimale geldstelsel vir Suid-Afrika in te voer (Engelbrecht 1987:109). Die spesifieke aanbeveling was dat die nuwe geldeenheid se naam die Riksdaalder (Riksdollar Rd) moet wees, met die omskakelingskoers van $Rd1 = 10$ sjielings.

Spreekwoordelik was die tafel dus gedek vir 'n desimale geldstelsel in Suid-Afrika. In 1954 is die Verslag aan Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake oor die Desimalisering van die Muntstelsel gepubliseer (Erasmus 1960:278), wat nie net desimalisasie nie, maar ook die aanvaarding van 'n 10 sjieling/sent-stelsel as desimale geldstelsel aanbeveel het. Die aanbevole omskakelingskoers is gebaseer op 'n opmerking van prof. Ben Taute, professor in die metodiek van die onderwys aan die Stellenbosch Universiteit, dat " ... one cannot educate a child to a new system of coinage as if the old one had ceased to exist. The child would in such case feel lost in society" (Arndt 1960:95).

Hierdie verslag is opgevolg met die aanstelling van die Desimale Muntkommissie (Union of South Africa 1958), nadat Moore (wat toe die parlamentslid vir Kensington was) in Januarie 1956 'n wetsontwerp oor desimalisasie by die parlement ingedien het (Arndt 1960:96). In hierdie wetsontwerp is die rand weer as naam vir die geldeenheid voorgestel (Arndt 1960:96).

Die aanbevelings van die Desimale Muntkommissie is in 1958 deur die regering aanvaar en het tot die Desimale Muntwet, No 61 van 1959, gelei (Van Rensburg 2003:88). Gevolglik is die Desimalisasieraad in Julie 1959 onder voorsitterskap van Arndt aangestel met verantwoordelikheid vir die praktiese aspekte en implementering van desimalisasie. Die desimale geldeenheid is op Dinsdag, 14 Februarie 1961 in omloop gebring (SA Reserve Bank 1971).

Op dieselfde datum het Botswana (destyds die Betsjoeanaland Protektoraat) Eswatini (destyds die Protektoraat van Swaziland), Lesotho (destyds die Basoetoeland Protektoraat) en Namibië (destyds Suidwes-Afrika) ook gedesimaliseer, want die Suid-Afrikaanse geldeenheid het in daardie lande gesirkuleer.

3.2 Politieke perspektief

Omdat desimalisasie Suid-Afrika se republiekwording met sowat vier maande voorafgegaan het, word hierdie twee aspekte dikwels met mekaar in verband gebring. Dit is egter duidelik uit die ontleding dat die proses van desimalisasie 'n baie lang aanloop gehad het, met baie rolspelers soos die Buro van Standaarde, die Desimale Muntkommissie, die SA Akademie, die minister van Ekonomiese Sake en die Desimalisasieraad. Die aanloop van die desimalisasie van die geldstelsel kan inderdaad tot die tydperk onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog teruggevoer word.

Hierteenoor het dr. HF Verwoerd, die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, op 21 Januarie 1960 aangekondig dat Suid-Afrika 'n referendum gaan uitroep oor die vraagstuk of die Unie onafhanklik moet word as die Republiek van Suid-Afrika (SABC S.a.). Die enigste politieke betekenis, eerder as ekonomiese betekenis, wat aan desimalisasie toegedig kan word, is die opmerking in 'n verslag van Kemmerer en Vissering, dat "... die publiek die Suid-Afrikaanse pond (verkeerdelik) as identies met die Britse pond beskou het" (Engelbrecht 1987:109). Die aanvaarding van 'n desimale geldeenheid het hierdie verwarring uit die weg geruim en ten minste getoon dat Suid-Afrika se geldstelsel onafhanklik van die geldstelsel in die Verenigde Koninkryk funksioneer. Desimalisasie en republiekwording was egter nie verwant aan mekaar nie.

3.3 Randnote en sentmunte in omloop geplaas

Die omskakelingskoers vir rande was minder problematies as die omskakelingskoers vir sente, omdat R1 aan 10 sjielings gelykgestel is, wat ook 'n omskakelingskoers van R2 = 20 sjielings = £1 impliseer het. Die amptelike omskakelingskoers vir sent was 12 pennies = 10 sent; 6 pennies = 5 sent; 2½ pennies = 2 sent; en 1 pennie = 1 sent (Engelbrecht 1987).

Om die publiek se aanpassing by die nuwe geldstelsel te vergemaklik, is besluit om die ontwerpe van die nuwe desimale munte te laat ooreenstem met die imperiale munte van dieselfde waarde. Munte van soortgelyke waarde het dieselfde grootte en gewig gehad. Insgelyks is die nuwe rand banknote ontwerp in ooreenstemming met die vorige pondnote en sjielingnoot van dieselfde waarde. Die R1-noot is byvoorbeeld in ooreenstemming met die vorige 10 sjieling-banknoot ontwerp (Van Rensburg 2003).

Die loods van die nuwe geldeenheid het met baie publisiteit om die algemene publiek van die omskakeling bewus te maak, gepaardgegaan. Die bekendste veldtog was Daan Desimaal (Decimal Dan in Engels), wat onder meer bestaan het uit 'n liedjie wat op radio gespeel is (Suid-Afrika het in 1961 nog nie televisie gehad nie). Die openingswoorde van die liedjie was soos volg:

Daan Desimaal, die rand-sent-man,
Gee jou sente vir pennies net waar hy kan,
Een sent vir een, en twee vir twee,
En twee-en-'n-half vir 'n tienie.

'n noot of silwer bly wat dit was
 Ons het net die ander naam daaraan vas

Daan Desimaal, die rand-sent-man,
 Gee jou sente vir pennies net waar hy kan,
 Drie sent vir vier pennies en vier vir vyf
 En vyf sent beteken 'n sixpence ...

Die musiek en woorde is op You Tube beskikbaar (Casjass 2016). Die radioveldtog is ondersteun deur 'n veldtog in die gedrukte media en inligtingstukke wat by openbare plekke soos poskantore en banksale vertoon is. Voorts is pryse van produkte dikwels in beide R/c en in £/s/d aangedui, soos op You Tube blyk (British Pathé S.a.). Dit het die publiek se aanpassing by pryse in 'n nuwe geldeenheid vergemaklik.

Uit die woorde van Daan Desimaal blyk dit dat die omskakeling van pennies na sent die grootste uitdaging was, want 'n stelsel van 12 pennies in 'n sjieling moes na 10 sente in tien sent omgeskakel word; 1 sjieling was dus gelykstaande aan 10 sent. Die nuwe munte van 1961 het gevolglik nie die gehalte van 'n optimale ontwerp gehad nie. Die eensent-stuk is byvoorbeeld op die pennie gemodelleer, wat baie groot was, want die ontwerpmitpunt was 'n hoë mate van ooreenstemming met die vorige imperiale muntreeks.

In 1962 is aangekondig dat "... 'n verandering in die grootte, ontwerp en metaalinhoud van munte (om ekonomiese redes) oorweeg word ... " (Engelbrecht 1987:110). Terwyl sekere munte (byvoorbeeld die sentmuntstuk) té groot en swaar was, het die waarde van die silwer inhoud van silwermunte die sigwaarde daarvan oortref. Gevolglik is munte vir hul metaalinhoud gesmelt, want die silwer kon teen 'n wins teenoor die sigwaarde van munte verkoop word (Van Rensburg 2003:88). Die gevolg was dat 'n nuwe muntreeks met kleiner en ligter munte in 1965 in omloop geplaas is. Hierdie reeks het bestaan uit koper- en nikkelmunte, met nikkel wat silwer vervang het. Daan Desimaal se wysie is weer in 'n bekendstellingsveldtog gebruik, maar met die boodskap "... bestee eers u ou muntstukke" (GCS Radio Archives S.a.).

Teen die middel-1980s het 'n styging in die nikkelprys tot soortgelyke probleme as die styging in die silwerys in die 1960s gelei, naamlik die waarde van die nikkel in munte was meer as die sigwaarde daarvan. Gevolglik is 'n nuwe muntreeks met geplateerde staalmunte ontwerp en in die 1990s in omloop geplaas, wat 'n munt ter vervanging van die R5-banknoot ingesluit het. Die 10c-munt was die eerste geplateerde munt wat in omloop geplaas is. Ten tye van die vrystelling van die 10c-munt was daar 'n gerug in omloop dat dit per ongeluk van goud gemaak is, weens die opvallende goue platingkleur van die muntstukke (Van Rensburg 2003:88). Hoewel die gerug onwaar was, het dit tot grootskaalse oprotting van die munte gelei.

Sedert 1961 is banknote periodiek herontwerp, onder meer om die sekerheidseienskappe van die note te verbeter, maar steeds gemodelleer op die note wat in 1961 in omloop geplaas is. In 1992 is 'n geheel en al nuwe reeks note in omloop geplaas. Die sekerheidseienskappe van die nuwe banknootreeks was wesenlik beter en Jan van Riebeeck is deur die sogenaamde "Groot Vyf" (renoster, olifant, leeu, buffel en jagluiperd) as hoofmotief op die note vervang. Terselfdertyd is 'n R100- en R200-noot vir die eerste keer in omloop geplaas, terwyl banknote baie kleiner as tevore was.

In 1992 is die niksseggende "belofte" op banknote ook weggelaat. Die "belofte" was gebaseer op die sigwaarde van 'n banknoot. In die geval van 'n R10-noot is die woorde "Ek beloof op aanvraag te betaal aan toonder te Pretoria TIEN RAND vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank", bevestig deur 'n afbeelding van die handtekening van die president van die

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Hierdie “belofte” was ’n oorblyfsel van die goudstandaard met inwisselbare banknote. Voor 1933 was Suid-Afrika se geldstelsel op ’n goudstandaard gebaseer en die belofte het letterlik beteken dat banknote vir dieselfde waarde in goud by die Suid-Afrikaanse Reserwebank geruil kon word. Nadat Suid-Afrika teen die einde van 1932 die goudstandaard opgeskort het, was dié “belofte” van nul en gener waarde.

Die reaksie van die publiek op die besluit om die niksseggende belofte van die banknote te verwyder, was onverwags. Dit het geblyk dat heelwat lede van die publiek teen 1992 inderdaad steeds onder die indruk was dat Suid-Afrika ’n goudstandaard het en dat banknote steeds by die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir goud ingewissel kon word. Die weglating van die belofte is dus deur sekere mense as ’n demonetisering van banknote (die uitreiking van nuttelose en waardelose banknote) beskou. Dit was inderdaad nie die geval nie en ’n historiese anomalie is bloot in 1992 met die uitreiking van die nuwe reeks banknote reggestel. Die banknootreeks is in 2012 weer drasties hersien, toe die “Groot Vyf” deur ’n afbeelding van mnr. Nelson Mandela as hoofmotief vervang is.

4. HISTORIESE VERLOOP VAN DIE RAND/POND-WISSELKOERS

Vanaf 1910 tot 1961 (dus vir ongeveer vyf dekades) was die waarde van die Suid-Afrikaanse pond merendeels stabiel teenoor die Britse pond. ’n Uitsondering was die tydperk van September 1931, toe die Verenigde Koninkryk die goudstandaard opgeskort het, tot Desember 1932, toe Suid-Afrika ook die goudstandaard opgeskort het (SA Reserve Bank 1971). Gedurende hierdie tydperk van 15 maande het die waarde van die Suid-Afrikaanse pond teenoor die Britse pond toegeneem, maar na 1933 was die waarde van die twee geldeenhede weer gelyk, nadat Suid-Afrika in Desember 1932 ook afstand gedoen het van die goudstandaard.

Sedert 1961 het die waarde van die rand weselik gedepresieer tot sowat R21 = £1. Die stabiliteit van die voorafgaande vyf dekades is dus nie in die daaropvolgende 60 jaar gehandhaaf nie, onder meer weens die afskaffing van die Bretton Woods-stelsel van wisselkoersbepaling in Augustus 1971.² Selfs sonder desimalisasie kon die waarde van die Suid-Afrikaanse geldeenheid teenoor die Britse pond gedaal het omdat dit ’n onafhanklike geldeenheid was. Die feit dat die twee geldeenhede voorheen dieselfde naam gehad het, het nie as waarborg gedien dat waarde behou sou word nie. Die vraag is egter hoekom die daling sedert 1961 plaasgevind het ná ’n tydperk van ’n stabiele wisselkoers gedurende die voorafgaande vyf dekades?

Die teorieë oor wisselkoersvasstelling identifiseer talle faktore wat oor die kort en die lang termyn tot die verloop van die wisselkoers tussen twee geldeenhede bydra en die verloop daarvan meet. Mohr (2016) identifiseer byvoorbeeld effektiewe wisselkoerse, handelsgeweege wisselkoerse en die koopkragpariteitsteorie van wisselkoerse. Gillespie (2019:205–206) se samevatting van hierdie faktore noem die buitelandse vraag na ’n land se uitvoerprodukte, die relatiewe verskil in rentekoerse tussen handelsvennootlande, die relatiewe inflasiëkoerse tussen handelsvennootlande en verwagtings, waar laasgenoemde dui op die vooruitsigte vir ekonomiese en politieke sukses van ’n land. Van hierdie vier aspekte is verwagtings die moeilikste

² Kragtens die Bretton Woods-stelsel van wisselkoersbepaling is die waarde van geldeenhede teen ’n vaste waarde in goud en gevolglik teenoor mekaar bepaal. Hierdie waarde kon slegs by wyse van formele devaluasie (formele afwaartse aanpassing in die wisselkoerswaarde) of formele revaluasie (formele opwaartse aanpassing in die wisselkoerswaarde) deur ’n regeringsbesluit aangepas word.

om te kwantifiseer, want dit is 'n samevattende, en subjektiewe, faktor oor die verwagte sukses (of andersins) van 'n land se ekonomie.

5. ONTLEDING VAN DIE RAND/POND-WISSELKOERSBEWEGING SEDERT 1961

In hierdie afdeling word die rand/pond-wisselkoersbeweging sedert 1961 ontleed om die bydrae van die verskillende faktore tot die beweging te bepaal. Twee benaderings word gevolg: Afdeling 5.1 ontleed die vlak van die wisselkoers aan die hand van die Big Mac-indeks, terwyl 'n politieke wisselkoersdiskonto in Afdeling 5.2 bereken word.

5.1 Big Mac-indeks

Die Big Mac-indeks vergelyk die pryse van die Big Mac-hamburger van die McDonalds-kitskosrestaurant in verskillende lande. Die Big Mac-indeks word deur The Economist, 'n tydskrif wat in die Verenigde Koninkryk publiseer word, bereken op grond van die pryse van die Big Mac-hamburger van die McDonalds-kitskosgroep in verskillende lande. Dit is gebaseer op die aanname dat die prys van 'n Big Mac-hamburger teen heersende wisselkoerse in alle lande dieselfde behoort te wees. Die indeks word op grond van koopkragpariteit bereken, naamlik 'n aanname dat wisselkoerse bepaal word op grond van die goedere wat 'n geldeenheid kan koop.

Ten spyte van die indeks se tekortkomings (byvoorbeeld, Big Mac-pryse verskil tussen streke binne lande), gee dit tog 'n aanduiding van relatiewe pryse kragtens die koopkragpariteitsteorie. Kragtens die Big Mac-indeks behoort die heersende wisselkoers van die rand teenoor die pond sowat $\text{£}1 = \text{R}9,40$ te wees, dus 'n groot wisselkoersdiskonto.

5.2 Politieke diskonto

In 'n ontleding tussen die geldeenhede van slegs twee lande is relatiewe ekonomiese groei, relatiewe inflasie en rentekoersdifferensiale belangrik. Relatiewe ekonomiese groei ondervang aspekte soos invoer en uitvoer. In die model vir die ontleding van die rand/pond-wisselkoers sedert 1961 wat in hierdie Afdeling gebruik word, word die wisselkoersdiskonto (die bevinding van die Big Mac-indeks) wat nie deur hierdie ekonomiese aspekte verklaar kan word nie, aan 'n politieke diskonto toegedig.

Om die relatiewe verswakking van die rand teenoor die pond sedert 1961 te verklaar, word 'n model dus gespesifiseer waar relatief hoër inflasie in een van die lande 'n minuswaarde aan die wisselkoers gee, terwyl relatief hoër ekonomiese groei 'n positiewe waarde aan die wisselkoers gee. Inflasie verminder die waarde van 'n geldeenheid, terwyl ekonomiese groei dit ondersteun.

Ten opsigte van die invloed van rentekoersverskille op die wisselkoers, word die valutatermyngoers vir die twee geldeenhede gebruik. Die nominale rentekoerse word gebruik vir die berekening van die termynkoers.

Die rand het gedeprisieer teenoor die pond sedert 1961. Enige verskil wat nie deur relatiewe ekonomiese groei en inflasie, en rentekoersverskille verklaar word nie, word as 'n politieke diskonto/premie beskou. Op hierdie basis word die model dus gespesifiseer as:

$$pd = \text{£}/R2020 - tk - (\text{£}/R1961 \times \Delta\pi) + (\text{£}/R1961 \times \Delta\gamma); \dots \dots \dots (1)$$

Waar

pd = politieke diskonto, wat bereken word as die residuele item nadat die “meetbare” items in ag geneem is, deur die model op te los;

£/R2020 = wisselkoers in 2020, naamlik £1 = R21;

tk = termynwisselkoers;

£/R1961 = wisselkoers in 1961, naamlik £1 = R2;

$\Delta\pi$ = verskil in inflasie tussen die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika; en

$\Delta\gamma$ = verskil in ekonomiese groei tussen die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika.

Die inflasieverskil tussen die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika kan soos volg bereken word: Sedert 1961 het pryse in Suid-Afrika met ’n faktor van 94,5 gestyg. Oor dieselfde tydperk het pryse in die Verenigde Koninkryk met ’n faktor van 21,8 gestyg. Die inflasiedifferensiaal oor die tydperk was dus ’n faktor van 4,33 (94,5/21,8) ten gunste van die Verenigde Koninkryk. Op hierdie basis moes die rand dus teenoor die pond verswak het vanaf £1 = R2 na £1 = R8,66.³

Oor dieselfde tydperk het Suid-Afrika se ekonomie met ’n faktor van 5,3 gegroei, terwyl die ekonomie van die Verenigde Koninkryk oor dieselfde tydperk met ’n faktor van 3,7 gegroei het. Op hierdie basis van hoër ekonomiese groei in Suid-Afrika as in die Verenigde Koninkryk (dus ’n verwagte negatiewe prestasie van die pond teenoor die rand), moes die rand inderdaad teenoor die pond versterk het na ’n faktor van 0,73 (3,8/5,2), naamlik £1 = R1,46. Dit is weens die verskil in ekonomiese groeikoers wat in Suid-Afrika se guns was.

Die keuse van die rentekoers om te gebruik vir die berekening van die termynwisselkoers tussen die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika is nie so voor die hand liggend soos in die geval van die inflasiekoers en die ekonomiese groeikoers nie. Daar bestaan slegs een datareeks elk vir hierdie twee veranderlikes, terwyl verskillende rentekoerse (kort of lang termyn; openbare of private sektor) vir die doel van die berekening van die rentekoersdifferensiaal gebruik kan word.

Kleinhandelrentekoerse word gebruik om die termynwisselkoers op meerjarige termynkontrakte vir buitelandse valuta vir die pond en die rand te bereken. Die onderliggende beginsel vir prysbepaling vir valutatermynkontrakte is rentekoersverskille tussen beleggings in verskillende geldeenhede; in hierdie geval die rentekoers wat op ’n pond deposito verdien word teenoor die rentekoers wat op ’n rand deposito verdien word. Veronderstel geldeenhede A en B, waar die eenjaar-rentekoers 1 persent is vir A en 10 persent vir B. As die wisselkoers aan die begin van een jaar $A1 = B1$ is en 100 eenhede van beide A en B vir een jaar belê word, sal die balans na een jaar $A1,01$ wees en $B1,10$. Gevolglik sal die wisselkoers $A1,01 = B1,10$ wees, of $A1 = B1,09$ (1,089). Die gevolg is dat die waarde van die geldeenheid van ’n land met ’n relatief laer rentekoers oor die lang termyn (sedert 1961 in hierdie ontleding) in waarde sal styg (appresieer) teenoor die geldeenheid van ’n land met ’n relatief hoër rentekoers.⁴

³ Die data wat ontleed word, is verkry van onderskeidelik die Regeringstatistiekdiens (“Government Statistical Service of GSS”) en Bank van Engeland (“Bank of England”) in die geval van die Verenigde Koninkryk en Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) en die SA Reserwebank in die geval van Suid-Afrika.

⁴ Oor die kort termyn kan ’n relatief hoër rentekoers egter lei tot ’n toename in die waarde van ’n geldeenheid weens hoër opbrengs op deposito’s en staatseffekte wat lei tot ’n toename in aanvraag na daardie geldeenheid. As dit egter oor die lang termyn voortduur, sal daar ’n geleentheid vir risikovrye arbitrage wees.

Die formule vir termynkontrak-prysberekening vir 'n termynwisselkoers (tk) vir een jaar is:

$$tk = mk \times [1 + r(p) \times t/j] / [1 + r(b) \times t/j] \dots\dots\dots (2)$$

Waar

mk = markwisselkoers van die twee geldeenhede, in hierdie geval die rand teenoor die pond, aan die begin van die tydperk;

r(p) = rentekoers in die plaaslike geldeenheid; rand in die geval van Suid-Afrika;

r(b) = rentekoers in die buitelandse geldeenheid; pond in die geval van die VK;

j = tydperk van een jaar uitgedruk in dae.⁵

Die gemiddelde jaarlikse kleinhandelrentekoers in Suid-Afrika sedert 1961 was 9,4 persent teenoor 5,4 persent oor dieselfde tydperk in die Verenigde Koninkryk. Die resultaat indien die waardes in model (2) ingevoeg word, is:

$$\begin{aligned} tk &= 2 \times [1 + 0,094 \times 365/365] / [1 + 0,054 \times 365/365] \\ &= 2 \times [1,094] / [1,054] \\ &= 2 \times 1,03795 \\ &= 2,0759 \text{ (R2,0759 = £1 na een jaar).} \end{aligned}$$

Deur dieselfde berekening 60 keer te herhaal, maar elke keer met die termynwisselkoers aan die einde van die vorige termyn as basis, kan die termynwisselkoers na 60 jaar bereken word. Vereenvoudig is die formule:

$$R2 = 1,03795^{60}$$

Die termynwisselkoers na 60 jaar gebaseer op hierdie formule is R18,69 = £1.

Indien die waardes, soos bepaal vir die verskillende veranderlikes, in die oorspronklike model (1) ingevoeg word, is die resultaat:

$$pd = 21 - 18,69 - (2 \times 4,33) + (2 \times 0,73)$$

$$pd = 9,51 \text{ (R9,51 = £1)}$$

Die politieke diskonto is dus R9,51/£1 met 'n wisselkoers van R11,49 = £1 wat bereken word uit groei-, inflasie- en rentekoersverskille. Die politieke diskonto is dus sowat 45,0 persent van die heersende wisselkoers, wat gootliks ooreenstem met die bevindings van die Big Mac-indeks.

5. GEVOLGTREKKINGS

Die ontleding in hierdie artikel toon dat Suid-Afrika baie suksesvol was met desimalisasie in 1961. Suid-Afrika se desimalisasieproses het as voorbeeld vir ander Gemenebeslande soos die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland gedien. Dit is vandag ondenkbaar dat Suid-Afrika 'n geldstelsel met drie komponente (£/s/d) gehad het, met een komponent wat uit 20 subdele bestaan het en 'n ander wat uit 12 subdele bestaan het. Uit hierdie oogpunt het desimalisasie dus sin gemaak.

⁵ In die meeste Gemenebeslidlande (insluitend Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk) word 'n jaar as 365 dae geag, terwyl dit in alle lande as 360 dae geag word (Van Zyl *et. al.* 2009).

Omdat desimalisasie Suid-Afrika se republiekwording met sowat vier maande voorafgegaan het, word hierdie twee aspekte dikwels met mekaar in verband gebring. Dit is egter duidelik uit hierdie ontleding dat desimalisasie en republiekwording twee verskillende prosesse was, wat albei toevallig in dieselfde jaar plaasgevind het. Desimalisasie was nie 'n republikeinse gedagte nie, maar 'n praktiese oorweging. Suid-Afrika het reeds voor desimalisasie 'n eie geldeenheid gehad.

Dit blyk uit die ontleding dat die rand teen 'n baie groot politieke diskonto (sowat 45 persent) teenoor die pond verhandel. Sedert 1961 was die Suid-Afrikaanse owerhede dus baie onsuksesvol met die beskerming van die waarde van die rand teenoor die pond. Weens politieke onsekerheid in Suid-Afrika, is dit onmoontlik om die waarde van die rand teenoor die pond oor die volgende 60 jaar te voorspel. As die tendens van die laaste 60 jaar herhaal word, sal die wisselkoers in 2081 sowat £1 = R180,00 wees.

BIBLIOGRAFIE

- Arndt, E. H. D. 1961. The introduction of a decimal coinage system in the Union of South Africa. *SA Journal of Economics*, 29(2) June. <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/j.1813-6982.1961.tb02359.x> [6 Januarie 2020].
- Ball, P. 2016. A short history of the metrification movement in South Africa. *Theheritageportal*. 4 September. Theheritageportal.co.za [30 Desember 2019].
- Brink, L. E. 2015. Die lewe, werk en invloed van F. V. Engelenburg in Suid-Afrika (1889 – 1939). PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.
- British Pathé [S.a.], *Decimal Coinage*. <https://www.youtube.com/watch?v=EosWw5RfLE8> [Verskeie datums].
- Casjass. 2016. Daan Desimaal – *Springbokradio*. <https://www.youtube.com/watch?v=cVhueSJiuYU> [Verskeie datums].
- CGS Radio Archives*. [S.a.] gordlaws.co.za + decimal dan [30 Desember 2019].
- Chaloner, T. C. 1914. Proposals for adopting a decimal system of coinage in South Africa. *Journal of the Institute of Bankers in South Africa*. May. Vol XI:2.
- Currency Information. 2011. *The History Of The British Pound*. <http://currencyinformation.org/history-of-the-british-pound> [24 November 2019].
- Die Huisgenoot*. 1938. Gedenkuitgawe. Desember. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Engelbrecht, C. L. 1987. *Geld in Suid-Afrika*. Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.
- Erasmus, D.P. 1960. Die aanleiding tot en enkele implikasies van die desimalisasie van die Suid-Afrikaanse geldstelsel. *Koers*, 27:10. <https://journals.koers.aosis.co.za> [30 Desember 2019].
- Falk, T. 2019. *The British Pound – Fourth most traded currency in the world*. 28 Junie. <https://www.finder.com/british-pound> [24 November 2019].
- Gillespie, A. 2019. *Foundations of Economics*. 5th edition. United Kingdom: Oxford University Press. *Historical Gold Prices* [S.a.] https://nma.org/wp-content/uploads/2016/09/historic_gold_prices_1833_pres.pdf [Verskeie datums].
- Jarvis, A-A. 2011. The Timeline: British currency. *Independent*. 18 Februarie. <https://www.independent.co.uk/news/uk/this-britain/the-timeline-british-currency-2218295.html> [24 November 2019].
- Johnson, B. [S.a.]. Decimalisation in Britain. *Historic UK*. <https://www.historic-uk.com/HistoryUK/HistoryofBritain/Decimalisation-in-Britain/> [23 November 2019].
- Kennedy, A. 1977. Marco Polo on Money. *Foundation for Economic Education*. 1 Desember. <https://fee.org/articles/marco-polo-on-money/> [6 Januarie 2020].
- Mohr, P. 2011. *Economic Indicators*. 4e uitgawe. Pretoria: Unisa Press.
- Numista*. 2018. Decimalisation around the world. <https://en.numista.com/forum/topic76500.html> [23 November 2019].
- Reynolds, E. C. 1913. Presidential Address. *Journal of the Institute of Bankers in South Africa*. June. Vol X:3.

- Rossouw, J. 2008. Inflation in South Africa, 1921 to 2006: History, measurement and credibility. Unpublished PhD thesis, University of KwaZulu-Natal. <https://repository.up.ac.za/handle/2263/27224> [Verskeie datums].
- SA Reserve Bank. 1971. *A short historical review issued in commemoration of the Bank's fiftieth anniversary*. Pretoria: SA Reserve Bank.
- SABC. S.a. SABC News and current affairs (this day in history 21 January 1960): Dr Verwoerd announces referendum on independence. <https://iono.fm/e/133094> [22 November 2019].
- Simetric. [S.a.] http://www.simetric.co.uk/feet_to_metres.php [Verskeie datums].
- Stals, C. L. 1996. Seventy-five years of central banking in South Africa. Voordrag deur die president van die SA Reserwebank by geleentheid van die banket ter herdenking van die 75ste bestaansjaar van die SA Reserwebank. Pretoria. <http://www.resbank.co.za> [Verskeie datums].
- The Economist*. 2019. The Big Mac index. 29 Julie. <https://www.economist.com/news/2019/07/10/the-big-mac-index>. [Verskeie datums].
- The New Encyclopaedia Britannica*. 1994. Vol 25.
- Union of South Africa. 1958. *Report of the Decimal Coinage Commission*. UG 35/1958. Government Printer: Pretoria.
- US Metric Association*. [S.a.] Countries that have switched to decimal currencies. <https://usma.org/conversion-to-decimal-currency> [Verskeie datums].
- Van Rensburg, C. 1989. *Die Suid-Afrikaanse Munt en Banknoot Katalogus, 2002 – 2003*. Randburg: Randburg Munt.
- Wordorigins Archive*. [S.a.] <http://p098.ezboard.com/fwordoriginsorgfrm6.showMessage?topicID=478.topic> [Verskeie datums].
- Van Zyl, C, Botha, Z, Skerritt, P & Goodspeed, I. 2009. *Understanding South African Financial Markets*. 3e uitgawe, 2e druk. Pretoria: Van Schaik.
- World Economic Forum, S.a. *A short history of the British pound*. <https://www.weforum.org/agenda/2016/06/a-short-history-of-the-british-pound/> [24 November 2019].

Analisering van die bydraende rol van die rekeningkundige professie om ons planeet te red

Analysing the contributory role of the accounting profession to save our planet

ANET SMIT

NWU Besigheidskool

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Anet.Smit@nwu.ac.za



Anet Smit

ANET SMIT is 'n hoogleraar verbonde aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy het haar doktorsgraad in Finansiële Rekeningkunde in die veld van die finansiering van konsessie-ondernemings gedoen. Nadat sy 'n paar jaar in die praktyk was, is sy terug na die akademie om Finansiële Rekeningkunde te doseer. Die vakdissipline Bestuursrekeningkunde het haar geïnteresseer veral in die konteks van MBA-studies. Vir die afgelope tydperk is die MBA-omgewing en uitvoerende leer haar doseerveld. Verskeie artikels is gepubliseer in die veld van volhoubaarheid met die fokus op Omgewingsbestuursrekeningkunde en geïntegreerde verslagdoening.

ANET SMIT is professor at the North-West University in Potchefstroom, South Africa. She completed her PHD in Financial Accounting on the financing of franchises. Previously she was a lecturer in Financial Accounting, but has since become interested in the field of Management Accounting. For the past several years she has been lecturing Management Accounting within the MBA program and in a variety of executive education programs. She has published articles in the field of sustainability disclosure, Environmental Management Accounting (EMA) and integrated reporting.

ABSTRACT

Analysing the contributory role of the accounting profession to save our planet

Sustainability and sustainable development are often contested concepts associated with a wide range of meanings and theories. Different worldviews by people and organisations influence the different concepts entertained in respect of sustainable development. Furthermore, pursuing sustainable and sustainability concepts is usually in direct conflict with the drive to generate profits. This review article focuses on potential developments and adjustments in the business world to ensure sustainability. With the sustainability concept in mind, the purpose of the article is to explore the role and contribution of the accounting profession with regard to sustainable development. Previous studies indicate that Financial Accounting is prone to

Datums:

Ontvang: 2019-10-16

Goedgekeur: 2020-04-03

Gepubliseer: September 2020

standardisation and regulation in accordance with international and local accounting standards and that it is therefore problematical to accommodate sustainability. The next step was to analyse the manner in which the sustainability concepts could be incorporated into Management Accounting. As the measurement and reporting of environmental costs continue to be problematic, a whole new discipline has been developed, namely Environmental Management Accounting. The relationship between monetary information and increased output while simultaneously reducing environmental pollution or natural resource consumption can be expressed in an eco-efficiency ratio or an economic efficiency indicator (EDI). These trends of measuring and analysing require the establishment of new subject disciplines as part of Environmental Management Accounting, including the development of new specialist fields such as Water Accounting and Carbon Accounting. The implementation of a large number of environmental management accounting tools is fundamental to promote integration and sustainability. The above developments and trends, considered from the perspective of the accounting profession, can make a positive contribution to the protection of our environment. Greater collaboration between researchers, academics and professional accounting bodies can promote the sustainability of our planet.

KEYWORDS: sustainability, sustainable development, financial accounting, management accounting, environmental management accounting, eco-efficiency, accounting profession

TREFWOORDE: volhoubaarheid, volhoubare ontwikkeling, finansiële rekeningkunde, bestuursrekeningkunde, omgewings-bestuursrekeningkunde, ekodoeltreffendheid, rekeningkundige professie

OPSOMMING

Volhoubaarheid en volhoubare ontwikkeling is dikwels betwiste konsepte wat geassosieer word met 'n wye verskeidenheid verbandhoudende betekenis en teorieë. Verskillende wêreld-beskouings deur mense en organisasies beïnvloed die manier waarop volhoubare ontwikkeling hanteer word. Om volhoubaarheid en volhoubaarheidskonsepte na te streef, is meestal in direkte konflik met die dryfveer om winste te genereer. Hierdie oorsigartikel fokus op moontlike ontwikkelinge en aanpassings in die besigheidswêreld wat ten doel het om volhoubaarheid te verseker. Met die volhoubaarheidskonsep in gedagte, is die doelwit van hierdie artikel derhalwe om die rol en bydrae van die rekeningkundige professie in volhoubare ontwikkeling te ondersoek. Vorige studies dui aan dat Finansiële Rekeningkunde onderworpe is aan standaardisering en regulering in ooreenstemming met internasionale en plaaslike vereistes en dat dit daarom moeilik is om, gegewe dergelike gestandaardiseerde regulasies, volhoubaarheid te akkommodeer. Die volgende stap was om te ontleed hoe die volhoubaarheidskonsepte in Bestuursrekeningkunde geïnkorporeer kan word. Omrede die meting en rapportering van omgewingskoste steeds problematies blyk te wees, het 'n totale nuwe vakdissipline naamlik Omgewingsbestuursrekeningkunde ontwikkel. Die verhouding tussen monetêre inligting en verhoogde uitset enersyds en tegelykertyd daarmee die vermindering van omgewingsbesoedeling of natuurlike hulpbronverbruik andersyds, kan uitgedruk word in terme van 'n eko-doeltreffendheidsverhouding of 'n ekonomiesedoeltreffendheidsindikator (EDI). Hierdie behoefte om te meet en te ontleed, gee aanleiding tot nuwe vakdissiplines as deel van Omgewingsbestuursrekeningkunde, insluitende nuwe spesialisrigtings soos Water-rekeningkunde en Koolstofrekeningkunde wat tans ontwikkel word. Die implementering van 'n groot aantal

omgewingsbestuursrekenkundige instrumente vorm die grondslag vir die bevordering van integrasie en volhoubaarheid. Bogenoemde ontwikkelinge en tendense, benader vanuit die perspektief van 'n rekeningkundige professie, kan 'n positiewe bydrae lewer tot die beskerming van ons omgewing. Groter samewerking tussen navorsers, akademici en professionele rekeningkundige liggame kan die volhoubaarheid van ons planeet bevorder.

1. INLEIDING

Volhoubaarheid en volhoubare ontwikkeling is dikwels betwiste konsepte, gepaardgaande met 'n wye verskeidenheid betekenis en teorieë wat daarmee verband hou. Verskillende wêreldbeskouings deur mense en organisasies beïnvloed die talle benaderings wat daar ten opsigte van volhoubare ontwikkeling bestaan (Giddings *et al.* 2002:187; Bansal & DesJardine 2014:71). Die klassieke definisie van volhoubare ontwikkeling is om te voldoen aan die behoeftes van die hede sonder om toekomstige generasies in die bevrediging van hul behoeftes te benadeel (Keeble 1988). Ten spyte van al die debatte oor volhoubare ontwikkeling is daar steeds geen algemeen aanvaarde definisie of filosofiese benadering nie. Dikwels word volhoubaarheid met liefdadigheid verwar; volhoubaarheid gaan egter nie oor filantropie of om 'n tjeuk uit te skryf nie. 'n Ware volhoubare maatskappy of entiteit bedryf sy besigheid op so 'n wyse dat voordele natuurlik aan alle belanghebbers daaruit sal voortvloei (Savitz & Weber 2007:17). In ooreenstemming met die volhoubaarheidskonsep is die doel van hierdie artikel om die rol en bydrae van die rekeningkundige professie in volhoubare ontwikkeling te ondersoek. In die eerste gedeelte van die artikel word inligting verskaf om die kritieke toestand van ons planeet te illustreer.

2. AGTERGROND RAKENDE DIE KRITIEKE TOESTAND VAN ONS PLANEET

'n Paar interessante omgewingstatistieke om die erns van die probleem te kontekstualiseer en om die belangrikheid van volhoubare gedrag te beklemtoon, kan soos volg voorgestel word:

Elke minuut:

- word ten minste 51 hektaar tropiese woude vernietig;
- verbruik die mens bykans 35 000 vate olie;
- word 50 ton vrugbare grond vanaf landbougrond afgewas of weggewaai;
- voeg ons 12 000 ton koolstofdoksied tot die atmosfeer by.

Elke dag:


- word meer as 230 000 babas gebore;
- word 60 ton plastiekverpakking vervaardig, en
- word 372 ton visnet in die see gestort (earthstatistics 2018:1).

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie sterf 3.2 miljoen kinders, onder die ouderdom van vyf, elke jaar in ontwikkelende lande as gevolg van onveilige drinkwater en swak sanitasie. Ongeveer 3.5 miljard mense sal in 2025 watertekorte ervaar, hoofsaaklik as gevolg van waterbesoedeling en klimaatsverandering. As ons voortgaan met ons huidige verbruikspatrone, sal ons teen 2050 (dit is 30 jaar van nou af), 2.8 planete benodig om voorsiening te maak vir ons huidige verbruik. In die geskiedenis van ons planeet was daar vyf vorige geleenthede waar baie spesies en biodiversiteit verlore geraak het. Die vyfde was toe die dinosourusse uitgewis is. Vandag praat wetenskaplikes en natuurbewoerders, met verwysing na die bostaande statistieke, van die "sesde massa-uitsterwing" (earthstatistics 2018).

Daar word ook na hierdie sesde massa-uitsterwing verwys as die era van die antropogeen – dié era wat aandui dat mense, en die toenemende groei in die populasie, die aarde gaan vernietig. Na die inleiding, waarin die belangrikheid van volhoubaarheid beklemtoon is, word in die volgende paragraaf gepoog om ’n verband tussen besigheid met ’n winsmotief en volhoubaarheid te vind. Transformasie van besighedsprosesse word benodig om volhoubaarheid van die planeet te verseker. Waar hierdie twee wêreldes mekaar ontmoet, kan dit getipeer word as die volhoubaarheidsraakpunt.

3. VOLHOUBAARHEIDSRAAKPUNT


Maatskappye verwys soms na hul “raakpunt” as die plek waar die jaag na winste naatloos aansluit by die behoeftes van die gemeenskap en die omgewing. Volhoubare ontwikkeling word gereeld aangebied en geïllustreer as drie sektore, naamlik die ekonomie, die samelewing en die omgewing. Daar word dikwels daarna verwys as drie onderling gekoppelde ringe wat op ’n gebalanseerde manier bymekaar gebring word om enige konflik te versoen, soos in Figuur 1 geïllustreer.



Figuur 1: Algemene drie-ring-sektor-siening van volhoubare ontwikkeling
Aangepas uit Giddings, Hopwood & O'Brien (2002:189)

Hierdie benadering, wat algemeen bekend staan as die drievoudige benadering in die finansiële wêreld, is geneig om elke sektor in ’n kompartement te plaas. Die volgende vrae kan onder meer ter sprake kom: Kan die aantal produktiewe saagmeulens (ekonomiese voordeel, inkomste ontvang) vergelyk of vervang word met ’n uitgeroeide woud (omgewingsverlies, en die vernietiging van die osoonlaag)? Is outomatisering in die werkplek (ekonomiese voorspoed), gestel teenoor werkloosheid (’n maatskaplike agteruitgang) die beste opsie?

In werklikheid word gevind dat die ekonomiese voordele in die meeste gevalle daartoe neig om uitputting van die omgewing en die gevolglike agteruitgang van die samelewing te oorheers. Weereens is die volgende vrae tersaaklik: Hoe kan geld enige dierespesie vergoed vir sy verlies aan habitat of hoe kan ’n boom herstel wat deur suurreën vernietig is? Om hierdie vrae te takel, is ’n verbeterde voorstelling van die drie-ringe-benadering nodig, naamlik die geneste model van volhoubare ontwikkeling, soos in Figuur 2 geïllustreer.



Figuur 2: Geneste model vir volhoubare ontwikkeling
Aangepas uit Giddings, Hopwood & O'Brien (2002:192)

Hierdie model streef daarna om te verduidelik dat die ekonomie van die samelewing afhanklik is en dat beide op hul beurt van die omgewing afhanklik is. Sonder die samelewing kan daar geen ekonomie wees nie en die menslike samelewing is afhanklik van die omgewing. Alhoewel die geneste model 'n stap vorentoe was, is dit belangrik om te erken dat die natuurlike wêreld sonder mense sal oorleef. Die volgende stap is dan om die skeiding tussen die ekonomie en die optrede van mense (die samelewing) te verwyder.



Figuur 3: Afbreek van grense
Aangepas uit Giddings, Hopwood & O'Brien (2002:193)

Soos geïllustreer in Figuur 3, is daar 'n konstante vloei van materiale en energie tussen menslike aktiwiteite en die omgewing, en beide is voortdurend met mekaar in wisselwerking. Die beskrywing van bogenoemde interaksies lei tot die volgende stap om beskouend te beoordeel hoe die volhoubaarheidskonsep in die besigheidswêreld toegepas kan word. Met hierdie beskouende inslag word die rol en die ontwikkeling van die rekeningkundige profesie in samehang met volhoubaarheid bespreek.

4. OPERASIONALISERING VAN DIE VOLHOUBAARHEIDSRAAKPUNT

Verskeie benaderings en aksies kan in die besigheidswêreld toegepas word om nader aan die “volhoubaarheidsraakpunt” te beweeg ten einde laasgenoemde te operasionaliseer. Soos geïllustreer in Figuur 3, het die afbreek van grense gelei tot ’n geïntegreerde benadering wat die drie sektore sou kon versoen. Volhoubare ontwikkeling behoort gegrond te wees op ’n geïntegreerde benadering wat dui op afwisseling tussen aspekte soos armoede in die samelewing, uitputting van natuurlike hulpbronne en die groei in bruto binnelandse produk (BBP). Dit behoort ’n wen-wen-situasie vir alle rolspelers te wees. ’n Voorbeeld van so ’n wen-wen-situasie is die besluit om oor te skakel van steenkoolgedrewe energie-opwekking na hernubare energie, soos wind- of sonkrag. Die impak om volhoubaarheid te vestig, kan bereik word deur ’n geïntegreerde benadering te volg. Hindernisse tussen dissiplines moet oorkom word en ’n interdissiplinêre of selfs transdissiplinêre wêreldbeskouing word benodig. Teen die agtergrond van bostaande besprekings word die probleemstelling van hierdie artikel, tesame met die gepaardgaande navorsingsvraag, soos volg gestel: Hoe kan die rekeningkundige profesie, wat midde in die besigheidswêreld is, die transformerende rol na volhoubaarheid bevorder?

5. VOLHOUBAARHEID EN DIE REKENINGKUNDIGE PROFESSIE

5.1 Inleiding

Die benadering wat die rekeningkundige profesie en akademiese instellings behoort te volg, is om te verseker dat die leiers van môre volhoubaarheid, goeie korporatiewe bestuur en etiek verstaan. Besigheidskole wat leiers oplei, asook ander betrokkenes by die rekeningkundige profesie, moet aantoon dat hul kurrikulums tersaaklike onderwerpe wat volhoubaarheid verseker, insluit. Kernaspekte is om die hindernisse na volhoubaarheid te identifiseer, om ’n etiese benadering te volg en om probleme op ’n geïntegreerde en holistiese wyse aan te pak. Bogenoemde bespreking bied konteks aan die navorsingsveld en die onderliggende beginsels van volhoubaarheid en integrasie. Die feit dat maatskappye die middeleg tussen wins en langtermynvolhoubaarheid moet vind, is van kardinale belang. In die volgende paragrawe word die ontwikkelinge en beperkinge in die rekeningkundige profesie, met spesifieke verwysing na die vakdissiplines Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde bespreek.

5.2 Finansiële Rekeningkunde en volhoubaarheid

Bakker (2012) van die World Business Forum for Sustainable Development het reeds in 2012 beweer: “accountants are going to save the world”. Dit kan gedoen word met behulp van spesifieke professionele vaardighede soos om risiko’s te analiseer en kennis van korporatiewe bestuur en deursigtigheid (Makarenko & Plastun, 2017). Na ’n lang pad van ontwikkeling in die veld van rekeningkundige verslagdoening, is die drievoudige benadering, of beter bekend as die “Triple bottom line” (TBL) in 1997 deur Elkington as ’n instrument voorgestel om volhoubare ontwikkeling te stimuleer (Elkington 2006).

Namate volhoubaarheidsverslagdoening of die drievoudige benadering van verslagdoening ontwikkel het, naamlik om oor wins, mense en die omgewing verslag te doen, was die resultaat toenemend die totstandkoming van geïntegreerde verslagdoening. Rekeningkunde en die

rapportering daarvan het dus voortdurend ontwikkel en aangepas om finansiële sowel as nie-finansiële inligting in een verslag te kombineer (Anderson & Varney 2015:60).

Die grondrede vir geïntegreerde verslagdoening is die doelwit om belanghebbendes in staat te stel om die organisasie se vermoë om waarde oor kort-, medium- en langtermyn te skep en te onderhou, sonder om die hulpbronne van die onderneming uit te put (Bouten & Hoozée 2015; Hughen *et al.* 2014). Die Integrated Committee of South Africa (IRCSA) het begin werk aan riglyne vir geïntegreerde verslagdoening. Dit het gelei tot die ontwikkeling van 'n Internasionale Raamwerk vir Geïntegreerde verslagdoening, wat in 2013 by die International Integrated Reporting Council (IIRC) vrygestel is. Die doel van die IIRC is om die gehalte van inligting wat beskikbaar is vir verskaffers van finansiële kapitaal te verbeter en om 'n meer doeltreffende en produktiewe toewysing van kapitaal te vestig (IIRC 2013). Hierdie inisiatief het aangesluit by die onlangse King IV-verslag wat in 2016 gepubliseer is, waarin geïntegreerde verslagdoening en geïntegreerde denke beklemtoon word (IoDSA, 2016). Bogenoemde inisiatiewe en ander navorsing op die gebied van rekeningkunde het bevestig dat meer klem op volhoubaarheidskwessies in die veld van rekeningkunde benodig word. Meer navorsing oor hoe finansiële sowel as bestuursrekeningkundige praktyke kan bydra tot die volhoubaarheid van maatskappye, behoort oorweeg te word (Albelda 2011; Guenther *et al.* 2016:148).

'n Aantal teoretiese raamwerke soos die institusionele teorie, legitimiteitsteorie, agent-skapsteorie en belanghebbende-teorie is gebruik om die belangrikheid van korporatiewe sosiale verslagdoening (KSR) te verduidelik (Chan *et al.* 2014; Snider *et al.* 2003). Verskeie studies wat op die gebied van finansiële rekeningkunde uitgevoer word, is gebaseer op die legitimiteitsteorie. Die standpunt of wêreldbeskouing wat hierdie teorie onderlê, is gebaseer op die idee van 'n sosiale kontrak tussen 'n maatskappy en die samelewing en daarom moet die maatskappy sosiaal verantwoordelike inligting openbaar om 'n sosiaal verantwoordelike beeld te kan projekteer. In die legitimiteitsteorie word die siening aanvaar dat maatskappye by publieke openbaarmakings betrokke sal raak om maatskaplike druk te verlig. Aangesien finansiële rekeningkunde in hoë mate gereguleer word aan die hand van spesifieke rekeningkundige reëls, het dit tot onvolledige vaslegging en aanbieding van omgewings- en maatskaplike kwessies gelei. Bogenoemde reëls en regulasies wat deel is van Finansiële Rekeningkunde is een van die aspekte wat die rekeningkundige professie se bydrae tot volhoubaarheid beperk.

Verskeie verslae deur rekeningkundige liggame het voorgestel dat die rekeningkundige beroep 'n rol moet speel om maatskappye te stimuleer om 'n leierskapsposisie ten opsigte van volhoubaarheid in te neem (Gibassier 2017:37). Volgens Jones (2010) is rekeningkunde, soos tans beoefen in die moderne korporasie, baie korttermyn georiënteerd, terwyl omgewingsprobleme soos aardverwarming oor baie lang tydperke strek. Hierdie siening is vroeër bevestig deur Bebbington en Thomson (2013:278), wat in hul redaksionele uitgawe oor “Volhoubare ontwikkeling in Bestuursrekeningkunde – 'n Grensoorgang” geskryf het dat geen van die wetenskaplike artikels werklik volhoubare ontwikkeling of die mees onlangse denke ten opsigte van volhoubaarheid daarin verwoord het nie. Hierdie standpunt word deur Christensen en Himme (2017:228) onderskryf in hulle stelling dat 'n doelgerigte benadering tot volhoubaarheid in rekeningkunde steeds ontbreek.

Ten spyte van baie navorsingsverslae wat na vore gekom het, was die vraag steeds hoe die rekeningkundige professie die volhoubaarheidskwessies gunstig kan aanpak? Rekeningkundige liggame het voortdurend geredeneer dat die rekeningkundige professie 'n rol moet speel om maatskappye tot 'n beter situasie betreffende volhoubaarheid te lei (Gibassier *et al.*

2018:7). Vorige studies het aangedui dat finansiële rekeningkunde toenemend onderwerp word aan internasionale en plaaslike rekeningkundige standaarde en regulasies. Finansiële rekeningkunde moet voldoen aan meer wette en regulasies en is dus nie by magte om volhoubare ontwikkeling ten volle te ondersteun nie (Tsui 2014:5).

In reaksie op die uitdagings wat tradisionele rekeningkundige stelsels in die gesig staar om volhoubaarheid te akkommodeer, beweeg die soektoeg na bestuursrekeningkunde.

5.3 Bestuursrekeningkunde en volhoubaarheid

Bestuursrekeningkunde het die probleem van wette en regulasies oorkom, maar studies dui daarop dat omgewings- en sosiale kostes nog nie in die state sigbaar is nie, maar in bokosterekening geabsorbeer word (Jamil *et al.* 2015:620). Omgewingskoste word dikwels verkeerd bereken en foutief geallokeer weens die gebrek aan 'n goeie rekeningkundige stelsel wat akkurate kostetoedeling moet verskaf.

Wanneer maatskappye meer risiko's en volhoubaarheidskwessies identifiseer, is daar 'n breër vlak van rekeningkundige inligting nodig. Meer volhoubare, nie-finansiële en toekomsgerigte inligting word benodig om hierdie dinamiese en onsekere omgewing te bestuur en strategies te benader. Bestuursrekeningkunde wat op volhoubaarheidsprestasië fokus, kan organisatoriese verandering bevorder deur die risiko's en geleenthede wat met volhoubaarheid geassosieer word, aan te pak (Burrill *et al.* 2010). Binne hierdie konteks is 'n voorbeeld die instelling van belasting op koolstofvrystellings om klimaatsverandering teë te werk en dui dit in hierdie opsig 'n bykomende besighedsrisiko aan. Hierdie risiko's moet gemeet, gerapporteer en bestuur word. Maatskappye moet die risiko van klimaatsverandering en die betaling van koolstofbelasting evalueer, die risiko kwantifiseer en hul strategieë dienoreenkomstig aanpas.

Nog 'n probleem met die identifisering van omgewingskoste is die gebrek aan kommunikasie tussen rekenmeesters en omgewingsdeskundiges (Tsui 2014:6). Schaltegger en Burrill (2018) asook Bebbington en Thomson (2013:278) het beweer dat die meeste akademiese publikasies in die veld van bestuursrekeningkunde min met die konsep van volhoubaarheid te make het. Professionele rekeningkundige liggame het aangedui dat rekenmeesters die leiding moet neem om volhoubaarheidsrekeningkunde in 'n organisasie te implementeer, maar rekeningkundige navorsingsopnames het getoon dat dit nie die geval is nie (Gibassier & Alcouffe 2018:5).

Gibassier en Alcouffe het onlangs voorgestel dat **omgewingsbestuursrekeningkunde** (OBR) die ontbrekende skakel tot volhoubaarheid kan wees! Environmental Management Accounting (EMA) wat volhoubare ontwikkeling insluit, kan 'n welkome skuif wees om organisasies met volhoubaarheid te versoen. Gibassier en Alcouffe (2018:3) stel ook voor dat professionele liggame, praktisyns en akademici hul huidige praktyke moet evalueer om die konsep van volhoubaarheid in nuwe hulpmiddele en standaarde te implementeer.

5.4 Omgewingsbestuursrekeningkunde en volhoubaarheid

Omgewingsbestuursrekeningkunde moet nie gesien word as 'n aparte rekeningkundige stelsel nie, maar as 'n stelsel wat waarde tot die konvensionele rekeningkundige stelsel toevoeg (IFAC 2005). Dit verskaf nuttige inligting aan besighede om prestasie te bestuur en te verbeter en, veral belangrik, om volhoubare ontwikkeling te beklemtoon. Dit blyk dus op hierdie stadium dat ontwikkelinge in die rekeningkundige professie wat na 'n nuwe vakdissipline, naamlik Omgewingsbestuursrekeningkunde gelei het, die antwoord kan wees. Die volgende stap is nou om hierdie nuwe vakdissipline te definieer en te analiseer.

Omgewingsbestuursrekeningkunde (OBR) word gedefinieer as *die bestuur van monetêre, fisiese en kwalitatiewe inligting oor die omgewingsimpak en die finansiële gevolge van omgewingsverwante besigheidsaktiwiteite – inligting wat interne en eksterne besluitneming, verslagdoening en aanspreeklikheid ondersteun* (Latan *et al.* 2018:279).

Johnstone (2018) het aangevoer dat die korporatiewe kultuur van 'n maatskappy ook sy verhouding met die omgewing moet weerspieël. Die verwysing na die omgewing behoort deel van die missie en visie van 'n besigheid te wees. 'n Manier om dit te implementeer, is om sleutelprestasie-aanwysers te ontwikkel wat strategies belangrike volhoubaarheidskwessies weerspieël en meet. Aangesien ons vorige omgewingsrampe, soos BP se oliestorting in die Golf van Mexiko, orkane, die Asiatiese tsoenami en aardverwarming kan onthou, is dit duidelik dat hierdie voorvalle bewusheid by die publiek en ook 'n groter vraag van belanghebbendes na maatskappye wat op 'n volhoubare wyse optree, skep (Gunarathne & Lee 2015:362).

Dit is belangrik om die fokus op die integrasie van omgewingskwessies in die daaglikse bedrywighede van die maatskappy te beklemtoon en om seker te maak dat omgewingsaspekte deel van die langtermyn-volhoubaarheidstrategie van die maatskappy vorm. Die omgewingstrategie bevat aspekte soos: Hoe om geïntegreerde omgewingsprestasie te meet, hoe om inkomste uit groen produkte te genereer, en hoe om groen/omgewingsvriendelike produkte te bemark (Bui & De Villiers 2017:5).

Omgewingsbestuursrekeningkunde kan maatskappye op die volgende maniere ondersteun ten opsigte van volhoubare prestasie:

- Ondersteun maatskappye deur hul omgewingsimpak op werkers, die gemeenskap en ander belanghebbendes te kwantifiseer;
- Voorsien volhoubare prestasiemaatreëls vir operasionele prosesse en verslaggewingvoorigting;
- Versamel inligting wat koste en besparings identifiseer;
- Bied maatskappye die kans om risiko's en geleenthede te erken;
- Skep fisiese en monetêre maatreëls wat noodsaaklik is vir alle volhoubare bestuurspraktyke (Gunarathne *et al.* 2015:367).

Soos blyk uit vorige besprekings, word volhoubaarheid as 'n belangrike aspek in enige besigheid erken, maar die geïdentifiseerde uitdagings is hoe om volhoubaarheidsaspekte in die besigheidswêreld te operasionaliseer. Deel van hierdie uitdaging is om die gebruik van insetfaktore te meet, byvoorbeeld energieverbruik in verhouding tot die uitset van produksie. Soos deur Christensen en Himme (2017:229) genoem, het omgewingsbestuursrekeningkunde beter hulpmiddele nodig om interne besluitneming sowel as eko-doeltreffendheid in hulbrontoewysing te verbeter. Met hierdie faktore in gedagte word 'n verdere ontwikkeling in OBR, naamlik **doeltreffendheidsmeting**, ondersoek. Soos ons almal ekonomiese aktiwiteite ken, is sodanige aktiwiteite die hoofrede vir die uitputting van ons natuurlike hulpbronne (Virtanen *et al.* 2013). Daarom benodig omgewingbestuurrekeningkunde beter instrumente om besluitneming te verbeter oor hoe om hierdie beperkte hulpbronne te bestuur. Dit bring ons by die term: **eko-doeltreffendheid**.

Volgens verskeie skrywers (Christensen & Himme 2017:229; Burnett & Hansen 2008:551; Fonseca & Chiappetta Jabbour 2012) word deur middel van eko-doeltreffendheid daarna gestreef om produktiwiteit te verhoog en koste te verminder terwyl die omgewing terselfdertyd nie vernietig word nie. Deur die konsep van eko-doeltreffendheid in die besigheidswêreld te vestig, kan die rekeningkundige professie 'n bydrae tot 'n volhoubare omgewing lewer. Die opvatting is dat 'n omgewingsrekeningkundige stelsel (ORS) benodig word wat fisiese inligting

soos die gebruik en vloeï van materiale, water- en energie-verbruik en hoeveelheid afval wat gegenerer word, kan identifiseer, meet en rapporteer. Die fisiese inligting (byvoorbeeld energieverbruik) word dan geplaas in 'n verhouding tot die monetêre inligting. Die verhouding tussen die monetêre inligting (insetkoste in rand) en verhoogde uitset (toename in eenhede wat geproduseer word) onderwyl die besoedeling of koolstofvrystellings terselfdertyd verminder word, moet die behoefte aan 'n eko-doeltreffendheidsverhouding of 'n ekonomiese doeltreffendheidsindikator (EDI) bevestig (Burnett & Hansen 2008). Die EDI is ontwerp om die ekologiese doeltreffendheid van groei vas te stel deur die doeltreffendheid van ekonomiese aktiwiteit te meet, beide in terme van verbruik en produksie (hulpbrongebruik) en die ooreenstemmende omgewingsimpak. 'n Formule wat gebruik kan word om eko-doeltreffendheid te bereken, kan soos volg aangedui word: **Omgewingskoste/ekonomiese uitset.**

Omgewingskoste kan die volgende wees: Besoedelingsemissies (CO₂ of koolstofvrystellings), Hulpbronverbruik (energie of watergebruik) en *Ekonomiese uitset kan die volgende wees:* Toegevoegde waarde van voordeel (BBP per capita) of Eenheid van produk of diens (per km, per m²) (Christensen & Himme 2017:231).

Die gebruik van 'n ekonomiese doeltreffendheidsindikator (EDI) is geïdentifiseer as een van die belangrikste instrumente om volhoubaarheid te meet. Dit kan gebruik word om die volgende te doen:

- Meet die eko-doeltreffendheid van verskillende sektore binne die land;
- Vergelyk die eko-doeltreffendheid van ekonomiese groei van verskillende lande;
- Identifiseer beleidsareas vir verbetering in die bereiking van ekonomiese voordeel; en
- Volg tendense in eko-doeltreffendheid oor tyd (Virtanen 2013:406).

Nog 'n manier om eko-doeltreffendheid te konseptualiseer, is om dit te beoordeel as 'n aanduiding van hoe doeltreffend maatskappye beperkte natuurlike hulpbronne, soos water, olie en koolstof, gebruik (Passeti & Tenucci 2016:228; Burnett & Hansen 2008:553). Hierdie soort positiewe bewyse wat aantoon dat goeie omgewingsbestuurspraktyke voordelig met goeie ekonomiese prestasie geassosieer word, sal beleggers stimuleer om in "groen" maatskappye te belê. Die Europese Unie sien eko-doeltreffendheid as 'n instrument vir maatskappye om hul ekologiese voetspoor te verminder en om die meting van omgewings- en ekonomiese prestasie te integreer. Soos aangedui in Tabel 1 hier onder is die feit dat 15 415 liters water nodig is om 1 kg beesvleis te vervaardig, nuttige maar ontstellende inligting.

TABEL 1: Uitset in verhouding tot watergebruik

Voedsel	Aantal	Waterverbruik, liters
Sjokolade	1 kg	17 196
Beesvleis	1 kg	15 415

IISD (2016).

Verskeie maatskappye integreer eko-doeltreffendheid in hul besigheidstrategie, insluitende hul bedryfs-, produkinnovasie- en bemarkingstrategieë. 'n Studie deur Passeti en Tenucci (2016:237) het tot die gevolgtrekking gekom dat eko-doeltreffendheidsmetings sowel strategiese as operasionele besluite kan ondersteun. Die studie beveel aan dat wetgewing nodig is om maatskappye aan te moedig om omgewingsbestuursrekeningkundige instrumente soos

eko-doeltreffende aanwysers te aanvaar. Bogenoemde verwys weereens na die rol wat die rekeningkundige profesie kan speel ten einde die praktyk van volhoubaarheid te bevorder.

Die probleem wat deur baie besighede ervaar word, is hoe om die verbruik van 'n spesifieke hulpbron, soos energie, op 'n spesifieke verbruikspunt sonder enige bykomende koste fisies in te samel. Dit verwys na die nuutste vooruitgang en 'n nuwe rigting in omgewingsbestuursrekeningkunde en eko-doeltreffendheid, naamlik die ontwikkeling van totaal nuwe subdissiplines in OBR, naamlik: Waterbestuursrekeningkunde, Koolstofbestuursrekeningkunde en Natuurlike kapitaalrekeningkunde.

In die gevolgtrekkings van 'n studie wat onlangs deur Burritt en Christ (2017) uitgevoer is, het hulle die behoefte aan verbeterde korporatiewe Water-rekeningkunde beklemtoon, wat fisiese waterinligting aan die monetêre verwante impak en effek van water verbind. Soos deur Christ en Burritt (2016) gestel, is 'n proaktiewe omgewingstrategie waarskynlik die gebruik van OBR. Om die verband tussen risiko's, strategieë en die integrasie van volhoubaarheid in rekeningkunde te verstaan, benodig ons inligting soos koolstofverwante bestuursrekeningkunde (Christensen & Himme 2016; Gibassier & Alcouffe 2018).

6. SAMEVATTING

Die ontwikkelinge in Finansiële Rekeningkunde sowel as die beperkinge daarvan is bespreek. Daarna is die Bestuursrekeningkundige terrein met die gepaardgaande ontwikkelinge soos Omgewingsbestuursrekeningkunde en eko-doeltreffendheidsmetings uiteengesit. Die resultaat verwys na totale nuwe vakdissiplines soos Water-rekeningkunde en Koolstofrekeningkunde. Die rekeningkundige profesie en ontwikkelinge wat hiermee verband hou stel dus die profesie in staat om 'n positiewe bydrae te lewer in pogings om ons planeet te red.

7. AANBEVELINGS

Die rekeningkundige profesie word aangemoedig om betrokke te raak by bogenoemde nuwe vakdissiplines. Die profesie kan besighede daarop wys dat hul nie hul omgewingsverantwoordelikhede kan vermy nie en dat omgewingsprestasie-aanwysers geïmplementeer moet word. Daarsonder kan besighede nie hul risiko's evalueer, en hul omgewingsvoetspoor meet nie, en kan hul strenger regulasies en meer druk van belanghebbendes ervaar. Meer pogings moet aangewend word om hul eko-doeltreffendheidsmeting te verbeter en dit in hul sakebeplanning te integreer. Soos bevestig deur Passetti & Tenucci (2016:237) is die implementering van 'n groot aantal omgewingsbestuursrekeningkundige instrumente kernbelangrik om integrasiemoontlikhede te bevorder. Om saam te vat: Ander navorsers, akademici, professionele rekeningkundige liggame en ander belanghebbendes word aangemoedig om volhoubaarheid toe te pas, om hul volhoubaarheidsraakpunt te vind en om ons planeet te red!

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, G.E. & Varney, R.M. 2015. Sustainability reporting: demonstrating commitment and adding value. *NACD Directorship*, 41(1):58-62.
- Anon. 2018. Population Matters. https://www.populationmatters.org/about/campaigns-and-projects/welcome-to-the-anthropocene/?gclid=EAIaIQobChMI7Pioq9m-3AIVhLHtCh1r7geJEAAYASAAEgKqKfD_BwE,
- Bansal, P. & Desjardine, M. R. 2014. Business sustainability: It is about time. *Strategic Organization*, 12(1):70-78.

- Bakker, P. 2012. Accountants will save the world. Speech at The Prince's Accounting for Sustainability Forum on December 13, 2012. <http://www.wbcscd.org/Pages/eNews/eneNewsDetails.aspx?ID=15305&NoSearchContextkey=true/>.
- Bebbington, J. & R. Gray. 2001. An Account of Sustainability: Failure, Success and a Reconceptualization. *Critical Perspectives on Accounting* 12(5):557-587.
- Bebbington, J. & Thomson, I. 2013. Sustainable development, management and accounting: Boundary crossing. *Management Accounting Research*, 24:277-283.
- Bouten, I. & Hoozée, S. 2015. Challenges in Sustainability and Integrated Reporting. *Issues in Accounting Education Teaching Notes*, 30:83-93.
- Bui, B. & C. de Villiers. 2017. Business strategies and management accounting in response to climate change risk exposure and regulatory uncertainty. *The British Accounting Review* 49 (1):4-24.
- Burnett, R. D. & Hansen, D. R. 2008. Ecoefficiency: Defining a role for environmental cost management. *Accounting, Organizations and Society* 33(6):551-581.
- Burritt, R. L. & S. Schaltegger. 2010. Sustainability accounting and reporting: fad or trend? *Accounting, Auditing & Accountability Journal* 23(7):829-846.
- Burritt, R. L. & Christ, K L. 2017. The need for monetary information within corporate water accounting. *J Environ Manage* 201:72-81.
- Burritt, R.L., Christ, K.L. & Omori, A. 2016. Drivers of corporate water-related disclosure: evidence from Japan. *Journal of cleaner production*, 129:65-74.
- Chan, H. K., Wang, X & Raffoni, A. 2014. An integrated approach for green design: Life-cycle, fuzzy AHP and environmental management accounting. *The British Accounting Review* 46(4):344-360.
- Christensen, B. & Himme, A. 2016. Improving environmental management accounting: how to use statistics to better determine energy consumption. *Journal of Management Control* 28(2):227-243.
- Deloitte. 2016. KING IV bolder than ever. Johannesburg: Deloitte.
- Elkington, J. 2006. Governance for sustainability. Paper presented at the 8th International conference on corporate governance and board leadership, Centre for board effectiveness, Henley Management College, 11-13 October 2005.
- Environmental Statistics. 2018. Truth to be known. <http://www.truthtobeknown.com/earthstatistics.htm>
- Fonseca, S. A. & Chiappetta Jabbour, C.J. 2012. Assessment of business incubators' green performance: A framework and its application to Brazilian cases. *Technovation* 32(2):122-132.
- Gibassier, D. 2017. From écobilan to LCA: The elite's institutional work in the creation of an environmental management accounting tool. *Critical Perspectives on Accounting* 42:36-58.
- Gibassier, D. & Alcouffe, S. 2018. Environmental Management Accounting: The Missing Link to Sustainability? *Social and Environmental Accountability Journal* 38(1):1-18.
- Giddings, B., Hopwood, B & O'Brien, G. 2002. Environment, economy and society: fitting them together into sustainable development. *Sustainable Development* 10(4):187-196.
- Guenther, E., Endrikat, J. & Guenther, T. W. 2016. Environmental management control systems: a conceptualization and a review of the empirical evidence. *Journal of Cleaner Production* 136:147-171.
- Gunarathne, N. & Lee, K H. 2015. Environmental Management Accounting (EMA) for environmental management and organizational change. *Journal of Accounting & Organizational Change*, 11(3):362-383.

- Hughen, L., Lulseged, A. & Upton, D. R. 2014. Improving stakeholder value through sustainability and integrated reporting. *The CPA Journal*, 84:57-81.
- IFAC. 2005. International guidance document: Environmental Management Accounting International Federation of Accountants. New York, NY: IFAC.
- IISD (International Institute for Sustainable Development). 2016. Operational Sustainability. <http://www.iisd.org/about/sdreporting/> [12 April 2018].
- IoDSA (Institute of Directors in Southern Africa). 2016b. King IV report on corporate International Integrated Reporting Committee. 2013. *The International (IR) Framework*. Retrieved from <https://integratedreporting.org/wp-content/uploads/2013/12/13-12-08-THE-INTERNATIONAL-IR-FRAMEWORK-2-1.pdf>
- Jamil, C. Z. M., Mohamed, R., Muhammad, F & Ali, A. 2015. Environmental Management Accounting Practices in Small Medium Manufacturing Firms. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 172:619-626.
- Johnstone, L. 2018. Theorising and Modelling Social Control in Environmental Management Accounting Research. *Social and Environmental Accountability Journal* 38(1):30-48.
- Jones, M. J. 2010. Accounting for the environment: Towards a theoretical perspective for environmental accounting and reporting. *Accounting Forum* 34(2):123-138.
- Keeble, B. R. 1988. The Brundtland report: 'Our common future'. *Medicine and War* 4(1):17-25.
- Latan, H., Chiappetta Jabbour, J C., Lopes de Sousa Jabbour, A. B., Wamba, S F. & Shahbaz, M. 2018. Effects of environmental strategy, environmental uncertainty and top management's commitment on corporate environmental performance: The role of environmental management accounting. *Journal of Cleaner Production*, 180:297-306.
- Makarenko, I & Plastun, A. 2017. The role of Accounting in sustainable development. *Accounting and Financial Control*, 1(2):4-12.
- Passetti, E. & Tenucci, A. 2016. Eco-efficiency measurement and the influence of organisational factors: evidence from large Italian companies. *Journal of Cleaner Production*, 122:228-239.
- Savitz, A.W. & Weber, K. 2007. The sustainability sweet spot. *Environmental quality management*, 17(2):17-28.
- Schaltegger, S. & Burritt, R. 2018. Business Cases and Corporate Engagement with Sustainability: Differentiating Ethical Motivations. *Journal of Business Ethics*, 147(2):241-259.
- Snider, J., Hill, R. P. & Martin, D. 2003. Corporate Social Responsibility in the 21st Century: A View from the World's Most Successful Firms. *Journal of Business Ethics*, 48(2):175-187.
- Tsui, C. S. K. 2014. A literature review on Environmental Management Accounting (EMA) adoption. *Web Journal of Chinese Management Review*, 17(3):1-19.
- Virtanen, T., Tuomaala, M. & Pentti, E. 2013. Energy efficiency complexities: A technical and managerial investigation. *Management Accounting Research*, 24(4):401-416.
- WWF (World Wide Fund For Nature). 2016. Water: facts and futures. http://awsassets.wwf.org.za/downloads/wwf009_waterfactsandfutures_report_web_lowres_.pdf. [29 Nov. 2018].

'n Assessering van die persepsies oor digitale transformasie by 'n Suid-Afrikaanse handelsbank – 'n geval van Antropogeen-ontkenning vir die ekonomie?

An assessment of perceptions concerning digital transformation at a South African commercial bank – a case of Anthropocene denial for the economy?

RA LOTRIET EN K KOKOTWANE DITSHEGO

Besigheidskool
Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Ronnie.Lotriet@nwu.ac.za



Ronnie Lotriet Johannes Ditshego

RONNIE LOTRIET is Programbestuurder van die NWU-Besigheidskool se vlagskipkwalifikasie (MBA) en tree ook op as Bestuurskonsultant. Op nasionale vlak dien hy op panele soos die HEQC se MBA Standard Development Committee van die CHE. Hy dien ook op die SA Akademie se benoemingspaneel vir die Stalsprys en die beste Joernalistiekbydrae. Hy is die outeur van meer as 30 nasionale en internasionale artikels; en het meer as 40 nasionale en internasionale referate by verskeie wetenskaplike vakkonferensies gelewer. Daarbenewens is hy promotor van ongeveer 60 Magister- asook studieleier vir verskeie PhD-studente.

RONNIE LOTRIET is a Programme Manager of the prestigious MBA programme of the North West University's Business School at Potchefstroom, besides being a consultant for Business Management. At national level he serves on panels such as the HEQC's MBA Standard Development Committee of the CHE. He is a member of the SA panel for determining the Stals prize as well as the best contribution in Journalism. He is the author of more than 30 national and international articles; and he has read more than 40 national and international papers at various scientific subject conferences. He is the promoter of approximately 60 Master's students as well as supervisor to a number of doctoral students.

JOHANNES DITSHEGO het sy MBA- kwalifikasie verwerf en is tans 'n bestuurder in een van die groot kommersiële banke in Suid-Afrika.

JOHANNES DITSHEGO holds an MBA qualification and is currently a manager in one of South Africa's big commercial banks.

Datums:

Ontvang: 2019-10-06

Goedgekeur: 2020-02-22

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***An assessment of perceptions concerning digital transformation at a South African commercial bank – a case of Anthropocene denial for the economy?***

Compared to other industrialised countries the South African banking industry is at present well developed and controlled. However, the industry is under stress due to a number of reasons including customer demands for more seamless banking experience. The Fintechs and other digital disruptors such as Blockchain are also causing turmoil in the industry. The banks are under massive pressure to transform their business models to a more customer-centric approach in order to stay relevant. Digital transformation is seen as the solution to the challenges faced by banks. The core digital transformation practices such as leadership, digital trends, digital transformation skills, digital strategies, implementation of digital technologies, and customer-centric approach are seen as influences brought to bear on digital maturity levels. The Bank has felt the disruption and is working towards changing its business model from product-centric to customer-centric. This research was undertaken to assess how the core practices influence digital maturity in the Bank. The participants were asked to rate the Bank's maturity level among the options given; early, developing, and maturing. The majority of the respondents view the Bank as developing in terms of maturity. The statistical techniques were employed to assess the relationship between digital maturity and digital transformation core practices. Furthermore, an ordinal logistic regression analysis was employed to establish what relationship exists between digital maturity level and the combined core factors, i.e. a prediction was made about an ordinal response variable given a set of independent variables. The results revealed that a relationship exists between digital maturity and core practices. In particular, the research has shown that an interconnected set of digital transformation core practices work together to influence digital maturity.

KEY WORDS: digital maturity, digital transformation, digital revolution, the Fourth Industrial Revolution, fintechs, big data, blockchain

TREFWOORDE: digitale volwassenheid, digitale transformasie, digitale rewolusie, die Vierde Nywerheidsomwenteling, groot data, kettingblok, tegnologie

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse bankbedryf is goed ontwikkel in vergelyking met ander geïndustrialiseerde lande. Die bankbedryf is egter onder druk weens redes soos verbruikers se eise vir meer naatlose bankervarings en die ekosistembegrip van markte. Hierdie druk vind grootliks plaas vanweë die digitale transformasie wat op kommersiële instellings soos deposisionerende bankinstellings afgedwing word ten einde te oorleef en op die lang termyn volhoubaar te wees. Digitale transformasie word binne die konteks van die Vierde Nywerheidsrewolusie oor die algemeen beskou as die antwoord op die markuitdagings van bankinstellings. Kern digitale transformasiepraktyke soos leierskap, digitale neigings, digitale transformasievaardighede, digitale strategieë, die implementering van digitale tegnologie en kliënt-sentriese benaderings word gesien as invloedryk ten opsigte van die sogenaamde digitale volwassenheidsvlakke van bedrywe. Die dominante kommersiële banke in Suid-Afrika beleef die digitale ontwrigting op verskeie maniere en fokus daarop om besigheidsmodelle te wysig vanaf hoofsaaklik produksentrië tot meer kliëntgesentreerd van aard.

Hierdie navorsing fokus op die vasstelling van die wyses waarop digitale volwassenheid die Suid-Afrikaanse bankbedryf beïnvloed. Die navorsing fokus derhalwe op een van die groot kommersiële banke in Suid-Afrika as 'n verwysingsraamwerk/gevallestudie. Die deelnemers

in die bedryf wat betrokke was in die navorsingsprojek is versoek om die spesifieke bank se digitale volwassenheidsvlak te bepaal onder die verskillende opsies wat gebruik word in die navorsing. Die resultate van die studie dui aan dat die meerderheid van die respondente die bank as ontwikkelend sien in terme van digitale volwassenheid. Statistiese tegnieke is gebruik om die verhouding tussen die kernfaktore van digitale volwassenheid en digitale transformasie vas te stel. 'n Regressie-analise is voorts gebruik om te bepaal watter verhouding daar tussen digitale volwassenheidsvlakke en die geïdentifiseerde kernfaktore is. Die navorsingsresultate toon aan dat 'n sekere verhouding wel bevestig kon word tussen digitale volwassenheid en die geïdentifiseerde kernfaktore. In die besonder het die studie getoon dat 'n onderling gekoppelde stel digitale transformasiekernfaktore die konteks van digitale volwassenheid beïnvloed.

AGTERGROND

Die digitale tydperk het aangebreek en volgens Marcum (2014) het digitale tegnologieë (sosiaal, mobiel, grootdata-analises en die wolkrekeneraarkunde) aspekte van mense se lewens ingrypend verander – hoe mense leef, werk, speel en bymekaar aanhaak (Accenture 2014:2). As gevolg daarvan word maatskappye, en meer spesifiek handelsbanke, gekonfronteer met 'n toenemende behoefte om soortgelyke aanpassings te maak en hierdie tegnologieë te assimileer om 'n mededingende markvoordeel te bekom en te behou (Stief *et al.* 2016). Aboelmaged (aangehaal deur Stief *et al.* 2016) voer aan dat deur digitale tegnologieë te implementeer, maatskappye 'n goeie kans kry om hulle kompetisiekrag te versterk, en dit lei daartoe dat hulle ratsheid en markpenetrasie verhoog en hulle doelmatigheid verbeter. Die integrasie en volledige gebruik van sulke tegnologieë bly egter 'n groot uitdaging vir maatskappye (Matt *et al.* 2015).

Die integrasie van digitale tegnologieë sal tipies vereis dat die kernbesigheid van maatskappye getransformeer moet word vanaf hulle tradisionele vorm tot 'n gedigitaliseerde vorm. Die gebruik van digitale tegnologieë om radikale verbeteringe aan te bring om die reikwydte van ondernemings te verhoog (Westerman *et al.* 2104) word nou gesien as 'n fokusarea vir baie korporatiewe entiteite dwarsoor die wêreld. Navorsing deur Hoberg *et al.* (2015:1) ondersteun laasgenoemde stelling, en bevindinge toon aan dat uit 81 uitvoerende amptenare van maatskappye oor die wêreld heen, 80% digitale transformasie beskou as 'n kritieke faktor in hulle hele besigheidstrategie. Dit beklemtoon die dringende aandrang vir maatskappye dat hulle dit nie kan bekostig om so 'n dominante krag in die herskepping van hulle bedryf te ignoreer nie. Ten spyte van die heersende konsensus oor die belang van digitale transformasie en die potensiaal wat dit het om besighede radikaal te transformeer, vind die meeste banke dit nog moeilik om digitale tegnologieë ten volle te assimileer, tesame met die voordele wat hiermee geassosieer word. As gevolg van hoë verwagtinge van kliënte deesdae, en met steeds-verbeterende tegnologieë, is dit nodig vir kommersiële banke om aktiewe digitale spelers in die mark te wees.

PROBLEEMSTELLING

Digitale tegnologieë het besighedsomgewings ontstig, en sal dit steeds bly doen. As gevolg daarvan, en in die besonder, word die gevallestudie “Bank” (om anonimiteit te waarborg) gekonfronteer met 'n groot aantal uitdagings wat teweeggebring word deur gevorderde digitale tegnologieë en toenemende klanteverwagtinge. Te midde van verskillende geleenthede wat digitale transformasie aan die Suid-Afrikaanse bankwese bied, is Capitec benoem as die beste

in die digitale bank-kategorie met FNB in die tweede plek (Businessstech, 2017). Die “Bank” is gevolglik nie in ’n markleiersposisie wat digitalisering betref nie. In die strewende na ’n mededingende voordeel, moet banke daarop fokus om die digitale tegnologieë te assimileer, ten einde daardeur ’n strategie daaroor te kan ontwikkel. Die omvattende literatuurstudie het die Kane-raamwerk (Kane 2015:5) geïdentifiseer ten opsigte van ’n organisasie se digitale volwassenheid. Hoewel die finansiële dienste-industrie gevorderd het in terme van digitale volwassenheid het banke in Suid-Afrika, daarenteen, nog nie digitale transformasie volledig omarm nie. Die tipiese kenmerke van ’n digitaal-volwasse-wordende bank impliseer ’n gereedheid om verandering te verwelkom en die weg te volg van digitale transformasie soos wat strategiese werke om bemagtigers soos wolk-rekenaarkunde, groot data-analiseerders, kettingblok-tegnologieë (“blockchain technologies”), mobiliteit, sosiale media en Fintechs (“finansiële tegnologie”) in werking te stel.

DOEL VAN DIE NAVORSING

Hierdie navorsing is daarop gemik om die bank se benadering tot beste praktyke vir digitale transformasie te ondersoek en die persepsies van die personeel van die bank daarvoor te assesser.

LITERATUUROORSIG

Konseptualisering van digitale transformasie

Baie definisies van digitale transformasie is gevind in die breë literatuuroorsig soos onder meer strategiese konsultering, sagteware as diensimplementering, datasentrumvirtualisering, besigheidsprosesoutomatisering, grootdata-analitika, opdatering van webwerwe en mobiele toeps, praat oor nuwe tegnologieë en uitdink van nog nuwes (Carson 2016:3; Chan 2018, Demirkan *et al.* 2016; McDonald *et al.* 2014:5; Westerman *et al.* 2014; Stief *et al.* 2016; *The Economist Intelligence Unit* 2015:2). Daar word volstaan met die volgende verteenwoordigende definisie van digitale transformasie: “Using technology to create differentiating ways of doing business with the aim of driving growth in new and existing markets” en “the realignment of, or new investment in, technology, business models, and processes to drive new value for customers and employees and more effectively compete in an ever-changing digital economy.” Eenvoudig gesien gaan dit oor die opdatering van besigheidsmodelle.

Bharathi *et al.* (2016:6) identifiseer die volgende fundamentele areas waar banke digitale tegnologieë gebruik om die maniere waarop hulle besigheid doen te transformeer:

TABEL 1: Sleutelkomponente van digitale transformasie

Digitale transformasie – sleutelkomponente		
Verbeter klante-ervaring	Verbeter bedryfsprosesse	Transformeer sakemodel
Kliënte verstaan	Prosesdigitalisering	Digitaal aangepaste besigheid
Top segmentgroei	Werknemerbemagtiging	Nuwe digitale besigheid
Klante-raakpunte	Prestasiebestuur	Digitale globalisering

Vanuit die tabel kan afgelei word dat weens die kompleksiteit van handelsbanke digitale transformasie die eise sal stel van 'n voorgestelde klante-ervaring, uitbreidende operasionele prosesse, en herstruktureerde besigheidsmodelle wat aan regulatoriese eise voldoen, sowel as aan die bankindustrie-standaard (Bharathi *et al.* 2016:6).

Drywers van digitale transformasie

'n Oorsig van die opname gedoen deur die vermelde tegnologiemaatskappye het die volgende drywers van digitale transformasie uitgewys (Intel and Red Hat 2016:2; Microsoft 2016:11-62):

TABEL 2: Hoofdrywers van digitale transformasie in sommige (% van die respondente)

Hoofdrywers	Finansiële dienste- sektor	Kleinhandel	Openbare Sektor
Verbeter kliënt / belangegroep- -ervaring	68%	67%	51%
Optimaliseer bedrywighede (doeltreffendheid)	61%	56%	61%
Oorleef as 'n besigheid / organisasie	51%	52%	32%
Transformeer produkte / dienste	50%	34%	36%
Ontwikkel nuwe inkomstestrome	44%	42%	Nie gevra nie
Benut nuwe spelveranderende tegnologieë	36%	29%	21%
Bemagtig werknemers	24%	24%	17%
Verhoed dat markaandeel ontwig word	39%	26%	Nie gevra nie
Eerste bewegingvoordeel	24%	17%	Nie gevra nie

(Bron: Microsoft 2016:1-62)

Vanuit die data in die tabel het die *Verbetering van kliënt/aandeelhouerervaring* ontpop as die primêre drywer van digitalisering met die doel om markleierskap te bekom (Economist Intelligence Unit 2015:9). Aanlyn reuse soos Amazon en Facebook het platforms geskep waar kliënte interaksie kan hê wanneer en hoe hulle wil. 'n Verslag deur IBM (2011:4) voer aan dat kliënte en werknemers verby tradisionele grense beweeg het. Laasgenoemde laat besighede verstaan wat hulle nodig het, en druk die bedryf in die rigting van die digitale eindpunt van die fisies-digitale kontinuum. Stief *et al.* (2016) argumenteer dat mededinging die invloedrykste krag is wat belegging stimuleer in digitale tegnologieë. Nuwe markttoetreders ontwig toenemend bestaande besighede en die reëls van mededinging verander. Laastens, 'n verslag deur Cisco (2017:4) identifiseer die volgende aspekte as drywers in die behoefte om digitaal te transformeer.

- **'n Getransformeerde kompetisielandskap** – Nuwe “digitaal inheemse” spelers in die mark is besig om tradisionele banke te dwing om te transformeer (Cisco 2017). Hierdie nuwe spelers het die kliënte-sentriese distribusiemodel verhef tot die vlak waar hulle aan kliënte se vereistes vir digitale interaksies kan voldoen (Andrus *et al.* 2016:2).
- **Regulatoriese omgewing** – Aggressiewe regulatoriese voldoeningsvereistes verplig banke om digitale transformasie toe te pas (Intel & Red Hat 2016:13). Die SA bankwese, in die besonder, is uitgelewer aan toenemende druk deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank om 'n *risikogebaseerde benadering* te volg in terme van kliënte-identifikasie en verifikasie; om hulle kliënte-omsigtigheidsmaatreëls te versterk en om te voldoen aan die verpligting om identiteitsverifikasie en transaksiedokumente te hou. Laasgenoemde word bevestig deur die nuutste bankmisdaadsyfers (sien die volgende tabel). Volgens tabel 3 toon die jongste jaarlikse misdaadstatistiek wat deur die Suid-Afrikaanse bankrisiko-inligtingsentrum (Sabric) uitgereik word, 'n gesamentlike styging van 75,3% in misdade op mobiele bankdienste, aanlyn bankdienste en bankprogramme, wat bruto verliese van R263 miljoen realiseer (Malinga 2019). Dit het enorme verliese tot gevolg wat die basis van enige ekonomie – naamlik die vertroue in die bankstelsel – kan erodeer en die weg baan vir die antropogeen in die ekonomie. Hierdie antropogeniese aktiwiteite (stygende aanlyn bankbedrog) het 'n stygende tendens in Suid-Afrika, maar wat op die skaal (hetsy direk of indirek) skade aan die ekonomiese omgewing veroorsaak. Die term antropogenies dui 'n effek of voorwerp aan wat voortspuit uit menslike aktiwiteit.


TABEL 3: Top sewe bankmisdade in die Suid-Afrikaanse ekonomie

Misdaad-Insident	Styging of daling (in %)	Totale bruto verliese (in miljoene Rand)
Digitale bankbedrog	75% styging	R263 miljoen
Diefstalinsidente van kontantgeld	75% styging	R275 miljoen
Bankrooftogte	59% styging	R4,8 miljoen
Gekombineerde debiet- en kredietkaartbedrog	18% styging	R873 miljoen
Verlore/gesteelde debietkaartbedrog	-7% afname	R166 miljoen
Transito-rooftogte	-22% afname	R50 miljoen
Verlore/gesteelde kredietkaartbedrog	-55% afname	R13 miljoen

- **Eise van kliënte** – Banke reageer op hierdie markveranderinge deur die voorsiening van digitale bankervarings wat hulle kliënte deesdae verwag as gevolg van hulle interaksie met ander industriespelers (Rashid 2017). Dit sal naatlose integrasie van die sogenaamde Internet van Dinge; produkte en platforms, wolke-rekenaarkunde en mobiele toepassings vereis.
- **Makro-ekonomiese uitdagings** – In Suid-Afrika veroorsaak die samevloeiing van rentekoerse onder druk, gekoppel aan deurlopende lae ekonomiese groeioestande, 'n konstante uitdaging vir finansiële instellings (Cisco 2017:4). Volgens Dutton (2015) het die finansiële uitdagings die potensiaal om 'n omgewing te skep wat *uitsonderlike vinnige en hoë-risiko toepassings dra* (Petty 2016).

- **Die beweging na “mobiele tegnologie-eerste” inisiatiewe** – Sukses in ’n digitale transformasie reis begin en eindig met ’n organisasiekultuur (Lumbreras 2017). Asië en Latyns-Amerika ervaar reeds hoe die konsep van selfdiens-bankwese die keuse vir banksake geword het. Laasgenoemde het handelsbanke genoop om te kyk na die impak van mobiliteit. Hulle “MobileFirst” het die digitale transformasie oor 14 industrieë heen versterk, en dit makliker gemaak om te innoveer en waarde aan kliënte te lewer (IBM, n.d.).
- **Digitale ontwrigting** – Die digitale ontwrigting hou aan om ’n impak te hê op industrieë, dermate dat van 95% van die Fortune 1 000 maatskappye teen einde 2017 ’n digitale transformasie ondergaan het (Cisco 2017:4; Manyika *et al.* 2013).
- **Digitale transformasie-strategie** – Dit dien as ’n benadering wat modellering doen van die besigheidswye integrasie van die koördinerende, prioritisering en uitvoering van digitale transformasies binne ’n besigheid (Matt *et al.* 2015). Hess *et al.* (2016) argumenteer dat hierdie strategie die benadering aandui wat die hele organisasie moet volg en dit bied riglyne vir al die transformasieprosesse (Microsoft 2016:16) wat teweeggebring word as die uitkoms van die integrasie van digitale tegnologieë.

In die prosesse om die digitale strategie te dryf, fokus die bankwese op benaderings soos uitgebeeld in figuur 1 hier onder (Efma & Backbase 2016:10). Die gestruktureerde benadering tot digitale transformasie maak dit moontlik vir maatskappye om belangrike rolspelers te betrek by elke stap van die transformasiepadkaart (IBM 2011:13).



Figuur 1: Benaderinge wat digitale strategieë dryf (Efma & Oracle 2016:10)

- **Die Kane- Digitale Volwassenheidsraamwerk** – In die assessering van die digitale volwassenheid van maatskappye, is navorsing gedoen deur Kane (2015:5) waarin respondente hulle maatskappye moes beoordeel aan die hand van 'n digitaal-ideale organisasie (wat reeds digitaal getransformeer is). Op 'n skaal van 1-10, het die navorsingsresultate drie kategorieë bevind – 'n vroeë (1-3), ontwikkelende (4-6), en volwasse-wordende (7-10) digitale volwassenheidsvlak. Die sogenaamde digitaal-volwassewordende instellings fokus reeds op die *integrasie* van digitale tegnologieë, terwyl die eerste twee fases daarop fokus om oplossings te vind vir diskrete besigheidsprobleme met digitale tegnologieë wat in silo's opgesluit is.

NAVORSINGSMETODOLOGIE

Navorsingsbenadering: Die navorsing is kwantitatief van aard want die navorsing poog om data te kwantifiseer en te kan veralgemeen vanaf die resultate soos verkry uit 'n steekproef van die populasie wat bestudeer word. Die navorsing is kruisseksie van aard en die opnames is voltooi deur respondente by 'n enkele plek in tyd (Rindfleisch *et al.* 2008).

Steekproef en teikenpopulasie: Die populasie van die navorsing het bestaan uit al die werknemers van die Bank wat geag is om genoeg kennis oor die navorsingsonderwerp te hê. Die motief onderliggend aan die seleksie van deelnemers met genoeg kennis oor die onderwerp van die navorsing was primêr om te voorkom dat verkeerde aannames gemaak word wat potensieel sou kon gebeur as die data onwillekeurig versamel sou wees. 'n Onwillekeurige gestratifiseerde steekproeftegniek is gebruik om besigheidseenhede uit te kies om deel te neem aan die navorsing – 200 respondente is geag om voldoende te wees vir die doeleindes van die navorsing (“doelbewuste steekproef”). Die lys is verder verminder na 163 respondente deur die gebruik van die verwydering en imputasie-van-die-lys statistiese tegnik.

BESPREKING VAN RESULTATE

AFDELING A – DEMOGRAFIESE INLIGTING


'n Kort opsomming van die demografiese profiel van die respondente kan soos volg gelys word –

A1: Geslag – uit die 163 respondente was 71 manlik (44%) en 92 vroulik (56%).


A2: Ouderdomsgroepe – Die meerderheid (55%) van die respondente is in die sogenaamde Generasie X-kategorie (tussen die ouderdomme van 35-50). Die naaste volgende ouderdomsgroep was die Millennials (27%). Uit die histogram hier onder is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente aan die Gen X-ouderdomsgroep behoort. Dit lei ook tot besorgdheid in terme van die bank se pogings om digitaal te transformeer.

A3: Opvoedingsvlak – die bank het 'n goed opgeleide werknemerskorps met ongeveer 81% van die totale respondente wat 'n hoërvlakopleiding het.

A4: Posfunksie – die Pareto-kaart hier onder in Figuur 4 toon respondente se posfunksies in die bank. Die grafiek wys die frekwensie van voorkoms sowel as die kumulatiewe posfunksies in die bank (XLSTAT, n.d.). Uit die Pareto-kaart is dit duidelik dat die meerderheid respondente bestuurders (69% van die totaal in histogram 1 van links af), en 12% analiste (histogram 2) was – beide posfunksies maak omtrent 80% van die totale aantal respondente uit. Die res van



Figuur 2: Die ouderdomme van respondente



Figuur 3: Pareto-kaart van respondente se posfunksies.

die histogramme is senior bestuur, afdelingshoofde, projekbestuurders, uitvoerende vlakamp-tenary en laastens die HUB. Die swak (of geen) respons is kommerwekkend, gegewe die lae persentasie terugvoer vanaf senior bestuurders, projekbestuurders, hoofde van besigheidseenhede; en, in die geval van die uitvoerende vlakke, gebrek aan enige respons hoegenaamd. Digitale transformasie, as sodanig in die bank, moet egter van die top ondertoe gedryf word.

A5: Ervaring in die Bank – uit die data kan afgelei word dat werknemers met 20 jaar of meer ervaring 'n substansiële deel van die steekproef uitmaak (24%), met 22% wat 6-10 jaar ervaring het.

AFDELING B TOT G: DATA-ANALISE VAN DIE KERNPRAKTYKVERANDERLIKES:

Betroubaarheid

In die vasstelling van die konsekwentheid van die navorsingsinstrument, is 'n betroubaarheids-toets gedoen deur middel van 'n Cronbach's α . Die koëffisiënte word aangetoon in Tabel 4 hier onder.

TABEL 4: Cronbach-toets vir betroubaarheid

Cronbach Alpha Koëffisiënt	
Veranderlikes	0.912839


Cronbach se $\alpha = 0.912839$ en as sodanig aandui dat die meetinstrument uitstekende betroubaarheid het.

AFDELINGS B TOT G: DIE KERNPRAKTYKVERANDERLIKES

Hierdie afdeling van die opname het spesifieke aandag gegee aan deelnemers se persepsie van die Bank se digitale volwassenheidsvlak (die reaksie veranderlike) op 'n skaal van 1 tot 10, waar 1 tot 3 = “vroeg”, 4 to 6 = “ontwikkelynd”, en 7 tot 10 = “volwassewordend”. Vrae oor die kernpraktyke van digitale transformasie (die onafhanklike veranderlike) volg.

AFDELING B: DIE BANK


- Respondente is gevra om op 'n 10-punt Likert-skaal (1-10) die bank se digitale volwassenheid teenoor 'n “ideale” organisasie (een wat getransformeer is deur digitale tegnologieë en vermoëns) te beoordeel. In figuur 4 kan gesien word dat 75% van die respondente glo dat die Bank se digitale volwassenheidsvlak ontwikkelend is, 14% glo die Bank het die digitale volwassewordingsvlak bereik, met die oorblywende 11% wat voel dat dit nog in die vroeë stadium is.



Figuur 4: Persepsies van die bank se digitale volwassenheidsvlak

- Deelnemers is gevra om hulle persepsie van die bank (op 'n 5-punt Likert-skaal) te beoordeel (vergeleke met die vernaamste mededinger) met verwysing na verskeie verwante sake. Die resultate word in figuur 4 uiteengesit.


Die resultate hier bo is geanaliseer deur die gebruik van statistiese metings van die sentrale neiging – die mediaan en die modus (=2), wat toon respondente is positief oor die bank vergeleke met sy vernaamste kompetisie in die mark. Die mediaanwaarde vir al die vrae wat deelnemers op 'n vyf-punt Likert-skaal geplaas het, word gelykgestel aan 2 (Hochster 2014). Dit kan daarom afgelei word dat die respondente die persepsie het dat die Bank meer samewerkend en innoverend, rats in reaksie en bedreigings en ondersteunend van werknemers is deur die voorsiening van geleenthede en vaardighede om te kan baat by digitale neigings, en ten laaste ook kliënt-sentries is vergeleke met sy kompetisie.



Figuur 5: Respons in terme van die bank se mededingende omgewing

AFDELING C: DIGITALE TEGNOLOGIEË


Anders as vroeë en ontwikkelende digitale besighede wat meer aandag skenk aan die *integrasië* van digitale tegnologieë in die transformasië van besighheidsmodelle (Kane 2015:3), gee figuur 6 'n opsomming van persepsies met betrekking tot digitale tegnologieë in die Bank:



Figuur 6: Opsomming van response betreffende digitale tegnologieë

Figuur 6 toon dat die meerderheid (42%) van die respondente nie glo dat die bank aangetas word deur die ontwrigtende aard van digitale tegnologieë nie, met 52% van die respondente wat digitale tegnologieë beskou as 'n geleentheid en nie 'n bedreiging nie (42%). Laastens, glo die meerderheid respondente klaarblyklik dat die bank digitale tegnologieë omarm by die vroegste moontlike geleentheid.

In die figuur hier onder oor die *implementering* van digitale tegnologieë, het respondente genoem dat die bank digitale tegnologieë gebruik soos aangetoon, met een uitsondering, naamlik die gebruik van “wolkrekenaarkunde-funksies” waar die meerderheid (46%) aangedui het dat hulle “nie weet” of die Bank die dienste gebruik nie. Opmerklik is ook dat die tweede hoogste persentasie van die respondente aangedui het dat die Bank wel “wolkrekenaardienste” gebruik. Die gekombineerde persentasie van 34% (stem saam tot stem sterk saam) voel dat die bank wolk-rekenaardienste gebruik in teenstelling tot die saamgestelde 20% waar die respondente nie saamstem of sterk nie saamstem nie. Dit blyk dat die data primêr geaffekteer is deur respondente wat gekies het om “weet nie” en “weet regtig nie” in terme van die laaste stelling te antwoord.



Figuur 7: Digitale tegnologieë gebruik in die bank


AFDELING D: DIGITALE STRATEGIEË

- In 'n digitaal-ontluikende organisasie toon meer as 80% van personeel aan dat hulle organisasie 'n *koherente digitale strategie* het (Kane 2015:3) teenoor die gevallestudie-bank, waar die persepsies van 30% en 53% van die respondente wat onderskeidelik saamgestem en sterk saamgestem het in lyn hiermee was.

- Wat betref die vraag of enige enkele persoon of groep die verantwoordelikheid het om beheer te neem oor die bank se digitale strategie, het 57% van die respondente “ja” geantwoord, met 19% “nee” en ’n verdere 24% het aangevoer “hulle nie weet nie”. *Op ’n tyd wat die Bank in die proses van digitale transformasie van hul besigheidsmodel is, is dit kommerwekkend dat ’n groot aantal respondente (24%) aanvoer dat hulle nie weet wie die verantwoordelikheid het vir die bestuur van die bank se digitale strategie nie.* Dit sou kon dui op ’n gebrek aan interne kommunikasie wat potensieel kan beteken dat die digitale strategie nog nie aan die bank se werknemers gekommunikeer is nie.

Respondente is gevra om die mate te skat waartoe die doelwitte wat in die figuur hier onder gelys word, deel is van die bank se digitale strategie. Die resultate in die figuur bevestig dat die gelyste doelwitte in lyn is met die bank se digitale strategie:

- 95% van die respondente stem saam en stem sterk saam dat die bank ’n doelwit het om besigheidsprosesse en die besigheidsmodel fundamenteel te transformeer.
- ’n gekombineerde 97% van die respondente stem saam of stem sterk saam dat die bank besig is om kliënte se ervaring en betrokkenheid te verbeter.
- 92% van die respondente glo dat verhoogde doelmatigheid een van die bank se digitale strategieë is.




Figuur 8: Reaksies in terme van die doelwitte van die bank se digitale strategie

- Daar is nie ’n enkele benadering tot die implementering van digitale inisiatiewe in die bank nie, en die meerderheid skyn saam te stem of sterk saam te stem (78%) dat sommige digitale inisiatiewe ’n bo-na-onder-benadering nodig het, terwyl ander inisiatiewe meer sal baat by ’n teenoorgestelde benadering. Die resultate is nie so eenduidig nie, met ’n kombinasie van 44% wat saamstem of sterk saamstem dat dit die manier is waarop die bank digitale inisiatiewe toepas, met 35% wat nie saamstem nie en 21% wat aanvoer dat hulle nie weet nie.

AFDELING E: DIGITALE TRANSFORMASIEVAARDIGHEDE

Digitaalvolwasse-wordende soorte organisasies sal vier keer meer geneë wees om werknemers te voorsien van die vaardighede as die voetslepers. Response wat te doen het met digitale transformasievaardighede sal ook kan meedoen in die uitvoering van die bank se digitale strategie:

- Hoewel die meerderheid van die respondente (48%) saamstem dat daar voldoende vaardighede en ondervinding in die bank is om die digitale strategie na behore te implementeer (’n moduswaarde van =2), stem ’n beduidende aantal (28%) nie saam nie. *Dit dui op ’n redelike hoeveelheid werk wat die bank nog moet doen om toekomstige sukses te verseker.*
- Kennis van die besigheid en die vermoë om te konseptualiseer hoe nuwe digitale tegnologieë kan impakteer op huidige besigheidsprosesse of modelle is uitgewys as die hoogste vaardigheid wat tans ontbreek in die bank (71%).
- In die tweede plek met 70% is die vermoë om digitale tegnologieë soos sosiale, mobiele, analitiese en die wolkrekenaartoepassings te gebruik.
- Laastens, met 67%, is die vermoë om te kan werk binne die konteks van verspreide, digitale skerp spanne in vinnig-bewegende omgewings – ook ’n vaardigheid wat ontbreek in die bank.



Figuur 9: Digitale transformasie-vaardighede

AFDELING F: DIGITALE NEIGINGS

Die volgende opsomming is ’n assessering van die persepsies oor hoe die Bank reageer op die digitale neigings (soos groot data, Fintechs, en kettingblok [“blockchain”]) (Marous 2016):

Die twee metings van sentrale neigings, mediaan en modus (=2), toon dat werknemers in die algemeen tevrede is met die manier waarop die bank tans reageer op digitale neigings. Daar is egter 31% van die respondente wat nie die bank se reaksie op digitale neigings bevredigend vind nie:

- 28% van die respondente voel nie gemaklik oor die bank se gereedheid om te reageer op digitale neigings nie. ’n Beduidende aantal (36%) “weet nie” of die bank ’n strategie oor

TABEL 5: Persepsies oor hoe die Bank digitale neigings hanteer

Afdeling F: Digitale Neigings	Vyfpunt Likert-skaal										Statistiese Analise	
	Stem sterk saam		Stem saam		Stem nie saam nie		Stem sterk nie saam nie		Weet nie			
	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Median	Modus
F1. Ek is tevrede met die bank se huidige respons op digitale neigings	21	13	88	54	39	24	11	7	4	2	2	2
F2. Ek voel sterk dat die bank gereed is om te reageer op die digitale neigings	25	15	87	53	38	23	8	5	5	3	2	2
F3. Die bank het 'n strategie oor groot data	22	13	71	44	11	7	1	1	58	36	2	2
F4. Die bank het ervaring met groot data en data-gedrewe innovasie	19	12	66	40	14	9	6	4	58	36	2	2

grootdata-analises het nie, en of die Bank ondervinding het met groot data en innovasie nie. *Dis kommerwekkend as mens in ag neem die kort tydperk (2020) waarin daar van die bank verwag word om te transformeer in terme van sy besigheidsmodel om in lyn te kom met wat tans gebeur in die mark.* Groot markspelers daarenteen soos Fintechs, het begin om kettingblok-tegnologie te aanvaar as 'n strategiese drywer om markgereedheid te bekom in terme van besigheidsmodelle.

- As een van die top digitale neigings in die handelsbankwese is respondente gevra om hulle vertroudheid met tegnologie aan te dui, met 74% wat hulle gebrek aan inligting oor kettingblok uitgewys het, versus die 20% wat vertrou is daarmee (26%). *Dit is duidelik 'n bron van kommer vir die bank aangesien die lae vlakke van kennis 'n beduidende risiko kan wees vir toekomstige suksesse.*

In 2014 het Fintech-maatskappye ongeveer \$3 miljard gemaak, meer as drievoudig wat aanvanklik belê is in Fintechs in 2008 (Efma & Backbase 2015:11). Hierdie Fintechs het 'n gaping gesien om die handelsbankwese te ontwrig as gevolg van hulle vermoë om digitaal tien maal meer te doen as wat handelsbanke tans kan doen. Tabel 6 is 'n opsomming van die persepsies oor die wyse waarop die bank Fintech- maatskappye benader:

TABEL 6: Persepsies oor die wyse hoe die Bank Fintech-maatskappye hanteer

Afdeling F: Digitale Neigings	Vyfpunt Likert-skaal										Statistiese Analise	
	Stem sterk saam		Stem saam		Stem nie saam nie		Stem sterk nie saam nie		Weet nie			
	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Median	Modus
1. Moniteer en betrek Fintechs om kompetend saam te werk	11	7	55	34	5	3	2	1	90	55	5	5
2. Koop dienste by Fintechs om operasies of dienste te verbeter	11	7	47	29	7	4	3	2	95	58	5	5
3. Stel ontwikkelingsfondse daar om FinTech maatskappy te vestig	8	5	36	22	6	4	3	2	110	67	5	5
4. Skep nuwe handelsmerk vir gekoopte FinTech dienste	8	5	32	20	9	6	2	1	112	69	5	5

Tabel 6 hier bo gee 'n aanduiding dat die Bank tans nie veel te doen het met die Fintechs nie, of daar is gebreke in terme van kommunikasie en terugvoering daarvoor. Die mediaan en moduswaardes (5 vir albei) ondersteun hierdie siening. Dit wil voorkom of die meerderheid van werknemers nie weet wat die bank doen om te reageer op druk van die Fintechs nie. Dit blyk uit die navorsing dat 'n noemenswaardige deel van die respondente (43%) nie weet watter geleenthede gekoppel is aan die groei van Fintechs en hoe die bank daarby kan inskakel nie. 'n Mark wat meesal beset word deur tegnologiese skerp kliënte vereis van die bank om voordeel te trek uit die digitale neigings om dit te kan verower. Respondente is gevra om aan te toon hoe hulle die volgende struikelblokke benader (sien tabel 7).

Die hoogste hindernis met 44% is gesien as die “gebrek aan organisatoriese ratsheid; gevolg deur 'n gebrek aan bestuursbegrip” (35%). As gevolg van 39% van respondente wat glo dat gebrek aan bestuursbegrip nie 'n struikelblok is nie, is die mediaan en die modus (albei gelyk aan 3) verskillend van dié wat uit die res van die stellings afgelei is, wat almal tot 2 gereduseer kan word.

TABEL 7: Struikelblokke wat die bank verhoed om voordeel te trek uit digitale neigings

Afdeling F: Digitale Neigings	Vyfpunt Likert-skaal										Statistiese Analise	
	Stem sterk saam		Stem saam		Stem nie saam nie		Stem sterk nie saam nie		Weet nie			
	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Median	Modus
F8. Die obstrukties keer dat die Bank voordeel kan trek uit digitale neigings												
1. Te veel kompe- terende prioriteite as gevolg van 'n gebrek aan strategie	21	13	62	38	48	29	8	5	24	15	2	2
2. Gebrek aan orga- nisasionele ratsheid	20	12	71	44	48	29	4	2	20	12	2	2
3. Gebrek aan bestuursbegrip	13	8	57	35	64	39	10	6	19	12	3	3
4. Gebrek aan werknemer-insen- tiewe	23	14	65	40	46	28	7	4	22	13	2	2

AFDELING G: LEIERSKAP

Tabel 8 verskaf 'n opsomming van die response in terme van die bank se leierskap.

TABEL 8: Persepsies van die Bankleierskap

Afdeling G: Leierskap	Vyfpunt Likert-skaal										Statistiese Analise	
	Stem sterk saam		Stem saam		Stem nie saam nie		Stem sterk nie saam nie		Weet nie			
	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Frekwensie	%	Median	Modus
G1. Leierskap het voldoende vaardig- hede en ondervinding om digitale strate- gieë te lei	34	21	94	58	15	9	4	2	16	10	2	2
G2. Ek het vertroue in die leiers se begrip van relevante digitale neigings en ont- luitende tegnologieë	39	24	90	55	20	12	2	1	12	7	2	2

Die resultate hier bo, steun 'n gevoel dat die bank se werknemers vertrou het in hulle leierskap om die bank se digitale strategie en die begrip van relevante digitale neigings en ontluikende tegnologieë te lei (13% het nie saamgestem nie).

BIVARIËLE ANALISE – 'N VERHOUDING TUSSEN DIGITALE TRANSFORMASIEKERNPRAKTYKE EN DIGITALE VOLWASSENHEID

Hierdie navorsing het ook gekyk na 'n bevestiging van die verhouding tussen digitale volwassenheid in die bank en die kern digitaaltransformasiepraktyke soos hier bo uiteengesit. Bivariële analise verwys na die analise van bivariële data, dus data wat twee veranderlikes betrek (Glen 2015). Om uit te vind of daar inderdaad 'n verhouding is tussen die Bank se digitale volwassenheid en elk van die beïnvloedende faktore soos bespreek, is 'n bivariële analise gedoen. Die statistiese analisetegnieke is gebruik om te ondersoek of 'n verandering in die een veranderlike, byvoorbeeld of die bank se leierskap 'n variasie in 'n ander veranderlike tot gevolg het. Aangesien die statistiese data-ontleding hier buite die omvang van die artikel val, sien Ditshego & Lotriet (2016) vir die toegepaste statistiese analise.

As sodanig volg dit uit die statistiese analises wat uitgevoer is dat digitale transformasiekernpraktyke inderdaad 'n invloed het op digitale volwassenheid. In die uitvoering van 'n ordinale logiese regressie ('n multivariërende data-analisetegniek), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die digitaaltransformasiekernpraktyke wat getoets is almal voorspellers is van digitale volwassenheid – dus is digitale volwassenheid 'n funksie van digitaaltransformasiekernpraktyke.

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Die 4de Nywerheidsrevolusie skep 'n taamlik dramatiese era vir die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die algemeen en vir ons bankwese in besonder, aangesien digitale ontwrigting baie banke gedwing het om uit hul gemaksones te stap en hul digitale fokus te verhoog. Die navorsing het gefokus op digitale transformasie en verwante aspekte, en betrek essensiële aspekte waarvan die bank moet kennis neem in die soeke na digitale volwassenheid. Die strewe moet omomwonde wees om 'n digitaal volwasse bank te wees wat deur rolspelers bewonder kan word. Pogings moet aangewend word om die digitale transformasie-strategieë te implementeer om digitale volwassenheid moontlik te maak.

Die bank wat in die gevallestudie betrek is, gaan tans deur 'n proses van transformasie met die primêre doelwit om 'n digitaalvolwassebank te word wat gekenmerk word deur 'n kliënt-sentriese besigheidsmodel. Dit moet daarom altyd gedryf word deur 'n duidelike transformatiewe strategie. Die statistiese analise het bevestig dat die aangetoonde kernpraktyke almal voorspellers is van digitale volwassenheid. 'n Analise van die empiriese data wat ontvang is van die 163 respondente suggereer dat die bank besig is met ontwikkeling in terme van digitale volwassenheid, selfs al is daar nie konsensus nie en diverse reaksies soos 11% wat aanvoer dat die Bank se digitale volwassenheidsvlak steeds op 'n vroeë stadium is. 79% van die respondente is tevrede dat die bank digitale tegnologieë omarm om sy kliënte te kan bedien. Van belang is hoe die bank daardie tegnologieë gebruik aangesien die wyse waarop hulle gebruik word om digitale transformasie te bewerkstellig, eerder as om strategiese doelwitte te verteenwoordig, kan uitmond in 'n silo-mentaliteit wat moeilik en duur is om te bedryf.

Goeie statistiese korrelasies tussen digitale volwassenheid en digitaaltransformasiekernpraktyke is geverifieer. Volgens die data wat ontleed is, was die mees belangrike

kernpraktyk dié van leierskap ($\varpi = 0.4172$) wat die belangrike bestuursimplikasie het dat leierskap die grootste impak het op enige groei of vordering met digitale volwassenheid.

Hierdie totale gedrewe aksies tot digitale volwassenheid kan egter nie in isolasie van risikobestuur geskied nie, want banke is sinoniem met risikobestuur aangesien hulle met die vele rolspelers in die ekonomie se geld woeker. Opmerklik in hierdie strewe na digitale volwassenheid is 'n gebrek aan 'n geïntegreerde risikobestuursraamwerk, en enige krisis in hierdie verband kan 'n ekonomie en die vertroue in die geld- en bankstelsel lamlê. Die bestuur van 'n gesonde geldvoorraad deur die bankstelsel is die vertroue onderliggend aan enige ekonomie. Geld is eenvoudig die smeerolie vir die ratte wat die ekonomiese masjien volstoom aan die gang moet hou! Dus, sal die *Bank moet werk aan sekuriteit en risikoverskansing wat die Vierde Nywerheidsrevolusie teweegbring en uiteindelik om kliënte-vertroue in hierdie opsig te versterk.*

Dit word uit die navorsing gevolglik ook afgelei dat in die digitale volwassenheidsontwikkelingsmodelle weinige, indien enige, geïntegreerde risikobestuurstechnieke gevolg word. Die empiriese data toon 'n sterk interne konflik by banke. Hulle erken die dringendheid van digitale transformasie, maar hulle weet nie hoe presies om dit te bewerkstellig nie. Daarom dat 'n gesteunde soepel en kunsmatige intelligensieplatform om bedrog te bestry soveel meer is as om net bedrog te bestry. 'n Bank het 'n vennoot vir bedrogvoorkoming nodig wat vinnig aanvalle kan teëkom as hulle van vorm verander, met 'n hoë snelheid kom en in ondernemingskale, sodat 'n ondernemingsrisiko kan versag op 'n manier wat dit bevry om die fokus van risiko en transformasie te verander.

Die huidige ekonomiese stelsel is 'n meewerker aan antropogeniese aktiwiteite soos die vernietiging van die omgewing en versnelde hulpbronverbruik. Boonop veroorsaak ekonomiese resessies dat mense en regerings minder vir die omgewing omgee in die verabsolutering van eie belang. Ten einde te kan fokus op die hantering van hierdie uiterste uitdagings vereis 'n stabiele ekonomie/bankwese en geldstelsel. Die ontwrigting van die 4de Nywerheidsrevolusie sal verbeterings in ons wêreld sowel as vernietigende gevolge meebring. Watter van hierdie twee moontlikhede sal oorheers, hang af van wat nou besluit en geïnisieer word. Organisasies en selfs lande moet hande vat om beleidsraamwerke, instellings en vennootskappe te ontwikkel om hierdie veranderinge te bestuur. Moet ons dus bedreig voel deur die ontwrigting van tegnologie, of moet ons opgewonde voel dat ons mense nou met al hoe meer gesofistikeerde masjiene kan saamwerk om ons bestaan te verbeter?

BIBLIOGRAFIE

- Chan, S. 2018. What the heck is Digital Transformation? Finally, a definition anyone can understand! [Web:] <https://www.thedigitaltransformationpeople.com/channels/the-case-for-digital-transformation/what-the-heck-is-digital-transformation-finally-a-definition-anyone-can-understand/> [Datum van toegang: 18/07/2019].
- Accenture, 2014. *Digital Transformation: Re-imagine from the outside-in*, s.l.: Accenture.
- Andrus, G., Kejrival, S. & Wadhvani, R. 2016. *Digital transformation in financial services: The need to rewire organizational DNA*, s.l.: Deloitte University Press.
- Bharathi, R., Elamathy, P. & Rajesh, A. 2016. *Banking on Digital Transformation - Surfing the Wave*. Cologne: SQS India BFSI Ltd.
- Businesstech. 2017. *Best and worst banks in South Africa for digital experience*. [Web:] <https://businesstech.co.za/news/banking/176639/Best-and-worst-banks-in-South-Africa-for-digital-experience/>. [Datum van toegang: 02 12 2017].
- Businesstech. 2017. *Best and worst banks in South Africa for digital experience*. [Web:] <https://businesstech.co.za/news/banking/176639/best-and-worst-banks-in-south-africa-for-digital-experience/>.

- experience/. [Datum van toegang: 10 11 2017].
- Businesstech. 2017. *Four areas SA banks really need to focus on in 2017*. [web:] <https://businesstech.co.za/news/banking/164349/four-areas-sa-banks-really-need-to-focus-on-in-2017/>. [Datum van toegang: 07 12 2017].
- Businesstech. 2017. *This is South Africa's safest bank*. [Web:] <https://businesstech.co.za/news/banking/199006/this-is-south-africas-safest-bank/>. [Datum van toegang: 07 12 2017].
- Carson, A. 2016. A new symbiosis? Opportunities and challenges to hyperlocal journalism in the digital age. [Web:] <https://doi.org/10.1177/1329878X16648390> [Datum van toegang: 06/10/2019].
- Cisco, 2017. *Digital Transformation for the Retail Banking Industry: Defining and Delivering Value for Your Next-Generation Business*, s.l.: Cisco.
- Chan, T.H., Peng C.R. & Tse, H.C. 2018. How Consumers in China Perceive Brands in Online and Offline Encounters: A Framework for Brand Perception. [Web:] <http://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/00913367.2018.1556138>. [Datum van toegang: 06/10/2019].
- Ditshego, K.J. & Lotriet, R.A. 2019. 'n Assessering van die persepsies oor digitale transformasie by 'n Suid-Afrikaanse Handelsbank. (Referaat gelewer by die Jaarsimposium, van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). September 2019. Pretoria.
- Dutton, S. 2015. *3 Ways Digital Transformation Can Protect Your Business*. [Online] Available at: <http://www.digitalistmag.com/digital-economy/2016/01/07/3-ways-digital-transformation-protect-businesses-amid-economic-instability-03926993>. [Datum van toegang: 19 11 2017].
- Efma & Backbase. 2015. *Omni-channel banking: The digital transformation roadmap*, s.l.: Backbase B.V.
- Glen, S. 2015. *What is Bivariate Data?*. [Web:] <http://www.statisticshowto.com/bivariate-analysis/>. [Datum van toegang: 11 11 2017].
- Hess, T., Matt, C., Benlian, A. & Wiesböck, F. 2016. Options for Formulating a Digital Transformation Strategy. [Web:] https://www.researchgate.net/publication/291349362_Options_for_Formulating_a_Digital_Transformation_Strategy. [Datum van Toegang: 06/10/2019].
- Hoberg, P., Krčmar, H. & Welz, B. 2015. *Skills for Digital Transformation*, Garching: Technical University of Munich.
- Hochster, M. 2014. *What is more accurate, the median or mean*. [Web:] <https://www.quora.com/What-is-more-accurate-the-median-or-mean>. [Datum van toegang: 14 11 2017].
- IBM, n.d. *Digital transformation: The power of mobile and cloud can be your springboard to growth and change*. [Web:] <https://www.ibm.com/mobilefirst/nz/en/digital-transformation.html>. [Datum van toegang: 01 12 2017].
- Intel and Red Hat. 2016. *Digital Innovation in Banks: IT Infrastructure Modernization Accelerates Progress*, s.l.: Intel and Red Hat.
- Kane, G. 2015. *Strategy, not Technology, Drives Digital Transformation*, s.l.: MIT Sloan Management Review and Deloitte University Press.
- Lumbreras, M. 2017. *How is Mobile Optimization leading Digital Transformation?*. [Online] Available at: <http://www.opidigitalgroup.com/2017/08/08/digital-transformation-mobile-optimization-reshaping-industries/>. [Datum van toegang: 18 11 2017].
- Malinga, S. 2019. Fraudsters also prefer digital banking. <https://www.itweb.co.za/content/nWjad7b89rVqbjO1>. [Datum van toegang: 06/10/2019].
- Manyika, J. 2013. *Disruptive technologies: Advances that will transform life, business and the global economy*. [Web:] <https://www.mckinsey.com/business-functions/digital-mckinsey/our-insights/disruptive-technologies>. [Datum van toegang: 13/10/2017].
- Marcum, D. 2014. The Digital Transformation of Information, Education, and Scholarship. *International Journal of Humanities and Arts Computing*, 8:1-11.
- Marous, J. 2016. *Top 10 Retail Banking Trends and Predictions for 2017*. [Web:] <https://thefinancialbrand.com/62858/2017-top-banking-trends-predictions-forecast-digital-fintech-data-api/>. [Datum van toegang: 01/12/2017].
- Matt, C., Hess, T. & Benlian, A. 2015. Digital Transformation Strategies. *Business & Information Systems Engineering*, 57(5):339-343.
- Microsoft. 2016. *Digital Transformation: The Age of Innocence, Inertia or Innovation?* s.l.: Microsoft.

- Minitab, n.d. *Interpret the key results for Correlation*. [Web:] <http://support.minitab.com/en-us/minitab-express/1/help-and-how-to/modeling-statistics/regression/how-to/correlation/interpret-the-results/>. [Datum van toegang: 12 11 2017].
- Morrison, A. 2016. *Blockchains defined*. [Web:] <http://usblogs.pwc.com/emerging-technology/blockchains-defined/>. [Datum van toegang: 23 09 2017].
- Pettey, C. 2016. *CEOs Keep Digital Business Transformation on Track*. [Web:] <https://www.gartner.com/smarterwithgartner/ceos-keep-digital-business-transformation-on-track/>. [Datum van toegang: 18/11/2017].
- Rashid, A., Edwards, M. & Peersman, C. 2017. Scamming the scammers: towards automatic detection of persuasion in advance fee frauds. [Web:] https://scholar.google.be/citations?user=WGLTSmEAAAAJ&hl=nl#d=gs_md_cita-d&u=%2Fcitations%3Fview_op%3Dview_citation%26hl%3Dnl%26user%3DWGLTSmEAAAAJ%26citation_for_view. [Datum van toegang: 06/10/2019].
- Stief, S., Eidhoff, A. & Voeth, M., 2016. Transform to Succeed: An Empirical Analysis of Digital Transformation in Firms. *International Journal of Social, Behavioral, Educational, Economic, Business and Industrial Engineering*, 10(6):1804-1812.
- The Economist Intelligence Unit. 2015. Driving the skills agenda: Preparing students for the future. [Web:] <https://static.googleusercontent.com/media/edu.google.com/en/pdfs/skills-of-the-future-report.pdf>. [Datum van toegang: 06/10/2019].
- Westerman, D., Spence, P.R. & Van Der Heide, B. 2014. Social media as information source. *Social Media as Information Source: Recency of Updates and Credibility of Information*. <https://doi.org/10.1111/jcc4.12041>. [Datum van toegang: 06/10/2019].
- XLSTAT, n.d. *Pareto charts*. [Web:] <https://www.xlstat.com/en/solutions/features/pareto-charts>. [Datum van toegang: 16/11/2017].

Omgewingsidentiteit in die Era van die Mens: Nuwe perspektiewe op *Toorbos*. Deel 1

Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on Toorbos. Part 1

SUSAN MEYER

Skool vir Taalonderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Susan.meyer@nwu.ac.za



Susan Meyer

SUSAN MEYER is medeprofessor in Afrikaans aan die Skool vir Taalonderwys van die Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Sy is deel van die Navorsingseenheid *Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks* aan die NWU. Sy het haar kwalifikasies aan die Universiteit van die Vrystaat (voorgraads), die Universiteit van Pretoria (MA in Afrikaanse Letterkunde) en UNISA (DLitt et Phil) verwerf. Haar navorsing behels 'n ekokritiese benadering tot eietydse Afrikaanse letterkunde. Dit fokus op die ontwikkeling van die ekokritiese diskoers in Suid-Afrika en op die toepassing van hedendaagse internasionale teorieë in die veld van ekokritiek by die ontleding van Afrikaanse literêre tekste. Aan die hand van die teoretiese raamwerke wat die ekokritiek bied, ondersoek sy die spektrum van mens-natuur-verhoudingsaspekte wat in eietydse romans uitgebeeld word, die rol van die natuurlike omgewing in identiteitskonstruksie en -aanpassing, die genesende en rigtinggewende invloed van natuurruimtes en -beleving asook die verskillende kontekste en vlakke van hierdie beïnvloeding. Sy is geïnteresseerd in die krag van letterkunde as kulturele ekologie, in die verskynsel van groen postkolonialisme en in die wyses waarop daar op omgewingsprobleme in die Afrikaanse letterkunde gereageer word. Haar navorsing oor hierdie vraagstukke lei tot bestedige bydraes tot akademiese tydskrifte, boeke en konferensies, nasionaal en internasionaal.

SUSAN MEYER is associate professor of Afrikaans at the School of Language Education of the Faculty of Education, North-West University, Potchefstroom. She is part of the Research Entity *Language and Literature in the South African context* at the NWU. She obtained her qualifications at the University of the Free State (undergraduate), the University of Pretoria (MA in Afrikaans Literature) and UNISA (DLitt et Phil). Her research contains an ecocritical approach to contemporary Afrikaans literature. It focuses on the development of the ecocritical discourse in South Africa and on applying recent international theories in the field of ecocriticism when analysing Afrikaans literary texts. Using the theoretical frameworks of ecocriticism, she explores the variety of human-nature relationship aspects portrayed in contemporary novels, the role of the natural environment in identity construction and adaptation, the healing and directive influence of nature and nature experiences, as well as the different contexts and levels of these influences. She is interested in the power of literature as cultural ecology, in the phenomenon of green postcolonialism and in the ways in which environmental problems are reacted to in Afrikaans literature. Her research on these issues has led to steady contributions to academic journals, books and conferences, nationally and internationally.

Datums:

Ontvang: 2019-11-28

Goedgekeur: 2020-06-18

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***Environmental identity in the Age of Man: New perspectives on Toorbos. Part 1***

The film version of Dalene Matthee's novel Toorbos (2003; translated by the author as Dreamforest, 2004) was released in 2019. Media interest in the film has drawn new attention to the novel. In the same year as the release of the film – which focuses on the obliteration of large parts of the Knysna Forest and accompanying indigenous ecosystems in the 1930s – the Symposium of the South African Academy for Science and Arts reminded us of the current pressure on the planet's life-sustaining systems. The theme of the 2019 symposium was "Man-made threats to life on earth: the age of the Anthropocene". The Age of Man, or the Anthropocene, refers to a geological epoch during which the earth is reaching critical tipping points due to increasing human influence. This could lead to rapid and irreversible change and could make life on earth impossible (Kotzé 2014).

This study is positioned within current debates on identity issues among researchers who focus on approaches to environmental conflicts and crises. Studies concentrating on the links between environmental identity, behaviour and decision-making make it clear that the self is the most important motivator of any behaviour; identity can play a greater role in influencing behaviour than specific attitudes and worldviews (Stets & Biga 2003:398; Freed 2015:2, 7).

In the first part of this study, I introduce Susan Clayton and Susan Opatow's ideas about identity and the environment. In exploring various conceptions of justice with regard to environmental issues, Clayton and Opatow (2003a:7) focus on identity, arguing that beliefs about what is fair are fundamentally interwoven with who and what we believe we are, how we relate to others, and what this means for rights and obligations. Clayton also emphasises that identity is both a product and a force, an assortment of beliefs about the self and a motivator of particular ways of interacting with the world. A strong environmental identity, as a motivating force, can have a significant effect on personal, social and political behaviour (Clayton 2003:46). Furthermore, Clayton and Opatow (2003a:19) argue that environmental conflicts can be neither understood nor constructively resolved unless we recognise the ways in which they reflect individual and group identities.

In the second part of the study, to be published in the March 2021 edition of this journal, Clayton and Opatow's ideas about environmental identity serve as the theoretical framework for an ecocritical rereading of Toorbos. Environmental identity is described as a sense of connection to some part of the nonhuman natural environment (based on history, emotional attachment or similarity) that affects how we perceive the world and act towards it; a belief that the environment is important to us and an important part of who we are (Clayton 2003:45-46). According to Clayton and Opatow (2003a:10), it is useful to conceptualise environmental identity as occurring along a continuum anchored on the one end by minimal and on the other by strong levels of social influence. Their point of departure is that environmental identities inevitably contain a social component because they depend on social meaning. How we understand ourselves in nature is infused with a shared, culturally influenced understanding of what nature is – whether it is "to be revered, reviled, or utilised" (Clayton & Opatow 2003a:10). We are reminded that social variables affect the extent to which we are able and choose to focus on the natural environment and how we interpret what we see. Therefore, the scale for assessing individual differences in environmental identity is based on the reality that, although social influence is inevitable, the degree of influence varies for different individuals or groups (Clayton & Opatow 2003a:10).

This study has two objectives: The importance of environmental identity is firstly theoretically motivated (Part 1 of my study) and, secondly, it is practically illustrated by

applying Clayton and Opotow's model of environmental identity in analysing the main characters in *Toorbos* (Part 2).

The theoretical argument constructed around the concept of environmental identity in this first part of the study serves a greater purpose than merely to account for the theoretical basis of this concept. I attempt to also clarify and underscore the importance of this principle for environmentally oriented thinking in the context of the global concern about the existential crisis humankind faces when the planet's ability to provide is depleted. In addition, the value of Clayton and Opotow's model of environmental identity is also assessed. Clayton and Opotow seem to provide a practice-oriented scale for determining differences in environmental identity. Their model may serve as a point of departure for understanding the variety of approaches to the natural environment and moral beliefs about it, and for translating these insights into practical ways of predicting environmental behaviour and conflict.

In Part 2 of the study, Clayton and Opotow's theoretical instrument is put to the test. Their model of environmental identity is used in an analysis of the main characters in *Toorbos*. Though Karoliena Kapp and Johannes Stander share a socio-economic and cultural background, they do not agree on the role of the forest in understanding themselves or their views or plans for the future. They arrive at a parting of the ways. When Clayton and Opotow's model is applied to this character analysis, Karoliena and Johannes are found at different places on the continuum with regard to environmental identity types. Due to the different levels of social influence on these characters, it is impossible for them to react the same or to have the same views on the environment. The greatest frustration in their relationship is to maintain their different environmental identities.

Toorbos illustrates the effect of environmental identity differences, even among people whose backgrounds show various common features. It sheds light on the irreconcilability of people who are influenced differently by society. The finding on the powerful effect of environmental identity on human relationships and on environmental behaviour and beliefs can be carried forward from *Toorbos* to the broader present-day situation. The snippet of the South African reality depicted in *Toorbos* may create an awareness of environmental identity and the important implications it has for full comprehension and the constructive handling of environmental conflicts in the *Age of Man*.

KEYWORDS: Anthropocene, environmental identity, *Toorbos* (*Dreamforest*), Dalene Matthee, environmental attitude and behaviour, Susan Clayton, Susan Opotow

TREFWOORDE: Antroposeen, omgewingsidentiteit, *Toorbos*, Dalene Matthee, omgewingshoudings en -gedrag, Susan Clayton, Susan Opotow

OPSOMMING

Die rolprentweergawe van Dalene Matthee se roman, *Toorbos*, wat op die uitwissing van groot gedeeltes van die Knysnawoud en inheemse ekosisteme daarvan in die 1930's fokus, is verlede jaar vrygestel. Ook in 2019 het die tema van die Simposium van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, "Mensgemaakte bedreigings vir lewe op aarde", ons opnuut attent gemaak op die druk wat op die planeet se lewensonderhoudende sisteme geplaas word. My studie sluit by hierdie sake aan; die konteks daarvoor is die hedendaagse aandag aan identiteitskwessies in navorsingsgeledere waar die aandag op benaderings tot omgewingskonflik en -krisisse toegespits is. Die teoretiese raamwerk wat benut word in die ekokritiese herlees van *Toorbos* is Susan Clayton en Susan Opotow se omgewingsidentiteitsteorie en -model. In Deel 1 van hierdie studie word die belang van *omgewingsidentiteit* teoreties gemotiveer. Ook

word gepoog om die relevansie van hierdie beginsel vir omgewingsgeoriënteerde denke uit te klaar en te onderstreep, in aansluiting by die wêreldwye besorgdheid oor die bestaanskrisis vir die mens, sou die planeet se vermoë om te voorsien tot niet gaan. In Deel 2 (Maartuitgawe van 2021) word die belang van Clayton en Opatow se omgewingsidentiteitsdees prakties geïllustreer deur die toepassing van hulle omgewingsidentiteitsmodel op die hooffigure in *Toorbos*. Uiteindelik illustreer hierdie studie die effek van omgewingsidentiteitsverskille tussen romankarakters en werp dit lig op die onversoenbaarheid tussen mense as gevolg daarvan. *Toorbos* het potensiaal as bewusmaker van die kwessie van omgewingsidentiteit en as demonstrasie van die kragtige wyse waarop dit op menseverhoudings, sowel as op omgewingsgedrag en -oortuigings, kan inspeel.

1. INLEIDEND

Die rolprentweergawe van Dalene Matthee se roman, *Toorbos*, is in 2019 vrygestel. Die mediabelangstelling in die rolprent het nuwe aandag op die roman gevestig. Met die eerste nuus in die media oor die verkryging van die filmregte som Laetitia Pople (2017) die intrige in *Toorbos* op as die liefdesdriehoek tussen die boskind Karoliena, Johannes wat uit dieselfde bosomgewing kom en die Knysnabos as die derde, onvergeetlike “karakter”.

Toorbos is die laaste in Matthee se vierluik van bosromans en is voorafgegaan deur *Kringe in 'n bos* (1984), *Fiela se kind* (1985) en *Moerbeibos* (1987). Die bosromans sal, volgens die oordeel van GA Jooste en BA Senekal (2016:770), altyd ’n besondere posisie in die Afrikaanse prosa beklee. Hierdie spesiale posisie hou eerstens verband met wat Abraham H de Vries (aangehaal deur Azar-Loxton 2005:19) as die “wêreldwye reikwydte” van Matthee se werke (in die kader van “goeie gewilde prosa”) bestempel, op grond van die feit dat haar eerste bosboek ’n wêreldtreffer in sestien tale was. Tweedens is daar die agting wat verskeie rolspelers binne die Afrikaanse literêre sisteem vir Matthee se werk gehad het en wat uit Azar-Loxton (2005:19) se samestelling van huldeblyke blyk.¹ Die belangrikste is egter, volgens Jooste en Senekal (2016:770), die buitengewone invloed van die literêre teks op die werklikheid wat deur Matthee se bosromans gedemonstreer is. Hulle verwys na die feit dat hierdie romans soveel belangstelling in die Knysnabos en -omgewing gaande gemaak het dat die Departement Natuurbewaring destyds spesiale staproetes rondom Knysna geskep het.

Die historiese gegewe van ’n woud wat die knie moet buig voor die aanvraag na timmerhout, dwarslêers vir nuwe spoorlyne en wawiele vir die eeufeesvieringe van die Groot Trek in die 1930’s, was met die uitreik van die rolprent *Toorbos* weer in die kollig. Feitlik gelyktydig met die vrystelling van die rolprent is die wêreld opnuut attent gemaak op kwessies soos dié wat met die uitroei van ekosisteme en inheemse woude verband hou, onder andere die benadeling van ons biodiversiteit- en reënvalvlakke, tydens wêreldleiers se samekoms in New York vir die Verenigde Nasies se 2019-klimaatsberaad. Skaars ’n maand later het die 2019-simposium van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns plaasgevind, met as tema: “Mensgemaakte bedreigings vir lewe op aarde: Die tydperk van die Antroposeen.”

Die tydperk van die Antroposeen,² oftewel die Era van die Mens, word deur kenners beskryf as ’n nuwe geologiese epog waartydens, as gevolg van toenemende menslike invloed, die aarde besig is om kritieke kantelpunte te bereik wat tot snelle en onomkeerbare verandering

¹ Eloise Wessels, destyds die uitvoerende hoof van NB Uitgewers, herinner onder andere aan die ongekende leesentoesiasme wat die bosromans gewek het. Sy beweer dat Matthee “die algemene Afrikaanse publiek weer aan die lees gekry en ’n suksesvolle brug tussen populêre literatuur en gehalteliteratuur geslaan het” (aangehaal in Azar-Loxton 2005:19).

kan lei en lewe op aarde onmoontlik kan maak (Kotzé 2014). Menslike aktiwiteit verander die grondoppervlak, die oseane en die atmosfeer en herrangskik sodoende lewe op aarde (Lewis & Maslin 2015:172). Oor hierdie geologiese era word hedendaags ’n groot hoeveelheid navorsing gedoen, vanuit verskeie invalshoeke en verskillende wêrelddele. Dit is onmoontlik om hier *meer* te kan bied as ’n kriptiese verwysing na enkele internasionale ekokritici en die teorieë waarmee in hulle navorsing aansluiting gevind word by die katastrofiese gang van ons wêreldgeskiedenis, gedryf deur die mens wat homself beskou as die middelpunt.

Rob Nixon³ werk met die begrip *stadige geweld* (“slow violence”) om, in sy boek *Slow Violence and the Environmentalism of the Poor* (2011), op helder en onweerlegbare wyse buitelyne te trek vir die uitputtingsoorlog teen die planeet en die reeds duidelike uitkomst daarvan.⁴ Amitav Ghosh⁵ praat van die Groot Waansin (“Great Derangement”) wanneer hy verwys na die mensdom se vindingryke ontwyking van verantwoordelikhede in die aangesig van ramspoedige klimaatsverandering. Sy navorsing word vanuit ’n ander hoek aangepak: in *The Great Derangement: Climate Change and the Unthinkable* (2016) bestudeer hy die onvermoë – op die vlakke van letterkunde, geskiedenis en die politiek – om die omvang en die geweld van skommeling in klimaatstoestande te begryp.⁶ Bruno Latour⁷ het die afgelope jare ’n belangrike kampvegter geword vir die *Gaia*-teorie wat deur die Britse chemikus James Lovelock en die Amerikaanse mikrobioloog Lynn Margulis ontwikkel is (Bartha 2017). Volgens Latour (2018) is die term *Gaia* deur Lovelock gebruik om gestalte te gee aan die gedagte van die brose, komplekse, selfregulerende sisteem van lewende verskynsels waardeur die Aarde gewysig word.⁸ In ’n boek wat Latour in 2017 die lig laat sien, *Facing Gaia: Eight Lectures on the New Climatic Regime*, is die invalshoek weereens uniek: die boek fokus meer op hoe

² Die nuutskepping “Antroposeen” is teen die draai van die millennium (2000) deur die chemikus Paul Crutzen en die bioloog Eugene Stoermer in gebruik geneem, het vinnig in wetenskaplike en populêre diskoerse posgevat en het nou reeds bykans ’n gonswoord geword (Castree 2014:234).

³ Nixon is verbonde aan Princeton University in die Amerikaanse staat, New Jersey (Princeton Environmental Institute 2020).

⁴ Nixon wil met die term “slow violence” beklemtoon hoe vorme van omgewingsgeweld geleidelik die planeet van sy lewensonderhoudende vermoëns stroop en, deur die mens se onopmerkzaamheid of blatante ignorering, op klimaatskatastrofes van ongekende aard uitloop. “Slow violence, because it is so readily ignored by a hard-charging capitalism, exacerbates the vulnerability of ecosystems and of people who are poor, disempowered, and often involuntarily displaced, while fueling social conflicts that arise from desperation as life-sustaining conditions erode.” (Nixon 2011:14)

⁵ Die Indiese skrywer Ghosh is hoog aangeskrewe vir sy fiksie sowel as niefiksionele werk. Hy ontvang in 2018 die Jnanpith-toekening, die hoogste literêre toekening vir kreatiewe werk in Indië (Living Media India Limited 2018).

⁶ Ghosh (2016) kom tot die gevolgtrekking dat die politiek, en in baie opsigte die letterkunde ook, ’n gebied van persoonlike morele sienings geword het, eerder as ’n terrein van stryd en kollektiewe optrede. Die verskraling van fiksie en politiek om “individuele morele avonture” te dien, kom egter neer op die negering van een van die dringendste take van ons tyd, redeneer Ghosh (2016:111). Die klimaatskrisis vra van ons om ons ander vorme van bestaan te verbeel – ’n taak waarvoor fiksie, volgens Ghosh (2016:111), die mees geskikte van alle kulturele kunsvorme is.

⁷ Latour is ’n Franse sosioloog en antropoloog, veral bekend vir sy navorsing oor wetenskap en tegnologie in die samelewing (Tesch 2020).

⁸ ’n Bietjie vollediger beskryf: *Gaia* verwys na ’n eenheid van veelvuldige, wedersyds gekoppelde maar onbeheersde en selfvoortgaande, onderling wysigende elemente wat die gang op planeet Aarde bepaal (Latour 2018). Die titel van Latour se boek, *Facing Gaia* (2017), verwys na ’n unieke manier om die lewende, ook die mens, te herdefinieer in verhouding tot die Aarde. “The intrusion of Gaia is an injunction to rematerialize our belonging to the world: that is, reterrestrializing our existence.” (Latour 2018)

mense oor omgewingsrampe en -bedreigings voel en dink, en minder op hierdie rampe self. Een van die belangrikste temas is die idee dat dit juis die taal rondom ’n verskynsel is wat dit as ’n werklikheid beleefbaar – en hanteerbaar – maak. *Facing Gaia* verken nuwe betekenisdimensies van die klimaatkrisis as ’n gegewe wat nie slegs rondom ons voltrek word nie, maar ook in ons gees neerslag vind deur begripsverdieping.

Deur die jare is daar op verskeie teoretiese en lewensbeskoulike beginsels gefokus om individuele asook publieke standpunte ten opsigte van omgewingsbeskerming te probeer verstaan en voorspel. Die aandag het egter toenemend begin verskuif in die rigting van identiteitskwessies en van begrippe soos *omgewingsidentiteit* en *ekologiese identiteit* waar die vraagstuk van omgewingskrisisse ter sprake is (Clayton & Opatow 2003a:6; Walton & Jones 2017:658).

Susan Clayton en Susan Opatow (2003a:2) beskou die skakels tussen identiteit en die natuurlike omgewing, in sy huidige bedreigde situasie, as besonder betekenisvol. Hulle redeneer dat kwessies wat relevant vir ons selfbeleving of -definisie is ons aandag vasvang op ’n veel dringender vlak as kwessies wat in minder direkte mate by die vorming van ons subjektiwiteit (die “self”) betrokke is. Clayton en Opatow gebruik die term *omgewingsidentiteit* (“environmental identity”) om te verklaar hoe bepaalde globale kwessies ’n onmiddellike en persoonlike relevansie vir ’n individu aanneem. Clayton (2003:45) se bondige omskrywing van *omgewingsidentiteit* wat hier verskaf word, dien as inleiding tot die vollediger teoretiese verantwoording van dié begrip wat in die volgende afdeling aangebied word. Sy beskou *omgewingsidentiteit* as ’n beleving van skakeling met die niemenslike natuurlike omgewing wat ons waarneming en gedrag beïnvloed; ’n oortuiging dat die natuuromgewing vir ons belangrik is en ’n belangrike deel is van wie ons is. Sou ons beter kon verstaan wat die self-omgewing-verbintenis beïnvloed, redeneer Clayton en Opatow (2003a:2), sou ons die psigologiese meganismes betrokke by die aanmoediging van beskermende omgewingsgedrag en -beleid ook beter kon begryp.

Die navorser se eie kritiese ingesteldheid teenoor die uitgangspunt(e) wat as vertrekpunt vir ’n studie dien, is uiteraard belangrik. Ek meen Clayton en Opatow se beginsel van omgewingsidentiteit beklemtoon die belangrikheid van affektiewe relasionaliteit in die oriëntering van subjektiewe of persoonlike identiteit. Clayton en Opatow se idees pas dus op baie sinvolle wyse in by die opkoms van affekteorie as deel van die oplewing van idees rondom affekte, subjektiewe ervarings en liggaamlike ervaring in die sosiale, natuurlike en geesteswetenskappe sedert die middel van die 1990’s.

Affekteorie bestudeer die rol van affek in die vorming van subjektiwiteit (die “self”) en intersubjektiewe (intermenslike) verhoudings (Van der Merwe 2018). Volgens affekteorie is *affek* ’n pre-kognitiewe, outomatiese liggaamlike reaksie, respons of resonansie wat voorbewustelik plaasvind (Leys 2011:443). Volgens hierdie definisie is daar ’n gaping tussen die subjek se affekte en sy kognitiewe bewuswording en interpretasie van enige gegewe situasie. Affek vind dus selfs nog vóór redes, aannames, intensies, en betekenisvorming plaas. Melissa Gregg en Gregory Seigworth (2010:1-2) se beskrywing van *affek* is uniek verwoord, hulle noem dit “visceral forces beneath, alongside, or generally other than conscious knowing”. Affekteorie ondersoek dan die rol wat affek speel in die proses om die individu se optrede te bepaal, omdat dit beweer dat kognisie as ’t ware te “laat” gebeur om die vernaamste bepalende faktor in enige sosiale situasie te wees (Van der Merwe 2018).

In Clayton se bogemelde beskrywing van omgewingsidentiteit speel die affektiewe skakels met die natuuromgewing ’n belangrike rol – hoewel Clayton se teoretisering meestal slegs teen die agtergrond van hierdie denkstroming gebeur, eerder as dat affekteorie in die voorgrond gebring word. Met affekteorie se voorstel van affektiewe verbintenisse as ’n alternatiewe

model van subjektiviteit, en met die beklemtoning van die voorbewustelike liggaamlike reaksie en resonansie, vorm dit deel van 'n breër kulturele en teoretiese reaksie op post-strukturalisme en 'n tradisie wat gefokus het op diskoers en sosiale tekste. Clayton se uitgangspunt(e) skakel redelik nou met affekteorie se beklemtoning van die liggaamlike en biologiese, die subjektiewe ervaring en die ontologie van 'n materiële, beliggaamde lewe.

Die toepassing van die omgewingsidentiteitsteorie en -model in die herlees van *Toorbos*, waarop my studie afstuur, is dus 'n relevante teksanalitiese strategie en deel van die eietydse reaksie op die beklemtoning van die epistemologiese aspekte wat kultuurteorie vir 'n groot deel van die 20ste eeu gekenmerk het.

Die doel van hierdie ondersoek is, eerstens, om die belang van die idee van omgewingsidentiteit te motiveer vanuit 'n grondige teoretiese fundering daarvan. Hieraan word die volgende afdeling van hierdie artikel gewy. Tweedens word 'n model van omgewingsidentiteit wat deur Clayton en Opatow ontwerp is, benut in 'n ekokritiese herlees van *Toorbos*. Dit word gedoen in Deel 2 van die ondersoek, met die doel om botsende omgewingshoudings en -standpunte in die roman te probeer begryp in die lig van die teorie oor omgewingsidentiteit. Terselfdertyd sal gepoog word om verbande tussen *Toorbos* en die breër, praktiese situasie van ons tyd, spesifiek die realiteit van globale omgewingskonflik en -onversoenbaarhede, te probeer lê.

2. TOORBOS EN MENS-OMGEWINGSITUASIES

Met 'n ekokritiese benadering tot Matthee se vierde bosroman in gedagte en die aandag op die interskakeling tussen mens en omgewing toegespits, kan enkele belangrike opmerkings die weg baan. Dit gaan in *Toorbos* nie net oor woude as kwesbare natuurlike hulpbronne nie, maar ook oor woude as omstrede ruimtes en oor die kwessie van plaaslike mense se toegang tot wat as hulle "eie" hulpbronne beskou word. Ons vind in *Toorbos*, naas die ekonomiese beskouing dat die transformasie van woude aanlokliker is as die bewaring daarvan (onderlê deur die geringskatting van die implikasies van biodiversiteitsverlies en krimpemde grond-watervlakke wanneer woude met plantasies vervang word) ook die kwessie van mense in konflik met regeringsbesluite. Die roman vertel van die toe-eiening van die Knysnabos as staatsgebied, van 'n woud wat eers "Common Woods" was, waar niemand 'n lisensie nodig gehad het om te kap nie (Matthee 2003:29), en van die wetgewing wat aan boswerkers 'n ál kleiner porsie van die omgewing waaruit hulle 'n bestaan moet maak, gun.⁹ Die uiteindelijke en totale onteiening van grond loop uit op die hervestiging van die houtkappers in die gehuggie van Karatara.

Toorbos is 'n roman oor die onreg teenoor mens én omgewing. Dis die verhaal oor vragte "boomlyke" op die trein (Matthee 2003:15), maar ook oor die nood van honderde wat slagoffers word onder die mag van geld, vooruitgang en die staat, in die prosesse van die ontneming van toegang tot omgewingsbates en die ongelyke verspreiding van omgewingshulpbronne. Die gegewens in *Toorbos* skakel dus ten nouste met die debat in die veld van die Suid-Afrikaanse ekokritiek waarna Brooke Stanley en Walter Phillips (2017) verwys, naamlik oor hoe moeilik

⁹ As sodanig sluit *Toorbos* direk aan by die kwessie van die omgewingsdeterminisme van die armes. Hierdie kwessie manifesteer in konflikte met 'n omgewingselement, insluitende konflikte om sosiale geregtigheid en waar verarmde gemeenskappe teen die staat of privaat maatskappye te staan kom as gevolg van die bedreiging van hulle lewensbestaan, gesondheid of selfstandigheid (Martinez-Alier 2014:239).

dit is om die beginsel van mensgesentreerde ekokritiek – wat op sensitiewe kwessies ten opsigte van hulpbronverdeling toegespits is – te versoen met bewaringsdoelwitte.

Wat die buitelyne van die verhaal betref: Karoliëna Kapp word “uitkoms” uit die bos gebied wanneer Johannes Stander, wat hom uit dieselfde omgewing kon losmaak om sukses as ’n sakeman te bereik, haar die sekuriteit van ’n huwelik aanbied. Sy weet egter reeds die dag ná die troue dat sy verkeerd gekies het en gaan trek by “ou Bothatjie” van Jim Reid-se-draai bokant Diepwalle in. Daar is ’n parallel te vind tussen Karoliëna se persoonlike lot en dié van die Knysna-houtkappers: Die oënskynlike uitkoms wat Johannes vir Karoliëna voorhou, val saam met die uitkoms wat aanvanklik aan die bosomeuse belofte word. Hulle sou naamlik ingesluit wees by die Carnegie-kommissie van ondersoek na die armoede-vraagstuk in Suid-Afrika in 1933–34 – historiese gegewens wat stewig in die roman geïntegreer word. Daar kom egter weinig van die beloftes wat uit die Carnegie-ondersoek spruit tereg, en uiteindelik word die boswerkers “slawe van die staat, in plaas van slawe van die houtkopers” (Matthee 2003:286). Namate die boswerkers se plek in die bos as ’t ware uitgekap word, en hulle verplaas word na die siellose nedersetting by Karatara, word Karoliëna uiteindelik uit die bos gedwing omdat sy haar heenkome by Bothatjie kwytraak. Sy huis word afgebreek aangesien dit in die pad van die nuwe plantasies staan.

In die middelpunt van Karoliëna se persoonlike verhaal staan die ontdekking dat sy en Johannes mekaar nie werklik kan vind nie. Dit is hierdie aspek van die roman wat in die rolprentweergawe daarvan uitgehef word en die kyker nog lank bybly. André Scholtz (2018) beskryf die rolprent as die verhaal van ’n vrou wie se intieme verbintenis met die bosomgewing ’n struikelblok skep in die liefdesverhouding wat haar sou kon red. Tussen man en vrou en bos ontstaan ’n driehoek wat dreig om vir Karolina uitmekaar te skeur, omdat die keuse vir die een die prysgawe van die ander impliseer.

Vir die aard van haar geestesband met die naturomgewing en vir die dilemma wat die genoemde keuse vir Karoliëna skep, toon Johannes min begrip. Hierdeur ontstaan die verwydering op geestesvlak wat selfs hulle huwelik nie kan ophef nie. Noukeurige beskouing, is daar ’n hele aantal gemeenskaplike eienskappe op grond waarvan dié jong karakters aanklank by mekaar behoort te vind. Albei is intelligent, met ’n sterk pligsbesef, hulle het skoolopleiding tot op dieselfde vlak (matriek), albei het ’n buitengewone behoefte aan selfverwesening en is vasberade om nie as slagoffers van hulle armoedige kindermomgewing vasgevang te bly nie. ’n Betekenisvolle ooreenkoms is dat Karolina en Johannes albei boswerker-kinders is (Matthee 2003:44) – hulle is beïnvloed en gevorm deur dieselfde bosomgewing waarin hulle ouers geleef, gewerk en swaargekry het. Hulle deel ’n sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond in die volledigste sin. Tog kan hulle geen gemeenskaplike grond vind wat die rol van die bos in hulle self- en toekomsbeskouing betref nie. Die een se pad loop uit die bos, die ander een draai telkens om terug bos toe.

Die verband tussen die roman en die lewenswerklike situasie tref die leser by die herlees van *Toorbos*, byna twee dekades ná die publikasie daarvan, met ’n nuwe intensiteit – moontlik toe te skryf aan die uitkringende krisis in die Era van die Mens en die media-aandag daaraan. Karoliëna en Johannes demonstreer die waarheid dat, hoewel sosiale en kulturele agtergrondfaktore kragtige bepalers van ingesteldheid ten opsigte van omgewingsake mag wees, hierdie faktore nie volledige verklaring kan bied vir individue of groepe se houding teenoor natuursake en bewaringskwessies nie. *Toorbos* konfronteer ons met vrae wat dringend relevant is vir ons tyd: *Wat rig en motiveer dan die waarde wat aan die natuurlike omgewing toegeken word of wat aan natuurgawes geheg word? Waarop sou voorspellings ten opsigte van*

ingesteldhede in hierdie verband gebaseer kan word, en wat is dit wat mense sou kon saamsnoer in voorkomings- en aanpassingstrategieë wanneer omgewingsuitdagings aangepak word? Dit is vrae wat met toenemende dringendheid opklink noudat daar van 'n klimaatkrisis gepraat word, en nie meer bloot van klimaatverandering nie; noudat droogtes en verwoestende vloede en 'n oorvloed van bewyse dat die mens katastrofiese druk op die planeet plaas, nie verder geïgnoreer kan word nie.

Clayton meen dat die idee van *omgewingsidentiteit* 'n antwoord op bogenoemde vrae kan bied. Sy herinner ons dat identiteit beide 'n produk en 'n krag is; dit is 'n versameling van beskouings oor die self sowel as die motiverende krag agter die spesifieke wyses waarop ons met die wêreld omgaan (Clayton 2003:46). Gegewe die motiverende krag wat uit ons identiteitsbasis spruit, mag omgewingsidentiteit 'n beduidende impak op persoonlike, sosiale en politieke gedrag teenoor die omgewing hê, word geredeneer. Word hierdie sienswyse met *Toorbos* in verband gebring, moet die moontlikheid dat Karolina en Johannes vanuit verskillende posisies ten opsigte van omgewingsidentiteit mag funksioneer, oorweeg word. Juis hier mag 'n verklaring vir hulle onversoenbaarheid gevind word.

Die doel van hierdie studie is eerstens, soos reeds gestel, om die belang van die idee van omgewingsidentiteit vanuit 'n teoretiese hoek te motiveer. Die teoretiese argument wat in die volgende afdeling rondom die begrip *omgewingsidentiteit* gebou word, dien egter 'n groter doel as om bloot rekenskap van die teoretiese basis van die begrip te gee. Dit is 'n poging om ook die belang van hierdie beginsel vir omgewingsgeoriënteerde denke uit te klaar en te onderstreep, in aansluiting by die wêreldwye besorgdheid oor die bestaanskrisis wat die mens in die oë staar wanneer die planeet se vermoë om te voorsien tot niet mag gaan. Die waarde van Clayton en Opatow se model vir omgewingsidentiteit word daarom uiteindelik ook beoordeel.

Dit sal uiteraard ook nodig wees om oorvleueling met resente teoretiese oorwegings uit te wys en omgewingsidentiteit op hierdie wyse binne 'n groter teoretiese perspektief te kontekstualiseer.

Eers daarna, in Deel 2 van die ondersoek, word genoemde omgewingsidentiteitsmodel op 'n praktiese wyse op *Toorbos* van toepassing gemaak deur dit in die karakterontleding van Karolina en Johannes te benut. Die bevindings omtrent die omgewingsidentiteitstipes wat Karolina en Johannes se houding en optrede motiveer, mag nuttig wees om verklarende afleidings omtrent die onverenigbaarheid van hulle natuurbeskouings te maak en selfs ook omtrent hulle verhoudingsdilemma. Die klein snit uit die Suid-Afrikaanse werklikheid wat *Toorbos* bied, mag bewustheid skep van die kritieke implikasies van verskille ten opsigte van omgewingsidentiteit. Sou hierdie verskille selfs die uitdagings ten opsigte van die roman-karakters se verhouding onderlê, is die betekenis van die bevindings nog meer insiggewend. Die implikasies van botsende omgewingsidentiteitsposisies mag so kragtig wees dat dit selfs tot op intieme verhoudingsvlakke kan insny, en – soveel te meer – kritieke misverstande op meer algemene verhoudingsvlak en in breër verband, spesifiek rondom die hedendaagse kookpot van opinies oor omgewingsake, mag genereer.

In die volgende afdeling word *identiteit* binne die konteks van die eietydse Afrikaanse prosa geplaas, spesifiek ook van Matthee se oeuvre en van ekokritiese studies in Suid-Afrika, en binne die groter teoretiese raamwerk van die posthumanisme en die materiële ekokritiek.

Eers wanneer die begrip *omgewingsidentiteit* van 'n deeglike kontekstuele en teoretiese basis voorsien is, kan beweeg word in die rigting van 'n waardebeplanning en -motivering van Clayton en Opatow se omgewingsidentiteitsmodel, en van die praktiese benutting daarvan.

3. KONTEKS EN TEORETIESE FUNDERING

3.1 Identiteit, die letterkunde en posthumanisme

Identiteitskwessies is al dekades lank die brandpunt van ondersoek op die terreine van onder andere die sielkunde, opvoedkunde, postmoderne literêre teorie en kulturele studies. Die letterkunde bemoei hom vanselfsprekend met identiteit; Kenneth Gergen (aangehaal in Burger 2001:81), beskou narratiewe vertelling as ’n belangrike rolspeler in die vorming van persoonlike en kollektiewe identiteit. Wat narratiewe identiteit betref, is Paul Ricoeur waarskynlik die belangrikste teoretiese verwysingspunt en die skepper van die invloedryke idee “ons is ons verhaal” (Rhodes 2016). Wanneer Ricoeur daarop aanspraak maak dat persoonlike identiteit beskou kan word in terme van narratiewe identiteit, hou die term *narratief* onder meer verband met hoe ons tyd ervaar, hoe ons ons verlede organiseer en ons toekoms moontlikhede verstaan. In die retrospektiewe en vormgewende “oorvertel” (“narrativisation”) van ons verlede is Ricoeur se moeilik vertaalbare term “emplotment” die sleutelbegrip – die wyse waarop ons uiteenlopende gebeure tot ’n betekenisvolle geheel bymekaarbring deur kousale en betekenisvolle skakels tussen hulle te skep (Rhodes 2016).

Met verwysing na die Afrikaanse letterkunde, waar die identiteitsvraagstuk sentraal gestel is in die afgelope periode van wêreldwye onsekerhede en postkoloniale twyfel, koppel Roos die identiteitsvraag “Wie is ek?” ook met die vraag “Wat het met ons gebeur?” (Roos 2015:205,232). Die suggestie van ’n identiteitsbeskouing wat sy oorsprong in die narratiewe benadering tot identiteit kon hê, is dus hier te vind. Ten spyte van Philip John (2002:132) se oordeel dat “goeie letterkunde” onversoenbaar is met literatuurbenaderings wat die lees en bestudering van letterkunde “in diens stel van pragmatiese projekte [...] soos byvoorbeeld by identiteitskepping”, redeneer Roos (2015:205) oortuigend dat die soeke na, bevraagtekening van en skepping van identiteit beskou kan word as ’n sinvolle tematiese raamwerk waarbinne die prosa vandag gelees en geïnterpreteer kan word.

In Dalene Matthee se oeuvre, en veral in haar bosromans, het identiteitskwessies ’n stewige plek. Benjamin in *Fiela se kind* dra twee identiteite met hom saam, hy is Lukas van Rooyen van die Bos en Benjamin Komoetie van die Kloof. Die stryd teen die noodlot wat hom van ’n identiteit beroof het, die worsteling om aanvaarding, bring ’n groeiproses teweeg wat weerklank vind in Matthee se verdere oeuvre. Ook Saul Barnard in *Moerbeibos* groei tot insigte omtrent sy identiteit, word mettertyd bevry van die eng perspektiewe van sowel die bos- as die dorpsmense en kom tot aanvaarding van beide sy verbondenheid aan die Bos en sy posisie as leidende figuur. Araminta Rossouw, om wie se stryd *Brug van die Esels* (1992) draai, kom ook voor haarself te staan in die moedige maar pynlike poging tot versoening met haar situasie as wit kind van Afrika. *Die uitgespoeldes* (2005), wat postuum uitgegee is, is die verhaal van Moses Swart, ’n skaapwagter van die Strandveld in die Bredasdorp-omgewing, en sy ontuisheid in sy omstandighede. Sy soeke na antwoorde vir hierdie ontuisheid lei tot die ontdekking dat ’n skipbreuk hom wees gelaat en as uitgespoelde in ’n vreemdelingsituasie gedompel het. Soos in *Kringe in ’n bos* en *Fiela se kind* domineer die gegewe van ’n identiteitskrisis, ’n bestaan tussen twee wêreldes – en word *Die uitgespoeldes* die sluitstuk in Matthee se ruim bydrae tot die literêre gesprek oor die problematiek van identiteit.

Op internasionale vlak bestaan dekades lank al ’n lewendige diskoers onder ekokritici oor ’n identiteitsaspek waarvan suggesties gereeld in Matthee se werke hoorbaar is, naamlik die rol van die omgewing in pogings om die self te verstaan. Ekokritiek, toegespits op die bestudering van die mens-natuurverhouding in kultuurprodukte, het as uitgangspunt dat

menslike kultuur in verbintenis met die fisiese (natuur)wêreld bestaan, dit beïnvloed en daardeur beïnvloed word (Glottfelty 1996:xix). Die ekokritikus Donelle Dreese (2002:1) argumenteer dat, ongeag of ons daarvan bewus is of nie, omgewingsfaktore ’n uiters belangrike rol speel in die samestelling van ons idees omtrent wie ons is. Op hierdie punt is dit nodig om baie kortliks na oorvleueling met teorieë rondom die posthumanisme en relasionaliteit te verwys.

Die vraag “Wie is ek?” lewer interessante antwoorde op wanneer dit binne die denkraamwerk van die posthumanisme gevra word. Eerstens word die dogma van die mens se uitsonderlikheid verwerp, waar hierdie uitsonderlikheid gekoppel is met verskeie vorms van (opper)gesag, hetsy in terme van gender-, spesie- of andersoortige oorheersing. Posthumanistiese studies gee ons ’n breër blik op ons bestaan, ’n blik wat verder strek as die egotisme en aanmatiging van die mens en wat omvattend genoeg is om die mens te beskou as synde in ’n “ontologiese dans”, met “agencies flowing from, through, and alongside the human”, soos Serenella Iovino (2016b:11) dié idee op unieke wyse beskryf. In Iovino se formulering word een van die basiese uitgangspunte van posthumanistiese denke vervat, naamlik dat die mens in ’n vervlegte vorm van medebestaan verkeer met ander rolspelers in die wyer-as-menslike bestaansfeer. Iovino (2016b:12) verskaf ’n skerp beeld van die posthumanisme se idees oor hierdie dimensies van vervlegting waarin alle bestaan saamgevang is:

It is a collective house for ‘nomadic’ comings and goings, and most of all for belonging-together and multiple becomings. Its inhabitant, the posthuman subject is, in fact, a relational subject constituted in and by multiplicity – a subject based on a strong sense of collectivity and relationality.

Met hierdie sterk sin van relasionaliteit, waarna Iovino verwys, word die idee van die groot, ontologiese narratief geïmpliseer, oftewel die mens op paaie van oneindige en vervlegte wordings (“entangled becomings”) met die niemenslike (Iovino 2016b:12). Só ’n beskouing maak voorsiening vir idees oor relasionaliteit soos dat konstante “onderhandelings” van liggaamlike grense, in ’n sfeer van medeteenwoordigheid met ander vorme van liggaamlikheid en verhoudings met ander, omringende vorme van bestaan, die dinamiese bestemming van alle bestaan is. Wendy Wheeler (2006:155) beskou ons verhouding met die wêreld, wat sy treffend verwoord as ons “mixing with otherness”, as een gekenmerk deur ’n verenigde bestemming. Ter motivering haal sy Andrew Pickering (1995:26) aan: “The world makes us in one and the same process in which we make the world.”

Die ontmoeting van die posthumanisme met die ekokritiek vind byna spontaan plaas. Dit gebeur as gevolg van die materiële ekokritiek se beskouings omtrent die krag, werking of magte van beïnvloeding (“agency”) van materie – menslik en niemenslik, organies en anorganies – en omtrent die mens as deel van ’n interaktiewe geheel van materialiteit, oftewel as ingeskakel by die vervloeiing van die sfere van die lewende en nielewendes (Iovino & Oppermann 2014:1-2). Met verwysing na die materiële ekokritiek se idees omtrent die omvattende materiële netwerk (“mesh”) van ons bestaan, gebruik Iovino en Oppermann (2014:2) die beeld van materiële verskynsels, van menslike en niemenslike aard, as “knope in die breë vlegwerk van magte” (“knots in a broad web of agencies”).

Die stemme van posthumanisme en die materiële ekokritiek is dus duidelik in gesprekke oor mens- en selfbeskouing binne die breë konteks van die materiële saambestaan op die groter-as-menslike vlak. Iovino (2016a:3) beklemtoon ’n spesifieke kwessie in hierdie gesprek: sy redeneer dat die “materiële narratiewe” wat van landskappe-as-“tekste” uitgaan, bydra tot die volledige prentjie van die self binne ons materiële bestaanskonteks. In haar boek *Ecocriticism and Italy* (2016) werk Iovino met die begrip van die “stemgewing” aan landskappe

deur aandag te skenk aan die kragte, wonde en boodskappe wat op die “liggaam” van verskeie landstreke in Italië gelaat is. Hierdie landskappe is tekste, redeneer Iovino (2016a:3), hulle dra die beliggaaamde verhare van sosiale en magsverhoudings, van biologiese balanse en wanbalanse, van die mens se kragdadige vormgewing aan landstreke gevul met menslike en niemenslike lewe. Hierdie “vertellende materie” artikuleer die gemeenskaplike verhaal van akteurs van lewende en nielewende aard, wie se bestaan onderling vervleg is en wat insgelyks ook as “vertelde materie” in patrone van mede-afhanklikheid en gedeelde lottobepaling bestaan (Iovino 2016a:4). Wat sulke verswygde stemme vanuit die materiële bestaansdimensie oor die mens as handelende akteur onthul, kan volgens Iovino (2016a:6) beskou word as vorme van weerstand – as narratiewe om sonder verwyl op ag te slaan, en wat die mens definieer in verhouding tot die allesinsluitende ekologiese omgewings waarvan ons deel is. Die materiële ekokritiek verskaf dus ’n toenemend duidelike en onthutsende perspektief op ons selfbeskouing. Dit bied ’n hoogs relevante, hedendaagse raamwerk vir persoonlike identiteitskwessies, deurdat dit so direk inspeel op die oortuigings en gedragsbeginsels wat die grondslag vorm van wie en wat elke individu dink hy/sy self werklik is.

Op plaaslike vlak maak Reinhardt Fourie (2013) die betekenisvolle opmerking dat kwessies oor identiteit besig is om toenemend die fokus te word ook van ekokritiese studies binne die Suid-Afrikaanse literatuurkonteks. Elzette Steenkamp (2011:23) verwys na die debat oor wat sy “belonging and the self in nature” noem in die postkoloniale Suid-Afrikaanse era, en waarin die kwessies van plek en ontheemding sentraal staan. Sy vestig die aandag op vele probleme wat spruit uit pogings tot ’n hervisualisering of -voorstelling van “self in nature” in Suid-Afrikaanse konteks, deur te herinner aan die verband wat hedendaagse debatte oor grondbesit en die verspreiding van natuurlike hulpbronne met ons geskiedenis van koloniale onderdrukking het (Steenkamp 2011:186). In ’n vroeër studie (Meyer 2018) het ek die feit onderstreep dat pogings tot die posisionering van die self in verhouding tot die natuurlike omgewing, en die hele idee van “environmental belonging”, noodwendig problematies is in Suid-Afrika – weens die gewelddadigheid van ’n verlede van segregasie, gronddispute, gedwonge verskuiwings en onteiening.

In Meyer (2014) word die verband tussen identiteit en die natuur in Suid-Afrikaanse konteks ook vanuit ’n ander hoek ondersoek. In hierdie ekokritiese benadering tot Carol Campbell se *Karretjiemense* neem Meyer as vertrekpunt Nadine Sinno (2013:140) se standpunt dat die omringende natuuromgewing ’n oorheersende rol kan speel in die konstruksie van identiteit by karakters wie se bestaansreg en identiteitsbehoefte bedreig word. Die nomadiese “karretjie-gesin” in Campbell se roman besit geen identiteitsdokumente nie en word in die samelewing sowel as deur die owerheid geïgnoreer; Meyer (2014) toon egter hoe effektief hierdie karakters die natuuromgewing in die prosesse van identiteitskonstruksie benut. Verdere navorsingsprojekte lewer eweneens bewyse omtrent die verband tussen identiteitskwessies en mens-natuur-verhoudingsaspekte, uitgebeeld in verskeie Afrikaanse romans.¹⁰

¹⁰ Meyer (2006) vind dat Engela van Rooyen se bundel jeugverhale, *Met ’n eie siekspens*, en Pieter Pieterse se roman, *Manaka: plek van die horings*, mekaar aanvul as literêre vergestaltung van die verskynsel dat identiteit deur riviere in die karakters se omgewing beïnvloed word. Uit Meyer (2008) se outo-etnografiese verkenning van Willem D. Kotzé se bundels *Kalaharikind* en *Kalaharijoernaal* spruit die bevinding dat die kulturele identiteit van ’n gemeenskap grootliks deur die natuur en natuurekoppelde omstandighede beïnvloed kan word.

3.2 Identiteit en omgewingsbeskouing en -gedrag

Ondanks die feit dat die praktyk van ekokritiese teksanalise en -kritiek toenemend insigte oplewer omtrent die wyses waarop natuuumgewings op selfbeskouing en identiteitsvorming kan inspeel, word daar in internasionale samelewingsverband verbasend min ag geslaan op die skakels tussen identiteit en natuur/omgewingsbeskouing. Die belang van identiteitskwessies klink nog nie oortuigend op waar omgewingshouding en -gedrag die flikkerende gevaarligte is in die ál dringender samesprekings wat deur die potensiele ineenstorting van die lewewegende en -onderhoudende kapasiteit van die planeet ontlok word nie.

Daar word wel algemeen erkenning gegee aan die feit dat ons omgewingsprobleme slegs gedeeltelik as die byproduk van tegnologiese vooruitgang beskou kan word, en ten minste gedeeltelik ook die gevolg van menslike houdings- en gedragsfaktore is (Clayton & Opotow 2003a:3). Daarom word navorsingsaandag geredelik gespandeer aan hoe mense oor die natuurlike omgewing dink. Uit sulke studies, uitgevoer in veral Westerse samelewings, is dit 'n geruime tyd al duidelik dat ekonomiese oorwegings 'n sterker houding- en gedragsbepaler is as die gevoelswaarde van 'n saak, en dat daar aan die natuuumgewing en -hulpbronne gedink word hoofsaaklik in terme van wat dit aan die mens kan voorsien (Zelezny & Schultz 2000; Oskamp 2002). Hierdie studies bevestig dat omgewingsbeskouings dikwels gerig word deur die uitgangspunt dat dit die aarde se "taak" is om die mens van die hulpbronne wat nodig is, te voorsien. Clayton en Opotow (2003a:3) verwys egter ook na navorsing waaruit blyk dat selfs die beklemtoning van die konkrete ekonomiese voordele van positiewe omgewingsgedrag beduidende beperkings het in die pogings om omgewingsgedrag op permanente basis te verander.

Terwyl omgewingsbeskouings en -gedrag klaarblyklik nie maklik in 'n positiewe rigting gestuur kan word nie, en ons met al die bewyse daarvan in die ineenstorting van ekosisteme en die opbouende klimaatskrisis sit, stel Clayton en Opotow (2003a:5) voor dat ons met nuwe aandag na die skakel tussen identiteit en omgewingsgedrag moet kyk. Identiteit, argumenteer hulle, beskryf sosiale rolle, en rolle behels verantwoordelikhede (Clayton & Opotow 2003a:2). Hulle stel dit sterk en saaklik: "Environmental identity makes the link between abstract issues and personal relevance" (Clayton & Opotow 2003a:3). Motivering vir hulle standpunt word gebied met verwysing na hulle uitgebreide navorsing oor verskillende beskouings van geregtigheid met betrekking tot omgewingskwessies (Clayton & Opotow 1994; Clayton 2000; Clayton & Opotow 2003b). Hierdie studies het hulle tot die insig gebring dat oortuigings oor wat billik en regverdig is, in wese vervleg is met wie ons is, hoe ons in verhouding staan of aansluiting vind by ander, en wat dit beteken in terme van regte en verpligtinge.

Allison Freed, wat die verband tussen omgewingsidentiteit, gedrag en besluitneming bestudeer het, beaam die oortuiging van Clayton en Opotow, en ook dié van Jan Stets en Chris Biga (2003:398), wanneer sy beklemtoon dat identiteitsgebaseerde faktore die belangrikste motiveerders van enige gedrag is (Freed 2015:2, 7). Hierdie agtergrond verleen gewig aan Clayton en Opotow (2003a:19) se oortuiging dat omgewingskonflikte nie ten volle verstaan of op konstruktiewe wyse hanteer kan word sonder om die wyses waarop dit die identiteit van die individu of die groep reflekteer, te erken nie.

Die begrip *identiteit* word in die sielkunde bestudeer met aandag aan verskeie aspekte van hoofsaaklik twee betekeniskomponente, sosiale identiteit en persoonlike identiteit (Fearon 1999:15, 20-22; Clayton 2012:4; Freed 2015:5). Aangesien die sosiale aspekte van identiteit so ooglopend en belangrik is, word die impak van die niesosiale oftewel niemenslike in die definiëring van hierdie begrip dikwels oor die hoof gesien. Clayton en Opotow (2003a:5) bring

die negering van die groter, niemenslike konteks waarin alle menslike verhoudings gesitueer is in verband met hardnekkige idees oor ons sogenaamde tweeledige bestaan: manlik/vroulik, rede/emosie, asook kultuur/natuur. Hulle verwys na die argument van kunsmatigheid wat McKibben gebruik in die afwys van die konvensioneel aanvaarde digotomie van natuur versus (mens)vervaardigde: “There is no ‘nature’ in the traditional sense; by changing the weather, we make every spot on earth man-made and artificial” (McKibben 1989:58). Die mite dat die natuurwêreld van die sosiale wêreld geskei is, het egter steeds ’n misleidende impak en bevorder na alle waarskynlikheid die idee dat die beskerming van die natuuromgewing irrelevant is vir die lewe van die deursnee-wêreldburger.

Daarom dring Clayton en Opotow (2003a:6) daarop aan dat waar die begrippe *natuur* en *natuurlike omgewing* gebruik word, dit gedoen word spesifiek op ’n wyse wat die gemiddelde individu se kontak daarmee impliseer. Hulle beskryf die term *natuurlike omgewing* as ’n omgewing waar die mens se invloed minimaal of nie-ooglopend is, en verwys daarmee na die lewende aspekte van sulke omgewings (byvoorbeeld bome, plant- en dierelewe), asook na die nielewende natuurlike omgewingsverskynsels, soos berge en oseane. Hulle beklemtoon dat die beleving van die natuur of aspekte daarvan nie slegs in afgesonderde natuurstreke moontlik is nie, maar ook in ’n stedelike opset (Clayton & Opotow 2003a:6).

Die ekokritiek erken, op ’n veel vryer wyse as die sielkunde en kultuurstudies, die relevansie van die natuuromgewing vir identiteitskonstruksie (Dreese 2002:1; Boivin 2008:75). Uit plaaslike ekokritiese studies, soos dié van Meyer waarna vroeër verwys is, blyk bevestiging vir die teorie van identiteitsbeïnvloeding deur die natuur en word na verskeie Afrikaanse romans verwys. Dit het egter belangrik geword dat die praktiese belang van die begrip *omgewingsidentiteit* in wyer konteks en ook vir omgewingsgeoriënteerde denke ondersoek behoort te word, in aansluiting by die wêreldwye besorgdheid oor die impak van die mens op die omgewing en oor die “kritieke kantelpunte” wat die aarde besig is om te bereik (Kotzé 2014).

3.3 Omgewingsidentiteit

Daar is verskeie terme wat verwant aan *omgewingsidentiteit* is. Verder word ook soms verwarrende en dubbelsinnige betekeniswaardes aan hierdie term toegeken. Andrew Weigert (1997:159) verwys met die term *omgewingsidentiteit* (“environmental identity”) na wat hy op unieke wyse formuleer as “experienced social understandings of who we are in relation to, and how we interact with, the natural environment as other”. Walton en Jones (2017:659) wys op verwante terme, soos “environmental self” en “ecological self” wat deur Arne Naess (1989) en deur James Cantrill en Susan Senecah (2001) gebruik is, maar meen dat die gebruikers van hierdie terme nie daarin kan slaag om bevredigende definisies daaraan te heg nie.

Walton en Jones (2017:659) verkies die term *ekologiese identiteit* (“ecological identity”). Hulle redeneer dat dit beter dien om die idee van die self in verhouding tot die natuur, of die self as deel van ’n ekosisteem, vas te vang. Voorts meen hulle dat daar gelyktydig ook ’n uitkakeling van die verwarring rondom die term *omgewing* – wat ook die mensvervaardigde en sosiale omgewings mag insluit – gebeur. Clayton en Opotow (2003a) gee egter voorkeur aan die term *omgewingsidentiteit* op grond van hulle mening dat dié term daarin slaag om ’n soort direkte of intuïtief aanvoelbare betekeniswaarde aan die gewone individu oor te dra. Hulle oordeel dat hierdie term ook duidelike betrekking het op die omgewingskwessies van ons tyd.

Met volle erkenning aan die feit dat individue verskeie identiteite mag ervaar, wisselend oor ’n leeftyd en oor verskillende sosiale kontekste heen, stel Clayton (2003:45) die begrip

van *omgewingsidentiteit* voor, verwysend na een spesifieke wyse waarop selfbegrip gevorm kan word. Sy omskryf dit as 'n gevoel van skakeling met 'n aspek van ons niemenslike natuurlike omgewing, gebaseer op persoonlike geskiedenis, emosionele verbintenis of op beleefde ooreenkomste of gelykheid. Hierdie beleving van skakeling of verbintenis het, volgens Clayton (2003:45-6), 'n invloed ten opsigte van ons waarneming van en gedrag teenoor die wêreld; dit manifesteer in die oortuiging dat die natuuromgewing belangrik vir ons is, asook 'n belangrike deel vorm van wie ons is.

Clayton (2003:46) verduidelik dat *omgewingsidentiteit* soortgelyk kan wees aan 'n ander vorm van kollektiewe identiteit, byvoorbeeld 'n nasionale identiteit, in die sin dat dit aan ons 'n gevoel van verbondenheid besorg – 'n besef dat ons deel vorm van 'n groter geheel. Ons omgewingsidentiteit maak ons bewus van 'n gemeenskaplike, interafhanklike sisteem waarin ons ons bevind en waarvan ook natuurlike ekosisteme deel vorm.

Clayton se siening van omgewingsidentiteit sluit aan by Mitchell Thomashow (1995:3) se beskrywing van *ekologiese identiteit* as verwysend na die verskillende maniere waarop mense hulleself in verhouding tot die aarde verklaar, en wat duidelik word in persoonlike keuses en waardes, standpunte en optrede. Thomashow se definisie is nie so omvattend of helder soos dié van Clayton nie, maar sluit ook bepaalde aksies as deel daarvan in, en herinner ons aan Clayton (2003a:46) se beskouing dat omgewingsidentiteit as motiverende krag manifesteer en dat dit persoonlike, sosiale en politieke gedrag kan motiveer.

In plaas daarvan om persoonlike en sosiale identiteit as afsonderlike kategorieë te beskou,¹¹ soos meestal in die sielkunde gebeur, argumenteer Clayton en Opotow (2003:5) dat identiteit, in persoonlike en groepverband, beskryf kan word volgens die mate waarin sosiale kragte 'n invloed op individue of groepe uitoefen. Aangesien natuurbeleving diep wortels in sosiale en kulturele agtergrondfaktore het, koppel Clayton en Opotow die beginsel van omgewingsidentiteit aan 'n kontinuum tussen pole, gebaseer op die mate waarin sosiale invloed 'n rol speel: van minimaal tot sterk.

Tobin Walton en Robert Jones probeer ook in so 'n rigting werk met hulle idee van *ekologiese identiteit*. Dit word beskryf as 'n sosiaal verankerde selfdefinisie op grond van gedeelde eienskappe, rolle en lidmaatskap, en waardeur die individu binne 'n web van sosio-ekologiese verhoudings geposisioneer word (Walton & Jones 2017:659). Wat hulle voorstel, is eger 'n redelik verwarrende vermenging van idees wat, binne die konteks van die tradisionele sielkunde, met persoonlike sowel as sosiale identiteit verband sou kon hou. *Ekologiese identiteit* moet, volgens Walton en Jones (2017:659), ook saam met die begrip *verbondenheid met die natuur* (“connectedness to nature”) in beskouing geneem word. Laasgenoemde word beskryf as 'n kognitiewe, affektiewe en gedragsmatige beleving van die natuur, in mindere mate gewortel in sosiale verhoudings. Sowel *ekologiese identiteit* en *verbondenheid met die natuur* dra, aldus Walton en Jones (2017:659), by tot die verstaan van self-omgewingsverhoudings.

Clayton en Opotow se omgewingsidentiteitsmodel akkommodeer op 'n veel gemakliker wyse die uitgangspunt dat omgewingsidentiteit onvermydelik 'n sosiale komponent bevat.

¹¹ Fearon (1999:10-15, 20-22) tref op 'n duidelike wyse onderskeid tussen hierdie kategorieë. In *sosiale betekenisverband* verwys identiteit na 'n sosiaal-gekonstrueerde kategorie, 'n groepering van mense geëtiketteer deur menslike denke en diskoers. Hierdie identiteit is histories-gebonde en 'n belangrike rolspeler is sogenaamde gedeelde kenmerke in voorkoms, gedrag, ervaring, geloof, waardes en taal (Fearon 1999:10, 13-14). *Persoonlike identiteit* word beskryf met verwysing na die eienskappe, oortuigings of gedragsbeginsels wat die grondslag vorm van wie en wat 'n mens self dink jy werklik is; wat, volgens eie oordeel, jou as individu van ander onderskei (Fearon 1999:20-22).

Hierdie model gee erkenning daaraan dat hoe ons onself in verhouding tot die natuur verstaan, afhanklik is van gedeelde, kultureel gekleurde opvattinge oor wat die natuur is, asook oor watter aspekte van die natuur ons respek verdien, en wat negeer of benut kan word (Clayton & Opotow 2003a:10). Clayton en Opotow herinner ons dat sosiale veranderlikes ’n invloed het op hoeverre ons in staat is en verkies om op die natuurlike omgewing te fokus en te reageer, ook op hoe ons dit wat ons sien, interpreteer (2003a:10). Hulle model vir omgewingsidentiteit berus dus op die beginsel dat, hoewel sosiale invloed nie vermy kan word nie, die mate van beïnvloeding by mense verskil.

Wanneer omgewingsidentiteit minimaal deur sosiale faktore beïnvloed word, sê Clayton en Opotow (2003a:10), word ervaar dat die natuur op direkte wyse beleef en verstaan word, sonder of met baie min sosiale “inmenging”. Die natuur word beleef as geskei van die sosiale lewe. Daar is geen beduidende sosiale druk of konflik ten opsigte van natuurbeleving nie.

Hierteenoor: Wanneer omgewingsidentiteit in ’n groot mate deur sosiale faktore beïnvloed word, bevind individue en groepe hulle in sterk sosiale groeperings of kategorieë waar politieke realiteite, aktivisme en sosiale konflik ’n groot rol speel (Clayton & Opotow 2003a:10).

Tussen hierdie twee pole op die kontinue voorstellingslyn vir omgewingsidentiteitstipes is variasie moontlik. Dit gebeur ook dat omgewingsidentiteit gekompliseer word deur ’n wisselwerking tussen sosiale en omgewingsfaktore. Clayton en Opotow (2003a:11) verduidelik dat omgewingsfaktore en -gebeure van nabye en onmiddellike aard in sekere situasies daartoe kan bydra dat omgewingsidentiteit, wat vroeër sterk deur sosiale invloed gevorm en gekleur is, hervorm word en dat die natuur ’n toenemend groter en meer direkte rol kan speel ten opsigte van selfbegrip en wêreldbeskouing. Net so kan omgewingsidentiteit soms ’n nuwe politieke en sosiale geladenheid kry. Dit kan gebeur wanneer georganiseerde deelname en protes op die voorgrond gedwing word – byvoorbeeld deur omgewingsaktivisme – terwyl daar vroeër min bewustheid van sosiale invloed was, en daar eerder ’n beleving van “in pas” te wees met die natuurwêreld, sonder sosiale inmenging, was.

Die waarde van hierdie model kan nie ontken word nie. Clayton en Opotow bied, myns insiens, ’n praktykgeoriënteerde soort skaal vir die vasstelling van verskille in omgewingsidentiteit. Hulle model vorm ’n konkrete vertrekpunt om die verskeidenheid van benaderings tot die natuurlike omgewing, en verskillende morele opvattinge daaromtrent, te begryp en om hierdie insigte te herlei tot praktiese maniere om omgewingsgedrag en -konflik te voorspel.

3. VOORUITSKOUEND

In Deel 2 van hierdie ondersoek word die aandag op *Toorbos* toegespits. Daar sal vrae gestel word om die waarde van Clayton en Opotow se model vir omgewingsidentiteit vir die praktiese situasie van *Toorbos* se romanwerklikheid te toets. Hoe lyk die omgewingsidentiteit wat die hoofkarakters se denke kleur en hulle besluite rig? Sou dit lig kon werp op die onversoenbaarheid en frustrasies tussen Karoliena en Johannes, twee siele uit dieselfde bosagtergrond wat in verskillende rigtings beur? En, breër gedink: Sou die roman moontlik ’n bewusmaker kon wees van die implikasies van verskille ten opsigte van omgewingsidentiteit in ’n tydsgewrig waar die effektiewe hantering van omgewingskonflik noodsaaklik geword het?

In my voortgaande ondersoek (Deel 2) is die visier dus ingestel op die waardevolle insigte wat die letterkunde ten opsigte van hierdie vrae, en veral ten opsigte van laasgenoemde daarvan, sou kon bied.

BIBLIOGRAFIE

- Azar-Loxton, G. 2005. Dalene Matthee die skrywer. *Kaapse Biblioteke*, Maart/April, pp. 19-21.
- Bartha, K. 2017. Facing Gaia: Eight lectures on the new climatic regime by Bruno Latour, translated by Catherine Porter. *Environment*. <https://www.australianbookreview.com.au/abr-online/archive/2017/214-december-2017-no-397/4440-kathrin-bartha-reviews-facing-gaia-eight-lectures-on-the-new-climatic-regime-by-bruno-latour-translated-by-catherine-porter> [8 July 2020].
- Boivin, N. 2008. *Material Cultures, Material Minds: The Impact of Things on Human Thought, Society and Evolution*. Cambridge and New York: Cambridge University Press.
- Burger, W. 2001. The past is another country: Narrative, identity and the achievement of moral consciousness in Afrikaans historiographical fiction. *Stilet*, 13(2):79-91.
- Cantrill, J.G. & Senecah, S.L. 2001. Using the “sense of self-in-place” construct in the context of environmental policy-making and landscape planning. *Environmental Science and Policy*, 4:185-203.
- Castree, N. 2014. The Anthropocene and the Environmental Humanities: Extending the conversation. *Environmental Humanities*, 5:233-260.
- Clayton, S.D. 2000. Models of justice in the environmental debate. *Journal of Social Issues*, 56(3):459-74.
- Clayton, S.D. 2003. Environmental identity: A conceptual and an operational definition. In Clayton, S.D. & Opatow, S.V. (eds). *Identity and the Natural Environment. The Psychological Significance of Nature*. Cambridge: The MIT Press, pp. 45-65.
- Clayton, S.D. & Opatow, S.V. 1994. Green justice: Conceptions of fairness and the natural world. *Journal of Social Issues*, 50(3):1-11.
- Clayton, S.D. & Opatow, S.V. 2003a. Introduction: Identity and the Natural Environment. In Clayton, S.D. & Opatow, S.V. (eds). *Identity and the Natural Environment. The Psychological Significance of Nature*. Cambridge: The MIT Press, pp. 1-24.
- Clayton, S.D. & Opatow, S.V. 2003b. Justice and identity: Changing perspectives on what is fair. *Personality and Social Psychology Review*, 7(4):298-310. DOI: https://journals.sagepub.com/doi/pdf/10.1207/S15327957PSPR0704_02 [3 Mei 2019].
- Clayton, S.D. 2012. Identity and Environment. In Clayton, S.V. (ed). *The Oxford Handbook of Environmental and Conservation Psychology*. Oxford: Oxford University Press. <https://www.oxfordhandbooks.com/view/10.1093/oxfordhb/9780199733026.001.0001/oxfordhb-9780199733026-e-10>
- Dreese, D.N. 2002. *Ecocriticism: Creating Self and Place in American Indian Literatures*. New York: Peter Lang.
- Fearon, J.D. 1999. What is identity (as we now use the word)? <https://www.stanford.edu/group/fearon-research/cgi-bin/wordpress/wp-content/uploads/2013/10/What-is-Identity-as-we-now-use-the-word-.pdf> [14 Februarie 2018].
- Fourie, R. 2013. Is ekokritiek die moeite werd? *LitNet Webseminare*. <http://www.litnet.co.za/Article/is-ekokritiek-die-moeite-werd> [10 Februarie 2018].
- Freed, A. 2015. *Exploring the link between environmental identity, behaviors and decision making*. East Lansing: Michigan State University.
- Ghosh, A. 2016. *The Great Derangement: Climate Change and the Unthinkable*. University of Chicago Press.
- Glotfelty, C. 1996. Introduction: Literary studies in an age of environmental crisis. In Glotfelty, C. & Fromm, H. (eds). *The ecocriticism reader: Landmarks in literary ecology*. Athens: University of Georgia Press, pp. xv-xxxvii.
- Gregg, M. & Seigworth, G.J. 2010. *The Affect Theory Reader*. Durham: Duke University Press.
- Iovino, S. 2016a. *Ecocriticism and Italy: Ecology, Resistance and Liberation*. London: Bloomsbury Academic.
- Iovino, S. 2016b. Posthumanism in Literature and Ecocriticism. *Relations* 4(1):11-20. <https://www.ledonline.it/index.php/Relations/article/view/989/795> [13 Maart 2020].
- Iovino, S. & Oppermann, S. 2014. Introduction: Stories Come to Matter”. In *Material Ecocriticism*. Iovino, S & Oppermann, S. (eds). Bloomington: Indiana University Press, pp. 11-17.
- John, P. 2002. Vanaf die enigmatiese na die ongerieflike: die “gevaarlike kennis” van Eben Venter se *Twaalf* (2000). *Stilet* 14(1):118-134.

- Jooste, G.A. & Senekal, B.A. 2016 (1999). Dalene Matthee. In: Van Coller, H. P. (red). *Perspektief en Profiel, Deel 2*. Pretoria: Van Schaik, pp. 770-786.
- Kotzé, L. 2014. Oorgrens-biodiversiteitsregulering in die Antroposeen. *LitNet Akademies*, 11(2):126-148. <http://www.litnet.co.za/oorgrens-biodiversiteitsregulering-in-die-antroposeen> [17 September 2019].
- Latour, B. 2017. *Facing Gaia: Eight Lectures on the New Climatic Regime* (translated by C. Porter). Polity Press.
- Latour, B. 2018. Bruno Latour tracks down Gaia (translated by S. Muecke). *Los Angeles review of books*. <https://lareviewofbooks.org/article/bruno-latour-tracks-down-gaia/> [8 July].
- Lewis, S.L. & Maslin, M.A. 2015. Defining the Anthropocene. *Perspectives*, 519:171-180.
- Leys, R. 2011. The turn to affect: a critique. *Critical Inquiry*, 37(3):434-472.
- Living Media India Limited. 2018. Amitav Ghosh becomes first English writer to win Jnanpith Award: About the author and his work. *India Today*, 17 December. <https://www.indiatoday.in/education-today/gk-current-affairs/story/amitav-ghosh-becomes-first-english-writer-to-win-jnanpith-award-about-the-author-and-his-work-1411018-2018-12-17> [9 Julie 2020].
- Martinez-Alier, J. 2014. The environmentalism of the poor, *Geoforum* 54:239-241. <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S0016718513000912> [6 September 2019].
- McKibben, W. 1989. *The End of Nature*. New York: Random House.
- Meyer, S. 2006. Riviere as identiteitskonstrueerders. *Literator*, 27(3):51-78.
- Meyer, S. 2008. Die Kalaharimense in Willem D. Kotzé se *Kalahari-kind* en *Kalaharijoernaal*: 'n Outo-etnografiese verkenning met aandag aan identiteitsbeïnvloeding deur die natuur. *Stilet*, 20 (1):192-214.
- Meyer, S. 2014. "Ons is mense. My kinders hét gesigte." Die natuurlike omgewing en die konseptualisering van die self in *Karretjiemense* (Carol Campbell). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):675-692.
- Meyer, S. 2018. Groen postkolonialisme in *Etosha* (Piet van Rooyen). *Literator*, 39(1). <https://literator.org.za/index.php/literator/article/view/1425/2499> [6 September 2019].
- Naess, A. 1989. *Ecology, community, and lifestyle*. New York: Cambridge University Press.
- Nixon, R. 2011. *Slow Violence and the Environmentalism of the Poor*. Harvard University Press.
- Oskamp, S. 2002. Environmentally responsible behavior: Teaching and promoting it effectively. *Analysis of Social Issues and Policy*, 2(1):173-182.
- Pickering, A. 1995. *The Mangle of Practice: Time, Agency, and Science*. Chicago: University of Chicago Press.
- Pople, L. 2017. Matthee se *Toorbos* ook na die silwerdoek. *Beeld*, 14 September. <https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20170914/282162176380440> * [1 November 2019].
- Princeton Environmental Institute. 2020. Rob Nixon. *Princeton University Website*. <https://environment.princeton.edu/people/robert-nixon/> [14 July 2020].
- Rhodes, P. 2016. Paul Ricoeur and Narrative Identity. *Psychology Today*. <https://www.psychologytoday.com/intl/blog/post-clinical/201604/paul-ricoeur-and-narrative-identity> [10 Maart 2020].
- Roos, H. 2015 (1998). 'n Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu tot 2010. In: Van Coller, H.P. (red). *Perspektief en profiel, deel 1*. Pretoria: Van Schaik, pp. 92-273.
- Scholtz, A. 2018. Another Dalene Matthee novel set to hit the big screen. *The Gremlin*. <https://www.thegremlin.co.za/2018/04/17/another-dalene-matthee-novel-set-to-hit-the-big-screen/> [9 September 2019].
- Sinno, N.A. 2013. The Greening of Modern Arabic Literature: An Ecological Interpretation of Two Contemporary Arabic Novels. *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 29(1):125-143.
- Stanley, B. & Phillips, W.D. 2017, South African ecocriticism: Landscapes, animals, and environmental justice. *Oxford Handbooks Online*. <https://www.oxfordhandbooks.com/view/10.1093/oxfordhb/9780199935338.001.0001/oxfordhb-9780199935338-e-154?print=pdf> [6 April 2019].
- Steenkamp, E.L. 2011. *Identity, Belonging and Ecological Crisis in South African Speculative Fiction*. Grahamstown: Rhodes University.
- Steenkamp, E. 2013. Ekokritiek: In gesprek met Susan Smith. *LitNet Akademies*. <http://www.litnet.co.za/ekokritiek-in-gesprek-met-susan-smith/> [4 Oktober 2019].

- Stets, J.E. & Biga, C.F. 2003. Bringing identity theory into environmental sociology. *Sociological Theory*, 21(4):398-423.
- Tesch, N. 2020. Bruno Latour: French sociologist and anthropologist. *Encyclopedia Britannica*. <https://www.britannica.com/biography/Bruno-Latour> [14 July 2020].
- Thomashow, M. 1995. *Ecological Identity: Becoming a Reflective Environmentalist*. Cambridge: The MIT Press.
- Van der Merwe, J. 2018. Affekteorie. Literêre terme en teorieë. <http://www.litterm.co.za/index.php/lemmas/8-a/1573-affekteorie> [6 Maart].
- Walton, T.N & Jones, R.E. 2017. Ecological identity: The Development and Assessment of a Measurement Scale. *Environment and Behavior*, 50(6):657-681.
- Weigert, A.J. 1997. *Self, interaction, and natural environment*. Albany: State University of New York Press.
- Wheeler, W. 2006. *The Whole Creature: Complexity, Biosemiotics and the Evolution of Culture*. London: Lawrence and Wishart.
- Zelezny, L. & Schultz, P.W. Promoting environmentalism. *Journal of Social Issues*, 56(3):365-371.

Horende moeders en vaders se benadering tot ouerskap van kinders met gehoorverlies

Parenting approaches of hearing mothers and fathers to children with hearing loss

RONEL S DAVIDS

Departement Maatskaplike Werk
Universiteit van Wes-Kaapland
Suid-Afrika
E-pos: rsdavids@uwc.ac.za



Ronel Davids



Nicolette Roman

NICOLETTE V ROMAN

DWI/NNS/NOP-Leerstool: Menslike Vermoëns
Sosiale Kohesie en die Gesin
Universiteit van Wes-Kaapland
Suid-Afrika
E-pos: nroman@uwc.ac.za

RINIE SCHENCK

DWI/NNS/WNNR-Leerstool: Afval en Samelewing
Universiteit van Wes-Kaapland
Suid-Afrika
E-pos: cschenck@uwc.ac.za



Rinie Schenck

RONEL DAVIDS is 'n dosent in maatskaplike werk aan die Universiteit van Wes-Kaapland in Suid-Afrika. Sy is tans besig met haar PhD-studie. Haar primêre navorsingsfokus is gestremdheid en die gesin met 'n besondere belangstelling in kinders met gehoorverlies, ouerskap, gesinswelstand en gesinsfunksionering.

RONEL DAVIDS is a social work lecturer at The University of the Western Cape in South Africa. She is currently busy with her PhD studies. Her primary research focus is on disability and family with a particular interest in deaf children, parenting, family well-being, and family functioning.

NICOLETTE ROMAN beklee tans die DWI/NNS/NOP-leerstool, Menslike Vermoëns, Sosiale Kohesie en die Gesin. Sy het 'n PhD in Sielkunde en geniet nasionale aansien as 'n gevestigde navorsers in Suid-Afrika. Haar navorsing fokus op ouer-kind-verhoudings om families plaaslik sowel as internasionaal te versterk. Sy is outeur en mede-outeur van verskeie akademiese boeke en nasionale en internasionale wetenskaplike tydskrifte. Sy het as studieleier van meestersgraad- en

NICOLETTE ROMAN is presently the DST/NRF/NDP Research Chair in Human Capabilities, Social Cohesion and the Family. She has a PhD in Psychology and is rated as an established researcher nationally in South Africa. Her research focuses on the parent-child relationship to strengthen families both locally and internationally. She is the author and co-author of various academic books and nationally and internationally published articles. She acted as super-

Datums:

Ontvang: 2020-02-17

Goedgekeur: 2020-07-08

Gepubliseer: September 2020

<p>doktorale studies opgetree. Sy is 'n lid van die Gesinsdienteforum in die Wes-Kaap om die nuwe Gesinsbeleid te implementeer, die Vereniging vir Mensontwikkeling en Bekwaamheid: Agentskap, Welstand en Geregtheid, en die Vereniging vir Navorsing oor Kinderontwikkeling. Sy bou ook kapasiteit in gemeenskapsgebaseerde organisasies deur organisasies op te lei in monitering en evaluering ten einde bewysgebaseerde praktyke te bou.</p>	<p>visor for master's and doctoral studies. She is a member of the Family Services Forum in the Western Cape to implement the new family policy, the Human Development and Capability Association: Agency, Well-Being and Justice and a member of the Society for Research in Child Development. She also builds capacity in community-based organisations to build evidence-based practices by training organisations in monitoring and evaluation.</p>
<p>RINIE SCHENCK beklee tans die DWI/NNS/WNNR-Leerstool in Afval en die Samelewing aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Sy is ook 'n NNS gegradeerde navorser. Voordat sy by UWK begin werk het, was sy 25 jaar aan Unisa en 6 jaar aan die Universiteit van Pretoria (UP) verbonde. Haar navorsing is gerig op armoede, werkloosheid en in besonder op die persone wat 'n bestaan probeer maak in die informele ekonomie. Professor Schenck en haar navorsingspan gee veral aandag aan die dagloners en vullisherwinners. Sy het reeds wyd in nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer oor die bepaalde onderwerp</p>	<p>RINIE SCHENCK holds the DST/NRF/CSIR Chair in Waste and Society at the University of the Western Cape. She is also a NRF rated researcher. Prior to UWC she lectured at Unisa for 25 years and 6 years at the University of Pretoria (UP). Her research focus is on poverty, unemployment and in particular on people who are making a living in the informal economy, including day labourers and waste pickers. She has published extensively in national and international journals</p>

ABSTRACT

Parenting approaches of hearing mothers and fathers to children with hearing loss

It is estimated that there are 32 million children in the world with a hearing loss. Research shows that 90% of children suffering from hearing loss are born to hearing parents who often know nothing or very little about hearing loss. Most research studies on child hearing loss have generally focussed on early intervention, language development and on parents' experiences at the time of diagnosis of child hearing loss. However, the effect of child hearing loss on parents' parenting approaches and on parents' parental self-efficacy in attempting to parent a child with a hearing loss, have received relatively little research attention.

Parenting a child with a hearing loss may necessitate the need for parents to make accommodations for their child by adapting, adjusting, educating themselves about the needs of their child and may modify their parenting approaches, behaviour and attitudes in order to become more engaged in their parenting role. Furthermore, parents parenting a child with this particular disability may lack a sense of parental self-efficacy, and may be unable to put their parenting knowledge into action as they may feel overwhelmed by their extra responsibilities. In many cases, parents of children with a hearing loss are expected to take on new and multiple roles for which they are not prepared. The demands of these roles together with parents' lack of parenting skills (knowledge on hearing loss, communication approaches for example), the need for information resources, social-emotional support leave parents vulnerable. As a result of their vulnerability parents may experience difficulties in developing effective parent child-rearing approaches and may struggle in their parental self-efficacy to parent a child with hearing loss. Research shows that parental self-efficacy is the key to a child's success.

Given the abovementioned challenges, the aim of the present study was to examine and describe the parenting approaches and the contributory factors to parents' parental efficacy when parenting children with a hearing loss. The research involved a sample of 103 hearing parents from the Western Cape, South Africa, whose children were between the ages of 10 and 17. Each parent completed a self-administered questionnaire made up of three sections that included (a) parents' demographic details (b) the adaptation of the Parents as Social Context Questionnaire (PSCQ) and (c) the adaptation of the Parent Self-Efficacy Instrument (PSE). The results of our study show that mothers scored higher on chaotic parenting as well as on structured parenting approaches. Fathers scored higher on autonomy and supportive parenting approaches as well as on parental warmth than mothers. The results also show that there is a significant difference in parental self-efficacy between fathers and mothers, with fathers scoring significantly higher on knowledge, confidence, handling of stress, communication, positive interaction and satisfaction than mothers. The results of the study provide for a greater understanding of mothers' and fathers' differences in parenting approaches as well as the factors influencing their parenting approaches and confidence in parenting a child with a hearing loss.

In summary, children with a hearing loss remain a vulnerable sector in our society just as any other child with a disability. Parents too form part of this vulnerability as they experience a myriad of challenges and a host of relational difficulties when parenting their child thus affected. A clearer awareness and understanding of parents' perspectives of their parenting approaches and the factors contributing to their parental self-efficacy when parenting a child with a hearing loss have important implications for family centred practices. These implications could assist professionals in the development of specific interventions supporting mothers and fathers that will enhance parent child relationships and positive child outcomes. Furthermore, these implications and recommendations made by the current study can be considered for future research in the field of parenting and childhood hearing loss.

KEYWORDS: hearing parents, child with hearing loss, parenting approaches, contributing factors, parental self-efficacy

TREFWOORDE: horende ouers, kind met gehoorverlies, ouerskapbenaderings, bydraende faktore, self-effektiwiteit van ouers

OPSOMMING

Navorsing toon dat 90% van kinders met gehoorverlies vir horende ouers gebore word (Cole & Flexer 2016; Lederberg, Schick & Spencer 2013). Hierdie ouers kan probleme ondervind om 'n effektiewe benadering tot die grootmaak van kinders te ontwikkel, en hulle kan dit 'n uitdaging vind om 'n kind met gehoorverlies met selfvertroue groot te maak (Calderon, Bargones & Sidman 1998). Studies dui aan dat interaksie tussen gesinslede, familiehoopbronne en ondersteuningsdienste alle areas van die gesinslewe beïnvloed wanneer daar 'n kind met 'n gehoorverlies in die familie is. Boonop ondervind horende ouers nie net uitdagings ten opsigte van hul kind se gehoorverlies nie, maar is daar sprake van verdere uitdagings soos stres, kommunikasie, maatskaplike ondersteuning en toegang tot inligting. Verder beïnvloed gehoorverlies in kinders ouers se vertroue in hulle vermoë om 'n kind met gehoorverlies groot te maak.

In hierdie studie ondersoek ons of daar 'n verskil is tussen moeders en vaders se ouerskapbenadering, en of daar enige bydraende faktore is wat ouers se self-effektiwiteit mag benadeel wanneer hulle 'n kind met gehoorverlies grootmaak.

1. INLEIDING

Om ouerskap te bestudeer kan omstrede wees, want daar is geen voorgeskrewe boeke wat beskryf hoe ’n mens kinders moet grootmaak nie (Roman, Makwakwa & Lacante 2016). Ouerskap is iets persoonliks en hang af van die sosiale omgewing waarin die gesin sig bevind. Wat byvoorbeeld tot die kompleksiteit van ouerskap bydra, is kindergestremdheid in ’n gesin, wat onvermydelik van ouers ’n ander benadering tot ouerskap vereis.

Deur die jare het navorsers verskillende benaderings tot ouerskap en tot kinders grootmaak bestudeer (Carr & Pike 2012). Dit sluit in die verskeidenheid van ouerskapstyle en die uitwerking wat dit op ’n kind mag hê. Elke ouerskapstyl het verskillende eienskappe en lei tot verskillende reaksies by kinders. Hierdie verskillende eienskappe word uitgebeeld as dimensies (Baumrind 1971), wat gedefinieer word as die beskrywende eienskappe wat gebruik word om die aard van ouerskapstyle te vertolk (Ekim & Ocaksi 2016). Sodanige dimensies sluit in die gedrag of dissiplinêre strategieë wat ouers gebruik om kindergedrag te beïnvloed (Jago, Davison, Thompson, Page, Brockman & Fox 2011).

Die meeste navorsing oor ouerskap is beïnvloed deur die navorsing van Diana Baumrind in die vroeë 1960’s. Hierdie navorsing het die patrone van ouerskapbeheer en kindersosialisering beskryf. Ouerskapstyle word in vier kategorieë beskryf: outoritêr, gesaghebbend, permissief en onbetrokke. Met betrekking tot outoritêre en gesaghebbende ouerskapstyle, lê die verskil tussen die twee style daarin hoe ouers met hulle kinders kommunikeer, en hoe die kinders gestraf word. Outoritêre (“authoritarian”) ouerskap word gekenmerk deur hoë vereistes en min reaksie. Ouers met ’n outoritêre ouerskapstyl het baie hoë verwagtinge van hulle kinders, maar gee baie min terugvoer en aanmoediging. In teenstelling daarmee, is ’n gesaghebbende (“authoritative”) ouerskapstyl een wat hoë vereistes stel én hoë reaksie bied. Gesaghebbende ouers stel hoë standaarde en reageer op die kind se emosionele behoeftes. Hulle stel grense en is baie konsekwent in die afdwing van die grense. Lewis (1981) beweer egter dat dit nie soseer gaan oor gesaghebbende ouers se streng beheer met behulp van reëls wat kinders help om tot onafhanklikheid te ontwikkel nie. Gesaghebbende ouerskap gaan eerder oor gedeelde kommunikasie en die wysiging van ouers se reëls deur middel van gesprek met onafhanklike kinders as uitkoms. Vir ouers wat ’n kind met ’n gestremdheid grootmaak, mag dit anders wees (Woodgate, Edwards, Ripat, Borton & Rempel 2015), en dit mag vir dergelike ouers nodig wees om hulle ouerskapbenadering te heroorweeg. Ouers kan toegewings maak vir ’n kind met ’n gestremdheid deur aanpassings en veranderings te maak, hulleself toe te rus met kennis omtrent die behoeftes van hulle kind, en hul ouerskapgedrag en houding aan te pas sodat hulle meer betrokke raak vir sover dit hulle benadering tot ouerskap aangaan.

Literatuur oor ouerskap-selfeffektiwiteit (“parental self-efficacy”) – ouers se selfvertroue omtrent hulle vermoë om kinders suksesvol te kan grootmaak – toon dat daar ’n direkte verband is tussen ouerskap en ouerskap-effektiwiteit en die gehalte van sorg wat aan kinders voorsien word (Sanders & Woolley 2005). Gehoorverlies word deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO 2015) gedefinieer as stremmend wanneer die verlies aan gehoor meer as 30 desibels is in die oor waarmee die kind die beste hoor. Die implikasies van gehoorverlies kan verreikende gevolge inhou vir die kind se kwaliteit van lewe, vermoë om te kommunikeer en vermoë om ekonomies onafhanklik te word, ongeag die ouderdom wanneer gehoorverlies ’n aanvang neem. Vir ouers wat kinders met gehoorverlies het, kan ouerskap-effektiwiteit nie net uitdagings ten opsigte van hulle kind se gehoorverlies inhou nie. Ander uitdagings wat ouers met betrekking tot hulle kinders se gehoorverlies mag ervaar, hou verband met stres, kommunikasie, maatskaplike ondersteuning en toegang tot inligting. Hierdie uitdagings kan betekenisvol

bydra tot die soort ouerskapbenadering wat horende ouers aanvaar. Dit kan 'n invloed uitoefen op hulle selfvertroue rakende hulle vermoë om die daaglikse uitdagings te hanteer terwyl hulle 'n kind met gehoorverlies grootmaak.

2. PROBLEEMSTELLING

In die konteks van die huidige studie, kan die teenwoordigheid van 'n kind met gehoorverlies die ouerskapbenadering van horende ouers beïnvloed. Sommige ouers beskryf hulle ouerondervinding met so 'n kind as bevredigend, uitputtend en lewensveranderend (Fox 2009). Gehoorverlies in kinders kan gevolge hê wat inhou dat ouers probleme ondervind om 'n effektiewe benadering tot kinderopvoeding te ontwikkel. Hierdie gevolge mag bydra tot ouers se onsekerheid oor die manier waarop hulle hul kind moet grootmaak (Calderon & Greenberg 2003; Calderon, Bargonés & Sidman 1998). Gesinsinteraksie, gesinshulpmiddele, ouerskap en ondersteuningsdienste is alles gebiede van die gesinslewe wat beïnvloed word as ouers 'n kind met gehoorverlies het (Haddad, Steuerwald & Garland 2019).

Baumrind (1971) verwys na die geslagsverskille in ouerskapstyle, en merk op dat moeders meer versorgend en gesaghebbend (“authoritative”) as oorheersend (“authoritarian”) is, in vergelyking met vaders wat meer outoritêr (“authoritarian”) as gesaghebbend (“authoritative”) is. Antonopoulou, Hadjikakou, Stampoltzis en Nicolaou (2015) se studie oor onderskeidende ouerskap- en dissiplinêre voorkeure van moeders met dowe of hardhorende kinders en horende sibbe, het getoon dat die dominante ouerskapstyl van moeders vir albei groepe gesaghebbend is, en dat die toegeeflike en streng ouerskaptipes oor die algemeen die minste voorkom. Ander studies het bevind dat moeders wat oormatig oorbeskermend teenoor hulle kinders is, hulle kinders se sosiale lewe (Gregory 1979) onnodig beperk, wat moederlike indringerigheid tot gevolg het en die selfstandigheid van die kinders beperk (Meadow-Orlans 1990; Vaccari & Marschark 1970).

In teenstelling met Baumrind (1991) se stellings is daar by een van die paar studies wat fokus op vaders wat kinders met gehoorverlies grootmaak, waargeneem dat dergelike vaders oorbeskermend teenoor hulle kinders is, en in vergelyking met vaders van horende kinders, minder demokraties en gedissiplineerd is in hulle benadering (Sahli 2011). Die resultate van 'n studie deur Antonopoulou, Hadjikakou, Dagla en Maridaki-Kassotaki (2015) meld eweneens dat kinders met gehoorverlies hulle vaders as minder outoritêr en streng ervaar as horende adolessente.

Die meeste navorsing oor self-effektiwiteit (“parental self-efficacy”) van ouers neig om Bandura (1997) se teoretiese stellings te volg wat gedefinieer word as ouers se vertroue en bekwaamheid in hulle ouerskapsrol, en in hulle vermoëns om elke taak met selfvertroue uit te voer. Self-effektiwiteit van ouers is geanker in die ouer se persoonlike vertroue en vermoëns om bekwaam en toereikend te funksioneer, en stresvolle eise en uitdagings wat ouers in die gesig staar, te kan hanteer (Coleman & Karraker 2003; Luszczynska, Gutierrez-Dona & Schwarzer 2005). Die literatuur toon dat ouers met 'n hoë ouerskap-effektiwiteitsvertroue neig om ondersteunende ouerskapbenaderinge te gebruik en meer positief teenoor hulle kinders te wees (Mouton, Loop, Stievenart & Roskram 2018). Daarenteen is ouers met min vertroue in hul eie effektiwiteit geneig om in hul ouerskap strenger beheer uit te oefen, wat tot gevolg het dat kinders hoë vlakke van ekstreme gedrag toon (Roskam & Meunier 2012).

Nietemin, om die self-effektiwiteit van ouers beter te verstaan, kan die konsep van algemene effektiwiteit nuttig wees om die breër konteks van ouers wat kinders met gestremdheid grootmaak, te verstaan. Algemene self-effektiwiteit kan vertolk word as die algehele

aanpassing en self-bevoegdheid van ouers wat dergelik geaffekteerde kinders grootmaak (Benzies, Trute & Worthington 2013). Ouers van kinders met gehoorverlies kan byvoorbeeld oorweldig voel en onbevoeg vir die taak om so 'n kind groot te maak (Kurtzer-White & Luteran 2003), en dit kan die ouers se vertroue in hulle ouerskapvermoëns beïnvloed. Navorsing oor self-effektiwiteit van ouers van kinders met gehoorverlies is beperk, of meestal gefokus op moeders (Desjardin & Eisenberg 2007). Volgens Luteran (1999) is die selfvertroue van ouers, veral dié van moeders, deurslaggewend vir die kind se sukses. Studies wys daarop dat daar min navorsing gedoen is oor die uitdagings wat ervaar word deur ouers wat kinders met gehoorverlies grootmaak (Movallali & Nemat 2009). Hierdie uitdagings kan betekenisvol bydra tot die soort ouerskapbenadering wat horende ouers aanvaar. Navorsers Movallali en Poorseyed (2015) neem waar dat moeders van kinders met gehoorverlies hoër vlakke van stres aandui, negatiewe ouerskapgedrag sonder warmte en intimiteit toon, en inkonsekwent in hulle dissipline is. Op dieselfde wyse kan kommunikasiebeperkings ook ontwrigting in die interaksie tussen ouers en kind veroorsaak en derhalwe ouerskaprolle en verantwoordelikhede negatief beïnvloed (Tamis-LeMonda, Uzgiris & Bornstein 2002), en daartoe aanleiding gee dat ouers streng optree en strafmaatreëls toepas om kinders te dissiplineer (Sullivan, Brookhouser, Scanlan, Knutson & Schulte 1991). 'n Studie deur Jackson (2011) oor gesinsondersteuning en middele vir ouers van kinders met gehoorverlies het bevind dat daar 'n behoefte is aan insiggewende bronne, maatskaplike bronne, sosiaal-emosionele ondersteuning, en opvoedkundige ondersteuning vir ouers. Hintermiar (2006) en Zaidman-Zait (2007) beklemtoon die belangrikheid van ouerondersteuning, veral om stres te verminder wanneer ouers 'n kind met gehoorverlies grootmaak. Hulle verslag toon dat die deel van ervarings met ander ouers van kinders met gehoorverlies 'n uiters belangrike bron van sosiaal-emosionele ondersteuning vir ouers is.

Hierdie ondersoekterrein, wat op ouerskapbenaderings in gestremdheid fokus, is onbekend in die Suid-Afrikaanse konteks. Navorsing oor ouerskap in Suid-Afrika het hoofsaaklik gefokus op ouers wat nie 'n kind met 'n gestremdheid het nie, selfs al is daar studies wat op beide moeders en vaders fokus. Hierdie studies toon dat daar beduidende verskille is tussen die ouerskapbenaderings van moeders en vaders (Roman, Makwakwa & Lacante 2016; Gamble, Ramakumar, & Diaz 2007), met moeders wat meer gesaghebbend is as vaders in hul benaderings tot ouerskap. Die uitkomst van hierdie studie mag implikasies hê vir praktisyns in Suid-Afrika en bydra tot die navorsing oor insae in die ouerskapbenadering van horende ouers wat kinders met gehoorverlies grootmaak.

Ten einde insig te verkry in die benadering tot ouerskap van horende ouers wat kinders met gehoorverlies grootmaak, beoog die huidige studie om die onderskeie benaderings van moeders en vaders vas te stel en die self-effektiwiteit van beide moeders en vaders in die opvoeding van 'n kind met gehoorverlies te beskryf.

3. EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing was om 1) die ouerskapbenaderings en 2) bydraende faktore tot die self-effektiwiteit van moeders en vaders betreffende die opvoeding van hul kinders met gehoorverlies te ondersoek.

'n Verdere doelwit van die navorsing is om ouerlike intervensies te ontwikkel wat gebaseer is op horende moeders en vaders se ouerskapbenaderings teenoor hul kinders met gehoorverlies.

3.2 Navorsingsoriëntasie

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg. Kennis is verkry deur middel van sorgvuldige waarneming en meting, om sin te maak van die wêreld deur middel van 'n wetenskaplike proses wat die kwantitatiewe metodes en statistiek in aanmerking neem (Creswell 2003; Somekh, Burman, Delamont, Meyer, Payne & Thorpe 2005). Ons het die statistiese data wat in die studie ingesamel is, gebruik om ons data op te som, en patrone, verhoudings en konneksies te beskryf (Antonius 2003).

3.3 Navorsingsontwerp en -metode

'n Nie-waarskynlikheidsteekproef (“Non-probability sampling”) is vir die doel van hierdie studie aangewend. Drie skole is genader om met die data-insameling te help. Drie skoolhoofde van skole vir kinders met 'n gehoorverlies is gekontak en om toestemming vir hulle samewerking gevra. Die doel van die studie is aan hulle verduidelik, en nadat toestemming verkry is, het die skoolhoofde die vraelyste uitgedeel as deel van hulle korrespondensie met ouers.

'n Kwantitatiewe navorsingsmetode is in die studie gebruik. Daar is gepoog om by die ouers uit te vind hoe hulle ouerskap met die opvoeding van 'n kind met gehoorverlies benader, en watter bydraende faktore hulle self-effektiwiteit (“self-efficacy”) rakende die opvoeding van sulke kinders kan beïnvloed.

3.4 Deelnemers

Die deelnemers aan die huidige studie was 103 ($n=103$) horende ouers van die Wes-Kaap, Suid-Afrika. Elke deelnemer het 'n gesin verteenwoordig, wat beteken dat moeders en vaders vir die huidige steekproef uit verskillende gesinne afkomstig was. Die deelnemers het bestaan uit 'n heterogene groep ten opsigte van ouderdom, huishouding, verhoudings, en opvoedkundige en sosio-ekonomiese profiele. Horende ouers was tussen die ouderdomme van 35 en 50 jaar, en hulle kinders, wat gehoorverlies het, tussen 10 en 17 jaar oud. Die meerderheid ouers was vroulik (77/74.8%), en bruin (gemengde ras) (46/44.7%), en die meerderheid het vroulike kinders (62/60.2%). Van die enkelouers was die meerderheid vroulik (38/77.6%). In die kategorie “verhouding tot kind” word 'n **verwysing** na pleegouers gemaak. Pleegouers in hierdie geval, pleegmoeders, word genoem om die samestelling van die ouers wat die vraelys beantwoord het, aan te dui. Hulle is opgeneem in die moedergroep, aangesien al vier pleegouers moeders is.

Die analise van die groepe moeders en vaders is onderneem sonder om te let op die huwelikstatus van die deelnemer. Deelnemers het die reg om nie deel te neem nie, om enige vraag wat hulle ongemaklik laat voel weg te laat, en om te eniger tyd gedurende die ondersoek te onttrek.

TABEL 1: Demografie van ouers

Veranderlikes	n = 103	%
Geslag		
Manlik	26	25.2
Vroulik	77	74.8
Huweliksstatus		
Getroud	54	57.6
Enkellopend	49	52.4
Enkelouerskap		
Manlik	11	22.4
Vroulik	38	77.6
Indiensneming		
Manlik	20	19.4
Vroulik	54	52.4
Werkloosheid		
Manlik	6	5.8
Vroulik	23	22.3
Ras		
Swart	38	36.0
Wit	20	19.4
Bruin	46	43.7
Verhouding tot kind		
Moeder	72	69.9
Vader	27	26.2
Ander (Pleegmoeder)	4	3.9
Huistaal		
Engels	31	30.0
Afrikaans	38	36.8
isiXhosa	32	31.06
Geslag van kind		
Manlik	40	38.8
Vroulik	62	60.2

3.5 Navorsingsinstrument, data-insameling en -analise

Die volgende navorsinginstrumente is by die opstel van die kwantitatiewe vraelys ingesluit: die aangepaste *Parents as Social Context Questionnaire* (PSCQ) (Skinner, Johnson & Snyder 2005) en die aangepaste *Parent Self-Efficacy Instrument* (PSE) (Coleman & Karraker 1998). Die aanpassings van die instrumente is gedoen om die woorde “kind met gehoorverlies” in te sluit, byvoorbeeld van ’n vraag; “Ek weet baie wat met my kind aangaan”. Die verandering was; “ek weet baie wat met my kind met ’n gehoorverlies aangaan”. Daar was geen verandering van die betekenis van die skale nie.

Die aangepaste *Parents Social Context Questionnaire* (PSCQ) is gebruik om vas te stel wat die horende ouers se benadering is om die aard van die ouerskapstyle van moeders en vaders ten opsigte van ouerskapbenaderings tot hul kind met gehoorverlies te verstaan. Hierdie

afdeling het uit 29 items bestaan en is verdeel in ses onderafdelings: warmte, verwerping, struktuur, chaos, outonomie/ondersteuning en dwang. Ons het die ses onderafdelings vir hierdie ontleding gebruik omdat dit die meer algemene aspekte van ouerskapbenadering behels in die konteks van ouerskap van kinders met gehoorverlies. Elkeen van die ses onderafdelings bevat vyf items, met die uitsondering van outonomie/ondersteunende ouerskapdimensie (“parenting dimension”) wat vier items bevat. Die deelnemers is gevra om elke vraag te beantwoord wat betrekking het op ’n dimensie op ’n 4 punt-Likertskaal, wat wissel van “glad nie waar nie”, “nie heeltemal waar nie”, “min of meer waar” tot “heeltemal waar”.

Die aangepaste *Parent Self-Efficacy Instrument* (PSE) (Bandura, Adams, Hardy & Howells 1980) is effens gewysig om ouers se vertroue in hulle vermoë om die rol van ouerskap suksesvol te verrig, te beskryf. Die PSE sluit tien items in wat spesifiek kyk na die eksterne veranderlikes wat op die self-effektiwiteit (“self-efficacy”) van moeder- en vaderouerskap inwerk wanneer hulle ’n kind met gehoorverlies grootmaak. Hierdie veranderlikes weerspieël algemene ouerskaptake sowel as spesifieke take wat betrekking het op ouerlike benaderings tot dergelike kinders en verskaf ’n taakgerigte meting (“task-specific measure”) van ouers se selfvertroue. Elkeen van die 10 items is op ’n 6 punt-skaal gemeet, wat ouers se reaksies van 0=laag tot 6=hoog meet.

Beide skale is suksesvol geïmplementeer in studies met ouerskapbenadering van horende ouers wat kinders met gehoorverlies grootmaak (Ekim & Ocakci 2016) en met betrekking tot ouers se selfeffektiwiteit betreffende volwassenes met gehoorverlies (Adi-Bensaid, Michael, Most & Gali-Cinamon 2012).

Die vraelys het dus uit drie afdelings bestaan: (a) ouers se demografiese besonderhede, (b) die aangepaste *Parents as Social Context Questionnaire* (PSCQ) en (c) die aangepaste *Parent Self-Efficacy Instrument* (PSE).

Die Engelse vraelys is ook in twee ander tale, isiXhosa en Afrikaans vertaal, wat saam die drie dominante tale in die Wes-Kaap, Suid-Afrika is. Die vertaling van die vraelyste is gedoen met die doel om die geldigheid en betroubaarheid van die antwoorde van die deelnemers te verhoog, selfs al is daar geen navorsing bekend wat aandui dat hierdie instrumente voorheen in Suid-Afrika gebruik is nie.

Die vraelyste is in weergawe 25 van die *Statistical Package for Social Sciences* (SPSS) opgeneem. Die data is gekodeer, opgeruim en nagegaan vir foute. Sowel beskrywende (gemiddeldes en standaardafwykings) as inferensiële statistiek (onafhanklike steekproewe, nie-parametriese toets – Mann-Whitney U-toets) is in die analise gebruik.

3.6 Betroubaarheidsaspekte

Joppe (2000:1) definieer betroubaarheid as volg: “the extent to which results are consistent over time and an accurate representation of the total population under study is referred to as reliability, and if the results of a study can be reproduced under a similar methodology, then the research instrument is considered to be reliable.” Om die betroubaarheid van die instrument vas te stel, is Cronbach se Alpha (’n statistiese wyse vir die vasstelling van betroubaarheid) bepaal met die tellings wat deur PSCQ en PSE verkry is. Die resultate van die analise toon dat die items die tevredenheidsvlak van konstruegeldigheid en interne konsekwentheid (“internal consistency”) van hierdie aangepaste vraelys (Taber 2018) aandui. Cronbach se alpha vir PSCQ is 0.95 en PSE is 0.90 en dus kan hierdie assessering as betroubaar beskou word, aangesien dit goeie interne konsekwentheid reflekteer.

3.7 Etiese aspekte

Tydens die studie is die volgende stappe geneem om aan die etiese voorwaardes van navorsing te voldoen:

- Etiese goedkeuring om die huidige studie uit te voer is verkry van die Universiteit van Wes-Kaapland, Suid-Afrika.
- Toestemming is ook van die Wes-Kaap Onderwysdepartement verkry.
- Die skoolhoofde van die skole vir dowes is genader om met die studie te help. Die doel van die studie is verduidelik en met die skoolhoofde se toestemming is vraelyste versprei as deel van hulle korrespondensie met ouers.
- 'n Brief waarin die etiese oorwegings van die studie in detail uiteengesit is, vertroulikheid en anonimiteit deur die gebruik van skuilname gewaarborg is, en deelnemers van enige leed gevrywaar word, is by die brief ingesluit.

4. RESULTATE

4.1 Ouerlike dimensies deur vaders en moeders

Tabel 2 toon die heersende benaderinge tot ouerskap tussen moeders en vaders. Die bevindings toon dat moeders hoër presteer in chaotiese ouerskap ($M = 2.52$, $SD = 0.62$) sowel as in gestruktureerde ouerskap ($M = 3.31$, $SD = 0.79$) as vaders ($M = 2.48$, $SD = 0.67$; $M = 3.18$, $SD = 0.89$). Vaders presteer hoër in outonomie en ondersteunende ouerskapbenaderinge ($M = 3.02$, $SD = 0.43$), sowel as ouerlike warmte ($M = 3.26$, $SD = 0.68$), as moeders ($M = 3.00$, $SD = 0.68$; $M = 3.25$, $SD = 0.70$). Daar was 'n effense verskil in die beoordeling van prestasie in ouerskapverwerping, waarin vaders hulleself hoër aangeslaan het ($M = 2.68$, $SD = 0.72$) as moeders ($M = 2.61$, $SD = 0.71$). Hierdie verskille was nie betekenisvol nie.

TABEL 2: Ouerlike dimensies deur vaders en moeders (warmte, verwerping, struktuur, chaos, ondersteuning, dwang)

Veranderlike		N	G	S	T-Waarde	P-Waarde
Ouerlike warmte	Vader	25	3.26	0.68	0.055	0.957
	Moeder	76	3.25	0.70		
Ouerlike verwerping	Vader	24	2.68	0.72	0.418	0.677
	Moeder	74	2.61	0.71		
Ouerlike struktuur	Vader	26	3.18	0.89	0.714	0.477
	Moeder	77	3.31	0.79		
Ouerlike chaos	Vader	25	2.48	0.67	0.292	0.771
	Moeder	75	2.52	0.62		
Ouerlike ondersteuning	Vader	21	3.02	0.43	0.109	0.913
	Moeder	67	3.00	0.68		
Ouerlike dwang	Vader	24	2.30	0.88	0.704	0.483
	Moeder	75	2.44	0.82		

4.2 Eksterne faktore wat moeders en vaders se self-effektiwiteit beïnvloed

Tabel 3 bied gemiddelde resultate (“mean scores”) en standaardafwykings van moeders en vaders se reaksie op die PSE om ouers se vertroue in hulle vermoë om die rol van ouerskap suksesvol te verrig, te bepaal.

Vaders beoordeel hulself hoër wat betref hul kennis van hoe hulle kind groei en ontwikkel ($M = 5.36$) in vergelyking met moeders wat hulself laer beoordeel ($M = 4.73$). Vaders presteer ook hoër ($M = 5.40$) wat betref die hoeveelheid kommunikasie en probleemoplossing met hulle metgeselle omtrent kwessies wat met hulle kind verband hou in vergelyking met moeders ($M = 4.18$). Daarby beoordeel vaders hulself hoër wat betref die aantal positiewe of behulpsume interaksies wat hulle met ander ouers het ($M = 4.84$) as moeders wat hulself laer aanslaan ($M = 4.18$). Vaders presteer weer eens hoër in hul beoordeling van hulle vermoë om hulle kind te help leer ($M = 4.83$). Eweneens beoordeel vaders hulle selfvertroue en vermoë om die daaglikse uitdagings van kinders met gehoorverlies groot te maak ($M = 5.54$) hoër as moeders se beoordeling van hul selfvertroue en vermoëns ($M = 4.97$). Vaders takseer hulself ook hoër vir hulle vermoë om die stres in hulle lewe te hanteer ($M = 5.24$) in vergelyking met moeders ($M = 4.68$).

TABEL 3: Die self-effektiwiteit van moeders en vaders

Veranderlikes		<i>N</i>	<i>M</i>	<i>SD</i>
U kennis van hoe u kind groei en ontwikkel	Vader	25	5.36	.995
	Moeder	73	4.73	1.16
U vertroue dat u weet wat reg is vir u kind	Vader	24	5.50	.722
	Moeder	75	4.96	1.12
U vertroue in u vermoë om die daaglikse uitdagings van ouerskap in die gesig te staar	Vader	24	5.54	.78
	Moeder	76	4.97	1.05
U vermoë om u kind te help leer	Vader	24	5.42	1.07
	Moeder	76	4.83	1.16
U vermoë om die spanning in u lewe die hoof te bied	Vader	25	5.24	1.01
	Moeder	75	4.68	1.21
Die hoeveelheid positiewe interaksies wat u met ander ouers het	Vader	25	4.84	1.31
	Moeder	66	4.18	1.26
U bewustheid van gemeenskapsinligting en bronne vir ouers	Vader	24	4.46	1.47
	Moeder	66	4.18	1.26
Die hoeveelheid nuttige inligting vir ouers en ondersteuning wat u van ander kry	Vader	25	4.92	1.35
	Moeder	62	4.65	1.26
Die hoeveelheid kommunikasie en probleemoplossing met die ander ouers oor kwessies in verband met u kind	Vader	25	5.40	.91
	Moeder	58	4.76	1.25
U tevredenheid met u ervaring as ouer	Vader	25	5.16	1.25
	Moeder	75	4.93	1.16

4.3 Algehele ouerskapeffektiwiteit van moeders en vaders – onafhanklike t-toets

In Tabel 4 is 'n onafhanklike steekproef t-toets onderneem om te bepaal of moeders en vaders beduidend verskil ten opsigte van ouerskap-selfeffektiwiteit. A Mann-Whitney U-toets het getoon dat daar 'n beduidende verskil is ($U = 346.500$, $p = .002$) in ouerskap-selfeffektiwiteit waar vaders ($M = 5.21$, $SD = 0.61$) 'n hoër telling behaal as moeders ($M = 4.46$, $SD = 0.98$). Vaders het 'n hoër telling behaal in kennis, selfvertroue, stresshantering, kommunikasie, positiewe interaksie en tevredenheid as moeders.

TABEL 4: Algehele ouerskapeffektiwiteit van moeders en vaders – onafhanklike t-toets

Veranderlike		N	M	SD	T	U	p
Self-effektiwiteit van ouers	Vader	26	5.21	0.61	4.06	346.500	0.002
	Moeder	77	4.46	0.98			

5. BESPREKING

Die doel van die studie was om die onderskeie benaderings tot ouerskap van moeders en vaders te bepaal en die self-effektiwiteit van sowel moeders as vaders in hul opvoeding van 'n kind met gehoorverlies voorts te beskryf. Dit was sover bekend die eerste Suid-Afrikaanse studie in hierdie veld. Die resultate van die studie dra by tot die navorsing oor geslagsverskille betreffende die ouerskap van horende ouers in hul opvoeding van 'n kind met gehoorverlies.

Ons resultate het getoon dat moeders hoër presteer in chaotiese en onder dwang-ouerskapbenadering, én ook hoër in hulle gestruktureerde ouerskapbenadering. Moeders presteer laer in al die veranderlikes wat met self-effektiwiteit verband hou. Twee van die laer tellings sluit in moeders se selfvertroue rakende hulle vermoë om die daaglikse uitdagings wat ouerskap van kinders met gehoorverlies vereis, te hanteer, en hulle tevredenheid met hulle ondervindings as ouer van 'n kind met gehoorverlies. Die versorging van 'n kind met 'n sodanige gestremdheid affekteer die rol van beide ouers, maar veral die daaglikse lewens van moeders, omdat hulle gewoonlik die kind se primêre sorggewers is (Singogo, Mweshi & Rhoda 2015). Hierdie teenstrydighede in die resultate kan gebaseer wees op moeders se ondervinding van hulle daaglikse verantwoordelikhede as ouer as die primêre versorger van hulle kind (Zaidman-Zait, Most, Tarrasch, Haddad-Eid & Brand 2015). Om as ouer minder tevrede te voel, kan beteken dat moeders emosionele uitputting en verminderde gevoelens van ouerskapprestasie en effektiwiteit (Roskam, Raes & Mikolajczak 2017) ondervind wanneer hulle 'n kind met gehoorverlies grootmaak. 'n Verdere moontlike verduideliking vir hierdie resultate kan verband hou met die feit dat die meerderheid van die moeders enkelouers is (77.6), of dat hulle werk (72.9%) en maklik dubbele rolle in hulle gesinne vertolk. Hierdie groter verantwoordelikhede kan tot gevolg hê dat moeders hulle ouerskapverantwoordelikhede so moet struktureer dat hulle al die verantwoordelikhede vir die rehabilitasie (opvoedkundig, medies, bywoning van kommunikasie-afsprake) van hulle kind aanvaar, maar nog steeds werk en dus die verantwoordelikheid vir die kinderopvoeding met hul werk moet kombineer. Dit kan veral uitdagend en uitputtend vir 'n enkelouer wees wat alleen verantwoordelik is vir die daaglikse eise van ouerskap van 'n kind met gehoorverlies.

Hierdie bevindings kan verder daarop dui dat verantwoordelikhede vir kinderopvoeding groter word terwyl ouers hulle pad baan deur die ontwikkelingsstadium waarin die kind hom

of haar bevind. Die grootste groep ouers wat aan hierdie studie deelgeneem het, se kinders is tussen die ouderdomme van 10 en 17 jaar. Een manier om hierdie bevindings te verstaan, is dat hierdie ouderdomsgroep dikwels 'n moeilike oorgangstadium verteenwoordig, vir ouers sowel as die kinders. Dit kan (i) fisieke en emosionele uitputting, (ii) emosionele afstand van 'n mens se kinders, en (iii) 'n gevoel van onbevoegdheid in 'n mens se ouerskaprol tot gevolg hê (Mikolajczak 2018), wat die rigiditeit en teenstrydigheid in moeders se ouerskapbenadering kan verklaar.

Daarby presteer moeders laer betreffende die stresveranderlikes in vergelyking met vaders. Ouerskapstres by ouers van kinders met gehoorverlies word geassosieer met negatiewe uitkomst vir ouers sowel as kinders, wat insluit swak gehegtheid aan (“attachment”), minder positiewe ouer-kind-interaksie, sowel as ongelukkigheid in die huwelik (Asberg, Vogel & Bowers 2008). Een manier om hierdie bevindings te verstaan, hou verband met ouderdom (adolescente) en kindergeslag. Die resultate kan beteken dat hoe ouer die kinders is, hoe meer stres kan die moeders ondervind. Hierdie ouderdomsgroep is gekoppel aan adolessente-uitdagings soos liggaamsveranderinge, emosionele veranderinge en probleme, gedragsveranderinge en psigologiese probleme (Blakemore & Mills 2014). Pipp-Siegel, Sedey, Yoshinaga-Itano (2002) het in hulle studie oor voorspellers van ouerskapstres in moeders van jong kinders met gehoorverlies bevind dat moeders van ouer kinders meer stres gerapporteer het as moeders van jonger kinders as gevolg van hulle persepsie dat hulle kinders moeiliker as jonger kinders is. Maar hulle studie en ons studie kan nie vergelyk word nie omdat daar verskillende steekproewe (“samples”) betrokke was.

Navorsingsliteratuur vanoor die hele wêreld toon duidelik dat probleme en uitdagings waarmee skoolleiers gekonfronteer word, veelvuldig en uitdagend is en dat die konteks van hierdie probleme en uitdagings uiteenlopend is (Abdulrasheed & Bello 2015; Botha 2018). Hierdie situasie is hoofsaaklik die gevolg van snelle veranderinge in die wêreld, wat onder meer deur voortdurende tegnologiese vooruitgang, die uitbreiding van die inligtingsamelewing en globalisering gekenmerk word. Hierdie en ander faktore beïnvloed die inherente doelwitte van skole, wat tot gevolg het dat die leierskaprol van skoolhoofde saam met hierdie veranderinge 'n verskuiwing ondergaan (McCay 2001; Cunningham & Cordeiro 2009; Onderi & Makori 2013; Botha 2018; 2019).

Die omvang van die waarde van 'n skoolopvoeding as die grondslag vir die bestaan en vooruitgang van individue sowel as die publiek word deurgaans in die navorsingsliteratuur benadruk (Hallinger 2010; Botha 2018; 2019; Wieczorek & Manard 2018). Gevolglik is daar heelwat kommer oor die gehalte van sekondêreskoolonderrig en die gevolglike toenemende druk en stres wat dit op skoolhoofde plaas om te verseker dat hul onderskeie skole doeltreffend funksioneer.

Die hoofrede hiervoor is dat skoolhoofde 'n kernrol rakende die versterking van skoolprestasie vervul deur onderwysers aan te spoor om hulle vaardighede uit te brei, deur die skole se situasies te verbeter en deur doeltreffende onderrigleierskap te bied. Navorsers soos Dea en Basha (2014) voer aan dat professioneel ontwikkelde en bemagtigde skoolleiers praktiese vaardighede, grondige kennis en kritiese denke benodig om hulle onderrigleierskaprol doeltreffend binne die komplekse geglobaliseerde wêreld te verrig.

Verbasend min navorsing is tot op hede oor die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole, spesifiek met betrekking tot die onderrigleierskaprol van hoofde van Ethiopiese sekondêre skole, gedoen. Etlke subsektore van onderwys, soos die professionele leer van onderwysers in Ethiopië (Fekede 2015; FDRE 2013; 2015), het 'n bemagtigingsinisiatief

van die een of ander aard vir minstens 'n gedeelte van hulle werksmag geïmplementeer, maar minder aandag word aan die bemagtiging van skoolhoofde gegee.

Roul (2012) asook Dea en Basha (2014) het bevind dat die beperkte gesag van skoolhoofde, 'n gebrek aan ondervinding en gebrekkige opleiding faktore is wat skoolhoofde verhinder om hulle onderrigleierskaprol te vervul. Baie skole in Ethiopië, veral sekondêre skole, staan kennelik 'n ernstige gebrek aan bemagtigde hoofde in die gesig in hierdie stadium, wat 'n aansienlike invloed op die lewering van gehalteonderrig het.

Beduidende leemtes met betrekking tot die bemagtiging van skoolhoofde in Ethiopië is op grond van vroeëre navorsing deur Tsegaye (2018) geïdentifiseer. Die betrokke leemtes sluit, onder meer, onvoldoende voorbereiding, 'n gebrek aan ervaring en opleiding, 'n gebrek aan vaardighede, 'n onvermoë om onderwysaktiwiteite te integreer, gebrekkige samewerking met belanghebbers, hoë verwagtinge van ouers, beperkte bevoegdheid om onafhanklike besluite te neem en 'n gebrek aan geleenthede vir loopbaanbevordering en -ondersteuning in. Hierdie is van die kernfaktore wat aangepak moet word om hoofde van openbare sekondêre skole in Ethiopië te bemagtig om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol meer doeltreffend te vervul (McCay 2001; Hallinger 2010; Awamleh 2013).

Sodanige kwessies het ongetwyfeld 'n beduidende verwantskap met die gebrek aan bemagtigingsgeleenthede vir skoolhoofde, wat hulle gevolglik ontnem van die vermoë om hulle onderrigleierskaprol doeltreffend te vervul. Volgens die teorie van transformasionele leierskap van Bass (1985) is daar 'n sterk positiewe verband tussen bemagtiging en onderrigleierskaprolprestasie. Bass (1985) voer onder meer aan dat mense hierdie positiewe verband kan verwesenlik deur meer bewus te wees van die belangrikheid en waarde van aangewese uitkomst en hoe om dit te bereik. Die onderhawige studie is 'n reaksie op Bass se opvatting en vul dus 'n belangrike leemte in die literatuur oor leierskap.

NAVORSINGSVRAAG

Die volgende hoofnavorsingsvraag vir hierdie studie is op grond van die geïdentifiseerde leemtes geformuleer: Hoe kan hoofde van openbare sekondêre skole in die Amhara-streek van Ethiopië bemagtig word om hulle onderrigleierskaprol doeltreffend te vervul?

DOELWITTE EN OOGMERKE MET DIE STUDIE

Die hoofdoelwit van hierdie studie was om ondersoek in te stel na hoe hoofde van openbare sekondêre skole in die Amhara-streek van Ethiopië bemagtig kan word om hulle onderrigleierskaprol meer doeltreffend te vervul. Die studie was daarop gemik om skoolhoofde te help om meer bewus te raak van hulle persepsies en praktyke rakende onderrigleierskap en, in die besonder, die positiewe uitwerking wat onderrigleierskap op onderrig en leer kan hê. Die oogmerke van die studie was dus:

- om die verband tussen bemagtiging, leierskapedrag en doeltreffendheid ten opsigte van die onderrigleierskaprol en -prestasie van skoolhoofde te bepaal;
- om vas te stel watter bemagtigingsgeleenthede hoofde van openbare sekondêre skole benodig om hulle onderrigleierskaprol te kan vervul; en
- om te bepaal watter uitdagings en beduidende vooruitskatters geld ten opsigte van die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole in die streek om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol te vervul.

NAVORSINGSMETODOLOGIE

Navorsingsbenadering

'n Uitgebreide literatuurstudie en daaropvolgende veldnavorsing is onderneem om ondersoek in te stel na die mate waarin hoofde van openbare sekondêre skole in die streek bemagtig moet word ten einde hulle leierskaprol doeltreffend te kan vervul.

Die studie is onder hoofde van openbare sekondêre skole in die streek uitgevoer. 'n Beskrywende opname is as navorsingsontwerp toegepas en 'n kwantitatiewe benadering is gevolg om ondersoek in te stel na die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole in die streek met betrekking tot hulle onderrigleierskaprol. Hierdie kwantitatiewe benadering is gekies omdat dit presiese meting behels en betroubare en repliseerbare data oplewer wat op ander kontekste toegepas kan word (Teddlie & Yu 2007).

Die spesifieke benadering het die navorsers daarbenewens in staat gestel om die verband tussen bemagtiging (onafhanklike veranderlike) en doeltreffende prestasie (afhanklike veranderlike) te ondersoek. Statistiese prosedures is gebruik om te bepaal of daar 'n beduidende verband tussen bemagtiging en doeltreffende prestasie is. Die prosedures was daarop gemik om data op 'n groter populasie buite die studiesteekproef van toepassing te maak (Onwuegbuzie & Collins 2007; Vogt 2007).

Die studiepopulasie en steekproeftegnieke

Die studiepopulasie het uit al die hoofde en onderwysers van die 415 sekondêre skole in die vier administratiewe sones van die Amaraha-streek bestaan. Van hierdie 415 sekondêre skole word 283 deur die streekowerheid geadmistreer en gesubsidieer. Die oorblywende 132 skole is privaat sekondêre skole. Van die hierbo genoemde 283 openbare sekondêre skole is 108 by wyse van sistematiese ewekansige steekproefneming vir die ondersoek geselekteer, wat die navorsers in staat gestel het om 'n voldoende aantal steekproewe te bekom.

Ewekansige en omvattende steekproefmetodes is dus gebruik om, met behulp van 'n 2016-tabel van The Research Advisors (The Research Advisors' Table 2016), onderwysers en skoolhoofde vanuit 'n populasie van 11 758 onderwysers en 108 hoofde en onderhoofde te selekteer.

Die navorsers het gevolglik 378 onderwysers wat aan die seleksiekriteria voldoen het, geïdentifiseer. Daarby het hulle 92 hoofde en onderhoofde wat gekwalifiseer het om by die kwantitatiewe opname ingesluit te word, geïdentifiseer. Die finale steekproef van die studie het uit 378 onderwysers en 92 skoolhoofde, wat kwantitatiewe data verskaf het, bestaan.

Data-insamelingsinstrumente en -tegnieke

Nadat geskikte respondente op grond van die insluitingskriteria geïdentifiseer is, is 378 onderwysers uit 11 758 onderwysers, en 92 skoolhoofde uit 108 skoolhoofde vanuit die steekproefpopulasie geselekteer. Aangesien dit 'n kwantitatiewe studie was, het die navorsers 'n totaal van 470 vraelyste versprei aan die 378 onderwysers en 92 skoolhoofde wat onderskeidelik deur middel van sistematiese ewekansige en omvattende steekproeftegnieke geselekteer is. 'n Gestruktureerde vraelys bestaande uit kategorie- en skaalvrae is gebruik. Van die 378 onderwysers en 92 skoolhoofde aan wie die vraelyste versprei is, het 358 onderwysers (94,7%) en 77 skoolhoofde (83,6%) dit volledig ingevul en aan die navorsers terug-

besorg. Dit wil sê, 20 onderwysers en 15 skoolhoofde van die oorspronklike steekproef is by die studie uitgesluit omdat hulle die vraelyste óf nie volledig ingevul het nie óf nie teruggestuur het nie.

Data-analise en aanbieding van data

Die data is met behulp van die Statistiese Pakket vir Sosiale Wetenskappe, Weergawe 20, ontleed. Die beduidenheidspeil is op 0.05 vasgestel. Cronbach se alfakoëffisiënt is gebruik om die betroubaarheid van die instrumente in die twee studiesteekproewe (skoolhoofde en onderwysers) te bepaal. Die waardes van al vier veranderlikes het van 'n minimum van 0.89 rakende sielkundige bemagtiging tot 'n maksimum van 0.98 rakende rolprestasie gewissel; hierdie waardes is bo die minimum standaard wat benodig word om betroubaarheid te meet.

Betroubare voortoetse en hertoetse is uitgevoer op soortgelyke respondente van skole wat nie deel van die steekproewe was nie ten einde die instrumente na te gaan. Navorsingssubvraag 1 is deur middel van 'n onafhanklike t-toets ontleed en Navorsingssubvraag 2 is by wyse van korrelasieontleding ontleed. Navorsingssubvraag 3 is deur middel van die insluitingsmetode ("enter method") vir meervoudigeregressieontleding ontleed. Die eerste stap van hierdie deel van die navorsing was dus om 'n aantal ontledings te doen om die integriteit van die data te toets. Die data is aan geldigheidskontroles onderwerp om teenstrydighede in die data binne elke data-insamelingsinstrument, asook onredelike en onmoontlike invoerings, te identifiseer. Hierdie kontroles is beide per hand en met behulp van die Statistiese Pakket vir Sosiale Wetenskappe uitgevoer. Alle probleme en foute is nagesien, weer nagesien en aan die hand van die oorspronklike instrument gekorrigeer.

Etiese oorwegings

Die navorsers het die onderwysburo vir die Amhara-streek per brief van die besonderhede van die data-insamelingsmetode en die voorgestelde sones, distrikte en sekondêre skole wat deel was van die steekproef ingelig. Die navorsers het, met behulp van die toestemmingsbrief, die voorgestelde navorsing met beamptes van die onderskeie sones en distrikte, sowel as skoolhoofde wat heel moontlik geneë sou wees om die prosesse rakende die data-insamelingsaktiwiteite te aanvaar en te fasiliteer, bespreek.

'n Uitnodiging om aan die studie deel te neem, is aan die betrokke skole gestuur, en die skole het die uitnodiging geredelik aanvaar. Die navorsers was bewus daarvan dat die skoolhoofde in die reël die uitnodiging namens die skole aanvaar het; die mate van voorafkonsultasie met die onderwysers van die betrokke skole was nie aan die navorsers bekend nie. Wat die vraelyste betref, is 'n uitnodigingsbrief gegee aan die onderwysers en skoolhoofde wat met behulp van onderskeidelik meerstadium ewekansigesteekproeftegnieke en meerstadium beskikbaarheidsteekproeftegnieke geselekteer is. Die brief het die individuele onderwysers en skoolhoofde ingelig dat hulle enige tyd aan die studie kon onttrek as hulle wou.

AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

'n Gerieflikheidsteekproef is van die skoolonderwysers en skoolhoofde bekom. Vier administratiewe sones (Awi, noordelike Gondar, suidelike Gondar en westelike Gojjam), asook twee stedelike administrasies (Bahir-Dar en Gondar) uit die tien administratiewe sones en drie stedelike administrasies uit die streekstaat van Amhara in Ethiopië is by wyse van die gerieflikheidsteekproefmetode ingesluit.

TABEL 1: Biografiese eienskappe van die respondente

Veranderlikes	Kategorieë	Onderwysers (n= 358)		Skoolhoofde (n=77)	
		Frekwensie	Persent	Frekwensie	Persent
Ouderdom	Onder 29 jaar	107	30	29	38
	30–39 jaar	175	49	34	44
	40–49 jaar	50	14	9	12
	Bo 50	25	7	5	6
	Totaal (persentasie)	358	100	77	100
Geslag	Manlik	199	74	76	99
	Vroulik	91	26	1	1
	Totaal (persentasie)	358	100	77	100
Onderrigpeil	Diploma	4	1	2	3
	Baccalaureusgraad	268	75	42	55
	Meestersgraad	72	20	21	28
	Ander	14	4	11	14
	Totaal (persentasie)	358	100	77	100
Diensjare in die streek	Minder as 2 jaar	14	4	8	11
	2–5 jaar	54	15	14	18
	6–10 jaar	111	31	22	28
	Meer as 10 jaar	179	50	33	43
	Totaal (persentasie)	358	100	77	100
Diensjare by huidige skool	Minder as 2 jaar	93	26	17	22
	2–5 jaar	132	37	31	40
	6–10 jaar	97	27	20	26
	Meer as 10 jaar	36	10	9	12
	Totaal (persentasie)	358	100	77	100

Hoewel die meeste van die onderwysers (49%) en skoolhoofde (44%) in die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar geval het, was 'n klein persentasie van die onderwysers (7%) en skoolhoofde (6%) ouer as 50 jaar. Wat geslag betref, was 74 van die onderwysers en 99% van die skoolhoofde manlik; die oorblywende onderwysers en skoolhoofde was vroulik (sien tabel 1).

Die meeste van die onderwysers (75%) en skoolhoofde (55%) het oor 'n baccalaureusgraad beskik en 'n beduidende getal onderwysers (20%) en skoolhoofde (28%) het 'n meestersgraad gehad. 'n Klein aantal onderwysers en skoolhoofde het nie hulle kwalifikasies beskryf nie. Soos tabel 1 aantoon, het die meeste van die onderwysers (50%) en skoolhoofde (43%) meer as 10 jaar se ondervinding gehad; 31% van die onderwysers en 28% van die skoolhoofde het aangedui dat hulle 6 tot 10 jaar se ondervinding gehad het. Die meerderheid onderwysers (37%) en skoolhoofde (40%) het aangedui dat hulle 2 tot 5 jaar by hulle huidige skole werksaam was. Hierteenoor was 'n klein persentasie onderwysers (9%) en skoolhoofde (12%) vir meer as 10 jaar by hulle huidige skole werksaam.

TABEL 2: Betroubaarheid van instrumente

Onderwyser- en skoolhoofresponente (n=435)		
	Cronbach se alfa	Getal items
Rolprestasie	0.98	40
Leierskapgedrag	0.95	17
Strukturele bemagtiging	0.92	12
Sielkundige bemagtiging	0.89	12

Cronbach se alfa-koëffisiënt het van 'n maksimum van 0.98 (onderrigleierskaprolprestasie) tot 'n minimum van 0.89 (sielkundige bemagtiging) gewissel, wat die raming van die interne konsekwentheid van betroubaarheid verteenwoordig (tabel 2). Cronbach se alfa-koëffisiënt rakende die subskale van rolprestasie, onderrigleierskapgedrag, strukturele bemagtiging en sielkundige bemagtiging was binne die aanvaarbare spelings (0.80 of hoër), en Cronbach se alfa-koëffisiënt ten opsigte van rolprestasie was uitstekend (0.98 of hoër).

TABEL 3: Algehele beskrywende statistieke rakende die bemagtigingspraktyke van skoolhoofde in die Amarah-streek

N=435				
Veranderlikes	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard
Strukturele bemagtiging	1.00	5.00	3.50	0.81
Sielkundige bemagtiging	1.00	5.00	3.84	0.61
Leierskapgedrag	1.00	5.00	3.82	0.77
Roldoeltreffendheid van skoolhoofde	1.00	5.00	3.56	0.80

Gemiddelde waardes het van 'n maksimum van 3.84 tot 'n minimum van 3.50 gewissel, wat aandui dat die responente oor die geheel van mening was dat hulle skoolhoofde hulle onderrigleierskaprol doeltreffend vervul. Standaardafwykings het van 0.61 tot 0.81 gewissel, wat op matige veranderlikheid in die tellings dui. Responente se taksering van hulle skoolhoofde het van 'n maksimum van 3.84 vir sielkundige bemagtiging tot 'n minimum van 3.50 vir strukturele bemagtiging gewissel (tabel 3). Die navorsers het die effek van veranderlikes op mekaar met behulp van verdere statistiese toetse, soos korrelasieontleding, regressieontleding en die chi-kwadraattoets vir assosiasie, ondersoek.

TABEL 4: Korrelasiematrikse tussen onafhanklike en afhanklike veranderlikes

Bemagtiging	Struktureel	Sielkundig	Leierskapedrag	Doeltreffende rolprestasie
Struktureel	1	.76*	.63**	.74**
Sielkundig	.76**	1	.56**	.67**
Leierskapedrag	.63**	.56**	1	.77**
Doeltreffende rolprestasie	.74**	.67**	.77**	1

Let wel: Items is op 'n vyfpunt-Likertipeskaal gemeet. Korrelasies van .56 of meer is statisties beduidend teen $p=.01$ (tweekantig); alfakoëffisiëntramings van die interne konsekwenheid van lesings word op die hoeklyn gegee. $N=435$.

T-toetse vir onafhanklike steekproewe is uitgevoer om te bepaal of die faktor- en uitkomsveranderlikes korreleer. Die korrelasiekoëffisiënt van onderskeidelik strukturele en sielkundige bemagtiging, leierskapedrag (onafhanklike veranderlikes) en doeltreffendheid ten opsigte van onderrigleierskaprolprestasie (afhanklike veranderlike) word in tabel 4 uiteengesit. Die meeste van die veranderlikes het beduidend met mekaar gekorreleer. Hierdie tabel toon dat strukturele bemagtiging, sielkundige bemagtiging en leierskapedrag 'n betreklik regstreekse liniêre verband met mekaar het wat die doeltreffende vervulling van die onderrigleierskaprol betref.

Leierskapedrag en skoolhoofde se doeltreffendheid ten opsigte van onderrigleierskaprolprestasie het die sterkste korrelasie ($r=.77$, $p=.01$) getoon. Strukturele bemagtiging en sielkundige bemagtiging het die tweede sterkste korrelasie ($r=.76$, $p=.01$) getoon. Die verband tussen strukturele bemagtiging en doeltreffende rolprestasie was ook hoog ($r=.74$, $p=.01$). Die ontleding het aangetoon dat daar 'n sterker korrelasie tussen leierskapedrag en strukturele bemagtiging as tussen leierskapedrag en sielkundige bemagtiging was. Al die veranderlikes was dus statisties beduidend op ($p<0.001$).

TABEL 5: Modelsamevatting van doeltreffende leierskaprolprestasie van skoolhoofde in die Amarah-streek

Model	R	R-vierkantsgetal	Aangepaste R-vierkantsgetal	Standaardfout van die raming	
1	0.853	0.727	0.718	0.423	
ANOVA					
Model	Som van vierkantsgetalle	Df	Gemiddelde vierkantsgetal	F-waarde	Sig.
Regressie	197.112	14	14.079	78.791	0.000
Oorblywend	73.979	414	0.179		
Totaal	271.091	428			

'n Meervoudigeregressieontleding is uitgevoer om 'n vooruitskatting te maak van die belangrikste veranderlikes betreffende die bemagtiging van skoolhoofde om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol meer doeltreffend te vervul. Die model het, aan die hand van die samevatting van die ontleding in tabel 5, aangetoon dat hierdie veranderlikes 72.2% van die onafhanklike veranderlike rakende die bemagtiging van skoolhoofde van sekondêre skole verteenwoordig het, waar $p < 0.001$. Daarbenewens het die doeltreffendheid van skoolhoofde rakende hulle onderrigleierskaprolprestasie van die praktyke van beide strukturele en sielkundige bemagtiging en leierskapgedrag afgehang.

TABEL 6: Meervoudige regressies onder veranderlikes

Model	Koëffisiënte			
	B	Std. fout	T	p-waarde
Konstantes	-0.189	0.162	-1.167	0.244
Strukturele bemagtiging: Toegang tot bystand	0.085	0.036	2.349	0.019
Strukturele bemagtiging: Hulpbronne	0.122	0.036	3.358	0.001
Strukturele bemagtiging: Inligting	0.051	0.034	1.500	0.135
Strukturele bemagtiging: Geleentheid	0.067	0.036	1.848	0.065
Sielkundige bemagtiging: Bekwaamheid	0.023	0.046	0.510	0.610
Sielkundige bemagtiging: Betekenis	0.107	0.046	2.328	0.020
Sielkundige bemagtiging: Vrye wil	0.054	0.045	1.214	0.226
Sielkundige bemagtiging: Impak	-0.011	0.039	-0.280	0.780
LG: Delegering van gesag	0.129	0.036	3.611	0.000
LG: Aanspreeklikheid	0.069	0.036	1.949	0.052
LG: Selfgerigte besluitneming	-0.045	0.041	-1.085	0.279
LG: Die deel van inligting	0.056	0.034	1.652	0.099
LG: Vaardigheidsontwikkeling	0.150	0.039	3.871	0.000
LG: Afrigting vir innoverende prestasie	0.147	0.043	3.398	0.001

Gemiddeldes, standaardafwykings, alfabetroubaarheidskoëffisiënte en korrelasies tussen die 14 waardes het van matige tot sterk korrelasies tussen al die leierskapgedragsskale gewissel, en die saamgestelde waarde van strukturele en sielkundige bemagtiging het getoon dat leierskapgedrag met die strukturele en sielkundige ervaring van bemagtiging verband hou. Die studie het op 'n positiewe verband tussen die skale en die teoreties tersaaklike uitkomstveranderlikes van doeltreffendheid in onderrigleierskaprolprestasie gedui (tabel 6).

Wat die dimensies van strukturele bemagtiging betref, het toegang tot bystand en hulpbronne 'n statisties beduidende effek op die onderrigleierskaprolprestasie van skoolhoofde gehad. Wat die komponente van sielkundige bemagtiging betref, het betekenis 'n effek op die doeltreffendheid van skoolhoofde se onderrigleierskaprolprestasie gehad, waar $p = 0.02$. Verdere analise het getoon dat die dimensies van delegering van gesag, vaardigheidsontwikkeling en afrigting vir die innoverende uitoefening van leierskapgedrag 'n sterk verbintenis met die doeltreffende rolprestasie van skoolhoofde het (tabel 6).

TABEL 7: Persentasie geleenthede wat aan hoofde van openbare sekondêre skole gebied word

Subtemas	Onderwysers (n=358)		Skoolhoofde (n=77)	
	Frekwensie	%	Frekwensie	%
Geleenthede vir professionele ontwikkeling	243	68	35	45
Ondersteuning van toesighouers	47	13	19	25
Geen geleenthede gebied	68	19	23	30
Totaal	358	100	77	100

Die opmerkings hier onder illustreer die tipes geleenthede wat onderwysbeamptes aan skoolhoofde bied om hulle bemagtiging te verseker. Die reaksie op die opname was in die geheel swak, met uitsondering van professionele ontwikkeling, wat in die volgende drie breë kategorieë verdeel is: professionele ontwikkeling, monitoring- en evalueringsbystand en 'n tekort aan geleenthede wat aan skoolhoofde gebied word. Geleenthede vir professionele ontwikkeling wat tot skoolhoofde se beskikking was, het onder meer die volgende ingesluit: voortsettingsonderwysprogramme betreffende MA-grade en korttermynopleiding en streekswerksessies rakende beleidskwessies. Sommige respondente het aangedui dat die klustertoesighouers gereelde toesig bied en skoolhandleidings en -prosedures beskikbaar stel (tabel 7).

TABEL 8: Hindernisse tot die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole

Subtemas	Onderwysers (n=358)		Skoolhoofde (n=77)	
	Frekwensie	%	Frekwensie	%
Gebrek aan geleenthede om werkplek-besluite te neem	92	26	28	36
Gebrek aan hulpbronne	119	33	12	16
Gebrek aan die nodige vaardighede en kennis	147	41	37	48
Totaal	358	100	77	100

Die uitdagings wat die respondente geïdentifiseer het, sluit die volgende in: 'n gebrek aan toegang tot inligting, bystand, hulpbronne en geleenthede om in hulle werksopset te leer en te groei. Die meeste van die onderwysers en skoolhoofde het opgemerk dat 'n gebrek aan die nodige vaardighede en kennis faktore was wat hindernisse geskep het. Die ander belangrike faktore wat dieselfde groepe uitgelig het, was 'n gebrek aan geleenthede om besluite in die werkplek te neem en 'n gebrek aan hulpbronne (tabel 8).

Die meeste van die reaksies op die oop vrae het verbasend gekorreleer met die geïdentifiseerde veranderlikes ten opsigte van beide bemagtiging en leierskapedrag wat die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole verhinder en hulle gevolglik verhoed om hulle onderrigleierskaprol meer doeltreffend te vervul. Skoolhoofde en onderwysers is gevra om voorstelle te maak oor hoe om die faktore wat skoolhoofde verhinder om bemagtig te word en derhalwe hulle onderrigleierskaprol doeltreffend te vervul, te bowe te kom. Sommige skoolhoofde het die mening uitgespreek dat hoofde 'n outonome reg op selfgerigte besluitneming behoort te hê. Heelparty skoolhoofde het aangedui dat hulle sou baat by opleiding oor kwessies soos hoe om beter te kommunikeer, hoe om 'n goeie spanleier te wees, hoe om meer positiewe leierskap te bevorder, hoe om hulle tyd meer effektief te bestuur, hoe om meer outonoom en meer konsekwent ten opsigte van leerderdissiplinekwessies te wees en hoe om professioneel dog vriendelik te wees.

BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGS

Die doel van hierdie beskrywende opname was om vas te stel hoe hoofde van openbare sekondêre skole in die streek bemagtig kan word om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol te vervul. Die resultate van hierdie studie word aan die hand van navorsingsvrae aangebied. 'n Gestruktureerde vraelys bestaande uit kategorie- en skaalvrae is gebruik om die volgende te ontled:

- Skoolhoofde en onderwysers se persepsies rakende die verband tussen bemagtiging en doeltreffende onderrigleierskaprolprestasie.
- Die onderrigleierskapedrag wat skoolhoofde in die vervulling van hulle onderrigleierskaprol ten toon stel.
- Die omvang van bestaande praktyke met betrekking tot sowel strukturele as sielkundige bemagtiging.

Hierdie kwantitatiewe studie was daarop gemik om die verband tussen bemagtiging, leierskapedrag en doeltreffendheid in die vervulling van die onderrigleierskaprol deur skoolhoofde te ondersoek. Tabel 2 hier bo toon aan dat Cronbach se alfakoëffisiënt van 'n maksimum van 0.98 (onderrigleierskaprolprestasie) tot 'n minimum van 0.89 (sielkundige bemagtiging) gewissel het, wat die raming van die interne konsekwentheid van betroubaarheid verteenwoordig. Die betroubaarheidskoëffisiënte vir al 40 subskale van rolprestasie, die 17 subskale van leierskapedrag, die 12 subskale van strukturele bemagtiging en die 12 subskale van sielkundige bemagtiging was binne die aanvaarbare spelings (0.89 of hoër). Met verwysing na McMillan (2004) en McMillan en Schumacher (2001), was die gemiddelde alfas vir 40 van die subskale ten opsigte van rolprestasie uitstekend (0.98 of hoër).

Die studie het verder getoon dat die gemiddelde takserings rakende die response van die onderwysers en skoolhoofde van 'n maksimum van 3.89 (herontwerp rolle en verantwoordelikhede) tot 'n minimum van 3.16 (verhoudings buite die skoolgemeenskap) gewissel het. Hierdie bevindings toon duidelik dat daar 'n positiewe verband tussen doeltreffende rolprestasie en strukturele bemagtiging is, wat die navorsers se voorspelling (sien tabel 3 hier bo) staaf. Wat uit die ontleding van tabel 3 na vore kom, is dat hoewel skoolhoofde "dikwels" doeltreffend was wat die herontwerp van rolle en verantwoordelikhede betref, hulle slegs "soms" doeltreffend was wat die bevordering van die gehalte van onderwys en verhoudings buite die skoolgemeenskap betref.

Skoolhoofde was nóg “byna altyd doeltreffend” nóg “byna nooit doeltreffend” wat hulle onderrigleierskaprolprestasie betref. Die resultate toon dat hulle rolprestasie oor die algemeen doeltreffend was. ’n Implikasie hiervan is die moontlikheid dat die deprofessionalisering van leierskapvoorbereiding ’n negatiewe uitwerking op skoolhoofde se rolprestasie het. Dít korreleer verbasend goed met die respondente se antwoorde op die oop vrae, wat getoon het dat baie skoolhoofde gewoonlik meer aandag aan bestuursake as onderwyskwessies gee. Volgens die bewyse wat die studie opgelewer het, was gebrekkige ondersteuning van meerderes een van die oorsake van die gebrek aan bemagtiging van skoolhoofde in die streek om te verseker dat hulle hul leierskaprol meer doeltreffend vervul.

In die huidige studie het skoolhoofde en onderwysers drie van die subskale van leierskapedrag, naamlik “selfgerigte besluitneming”, “die deel van inligting” en “afrigting vir innoverende prestasie”, relatief laer gemiddelde takserings as die ander twee subskale (“delegering van gesag” en “aanspreeklikheid”) gegee. Skoolhoofde en onderwysers het egter oor die algemeen met al ses van die subskale van leierskapedrag “saamgestem”. Die resultate van die ontledings dui derhalwe op onbeduidende verskille tussen respondente se persepsies van die gespesifiseerde dimensies van leierskapedrag. Die resultate van hierdie ondersoek toon dat respondente redelik positiewe opvattinge het oor die praktyk om skoolhoofde te bemagtig om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol te vervul (gemiddeldes het van ’n maksimum van 4.10 vir die delegering van gesag en aanspreeklikheid tot ’n relatief lae gemiddeld van 3.50 vir vaardigheidsontwikkeling gewissel).

Daar was ’n sterk positiewe korrelasie tussen strukturele bemagtiging, sielkundige bemagtiging en leierskapedrag ten opsigte van skoolhoofde se doeltreffende onderrigleierskaprolprestasie. Die resultate van hierdie studie toon dat wat die dimensies van strukturele bemagtiging betref, toegang tot bystand en hulpbronne ’n statisties beduidende effek op die onderrigleierskaprolprestasie van skoolhoofde het. Wat die komponente van sielkundige bemagtiging betref, het betekenis ’n effek op die doeltreffendheid van skoolhoofde se onderrigleierskaprolprestasie, waar $p=0.02$. Verdere analise het getoon dat die dimensies van delegering van gesag, selfgerigte besluitneming en afrigting vir die innoverende uitoefening van leierskapedrag ’n beduidende verwantskap met die doeltreffende rolprestasie van skoolhoofde het (sien tabel 6).

Die navorsers glo dat die literatuurstudie groter begrip vir die bydrae van hierdie studie in die hand werk deur die tekortkominge of leemtes wat ten opsigte van die betrokke navorsingsprobleem bestaan, uit te lig. Hoewel daar voldoende literatuur is wat ’n kritiese oorsig van die konsep van onderrigleierskap in ontwikkelde lande gee, is daar ’n gebrek aan relevante materiaal wat oor hierdie studiearea (die Amara-ha-streek), spesifiek die bemagtiging van hoofde van openbare sekondêre skole, handel.

Die treffendste bevindings wat uit die ontleding van die kwantitatiewe data gespruit het, was ietwat in teenstelling met die response wat van die onderwysbeamptes op die vlak van die distrikte en sones bekom is. Hierdie ietwat teenstellende resultate kan dalk aan uiteenlopende persepsies van die skoolgemeenskappe en die sentrale kantore toegeskryf word. Skoolhoofde en onderwysers het aangedui dat hulle minder seker was van hulle rolle as gevolg van min ondersteuning van die leierskap, terwyl onderwysbestuurders skoolhoofde veroordeel het deur aan te voer dat hoofde nie bereid is om hulself te bemagtig nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ’n gebrek aan kennis en vaardighede, tesame met ’n gebrek aan bystand, skoolhoofde se selfvertroue met betrekking tot hulle verantwoordelikheid afgetakel het. Die skynbare teenstrydighede wat in die studie na vore gekom het, word hier onder uiteengesit.

Verdere analise het getoon dat, ten spyte van die algemene konsensus oor die belangrikheid van bemagtiging, die twee groepe (onderwysers en skoolhoofde as die een groep en kantoorbestuurders as die ander groep) wyd uiteenlopende sienings gehad het oor die betekenis, aard, hulpmiddels en toepassing van bemagtiging om onderrigleierskaprolprestasie te bevorder, wat skynbaar aan verskille in bestuurders en onderwysleiers (skoolhoofde en onderwysers) se persepsies toegeskryf kan word. Terwyl kantoorbestuurders van mening was dat onderrigleierskap met beleidsimplementering, monitering, die opstel van begrotings en openbare betrekkinge te make het, het skoolhoofde en onderwysers gefokus op onderwyskwessies wat 'n uitwerking op klaskameronderrig en leerderprestasie kan hê (hierdie aspek word in die kwalitatiewe gedeelte van die studie bespreek en word nie hier ingesluit nie).

Wat strukturele bemagtiging betref, was die meeste van die werk wat gedoen is op hoëbetrokkenheidwerkspraktyke, hoërolprestasiestelsels en skoolvlakuitkomst gefokus. Die gemiddeldes van die sienings van die skoolhoofde en onderwysers het van 'n relatief hoë 3.70 (toegang tot bystand) tot 'n relatief lae 3.38 (geleentheid) gewissel. Meer spesifiek, hoewel die twee komponente van strukturele bemagtiging (toegang tot bystand en hulpbronne) as “stem saam” getakseer is, is die oorblywende twee subskale (inligting en geleentheid) as “neutraal” getakseer. Respondente het die laagste gemiddelde tellings aan praktyke vir strukturele bemagtiging, in die besonder die inligting- en geleentheidskomponente, toegeken. 'n Ander belangrike bevinding van die studie is dat toegang tot bystand en hulpbronne dalk 'n groter invloed op skoolhoofde se rolprestasie as die inligting- en geleentheidskomponente van strukturele bemagtiging het, soos in tabel 6 aangedui.

Die resultaat van die beskrywende statistieke rakende respondente se persepsies oor die omvang van bestaande praktyke om skoolhoofde sielkundig te bemagtig het van 'n maksimum van 4.00 (bekwaamheid) tot 'n redelike gemiddeld van 3.63 (impak) gewissel. Hierdie resultate kan moontlik die bevindings van Vacharakiat (2008) rakende sielkundige bemagtiging verklaar. Die bevindings van hierdie studie kan dalk die redelik goeie korrelasie tussen doeltreffende rolprestasie en sielkundige bemagtiging verklaar. Die skale is positief met die teoreties tersaaklike uitkoms verbind. Soos die ontledingstabel aantoon, het die meeste respondente al die komponente van sielkundige bemagtiging as “stem saam” getakseer. Geen van die takseergroepe het gemiddeldes in die kategorie “stem ten sterkste saam” of “stem geensins saam” gehad nie. Daar kan met redelike veiligheid tot die gevolgtrekking gekom word dat bemagtiging 'n noodsaaklike hulpmiddel is vir die bevordering van skoolhoofde se bekwaamheid en vermoë om hulle werk te doen. Die bevindings van hierdie studie word gesteun deur Fernandez en Moldogaziev (2013) se siening dat organisasies, in die eerste plek, 'n werksomgewing moet skep wat skoolhoofde se vermoë en begeerte om op bemagtigde maniere op te tree, bevorder en, in die tweede plek, hindernisse wat hierdie vermoë beperk, uit die weg moet ruim.

Die bevindings rakende onderwysers en skoolhoofde se persepsies oor bemagtigingsgeleenthede wat skoolhoofde benodig, word volgende bespreek. Etlieke studies oor strukturele bemagtiging (cf. Laschinger 1996; Armstrong 2006; Wagner 2010) het getoon dat hoëbetrokkenheidspraktyke wat behels dat gesag, inligting, kennis en belonings met werknemers op alle vlakke gedeel word, positiewe uitkomst vir skole het, veral wat die verbetering van die gehalte van skoolhoofde se werkslewe en die gehalte van onderwysdienste betref. Die bevindings van die huidige studie beaam egter nie sodanige bevindings nie aangesien die meeste van die respondente hulle toegang tot geleenthede vir strukturele bemagtiging as laag tot gemiddeld aangedui het.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die praktyke van onderwysbeamptes om skoolhoofde te bemagtig en skoolgebaseerde besluitneming te implementeer, geleidelik daartoe gelei het dat die professionalisme van onderwys met burokratiese beheer vervang is, soos deur die skoolhoofde in hierdie studie aangedui is. Die skoolhoofde het naamlik aangedui dat merietegebaseerde plasings, professionele vryheid en geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling en kennisuitbreiding belangrik is om hoofde te bemagtig. 'n Ander moontlike verklaring hiervoor is dat bemagtiging gewaarborg is wanneer skoolhoofde voel dat hulle 'n invloed het op besluite wat 'n impak op hulle lewens het en wanneer hulle betekenisvolle geleenthede kry om dit 'n werklikheid in plaas van 'n blote moontlikheid te maak.

In vorige studies (kyk Tsegaye (2018) en Botha (2019) in die oorsigliteratuur) is biespiegel dat skoolhoofde deur toegang tot inligting, bystand, hulpbronne en geleenthede om in hulle werksopset te leer en groei, bemagtig word. Situasies waarin skoolhoofde hulle persoonlike oordeel kan uitoefen en wat sentraal tot hul onderskeie skole se doelstellings staan, verhoog toegang tot hierdie bemagtigingsmeganismes. Die huidige bevindings blyk te strook met die bevindings van ander studies wat toon dat sterk netwerke bestaande uit lede van skoolbestuursliggame, belanghebbers in die gemeenskap, eweknieë, meerderes en ander lede van die skoolgemeenskap “toegang tot bystand” (een van die dimensies van strukturele bemagtiging) verhoog. 'n Moontlike verklaring vir van die resultate van hierdie navorsing is dat 'n gebrek aan bystand en hulpbronne tot die ontmagtiging van skoolhoofde in die streek gelei het.

Hoewel die meeste van die onlangse navorsing daarop dui dat die rolle van skoolhoofde die afgelope paar jaar aansienlik verander het, het skoolhoofde steeds die verantwoordelikheid om toesig oor personeel, akademiese sake, finansies en gemeenskapsbetrokkenheidsverpligtinge uit te oefen (Berman 2005). Verhoogde aanspreeklikheid in onderwys het ook tot 'n verskuiwing in die rol van skoolhoofde bygedra. Alhoewel daar van skoolhoofde verwag word om bemagtigde en bekwame onderwysleiers te wees, het die aanspreeklikheidsvereistes 'n beduidende invloed op hulle tyd en die geleenthede tot hulle beskikking om die verwante pligte uit te voer. Beleidmakers moet aanspreeklikheidsvereistes ondersoek en 'n beter ewewig tussen verslagdoening oor die vordering wat ten opsigte van onderwys in alle skole in die Amhara-streek gemaak word, aan die een kant, en die tyd wat nodig is om skoolhoofde te bemagtig om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol doeltreffend te vervul, aan die ander, probeer bewerkstellig (Hoyle, Bjork, Collier & Glass 2005).

Wat die vraag van moontlike strategieë vir die bemagtiging van skoolhoofde betref, dui hierdie studie daarop dat daar soms verwarring oor die betekenis van die term “bemagtiging” bestaan. Dit is, byvoorbeeld, nie ongewoon vir bestuurders om vir werknemers te sê dat hulle bemagtig is nie, maar hulle verduidelik nie noodwendig wat hulle daarmee bedoel nie. 'n Skoolhoof kan dalk 'n aanname maak oor wat 'n bestuurder met “bemagtiging” bedoel – hy/sy kan dalk entoesiasies reageer deur selfstandig 'n besluit oor iets te neem waarvoor hy/sy gewoonlik in die verlede magtiging sou kry. Die bestuurder, op sy/haar beurt, kan negatief reageer omdat hy/sy bloot wou gehad het dat die skoolhoof meer idees met hom/haar moet deel en nie sommerso besluite op sy/haar eie neem nie. Die skoolhoof kan gevolglik misnoegd wees en na die ou werkswyse terugkeer. Dit is dus belangrik dat bestuurders verduidelik wat hulle met bemagtiging bedoel.

Die navorsing het verder getoon dat daar verdere variasies van skoolhoofde se vaardighede is, soos om toegang tot voldoende hulpbronne te verkry, hulle professionele vaardighede en kennis uit te brei en hulle leierskapvaardighede in die uitvoering van hulle daaglikse pligte toe te pas. Daar is ewenwel ander variasies met betrekking tot die algemene outonomie van skoolhoofde, wat 'n groter mate van beheer oor selfgerigte besluitneming, groter insae in

besluite wat hulleself en ander raak, groter betrokkenheid by bestuursbesluite en 'n sterker gevoel van bemagtiging behels. Tydens 'n kort gesprek tussen die navorsers en onderwysbestuurders van die onderskeie sones en distrikte het die bestuurders aangevoer dat skoolhoofde onwillig is om van die vele geleenthede vir professionele ontwikkeling wat beskikbaar is, gebruik te maak en dat hulle derhalwe die oorsaak van hulle eie ontmagtiging is. Deelnemers het hierdie punte deurgaans tydens die gesprekke oor praktyke om skoolhoofde vir hulle onderrigleierskaprol te bemagtig, geopper. Hierdie kombinasie van bevindings verleen 'n mate van steun aan die konseptuele uitgangspunt dat die twee groepe deelnemers probeer het om die oorsake van die bestaande probleme te eksternaliseer. Dit is belangrik om die moontlikheid van vooroordeel in hierdie response in gedagte te hou. 'n Implikasie hiervan is die moontlikheid dat elke groep die ander een vir die probleem blameer.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Vier hoofaanbevelings, gevolg deur belangrike voorstelle, word aan die hand van die oorsigliteratuur, die veldnavorsing en die empiriese data gemaak. Hierdie aanbevelings hou verband met kennis en begrip van die vakgebied, praktiese implikasies en die verbetering van bestaande beleid rakende die bemagtiging van hoofde van sekondêre skole in die Amarah-streek om hulle in staat te stel om hulle onderrigleierskaprol meer doeltreffend te vervul. Die aanbevelings het spesifiek op beleidmakers, skoolbestuursliggame en/of gemeenskapsbelanghebbers, praktisyns en voorbereidingsprogramme vir skoolhoofde betrekking.

Beleedmakers kan 'n rol speel om skoolhoofde te help om meer doeltreffende onderwysleiers te word. Wat die aanstelling van skoolhoofde betref, moet instellings soos die onderwysburo vir die streek en die distriksonderwyskantore gesamentlike verklarings rakende "beste praktyke" ontwikkel en onderskryf. Sodanige ooreenkomste rakende beste praktyke kan dan gebruik word om die aanstellingskriteria ten opsigte van skoolhoofde te beïnvloed, soos dat hulle rolle vir evalueringdoeleindes beter omskryf moet word. Daar word aanbeveel dat huidige beleid verder hersien word om skoolhoofde genoeg tyd te gee om 'n ewewig tussen verpligtinge en aanspreeklikheid te vind.

Daar word ook aanbeveel dat skoolbestuursliggame en ander gemeenskapsverteenvoerders opleiding ontvang wat hulle sal help om hulle rol in skoolbestuur beter te verstaan en hulle sodoende sal help om te bepaal in watter areas hulle bydraes die skole se missies en doelwitte die beste sal ondersteun.

Onderwysbestuurders en skoolhoofde moet genoeg tyd opsysit om skoolraadslede te ondersteun. Een van die unieke verhoudings wat in 'n distriksonderwyskantoor bestaan, is die een tussen skoolrade en skoolhoofde. Die skoolbestuursliggame, in hulle hoedanigheid as verteenwoordigers van die plaaslike regering, word gevra om die visies van die skole in werking te stel, wat soms 'n negatiewe uitwerking op die skoolhoofde se rol as onderwysleiers het (Hoyle *et al.* 2005). Skoolbestuursliggame is uiters aktief in die politieke omgewing, en skoolhoofde word dikwels gevra of aangesê om skoolbestuursliggame na politieke geleenthede en vergaderings te vergesel om agtergrondinligting en raad oor onderwysaangeleenthede te verskaf. Skoolhoofde se verhouding met skoolbestuursliggame neem dus 'n groot deel van hulle tyd in beslag.

Onderwysleiers moet plaaslike wette en prosedures hersien. Skoolhoofbemagtiging wat doeltreffend toegepas word en met effektiewe praktyke gepaard gaan, verg ondersteuning van topbestuur, verpligte regsmaatreëls, 'n positiewe organisasiekultuur rakende bemagtiging en die beloning van bedrywighede en praktyke. Dit alles sal help om die werklike uitdagings sowel as moontlike oplossings aan die lig te bring ten einde meer akademiese en praktiese

bedrywighede rakende skoolhoofbemahtiging te organiseer en uit te voer met die doel om bewustheid van bemahtigingsbegrippe en die belangrikheid van doeltreffende skoolhoofbemahtiging in skole, sowel as die hulpmiddels en meganismes wat nodig is om dit moontlik te maak, te bevorder. Onderwysleiers moet dus spesifiek aandag gee aan die bevordering van skoolhoofde se bemahtigingspraktyke wanneer plaaslike wette en prosedures hersien word. Indien dít plaasvind, sal bemahtiging gekoppel word aan skoolhoofde se sukses as onderwysleiers en hulle motivering om bemahtigingspraktyke in skole aan te moedig.

Laastens word daar aanbeveel dat organisasiehulpbronne en -gesag (toegang en benutting) herverdeel word om regverdige en ewewigtige bemahtiging dwarsdeur die hiërargie van onderwysinstellings te verseker. Bemahtiging word in die oorsigliteratuur hoë lof toegeswaai omdat dit skoolhoofde se mag, kennis, ondervinding, betekenis, geleentheid en status vergroot. Dus, deur mag te deel, duidelike limiete vir bemahtiging te stel en vertrouensverhoudings daar te stel, kan heelwat bereik word om skoolhoofde te bemahtig.

BIBLIOGRAFIE

- Abdulrasheed, O. & Bello, A.S. 2015. Challenges to secondary school principals' leadership in Northern Region of Nigeria. *British Journal of Education*, 3(3):1-5.
- Armstrong, K.J. 2006. Structural empowerment, magnet hospital characteristics, and patient safety culture: Making the Link. *Journal of nursing care quarterly*, 21(2):124-136.
- Awamleh, N.A. 2013. Enhancing employees' performance via empowerment: A field survey. *Asian Journal of Business Management*, 5(3):313-319.
- Berman, S. 2005. Restoring progressive values. *School Administrator*, 62(10):16-24.
- Cunningham, W. & Cordeiro, P.A. 2009. *Educational leadership: A bridge to improved practice* (4th ed.). Boston: Pearson Education, Inc.
- Bass, B.M. 1985. *Leadership and performance beyond expectation*. New York: Free Press.
- Botha, R.J. 2018. Making a difference in South African schools: The cases of two female principals. *Gender and Behaviour*, 16(1):10812-10823.
- Botha, R.J. 2019. A study among newly appointed principals in South African schools. *International Journal of Education, Economics and Development*, 10(2):173-190.
- Dea, L.M. & Basha, T.T. 2014. Leadership challenges facing school principals in the implementation of general quality education improvement programme: The case of Wolaita Zone Town Administration. *Wudpecker Journal of Educational Research*, 3(4):59-69.
- Fekede, T. 2015. Professional learning of teachers in Ethiopia: Challenges and implications for reform. *Australian Journal of Teachers Education*, 40(5):1-26.
- Fernandez, S. & Moldogaziev, T. 2013. Using employee empowerment to encourage innovative behaviour in the public sector. *Journal of Public Administration Research and Theory*, 23:155-187.
- Hallinger, P. 2010. *Lessons from research on leadership for learning: Yesterday, today and tomorrow*. Paper read at the Hongkong school conference, Hongkong, 29 March, 2010.
- Hoyle, J., Bjork, L., Collier, V. & Glass, T. 2005. *Superintendent as CEO*. Thousand Oaks, CA: Corwin Press.
- Laschinger, H.K. 1996. A theoretical approach to studying work empowerment in nursing: A review of studies testing Kanter's theory of structural power in organisations. *Nursing Administration Quarterly*, 20(2):25-41.
- McCay, E. 2001. The learning needs of principals. *Educational Leadership*, 58(8):75-77.
- McMillan, J. 2004. *Educational research: Fundamentals for the consumer* (4th ed.). Boston: Pearson Education, Inc.
- McMillan, J. & Schumacher, S. 2001. *Research in education: A conceptual introduction* (5th ed.). New York: Longman.
- Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië (FDRE). 2013. Education statistics annual abstract. *Ethiopiese Departement van Onderwys*, <http://www.moe.gov.et> [20 Maart 2019].

- Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië (FDRE). 2015. Education sector development programme V (ESDP V). Programme action plan (2015/16–2019/20). *Ethiopiëse Departement van Onderwys*, Addis Abeba: FDRE Onderwysdepartement.
- Onderi, H. & Makori, A. 2013. Secondary school principals in Nyamira County in Kenya: Issues and challenges. UK: International CIC. *Educational Research International*, 1(1):1-24.
- Onwuegbuzie, A. & Collins, M. 2007. A typology of quantitative methods sampling designs in social science research. *The Qualitative Report*, 12(2):281-316.
- Roul, S. 2012. Practice and problems of principals' leadership style and teachers' job performance in secondary schools of Ethiopia. *An International Multidisciplinary Peer Revised E-Journal*, 1(4):227-242.
- Teddle, C. & Yu, F. 2007. Mixed methods sampling: A typology with examples. *Journal of Mixed Methods Research*, 1(1):77-100.
- The Research Advisors' Table. (2016). *Sample size table*, <http://www.research-advisors.com> [16 Augustus 2019].
- Tsegaye, M.A. 2018. Empowering public secondary school principals to perform their instructional leadership roles more effectively in Amhara Regional State, Ethiopia. Unpublished DEd-thesis, University of South Africa (Unisa), Pretoria.
- Vacharakiat, M. 2008. The relationships of empowerment, job satisfaction, and organizational commitment among Filipino and American registered nurses working in the U.S.A. Unpublished M-dissertation, University of Fairfax, Fairfax, VA.
- Vogt, W.P. 2007. *Quantitative research methods for professionals*. Cape Town: Pearson Education.
- Wagner, J.I. 2010. The relationship between structural empowerment and psychological empowerment for nurses: A systematic review. *Journal of Nursing Management*, 18:448-462.
- Wieczorek, D. & Manard, C. 2018. Instructional leadership challenges and practices of novice principals in rural schools. *Journal of Research in Rural Education*, 34(2):1-21.

RJ (NICO) BOTHA is hoogleraar in Onderwysleierskap en -bestuur in die Opvoedkunde Kollege aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Hy behaal in 1993 die DEd-graad aan Unisa met die titel: "The development of management training programmes for school leaders in the South African context". Hy het ook in 1979 die BSc-graad aan die Universiteit van Pretoria met Wiskunde en Chemie as hoofvakke voltooi.

Professor Botha het meer as 40 artikels in geakkrediteerde joernale plaaslik en internasionaal gepubliseer. Hy is ook die redakteur van drie handboeke in Onderwysleierskap en is die outeur van verskeie hoofstukke in ander akademiese boeke. Hy het referate gelewer by 28 internasionale kongresse en het as studieleier opgetree vir 40 Doktrale en Magisterstudente. Hy dien op die redaksie van verskeie joernale en is gemoeid met die opleiding van skoolhoofde in verskeie lande in Afrika. Gedurende 1999 is hy genooi om as gasdosent by die Brigham Young Universiteit in Provo, Utah te doseer.

RJ (NICO) BOTHA is Professor in Education Management in the College of Education at Unisa. He holds, inter alia, a Bachelor's degree in Mathematics and Chemistry from the University of Pretoria and a Doctorate in Education Management from the University of South Africa. The title of his doctoral thesis is "The development of management training programmes for school leaders in the South African context". His fields of specialisation are Educational Leadership and International Education. He has been involved with the training of school principals and other educational leaders for 30 years and has presented more than 25 research papers at International Conferences abroad and has to date published more than 40 research articles in accredited journals. In addition, he is editor of two scholarly text books in the field of Education Management. He was invited to be guest lecturer at Brigham Young University in Provo, Utah in 1999.

ABSTRACT

Empowering secondary-school principals in Ethiopia to perform their instructional leadership roles more effectively

Laastens word daar aanbeveel dat organisasiehulpbronne en -gesag (toegang en benutting) herverdeel word om regverdige en ewewigtige bemahtiging dwarsdeur die hiërargie van onderwysinstellings te verseker. Bemahtiging word in die oorsigliteratuur hoë lof toegeswaai omdat dit skoolhoofde se mag, kennis, ondervinding, betekenis, geleentheid en status vergroot. Dus, deur mag te deel, duidelike limiete vir bemahtiging te stel en vertrouensverhoudings daar te stel, kan heelwat bereik word om skoolhoofde te bemahtig.

BIBLIOGRAFIE

- Abdulrasheed, O. & Bello, A.S. 2015. Challenges to secondary school principals' leadership in Northern Region of Nigeria. *British Journal of Education*, 3(3):1-5.
- Armstrong, K.J. 2006. Structural empowerment, magnet hospital characteristics, and patient safety culture: Making the Link. *Journal of nursing care quarterly*, 21(2):124-136.
- Awamleh, N.A. 2013. Enhancing employees' performance via empowerment: A field survey. *Asian Journal of Business Management*, 5(3):313-319.
- Berman, S. 2005. Restoring progressive values. *School Administrator*, 62(10):16-24.
- Cunningham, W. & Cordeiro, P.A. 2009. *Educational leadership: A bridge to improved practice* (4th ed.). Boston: Pearson Education, Inc.
- Bass, B.M. 1985. *Leadership and performance beyond expectation*. New York: Free Press.
- Botha, R.J. 2018. Making a difference in South African schools: The cases of two female principals. *Gender and Behaviour*, 16(1):10812-10823.
- Botha, R.J. 2019. A study among newly appointed principals in South African schools. *International Journal of Education, Economics and Development*, 10(2):173-190.
- Dea, L.M. & Basha, T.T. 2014. Leadership challenges facing school principals in the implementation of general quality education improvement programme: The case of Wolaita Zone Town Administration. *Wudpecker Journal of Educational Research*, 3(4):59-69.
- Fekede, T. 2015. Professional learning of teachers in Ethiopia: Challenges and implications for reform. *Australian Journal of Teachers Education*, 40(5):1-26.
- Fernandez, S. & Moldogaziev, T. 2013. Using employee empowerment to encourage innovative behaviour in the public sector. *Journal of Public Administration Research and Theory*, 23:155-187.
- Hallinger, P. 2010. *Lessons from research on leadership for learning: Yesterday, today and tomorrow*. Paper read at the Hongkong school conference, Hongkong, 29 March, 2010.
- Hoyle, J., Bjork, L., Collier, V. & Glass, T. 2005. *Superintendent as CEO*. Thousand Oaks, CA: Corwin Press.
- Laschinger, H.K. 1996. A theoretical approach to studying work empowerment in nursing: A review of studies testing Kanter's theory of structural power in organisations. *Nursing Administration Quarterly*, 20(2):25-41.
- McCay, E. 2001. The learning needs of principals. *Educational Leadership*, 58(8):75-77.
- McMillan, J. 2004. *Educational research: Fundamentals for the consumer* (4th ed.). Boston: Pearson Education, Inc.
- McMillan, J. & Schumacher, S. 2001. *Research in education: A conceptual introduction* (5th ed.). New York: Longman.
- Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië (FDRE). 2013. Education statistics annual abstract. *Ethiopiëse Departement van Onderwys*, <http://www.moe.gov.et> [20 Maart 2019].

- Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië (FDRE). 2015. Education sector development programme V (ESDP V). Programme action plan (2015/16–2019/20). *Ethiopiëse Departement van Onderwys*, Addis Abeba: FDRE Onderwysdepartement.
- Onderi, H. & Makori, A. 2013. Secondary school principals in Nyamira County in Kenya: Issues and challenges. UK: International CIC. *Educational Research International*, 1(1):1-24.
- Onwuegbuzie, A. & Collins, M. 2007. A typology of quantitative methods sampling designs in social science research. *The Qualitative Report*, 12(2):281-316.
- Roul, S. 2012. Practice and problems of principals' leadership style and teachers' job performance in secondary schools of Ethiopia. *An International Multidisciplinary Peer Revised E-Journal*, 1(4):227-242.
- Teddle, C. & Yu, F. 2007. Mixed methods sampling: A typology with examples. *Journal of Mixed Methods Research*, 1(1):77-100.
- The Research Advisors' Table. (2016). *Sample size table*, <http://www.research-advisors.com> [16 Augustus 2019].
- Tsegaye, M.A. 2018. Empowering public secondary school principals to perform their instructional leadership roles more effectively in Amhara Regional State, Ethiopia. Unpublished DEd-thesis, University of South Africa (Unisa), Pretoria.
- Vacharakiat, M. 2008. The relationships of empowerment, job satisfaction, and organizational commitment among Filipino and American registered nurses working in the U.S.A. Unpublished M-dissertation, University of Fairfax, Fairfax, VA.
- Vogt, W.P. 2007. *Quantitative research methods for professionals*. Cape Town: Pearson Education.
- Wagner, J.I. 2010. The relationship between structural empowerment and psychological empowerment for nurses: A systematic review. *Journal of Nursing Management*, 18:448-462.
- Wieczorek, D. & Manard, C. 2018. Instructional leadership challenges and practices of novice principals in rural schools. *Journal of Research in Rural Education*, 34(2):1-21.

Entrepreneuriese skoolhoofleierskapstyl in skole: Goeie versus swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede

Entrepreneurial leadership style in schools: Good versus poor socio-economic circumstances

LEENTJIE VAN JAARVELD

Skool vir Professionele Studies in Onderwys

Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Leentjie.vanjaarsveld@nwu.ac.za



Leentjie van
Jaarsveld

LEENTJIE VAN JAARVELD is 'n dosent in Onderwysbestuursleierskap in die Fakulteit Opvoedkunde van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. Sy het die grade BEd-Honneurs in 2009, MEd in 2013 en PhD in 2016 aan die Noordwes-Universiteit behaal. Gedurende 2012 en 2013 was sy verbonde aan die Universiteit van Pretoria, en sedert November 2013 is sy permanent aangestel in die Fakulteit Opvoedkunde by die NWU se Potchefstroomkampus. Haar navorsingsuitset sluit in: verskeie artikels in nasionale sowel as internasionale joernale, hoofstukke in boeke, verskeie aanbiedinge tydens nasionale en internasionale konferensies, projekteier van verskeie projekte, onder meer in samewerking met Kanada en Australië, Namibië en Nigerië. Sy dien op verskeie komitees nasionaal sowel as internasionaal. Sy tree op as studieleier vir verskeie MEd- en PhD-studente. Haar navorsingsfokus is bena- derings tot skoolhoofleierskap.

LEENTJIE VAN JAARVELD is a lecturer in Education Management Leadership in the Faculty of Education at the Potchefstroom Campus of the North-West University (NWU). She holds the following qualifications obtained at the North West University – BEd Honours (2009), MEd (2013) and PhD (2016). During 2012 and 2013 she was a lecturer at the University of Pretoria, and since November 2013 she has been permanently appointed in the Faculty of Education at the NWU's Potchefstroom Campus. Her research output includes various articles in national as well as international journals, chapters in books, various presentations during national and international conferences, project leader of a number of projects, among others in collaboration with Canada and Australia, Namibia and Nigeria. She serves on a number of committees both nationally and internationally. She supervises several MEd and PhD students. Her research focus centres on approaches to school leadership.

Datums:

Ontvang: 2019-10-14

Goedgekeur: 2020-08-22

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT***Entrepreneurial leadership style in schools: Good versus poor socio-economic circumstances***

The purpose of this research was to investigate the entrepreneurial leadership style of the principals of schools operating in both good and poor socio-economic circumstances.

In an effort to provide education to all, organisations have been established to support education worldwide. In recent decades, various organisations related to education have emerged in the world. These organisations include the Association for Childhood Education International (a global community of educators and advocates for education reform); the Global Partnership for Education, which operates in nearly 60 developing countries through a multilateral partnership that includes donor governments, international organisations and teachers; the United Nations International Fund for Emergencies, committed to a holistic and humanistic vision of quality education worldwide, the realisation of everyone's right to education and the belief that education plays a fundamental role in human, social and economic development; and the United Nations International Emergency Fund for Children, which recognises the rights of every child. The United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation and the United Nations Children's Fund both emphasise access to and equality and quality of learning in education, regardless of educational goals.

The leadership as executed by the principal of a school plays an important role in the functioning of the school. However, the socio-economic circumstances will have a direct bearing on the success with which the principal will be able to perform his duties. Here finance plays an important role. If the school is graded as a quintile 5 school according to the quintile system, the principals are dependent on school fees and additional funding through the help of the school governing bodies. When the school is located in a good socio-economic environment, the funds are easier to raise. In contrast, lower quintile schools, which are usually located in poor socio-economic environments, often have to raise extra money under difficult circumstances to keep the school running. For this reason, it is important for principals to think like entrepreneurs to find creative and innovative ways to raise extra funds. Entrepreneurial leadership is a distinctive type of leadership required for dealing with the challenges and crises of current organisational settings. Despite the debates on the definition of entrepreneurial leadership, there has been a relative consensus among researchers on the distinctive competencies that motivate and enable entrepreneurial leaders to lead an organisation successfully. These competencies are a combination of personal characteristics, skills and knowledge that have long-lasting and influential effects on entrepreneurial leaders' organisational performance. Among the personal competencies that have been specified for entrepreneurial leaders, proactiveness, innovativeness and risk-taking are the ones most cited, indicating entrepreneurial orientations at both personal and organisational levels.

To answer the research question "What is the role of the entrepreneurial leadership style of the school principal in good and poor socio-economic circumstances?" a qualitative design, embedded in the interpretivist paradigm, was used in the study. A phenomenological study was done in order to experience the daily practices of the school principals, with a focus on their entrepreneurial leadership styles. Four schools in favourable locations as opposed to four schools having to operate in poor socio-economic circumstances were purposefully selected in the Western Cape and Northern Cape. Eight principals were interviewed through semi-structured interviews to investigate the role of their entrepreneurial leadership styles in different circumstances. The data were transcribed first and then coded. The themes derived were scrutinised for patterns. It was found that all the principals had strong leadership qualities. The word "cannot" does not exist in the principals' vocabulary. Regardless of the circumstan-

ces, it was clear that the principals had a clear vision for the schools and were convinced that they could achieve their goals for the schools. Furthermore, all of the principals applied the entrepreneurial leadership style. In this study, it was found that the principals all possessed the given characteristics and were true entrepreneurs in their respective circumstances. However, it was also found that the principals of schools operating in good socio-economic circumstances used their entrepreneurial leadership style because they “wanted to” bring about change or make improvements in the school. On the other hand, the principals of schools having to deal with poor socio-economic circumstances “had to” make use of their entrepreneurial leadership style for the sake of survival. The autonomy of these school principals produced results. The principals’ intrinsic and extrinsic motivation led them to manage their schools effectively, regardless of the circumstances under which the schools had to operate

The combination of strong leadership and the entrepreneurial leadership style has helped the schools to be managed successfully, regardless of the circumstances they had to cope with. Suffice it to say that the entrepreneurial leadership style still plays a significant role in the progress and survival of schools.

KEY TERMS: Entrepreneurial leadership style, finances, qualitative study, school principals, socio-economic environment

TREFWOORDE: Entrepreneuriese leierskapstyl, finansies, kwalitatiewe studie, maatskaplik-ekonomiese omgewing, skoolhoofde

OPSOMMING

Die doel van hierdie navorsing was om ondersoek in te stel na die entrepreneuriese leierskapstyl van skoolhoofde in skole wat blootgestel is aan sowel goeie as swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede. Verskeie organisasies is gestig om te voorsien in die behoefte van onderwys aan almal. Tog sukkel skole in swakker maatskaplik-ekonomiese omgewings dikwels om te funksioneer weens ’n gebrek aan infrastruktuur en hulpmiddels. Voorts speel die kwintielindeling van skole ’n rol wanneer finansies ter sprake kom. Skoolhoofde van skole wat blootgestel is aan swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede moet dikwels kreatief en innoverend dink om voldoende fondse in te samel om te kan oorleef. Om die navorsingsvraag “Watter rol speel die skoolhoof se entrepreneuriese leierskapstyl in goeie en swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede?” te beantwoord, is vier skole in gunstige omgewings in die Wes-Kaap en vier skole onderhewig aan swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede in die Noord-Kaap in hierdie kwalitatiewe, fenomenologiese studie gekies. Onderhoude is met agt skoolhoofde gevoer om die rol van die entrepreneuriese leierskapstyl in verskillende maatskaplik-ekonomiese omgewings vas te stel. In die studie is bevind dat die skoolhoofde oor sterk leierseienskappe beskik het en dat hulle die entrepreneuriese leierskapstyl suksesvol gebruik het om hul skole effektief te bestuur. Die outonomie van die skoolhoofde het resultate opgelewer. Voorts het hul motivering daartoe gelei dat hulle die skole effektief bestuur het, ongeag die omstandighede waaronder die skole moet funksioneer.

1. INLEIDING

Onderwys is onlosmaaklik deel van die samelewing. Dit vorm enersyds die basis vir maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling, maar is terselfdertyd ook die grondslag van mense se waardes, hul etiese en morele verantwoordelikhede en hul vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei en by moeilike situasies aan te pas (Mihai *et al.* 2015; Türkkahraman 2012). Dit

is om hierdie rede dat onderwys voortdurend nagevors moet word, veral om op hoogte te bly van verandering en verbetering in die onderwys. Hieronder geld studies oor skooldoeltreffendheid, leierskap en werksbevreëding in skole (Botha 2017; Iwuanyanwu-Biemkpa 2017; Ngang *et al.* 2015; Setwong & Prasertcharoensuk 2013; Tschannen-Moran & Gareis 2014), studies oor skole in die algemeen (Marcella 2017) en veral studies oor effektiewe, presterende, goeie skole, dog ook oneffektiewe, onderpresterende, swak skole (Kent *et al.* 2016).

Die entrepreneuriese leierskapstyl is al dikwels nagevors (De la Rey 2018; Latif & Karim 2019; Pihie & Asimiran 2014; Suyitno *et al.* 2014). Die entrepreneuriese leier benut geleenthede om verandering en innovasie na te streef. Dergelike leiers dink kreatief hoe om nuwe hulpbronne te vind en bestaande finansiële, wesenlike en menslike bronne op nuwe maniere te gebruik (Latif & Karim 2019:18). In hierdie artikel is ondersoek ingestel na hoe die entrepreneuriese leierskapstyl van skoolhoofde van skole in swak en goeie maatskaplik-ekonomiese omstandighede met mekaar vergelyk kan word en hoe hulle die styl aanwend om hul omstandighede te verbeter. Navorsing het getoon dat entrepreneuriese leierskap en die daarmee gepaardgaande eienskappe en vaardighede suksesvol deur skoolhoofde aangewend kan word (Dahiru & Pihie 2016). Dit wil voorkom asof skoolhoofde entrepreneuriese leierskapsvaardighede moet aanleer om skole-innoveringspraktyke moontlik te maak, ongeag die maatskaplike-ekonomiese omstandighede (Dahiru & Pihie 2016). Hierdie artikel het ten doel om die rol wat entrepreneuriese leierskap van skoolhoofde in skole in goeie en swak maatskaplike-ekonomiese omstandighede speel, te ondersoek.

2. DIE PROBLEEM WAT ONDERSOEK IS

Die hoofdoel van enige onderwysstelsel is om toekomstige burgers te ondersteun om 'n blink toekoms te bevorder en om hulle met die nodige vaardighede toe te rus om goed opgelei te wees vir 'n loopbaan (Idris *et al.* 2012). Opvoeding op sigself is 'n sleutel tot lewe, kennis, selfvertroue en selfrespek (Bhardwaj 2016). In 'n poging om onderwys aan almal te bied, is organisasies gevestig om onderwys wêreldwyd te ondersteun. Die afgelope dekades het verskillende organisasies met betrekking tot onderwys in die wêreld ontstaan. Hierdie organisasies is onder meer die Association for Childhood Education International ('n wêreldwye gemeenskap van opvoeders en voorstanders van onderwyservorming); die Global Partnership for Education, wat in byna 60 ontwikkelende lande werk via 'n multilaterale vennootskap wat skenkerregerings, internasionale organisasies en onderwysers insluit; die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie, wat verbind is tot 'n holistiese en humanistiese visie van gehalte-onderwys wêreldwyd; die verwesenliking van almal se reg op onderwys en die oortuiging dat onderwys 'n fundamentele rol speel in die menslike, sosiale en ekonomiese ontwikkeling, en die Verenigde Nasies se Internasionale Noodfonds vir Kinders, wat die regte van elke kind erken. Die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie sowel as die Verenigde Nasies se Internasionale Noodfonds vir Kinders lê klem op toegang tot en gelykheid en kwaliteit van leer in die onderwys, ongeag onderwysdoelwitte (Wilson-Strydom & Okkolin 2016:225). Wanneer onderwys in Suid-Afrika ondersoek word, is die vraag waar Suid-Afrikaanse onderwys in bogenoemde organisasies inpas.

Onderwys in Suid-Afrika het die afgelope drie dekades heelwat verander. Aan die een kant word sommige skole gekenmerk deur maatskaplike en ekonomiese vooruitgang, terwyl ander skole in maatskaplike en ekonomiese agteruitgang verval (Mtantato 2018). Die regering se onvermoë om sekere gemeenskappe behoorlik te ondersteun, lei daartoe dat skole in sommige

gebiede onder uiters moeilike omstandighede funksioneer. Die kwintielindeling van die 90's het nie tred gehou met die verandering in die maatskaplik-ekonomiese omstandighede van die land nie en dus word sommige skole nog steeds as kwintiel 5 geklassifiseer ten spyte van die agteruitgang van die maatskaplike en ekonomiese omstandighede van die skool (Van Dyk & White 2019:1). Befondsing en fondsinsameling bly 'n knelpunt.

Skoolhoofde kom daagliks voor nuwe en onvoorsiene uitdagings te staan (Pihie *et al.* 2018:260). Die skoolhoof se leierskapstyl word in verskeie studies (Kythreotis *et al.* 2010; Wilson 2013; Tilahun 2014) uitgelig as 'n faktor wat 'n invloed op die skool het. Tog vra die funksionering van 'n skool meer as bloot net 'n sekere leierskapstyl wat die skoolhoof volg, veral in swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede. Volgens Esmer en Dayi (2017:112) is entrepreneurskap 'n nuwe en moderne tipe leierskap wat 'n kombinasie van leierseienskappe en ondernemingsgees is. In die praktyk word entrepreneuriese vaardighede deur leiers beoefen om die uitdagings en dilemmas van bestaande organisatoriese instellings die stryd aan te sê, wat weer lei tot die verbetering van die effektiwiteit van die leiers (Pihie *et al.* 2018:264). Tiperend van entrepreneuriese leiers is hul dryfkrag om maatskaplike omgewings so op te stel dat visie en effektiwiteit gelyktydig nagestreef word. Entrepreneuriese leiers word nie ontmoedig deur organisatoriese uitdagings soos beperkte finansiële en materiële hulpbronne nie; inteeendeel, hulle bedink 'n manier om 'n uitweg ten opsigte van organisatoriese probleme te oorkom. Die vraag wat in hierdie artikel gestel word, is: Watter rol speel die entrepreneuriese leierskapstyl van die skoolhoof in goeie en swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede? Die res van hierdie artikel word soos volg gestruktureer: Die volgende afdeling bevat die konseptuele en teoretiese raamwerk wat as basis dien van die empiriese ondersoek wat in 'n aantal skole uitgevoer is. Daarna word die navorsingsmetodologie volledig bespreek. Die daaropvolgende afdeling bied 'n verslag oor die empiriese ondersoek wat gedoen is, gevolg deur 'n bespreking van die bevindinge en enkele aanbevelings.

3. KONSEPTUEEL-TEORETIESE BEGRONDING

3.1 Maatskaplik-ekonomiese omstandighede

'n Ondersoek na die maatskaplik-ekonomiese infrastruktuur van skole in Suid-Afrika onthul dat 25% van die skole baie ryk is ten opsigte van beskikbare fondse en die toestand van hul infrastruktuur en dat die res baie swak is in soverre dit hulle hulpbronne betref (Spaull 2013:440). In die studie van Bayat *et al.* (2014:195) val die fokus op die maatskaplik-ekonomiese uitdagings wat die meeste leerders, onderwysers en skoolhoofde elke dag ervaar, asook die gebrek aan hulpbronne in die klaskamer. Skoolhoofde het daagliks te kampe met arm ouers wat nie oor die finansiële vermoë beskik om die skool te ondersteun nie. Tog onderskei hierdie skoolhoofde hulself deur hul persoonlike eienskappe en uitsonderlike leierskap.

Sedert die einde van apartheid het beduidende maatskaplik-ekonomiese vooruitgang plaasgevind. Tussen 1996 en 2018 het toegang tot elektrisiteit toegeneem van 45% tot 84,7% van die bevolking, terwyl toegang tot skoon water verbeter het van 57% in 1996 tot 75% teen 2011 (Amnesty International 2020:28). Ondanks Suid-Afrika se welvaart en vooruitgang is wydverspreide armoede, hoë werkloosheid en sistemiese ongelykheid aan die orde van die dag. Skole wat armer gemeenskappe bedien, het dikwels nie voldoende hulpbronne om die gehalte-onderwys waarop kinders kragtens die Grondwet geregtig is, te verseker nie (Amnesty International 2020:83).

Aansluitend hierby word skole in elke provinsie in vyf groepe van die armste tot die minste arm geklassifiseer (Romero *et al.* 2018:3). Kwintiel 1 is 'n groep skole in elke provinsie wat voorsiening maak vir die armste 20% van die skole. Kwintiel 2 maak voorsiening vir die volgende armste 20% van skole, terwyl kwintiel 5-skole die minste arm is. Volgens hierdie kwintiele ontvang skole befondsing van die regering. Kwintiel 1-skole ontvang die hoogste toekenning per leerder, terwyl kwintiel 5 die laagste is (Amnesty International 2020:83; Blake & Mestry 2014:164). Skole in kwintiele 1 tot 3 wat geen fooie kan hef nie en daarom hoofsaaklik van die regering se geld afhanklik is, kan teoreties ekstra fondse insamel uit ander bronne, ouers en plaaslike ondernemings inklusief. Dit is egter juis omdat sommige skole armer gemeenskappe bedien dat hulle derhalwe nie in staat is om ekstra geld in te samel van die gemeenskappe waar hulle geleë is nie (Christie 2006; Xaba & Malindi 2010; Van Dyk & White 2019). In baie gevalle is armer gemeenskappe nie in staat om te help met die verskaffing van bykomende bronne nie. Die kwintielklassifikasie is gebaseer op die maatskaplik-ekonomiese omstandighede van die hele gemeenskap, nie slegs diegene wat die skool bywoon nie. Die resultaat kan veral tot nadeel van die skool in stedelike gebiede wees, waar informele nedersettings of townships naby aan ryker gebiede geleë is. Hierdie probleem word vererger deur die gebruik van sensusdata om elke skool se telling te bepaal, aangesien sodanige data vinnig verouder as gevolg van hoë migrasievlakke. Die resultaat is dat baie arm leerders skoolfonds moet betaal of aansoek moet doen om vrystelling van skoolfonds, wat op sy beurt daartoe kan lei dat skole onvoldoende befonds word (Amnesty International 2020:91).

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 het die bestuur van skole in die hande van die skoolgemeenskappe geplaas (Van Dyk & White 2019:1). In die praktyk beteken dit dat die skool se beheerliggaam en skoolhoof gesamentlik verantwoordelik is vir die finansies en die daaglikse bestuur van 'n skool. Alhoewel daar volgens die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (South Africa Department of Education 1998) bykomende befondsing aan histories benadeelde skole gegee word, blyk dit onvoldoende te wees. Die totale inkomste van 'n skool word bepaal deur die aantal leerders en die koste per leerder. Skoolbeheerliggame kan ook geld insamel om skole se inkomste aan te vul en beter opleiding vir leerders te verseker. Die vermoë om dit te doen, wissel egter volgens die gemeenskappe vanwaar die skoolbeheerliggame afkomstig is. In werklikheid is skoolbeheerliggame wat armer gemeenskappe bedien, soms nie in staat om voldoende geld in te samel nie (Amnesty International 2020:93; Romero *et al.* 2018:4). Maatskaplik-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika is gedurig onder die soeklig. Te midde van moeilike omstandighede moet skoolhoofde steeds planne maak om die skool doeltreffend te bestuur. In dié verband word die entrepreneuriese leierskapstyl dikwels genoem (Blake & Mestry 2014; De la Rey 2018; Latif & Karim 2019; Suyitno *et al.* 2014).

3.2 Die entrepreneuriese leierskapstyl

Tipiese kenmerke van die entrepreneuriese leierskapstyl is visie, verandering en innovasie (Kuratko 2007:4). Met ander woorde, die leier sal met nuwe idees na vore moet kom en aan kreatiewe oplossings moet dink. Om risiko's te neem, bring innovasie en proaktiewe optrede na vore. Dit is om hierdie rede dat Bagheri en Pihie (2011:499) noem dat die entrepreneuriese leier uitdagings in 'n kompeterende omgewing moet kan hanteer. In nog 'n mening oor die entrepreneuriese leierskapstyl argumenteer Simons (2013:3) dat sodanige leiers innoverend met bestaande hulpbronne werk en geleenthede vir nuwe hulpbronne raaksien. Entrepreneuriese skoolhoofde benut hul idees, positiewe denke en intuïsie om die skool te verbeter (Ayub & Othman 2013:74). Volgens Blake en Mestry (2013:175) moet entrepreneuriese skoolhoofde

geleenthede aangryp om bykomende befondsing vir hul skole in te bring. Pihie en Asimiran (2014:8, 9) is egter van mening dat wanneer skoolhoofde die entrepreneuriese skoolhoof-leierskapstyl volg, dit 'n uitdaging aan hulle kan stel aangesien hulle van hul tradisionele benaderings moet afsien. Vir 'n skoolhoof sou die ideaal in hierdie omstandighede wees om ondernemingsaktiwiteite van stapel te stuur om die skool se tekort aan fondse aan te vul (Blake & Mestry 2013:176). Die probleem is egter dat baie skoolhoofde nie oor die vaardighede beskik en voldoende innoverend is om ondernemend te wees in hul benadering nie en daarom geneig is om die status quo binne die aanbevelings van die amptelike onderwysbeleid van die regering te handhaaf. Anders gestel, as gevolg van hul gebrek aan innovering en ondernemerskap is skoolhoofde geneig om op die onderwysdepartement te wag om hulle van hulpbronne te voorsien om hul skole te bestuur. Daarbenewens maak die konserwatiewe aard van skoolopleiding dit moeilik om buitelandse ondernemings te nader as gevolg van die voorgeskrewe beleidsbepalings en -regulasies (Blake & Mestry 2014:164; Xaba 2012:76, 215).

De la Rey (2018:97) se navorsing het 'n interessante bevinding na vore gebring, naamlik dat entrepreneuriese leierskap, as 'n eiessoortige leierskapstyl, "toevallig" toegepas word deur skoolhoofde wat beskik oor gewoontes soos visioenêre denke, innovasie, motivering, die bereidheid om risiko's te neem en proaktiewe optrede. In aansluiting hierby noem Kuratko (2017) dat entrepreneuriese skoolhoofde die dryfkrag agter die sukses van 'n skool is en gelei word deur hierdie en ander eienskappe van entrepreneuriese leierskap. As gevolg van die tiperende eienskappe van die entrepreneuriese leierskapstyl, trek die verbetering van skoolfasiliteite ook voordeel daaruit. Aangesien die entrepreneuriese leier oor sekere eienskappe beskik, word die vraag gevra hoe hierdie eienskappe met motivering verband hou om daadwerklik op te tree.

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat die entrepreneuriese leierskapstyl verandering teweeg kan bring deurdat dit nuwe idees implementeer. Die styl verg kennis en vaardighede, maar indien dit reg toegepas word, kan skole voordeel daaruit trek, veral met die oog op befondsing.

Om vas te stel watter rol die entrepreneuriese leierskapstyl in maatskaplik-ekonomiese omstandighede speel, word die navorsingsmetodologie voorts uiteengesit.

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Navorsingsontwerp en -metode

Hierdie ondersoek is vanuit 'n interpretivistiese benadering gedoen. Die basiese vertrekpunt van die interpretivisme is om menslike optrede of gedrag te verduidelik met behulp van 'n subjektiewe interpretasie van daardie sosiale optrede of gedrag (Creswell 2012:145-171; McMillan & Schumacher 2010:33-50). Kwalitatiewe benaderings word gekenmerk deur intensiewe studies, beskrywings van gebeure en interpretasies van betekenis (Schunk 2012:12). Om hierdie rede was die kwalitatiewe benadering die aangewese benadering in hierdie studie. Die menings en perspektiewe van die entrepreneuriese leierskapstyl van die skoolhoofde en hoe die skoolhoofde dit onderskeidelik waarneem, was van belang. Fenomenologiese navorsing is gebaseer op die aanname dat daar 'n kern van gedeelde ervarings is. Skoolhoofde in verskillende maatskaplik-ekonomiese omstandighede ervaar hul daaglikse take verskillend, en om hierdie rede word die fenomeen van entrepreneuriese leierskapstyl nagevors en word fenomenologie as 'n strategie van ondersoek gebruik om te verstaan watter rol die entrepreneuriese leierskapstyl in maatskaplik-ekonomiese toestande speel.

4.2 Doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek was om vas te stel hoe skoolhoofde binne swak en goeie maatskaplik-ekonomiese omstandighede hul entrepreneuriese leierskapstyl sien en aanwend.

4.3 Studiepopulasie

Met 'n doelgerigte steekproef het ek agt skole in swak en goeie maatskaplik-ekonomiese omstandighede in die Wes-Kaap en Noord-Kaap gekies. Doelgerigte steekproefneming is die proses om 'n steekproef te kies wat verteenwoordigend van 'n gegewe populasie is. Die navorser kies die steekproef met behulp van ervaring en kennis van die groep wat geneem moet word (Gay *et al.* 2011:141).

TABEL 1: Deelnemers

Skoolhoof	Geslag	Skool en provinsie	Kwintiel	Maatskaplik-ekonomiese konteks
A	Manlik	Wes-Kaap	5	Goed
B	Manlik	Wes-Kaap	5	Goed
C	Vroulik	Wes-Kaap	5	Goed
D	Vroulik	Wes-Kaap	5	Goed
E	Vroulik	Noord-Kaap	2	Baie swak
F	Manlik	Noord-Kaap	2	Baie swak
G	Manlik	Noord-Kaap	2	Baie swak
H	Vroulik	Noord-Kaap	5	Baie swak

5. DATA-INSAMELING, ONTLEDING EN ETIESE ASPEKTE

Uurlange semigestruktureerde onderhoude is gebruik om meer insig in die skoolhoofde se persepsies van hulle entrepreneuriese leierskapstyl te kry. Die data is ontleed deur die induktiewe data-ontledingsproses, waarna dit gekodeer en in subtemas geplaas is. Ooreenkomste in die antwoorde van die deelnemers is saamgegroepeer sodat ek 'n geheelbeeld van die skoolhoof se entrepreneuriese leierskapstyl kon kry.

Ten opsigte van etiek is toestemming verkry van die Noordwes-Universiteit se navorsingskomitee en etiekkomitee, die onderwysdepartemente van die Wes-Kaap en Noord-Kaap en die skoolhoofde sowel as die beheerliggame van die skole. Die nodige dokumentasie rakende vrywaring, anonimiteit en vrywillige deelname is aan die skoolhoofde gestuur om hulle van die vertroulikheid en privaatheid van die navorsing te verseker.

6. BETROUBAARHEIDSOORWEGINGS

Die steekproef (agt skole) het die nadeel dat daar geen veralgemenings uit die studie gemaak kan word nie. Alle afleidings en besprekings wat hierna volg, het dus slegs op hierdie skole betrekking. Die navorsingsontwerp wat gevolg is, het egter die voordeel dat dieper insig in die entrepreneuriese leierskapstyl van die agt skoolhoofde verkry kon word en dat ander skoolhoofde dalk met vrug uit hul voorbeeld kan leer, met ander woorde dat substantiewe veralgemening wel uit die bevindings moontlik is.

7. **BESPREKING VAN RESULTATE EN BEVINDINGE**

7.1 **Agtergrond**

7.1.1 *Inleiding*

In hierdie gedeelte word meer agtergrond oor die deelnemers, skole en omgewing verskaf.

Vier manlike en vier vroulike skoolhoofde in die geselekteerde skole het aan die studie deelgeneem. Die vier skole in die Wes-Kaap was duidelik in 'n goeie omgewing geleë. Die skole se terreine was baie goed versorg en die skoolgeboue in 'n baie goeie toestand. Al vier die skole is geklassifiseer as kwintiel 5-skole. In hierdie skole was daar geen gebrek aan infrastruktuur en hulpmiddels nie. Die leerders was almal eenvormig geklee.

Die vier skole in die Noord-Kaap was egter die teenoorgestelde. Alhoewel die terreine skoon was, was dit duidelik dat die skoolgeboue nie in stand gehou is nie. Tog was dit opvallend dat daar geen gebreekte vensters was nie. Een van die deelnemers het opgemerk dat sy nie geld het om die skool te verf nie, maar altyd sal geld hê vir 'n gebreekte ruit – iets wat onmiddellik vervang word. Een van die skole was 'n mobiele skool. Drie van die skole is as kwintiel 2-skole en een as 'n kwintiel 5-skool geklassifiseer. In hierdie skole was daar 'n gebrek aan infrastruktuur en hulpmiddels. Die leerders van die een skool kon nie skooldrag bekostig nie en het informele klere gedra. Sommige van die leerders in die ander skole kon wel skoolklere bekostig, maar was nie eenvormig geklee nie. In die meeste gevalle word skooldrag deur oudleerders geskenk.

7.2 **Skoolhoofleierskap en entrepreneuriese leierskapstyl**

7.2.1 *Inleiding*

In hierdie gedeelte word die skoolhoofde en hul entrepreneuriese leierskap bespreek.

Dit was duidelik dat al die deelnemers oor sterk leierseienskappe beskik het. In al agt skole is goeie, streng dissipline opvallend. Die deelnemers het ook laat blyk dat onderrig en leer heel bo aan die prioriteitslys was. Geen leerders is op die stoepe waargeneem nie en al agt skole was stil tydens onderrigtyd. Tydens die onderhoude kon 'n besliste visie en doelwitte by die deelnemers waargeneem word. Die deelnemers was almal in beheer van hul skole, maar daar kon ook afgelei word dat hulle hul personeel vertrou en take deleger.

In hierdie studie was die entrepreneuriese leierskapstyl by al agt die skoolhoofde duidelik sigbaar. Die verskil was egter dat die skoolhoofde in die goeie maatskaplik-ekonomiese omgewings hul entrepreneuriese leierskapstyl gebruik het om die skool “na hoër hoogtes” te neem, terwyl die skoolhoofde in die swak maatskaplik-ekonomiese omgewings hul entrepreneuriese leierskapstyl gebruik het “ter wille van oorlewing” van hul skole. Aansluitend by Ayub en Othman (2013:74) se verwysing na entrepreneuriese leiers was dit duidelik dat die deelnemers almal positief ingestel was en dat hulle hul intuïsie gebruik het om die regte besluite te neem om hul skole te verbeter of om te oorleef.

Al die deelnemers het 'n duidelike toekomsvisie gehad, innoverend gedink en kreatiewe planne beraam om leemtes aan te vul. Hierdie karaktertrekke sluit aan by Kuratko (2007:4) se beskrywing van die kenmerke van die entrepreneuriese leierskapstyl, waar innovasie, veranderinge en visie tiperend van die styl is. Al die skoolhoofde het verder aangedui dat hulle risiko's neem. Alhoewel die skoolhoofde in die swak maatskaplik-ekonomiese omgewings eers

deeglik oor risikoneming besin, het hulle wél risiko's geneem eerder as om die veilige roete te volg. Vir hulle was dit belangriker om 'n "moontlike" oplossing te vind, eerder as om "geen" oplossing te hê nie. Dit sluit aan by Bagheri en Pihie (2011:499) se stelling dat entrepreneuriese leiers uitdagings hanteer. Afgesien van die feit dat die deelnemers almal sterk leiers was, was almal in staat om die régte besluite te neem en planne te maak. Dit was verder duidelik dat die deelnemers se eerste prioriteit was om die skool te laat funksioneer. In dié verband het die deelnemers hul entrepreneuriese leierskapstyl gebruik om uitdagings die hoof te bied sodat die daaglikse werk kon voortgaan. Blake en Mestry (2013:175) wys daarop dat entrepreneuriese skoolhoofde elke geleentheid moet benut om die skool finansiëel te laat oorleef.

Die deelnemers in die goeie ekonomiese-maatskaplike omstandighede was dit eens dat die ouers almal hoë verwagtinge vir hul kinders op alle gebiede in die skool gehad het. In teenstelling hiermee het die ouers in die swak maatskaplik-ekonomiese toestande nog steeds hoë verwagtinge vir hulle kinders gehad maar die klem het op geleerdheid, met die doel om na skool verder te studeer of te werk, geval. In beide gevalle het die deelnemers die skool so bestuur dat daar aan die verwagtinge van die ouers voldoen is. In die goeie maatskaplik-ekonomiese omgewing het die deelnemers klaskamerhulpmiddels van hoë gehalte en die beste sporttoerusting en hoëgehalte- kulturele benodighede bekom. Hierdie hulpmiddels en toerusting is op innoverende maniere aangeskaf. Die deelnemers het erken dat hulle "buite die boks" moes dink om hierdie hulpmiddels en toerusting aan te skaf. Aan die ander kant het die deelnemers van die skole in swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede meer konserwatief (minder riskante besluitneming) gedink om in die moeilike omstandighede waarin hulle hulself bevind, matriekleerders die geleentheid te gee om te kon registreer vir hoër onderwys. In beide soorte omstandighede het die deelnemers gehoor gegee aan die behoeftes van die ouers van die gemeenskap.

In hierdie studie was dit opvallend dat die twee manlike deelnemers in die goeie maatskaplik-ekonomiese omgewings hul entrepreneuriese leierskapstyl ingespan het om verandering en verbetering in hul skole teweeg te bring. Die twee vroulike deelnemers se entrepreneuriese leierskapstyl was nie so ooglopend nie. Alhoewel hul innoverende pogings raakgesien kon word, is dit nie op die voorgrond geplaas nie. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan De la Rey (2018:97) se bevinding dat sekere skoolhoofde hul entrepreneuriese leierskapstyl "toevallig" toepas. In die geval van die skole in goeie maatskaplik-ekonomiese omstandighede was die toepassing van die entrepreneuriese leierskapstyl omdat die deelnemers dit "wou" doen.

Die deelnemers van die skole in goeie maatskaplik-ekonomiese omstandighede het saamgestem dat hulle nie bang is om besluite te neem nie, hetsy dit vernuwing of veranderinge teweegbring. Hulle het egter laat blyk dat dit "maklik" is om nuwe idees op die tafel te plaas omdat hulle die volle ondersteuning van die personeel, bestuurspan, beheerliggaam en ouers het. Met spesifieke verwysing na die entrepreneuriese leierskapstyl het deelnemer D soos volg opgemerk:

Jy moet verder dink as wat jy nou mee besig is ... vat uit die verlede wat werk en vat dit vorentoe ... alle verandering moet sin maak, positief wees. [Deelnemer D]

Deelnemer A het laat blyk dat 'n mens 'n passie vir iets moet hê en dan begin 'n mens soos 'n entrepreneur dink. In sy geval was dit tegnologie en het hy 'n projek begin.

Ek wag nie om te sien of dit werk nie, ek hardloop vooruit ... vir my gaan dit oor eienaarskap, ek is in beheer. [Deelnemer A]

Vir deelnemer B gaan die entrepreneuriese leierskapstyl oor veel meer as net planne beraam om fondse te genereer of projekte aan te pak.

Dus, as hulle hier inkom, die kinders in graad 8, is die uiteindelijke doel vir hulle om daardie matriekleerplan te skryf ... ons moet ons kinders opvoed en as dit beteken dat 'n reis na die museum nodig is vir daardie opvoeding, al is dit net om die kinders se belangstelling te prikkel, dan doen ons dit en as die onderwysers my kan motiveer dat dit in daardie kategorie pas, sal ek die geld vind. [Deelnemer B]

In teenstelling met die deelnemers se entrepreneuriese leierskapstyl wat hulle “wil” volg, “moet” die deelnemers van die skole in swak maatskaplik-ekonomiese toestande hul entrepreneuriese leierskapstyl gebruik ter wille van die oorlewing van die skool. Alhoewel Blake en Mestry (2013) noem dat skoolbeheerliggame met fondsinsamelings moet help, was dit nie by een van die vier skole in die swak maatskaplik-ekonomiese omstandighede die geval nie. Die deelnemers moes self planne maak om die skole aan die gang te hou. Hier het heelwat inisiatiewe, kreatiewe denke en outonome optrede na vore gekom. Skoolhoof E het genoem dat sy haarself sigbaar maak in die omgewing. Op dié manier bou sy kontakte op en kan sy met vrymoedigheid die boere in die gemeenskap om hulp vra. Toe sy opgemerk het dat die leerders in die omgewing nie reeds kan lees voordat hulle begin skoolgaan nie, het sy 'n leessentrum met behulp van befondsing geopen en selfs volwassenes leer lees. In 'n ander geval het deelnemer F die skool se koshuis beskikbaar gestel vir behuising om sodoende fondse vir die skool in te samel.

Een van die skole is geleë in 'n gebied waar seisoenale werkers aan die orde van die dag is. Die leerders in die gebied kom meestal uit enkelouerhuise of woon by hul grootouers. Werkloosheid is uiters hoog in die gebied. Tog neem die skoolhoof die leerders na opvoerings van voorgeskrewe werke in een van die groter dorpe en op natuuruitstappies. Volgens deelnemer F moet daar gereeld beraadslaag word hoe om fondse in te win. Die stelling sluit aan by Blake en Mestry (2013:176) se opmerking dat skoolhoofde moet afwyk van die status quo en met nuwe innoverende idees na vore moet kom. Volgens deelnemer F kan fondse alleenlik ingewin word wanneer die skoolhoof hom- of haarself sigbaar maak en raakgesien word. Hierdie deelnemer betrek oudmatrikulante, reik uit na mense en is nie skaam om hulp te vra nie. Opvallend is die pogings wat hy aanwend om die distriks- en onderwysdepartement te oorreed om die skool in 'n landboukskool te omskep en die bestaande infrastruktuur te gebruik tot voordeel van die skool en die gemeenskap. Die gebied leen hom daartoe om leerders in 'n spesifieke landbouprodukt op te lei en entrepreneurs te word. Volgens hom voorsien die skool nie in die ekonomiese behoefte nie, want die kurrikulum is nie van toepassing op die omgewing nie. Hierdie deelnemer slaag daarin om nuwigheide en uitdagings op te soek, te verken en te leer. Om hierdie rede merk hy op:

Hoofde moet die dryfkrag hê om goed van die grond af te bring. [Deelnemer F]

Die deelnemer van die skool wat as 'n kwintiel 5-skool geklassifiseer is, sukkel al sewentien jaar om die skool af te gradeer aangesien die maatskaplik-ekonomiese omstandighede van die omgewing drasties agteruitgegaan het. Te midde van uiterste armoede, werkloosheid en ongeskoolde ouers moet die skoolhoof self geld invorder, terwyl die onderwysdepartement die skool steeds nie as 'n geen-fooi-skool registreer nie. Volgens haar lê haar behoud by die feit dat sy soos 'n entrepreneur dink –

Ek is betrokke by die kerk, is baie beweeglik in die gemeenskap en doen nog huisbesoek. Op die manier vertrou die ouers my en kan ek my planne voorlê. [Deelnemer H]

Brauckmann en Pashiardis (2015:16) merk tereg op dat skoolhoofde wat die entrepreneuriese leierskapstyl volg eksterne netwerke en hulpbronne kreatief gebruik om die skool se visie na te streef. Hulle skep vennootskappe met die ouers en die breër gemeenskap van die skool sodat 'n positiewe klimaat kan ontstaan. Die eksterne netwerke sluit ander skole en stelsels, die gemeenskap, samelewing, sakeondernemings en die regering in. In hierdie studie was dit duidelik dat die skoolhoofde nie geskroom het om vennootskappe te vorm nie, hetsy vir hoër hoogtes of bloot ter wille van oorlewing.

8. GEVOLGTREKKING

In hierdie studie was dit duidelik dat die deelnemende skoolhoofde oor sterk leierseienskappe beskik het en hulle die entrepreneuriese leierskapstyl suksesvol in hul skole aangewend het, ongeag die maatskaplik-ekonomiese omstandighede waaronder die skole gebuk gaan. Dit was ook duidelik dat hulle die entrepreneuriese leierskapstyl met demokratiese deelname ondersteun het om sodoende samewerking te bewerkstellig tussen hulle, die personeel, die gemeenskap en die breë samelewing. Die feit dat hulle nie bang was om risiko's te neem nie, het getuig van hul sterk leierskap. Dit was ook duidelik dat die skoolhoofde in die beste belang van leerders opgetree het. Ongeag hoe moeilik die omstandighede ook al was, het hulle altyd 'n weg gevind om hul leerders te help. Die entrepreneuriese leierskapstyl behoort deur elke skoolhoof oorweeg te word, veral in moeilike finansiële omstandighede.

BIBLIOGRAFIE

- Amnesty International. 2020. *Broken and unequal: The state of education in South Africa*. London: Peter Benenson House. https://amnesty.org.za/wp-content/uploads/2020/02/FINALBrokenAndUnequal_FULLREPORTredu_compressed.pdf [7 July 2020].
- Ayub, D. & Othman, N. 2013. Entrepreneurship management practices in creating effective schools. *Asian Social Sciences*, 9(12):69-78.
- Bagheri, A. & Pihie, Z.A.L. 2011. Entrepreneurial leadership: Towards a model for learning and development. *Human Resource Development International*, 14(4):447-463.
- Bayat, A., Louw, W. & Rena, R. 2014. The impact of socio-economic factors on the performance of selected high school learners in the Western Cape Province, South Africa. *Journal of Human Ecology*, 45(3):183-196.
- Bhardwaj, A. 2016. Importance of education in human life: A holistic approach. *International Journal of Science and Consciousness*, 2(2):23-28.
- Blake, B. & Mestry, R. 2013. The changing dimensions of the finances on urban schools: An entrepreneurial approach for principals. *Education as Change*, 18(1):163-178.
- Botha, R.J. 2017. The key attributes of inquiry-based learning: Towards effectiveness in South Africa. In *GAI International Academic Conferences Proceedings 2017 Prague International Academic Conference*. Praag, Czechia. May 7-10, 2017.
- Brauckmann, S. & Pashiardis, P. 2015. A validation study of the leadership styles of a holistic leadership theoretical framework. *International Journal of Educational Management*, 25(1):11-32.
- Christie, P. 2006. Changing regimes: governmentality in education policy in post-apartheid South Africa. *International Journal of Educational Development*, 26:373-381.
- Creswell, J.W. 2012. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3rd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Dahiru, A.S. & Pihie, Z.A.L. 2016. Modelling of Entrepreneurial Leadership for Effectiveness of Schools. *Middle-East Journal of Scientific Research*, 24(4):1371-1375.
- De la Rey, A. 2018. The role of entrepreneurial leadership of principals in high performing schools. Pretoria: University of Pretoria. (Dissertation – MEd).

- Esmer, Y. & Dayi, F. 2017. Entrepreneurial leadership: A theoretical framework. Article has been extended to paper presented at the 25th International Academic Conference in Paris on 6-9 September 2016.
- Gay, L.R., Mills, G.E. & Airasian, P.W. 2011. *Educational research. Competencies for analysis and application*. 10th ed. New Jersey: Pearson.
- Idris, F., Hassan, Z., Ya'acob, A., Gill, S.K. & Awal, N.A.M. 2012. The role of education in shaping youth's national identity. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 59:443-450.
- Iwuanyanwu-Biemkpa, C.C. 2017. Examining the relationship between congruency of perceived principal leadership style and leadership effectiveness. Prescott Valley, AZ: Northcentral University. (Thesis – DEd).
- Kent, G., Kruger, H.A. & Du Toit, J.V. 2016. Class ranking of secondary schools in the North-West province of South Africa. *ORiON*, 32(2):123-146.
- Kuratko, D.F. 2007. Entrepreneurial leadership in the 21st century. *Journal of Leadership and Organizational Studies*, 13(4):1-11.
- Kythreotis, A., Pashiardis, P. & Kyriakides, L. 2010. The influence of school leadership styles and culture on students' achievement in Cyprus primary schools. *Journal of Educational Administration*, 48(2):218-240.
- Latif, W.B. & Karim, M.D.M. 2019. The art of developing entrepreneurial leadership. *International Journal of Research in Management*, 1(1):18-21.
- Marcella, M. 2017. Effective leadership for turbulent situations in educational institutions in Africa for the 21st century and beyond. *International Journal of Current Research*, 9(8):56709-56720.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2010. *Research in education: Evidence-based inquiry*. 7th ed. New Jersey, NJ: Pearson Education.
- Mihai, M., Țițan, E. & Manea, D. 2015. Education and poverty. *Procedia – Economics and Finance*, 32:855-860.
- Mtantato, S. 2018. Basic education is failing the economy. <https://mg.co.za/article/2018-11-23-00-basic-education-is-failing-the-economy/> [8 July 2020].
- Ngang, T.K., Mohamed, S.H. & Kanokorn, S. 2015. Soft skills of leaders and school improvement in high performing schools. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 191:2127-2131.
- Pihie, Z.A.L. & Asimiran, S. 2014. Entrepreneurial leadership practices and school innovativeness. *South African Journal of Education*, 34(1):1-11.
- Pihie, Z.A.L., Dahiru, A.S., Basri, R. & Hassan, S.A. 2018. Relationship between entrepreneurial leadership and school effectiveness among secondary schools. *International Journal of Academic Research in Business & Social Sciences*, 8(12):258-274.
- Romero, R.H., Cluver, L., Hall, J. & Steinert, J. 2018. Socioeconomically disadvantaged adolescents and educational delay in two provinces in South Africa: Impacts of personal, family and school characteristics. *Education as Change*, 22(1):1-33.
- Schunk, D.H. 2012. *Learning theories: An educational perspective*. 6th ed. Boston, MA: Pearson.
- Setwong, R. & Prasertcharoensuk, T. 2013. The influence of instructional leadership of school administrators on school effectiveness. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 106:2859-2865.
- Simons, R. 2013. The entrepreneurial gap: how managers adjust span of accountability and span of control to implement business strategy. Working Paper 13-100. July 15, 2013, Harvard Business School.
- Spaull, N. 2013. Poverty & privilege: primary school inequality in South Africa. *International Journal of Educational Development*, 33(5):436-447.
- South Africa Department of Education. 1998. National Norms and Standards for School Funding. *Government Gazette*, vol. 400, no. 19347 of 12 October 1998, Pretoria: Government Printer.
- Suyitno, S., Sonhadji, K.H., Arifin, I. & Ulfatin, N. 2014. Entrepreneurial leadership of vocational schools principals in Indonesia. *International Journal of Learning & Development*, 4(1). <http://www.macrothink.org/journal/index.php/ijld/article/view/4838> [25 June 2020].
- Tilahun, A. 2014. The relationship of school principal's leadership styles to school performance in secondary school of Agnwa zone at Gambella national regional state. Jimma, Ethiopia: University of Jimma. (Thesis – PhD).
- Tschannen-Moran, M. & Gareis, C.R. 2014. Faculty trust in the principal: An essential ingredient in high-performing schools. *Journal of Educational Administration*, 58(1):66-92.

- Türkkahraman, M. 2012. The role of education in the societal development. *Journal of Educational and Instructional Studies*, 2(4):38-41.
- Van Dyk, H. & White, C.J. 2019. Theory and practice of the quintile ranking of schools in South Africa: A financial management perspective. *South African Journal of Education*, 39:1-9.
- Wilson, D. 2013. Successful leadership characteristics of elementary school leaders and the impact on consecutive student achievement. Atlanta, GA: Atlanta University. (Dissertation – DEd).
- Wilson-Strydom, M. & Okkolina, M. 2016. Enabling environments for equity, access and quality education post-2015: Lessons from South Africa and Tanzania. *International Journal of Education Development*, 49:225-233.
- Xaba, M.I. 2012. A qualitative analysis of facilities maintenance – a school governance function in South Africa. *South African Journal of Education*, 32:215-226.
- Xaba, M. & Malindi, M. 2010. Entrepreneurial orientation and practice: Three case examples of historically disadvantaged primary schools. *South African Journal of Education*, 30:75-89.

“Sal julle hom aanvaar net soos hy is?": Faan (*Faan se trein*) en Lambert (*Triomf*) as filmiese destabilisering van hegemonese Afrikanermanlikheid

“Will you accept him as he is?": Faan (Faan se trein) and Lambert (Triomf) as filmic destabilisation of hegemonic Afrikaner masculinity

RICKUS STRÖH

Skool vir Taalonderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekcampus)
Vanderbijlpark
Suid-Afrika
E-pos: Rickus.Stroh@nwu.ac.za



Rickus Ströh



Adèle Nel

ADÉLE NEL

Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Adele.Nel@nwu.ac.za

RICKUS STRÖH is 'n dosent aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Vanderbijlparkcampus waar hy Afrikaans doseer in die Fakulteit Opvoedkunde. Hy het in 2017 die MA-graad in Afrikaans met die titel *Destabilisering van hegemonese Afrikanermanlikheid deur middel van die randfiguur in drie onlangse Afrikaanse films* by dieselfde instansie behaal. Hy is tans besig met 'n PhD oor die onderrig van Afrikaanse letterkunde aan die Noordwes-Universiteit.

RICKUS STRÖH is a lecturer at the North-West University's Vanderbijlpark Campus where he teaches Afrikaans in the Faculty of Education. In 2017 he obtained a MA degree in Afrikaans with the title *Destabilisation of hegemonic Afrikaner masculinity by means of the outsider in three recent Afrikaans films* at the same institution. He is currently a doctoral student, on the teaching of Afrikaans literature, at the North West University.

ADÉLE NEL (DLitt) is emeritus professor in die vakgroep Afrikaans en Nederlands (Vaaldriehoekcampus, Noordwes-Universiteit), en is buitengewone professor in die Navorsingseenheid: Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks,

ADÉLE NEL (DLitt) is emeritus professor in the subject group Afrikaans and Dutch (North West University, Vanderbijlpark Campus), and is extraordinary professor in the Research Unit: Languages and Literature in the South African

Datums:

Ontvang: 2019-12-11

Goedgekeur: 2020-06-25

Gepubliseer: September 2020

Fakulteit Geesteswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Sy is skrywer en medeskrywer van akademiese artikels en etlike hoofstukke in boeke. Haar huidige navorsingsbelangstelling sluit visuele tekste en films in. In die mees onlangse navorsing val die klem toenemend op die poëtika van relasionaliteit waarin sterflikheid, ontologiese gelykmakende analogie, visie en kunstenaarskap asook geslagtelikheid en die liggaam 'n bepalende rol speel.

context, Faculty of Humanities, North West University (Potchefstroom Campus). She is author and co-author of academic articles as well as several chapters in books. Her current research interests include the study of visual texts and films. In her most recent research, the emphasis is increasingly on the poetics of relationality in which mortality, ontological equalisation analogy, vision and artistry as well as gender and the body play a decisive role.

ABSTRACT

“Will you accept him as he is?”: Faan (Faan se trein) and Lambert (Triomf) as filmic destabilisation of hegemonic Afrikaner masculinity

In her influential book, Masculinities, R.W. Connell (2005) formalised the term hegemonic masculinity. She explains that the term refers to the type of masculinity that dominates other forms of masculinity whereby society defines masculinity as social construct. Hegemonic masculinity gave rise to a plethora of research on masculinity. Morrell (2001), Swart (2001) and Du Pisani (2001, 2004) worked within the South African context and focused specifically on Afrikaner masculinity. They clearly show how hegemonic Afrikaner masculinity is deeply rooted in the Apartheid ideology and has significantly been influenced by puritanical values.

Contrary to the hegemonic power that occupies a central role in society, the outsider emphasises the interdependent dialectical relationship between the hegemony and those who are excluded. Van Rensburg (2010:120) points out that the outsider, due to his feeble-mindedness and exclusion, often comments honestly and directly on contemporary social order and structures. In other words, the author of a literary work (written or visual) uses the outsider character in a distinct way to comment on or criticise the community, albeit the community within which the character finds himself or the larger community and society. Despite obvious differences, the unifying factor of two recent Afrikaans films Faan se trein (2014) and Triomf (2008) is the fact that it includes an outsider who finds himself within a patriarchal, hegemonic Afrikaner order under the apartheid regime.

This article examines the way in which the outsider in the film versions of Faan se trein (2014) and Triomf (2008) challenges and destabilises hegemonic Afrikaner masculinity. Firstly, the focus will be on the discourse regarding masculinity, hegemonic masculinity and hegemonic Afrikaner masculinity, as well as the concept of the outsider to determine its relevance in film. An investigation into hegemonic Afrikaner masculinity in the era in which the narrative is set, inevitably exposes connections with the Apartheid era in South Africa. The re-visiting or re-activation of the past is therefore also discussed in order to highlight its possible value for the contemporary South African viewer.

The analyses of the two films show that the ideologies of hegemonic Afrikaner masculinity and apartheid are at the centre of the relevant settings. The outsider destabilises these ideologies in different ways.

In Faan se trein, Faan destabilises Afrikaner masculinity in two ways. Firstly, he unmasks male sexuality and desire. Through his ignorance of social conventions, Faan explicitly references and gazes at female characters' breasts and makes offensive and inappropriate remarks. The sergeant, doctor and reverend who can be seen as exemplars of Afrikaner

masculinity, regard Faan's actions and statements as insignificant and "normal" for a man. This incidentally demonstrates Afrikaner masculinity's belief that a woman's sexual desire manifests itself as a natural response to a man, and that women serve as objects of male desire. Secondly, Faan exposes the injustices of racial segregation and associated racism that are characteristic of the Apartheid era and Afrikaner masculinity. He does so through his friendship with Stinkhans, who is ultimately Faan's only true friend. Faan regards Stinkhans as his equal and treats him just like all other "important" authority figures. Faan is the embodiment of innocence that exposes the injustices residing in hegemonic Afrikaner masculinity and Apartheid. He also becomes the scapegoat and must unfairly bear the burden of others' sins. Nevertheless, through his innocence and feeble-mindedness he indirectly creates fellowship and relationality in the town.

Lambert acts as a destabiliser of hegemonic Afrikaner masculinity in the film *Triomf*. He is the feeble-minded outsider in an already marginalised space, and the fruit of an incestuous relationship between his mother and her two brothers. It has been shown to be the utmost form of destabilisation. Lambert is thus regarded as a threat to the stability of a national Afrikaner identity. His friendship with Sonny (a black man) and his sexual advances towards a coloured prostitute, further destabilise and detract the racist views of the hegemony. Lambert, as an abject character brought to life by incest and repeating the process by having intercourse with his mother, directly comments on the cramped, inbred ideologies of the Afrikaner, of which he is similarly victimised and destabilised. In the closing scene of the film, he kills his "fathers". This scene is read as a salvation and annihilation of Afrikaner ideologies and patriarchy. This is linked to the political context of the film on the eve of the 1994 election, when Apartheid collapsed and South Africa was delivered from a racist and discriminatory order. The fact that Sonny saves Lambert from the flames while Sonny wears a shirt with an image of Mandela is seen as a preview of the coming order where inclusivity and co-operation between different races would henceforth be promoted.

Finally, Derek Hook's (2014:201) verdict on the past can be emphasised again as the basis for the present and the future: "More simply put: in the case of attempts to retrieve Apartheid history we are not merely accessing dull echoes of the past; we are involved rather in the task of re-establishing the foundations of what the past may come to mean in the future". It is unethical to refer to Apartheid as something of the past, as it is a subject that can never be considered closed. Therefore, the rethinking of history (of which these films are good examples) is of value to the contemporary South African viewer:

The rethinking of the Apartheid era in South African history creates a historical consciousness in the viewers: they are empowered to make sense of the present and future, as well as reconstruct their identity and heritage. In the films *Faan se trein* and *Triomf*, the Apartheid era's social injustices and the twisted ideology of Afrikaner masculinity are highlighted. The films, therefore, reveal history to acknowledge what happened in order to eventually continue to build a tolerant and peaceful society.

KEY WORDS: *Triomf*, *Faan se trein*, outsider, RW Connell, masculinity, hegemonic Afrikaner masculinity, destabilisation, marginalisation, film, apartheid era

TREFWOORDE: *Triomf*, *Faan se trein*, randfiguur, RW Connell, manlikheid, hegemoniese Afrikanermanlikheid, destabilisering, marginalisering, film, apartheidsera

OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die wyse waarop die randfiguur in die filmweergawes van onderskeidelik *Faan se trein* (2013) en *Triomf* (2008) hegemoniese Afrikanermanlikheid uitdaag en destabiliseer. RW Connell se teorie rondom hegemoniese manlikheid is ter sake en dien as teoretiese uitgangspunt. ’n Ondersoek na hegemoniese Afrikanermanlikheid in die spesifiek gekonstrueerde filmwêreld hou onvermydelik verband met die apartheidsera in Suid-Afrika. Die herbesoek of heraktivering van die verlede in kontemporêre Suid-Afrikaanse films word dus ook onder die soeklig geplaas om sodoende die waarde daarvan vir die eietydse Suid-Afrikaanse kyker uit te lig.

In beide films word ’n randfiguur op die voorgrond gestel, naamlik Faan in *Faan se trein* en Lambert in *Triomf*. Alhoewel hierdie karakters oënskynlik tipiese vergestaltungen van wit hegemoniese Afrikanermanlikheid is, word hulle by nadere ondersoek uit die hegemoniese sentrum gesluit. Die onderskeie regisseurs skep elkeen ’n eiesoortige filmwêreld waarbinne dié marginalisering gebruik word om kritiek te lewer op die sosiale bestel en hegemoniese Afrikanermanlikheid wat aan die orde van die dag was tydens apartheid. Die analyses van die twee films toon aan hoe elkeen van die randfigure kommentaar lewer op die spesifieke politieke bestel, wat gekenmerk is deur diskriminasie, rassisme en magsverhoudings. Terselfdertyd word hegemoniese Afrikanermanlikheid (weliswaar op verskillende maniere) gedestabiliseer.

1. INLEIDING

In haar invloedryke boek, *Masculinities*, het RW Connell (2005) die term *hegemoniese manlikheid* geformaliseer. Volgens Connell verwys hierdie term na daardie tipe manlikheid wat die oorhand het in die samelewing, wat ander vorme van manlikheid oorheers en waarvolgens die samelewing manlikheid as sosiale konstruk definieer. Hegemoniese manlikheid het ook aanleiding gegee tot ’n groot hoeveelheid navorsing wat oor manlikheid gedoen is. Sy verwys na verskeie internasionale studies wat oor manlikheid uitgevoer is en sonder die werk van Morrell, wat in ’n Suid-Afrikaanse konteks staan, uit. Connell (2005:xv, xxi–ii) se opmerking is hier ter sake: “Morrell firmly links the construction of a specific form of masculinity to the geo-political process of conquest and colonization, and the economic imperatives of a particular stage in the world economy”.

Die implikasie is dat Suid-Afrika ’n eiesoortige vorm van manlikheid het, waarvan die navorsing van Du Pisani (2001, 2004) oor Afrikanermanlikheid getuig. Hy is van mening dat Afrikanermanlikheid en Afrikanermanlikheidsbeelde ’n sterk puriteinse inslag toon en ’n hegemoniese vorm aangeneem het na die konsolidasie van Afrikanermag in 1948 (Du Pisani 2004:80).

Teenoor die hegemoniese mag wat sentraal staan in die samelewing, figureer die randfiguur, wat die interafhanklike dialektiese verhouding tussen die hegemonie en dié wat uitgesluit word, beklemtoon. Die randfiguur is geen vreemde verskynsel in die samelewing of in die wêreld van letterkunde en film nie. Hierdie figuur word beskryf as “iemand wat nie deel van ’n groep vorm nie of nie ten volle daarin tuis is nie, wat afsydig of onbetrokke is of nie aan bepaalde aktiwiteite deelneem nie, wat nie ’n belangrike rol speel in die ontstaan, ontwikkeling of verloop van iets nie” (WAT 2019).

Van Rensburg (2010:120) wys daarop dat die randfiguur, juis vanweë sy swaksinnigheid en buitestandenskap, dikwels “op besonder direkte en eerlike wyse kommentaar [lewer] op die eietydse sosiale orde”. Die outeur van die literêre werk, (geskrewe of visueel) gebruik met ander woorde die randfiguur op ’n eiesoortige manier om kommentaar te lewer of kritiek uit

te spreek oor die gemeenskap; hetsy dié waarin die karakter hom- of haarself bevind, óf oor die groter samelewing in geheel.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die wyse waarop die randfiguur in die filmweergawes van onderskeidelik *Faan se trein* (2013) en *Triomf* (2008) hegemoniese Afrikanermanlikheid uitdaag en destabiliseer. Daar sal eerstens gefokus word op die diskoers omtrent manlikheid, hegemoniese manlikheid en hegemoniese Afrikanermanlikheid, sowel as die rol van die randfiguur. 'n Ondersoek na hegemoniese Afrikanermanlikheid in die tydvak waarin die verhale afspeel hou onvermydelik verband met die apartheidsera in Suid-Afrika, waarop Faan en Lambert as buitelanders op 'n eiesoortige manier kommentaar lewer. Die herbesoek of heraktivering van die verlede word dus ook onder die soeklig geplaas om sodoende die moontlike waarde daarvan vir die eietydse Suid-Afrikaanse kyker uit te lig.

Film as teks is 'n ideale en unieke medium om die bogenoemde kwessies te ondersoek omdat die aaneenlopende spel van visie, klank en beweging 'n wyer reaksie by die kyker ontlok, en hom of haar direk aanspreek oor die realiteit van die wêreld. Kolker (2002:11) kan in hierdie verband aangehaal word: "Reality is a complex image of the world that many of us choose to agree to. The photographic and cinematic image is one of the ways we use this 'lens' (here in a quite literal sense) to interpret the complexities of the world." Daarom fokus hierdie artikel op die film as outonome, onafhanklike teks, afgesien van die feit dat albei films oorspronklik as woordtekste gepubliseer is: *Faan se trein* as drama in 1975 en *Triomf* as roman in 1994.

2. TEORETIESE UITGANGSPUNTE


2.1 Hegemoniese Afrikanermanlikheid

Connell (2005:77) wys daarop dat kontemporêre hegemoniese manlikheid op 'n internasionale vlak gekenmerk word deur heteroseksualiteit met 'n sterk klem op die huwelik, en homoseksualiteit as die subordinaat van manlikheid. Howson (2006:60) vul die omskrywing aan deur te verklaar dat hegemoniese manlikheid in die Westerse samelewing gekenmerk word deur 'n wit vel, middelklasstatus, onafhanklikheid, rasionaliteit en geleerdheid, 'n kompeterende gees, die begeerte en vermoë om iets te bereik, gekontroleerde en gerigte aggressie, sowel as mentale en fisiese taaiheid. Hierdie kenmerke word deur die gemeenskap hooggeag en begeer, en moet te alle tye onderhou word.

Hegemoniese manlikheid as samelewingsbeginsel staan in verhouding tot ander tipes manlikhede, naamlik medepligtige, gemarginaliseerde, en subordinate manlikheid. Figuur 1 (gebaseer op Giddens 2009:611; Howson 2006:59) illustreer die verskillende vorms van manlikheid en die verhoudings daartussen.

Howson (2006:61) en Connell (1987:185) benadruk die feit dat die tiperende eienskappe van die hegemonie nie altyd so algemeen voorkom en vanselfsprekend die gemaklikste is vir mans (en vrouens) nie; sommige individue wil hulself nie onderwerp aan die hegemoniese ideaal nie. Hier kom die ander vorme van manlikheid ter sprake, wat domineer, maar terselfdertyd ook uitdaag.

Laasgenoemde vorme van manlikheid kan vlugtig soos volg beskryf word: Medepligtige manlikheid verwys na kleiner of swakker weergawes van die hegemonie, wat nie inherent dominerend is nie, maar die dominerende hegemonie ondersteun. Dit sluit in die groot groep mans wat wel 'n verbintenis het met die hegemonie, maar nie beskou kan word as die beliggaming daarvan nie.



Figuur 1: Die verhoudings tussen verskillende vorms van manlikheid.

Gemarginaliseerde manlikheid verwys na die verhoudings tussen die dominerende of hegemone manlikheid en die manlikheid van laer klasse of ander etniese groepe. Gestremdes kan ook hierby ingereken word, omdat 'n gebrek (hetsy fisiek of mentaal) as “abnormaal” deur die samelewing beskou word, en diesulkes verhoed om die hegemone ideaal uit te leef.

Subordinate manlikheid wys op sy beurt na die marginalisering, onderdrukking en subordinasie van homoseksuele mans deur die hegemone wat, soos reeds genoem, gekenmerk word deur heteroseksualiteit. Hierdie subordinasie is nie net beperk tot 'n kulturele stigmasering van homoseksualiteit nie; dit word ook met vroulikheid geassosieer omdat vroulikheid presies die teenoorgestelde is as dit waarvoor hegemone manlikheid staan.

Morrell (2001:15), Du Pisani (2001:157–8, 2004), en Swart (2001:77) bespreek Afrikanermanlikheid noukeurig en is dit eens dat die ontstaan daarvan reeds nagespeur kan word in die vroeë twintigste eeu. In 1948 word apartheid deur die Nasionale Party ingestel en daarmee word Afrikanermanlikheid verhef tot hegemone (Morrell 2001:16–7).¹ Die regering het slegs uit blanke, Afrikaanse mans bestaan en hulle het 'n manlikheid afgedwing wat gekenmerk is deur gesag, strengheid, en onboetvaardigheid. Hierdie tipe manlikheid is deurgevoer in Afrikaanse skole en versterk deur instansies soos veldskole en die kommando's.

Die invloed van godsdiens op Afrikanermanlikheid word ook deur Du Pisani (2001:158; 2004) uitgelig as hy beweer dat hegemone Afrikanermanlikheid in wese puriteins is: dit

¹ Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie hegemone met die val van apartheid in 1994 verswak het. Visagie (2004:25) wys ook daarop dat akademië huiwerig is om 'n hegemone vorm van manlikheid in postapartheid Suid-Afrika te identifiseer. Dit is egter buite die reikwydte van hierdie artikel om in te gaan op postapartheid manlikheid, omdat dit juis hier gaan oor manlikheid tydens die apartheidsera en die destabilisering daarvan deur die randfiguur in die gekose films.

het 'n onderliggende Protestantse siening wat gebaseer is op “rein” Nuwe Testamentiese beginsels, wat streng op gedrag en morele waardes toegepas is.

Du Pisani (2001:158-9) verduidelik verder dat die waardes van hegemoniese Afrikanermanlikheid tydens die aanvang van apartheid gevind kan word in die vereistes van lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond.² Hierdie vereistes, tesame met ander elemente van Afrikanermanlike identiteit, soos heteroseksualiteit en politieke konserwatisme, is beskou as die ideaal van hegemoniese Afrikanermanlikheid.

Alhoewel bogenoemde karaktereienskappe en manlikheidsbeelde streng beskerm en gehandhaaf is deur die Afrikanergemeenskap, het daar egter ook bedreigings bestaan vir die hegemoniese manlikheid tydens apartheid. Du Pisani (2001:167) beskou liberalisme en homoseksualiteit as bedreigings, en twee van die primêre manifestasies van manlike verraad en “afwyking” in die Afrikanergemeenskap. Die bedreigings vir die hegemonie, wat alle ander vorme van manlikheid insluit, word deur die hegemonie verwerp en na die periferie van die samelewing geskuif. Gevolglik word hierdie manlikhede, weliswaar op verskillende vlakke, met randfigure vereenselwig.

2.2 Die randfiguur

Soos reeds kortliks hier bo in die inleidende opmerkings beskryf is, dui die term *randfiguur* op 'n persoon of figuur wat op die rand (of periferie) van iets staan. Die wese of essensie van die randfiguur setel dus in sy³ onvermoë om deel te wees van die samelewing waarin hy homself bevind, en die rede is waarom hy gevolglik uit die gemeenskap na die periferie geskuif word. Hierdie beginsel is ook die essensie van die sogenaamde antiheld, buitestander en outsider – die randfiguur is dus 'n omvattende term vir al drie voorgenoemde figure.

Die lemma anti- word volgens Grové (1988:7) “dikwels in die letterkunde en kritiek gebruik om die teenoorgestelde van die gewone, normale en geaksepteerde aan te dui”. Die antiheld word daarom uitgebeeld as die teenoorgestelde van die tradisionele held: onhandig, ietwat versukkeld, dikwels doelbewus onaantreklik en selfs oneerlik (Grové 1988:7). As gevolg van die teenstelling met die protagonis of heldfiguur, asook die feit dat hy afwyk van dit wat as normaal beskou word, word die antiheld op die rand van die samelewing geplaas. Van Gorp *et al.* (1986:27) verduidelik voorts:

Hij is niet de ontwerper van zijn eigen noodlot, maar wel een weerloos slachtoffer van een toevallige samenloop van omstandigheden, van een vergissing, van zijn medemens en van *zijn plaats aan de rand van de maatschappij*. (Ons kursivering)

Johl (1992:13) is van mening dat die antiheld op sigself 'n nuwe en eiesoortige held word. Hy bestempel die antiheld as strydig met die oorspronklike held maar met onderskeidende eienskappe wat terug te voer is na 'n ander verhouding met die samelewing, sowel as veranderde filosofiese, eksistensiële en metafisiese impulse. Bisschoff (1992:50) maak die stelling dat die

² Om 'n lid van die Broederbond te word, moes 'n persoon oor die volgende eienskappe beskik: blank, manlik, finansiële onafhanklik, Afrikaanssprekend, bo die ouderdom van 25, en lid van een van die Protestantse susterskerke wees. 'n Voorsteller sou ook moes getuig van die voornemende lid se onberispelike karakter en verbintenis aan sy vaderland, taal en kultuur (Du Pisani 2001:158–9).

³ Vir hierdie artikel word die manlike voornaamwoord deurgaans gebruik vanweë die feit dat beide karakters ter sake manlik is, en dat die artikel die destabilisering van manlikheid bespreek.

buitestander gewoonlik óók ’n antiheld is. Volgens haar is die buitestander ’n tipiese verskynsel in die modernistiese literatuur alhoewel hy of sy al lank in die literatuur voorkom. Die buitestander het egter prominensie verkry na die publikasie van Colin Wilson se studie *The Outsider* (1956), wat tegelykertyd die term gevestig het. “Een van die opvallendste kenmerke van die buitestander is dat hy nêrens tuishoort nie” (Bisschoff 1992:50). Hier kan die verband getrek word tussen die buitestander en die antiheld: hy word uitgesluit uit die gemeenskap of samelewing waarin hy homself bevind. Die buitestander word soms nie uit eie keuse ’n buitestander nie: hy word ’n randfiguur omdat die gemeenskap hom as gevolg van een of ander rede verwerp; sekere gebeure dwing ’n persoon om ’n buitestanddersrol in te neem; of die wêreld waarin hy leef, dra by tot sy buitestanddersbestaan.

Bisschoff (1992:50) verwys ook na die eksistensiële buitestander wat ’n uitvloeisel is van die filosofiese denke van Kierkegaard en Nietzsche. Hierdie buitestander het geen lewenswaardes of -doelwitte nie; hy lewe vir die oomblik en maak keuses wat gebaseer word op die gegewe oomblik waarin hy homself bevind.

Die buitestander word dikwels gesien as ’n simbool vir die waarheid en die onreg wat binne ’n bepaalde maatskappy of gemeenskap aangetref word. Vir die buitestander moet die waarheid ten alle koste geopenbaar word; hy is die enigste een in sy gemeenskap wat streef na die waarheid (Grobler 1977:6). Deur die buitestander as karakter te gebruik, staan skrywers self krities teenoor die samelewing. Die randfiguur hang ook “in die moderne literatuur saam met die mens se toenemende vereensaming in ’n gemeganiseerde wêreld en ’n toenemende afname in kommunikasie met die medemens” (Bisschoff 1992:50). Dieselfde kan dus van die filmiese randfiguur gesê word.

Grové (1988:20) wys daarop dat die Engelse term *outsider* gebruik kan word om na die buitestander te verwys, omdat dit ’n gangbare term in die Engelse, sowel as die Afrikaanse letterkunde geraak het. Die *outsider* word, soos by Bisschoff se bespreking oor die buitestander, ’n figuur wat in narratiewe tekste gebruik word om kritiek teenoor die samelewing te beliggaam.

Brink (1967:79) som die aard van die *outsider* (lees randfiguur/antiheld/buitestander) op as sosiale verset, as ’n “opstand teen ’n onmenslike en smerige stelsel wat die wonder en die liefde ontken”. Hierdie opstand gaan egter verder en word ook die mens se opstand teen alles wat sinloos is en wat waardigheid ontken.

Vanuit die besprekings oor die verskillende benamings vir die figuur wat deur die gemeenskap waarbinne hy homself bevind uitgeskuif word na die periferie, asook die feit dat hy daardeur die rol vervul om kritiek uit te spreek teenoor daardie samelewing, is dit duidelik dat die *randfiguur* as sambreelterm gebruik kan word vir die antiheld, buitestander en *outsider*. In hierdie artikel sal *randfiguur* dan ook as ’n omvattende term gebruik word om na Faan en Lambert te verwys, wat sekere kenmerke en eienskappe soos hierbo uitgelê, verteenwoordig en beliggaam.

Cloete (1984:63) wys daarop dat die figuur of karakter in die narratiewe oënskynlik dominant is, maar dat dit inderdaad met talle ander elemente kokommunikatief is en dus nié selfstandig gekonstitueer is nie. Die ruimte byvoorbeeld is ’n belangrike bestanddeel van die karakter; hy kommunikeer alleen in en deur sy ruimte. Terselfdertyd konstitueer tyd ’n karakter en kommunikeer hy dus ook noodwendig deur die tyd. Waar film as spesifiek visuele narratiewe teks ter sprake is, kan die konsep van ’n filmwêreld waarin die gemeenskap of samelewing herskep word, op die voorgrond gestel word. ’n Filmwêreld is vir Yacavone (2015:xiv) ’n eiesoortige, omvattende, relasionele en fundamenteel referensiële werklikheid. Dit beskik oor sterk simboliese, sintuiglike en affektiewe dimensies wat aan kykers virtuele en werklike ervarings verskaf wat terselfdertyd kognitief, immersief en “sensueel” is. In sy teorie wys hy

daarop dat dit in die filmwêreld gaan oor *wat* gewys of gerepresenteer word, en *hoe* dit gewys of gerepresenteer word. Een van die belangrike aspekte van die filmwêreld is om 'n visuele werklikheid te skep waar die kyker hom- of haarself kan inleef. Die immersie van die kyker word onder andere bevorder deur die oortuigende en geloofwaardige uitbeelding van die ruimte en karakters.

3. BESPREKING

In beide films word 'n randfiguur op die voorgrond gestel: Faan (*Faan se trein*) en Lambert (*Triomf*). Alhoewel hierdie karakters *oënskynlik* tipiese vergestaltings is van wit hegemoniese Afrikanermanlikheid, word hulle tog uit die hegemoniese sentrum gesluit. Dit blyk onder andere uit die ruimtelike opset in beide films.

Die ruimte in *Faan se trein* en *Triomf* word as marginaal uitgebeeld. In *Faan se trein* word groot langskote gebruik om die Karoo-dorpie, wat geïsoleerd is van ander gemeenskappe, aan die kykers voor te stel. Dit dien ook 'n estetiese funksie: om dit wat verband hou met die ideologie van die plattelandse dorpie as ruimte op 'n geromantiseerde wyse uit te beeld. Die regisseur van *Triomf* gebruik groot langskote om die buurt in teenstelling te plaas met die groter Johannesburgse metropool en sodoende die marginale posisie van die buurt eksplisiet aan te dui.

Die filmwêreld van albei films het sosio-politieke ondertone wat verband hou met hegemoniese Afrikanermanlikheid. Die dorpie in *Faan se trein* word beskou as 'n verlenging van die plaas, 'n ruimte wat sentraal staan in die Afrikanerdom. In *Triomf* dui die woonbuurt op die mag van hegemoniese Afrikanermanlikheid, omdat hierdie ruimte geskep is deur die regering as 'n oplossing vir die armblanke-problematiek (deur die gedwonge verskuiwing van etniese gemeenskappe na 'n nuwe geallokeerde ruimte in die suidweste van Johannesburg).

Die persoonlike ruimtes wat in *Faan se trein* voorgestel word, word gebruik om die era waarin die film afspeel (die tyd) te kommunikeer, met ander woorde om bepaalde historiese data te identifiseer om sodoende kernaspekte van Afrikanermanlikheid te beklemtoon. Die huis in *Faan se trein* bevat kernaspekte wat Afrikanermanlikheid beklemtoon: indeksikale tekens vir Afrikanermanlikheid (die gemonteerde bokskedel), en die huis wat herinner aan die tradisionele plaasopstal is voorbeelde hiervan. Verder is die huis ook geografies verwyderd van die dorpie, wat Faan se buitstanderskap beklemtoon.

In teenstelling hiermee word die ruimte van die Benades se huis in *Triomf* met behulp van dekor en die kamerawerk as vuil en beknop uitgebeeld. Dit bevestig die gesin se armoedige bestaan, en dui op hulle sosiale klas. Daar is wel enkele verteenwoordigers van die hegemonie wat dié ruimte besoek, naamlik verteenwoordigers van die AWB en Nasionale Party wat die ideologieë van Afrikanermanlikheid en apartheid kommunikeer.

Binne die betrokke filmwêreld kom verskillende karakters voor wat verskillende verbintenisse het met die hegemonie, onder meer die randfiguur wat veral van belang is. Die ruimte in elke film bepaal en verteenwoordig die sosiale strukture en ideologieë wat hegemoniese Afrikanermanlikheid daarstel, waaraan die karakters onderworpe is (of veronderstel is om te wees). In terme van die tydsges, speel albei films in die apartheidsera af, wat een van die produkte is van Afrikanernasionalisme, waar die hegemoniese Afrikanermanlikheid en waardestelsel oorwegend geld.

3.1 “’n Kind se onskuld het ons openbaar”: Faan as destabiliserende randfiguur

Daar kan verskeie ooreenkomste tussen die twee randfigure as karakters in die films aangetoon word. Albei is volwasse, wit, Afrikaanssprekende, manlike karakters – eienskappe wat hulle toegang gee tot die hegemoniese sentrum. Tog word hulle uitgesluit en destabiliseer sodoende die hegemonie deur sekere aspekte bloot te lê om die mag daarvan te ondermyn.

Die eenvoud van Faan se karakter word deur die visuele voorstelling in die film onderstreep, veral deur die openingstoneel. Nadat die titel van die film aangekondig is, begin ’n mondfluitjie speel en die eerste skoot van die bliktrein word op die skerm vertoon met ’n nabyskoot. Die afleiding kan gemaak word dat ’n kind besig is om sy speelgoedtrein deur ’n stofstraat te trek. Teen [00:00:48] verander die skoot en word die skoene van die persoon wat die trein trek gewys, waar die karakter om [00:01:05] aan die kyker voorgestel word met ’n nabyskoot wat fokus op Faan se gesig. Hier kom die kyker tot die besef dat die persoon wat die trein trek nie ’n kind is soos verwag is nie, maar eerder ’n middeljarige man. Die sekvens verbeeld die kern van Faan se karakter deur die jukstaponering van die speelgoedtrein (’n teken van kinderlikheid en onskuld) met sy uiterlike voorkoms. Hy dra neutrale, simplistiese klere: ’n kakiebroek en -hemp met velskoene en kruisbande. Sy voorkoms toon ooreenstemming met dié van sy pa wat op die oog af die hegemoniese vorm van manlikheid voorstel (vergeelyk figuur 1).

Alhoewel Faan se voorkoms hom nie eksplisiet as ’n randfiguur stempel nie, kom dit na vore deur sy handeling en dialoog. Faan se handeling en dialoog bevestig sy swaksinnigheid en onskuld. Sy minagting of onkunde rakende sosiale norme en etiket kom na vore in sy gebruik van aanstootlike woorde in gesprekke met Dominee, Dokter en sy pa. Verder is hy brutaal eerlik en maak uitlatings oor geloof en seksualiteit wat sy onskuld beklemtoon.

Deur sy voorkoms, handeling en dialoog word Faan as die dorpie se randfiguur uitgebeeld. Hy is die beliggaming van onskuld en kinderlikheid en daarmee ontbloot hy aspekte van die samelewing wat eerder deur die hegemonie verberg wil word. Gestremdes kan oor dieselfde kam geskeer word omdat hulle weens ’n gebrek nie deur die hegemonie in ag geneem word nie. Omdat Faan, as gevolg van sy verstandelike gestremdheid, nie bewus is van die sosiale norme en strukture nie, word hy uit die hegemonie gesluit. Sy gemarginaliseerde manlikheid sluit direk aan by sy rol as destabiliseerder van hegemoniese Afrikanermanlikheid.

Faan destabiliseer Afrikanermanlikheid op twee wyses. In die eerste plek ontmasker hy manlike seksualiteit en begeerte. As gevolg van sy onkunde ten opsigte van sosiale konvensies verwys of kyk Faan eksplisiet na vroulike karakters se borste en maak aanstootlike en ongeskikte opmerkings.

Sersant, Dokter en Dominee wat as bakens en bewakers van moraliteit en Afrikanermanlikheid gesien kan word, beskou Faan se optrede en uitsprake egter as onbeduidend en “normaal” vir ’n man.

SUS: Pa, Faan...

SERSANT: Wat van hom?

SUS: Hy was weer by die netbal vanoggend.

SERSANT: En?

SUS: En hy’t ons dopgehou.

[...]

SERSANT: (*Lag*) ’n Man bly maar ’n man. As daar iewers mooi meisies met kort rokkies is, sal hulle kyk.

Hierdie insident wys op Afrikanermanlikheid se opvattinge dat die seksuele drange na ’n vrou ’n natuurlike reaksie is vir ’n man, en dat vrouens ’n objek is vir die man se begeerte. Wat egter interessant is, is dat die objektivering van die vroulike karakters deur die kamerawerk bevorder word. Die vrou se erotiese objektivering dien as bevrediging vir die manlike blik, en verskaf visuele plesier aan beide manlike karakters binne die filmwêreld én die manlike kyker van die film.⁴



Figuur 2: Voyeuristiese blik op Truia (Roets 2014).

Truia se borste word in die middel van die raampie geplaas (figuur 2). Die aandag word volgehou en bevorder met die agtergrond wat uit fokus is, en gevolglik vir die kyker geen ander fokuspunt binne die bepaalde raampie verskaf nie. In hierdie geval is die voyeur nie net Faan wat vir sy eie plesier na Truia se borste loer nie, die kyker van die film word (as gevolg van die *mis-en-scène* van die raampie) gedwing om deel te neem aan Faan se afloerdery.

In die tweede plek ontmasker Faan die onregte van rassieskeiding en gepaardgaande rassisme wat kenmerkend is van die apartheidsera en Afrikanermanlikheid deur sy vriendskap met Stinkhans. Hulle verwys in die film na mekaar as “my kroon” – ’n aanspreekvorm wat daarop wys dat die sosiale hiërargie nie by Faan geaktiveer word nie, en dat hy vir Stinkhans as sy gelyke beskou. Die sosiale gelykheid word verder versterk deur die manier waarop Faan beide Dokter en Stinkhans bedank vir geskenke: albei ontvang ’n soen op die wang en ’n druk.

Faan openbaar die onregte van ’n rassistiese bestel wat sekere beroepe spesifiek vir sekere rassegroepe gereserveer het. Faan wil graag die nagwa ry, maar word verbied deur Dokter. Hy bevraagteken dit en sien in ’n latere toneel sy velkleur as ’n nadeel wanneer hy aan Stinkhans sê: “Jy staan in my job. Jy’t my job gevat. Ek drive daai nagwa stiller as jy, dis net my blierie

⁴ In haar invloedryke artikel “Visual pleasure and the narrative cinema” (1975) lê Laura Mulvey klem op die vrou as fokus; die vrou word geobjektiveer en as erotiese objek uitgebeeld. Sy argumenteer dat skopofilie (die plesier wat kyk verskaf) opgestel is vir die manlike kyker – die manlike blik (of “gaze”) word beheer deur die man en is gerig op die vrou. Die manlike blik is gevolglik vir Mulvey magtig, beherend en begeerlik, wat die reëlmatige gefetisjeerde beelde van die vroulike liggaam in film hewig objektiveer.

wit vel. Munisipaliteit sê dis nie 'n job vir 'n witman nie'. Faan ondermyn die tradisionele opvatting rakende velkleur.

Faan is die beliggaming van onskuld, en hy word uiteindelik 'n figuur wat die onregte in die gemeenskap uitwys. Aan die einde van die film verwoord Dokter Faan se onskuld soos volg:

DOKTER: 'n Kind se onskuld het ons openbaar wat ons regtig is. Aan onself en aan mekaar. Die uitbuiters, die jammerkryers, die regverdiges. Mag Faan sy trein kry. Mag hy maar. Mag hy maar asseblief.

In sy alleenspraak bevestig Dokter Dippenaar die rol wat Faan in die gemeenskap gespeel het. Sy randfiguurskap word eerstens toegeskryf aan sy verstandelike gestremdheid en sy gebrek is as 'n abnormaliteit deur die samelewing beskou. Hy is onaangeraak deur die sosiale kodes en konvensies en word sodoende uit die samelewing gewerp.

Tweedens kan Faan beskou word as die sondebok vir die probleme wat in die gemeenskap ervaar word. Hy dra die las van skuld, wat onregverdig aan hom toegeken word. Skuld verwys in hierdie geval na 'n perverse manlike seksualiteit waar die manlike subjek deur verleiding en begeerte gemanipuleer kan word tot voordeel van 'n ander. Byvoorbeeld die manier waarop Beatrice vir Faan verlei om 'n kosbare viool by hom te kry, en aan hom leë beloftes maak vir eie gewin. Hy word ook die sondebok vir 'n selfsugtige en onverdraagsame gemeenskap. Tante Magriet probeer deurgaans om hom uit die gemeenskap te werp deur te verduidelik dat hy 'n gevaar is vir die dorp, en Beatrice verwys na hom as 'n "ding". Deur sy onskuld en swaksinnigheid bewerkstellig hy tog op 'n indirekte manier samesyn en relasionaliteit in die gemeenskap.

Die klimaks van die film verwys na Faan se rol as verlosser vir die gemeenskap uit 'n selfsugtige en onverdraagsame bestel. As gevolg van Beatrice se onregverdige en vals klag van poging tot moord en verkragting teen Faan, word medemenslikheid in die gemeenskap geskep. In die klimakstoneel van die film dra Truia die koperbed wat sy by Oom Frik geërf het ná sy dood, na Dokter en Beatrice se huis en bied dit aan in ruil vir Faan se verlossing. Dokter wys die aanbod van die hand, maar die dag voordat Faan met die trein weggestuur sou word, kom die hele gemeenskap saam met erfgoed in ruil vir Faan se verlossing. Hierdie keer aanvaar Dokter die aanbod en die klag word teruggetrek. Alhoewel Faan nie direk verantwoordelik was vir die gemeenskapsamekoms nie, het Truia die waarheid aan lede van die gemeenskap oorgedra, waarna 'n sin vir geregtigheid en regverdigheid, medemenslikheid en relasionaliteit by die gemeenskap ontlok is.

3.2 “Die held van white supremacy”: Lambert as destabiliserende randfiguur

In *Triomf* tree Lambert op as destabiliseerder van hegemoniese Afrikanermanlikheid. Hy is die swaksinnige randfiguur in 'n reeds gemarginaliseerde ruimte, en die vrug van 'n bloedskaandelike verhouding tussen sy ma en haar twee broers.

Lambert word kinematografies voorgestel as 'n abjekte karakter, na aanleiding van Julia Kristeva (1982) se opvatting rakende abjeksie. Sy verklaar dat die abjek die grenssone is tussen wees en nie-wees (Kristeva 1982:3), met ander woorde, die abjek is 'n tussenin- of grenssone waar ons nóg objek nóg subjek is. In haar hoofstuk oor Kristeva se werk, toon Grosz (1990:89) aan dat die abjekte dui op die onmoontlikheid vir duidelike grense, lyne van afbakening, en skeidings tussen onbesmet en besmet, geskik en ongeskik, en orde en wanorde.

Herbst (1999:16) sluit by Kristeva se sienings oor abjeksie aan, maar beklemtoon dat abjeksie twee aspekte het: die proses (om iets abjek te maak) en die toestand (om abjek te wees). Eers-

genoemde verwys na 'n aktiewe proses waartydens een party 'n ander party verwerp, verban, verneder, of in 'n mate verkleineer. In die konteks van sosiale uitsluiting en randfigure sal dit dui op die sentrum wat 'n aktiewe rol speel in die proses om ander na die periferie te skuif. Die toestand van abjek wees (of om in 'n abjekte posisie te verkeer) is die gevolg van 'n abjektiveringsproses – dit is 'n disposisie, 'n plek van uitsondering. In die konteks van hierdie artikel is albei van belang: dit kan verwys na die proses waartydens die subjek uit die hegemonesie sentrum geskuif word óf na die marginale ruimte waarin die randfiguur homself bevind.

Nel (2013) bied 'n volledige analise van Lambert as abjek aan. Die wyse waarop Lambert filmies voorgestel word, is vir haar 'n manier waarop hy as abjek geteken word. Lambert se abjekte voorkoms (figuur 3) is ook 'n direkte wyse waarop hy die beeld van Afrikanermanlikheid ondermyn:



Figuur 3: Lambert (Raeburn 2008).

Filmies word hy aan die kyker voorgestel met behulp van nabyskote waar hy passief in sy “den” lê. Met behulp van nabyskote beweeg die kamera oor sy liggaam vanaf sy kaal, vuil voete, sy vet, byna aanstootlike liggaam, kaal bolyf en gesig. Hy word uitgebeeld as 'n seksueel besoedelde, maar afhanklike en kinderlike jong man wat in teenstelling is met die puriteinse en stoere ideale van Afrikanermanlikheid.

Lambert se marginale posisie word verder beklemtoon omdat hy binne die intieme ruimtes van die gesin se huis gemarginaliseer word. Sy buitekamer, of “den” soos hy dit noem, is fisies verwyderd van die huis, en is op die periferie van die erf. Dit is 'n aangeboude kamer in die agterplaas van hulle eiendom wat gebou is uit sinkplate wat aan 'n plakkershut herinner. Lambert ervaar daarom 'n dubbele ruimtelike marginalisering vanweë die feit dat hy in 'n buurt woon wat deur die groter metropool verwerp word, en bykomend word hy uit die persoonlike ruimte van die gesinshuis gesluit.

Lambert se gestremdheid, wat toegeskryf kan word aan sy ouers se bloedskaandelike verhouding, maak van hom 'n karakter wat deur die samelewing verwerp word, omdat hy die vergestaltung is van 'n sosiale praktyk wat as uiters taboe en abjek beskou word. Sy bestaan onthul bloedskaandelike verhoudings binne die Afrikanergemeenskap en skakel direk met die destabilisering van Afrikanermanlikheid.

Die feit dat Lambert die vrug is van 'n bloedskandelike verhouding tussen 'n suster en twee broers is die uiterste vorm van die ondermyning van hegemoniese Afrikanermanlikheid wat die kerngesin as norm stel. Wat die destabilisering verder voer, is die feit dat daar nie sekerheid is oor wie Lambert se biologiese pa is nie, en ook dat Lambert dieselfde seksuele verhouding met sy ma het. Brophy (2006:105) stel dit onomwonde dat “Lambert comes to represent the product of the Benades’ incestuous ‘crime’, and by extension he represents the unacknowledged violence committed by the crimes of apartheid”. Hy is gevolglik 'n bedreiging vir die stabiliteit van nasionale Afrikaneridentiteit. Die bloedskandelike verhouding tussen Mol en Lambert, én Mol en haar broers, veroorsaak dat die patriargale bestel ineens stort (Nel 2013:150). Verder lewer dit ook direk kommentaar op die geslote, verkrampde en ingeteelde ideologieë van die Afrikaner.

Die bloedskande in die gesin dui daarop dat die afsondering en vakuum waarin Afrikanermanlikheid en die groter Afrikaneridentiteit funksioneer, metafories beskou kan word as 'n bloedskandelike bestel. Die pogings tot rasegtheid en die uitsluiting van sekere kulturele praktyke en norme (soos verhoudings oor die kleurgrens), lei daartoe dat mense binne die Afrikanerideologie in 'n vakuum lewe en 'n simboliese “laer trek”. Die regisseur van die film verduidelik self in 'n artikel (Raeburn 2009:8) dat die bloedskande van die gesin 'n metafoor is vir die logiese gevolg van hierdie laermentaliteit: “in die geval van Triomf speel die benoudheid van die laer ook 'n rol. Dit is wat met jou gebeur as jy jouself apart stel en afskei van ander, 'n benadering wat lei tot haat en verdraaide idees.”

Raeburn se stelling bevestig die siening dat Lambert beskou kan word as die produk van hierdie mentaliteit wat strewe na 'n afsonderlike en ingekeerde gemeenskap ten opsigte van ras, kultuur en taal. Treppie maak 'n bespotting hiervan deur Lambert te etiketteer as die “stoetbul van racial purity, die held van white supremacy”. Op 'n ironiese wyse is Lambert die monstertagtige produk van hierdie ideologieë, en insgelyks 'n slagoffer én destabiliseerder van Afrikanermanlikheid.

Lambert lewer net soos Faan kommentaar op die samelewing, maar sy optrede spruit uit sy swak verstandelike vermoëns en is nie doelbewus nie. In die slottoneel van die film maak hy sy “vaders” dood. Hierdie toneel kan geles word as 'n verlossing en uitwissing van die Afrikanerideologieë en -patriargie. Dit word in verband gebring met die politieke konteks van die film op die vooraand van die verkiesing in 1994, waar apartheid tot 'n val gekom het, en Suid-Afrika verlos is van 'n rassistiese en diskriminerende bestel. Die feit dat Sonny (Lambert se swart en ook enigste vriend) vir Lambert uit die vlamme red terwyl Sonny 'n hemp met 'n afbeelding van Mandela dra, kan dui op 'n vooruitskouing van die komende bestel waar inklusiwiteit en samewerking tussen rasse bevorder en aangehelp word (Figuur 4).

4. DIE HERBESOEK/HERAKTIVERING VAN 'N APARTHEIDSVERLEDE

As 'n laaste punt van bespreking ontstaan die vraag na die doel van 'n konfrontasie met die verlede, wat nie net in Afrikaanse fiksie voorkom nie, maar weliswaar ook in films, soos *Faan se trein* en *Triomf*.⁵ Die konfrontasie van die verlede is, in terme van die Suid-Afrikaanse filmbedryf, 'n belangrike tema in postapartheidfilms (Botha 2012:210). Dit beteken dat films

⁵ Ander films wat in die afgelope 10 jaar verskyn het wat ook aansluit by die tema van konfrontasie met die verlede sluit in *Roepman* (2011), *Abraham* (2015), *Krotoa* (2017), *Kanarie* (2018), *Ellen: die storie van Ellen Pakkies* (2018), *Poppie Nongena* (2020) en *Moffie* (2020), om enkeles te noem.



Figuur 4: Mandela se gesig op Sonny se hemp (Raeburn, 2008).

wat binne 'n postapartheidsbestel vervaardig is, steeds met die apartheidsverlede in gesprek tree, of geheel en al handel oor die apartheidsperiode. Die relevansie van die herbesoek of heraktivering van die verlede in kontemporêre Suid-Afrikaanse films kan verduidelik word aan die hand van Derek Hook se uitgangspunt in sy boek *(Post)apartheid conditions* (2014). Hook (2014:5) argumenteer dat “[the] South African experience is characterised by historical dissonance, by the continuous juxtaposition of forward- and backward-looking temporalities”. Hy gebruik, vanuit die psigologie, die idee van nie-liniêre tydsvloer om die voortdurende herbesoek, hersiening en herorganiserings van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in tekste (hetsy literêre of visuele) te beskryf.

Die doel van die herbesinning oor geskiedenis word deur Taljaard-Gilson (2013:385) verwoord, en alhoewel sy vanuit 'n letterkundige perspektief werk, is dit ook van toepassing op film as narratief. Eerstens gaan dit om die skep van 'n historiese bewussyn by die kyker om sodoende sin te maak van die hede. Hook (2014:201) huldig min of meer dieselfde siening en beskou die verlede as grondslag vir die toekoms: “More simply put: in the case of attempts to retrieve Apartheid history we are not merely accessing dull echoes of the past; we are involved rather in the task of re-establishing the foundations of *what the past may come to mean in the future*” (my kursivering). Dit is oneties om te dink apartheid is “in die verlede”, en dit is daarom dat Hook die premorfeem “post” in hakies plaas in die titel van sy boek waarmee hy aandui dat apartheid 'n era is wat nooit as afgehandel beskou kan word nie.

Voorts wys Taljaard-Gilson (2013:385) dat herbesinning van die verlede die soeke na identiteit en die bevestiging van 'n persoon se identiteit en herkoms bevorder. Die herbesinning het ook 'n terapeutiese funksie: die film en/of fiksie as historiese narratief is 'n verwerking van 'n traumatiese geskiedenis, wat gepaard gaan met boetedoening waar erkenning gegee word aan die aandagigheid aan 'n ongunstige geskiedenis. Saam met dié erkenning poog historiese narratiewe om verdraaide of versweë geskiedenis reg te stel of te openbaar. Botha (2012:217) sluit hierby aan en wys daarop dat daar 'n tendens onder 'n jonger geslag filmmakers is om kulturele tekens weer aan bod te stel, die ouerfigure (en veral die patriargale ingesteldheid wat met apartheid vereenselwig word) te ondermyn, en in sommige gevalle die swart “ander”

as sleutel tot bevryding voor te stel.⁶ Kortom, die hegemoniese Afrikanermanlikheid word aan die kaak gestel en soms (oneerbiedig) ondermyn.

Die herbesinning van die apartheidsera in die Suid-Afrikaanse geskiedenis skep 'n historiese bewussyn by die kykers, sodat hulle kan sin maak van die hede en toekoms, en om hul identiteit en herkoms te herkonstrueer. Daarom is die herbesinning van die geskiedenis (waarvan *Triomf* 'n goeie voorbeeld is) van waarde vir die eietydse Suid-Afrikaanse kyker. In die film word die apartheidsera se sosiale onregte en die verdraaide ideologie van hegemoniese Afrikanermanlikheid deur Lambert en die Benade-gesin aan bod gestel. Die film openbaar dus die geskiedenis om erkenning te gee aan wat gebeur het, ten einde voort te kan gaan om 'n verdraagsame en vreedsame samelewing te bou, soos die slot van die film suggereer.

5. TEN SLOTTE

Die twee films *Faan se trein* en *Triomf* bevat elk 'n randfiguur. Alhoewel hierdie karakters oënskynlik tipiese vergestaltungen van wit Afrikanermanlikheid is, word hulle steeds op die marge van die samelewing geplaas – die karakters vorm *nie* deel van die hegemoniese Afrikanermanlikheid binne 'n apartheidbestel nie. Die onderskeie regisseurs skep elk 'n eiesoortige filmwêreld waarbinne die marginalisering gebruik word om kritiek te lewer op die sosiale bestel en Afrikanermanlikheid wat aan die orde van die dag was tydens apartheid. Die ideologie en sosiale bestel word deur die twee randfigure gevestig, weliswaar op verskillende maniere.

Terselfdertyd kan die ruimtes en die handeling van karakters in die onderskeie filmwêreld gelees word as 'n herbesinning van die apartheidsera in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat die sosiale onregte en die verdraaide ideologie van Afrikanermanlikheid aan bod stel. Die films openbaar dus die geskiedenis om erkenning te gee aan wat gebeur het, om uiteindelik voort te kan gaan om 'n verdraagsame en vreedsame samelewing te bou.

BIBLIOGRAFIE

- Bisschoff, A. 1992. Buitestander. In Cloete, T.T. (red). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, p. 50.
- Botha, M. 2012. *South African cinema: 1896-2010*. Bristol: Intellect.
- Brink, A.P. 1967. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria: Academia.
- Brophy, M. 2006. Shadowing Afrikaner nationalism: Jungian archetypes, incest, and the uncanny in Marlene van Niekerk's *Triomf*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 22(1-2):96-112.
- Cloete, T.T. 1984. *Wat is literatuur?* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.
- Connell, R.W. 2005. *Masculinities*. 2nd ed. Cambridge: Polity.
- Connell, R.W. 1987. *Gender and power: society, the person and sexual politics*. Cambridge: Polity.
- Du Pisani, K. 2001. Puritanism transformed: Afrikaner masculinities in the Apartheid and post-Apartheid period. In Morrell, R. (ed). *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal, pp. 157-175.
- Du Pisani, K. 2004. 'Ek hou van 'n man wat sy man kan staan': Puriteinse manlikheidsbeelde in die Afrikaanse kultuur tot 1935. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 18(1):80-93.
- Giddens, A. 2009. *Sociology*. 6th ed. Cambridge: Polity.
- Grobler, D.C. 1977. Colet van Velden as buitestandersonfiguur by Etienne Leroux. Potchefstroom: PU vir CHO (MA-verhandeling).
- Grosz, E. 1990. The body of signification. In Fletcher, J. & Benjamin, A. (eds). *Abjection, melancholia, and love: the work of Julia Kristeva*. London: Routledge, pp. 80-103.

⁶ Vergelyk die slot van *Triomf*.

- Grové, A.P. 1988. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. 5de uitg. Pretoria: Nasou.
- Herbst, M. 1999. Goya's grotesque: abjection in Los Caprichos, Desastres de la Guerra, and Los Disparates. Johannesburg: University of the Witwatersrand. (PhD-Thesis).
- Hook, D. 2014. *(Post)apartheid conditions: psychoanalysis and social transformation*. Cape Town: HSRC Press.
- Howson, R. 2006. *Challenging Hegemonic Masculinity*. London: Routledge.
- Johl, J.H. 1992. Antiheld. In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 13-15.
- Kolker, R. 2002. *Film, form, and culture*. 2nd ed. Boston: McGraw-Hill.
- Kristeva, J. 1982. *Powers of horror: an essay on abjection*. New York: Columbia UP.
- Morrell, R. 2001. The times of change: men and masculinity in South Africa. In Morrell, R. (ed). *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal, pp. 3-37.
- Mulvey, L. 1975. Visual pleasure and narrative cinema. In Mast, G., Cohen, M. & Braudy, L. (eds). 1992. *Film theory and criticism: introductory readings*. 4th ed. New York: Oxford University Press, pp. 746-757.
- Nel, A. 2013. Borders and abjection in *Triomf*. In Viljoen, H. (ed). *Crossing borders, dissolving boundaries*. Amsterdam: Rodopi, pp.135-154.
- Raeburn, M. 2008. *Triomf*, vervaardig deur Fonds du Cinéma. Johannesburg: Next Video. [DVD].
- Raeburn, M. 2009. Triomf 'is a lekker, scary, funny fliek'. *Rapport*: 1, 22 Feb.
- Roets, K. 2014. *Faan se trein*, vervaardig deur Helena Spring. Johannesburg: Sterkinekor. [DVD].
- Swart, S. 2001. 'Man, gun and horse': hard right Afrikaner masculine identity in post-Apartheid South Africa. In Morrell, R. (ed). *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal, pp. 75-89.
- Taljaard-Gilson, G. 2013. 'n Ondersoek na die waarde van historiese fiksie: drie geskiedkundige romans in oënskou geneem. *LitNet Akademies*, 10(1):380-414.
- Van Gorp, H., Chesquiere, R., Delabastita, D. & Flamend, J. 1986. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Rensburg, R. 2010. Siegfried deur Willem Anker as bildungsroman. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg (MA-verhandeling).
- Visagie, A.G. 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch (DLitt-proefskrif).
- WAT: Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2019. Randfiguur. <http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za> [24 Oktober 2019].
- Wilson, C. 1956. *The outsider*. London: Gollancz.
- Yacavone, D. 2015. *Film worlds: a philosophical aesthetics of cinema*. New York: Columbia University Press.

Taboetaalgebruik as sleutel-element vir die konstruksie van 'n manlike zefidentiteit

Taboo language use as a key element in the construction of a zef identity

AMANDA VAN DER WALT

Sedibeng Kollege & Noordwes-Universiteit
Vanderbijlpark, Suid-Afrika
E-pos: avdwalt.amanda@gmail.com



Amanda van der Walt Bertus van Rooy

BERTUS VAN ROOY

Universiteit van Amsterdam &
Noordwes-Universiteit
Amsterdam, Nederland /
Vanderbijlpark, Suid-Afrika
E-pos: a.j.van rooy@uva.nl

AMANDA VAN DER WALT het haar tersiêre studie in 2000 aan die Vaaldriehoekcampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, begin. Haar hoofvakke het Afrikaans en Vertaalpraktyk tot op B.A.-Honnorsvlak ingesluit. Sy het ook 'n Nagraadse Onderwysertifikaat by dié universiteit verwerf in 2005. In 2019 voltooi sy haar M.A.-graad rondom die konvensionalisering van linguïstiese eienskappe binne 'n bepaalde aanlyn omgewing aan die Noordwes-Universiteit. Sy is tans 'n lektor by Sedibeng Kollege in Vanderbijlpark waar sy Kommunikasie aanbied vir post-matriek studente.

AMANDA VAN DER WALT started her tertiary studies in the year 2000, at the Vaal Triangle Campus of the Potchefstroom University for Christian Higher Education. Her subjects included Afrikaans and Translation Studies on B.A. Honours level. She also completed a Post Graduate Certificate in Education in 2005. In 2019 she completed her M.A. degree investigating the conventionalising of linguistic aspects in a particular online environment at the North-West University. She is currently a lecturer at Sedibeng College in Vanderbijlpark, where she teaches Communication to post-matric students.

BERTUS VAN ROOY is professor in Engelse Taalkunde aan die Universiteit van Amsterdam, en buitengewone professor by die Noordwes-Universiteit. Hy spesialiseer in die variëteite van Engels wêreldwyd met besondere aandag aan die ontstaan en ontwikkeling van nuwe grammatikale konstruksies. Verder ondersoek hy die historiese ontwikkeling van Engels en Afrikaans in kontak met mekaar in Suid-Afrika, en was hy een van die skrywers aan die Afrikaanse grammatika op Taalportaal.

BERTUS VAN ROOY is professor of English Linguistics at the University of Amsterdam and extraordinary professor at the North-West University. He specialises in varieties of English across the world, and in particular focuses on the origin and development of new grammatical constructions. He also investigates the historical development of English and Afrikaans in contact with each other in South Africa, and was one of the authors of the Afrikaans grammar on Taalportaal.

Datums:

Ontvang: 2019-11-30

Goedgekeur: 2020-06-01

Gepubliseer: September 2020

ABSTRACT

Taboo language use as a key element in the construction of a zef identity

Masculinity (Benwell 2004; Connell 2016; Connell & Messerschmidt 2005; Kiesling 1996; Messerschmidt 2019), including Afrikaner masculinity (Du Pisani 2001, 2004, 2013; Swart 1998) has been thoroughly researched across the social sciences. Male identity, as it manifests itself in the South African zef subculture, has also come under investigation (Du Preez 2011; Krueger 2012), however, the role of language use in the creation of such a zef identity has not yet been researched. This article investigates how protest masculinity is projected and maintained on the WatKykJy?-blog, a satiric online environment, through language use, and more pointedly, the use of taboo words. This projected masculinity also relates closely to what is perceived as important in the identity of a zef male, which in itself is a reaction to traditional Afrikaner identity and the negative associations it acquired in the post-apartheid years.

The WKJ?-corpus is used to conduct the analysis. The corpus consists of 1,4 million words and has been divided into one-year periods, starting at the year 2000 and ending in 2017. A total of 50 texts have been selected randomly and analysed by hand in order to find and expand the taboo domains set out by Stapleton (2010) and van Huyssteen (1996). Apart from the scatological, blasphemous and sexual domains identified in previous research, two more domains (weather and plant domains) have been identified from the corpus. The weather domain is mainly employed to refer to violent behaviour, although it is occasionally used to express surprise. The plant domain is more frequently associated with the use of sexual metaphors.

The analysis indicates that WKJ?-readers and -authors frequently use taboo language on the blog. A total of 29 389 taboo words are identified, which translates into a relative frequency of 20 taboo words per 1 000 words. Individual lexical items with the highest frequency are fok 'fuck' (1709) and its derived form fokken 'fucking' (5631), as well as kak 'shit' (3162), poes 'pussy' (1249) and moerse 'huge' (literally 'mothers') (1128).

The semantic domain that is the most productive taboo domain is the sexual domain, where taboo words with a strong sexual connotation are used quite liberally, alongside words that are metaphorically invoked to convey sexual meanings as well, such as names of animals, e.g. haas 'hare', teef 'bitch', kat 'cat', and goose for females and slang 'snake', bastard or voël 'bird' for males. Women and/or their genitals are also portrayed as edible objects, such as vy 'fig', cherry or koek 'cake', while men are represented as the active eaters thereof. Sexual acts are metaphorically represented as if they inflict pain on women, e.g. brand 'burn', or saag 'saw'.

The second most frequent domain is the scatological, where euphemisms and dysphemisms are encountered, such as the euphemism modderotter uitrol (literally "rolling out the mud beaver") for bowel movement, and the dysphemism kakhuis (literally "shit house") for toilet.

The third domain of taboo words draws on weather, especially stormy weather, and is often used to refer to people (die dom donner, "the stupid thunder") or to fighting (ek fokken bliksem julle almal "I fucking thunder (verb) you all"). These words have moderate taboo value in Afrikaans, but form a template for extension to sexual terms with a meaning in the fighting domain, with much higher taboo value, such as voordat ek iemand gaan poes "before I go and pussy (verb) somebody".

The fourth domain, the final one with non-negligible frequency, is the domain of blasphemous word use, including the plain forms Jesus and Here 'Lord', but also euphemistic spelling variants such as Jissis 'Jesus' and Jirre 'Lord', which are typically employed as interjections at clause boundaries.

Taboo language is used purposefully and deliberately to undermine the puritan values that are part of the traditional hegemonic Afrikaner masculinity, and also expose the duplicity and contradictions thereof. The protest masculinity that is offered instead emphasises physicality, but shares the homophobic and hierarchical gender role components of hegemonic masculinity. The male participants on the website are constructing and projecting a zef identity, for the purpose of creating a post-apartheid identity that denounces any political alliances but rejects the hegemonic masculinity of the traditional Afrikaner male associated with the apartheid era. Yet, the persistent use of irony makes it ambiguous whether the alternative zef masculinity is really held up as new model.

KEYWORDS: zef identity, masculinity, zef, hegemonic masculinity, language use, lexicon, corpus, taboo words, taboo domains, sexual metaphors, vulgar language

TREFWOORDE: zefidentiteit, manlikheid, zef, hegemoniese manlikheid, taalgebruik, leksikon, korpus, taboewoorde, taboedomeine, seksuele metafore, kru taal

OPSOMMING

Die rol wat taal speel in die konstruksie van Afrikanermanlikheid en zefidentiteit is nog nie voorheen as selfstandige tema ondersoek nie. In hierdie artikel is die doel om te bepaal hoe manlikheid binne 'n zefidentiteit op die blog geskep en geprojekteer word, deur die gebruik van taboetaal. Zefidentiteit is 'n vorm van protesterende manlikheid wat sigself stel teenoor die hegemoniese Afrikanermanlikheid (Du Pisani 2001), wat deur puriteinse moraliteit en openbare en ekonomiese mag gekenmerk word.

Die *WKJ?*-korpus is gebruik vir die analise. Die korpus bestaan uit ongeveer 1,4 miljoen woorde. Vir hierdie analise is die data van die eerste inskrywings in 2000 tot en met 2017 gebruik. 'n Totaal van 50 tekste (ongeveer 30 000 woorde) is met die hand geselekteer en geanaliseer om verdere moontlike taboedomeine te identifiseer. Buiten die drie hoofdomeine wat uit vorige navorsing geïdentifiseer is, is daar nog twee domeine uit die korpus onttrek, naamlik die weerdomein en plantdomein.

Die analise het getoon dat *WKJ?*-lesers en -bydraers doelbewus taboetaal op die blog gebruik om preutse lesers te skok en aanvaarbare sosiale norme te oortree. Hierdeur word die protesterende manlikheid via 'n zefidentiteit voorgehou, om die puriteinse waardes van die hegemoniese Afrikanermanlikheid op ironiese, en dikwels dubbelsinnige, wyse te opponeer maar ook te ontmasker.

1. INLEIDING

Die *WatKykJy?*-blog (voortaan *WKJ?*) is 'n Afrikaanse humoristiese aanlyn omgewing, waarvan die inhoud ten dele in Zefrikaans geskryf word, 'n sosiolek van Afrikaans wat bewus taaleienskappe van die zefkultuur inkorporeer (Breed 2017; Lessing 2000). Die lesers en skrywers projekteer 'n zefidentiteit op dié blog en noem hulself *watkykertjies*, alhoewel dit nie noodwendig 'n uitbeelding is van hulle ware identiteit nie. Op 'n blog kan die deelnemers se voorkoms en lyftaal nie gesien word nie; dus is taalgebruik die vernaamste beskikbare manier om identiteit te projekteer.

Deumert (2014:152-153) argumenteer dat sosialemediagebruikers “maskers” dra wanneer hulle aanlyn verkeer op hierdie sosialemediaplatform. Op die *WKJ?*-blog word boonop

konsekwent van skuilname gebruik gemaak, wat aldus Deumert (2014:161) dit moontlik maak om 'n heel ander persona te skep wat nie gebind is aan alledaagse sosiale konvensies van ware identiteite nie. Danet (2001:8, 24) en Androutsopoulos (2006:426) sien die kuberruimte as 'n speelse, anargistiese en karnavaleske omgewing, waartoe taal bydra. Zefrikaans word gekarakteriseer deur speelse en dubbelsinnige taalgebruik en 'n behepthed met alles wat as taboe gesien word in die Afrikaanse konteks. Die *WKJ?*-blog is ook ooglopend humoristies, waar daar benewens spesifieke grappe, oor die algemeen duidelike tekens van ironie, satire en soms sarkasme is. Die speelsheid van die zefidentiteit laat ook ruimte om die inhoud van die webwerf as dubbelsinnig te interpreteer.

Manlikheid is 'n baie prominente tema binne die webwerf, en word ook in die taalgebruik gereflekteer. Manlike identiteit in die zefsubkultuur is ondersoek deur onder andere Du Preez (2011), en Krueger (2012). Meer algemeen is Afrikaanse/Afrikaner¹-manlikheid (binne sy Suid-Afrikaanse konteks) 'n tema wat uit 'n verskeidenheid invalshoeke² bestudeer is, hoewel die talige manifestasie in Afrikaanse data nog nie ondersoek is nie.

Du Pisani (2001, 2004) ondersoek die verandering in die hegemoniese manlikheidsbeeld van die Afrikaner, en wys daarop dat daar eiesoortige nuanses is wat nie altyd dieselfde prominensie in ander kulture het nie. Dit sluit in die romantiese idealisering van die hardwerkende, puriteins-gelowige boerepatriarg in die eerste helfte van die twintigste eeu (Du Pisani 2004), dermate dat hierdie heldfiguur as dryfveer agter die rebellie van 1914 geïdentifiseer word deur Swart (1998). Die geloofsdimensie – die Christelike, wit, Afrikaanse man, wat onderskei word van die heiden, tipies swart – is 'n deurlopende motief in die manlikheidsbeelde van die Afrikaner van die 18e eeu af (Du Pisani 2004:81). Tydens die jare van die Nasionale Party-bewind vanaf die middel van die 20e eeu, ontwikkel die dominante beeld van Afrikanermanlikheid weg van die armer landelike boer na die meer welvarende stedeling (of ten minste dorping) in 'n openbare of besigheidsgesagsrol – mag wat aksiomaties was tydens die apartheidsjare (Swart 2001:76-77). Die konserwatiewe, puriteinse elemente bly egter behoue in die tweede helfte van die 20e eeu (Du Pisani 2001).

Nader aan die einde van die 20e eeu kan 'n groter verskeidenheid van manlikheidsbeelde opgemerk word, en kom teenstrydighede na vore, soos byvoorbeeld die alternatiewe, ruwe manlikheid wat ontwikkel tydens militêre diensplig, kompleet met die kru taal van die onderoffisiere, maar staan teenoor die sanksionering van militêre diensplig as dure plig deur die kerke, openbare owerhede en ander instansies wat met hegemoniese manlikheid geassosieer word (Du Pisani 2001:165). Selfs in sy ruimste hedendaagse verskeidenheid bly daar egter beperkings op hoeveel afwyking van die norm geduld word, soos Pretorius (2013) in haar studie van manlikheid in die visuele uitbeelding van musiekmakers in Afrikaanse tydskrifte aantoon.

Met die einde van apartheid kom die manlikheidsbeeld van die Afrikaner te staan voor 'n bestaanskrisis deurdat die politieke mag van hierdie tipe man wegval (Swart 2001), en moet daar na nuwe vorme van manwees gesoek word. Die nuwe manlikheidsbeelde (Du Pisani 2001) sluit 'n ruimer verskeidenheid heldfigure in – verromantiseerde boere, sporthelde, ekonomiese reuse – maar ook kampvegters vir Afrikaans en Afrikaners (en minderheidstale en -regte), laertrekkers soos die AWB van ouds (Swart 2001), en les bes dwarstrekke: verskeie vorme

¹ Die term “Afrikaner” word gebruik, sonder om enige waardeoordeel of politieke standpuntinname te impliseer, as duidende op die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner. Dit is die tipiese historiese verwysing van die term, en word daarom so gebruik. Om die rassestratifikasie van die Suid-Afrikaanse samelewing te ignoreer sou 'n blindokol in die interpretasie van die data meebring.

² Musiek (Marx & Milton 2011; Milton & Marx 2014), letterkunde en film (Visagie 2000, 2002, Ströh 2017), tydskrifte (Brandt & Carstens 2005; Pretorius 2013).

van verzet, wat wissel van Chris Louw (2000) se Boetmanbrief tot Fokofpolisiekar en Die Antwoord se musikale subwersiwiteit (Bekker & Levon 2020; Bezuidenhout 2007). Du Pisani (2013) wys ook op die deurlopende tema van patriargale geslagsrolle wat behoue bly, selfs in die sogenaamde sagter gesig van die patriargie en die gepaardgaande herlewing van geloofswaardes wat met die *Mighty Men*-beweging van Angus Buchan geassosieer word.

WKJ? kan as deel van die verzet beskou word; nie soseer verzet teen die apartheidsbeleid of die huidige regering nie, maar verzet teen die geïdealiseerde verlede se beklemmende klimaat van konformiteit, puriteinse moraliteit en die streng hiërargie waarin elkeen sy³ plek moes ken. Die skrywers en tematiek op *WKJ?* is hoofsaaklik manlik. Daar is ook vroueskrywers, wat die subversiewe tema byvoorbeeld uitwerk met satiriese sketse van Jong Dames Dinamiek-byeenkomsde deur 'n *watkykertjie* genaamd "Sarie" in voorbeeld (1), of die "Befokte Wetenskapjuffrou" in voorbeeld (2) wat skoolseuns met ooglopende sarkasme vermaan oor hoe hulle hul onderwyseresse teister:

- (1) En toe is dit gisteraand weer sulke tyd. Jy weet mos – daai pynlike ding wat elke maand met vrouens gebeur. Nee, sies man, nie dít nie. Ek bedoel die Jong Dames Dinamiek-vergadering. (2005 Hoofteks)⁴
- (2) Moenie die etter wees wat sy broeksakke sny en daardeur sit en tos terwyl ek praat oor hoe awesome Tesla was en Faraday se wet van elektromagnetiese induksie aan jou probeer verduidelik nie. Almal kan sien jy is 'n doos wat geen beheer oor jouself het nie, want ons is nie fokken blind nie. (2015 Hoofteks)

Perspektiewe deur die oë van vroue, of dit nou werklike vroue is of mans wat agter vrouemaskers skuil, is 'n minderheidstema. Daarom val die fokus in hierdie ondersoek op die manlike tematiek, en spesifiek die soort manlikheidsbeelde wat voorgehou word.

In hierdie artikel word daar gekonsentreer op taalgebruik as wyse van uitdrukking van die subversiewe zefidentiteit, in samehang met die uitdrukking van manlikheid. Daar word eers teoreties besin oor manlikheid, voordat daar nader ingegaan word op manlikheidsbeelde in die Afrikanergemeenskap, om uiteindelik die subversiewe waarde van 'n zefidentiteit te kontekstualiseer. Daarna word die navorsingsmetode uiteengesit, voor die bevindinge van die korpusondersoek gerapporteer word.

2. MANLIKHEID EN ZEFIDENTITEIT

Die studie van manlikheid het sedert die 1980s ontwikkel vanuit die sentraliteit van die idee van hegemoniese manlikheid (Messerschmidt 2019:85), daardie vorm van manlikheid wat in 'n gegewe samelewing aanvaar word as die mees eerbare en navolgenswaardige model van manwees (Connell & Messerschmidt 2005:832). Die twee belangrikste komponente van hegemoniese manlikheid is relasionaliteit en legitimiteit (Messerschmidt 2019:86). Hegemoniese manlikheid bestaan gelyktydig in 'n hiërargiese relasie met vroulikheid (patriargie), en met ander vorme van manlikheid. Die hegemoniese kwaliteit het te make daarmee dat hierdie vorm van manlikheid as legitiem aanvaar word, en deur instemming en selfs medepligtigheid tot stand kom, eerder as dwang (Connell 2016:303).

³ Die gebruik van die "generiese" manlike voornaamwoord is 'n bewuste keuse in hierdie artikel, die dubbelsinnigheid van die vorm word geredelik erken.

⁴ Alle genommerde voorbeelde kom uit die *WatKykJy?* webwerf, en word aangedui deur jaartal en of dit in die hoofteks of leserskommentaar verskyn het.

Nie-hegemoniese vorme van manlikheid sluit in medepligtige, ondergeskikte, gemarginaliseerde en protesterende manlikheid (Connell & Messerschmidt 2005:847-849; Messerschmidt 2019:86-87). Dit is veral protesterende manlikheid wat in hierdie artikel van belang is, 'n vorm van manlikheid wat in werkersklas- of ander gemarginaliseerde kontekste ontstaan, en gekenmerk word deur hipermanlikheid, die macho man, waar die oordrewe projeksie van manlikheid opmaak vir die gebrek aan ekonomiese of politieke mag. Protesterende manlikheid is gerig teen die hegemoniese manlikheidsbeeld deur klem te lê op daardie vorme en aktiwiteite van manwees waarin die hegemoniese man oortref kan word.

Die zef subkultuur vertoon histories en sosiaal gesproke ooreenkomste met die Ducktails. Die Ducktails was 'n protesterende manlikheid wat in die middel van die twintigste eeu onder wit werkersklasmans in Suid-Afrika ontwikkel het, en rolmodelle gevind het in rebelse filmhelde en die (in die konteks van die tyd) hoogs subversiewe rock-en-rollmusiek (Mooney 1998:759). Geweld, vinnige motors of motorfiets, hedonisme en 'n minagting van die wette was kenmerkend van die Ducktail subkultuur (Mooney 1998). Die zef subkultuur was meer spesifiek tot die Afrikanergemeenskap beperk, en is ook met armoede geassosieer (Krueger 2012; Smit 2012). (Die term **zef** word herlei van die Ford Zephyr af, wat baie populêr was onder hierdie werkersklas-Afrikaners van die 1950's en 1960's (du Preez 2011:106)). Dit het verwys na mense wat as minder opgevoed en *kommin* beskou is, en weens hulle ekonomiese status nie die hegemoniese manlikheidsbeeld sou kon haal nie. Mense wat as zef beskou is, is uitgesluit en as bedreiging vir die hegemoniese manlikheidsbeeld (soos beskryf deur Du Pisani 2001:167) gesien, omdat hulle juis afgewyk het van die ideaal van die puriteinse, hardwerkende Afrikanerman.

Zef het egter ná die apartheidsera 'n ironiese reappropriasie ondergaan, as deel van die reaksie teenoor die nalatenskap van die verlede (Marx & Milton 2011; Grobler 2012). Dit moet gesien word in die konteks van die verlies van politieke mag deur die Afrikaner, veral die Afrikanerman, en die gepaardgaande delegitimering van die Afrikaner se rol in apartheid (Vestergaard 2001; Visser 2007). Verskeie moontlike reaksies kan volg. Afsondering en 'n wegkeer van die geïntegreerde samelewing is een opsie – in sy mees eksplisiete vorm vergestalt deur die Oraniabeweging, maar in verbloemde vorme ook in die terugtrek in die eie gemeenskap en afsydigheid teenoor groter samelewingskwessies (Visser 2007:6-7). Verset, of geromantiseerde pogings tot verset, lok 'n ander hipermanlike protesterende teenreaksie uit, soos vergestalt deur die paramilitêre regse bewegings wat gewapend en met perde- of ouerige Mercedeskommando's stakings of politieke omwentelings in die destydse Bophuthatswana probeer verhinder (Swart 2001:81). Hiermee saam, of hiernaas, is 'n reaksie van romantisering van die verlede moontlik, met historiese boerefigure of moderne boere. Selfs 'n oorgawe aan sport as laaste bastion van mag vir die Afrikanerman kan geïdentifiseer word (Du Pisani 2001; Vestergaard 2001; Pretorius 2013). 'n Baie duidelike vergestaltung van hierdie tendens kan in die populariteit van Bok van Blerk se treffersnit “De la Rey” gesien word, waar die heldhaftige boereheld uit die geskiedenis herrys. Bezuidenhout (2007:15) wys daarop dat die lirieke self ironiese elemente bevat, veral in die refrein waar gesing word “soos een man sal ons om jou val”, om juis die onwaarskynlikheid van sukses op die heldhaftige verset uit te lig. Die lied is nogtans, en ten spyte van die ironie, as temalied toegeëien deur verskeie groepe en organisasies wat etniese mobilisering voorstaan, wat die ironiese potensiaal volgens Bezuidenhout (2007) wegkalwe.

Die teenoorgestelde reaksie is om in opstand teen die verlede te kom. Hierdie opstand is nie nuut nie, maar kan reeds in die betrokke prosa van Afrikaanse skrywers sedert die 1970's gesien word. Dit verkry egter nuwe impetus met die Voëlvrybeweging van die laat 1980s. Na

1994 verkry die opstand groter interne diversiteit, toe die verenigende effek van die stryd teen apartheid weggeval het. Daar is by enkeles die volgehoue bewustheid van bevoorregting en 'n etiese stem wat roep om versoening maar ook verootmoediging en skulderkenning, byvoorbeeld vergestalt in Antjie Krog se nie-fiksie en openbare meningstukke (Krog 2020). 'n Meer verbitterde opstand teen die sondes van die vaders, wat byna Bybels besoek word aan die kinders en die derde en vierde geslag, word verteenwoordig deur die reaksie van Chris Louw (2000), alias Boetman, wat die bliksem in geword het vir dr. Willem de Klerk se meerderwaardige houding teenoor die geslagte Afrikaners na hom, en sy oneerlike uitbeelding van die geskiedenis. Louw spreek hom uit oor die stryd van die middeljarige Afrikanerman van sy generasie wat weens historiese verandering nooit weer sou lyk soos die hegemonesiese man van die hoogapartheidsjare nie, en met moeite moet inpas in 'n nuwe Suid-Afrika waar hy die blaam vir die sondes van die vaders moet dra. In die musikale protes na 1994 kan ook tekens van opstand en weerstand gemerk word, maar Bezuidenhout (2007) maan teen oordrewe optimisme oor die substansie van die opstand. Hy toon aan dat dit veel meer 'n interne opstand teen gesag en tradisie in die beslote kring van Afrikaners is, en dat dit nie uitreik na die res van die land nie.

Zef kan geles word as opstand teen die geïdealiseerde (maar dus onderliggend vals) beeld van die konserwatiewe puriteinse leiersfiguur uit die verlede wat neergekyk het op sy mindere (Krueger 2012:402). Die assosiasie met armoede en swak smaak word ironies omarm om geherinterpreteer te word as *cool*, 'n identiteit wat aangeneem en projekteer kan word deur individue wat nie in werklikheid arm is nie (Grobler 2012; Smit 2012). In 'n onderhoud met Culhane (2009) beskryf Ninja van die groep *Die Antwoord* zef as “our flavour, our style. It means fucking cool. But even more cool than fucking cool. Zef’s the ultimate style basically”.

Om 'n zefidentiteit aan te neem, word gesien as 'n weiering om aan sosiale norme van tipiese Afrikanermanlikheid te konformeer en 'n algemene neiging om jouself te distansieer van eng Afrikanernasionalisme (Krueger 2012). Mense wat met zef assosieer, beskou hulself as apaties teenoor politiek, maar vereenselwig hulle ook nie met die apartheidsregime nie.⁵

Marx en Milton (2014) skets die zef persona as 'n masker wat stereotipiese wit Suid-Afrikaanse beelde van voor 1994 satiriseer. Armoede en swak smaak word opgehef tot statussimbole (Smit 2012), soos in voorbeeld (3) geïllustreer.

- (3) Jy maak seker uit van daai **grease monkeys** wat met 'n spanner en blikkie spraypaint jou **faktap Fiat** soos 'n Ferrari kan laat sing? (2015 Hooftteks)

Oordrewe macho manlikheid is 'n aspek van die zefidentiteit wat voorgelou word, 'n karikatuur van hoe mans stereotipies veronderstel is om op te tree. Kompeterende gedrag, insluitende aggressie en geweld (voorbeeld (4)), of vinnige motors en motorfiets tot die punt van riskante gedrag word met hierdie vorm van protesterende manlikheid geassosieer, asook die geveg om die vrou te verower (voorbeeld (7)), sowel as sterk homofobiese neigings (voorbeeld (4) tot (6)), soortgelyk aan Mooney (1998) se beskrywing van Ducktails. Disfemistiese beskrywings van homoseksuele mans, soos geïllustreer deur voorbeeld (6), beeld die openlike afkeer uit teenoor gay mans se seksuele oriëntasie. Oor die algemeen word vroue ook dikwels geobjektiveer, soos in voorbeeld (7) geïllustreer. Die homofobiese en seksistiese uitbeelding van zef manlikheid is egter steeds versoenbaar met die hegemonesiese Afrikanerman, soos aangetoon deur Du Pisani (2001).

⁵ 'n Analise van die data toon ook dat rassistiese terme en selfs rassiestereotipering sorgvuldig vermy word deur die skrywers.

- (4) Don't make me moer you **moffie boy**. (2004 Hoofteks)
- (5) Hulle is so aantreklik soos 'n **gatgabby** in 'n stywe broekie. (2006 Hoofteks)
- (6) Ek dink ek sal die een kies wat die meeste na 'n **holnaaier** lyk. (2008 Kommentaar)
- (7) Die omie het drie **witwarm** gurlies by hom. Ons spekulêer of dit sy dogters of sy **chicks** is. "Jirre meisie maar jy ruik fokken lekker" sê ek, en dan met 'n moerse skaap smile aan die omie: "Jy sal nie omgee as ek hulle **al drie brand** nie nê?" (2005 Hoofteks)

Terselfdertyd is die neerhalende selfspot net so 'n prominente tema, soos voorbeeld (8) demonstreer. In die kombinasie van selfspot en spot met ander ont kom niemand die skerp tong van die *watkykertjies* nie, en is dit duidelik dat die woorde nie al te letterlik opgeneem moet word nie.

- (8) Ons boere is darm **poes kommin**. En **fokken trots** daarop. Tjek my kunstefees, teen daai tyd gooi ek 'n **mullet** en **poeslang saaidies**. Sal **jags** lyk saam die **cortina**. (2011 Kommentaar)

Breed (2017) dui oorsigtelik aan dat die oordadige gebruik van taboewoorde, sleng en uitdrukkings wat as aanstootlik beskou kan word as kenmerkende eienskappe van Zefrikaans op *WKJ?* beskou kan word. Sleng is karakteriserend van bepaalde sosiale groepe, en word beskou as in-groep-taal. Taboewoorde kan ook gesien word as 'n teken van manlikheid en dit bevorder die manlike beeld wat geprojekteer word (Holmes 2001). Die oordrewe manlikheid, soos die res van die zefidentiteit, is 'n bewuste keuse, wat nie noodwendig strook met die privaat oortuigings of persoonlike gedrag van die deelnemers nie. Die internet as ruimte leen sigself by uitstek tot die speelse gebruik van taal en die skepping van verbeelde identiteite (sien Androutsopoulos 2006:426; Danet 2001:8,24; Deumert 2014:152-153).

Buiten die virtuele ruimte is humor, veral ironie, ook tiperend van manstydskrifte. Benwell (2004) bevind dat manstydskrifte gedy op ironie, omdat dit teenstrydighede bymekaarbring. Hoewel hierdie tydskrifte dikwels hegemoniese manlikheid of meer rebelse werkersklasmanlikheid uitdra, probeer hulle terselfdertyd skoonheidsprodukte en mode aan mans adverteer – produkte wat eintlik tipies van vrouetydskrifte is wat aan die "nuwe man" verkoop moet word. Daarom is ironie nodig om met die dubbelsinnigheid om te gaan. Die probleem wat ironie egter kan meebring, is geleë in die dubbelsinnigheid dat enige stelling wat gemaak word, ontken kan word, of afgemaak kan word as "net 'n grap". Dit kan daarom ook 'n masker word waaragter seksistiese of homofobiese ingesteldhede tog juis gekommunikeer word onder die dekmantel van humor, wat die letterlike betekenis van die woorde nie ongedaan maak nie (Benwell 2004:13).

3. NAVORSINGSMETODE

Uit die *WKJ?*-blog kan 'n dinamiese korpus onttrek word, wat voortdurend bly groei namate nuwe bydraes toegevoeg word tot die webwerf. Vir hierdie analise is die data van die eerste inskrywings in 2000 tot en met die laaste inskrywings van 2017 gebruik, wat in totaal 1,4 miljoen woorde bevat het. Die *WKJ?*-blog se taaldata is deur CText onttrek en verpak⁶ in

⁶ Ons erken met dank die bydrae van dr. Roald Eiselen van CText, wat die data verpak en die korpus saamgestel het. Die korpus is ook op die VivA-korpusportaal (VivA 2016) beskikbaar, onder die eksklusiewe korpus. Die data is egter nie in jaarperiodes verpak op die VivA-webwerf nie, en daarom is die korpus vir die doel van hierdie studie hersaamgestel.

jaarperiodes vanaf 2000 tot en met 2017 en aan die navorsers beskikbaar gestel. Soos reeds genoem, is die korpus nie verteenwoordigend van alle Zefrikaans nie; dit verteenwoordig net Zefrikaans op dié bepaalde blog.

Vorige navorsing oor taboedomeine (sien afdeling 4 hier onder) lewer reeds 'n aantal leksikale items op, wat as soekterme vir die korpusanalise gebruik kan word. Ons antisipeer egter dat daar vernuwende taalgebruik op *WKJ?* voorkom, en het daarom die aanvanklike moontlike soekterme verder uitgebrei deur 'n handmatige analise van 50 ewekansig-geselekteerde tekste van die *WKJ?*-webwerf te onderneem (in totaal ongeveer 30 000 woorde). Die doel van hierdie analise was om nuwe taboewoorde te vind wat nog nie in die soeklyste opgeneem is nie, maar tog in die data voorkom. Verder is die *WKJ?*-leksikon (<http://www.watkykjy.co.za/zef-slang/>) ook gebruik om die soeklyste aan te vul. Hierdie leksikon bevat nie noodwendig 'n leksikografies-akkurate beeld van die taalgebruik op die *WKJ?*-blog nie, omdat dit op sigself 'n vorm van satire op die konvensies van leksikografie en die standaardtaal vergestalt, maar dit bied nietemin nog bruikbare inligting om die volledigheid van die data-analise te verhoog.

Taboewoorde en seksuele metafore is uit die korpus onttrek en hul frekwensies bepaal met behulp van die woordelysfunksie van die korpussagtewarepakket WordSmith7 (Scott 2016). Die konkordansiefunksie is gebruik om die woorde in konteks te ontleed, om seker te maak dat dit wel as taboewoorde gebruik word. In hierdie artikel word rou frekwensies van woorde gerapporteer, eerder as genormaliseerde waardes, omdat dit in die eerste plek oor die aard en omvang van die verskynsel handel, en in die tweede plek voldoende is om die relatiewe voorkoms van taboedomeine te bepaal as die totale frekwensies met mekaar vergelyk word.

4. TABOEDOMEINE

Die gebruik van vloekwoorde hou sterk verband met genderrolle en die verwagtings wat die gemeenskap het in terme van lidmaatskap en deel word van die in-groep (Thelwall 2008). Verskille in geslagsrolstereotipes word ook uitgebeeld in die verhouding tussen taal en kultuur, en kom veral na vore in die taalgebruik van spesifieke subkultuurgroepe (van Huyssteen 1998). Identiteit berus op sosiale interaksies en die taalgebruik tydens hierdie interaksies dien as middel vir die konstruksie van 'n sosiale identiteit.

Taboewoorde is 'n aspek van taal wat nie formeel onderrig word nie (Thelwall 2008) en faktore soos ouderdom, geslag en sosiale klas speel 'n belangrike rol in mense se geneigdheid om te vloek (McEnery 2004). Taboewoorde kan ook as sosiale merker van groepsidentiteit en solidariteit dien (de Klerk 1991:157; Holmes 2013).

Taboewoorde kan volgens bepaalde domeine geklassifiseer word, en Stapleton (2010) het drie semantiese domeine geïdentifiseer waar taboewoorde dikwels voorkom:

- skatologiese en liggaamsdele,
- seksuele, en
- godslasterlike domeine.

Die skatologiese domein hou verband met liggaamsfunksies en die liggaamsdele wat met daardie funksies verband hou, en word in die *WKJ?*-data vergestalt deur woorde soos *kak*, *kots* en *hol*. Die seksuele domein vind uitdrukking in woorde wat verwys na geslagsdele en seksuele dade soos *doos*, *kont*, *piel* en *naai*. Godslasterlike woorde word dikwels gesien as uiters taboe en verwys na die ydelike gebruik van God se naam, soos *Jissis*, *Jirre* (en spel-variante daarvan).

Wat die seksuele domein betref, het Van Huyssteen (1996) verskeie metafore geïdentifiseer wat gebruik word om die seksuele taboedomein in terme van 'n nie-taboedomein te beskryf, waaronder voorbeelde soos die volgende:

- eetbare objekte: vrouens se geslagsdele veral word met vrugte en ander vorme van kos vergelyk, e.g. *guava*, *baardpie*.

Meestal word vrouens as die passiewe voedselitem gesien, bv. *vy*, *cherry*, *koek*, *pastei*, of *mossel* terwyl mans as die aktiewe eters beskou word. Vrouens en/of hulle geslagsdele word ook met eetbare objekte vergelyk, soos geïllustreer deur voorbeeld (9) en (10).

- (9) Holden het blykbaar op die grond gelê terwyl Rowan haar **koek** gelek het. Meer as veertig tieners het die hele affêre met hul selfone afgeneem, seker met die plan om dit later by die huis te gaan oefen met spanspekke. (2013 Hoofteks)
 - (10) Nou Sannie kry vir arme Rooi Piet jammer. Hy't lekker **koewewel** gekry maar sy't hom eintlik vir 'n doos gedrop (Dewald nou). (2010 Hoofteks)
- diere: sekere eienskappe van diere word aan die vrou en/of haar geslagsdele gelykgestel, soos 'n *kat* (met lang naels) of die meer gebruiklike *poes*, *snoek*, *bosmossel*;
 - voertuie: vrouens word dikwels gesien as voertuie wat deur mans *gery* kan word, e.g. *wolskoeter*;
 - werksgereedskap en gepaardgaande handeling: hier word die man gesien as 'n aktiewe stuk gereedskap wat 'n handeling uitvoer op 'n passiewe stuk toerusting of oppervlak (vrou), e.g. *saag*, *spyker*.

Die projeksies vir die taboedomein word dikwels met sensoriese waarnemings geassosieer. Die teikendomein lyk/ruik/voel/proe/ klink dieselfde as die leksikale item in die brondomein. Daar is dus sekere aspekte wat ooreenstem tussen die brondomein en die teikendomein (Van Huyssteen 1996).


Uit die voorlopige analise van die 50 tekste, blyk dat daar nog verdere domeine in *WKJ?* geïdentifiseer kan word, wat nie soveel prominensie in vorige navorsing geniet het nie. Die vernaamste addisionele domein wat uit die handanalise na vore getree het, is die domein van weerverskynsels, met leksikale items soos *bliksem* en *donder* wat vryelik op die webwerf gebruik word, dikwels in verband met gevegte en ander vorme van geweld, hoewel dit ook soms as uitroep van verbasing of selfs goedkeuring gebruik word. Daar is enkele gevalle van diername wat gebruik word buite die seksuele domein om na mense te verwys, byvoorbeeld die gebruik van *bitch* of *teef* om neerhalend na 'n vrou te verwys.

5. BEVINDINGE

Die *WKJ?*-korpus lewer 'n totaal van 29 389 taboewoorde op, wat beteken dat hulle voorkom met 'n relatiewe frekwensie van 20 taboewoorde per 1 000 woorde, oftewel 1 uit elke 50 woorde. Die individuele item met die hoogste frekwensie is *fok* en afleidings of variante daarvan: *fokken* (5 631), *fok* (1 709), *fokol* (471), *befok* (394), *befokte* (386), *fuck* (269), *fokkit* (205), en *fokkol* (200). Dit word gevolg deur *kak* (3 162), en enkele afgeleide vorme, waaronder *kakhuis* (139), *kakbaie* (71), *kakste* (62), *kakker* (48) en *gekak* (47), terwyl die Engelse variant *shit* (406) ook gereeld voorkom. Die ander vorme wat meer as 'n duisend keer in die data voorkom, is *poes* (1 249) en *moerse* (1 128), met *moer* self wat 366 keer voorkom. Verder

kom enkele ander vorme nog meer as 300 keer in die data voor, te wete *jirre* (602), *doos* (471) en *naai* (345).

Die data in *WKJ?* laat blyk dat die taboedomeine van die seksuele en skatologiese die dominante domeine is waarvan die deelnemers gebruikmaak. Daar is ook gevalle van lasterlike en skeltaalgebruik, en woorde uit die weerdomein, hoewel aansienlik minder, en selfs nog minder van die eetbare en dieredomeine, buiten hulle gebruik as metafore binne die seksuele domein. Figuur 1 gee die oorhoofse frekwensieverspreiding oor die hele *WKJ?*-korpus vanaf 2000–2017.



Figuur 1: Taboewoorde geklassifiseer per domein

Die seksuele domein behels woorde en uitdrukkings wat verwys na seksuele handeling of genitalieë (Stapleton 2010) en word meestal as obscene woorde geklassifiseer volgens die leksikografiese etikettering in die HAT (Odendal & Gouws 2000). Hierdie woorde het die hoogste taboewaarde in sosiale interaksies en word gewoonlik in sogenaamde “beskaafde” gesprekke vermy. Die omvangryke gebruik van die seksuele leksikon sluit aan by die proteserende manlikheidsbeeld van mans wat konstant aan seks dink. Dit funksioneer as manier om mag oor vroue te vertoon, veral in samehang met metafore wat verwys na pyniging en aan mans die aktiewe rol verleen in vergelyking met die passiewe rol wat aan vroue toegeken word. Tipiese voorbeelde word in (11) en (12) gegee, met die taboewoorde in vetdruk vir maklike identifikasie (vetdruk word nie in die oorspronklike teks gebruik nie). Terselfdertyd is die ironiese spot met mans se grootheidswaan ook vervat in die karakterisering van “fake” in voorbeeld (12).

- (11) Hier is vir jou nuus, poppie – jy doen seks fokken verkeerd: die **piel**, hy moet gaan daar by die **poes**. (2013 Hoofteks)

- (12) So as jy wil weet wat regtig fake is, luister volgende keer baie fyn as jy jou cherrie **spyker** en sy so begin skree oor hoe groot jou **piel** is en hoe lekker jy haar **brand**. (2010 Hoofteks)

Die seksuele taboedomein kan ook metafories gekonseptualiseer word in terme van 'n nie-taboedomein, byvoorbeeld voedsel of diere (Van Huyssteen 1996), soos geïllustreer in voorbeeld (13) en (14). Dit verleen 'n eufemistiese effek aan die taalgebruik, veral op 'n publieke platform. Dierenname en -eienskappe word aan mans en vrouens, of hulle genitalië, toegeken, byvoorbeeld *haas, teef, bitch, kat, goose, snoek, stinkgogga* vir vroue, en *slang, adder, bastard, voël* vir mans. Soos daar egter in figuur 1 gesien kan word, is die frekwensie van hierdie woorde betreklik laag.

- (13) Daai tipe wat jou gatsiggie mooi sag maak as jy jouself so nou en dan vir 'n happie **bosmossel** wil treat down under. (2009 Hoofteks)
- (14) Nou Dewald weet sy **snoek**-versoek later die aand gaan gekanselleer word as hy nie nou die groot man speel nie. (2010 Hoofteks)

Daar is slegs enkele gevalle waar manlike geslagsdele ook met voedselitems vergelyk word, bv. *piesang, eiers*, of *wors*, wat dan omgekeerde rolle tot gevolg het. Die vrou word dan die aktiewe eter terwyl die man passief toekyk (Brandt & Carstens 2005; Van Huyssteen 1996), hoewel die voorbeelde ook nie ongekwalifiseerd afstand doen van die man se inisiatief nie.

- (15) Net nie piesang nie. Net hoere **eet piesangs**. (2010 Hoofteks)
- (16) “Is jy dors, kom suig my **wors**” – hehe, fokken classic. (2010 Kommentaar)

Seksuele handeling word dikwels in terme van pynlike handeling (vir die vrou) beskryf. Vrouens is aan die ontvangkant van hierdie handeling, bv. *brand, saag, spyker, steek, naai, of looi* (Van Huyssteen 1996). Voorbeeld (17) tot (19) illustreer van die werkwoorde en naamwoorde waarin pyn aandoen, prominent is.

- (17) Terwyl almal lekker suip, **saag** en wheelie het ek gesien hoe hierdie doos 'n ander kar blatantly vasparkeer en verdwyn in die crowd, min gefokkenspin. (2014 Hoofteks)
- (18) Ons is nymphos ons hou van sex, maar ons gaan nie net almal **spyker** nie. (2017 Hoofteks)
- (19) Die van julle wat uitmaak vat Twitter sou hierdie warm, Vegas bokkie al gesien het, maar ek **looi** haar sommer weer. (2013 Hoofteks)

Op *WKJ?* is daar boonop 'n rubriek getiteld *Skêre met skietgoed*. Eerstens word vrouens (op neerhalende wyse) met skêre vergelyk: funksioneel net om hulle bene oop te maak vir mans. Hulle word ook in onderklere, bostukloos of nakend uitgebeeld vir visuele stimulasie vir die manlike kyker/leser. Vrouens word uitgebeeld as blote seksobjekte. Tweedens word vrouens met tipies manlike paraferalia afgeneem; dinge wat mans interesseer soos vuurwapens van wisselende grootte, of drank (cf. Brandt & Carstens 2005).

Die uitgebreide resepte in voorbeeld (20) beeld die objektivering van die vrou en die prominensie van seks as lyflike daad uit. Die vrou is steeds slegs toerusting waarmee daar gewerk word, en geen handeling word van haar verwag om 'n aktiewe deelnemer in die proses te wees nie. Dit handel volledig oor die man se plesier, maar terselfdertyd kan die speelse gebruik van die registerkonvensies en selfs woordeskate van 'n resepte nie misgekyk word nie, en word die leser weer herinner dat die inhoud ironies gelees kan word.

(20) Resep vir naai

Aanwysings

1. Kyk die in laggende oë
2. Sprei 2 welgeskape bene wat soos Charlize Theron s'n lyk wyd oop
3. Druk en masseer **melk kanne** sagkuns.
4. Vou **piesang** in die **mengbak** in, werk hom in en uit tot daar genoeg **room** is. Hou aan om melk kanne te knie vir beste resultate.
5. Soos wat hardklop versnel, druk **piesang** dieper in mengbak en maak toe met **neute**. Laat hom so bietjie soak. Wees versigtig om nie oornag te los of **neute** te kraak nie.
6. Die baksel is reg as die **piesang** pap is. As **piesang** nie pap word nie, herhaal stappe 3 tot 5. As **piesang** steeds nie pap word nie, kry nuwe **mengbak**.

Let wel:

1. As jy in 'n vreemde kombuis is, was alle **skottelgoed** behoorlik voor en na die tyd.
2. Dra 'n SABS-goedgekeurde **voorskoot**
3. Moenie **mengbak** uitlek na gebruik nie
4. As die **baksel rys**, get the fuck out of Vereeniging. (2008 Hoofteks)

Die uitbeelding van seks is dus konsekwent met die hiërargiese posisie van man ten opsigte van vrou, en sterk op die lyflikheid afgestem. Die protesterende manlikheid word hierdeur benadruk, in samehang met die verwerping van die preutse, puriteinse beeld van die hegemoniese Afrikanerman van die verlede.

Die omvangryke gebruik van die skatologiese domein versterk die verwerping van die puriteinse, betaamlike, hegemoniese Afrikanerman. Hierdie funksies word soms eufemisties beskryf om die taboewaarde te verlig, soos in voorbeeld (21) en (22), maar dit word meer dikwels disfemisties beskryf om die leser te skok, soos in voorbeeld (23) tot (25), waar die skatologiese woorde juis as metafore van toepassing gemaak word op ander domeine, tipies emosies.

- (21) Jou iPad is ook 'n goeie kakhuis companion. Jy kan iets soos Stanza gebruik om boeke te lees terwyl jy 'n **modderotteruitrol**, News24 lees as jy regtig depressed wil raak of solank jou volgende kak beplan in die vorm van 'n resep vir jou volgende meal. (2013 Hoofteks)
- (22) Sommer so van die kakhuis af terwyl jy met die **bruinbeerworstel** by die werk. (2012 Hoofteks)
- (23) En daar **bekak** ek myself amper. (2015 Hoofteks)
- (24) Moet ek nou **bekak** en **bepis** word net om jou insecurities te justify? (2004 Hoofteks)
- (25) As die cast van CSI Miami op hierdie scene afgekom het, sou hulle hulself sekerlik **bekots** het. (2012 Hoofteks)

Woorde wat met stormweerstoestande verband hou word dikwels gebruik as selfstandige naamwoorde om na ander mense te verwys (*die dom donner*), maar dit word veral ook as werkwoorde gebruik om na fisiese geweld te verwys, soos voorbeeld (26) tot (28) illustreer. Hierdie woorde versterk die macho-beeld wat die mans uitdra na die publiek, en spesifiek die geveg onder mans om beheer oor ander mans te kry. Die gebruik van veral *bliksem* en *donner* (ook in hierdie spelling, eerder as *donder*) is al goed geyk in Afrikaans, hoewel dit nie ontgaan is van taboewaarde nie.

- (26) Toe die china kak maak met die ore, toe **bliksem** die ore hom. Toe moer hy terug. (2005 Hoofteks)
- (27) Ek fokken **bliksem** julle almal! Hou my terug! Wie se konte moet ek dik skop? (2009 Hoofteks)
- (28) Toe **donner** ek hom daar oor die drumkit, vat my bass klim in my kar en fokkof terug Wolmer toe. (2002 Hoofteks)

'n Uitbreiding op die woorde van weerstoestande wat as werkwoord vir geweldpleging gebruik word, is die werkwoordelike gebruik van *poes* in voorbeeld (29). Hierdie werkwoord word gebruik na analogie van die pyn-konstruering van seks (voorbeeld (17) tot (19)), saam met die analogie na die weerstoestandwerkwoorde vir geweldpleging (voorbeeld (26) tot (28)).

- (29) En jy kan jou neus net soveel keer insteek voordat iemand jou gaan **poes**. Glo my, as Suid-Afrikaanse man ken ek hierdie fokken wet maar tog te goed. (2001 Hoofteks)

Die gebruik van lasterlike en skeltaal is 'n sterk taboe vanuit die puriteinse Afrikanergemeenskap beoordeel. Een van die mees gebruiklike skelwoorde *moerse*, word in verskeie kontekste as versterking aangebied, soos reeds in voorbeeld (7) geïllustreer. Die werkwoordgebruik van *moet* in voorbeeld (4) en (26) hier bo dui op geweld, en is 'n sinoniem met *bliksem* en *donder*, hoewel dit soms veel neutraler as sinoniem vir *gooi* gebruik word. 'n Aantal bekende vaste uitdrukkings, veral *die moer in* en *jou moer strip* word ook by herhaling gebruik.

Die taboewaarde van *moer* is vir baie Afrikaanse taalgebruikers nie so hoog nie, en in elk geval veel laer as lasterlike taal. Dit was juis die vermeende laster en die disrespek vir gesagstrukture wat tot gevolg gehad het dat die Voëlvrykonserte van 1989 van sommige universiteitskampusse verbied is, 'n stap wat onder meer deur die *Kerkbode* aangeprys is (Hagen 1999:33-35). Ook Max du Preez (2005:28) verwys na die stywe Calvinistiese boude van Afrikaans wat die Voëlvrytoer nodig gehad het. Eggo's van Kerkorrel se uitroep "O my God wat het ons hier" in sy bekende "Sit dit af" word gereeld op *WKJ?* gevind in die gebruik van uitroepe soos Jissis en Jirre (heel dikwels in die verboë spelling om die taboewaarde effens te versag). Die gebruik van lasterlike woorde in die korpus word hoofsaaklik as tussenwerpsels aangebied. Dit beklemtoon die skrywer se ontsteltenis in voorbeeld (30) en (31), maar kan ook blydschap uitdruk, soos in voorbeeld (32). Die skokwaarde, waarvan die hiperboliese in voorbeeld (31) onmiskenbaar is, verwoord die opstand teen die godsdienstige preutsheid van die tradisionele Afrikanergemeenskap. Dit wil natuurlik nie sê dat die Afrikaanse omgangstaal nie sy eie dosis lasterlike taal en eufemistiese variante het nie; wat *WKJ?* doen, is om dit op skrif te stel as aanklag teen die preutse "goeie smaak" van die dominante Afrikanersedes.

- (30) VIR DIE FOKKEN 110ste KEER – EK HET NIE FOKKEN SKAPE NIE, **JISSIS!** (2015 Hoofteks)
- (31) Maats, daai kak het godsdienste waarvan ek nog nie eers bewus was nie uit my gebrand: "**Godjissisfokofjoupoeswaddefokfokjoujoukonteinajissisgodfokof!!!**" kry ek in een asem uit. (2011 Hoofteks)
- (32) **Jirre god**, hierdie is 'n lekker stuk song! (2013 Kommentaar)

Die sosiale kommentaar wat deur laster uitgedruk word, strek verder as manlikheidsbeelde. Selfs die lesersbydrae van "Saartjie" oor haar deelname aan 'n byeenkoms van Jong Dames Dinamiek bied 'n satiriese beeld van die byeenkoms, en probeer die skynheiligheid ontmasker deur nabootsing van die taal van die byeenkoms. Die teks begin soos volg:

- (33) Liewe **Jiesis**, toe woon ek mos gisteraand 'n vergadering van Jong Dames Dinamiek by. Wat 'n belewenis. Kyk eers 'n bietjie na 'n uitstalling van costume jewellery by die ingang en teug aan 'n glasië dooswyn. Ag **jirre** tannie, kyk die ou kraletjies. Te fokken fraai. Dan koop jy 'n kaartjie vir die “Waag-en-wen” (dis NIE 'n lotery NIE, want Christen-dames dobbel mos nie). (2005 Hoofteks)

Die *WatKykJy?*-lesers en -bydraers maak kwistig van taboetaal gebruik. Dit word strategies aangewend om sogenaamde “beskaafde” mense te skok, soos die stelling in voorbeeld (34) duidelik maak.

- (34) Vloekwoorde, reg gebruik, is baie snaaks. En mens kan **skynheiliges se “beskaafde waardes” lekker skud en skok daarmee**. (2001 Hoofteks)

Dit vorm deel van die reaksie teen die tradisionele puriteinse Afrikanerkultuur wat met apartheid en die negatiewe nalatenskap van Afrikanerskap geassosieer word (Grobler 2012; Krueger 2012). Die “beskaafdes” word inderdaad geskok, soos voorbeeld (35) en (36) duidelik maak, maar terselfdertyd is die kombinasie van hoë kultuur en lae kultuur in dieselfde sinne sprekend van die burleske, as een van die vorme van humor waarvan *WKJ?* wemel.

- (35) *Dan kom hulle op Watkykly se websait af en is so bly om Afrikaans te lees, maar dan lees hulle verder en dan kan kry ons weer briewe oor hoe ons die taal verloën en woorde soos “kak” en “poes” gebruik*. (2004 Hoofteks)
- (36) *Soos julle seker bewus is, kry ons heelwat kritiek hier by Watkykly, veral vanaf taalstryders wat reken ons fok die dierbare taal six love in sy poes in op. Dit het egter als gister verander toe Watkykly in 'n grootse gebaar daadwerklik bygedra het tot die vaslegging van Afrikaans, deur die woorde 'naai' en 'poes' te borg in die WAT*. (2011 Hoofteks)

Die *Watkykertjies* beeld hulleself dikwels as dronk uit, en in daardie toestande van dronkenskap gee hulle voor om hulleself aan sosiaal-onaanvaarbare gedrag van 'n ekstreme graad skuldig te maak. Dit dien as bevestiging van hulle protesterende manlikheid, soos blyk uit voorbeeld (37) tot (40).

- (37) **Soos hulle maar altyd doen**, kuier die **manne** by die huis oor 'n bottel brannies en los baie van die wereld se probleme op. (2001 Hoofteks)
- (38) Die parties sal sommer double as watkykly parties en almal kan **doosdrunk** word. (2009 Hoofteks)
- (39) So ruk terug (nog voor die USA trip) het Audi vir my 'n A6 gegee vir 'n naweek. Ek en Chopper het hom sommer na ons reünie toe gery (ons wil nie oor die reünie praat nie – dit was **zef** verby gewees en ons het **goeters gesteel** en so aan). (2013 Hoofteks)
- (40) Kyk, as ons in die Moot wil **zef** wees doen ons dit goed. En wat is nou meer **zef** as om met jou **drunk gat** jou 20 jaar oue wiele teen hoë spoed te gebruik om ander mense se eiendom te modify? (2014 Hoofteks)

WatKykJy?-deelnemers is *kokkellolle* of *gomgatte*, wat volgens die *WatKykJy?*-zefslenglys na 'n arm of laeklas persoon verwys. *Watkykers* word ook beskou as *sif* en dus vuil en stink met onder andere grillerige naels, as duidelike tekens van die ironiese aanvaarding van 'n onhygiëniese mens, in reaksie teen die skynheiligheid van die moderne hegemoniese man, soos blyk uit voorbeeld (41) tot (43).

- (41) Trek hulle uit sodra die eerste ete geserve word. Al julle watkykertjies is in elk geval **sif**, so jou voete behoort 'n kakshot te **pong**. (2001 Hoofteks)
- (42) Fokken briljant julle **sif etters**, tune daai tjor met n daspoort drukvlerk en meer furrrrrrrr. (2010 Kommentaar)
- (43) Sodra die botteltjies vol is, maal ons dit fyn en pos dit Ooste toe sodat daai konte ons **sif toonnaels** kan opsnui en met boners kan rondloop. (2015 Hoofteks)

Die ironiese bewustheid van hulle verhouding met die Afrikaner, en hulle karakterisering van die volk in sy geheel as hoofsaaklik *kommin* kan gesien word in stellings soos (44) tot (46). Hier word die suggestie uitgedruk dat nie net met die watkykertjies self sosiaal-afkeurbare optrede vertoon nie, maar die skynheiligheid van die groep as geheel word geïmpliseer.

- (44) “Ek weet nie of die meeste Afrikaners **kommen** is nie, maar ek weet baie van hulle is. En as dit so is, hoekom dit wegsteek en nie daarin revel nie,” vra hy. (2000 Hoofteks)
- (45) Anyway, ek het altyd gedink dis net ek wat verbaas is oor hoe **common** my eie mense (lees: volk) is. (2002 Hoofteks)
- (46) Al waaroor ek bly is, is die feit dat KykNet nie verplig word om subtitles op hulle shit te sit nie – so kan net onse mense sien hoe **kak common** ons actually is. (2013 Hoofteks)

Die sosiale kritiek wat hierdeur uitgespreek word, is egter skerp. Enersyds, soos voorbeeld (47) duidelik maak, is dit normaal om vuil te word, en om dit weg te steek, sou skynheilig wees, soos wat die hegemoniese man by implikasie is. Sterker nog, alle mans word gekarakteriseer as wesenlik varklik, wat agteraf seksisties is, maar in bepaalde kontekste probeer voorgee om betaamlik te wees, soos blyk uit voorbeeld (48). Die hiperboliese segswyse herinner die leser weer dat die bedoeling van die teks net moontlik mag verskil van wat die woorde sê.

- (47) Soos Springsteen, maak hulle musiek vir die “working class”. Mense wat **sweet** by die werk en terug huistoe gaan met **grease onder hulle vingernaels**. (2012 Hoofteks)
- (48) **Almal weet dat mans diep in hul harte varke is**. Op vleisiebraai en ander gesellige geleenthede kom die vuilste grappe uit en almal lag ewe hard om die vuur. Agter girls se rugte is ons wilde diere, maar voor hulle sit ons die beste nommer nege met **toejam en bunions** neer. Hoekom verder voorgee? (2000 Hoofteks)

Die *Watkykertjies*, as die generasie na apartheid, vereenselwig hulle nie met politiek nie en wil niks daarvan af weet nie, soos uitgebreid beargumenteer in voorbeeld (49), maar terselfdertyd, soos voorbeeld (50) aantoon, wil hulle nie langer aan apartheid herinner word nie.

- (49) Na 1994 was die meerderheid swart Suid-Afrikaners redelik happy (as much as poverty would allow them to be) en die meerderheid wit Suid-Afrikaners maar net te bly hulle het so lig van Apartheid afgekome. **Ons Gen X kids wou fokol van politiek af weet**. HeyBatong, white guilt, nê? Social media was nog nie mainstream nie so dié wat gripes gehad het met die regering het maar net tussen hulle eie gesinne en vriendekringe gebitch en gemoan. Ek weet, dis baie vereenvoudig, but bare with me. Dit was inevitable dat truly political SAMusiek uncool sou raak. Die Fokofpolisiekar-generasie (alhoewel hulle lyrics socio-economic en political commentary gehad het) was 'n **apatiese generasie**. Baie dieselfde as ons Nirvana generasie. (2016 Hoofteks)

- (50) So die election is op ons. Ek sien hulle roep hom “The 5th democratic post-apartheid elections”. Waddefok!? **Hoekom word daai apartheidskkaart nog gespeel?** (2014 Hoofteks)

In hierdie opstand teen die skynheiligheid van die volk, en die hegemoniese Afrikanermanlikheid, is taal die wapen. Die gebruik van taboewoorde speel ’n sentrale rol in die projeksie van ’n bepaalde sosiale identiteit, in die *WKJ?*-blog ’n zefidentiteit, en die sosiale mag waarmee dit moontlik kan gepaardgaan. Die mag kan verskillende vorme aanneem. Dit sluit geweld in, wat ’n aanduiding is van die fisiese mag wat mans oor mekaar uitoefen, sowel as seksuele mag wat oor vrouens uitgeoefen word. In sekere opsigte word daar dus teruggegryp ook na die ruwe beeld van die onderoffisier in die weermag, wat binne die afgeseëldede konteks van militêre diensplig, sterk magsbeheer oor die dienspligtiges kon uitoefen (Du Pisani 2001:165).

6. GEVOLGTREKKING

Die vernaamste domeine waaruit taboewoorde en -uitdrukkings kom, is die seksuele domein en die skatologiese domein. Hierdie domeine verwoord die deelnemers se bemoeienis met seks en die onhygiëniese. Die seksuele uitdrukkings maak verder duidelik dat deelnemers oorwegend ’n baie tradisionele en hiërargiese konsep van seksuele verhoudings uitbeeld, waarin aktiewe manlike deelnemers saam met passiewe vroulike deelnemers gegroepeer word, en dit veral die man se seksuele bevrediging is wat voorop staan. Die hipermanlikheid van die werkersklasman, wat protesteer teen die sogenaamde verfyndheid van die hegemoniese middelklasman word hierdeur na vore gebring.

Die weerdomein word grootliks gebruik om uitdrukking te gee aan geweld, veral fisieke gevegte, maar soms ook gebruik om meer metafories goedkeuring of afkeuring te verleen. Skel en laster word hoofsaaklik gebruik om evaluerende opmerkings te maak, en veral verbasing, maar ook andersins goedkeuring of afkeuring uit te druk. Dit dien ook strategies om bewustelik die vermeende “beskaafdes” se skynheiligheid te kritiseer.

Ander domeine het baie beperkte gebruik, en word dikwels eerder net as onderdeel van die seksuele domein ingespan, as deel van metaforiese taal waarin diere, plante, voertuie of instrumente gebruik word om oor genitalieë en seksdade te praat.

Die protesterende manlikheid is egter steeds onbeskaamd seksisties en homofobies, net soos die hegemoniese Afrikanerman. Die protesterende manlikheid bevraagteken nie soseer die relasionele aspek van die hegemoniese manlikheid nie; *WKJ?* bevraagteken veel eerder die legitimering van die hegemonie met die gebruik van taboetaal, deur op die “skurwe” “onderrok” van almal, dus ook die skynheiliges, te hamer.

Of die skrywers hulleself met die protesterende manlikheid vereenselwig, is egter ’n ander vraag. Die protesterende hipermanlikheid van die verregse beweging van die 1990s het hulleself ernstig opgeneem, maar volgens Swart (2001:84) in parodie geëindig, ten spyte van hulleself. Milton en Marx (2014), in hulle analise van die herappropriasie van zef, kom tot die gevolgtrekking dat die normatiwiteit van die middelklas juis deur die speelse aanneming van werkersklaspersonas bevestig word deur die parodie van armblikes in Afrikaanse musiek. Bekker en Levon (2020) bevind weer dat daar groter destabilisering van vaste identiteite plaasvind in hulle analise van die parodie van Die Antwoord. Hiperbole ten spyte, is *WKJ?* veel minder opvallend ’n parodie van die werkersklasidentiteit, en terselfdertyd ligjare verwyder van die hipermanlikheid van die verregses. Die kritiese fokus val meer op die goeie sedes van die volk en die puriteinse, hegemoniese manlikheid. Die fokus op manlikheid, veral deur manlike skrywers, maak kritiek teenoor die geloofwaardigheid van nabootsing van ’n ander

identiteit minder lastig as wat die geval is met die werkersklasproblematiek wat deur Milton en Marx (2014) of Bekker en Levon (2020) behartig word. *WKJ?* is lighartiger en minder polities gerig, hoewel die leser soms nie seker is of die skrywers nie dalk juis skryf wat hulle bedoel, soos Benwell (2004) van manstydskrifte vermoed nie. Maar, om te seker te wees van die antwoord, of van die vraag, mag dalk neerkom op 'n misinterpretasie van *WKJ?*.

BIBLIOGRAFIE

- Androutsopoulos, J. 2006. Introduction: Sociolinguistics and computer-mediated communication. *Journal of Sociolinguistics*, 10(4):419-438.
- Barnard, D. 2012. Giftige Misfits: a semiotic investigation into whiteness as represented in I Fink U Freeky. Unpublished honours dissertation, University of Pretoria.
- Bekker, I. & Levon, E. 2020. Parodies of whiteness: Die Antwoord and the politics of race, gender, and class in South Africa. *Language in Society*, 49(1):115-147.
- Benwell, B. 2004. Ironic discourse: Evasive masculinity in men's lifestyle magazines. *Men and Masculinities*, 7(1):3-21.
- Bezuidenhout, A. 2007. From Voëlvry to De la Rey: Popular music, Afrikaner nationalism and lost irony. Unpublished seminar presentation, Stellenbosch University, 5 September 2007. (16p.)
- Brandt, M. & Carstens, A. 2005. The Discourse of the Male Gaze: A Critical Analysis of the Feature Section 'The Beauty of Sport' in SA Sports Illustrated. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 23(3):233-243.
- Breed, A. 2017. The subjective use of postural verbs in Afrikaans (II): a corpus analysis of CPV in Zefrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 52(1):23-43.
- Connel, R. 2016. Masculinities in global perspective: hegemony, contestation, and changing structures of power. *Theory and Society*, 45:303-318.
- Connell, R. W. & Messerschmidt, J. W. 2005. Hegemonic Masculinity: Rethinking the Concept. *Gender & Society*, 19(6):829-859.
- Culhane, D. 2009. Die Antwoord: Zef so fresh. *Vice Magazine*, September. <https://web.archive.org/web/20110813131343/http://www.viceland.com/int/v16n9/htdocs/die-antwoord-154.php> [2 January 2018].
- Danet, B. 2001. *Cyberpl@y: Communicating Online*. Oxford & New York: Berg.
- De Klerk, V. 1991. Expletives: men only? *Communications Monographs*, 58(2):156-169.
- Deumert, A. 2014. *Sociolinguistics and Mobile Communication*. Edinburgh University Press.
- Du Pisani, K. 2001. Puritanism transformed: Afrikaner masculinities in the apartheid and post-apartheid period. In Morrell, R. (ed.). *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Books, pp. 157-176.
- Du Pisani, K. 2004. 'Ek hou van 'n man wat sy man kan staan': puriteinse manlikheidsbeelde in die Afrikaanse kultuur tot 1935. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 18(1):80-93.
- Du Pisani, K. 2013. Verteerbare patriargie: Angus Buchan, die Mighty Men en manlikheid. *Litnet Akademies*, 10(2):685-722.
- Du Preez, A. 2011. Die Antwoord gooi zef liminality: Of monsters, carnivals and affects. *Image & Text: A Journal for Design*, 2011(17):102-118.
- Du Preez, M. 2005. *Oranje Blanje Blues 'n nostalgiese trip: Vrye Weekblad 88-94*. Kaapstad: Zebra.
- Grobler, R. 2012. You lookin' at me. *The Media Online*. <https://themediainline.co.za/2012/06/you-lookin-at-me/> [1 June 2020].
- Hagen, L. 1999. Kulturele identiteit: Die "Alternatiewe Afrikaanse Beweging" van die tagtigerjare. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Holmes, J. 2001. *An introduction to sociolinguistics*: Harlow, Eng.; New York: Longman, 2001. 2nd ed.
- Holmes, J. 2013. Doing discourse analysis in Sociolinguistics. *Research methods in Sociolinguistics: A practical guide*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 177-193.
- Kiesling, S.F. 1996. Men's identities and patterns of variation. *University of Pennsylvania Working Papers in Linguistics*, 3(1):171-196.

- Krog, Antjie. 2020. "FW de Klerk never had any moral intention, and he left us behind as white kansvatters." News24, 21 February 2020. <https://m.news24.com/Analysis/antjie-krog-fw-de-klerk-never-had-any-moral-intention-and-he-left-us-behind-as-kansvatters-20200220> [21 February 2020].
- Krueger, A. 2012. Part II: Zef/poor white kitsch chique: Die Antwoord's comedy of degradation. *Safundi*, 13(3-4):399-408.
- Lessing, C. 2000. Afrikaners: kommen 'degenerates' – die ou van Beeld het gesien, geluister en geskryf. www.watkykky.co.za/2000/08/afrikaners-kommen-degenerates-die-ou-van-die-beeld-het-gesien-geluister-geskryf/ [3 Augustus 2018].
- Louw, Chris. 2000. Boetman is die bliksem in. *Beeld*, 5 Mei, p. 13.
- Marx, H. & Milton, V.C. 2011. Bastardised whiteness: 'Zef'-culture, Die Antwoord and the reconfiguration of contemporary Afrikaans identities. *Social Identities*, 17(6):723-745.
- McEnery, T. 2004. *Swearing in English: Bad language, purity and power from 1586 to the present*. London:Routledge.
- Messerschmidt, J.W. 2019. The salience of "hegemonic masculinity". *Men and Masculinities*, 22(1):85-91.
- Milton, V.C. & Marx, H. 2014. Musical parody, "zef" and the politics of belonging: "Dankie vir die antwoord maar wat was die vraag?" *Muziki*, 11(2):19-37.
- Mooney, K. 1998. 'Ducktails, flick-knives and pugnacity': Subcultural and hegemonic masculinities in South Africa, 1948-1960. *Journal of Southern African Studies*, 24(4):753-774.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 4de uitg. Johannesburg: Perskor.
- Pretorius, D. 2013. The visual representation of masculinities in Huisgenoot Tempo magazine. *Communicatio*, 39(2):210-232.
- Scott, M. 2016. WordSmith Tools version 7. Stroud: Lexical Analysis Software.
- Smit, S. 2012. De-Reifying Representations of White Male Identity in Post-Apartheid Popular Performance Practices: Jack Parow. In: Falkof, N. & Cashman-Brown, O. (eds). *On Whiteness*. Leiden: Brill, pp. 229-239.
- Ströh, F.A.J. 2017. Destabilisering van hegemoniese Afrikanermanlikheid deur middel van die randfiguur in drie onlangse Afrikaanse films. (Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Noordwes-Universiteit).
- Stapleton, K. 2010. Swearing. In Locher, M.A., Graham, S.L. (eds). *Interpersonal Pragmatics*. Berlin; New York: De Gruyter Mouton, pp. 289-305.
- Swart, S. 1998. 'A Boer and his gun and his wife are three things always together': Republican masculinity and the 1914 Rebellion. *Journal of Southern African Studies*, 24(4):737-751.
- Swart, S. 2001. 'Man, gun and horse': Hard-right Afrikaner masculine identity in post-apartheid South Africa. In Morrell, R. (ed.). *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Books, pp. 75-89.
- Thelwall, M. 2008. Fk yea I swear: cursing and gender in Myspace. *Corpora*, 3(1):83-107.
- Van Huyssteen, G.B. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator*, 17(3):119-135.
- Van Huyssteen, G.B. 1998. Leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(2):63-71.
- Vestergaard, M. 2001. 'Who's got the map? The negotiation of Afrikaner identities in Post-Apartheid South Africa'. *Daedalus*, 130(1):19-31.
- Visagie, A. 2000. Manlikheid en magsverlies in die Afrikaanse jagliteratuur sedert 1994: *Die Olifantjagters* van Piet van Rooyen en *Groot Vyf* van Johann Botha. *Stilet*, 12(2):27-41.
- Visagie, A. 2002. White masculinity and the African Other: 'Die werfbobbejaan' by Alexander Strachan. *Alternation*, 9(1):131-141.
- Visser, W. 2007. Afrikaner responses to post-apartheid South Africa: Diaspora and the re-negotiation of cultural identity. *New Contree*, 54:1-30.
- Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2016. Korpusportaal. <https://viva-afrikaans.org> [11 Mei. 2017].

'n Lofrede vir taal

CS (FANIE) DE BEER

Emeritus professor

Universiteit van Suid-Afrika

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: Careldebeer17@gmail.com



Fanie de Beer

C S (FANIE) DE BEER is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika.

Hy het gegradueer in Landbou en Filosofie (doktorale werk) aan die Universiteit van Pretoria en verwerf 'n DEA, Universiteit van Parys X: Nanterre, Frankryk.

Hy het Filosofie, Kommunikasiekunde en Inligtingkunde aan verskillende universiteite doseer, het navorsing in al hierdie velde onderneem, daarvoor gepubliseer en konsultasiewerk gedoen oor kenniskepping, -benutting, en -disseminasie.

Hy doen tans navorsing oor die volgende temas: die filosofie en teorie van inligting met besondere klem op teorieë rakende informatisering en plastisiteit, filosofieë en teorieë van tegniek en tegnologie; die etiek van kennis en wetenskap; lees- en interpretasieteorieë en die bestaande geletterdheidsnood; en oor die her-invensie van menslike spiritualiteit, noölogie en die gees van ons tyd.

Oor al hierdie temas het hy wyd gepubliseer.

C S (FANIE) DE BEER is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa.

He graduated in Agriculture and Philosophy (doctoral work) at the University of Pretoria, and acquired a DEA from the University of Paris X: Nanterre, France.

He taught Philosophy, Communications, and Information Science at various universities, undertook research in all these fields and was involved in consultation work in the area of knowledge creation, utilisation and dissemination.

He is currently engaged in research on the following themes: the philosophy and theory of Information with special emphasis on theories of informatisation and plasticity; philosophies and theories of technics and technology; the ethics of knowledge and science; reading and interpretation theories and the existing literacy needs; and on the re-invention of human spirituality, noology and the spirit of our age.

He has published widely on all these themes.

“You don’t just go and do anything with language; it preexists us and it survives us ... a language is not something that belongs.” Jacques Derrida

“The speaker moves into the infinitude of language ... and asks us to believe with him that language is not to be reduced to communication.” Roland Barthes

“Language was by no means primarily the gift of speech ... but, on the contrary, the world essence ... from which speech arises.” Walter Benjamin

Die rede vir hierdie essay lê in my belewenis van en lewe in ’n taal wat vir my veel meer beteken as wat die afgelope jaar of meer se geraas aangaande my taal in my land aan gepraat en geskryf oor die plek en betekenis daarvan opgelewer het. Dit het my veel meer laat dink aan die gebrabbel waarvan Steiner (2001) melding maak as aan werklike intellektuele en verantwoordelike gesprekke, met enkele uitsonderinge hier en daar. Een rubriekskrywer het heel tereg verwys na “die stotterende debat” oor taal. Die minseggende aard van hierdie artikel het self miskien uit die aard daarvan van die skrywer ’n medestotteraar gemaak. Die debatte het veral gehandel oor die uitfasering en selfs verwerping van Afrikaans as onderrigtaal aan onderwysinstellings en by implikasie die bedreiging, al dan nie, van die voortbestaan daarvan.

Dit is wel goed dat baie mense gretig en redelik intelligent hieroor skrywe. Tog is daar heelwat herhaling en uiteindelik blyk een algemene tema dieselfde te wees ongeag of ’n persoon ten gunste daarvan is of daarteen gekant is. Deur die bank word taal verstaan as ’n instrument vir kommunikasie en niks anders of meer nie, selfs in die pleidooie vir die behoud daarvan. In die proses is allerlei argumente gebruik om die verwerping van Afrikaans as onderrigtaal te regverdig, dikwels met allerlei onwaarhede, ideologiese standpunte en misleidende en bedrieglike argumente versier. Vandaar die lys van drogredes wat gebruik word as motivering om Afrikaans uit te faseer. Hulle bevat wel soms ’n skyn of sweempie van waarheid, maar dit is nie absoluut nie, hoewel dit volgens baie in die regte posisies, meer as voldoende argumente is en as absoluut voorgelê word.

Hierdie drogredes is nie toevallig nie, en ook nie eers sorgvuldig uitgedink nie, want dit speel af in ’n bepaalde goedgevormde en sterk geïnspireerde ideologiese konteks van ’n bepaalde kennis- en wetenskapopvatting. Die agtergrond hiervan is die empirisme, rasionalisme, positivisme en later ook ekonomisme, opvattinge met ’n internasionale impak. Die kern hiervan is die tasbare, meetbare, feitlike en dus berekenbare terwyl niks anders as waar of werklik te beskou is nie. So word almal binne universiteite en selfs ook skole grootgemaak en gedwing om hiervolgens te dink. Ons het te doen met ’n soort verslaafde denke, beperkende denke, gevange denke, eerder as bevryde of bevrydende denke, ’n soort blinde intelligensie (domheid) – erg reduksionisties.

Hierdie manier van dink gee ook die toon aan vir ons opvattinge en uitsprake oor taal, soos oor byna alle ander sake. Twee woorde van Michel Serres is sprekend van hierdie tendens en in hul betekenis hoogs relevant vir wat met taal gebeur, naamlik thanatokrasie (die mag van die dood) en pragmatogonie (die skeppende krag van die dinge, teenoor die kontrolerende mag van subjekte oor dinge wat as deel van die thanatokratiese afgewys moet word). Hierdie terme is beskrywend van ’n soort geestesklimaat en geesteshouding waarvolgens dit maklik is om met taal af te reken. Wat dood is en hanteerbaar is, kan met die grootste gemak verruil en uitgeskakel word. So gebeur dit met baie dinge in die werklikheid en nie slegs met taal nie.

Die ander kant van hierdie reduksionistiese opvatting van kennis, waarheid en werklikheid, wat ook taal raak, word eenvoudig geïgnoreer of bespotlik en selfs soms met ’n tikkie snedigheid voorgestel: wie hierdie ander kant beklemtoon, is breindood. Volgens Michel Serres (1995:126) het kennis egter twee modi: die besorgdheid oor verifikasie en die eise wat dit stel, maar ook

die neem van risiko's, die produksie van nuutheid, die veelvoudigheid van gevonde objekte, kortweg inventiwiteit. Ons mag nie die een bo die ander verkies nie; begin by een en gaan dan voort na die ander. Dit geld ook ons kennis van en denke oor taal. Serres (1995:147-148) voeg ook iets baie insiggewend op 'n ander plek by oor hierdie twee tipes kennis: Hy verwys na die Romeinse en Egiptiese kulture wat begrawe, verberg, wegsteek en iets in die skadu plaas teenoor die Griekse kultuur wat alles in die lig wil bring as kenmerkend van twee tipes kennis. Dit is vergelykbaar met sy vorige punt en hy beklemtoon dan hoe ons gekondisioneer is om altyd die tweede tipe te kies, hoog te ag en te beoefen. Om iets uit die skadu te haal, kan dit vernietig; om dit in die skadu te plaas, kan dikwels beteken om dit te behou. En dan beklemtoon hy: "We should invent a theory of obscure, confused, dark, non-evident knowledge – a theory of 'adelos' knowledge (something that is hidden and does not reveal itself) ... Shadow accompanies light just as antimatter accompanies matter." Kristal en rook is beelde wat 'n ander wetenskaplike (Henri Atlan 1986) gebruik om dieselfde gedagte te beklemtoon en te beskrywe, naamlik dat die werklikheid veel meer omvat as die meetbare en die tasbare.

Ons moet daarvan wegkom om alles te reduseer tot iets minder as wat dit is. Alle objektivering is reduksionisties, dus dodend (thanatokraties). Alle objekte bestaan in 'n konteks wat medebepalend is vir die betekenis daarvan. En dit is presies hoe ons ook oor taal moet dink. Bruno Latour (1988:153-157) skrywe oor sy "irreduksionistiese" versugting die volgende: "What happens when nothing is reduced to anything else? ... What happens when we give up this burden, this passion, this indignation, this obsession, this flame, this fury, this dazzling aim, this excess, this insane desire to reduce everything? ... Would the sky fall on our heads?" Ons behoort ook nie taal te reduseer tot blote gereedskap nie.

Teen hierdie agtergrond moet die verwysing na drogrede verstaan word en die miskien van hierdie komplekse siening van kennis, en ook van taal, maak dit onmoontlik om anders oor sake te dink as in terme van drogrede. Dit kan nie anders nie as om te mislei en te bedrieg en te reduseer, al is dit ook onder watter lofwaardige voorwendsels en voortrefflike argumente. Die verwonding en miskien van die waarheid is tekenend van die taaldebate soos ook van die debatte oor baie ander sake.

HEERSENDE DROGREDES OOR TAAI

Taal as sondebok: Nie die Afrikaanse taal nie, maar sekere gebruikers daarvan kan moontlik sondebokke wees. Anders was veral Engels, maar ook Duits en Frans, Russies, Spaans en Portugees inderdaad veel groter sondebokke. Baie het in Afrikaans apartheid beveg. Taal behoort dus niemand se vyand te wees nie. Ellul (1985:177) skrywe: "The notion that language is the enemy only conveys the absolute poverty and helplessness of its zealous advocates".

Taal as professionele struikelblok: Dit sou jongmense steur in die vind van 'n beroep en bied geen waarborg vir loopbane en sukses nie. Daar bestaan baie goeie voorbeelde wat die teendeel bewys.

Taal as duur ekonomiese entiteit: Dit kos te veel om in meer as een taal onderrig te gee. 'n Lagwekkende argument veral komende van politici en hul meelopers vir wie daar geen beperking op die mors van geld is nie. Slegs Engels is glo hier in tel want dit vorm die basis en is die kommunikasiemedium. "In die industrie en sakewêreld is die woordeskat Engels" is die standarsin wat gebruik word. Engels is glo die taal van die ekonomie. Niemand het nog van vertaling en die gefassineerdheid daarvan en daarmee gehoor nie. Is Engels miskien die voorwaarde vir die ekonomiese suksesse van die Skandinawiese lande – die rykste lande in die wêreld?

Taal en gebrekkige studiemateriaal: Handboeke is boonop alles in Engels. Die ryk avontuur van vertaling, of die skepping van handboeke en ander studiemateriaal in Afrikaans, is klaarblyklik vir akademiëci sowel as vir studente te veel gevra.

Taal as struikelblok vir die internasionale status van universiteite: Intussen word maklik vergeet dat universiteite in die algemeen vervlak het tot middelmatige taalgebruik en lae vlakke van geletterdheid. Die vraag kan wel gevra word: Het of bied slegs Engelse universiteite internasionale status? Bowendien is dit oor 'n lang tyd die ervaring van baie studente afkomstig van Afrikaanse universiteite dat toegang tot Amerikaanse, Engelse, Nederlandse en selfs Franse universiteite redelik vanselfsprekend was.

Taal as uitsluitingsmeganisme: Alle tale sluit uit, ook Engels vir diegene wat dit nie magtig is nie. Hierdie uitsluiting spreek vanself en het niks te doen met diskriminasie teen mense nie behalwe in die logika van sosiale manipuleerders.

Taal as sosiale kohesie-meganisme: Die toppunt van skaamtelose en anargistiese sosiale manipulerings. Hier word Engels opgedis en verheerlik as die magiese mag wat mense versoen! Om mekaar te verstaan tot op 'n sekere betreklik elementêre vlak is nog geen waarborg vir kohesie nie. Baie taalgelyke bure leef nie noodwendig in kohesie nie en deesdae al hoe minder. Met sekere gedragssuitinge in die gedagte verkies baie mense deesdae juis om nie samehorig te wees nie. Same-lewing, sosiale kohesie, het boonop ander voorwaardes as bloot 'n tweederangse gemeenskaplike taal as instrument nodig. Dit vereis volwasse individue waarsonder geen kohesie volvoer kan word nie. Die probleem wat in die weg staan, is eerder 'n soort infantilisme.

Taal as steurnis vir die droom van demokrasie: Die waarde van alle waardes is die stem van die meerderheid. Die meeste studente verkies Engels. Is dit inklusiwiteit om die betekenisvolle minderheid wat onderrig in Afrikaans verkies te dwing tot eentaligheid? Taalregte is nie meerderheidsregte nie, maar individuele regte. Wanneer 15% uit 40 000 studente verkies om in Afrikaans te studeer dan raak dit 6 000 individuele studente. Hulle word hul regte ontse. Hulle word met mag gedwing om te kapituleer. Hulle het immers ook aanspraak op volwaardige institusionele akkommodering. Hulle mense betaal belasting vir al die ander, maar nie vir hulleself nie! Hoe werk so 'n demokrasie? Indien drie universiteite elk 6 000 studente het wat verkies om in Afrikaans te studeer beteken dit 'n totaal van 18 000. 'n Volwaardige universiteit of nie? Mandela was byvoorbeeld uitgesproke daarvoor dat die taalregte van Afrikaners en sekerlik van alle Afrikaanssprekendes nie geskend mag word nie.

In 'n ware demokrasie moet die regte van almal en nie slegs dié van die meerderheidsparty nie respekteer word. Die meerderheidsparty mag selfs 'n minderheidsparty word en die nuwe meerderheid mag anders dink. Verantwoordelike politici behoort hiermee rekening te hou en so ook universiteitsowerhede.

Nadat die slag uiteindelik op grond van die drogrede gelewer is, word nuwe vertroostende drogrede opgestapel:

“Taal en veeltaligheid”: Om net een taal te hê, is die waarborg vir veeltaligheid. Dit klink soos idiote wat idiote regeer – rektore en universiteitsrade wat kwalik kan somme maak. Reduseer alles tot een dan het ons vele.

“Ons sal nie Afrikaans afskeep nie”: Hierdie is berugte woorde van verskeie welsprekende Afrikaanssprekende vegters vir Engels. Sou dit beteken om binne universiteite nog Afrikaans

te besig, of, sou dit beteken om Afrikaanse artikeltjies in Afrikaanse koerante te publiseer, soos sommige doen, as teken dat Afrikaans nie afgeskeep gaan word nie?

“Afrikaans sal steeds sy plek behou”: Die wysheid van sekere wyses. Maar watter plek? Op die kantlyn, volgens die siniese kommentaar van een rektor, of as seremoniële taal, wat dit ook al mag beteken, volgens ’n ander rektor? Of waar anders?

“Afrikaans moet net reg bestuur word”: Nog ’n brokkie wysheid van ’n veel geroemde kenner. Maar weer: Wie sal die bestuurwerk doen, en waar sal dit gebeur?

“Afrikaans moet saam met die ander tale uitgebou word”: Hoe en deur wie en tot wat en wanneer? Asof die taal nie reeds uitgebou is nie tot ’n volwaardige akademiese en intellektuele taal wat nou van hierdie enorme prestasie beroof word. Let op die opmerkings in die volgende paragraaf.

Verspote vertroosting vir dommerds.

Opsommend: Al die drogredes is op dieselfde lees geskoei: Taal word bloot as gereedskap en slegs as gereedskap verstaan.

Let op die motto’s!

WAT WORD VERWERP?

Let op wat werklik verwerp word en van die tafel gevee word wanneer van Afrikaans ontslae geraak word. ’n Volwaardige akademiese taal wat veral “taal se hoër funksies” bevredig. ’n Taal wat ’n WAT, HAT, AWS het en verskeie uitstekende vakkundige woordeboeke, wetenskaplike en akademiese boeke oor talle dissiplines heen, ontwikkelde studiemateriaal in Afrikaans in alle dissiplines, verhandelings en proefskrifte op alle vakgebiede, fiksie en digbundels van formaat. Unisa se reuse-rol in hierdie verband wat nêrens werklik erken word nie, verdien besondere erkenning – ’n institusie wat ook nou eentalig word om veeltalig te wees. Die feit dat dit alles net eenvoudig van die tafel gevee word, laat ’n mens sprakeloos. Ons moet egter nie vergeet nie: Ook hierdie prestasies, ongeag hoe spesiaal en kosbaar, is steeds deel van taal as gereedskap, buitengewoon kosbaar en die verwerping daarvan grens beslis aan die kriminele, so ook die lakse sorgeloosheid om dit verder te ontwikkel. Opmerking: die versnippering van “nuttelose” boeke kom eintlik maar neer op die verbranding van boeke. Die verbranding van boeke kan maklik lei tot die verbranding van mense merk Steiner (2001) op. Ons moenie verbaas wees as die verbranding van lesinglokale en laboratoria die afgelope tyd dieselfde gevolge kan hê nie. Daar is wel diegene wat inderdaad die versugting uitspreek dat Afrikaners liever selfmoord moet pleeg.

Ek wil egter nie konsentreer op dit wat verwerp word nie, hoewel dit ’n volwaardige lofrede regverdig en verdien, en ook nie op die drogredes nie. Taal is veel meer as gereedskap en dit is die fokus van hierdie essay.

NOODSAAKLIKE BESINNING OOR TAAL

Die drogredes spruit nie alleen voort uit ’n verskraalde kennis- en wetenskapopvatting nie, maar die drogredes oor taal spruit waarskynlik voort uit en word versterk deur die “mishandeling en aftakeling en verwoesting” van taal wêreldwyd. Dit is geen nuwe verskynsel nie. Die *Sprachkritik* in Duitsland is een voorbeeld. Beide Stiegler (2013:72), en voor hom Steiner (2001:234), het aangetoon hoe taal byvoorbeeld verval het en mishandel is in die Nazityd.

Ons het wel in die uitskakeling van Afrikaans aan universiteite heelwat politieke korrektheid, sake-korrektheid en professionele korrektheid in die drogredes raakgeloop, maar ongelukkig min pedagogiese korrektheid en geen wesenskorrektheid nie, want die vermoë tot behoorlike denke het verlore gegaan. Dit is waar ons, ter wille van taal en ons eie geestesgesondheid, tog moet probeer uitkom. Om dit te vermag, is die bedoeling met hierdie gesprek geensins om behoorlik in te gaan op die drogredes en dit te probeer beantwoord nie. Die bedoeling is veel eerder om uit te kom by dit wat in die prosesse van sosiale manipulerings ten opsigte van taal van die tafel gevee word, afgetakel en geruïneer word, eenkant geskuif word en tot niet gemaak word. Met ander woorde, om aan te dui wat wesenlik en nie bloot gereedskapmatig is nie en in hierdie misdadige prosesse eintlik skade ly. Vandaar die lofrede vir taal, opgedra aan taal soos dit in wese hoort te wees – die werklike sinswyse van taal moet verheerlik word en nie tot niet verklaar word deur ongeletterdes of skyngeletterdes nie! Dit is ’n lofrede vir taal as sodanig en dus ook vir Afrikaans as volwaardige taal, waar volwaardigheid veel meer en anders is as wat bedoel word met die sogenaamde hoër funksies van taal. In hierdie opsig is ook Venda, Zoeloe, ensovoorts inderdaad volwaardige tale. In wat volg, sal ek probeer om hierdie standpunt, naamlik wat taal spesiaal en uitsonderlik maak, te belig.

My ervaring en belewenis van en lewe in my taal, en my nabyheid aan my taal, inspireer my tot die myns insiens noodsaaklike besinning oor taal en waarom dit regtig en ten diepste in taal gaan aan die ander kant van en ver verby die drogredes se trefwydte, wat ook verklaar waarom so baie eenvoudig versot is op hulle taal en eerlik treur oor die verwoesting daarvan. Besinning verstaan ek dan in die sin wat Heidegger daaraan gee wanneer hy skrywe: Besinning is die moed om die waarheid van jou eie vooronderstellinge en die gebied van jou eie doelstellinge tot die belangrikste vrae te maak!

Die drogredes spruit uit hierdie versteekte voorkeure en aannames en mooi geartikuleerde doelwitte wat dikwels ver van die waarheid is omdat dit geïnspireer word deur ideologiese oortuigings soos politieke korrektheid, volgens sekeres, en finansiële en sake-oorwegings, volgens andere, of ’n geriefliker mengsel van die twee, wat nog gevaarliker is, dikwels gekaemoefleer met kwasi-opvoedkundige motivering. Om nie te praat van die vooronderstellinge wat die interpretasie van die goedgedokumenteerde goëlery betreffende die opnames en peilings van studentevoorkeure gerig het nie.

Terwyl hierdie diep en ernstige nadenke en die pyn wat die genoemde geraas in die media in baie gemoedere meegebring het, my besig gehou het, het ek gedurende hierdie tyd heel onverwags op verstommende materiaal in die literatuur afgekom wat die dringende noodigheid van so ’n besinning beklemtoon en die ervaring van pyn op ’n manier verduidelik. Ek lees dat Martin Heidegger (1947; 1973) skrywe oor “die snel voortwoekerende verwoesting van taal”, dat Jacques Ellul (1985) ’n boek skrywe oor die “vernedering van taal”, dat Paul Ricoeur (1991) praat en skrywe oor “die instrumentalisering van taal” as die grootste bedreiging van ons kultuur, en dat Bernard Stiegler (2013) dit het oor “die marteling van taal” of “taal as martelaar” vanweë die tegniese en digitale manipulerings van alles, ook van taal. Uit elk hiervan moet ’n mens aflei dat taal volgens hierdie denkers iets oneindig veel meer en heel besonder moet behels wat dan verwoes, verneder, ge-instrumentaliseer of gemartel kan word. Die woorde wat gebruik word, is uiters venynige woorde om te beskrywe wat met taal gebeur. Dit gebeur nie slegs met taal nie; dit gebeur ook met die werklikheid, met die wêreld, met die lewe, met die aarde, met menswees, met onderwys, met ’n sinvolle bestaan, ensovoorts.

Belangrik sou dan wees om by hierdie dieper idee van taal uit te kom voor dit verwoes is, begrip daarvoor te ontwikkel, ten einde te besef wat werklik verwerp word wanneer taal verwerp word, na te dink oor wat hierdie woorde ten diepste beteken en wat die implikasies

daarvan is, en uiteindelik te verwyf by die kernvraag van wat ons te doen staan om die saak te beredder. Kom ons probeer.

Die ononderhandelbare voorwaarde hiervoor is die besef dat taal ander dimensies het, ver verby hierdie moontlikhede van gereedskap: taal doen dinge; taal handel! Hierdie besef word gevoed deur 'n ander soort werklikheidsbesef ver verwyderd van empirisme, positivisme, ekonomisme, daardie werklikheid wat tevore beklemtoon is. Hierdie besef bring 'n ander besef van taal na vore; dit genereer lofredes vir en oor taal! Voorbeelde van wat gebeur is volop: Etienne van Heerden merk in 'n TV-onderhoud oor sy jongste boek op: **my boek skryf my**. Heidegger (1947) en Lecerclé (1990) beklemtoon in hierdie verband: **Ek praat taal, maar ... taal praat ook my, en deur my**. Nou is taal nie meer my gereedskap nie, maar ek word gereedskap daarvan. Dit is die restant van taal! Ook Bachelard (1969) maak die belangrike opmerking rakende sy doseerwerk: **“Soms dink ons woorde vir ons”**.

Julia Kristeva onderskei tussen die abstrakte en materiële dimensies van taal. **“Abstract language** is systematic, it transcends the individual speaker, separated from any physical or material origin, it is an instrument of control, mastered by a regulating subject. **Material language** is unsystematic, a series of noises, private to individual speakers, not meant to promote communication, and therefore self-contradictory ... It is an integral part of the speaker's body, an outward expression of its drives. **It imposes itself on the individual, controlling the subject: it is not the transparent medium which the instrumentalist describes ...** Neither of the two languages exists on its own, as an independent entity: material language is repressed and returns to the surface as a disruptive force, and the dictionary is an abstraction which denies the material expression of instincts” (Lecerclé 1985:44-45).

Michel Serres (2015:90-92) bevestig soos volg dieselfde gedagtes in 'n betreklik onlangse radiopraatjie oor poësie: “Ons bedien onself van taal om te kommunikeer, om die nuus aan te kondig, om mekaar te groet. En dit oortuig ons dat taal slegs daar is vir kommunikasie. Wel, geheel en al nie. Ek glo dat taal presies antwoord op die vraag wat gestel word deur die onderskeid tussen *praxis* (praktyk) en *poiesis* (werk). Wat fabriseer ons deur taal? Die antwoord is eenvoudig: ons fabriseer onself deur taal. Taal gee vir ons die besef wat ons het van onself, wat ons het van ons eie liggaam. Ons kan nie bestaan sonder taal nie. Dit fabriseer (maak) ons. ... Taal is belangriker as blote kommunikasiemiddel, die uitruil van gedagtes, want dit is waardeur ons onself maak (fabriseer) en wat ons onderskei van diere. Taal maak van ons die individue wat ons is, mense. Poësie doen 'n beroep op hierdie aktiwiteit van taal. Hierdie aktiwiteit wat onself fabriseer. Dit maak ons liggaam, ons gees, ons bewussyn, ons menswees, ons aard (wese). Hierdie poësie is absoluut onmisbaar, want dit skep sigself en beland so op die vlak van musiek wanneer musiek die meeste moontlike sin het omdat dit geen sin meer het nie. Soos musiek, so is poësie ook 'n aangeleentheid van ritme...”. Steiner (2005:76-78) beaam hierdie gedagtes: “The more fierce the pressure of thought the more resistant the language in which it is encased. Language, as it were, is inimical to the monochrome ideal of truth. It is saturated with ambiguity, with polyphonic simultaneities. It delights in fantastication, in constructs of hope and futurity for which there is no proof. ... Thought limited to logical propositions, best expressed non-verbally, or demonstrably factualities, would be madness. Human creativity, the life-giving capacity to negate the dictates of the organic to say ‘no’ even to death, depend integrally on thinking, on imagining counterfactually. We invent alternative modes of being, other worlds – utopian or hellish. We re-invent the past and ‘dream forward’. ... Language constantly seeks to enforce dominion over thought. In the stream of thought it generates whirlpools, which we call ‘mental disorders’ and those log-jams known as obsessions. Yet the interference, the ‘muddying of waters’ are also those of creativity.” Hierdie gedagtes

is al heelwat vroeër deur Benjamin (1982:69-70) beklemtoon: “But do we not generally regard as essential substance of a literary work what it contains in addition to information ... the unfathomable, the mysterious, the ‘poetic’”. Dit is sekerlik ook waar van ander “taalwerke”. Tensy hierdie dimensie van taal, soos Serres, Steiner en Benjamin dit artikuleer, omhels word, sal niks kreatiefs gebeur nie. Totale bankrotskap is die uiteinde. Moontlikhede van invensie gaan tot niet.

Hierdie dimensie van taal kom in die gedrang wanneer taal verwerp en uitfaseer word. Hierdie dimensie kom ook in die gedrang met betrekking tot enige ander taal wat die taal vervang en as blote stuk gereedskap opgedwing word. Die diepgaande aard van hierdie verwerping moedig ’n mens aan om hierdie verwerping as krimineel te bestempel. Die verwerping van hierdie rykbeskrewe dimensie van taal laat die ware liefhebbers van die taal in ’n staat van totale wanhoop en verarming. Dit geld vir die liefhebbers van die taal wat verwerp word sowel as vir die gebruikers van die plaasvervangende taal: dit verarm en dryf tot wanhoop. Geen wonder die volgende vier denkers beskrywe sodanige verwerping in baie sterk taal nie en die ongelukkig baie bondige bespreking van hulle standpunte bevestig hierdie stellinginname.

ONTDEKKING IN DIE LITERATUUR

1 Martin Heidegger: Die verwoesting van taal

In sy boekie *Wat is dat – filosofie?* (1955; 1970) het Heidegger beklemtoon dat die heersende opvatting oor taal die wese daarvan in so ’n ernstige graad aantast, en dat hierdie opvatting so ingeburger geraak het, dat ons hierdie wese nie eintlik meer kan verstaan nie. “Wanneer taal uit sy element val, word taal ’n blote tegniek, word dit gesien as ’n instrument vir kommunikasie en niks meer nie”. Dit kom daarop neer dat dit meer korrek is om te sê en te dink dat taal in diens van denke staan, terwyl denke eintlik in diens van taal is, veral as dit waar is dat denke antwoord gee op die aansprake van die Syn. Dit is moeilik om terug te kom by hierdie wese van taal, maar onteenseglik nodig dat deeglik daarvoor besin moet word en gesprek gevoer moet word. In 1947 al, in sy *Brief oor Humanisme* (1973) beweer hy dat “de bezinning op het wezen van de taal een andere rang krijgen. Ze kan niet meer enkel taal filosofie zijn” (Heidegger 1973:31). Hy verwys dan na *Sein und Zeit*, par. 34, waar hy dit het oor “wat die synswyse van taal as taal is”. Dit gaan dus duidelik vir Heidegger oor die wese, die synswyse, van taal, dit wil sê hoe taal bestaan. En dan maak hy die punt: “De overall en snel voortwoekerende verwoesting van de taal tast niet alleen de esthetische en morele verantwoordelijkheid in alle taalgebruik aan. Ze komt voort uit een bedreiging van het wezen van de mens.” En dan gaan hy voort: “Het in de laatste tijd veel en rijkelijk laat besproken taalverval” is nie die oorsaak nie maar die gevolg van die gebeurtenis “dat de taal onder de heerschappij van de moderne metafysica van de subjectiviteit byna onweerhoubaar uit haar element valt” (Heidegger 1973:32). Dit is sterk woorde wat Heidegger gebruik: verwoesting van taal, taalverval, uit haar element val, dus haar wese verloor. Hy verbind dit (hierdie aantasting van die wese van taal) aan die wese van die mens en die metafisika van subjektiwiteit en verder dat die verval en verwoesting die estetiese en morele verantwoordelikheid in alle taalgebruik aantast. Hy meen dus dat taalgebruik estetiese en morele verantwoordelikheid vra. Taal help om ’n etos (tuiste in die wêreld vir almal) te skep; verval en verwerpe taal, maar veral ook taal as gereedskap, kan eenvoudig nie wêreld skep nie en nog minder tuistes.

Nou is die vraag: Wat beteken die verwoesting, verval en uit element val? Antwoord: As gevolg hiervan weerhou die taal ons van haar wese en haar wese is dat “ze het huis van de

waarheid van het Zijn is”. Dit is wat taal is; ook Afrikaans – huis van die Syn, van die waarheid van die Syn. Dus: die verwoesting van die taal, of taalverval, neem ons weg van die Syn en die nabyheid van die Syn (die volle werklikheid) wat ook ons tuiste is of behoort te wees en boonop die moeite om te lewe nogtans die moeite werd maak. Ons raak dus tuisteloos. Boonop beroof dit denke daarvan om in diens van taal te wees, waardeur denkhandelinge eintlik taalhandelinge is. In hierdie rooftog word die mens ook van die eie wese beroof; dit is die gevaar wat die mens bedreig: ewige wesensverlies.

En dan: Die taal, in hierdie status van verval, stel sig veel eerder tot beskikking van blote wilsversoeke, ons bedrywighede as instrumente om oor die dinge (die syndes) werklike heerskappy te voer op rekenend-handelende, oorsaak-gevolg finaliseringe en wetenskaplik-filosofiese verklarings en funderings. Dit is alles ons woorde, maar gebeur en word benut binne die raamwerk van “taal as instrument”. Hierdie is die milieu waarin ons met al ons debatte beweeg. Vanweë die verwoesting van taal kom ons in hierdie milieu tereg wat wel ’n milieu van die syndes is, maar terselfdertyd ook die milieu is van synsafwesigheid en synsnalatigheid.

Maar wel: Indien die mens tog ooit tot die nabyheid van die Syn wil deurdring, dan moet hy eers leer “om in die naamlose” te bestaan – loskom van die inhoud van die vorige paragraaf, dit wil sê die berekenende en die instrumentele. So iemand moet die verleiding deur die openbare mening en die onmag van die partikuliere bestaan erken. Mense moet voordat hulle praat hul eers deur die Syn laat aanspreek, op die gevaar af dat hulle onder hierdie aanspraak self weinig te sê sal hê. Slegs op hierdie manier word aan die woord die kosbaarheid van sy wese, en aan die mens die egte behuising, die woon in die waarheid van die Syn, teruggegee.

Die eenvoudige maar wesenlike feit is: “de mens slechts in zijn wezen weest, waarin hij door het Zijn word aangesproken. Slechts door deze aanspraak heeft hy dan gevonden, waarin zijn wezen woont. Slechts uit dit wonen heeft hy taal als de behuizing, die het ekstatische voor zijn wezen bewaart. Het staan in de klaarte van het Zijn noem ik de ek-sistensie van de mens” (Heidegger 1973:36-37). Omdat die mens “vrij in de klaarte van het Zijn – en deze alleen is ‘wereld’ – zijn geplaatst, ontbreek haar de taal niet”. Taal is nie die uiting van ’n organisme ook selfs nie uitdrukking van ’n lewende wese (plante en diere) nie. Taal is “lichtend-verbergende aankomst van het Zijn zelf” (Heidegger 1973:39). Taal is dus veel groter as wat ons normaalweg dink. Taalverlies is synsverlies, bestaansverlies, eintlik lewensverlies – tuisteloosheid, of, volgens Benjamin die verlies van “wêreld-essensie” (Kyk Arendt 1982:49).

Die advertensiewese misbruik hierdie effekte van taal vir eie gewin en gevolglik belewe ons hierdeur wat Heidegger (1973:32) beskrywe het as “de overall en snel voortwoekerende verwoesting van de taal” sodat die waarheid van die Syn en ons nabyheid aan die Syn verlore raak en so ook die moontlikheid van same-lewing en gemeenskap.

2 Jacques Ellul: Die vernedering van taal

In aansluiting by Heidegger se werk moet verwys word na Jacques Ellul (1985) se insiggewende studie oor “die vernedering van die spreke” wat eintlik ook neerkom op die vernedering, devaluasie, disintegrasie, haat en minagting van die woord en van taal (twee sake wat Ellul deurgaans aan mekaar verbind). Hy druk dit sterk uit: “We are all aware of the remarkable phenomenon that has left its mark on our era, the disintegration of language in various ways” (Ellul 1985:158). Die situasie van die woord in ons samelewing is afstootlik. “The habit of speaking without saying anything has eaten away at the word like a cancer” (Ellul 1985:155). En dan weer: “Mundane and intellectual chatter mixed together finally collapse into wordlessness” (Ellul 1985:156). De facto devaluasie! Hierdie devaluasie vind plaas deur

slagspreuke, oorbeklemtoning van beelde, die tegnifisering van alles, en ook die objektivering van taal. Ons het in wese hier te doen met “die verdwyning van een soort denke ter wille van ’n ander soort denke” (Ellul 1985:159). Ons opvatting van taal weerspieël ons denkwyse. ’n Fatale denkkverksuiwing vind plaas en dit sal in alles neerslag vind, nie net in taal nie. Die woord word gereduseer tot ’n blote instrument – ’n stuk gereedskap vir babbelaars. Dit is maklik om in hierdie lig van taal ’n objek te maak. Een vorm van devaluasie kom van rekenaars. Om die rekenaar ter wille te wees moet taal aangepas word: “Computers cannot understand ambiguities, connotations, allegories, metaphors, metonymies, ellipses, and paraphrases. Computers must have unambiguous language, with no double meanings, subtleties, or complexity. We also have to remain within a certain limited vocabulary. ... All the richness and openness of truth lie precisely in what must be eliminated in order for the computer to understand” (Ellul 1985:161).

Wat in die wetenskap met taal gebeur asook die soort houding wat oor taal gedemonstreer word, word soos volg deur Ellul (1985:167) verwoord: “Simple ideas are turned into something absolute by the scientific establishment, so as to crush that remainder of language that is not scientific [Kyk Lecercle (1990)] oor ‘the remainder of language’ (die restant van taal)]. By this very process ... such ideas become *false*, in the same now well-known way that pieces of reality do when science makes a fragment of reality its object and thus alters reality and loses its object!” Weer ’n keer word same-lewing wat steun op die “restant van taal” erg skade berokken, selfs onmoontlik gemaak. Hierdie reduktiewe misbruik van taal (Ellul 1985:167) bring dus ook die belangrikheid na vore om te besin oor die verhouding “individuering en wete” in die mate waartoe so ’n samevoeging ’n voorwaarde word vir die stigting van same-lewing en gemeenskap.

Dan gee Ellul (1985:162vv) breedvoerig aandag aan die minagting van taal, maar om taal te minag en selfs te verag is egter nie die einde nie. Die haat vir taal is die volgende fase. Wat sig hier manifesteer, is eintlik ’n haat vir ons intellektuele erfenis en vir ons toewyding aan pogings tot tussenpersoonlike kommunikasie – ’n haat vir sin (“meaning”). Hierdie haat klink agterdogtig, meen Ellul. Dit vermy die harde vraag wat van taal self kom: taal stel die moontlikheid dat daar ’n kraak in die muur is wat ons koorsagtig en doelbewus bou om onself binne sinloosheid en subhumane delirium op te sluit. Maar daar is nog meer: Die haat van die woord word nog erger deur die identifikasie daarvan met ’n haat vir die mensheid. Snaaks genoeg word die haat eintlik uitgedruk as ’n verlange na vryheid, beweer Ellul.

Taal word gevorm met ’n woordeskat, sinsbou en vaste spelreëls. Dit is voorskrywend en volg norme en die sprekers, skrywers moet dit volg wat hulle nie geskep het nie. Onvryheid. Watter vryheid? Vryheid om my eie taal uit niks te skep. Sodra ek ’n taal leer, is ek dus van my vryheid ontnem. Dit is geweld teen my reg om myself te vestig, te bou as persoon. My identiteit is in die gedrang. Daarom haat ek die taal. Taal forseer my dus om my op ’n sekere manier te gedra. Ek was hertoe gedwing toe ek myself nie kon verdedig nie of onskuldig was. Die instrument van hierdie gag was taal.

Een groot saak word in hierdie argument misgekyk: Taal is nie bloot wilde geluide nie; dit is die manier waardeur daar kontak met ander gemaak word. Taal as taal is iets wat gegee is en indien die gawe verwerp word, bestaan die taal gewoon nie. Niks nuut of vry word deur die verwerping geskep nie – geen vernuwing of bevryding nie. So ’n houding teen taal illustreer Pascal se punt: “he who would act the angel acts the brute” (Ellul 1985:174). Om van taal bevry te word, is om die moontlikheid van ’n verhouding met ander op te gee [nie om dit te skep soos by ons beweer word nie] en om dit op te gee wat die mensheid uniek maak: die woord. So ’n houding lei nie tot vryheid nie maar wel tot dwaasheid, meen Ellul. Taal het my gemaak wat ek is. Dit geld van alle gebruikers van die taal en nie alleen die misbruikers nie.

Nog verder en ernstiger: die gebrek aan vryheid word nog verder beklemtoon wanneer die ideologiese fase bereik word. Dit is nie alleen 'n abstrakte kondisionering wat ek moes deurgaans toe ek jonk was nie; dit is 'n kondisionering wat my verplig om met 'n bepaalde ideologie te assosieer. "Language is an instrument of oppression and alienation used by the ruling class to keep the oppressed classes in bondage" (Ellul 1985:174). So word taal 'n subtiele instrument van verslawing. Hulle moet leer praat soos die meesters, diegene se idees aanvaar en dus gehoorsaam word. Ellul stel dit soos volg: "The ruling class makes the oppressed class learn its language in order to turn the oppressed into prisoners of the ruling class's ideology and to prevent them from thinking." Taal oriënteer diskoers en denke in 'n sekere rigting; dit is in hierdie sin 'n instrument van mag en beheer, meer te vrees selfs as polisie en sensuur, want dit word geïnternaliseer; dit beheer vanuit die onbewuste. Die gedagtes, denkbeelde, vooroordele, gesigspunte van die heersende klas moet oorgeneem word; taal word op hierdie wyse 'n tirannie oor denke; alles moet eenvoudig gereproduseer word; niemand kan ontsnap nie; almal word gevangenes van gesaghebbende singewings.

Die volgende element in die analise van taal is die woede teen hierdie taal wat gevange neem wanneer ek praat, wat my dwing om kant te kies vir die heersersklas. So 'n kwaai kulturele rewolusie is onmisbaar vir bevryding uit die heersersklas. **MAAR:** Hoe kan ons ontsnap aan alles wat taal self meedeel aangesien elke kontrarevolusie gevange bly in hierdie konformerende, steriele taal? So begin die anti-woord op 'n mees wyse manier, en alles word omhels wat heldergeestige, doelbewuste "vernietiging" van die uitruilwaarde van woorde produseer. Met sulke vanselfsprekende "feite" kan ons duidelik sien waarheen gedrywe is – alles is die gevolg van para-Marxistiese ideologie en 'n oorvereenvoudigde analise van die verhouding tussen taal en kultuur. Die leegheid van hierdie intellektuele houding is vir Ellul eenvoudig om te verduidelik.

Sy eerste kritiek handel oor die opvatting van taal wat klop met hierdie houding: Hoe kan enigiemand nie raaksien nie dat die gewelddadige aanval op taal slegs geldig is indien daar ondersteuning is vir 'n meganistiese en rigiede opvatting van taal en woord? Die opvatting: taal as instrument van oorheersing en verdrukking kan alleen 'n feit wees indien taal rigied en presies is. Dit sal slegs waar wees indien die woord ideologie presies produseer en daar geen leë ruimtes, kantlyne en spasies is nie.

Ons weet dit is nie die situasie nie, of, ons behoort te weet indien ons taal hoegenaamd verstaan. Inteendeel, diskoers is vol leë ruimtes; daar is frakture in woorde en gapings in taal. Die volmaakte reproduksie van die heersersklas is onmoontlik. Vreemde skeppings en beelde word gereeld in die gapings in taal gebore. Onthou, baie sprekers van die taal (wit, swart, bruin) is ewe veel onderdruk. Boonop het menigtes in hierdie en deur hierdie taal geveg vir die bevryding van diegene wat nou die taal verniel en vernietig. Hulle is nie al wat onder die misbruik van die taal gely het nie! Afrikaanse fiksie, poësie, en essays is hiervoor gebruik. Dit is dus kortsigtig en krimineel wat hier gedoen word! En dit ondanks die krokodilrane en moralistiese berou van sommige.

Sy tweede kritiek: Hoe kan taal beskuldig word van niks anders nie as die ideologie van die heersersklas, beelde van kapitalisme wat as waarhede verkondig word. Hoe kan dit ons gevange neem en verslaaf maak? Hoe kan enigiemand substansie verleen aan hierdie aansprake wanneer histories gesien, die woord, taal, voortdurend rewolusie fermenteer en ook die instrument is van groot rebelle in die wêreldgeskiedenis? Taal is dus nie strafbaar nie behalwe vir kortsigtige dommes. Watter middele het Robespierre, die Heilige Justinus, Marx, Lenin, Freire en baie ander gebruik. Taal was hulle krag en dit was nie Engels nie!

Die oorheersende teen-heersersmentaliteit kom tot uitdrukking nie in beelde of handeling nie, maar deur die “nuwe woord”! (Ellul 1985:176). Hierdie woord is samehangend en redelik en gee uitdrukking aan ’n analise, ’n idee, kennis, kritiek, aspirasie, en ’n utopie wat drasties radikaal verskil van al die woorde en leringe van die heersersklas. ’n Geldige vraag: Waar sal hierdie instinkte vandaan kom as alle ideologie die ideologie van die heersersklas reflekteer? Hoe kan taal uitdrukking aan die revolusie gee as dit slegs toegewy mag en kan wees aan konformiteit met die heersers.

In werklikheid is die woord in sigself revolusionêr. Slegs die woord en taal kan lei tot die verwesenliking van menslike hoop. Dit is vanweë die verhouding van taal tot waarheid. Die heersersklas veg om die woord te kastreer, om taal ’n eenvoudige neutrale instrument te maak, of selfs heeltemal uit te skakel.

Hoe kan niemand raaksien nie dat hierdie geveg teen georganiseerde taal, hierdie haat vir die woord, juis die verwesenliking beteken van die heersersklas se doelwitte. As taal vernietig is en niks meer sê nie is daar niks te vrees nie. Watter waansinnige dwaasheid om te dink dat deur die vernietiging van ’n taal en die stroping van betekenis iets revolusionêrs bereik kan word.

Ongelukkig weerspieël die opvatting dat taal die vyand is die algehele armoede en hulpeloosheid van die vurige revolusionêres. Hulle kan niks teen hierdie gemeenskap vermag nie daarom wreek hulle hulle deur aanvalle op woorde wat hulself nie kan verdedig nie. “They misdirect their revolutionary energy against an imagined foe, achieving great victories against a weak construction. They pride themselves on their profundity, while the oppressor rejoices to see his adversary destroy what is potentially his own most faithful ally. Hatred of language and the word only manifests the impotence and vanity of conformist pseudorevolutionaries, the likes of which abound amongst intelligentsia” (Ellul 1985:177).

3 Paul Ricoeur: Die instrumentalisering van taal

Ricoeur se omvattende projek oor “tyd en narratief” (in drie volumes) was presies om die “inventiewe mag van taal” te ondersoek (Ricoeur 1991b: 463), maar nog veel meer: dit was die fokus van sy hele filosofieprojek. Hy skrywe: “My philosophical project is to show how human language is inventive despite the objective limits and codes which govern it, to reveal the diversity and potentiality of language which the erosion of everyday, conditioned by technocratic and political interests, never ceases to obscure” (Ricoeur 1991b:465). Hierdie inventiewe mag word alle Afrikaanssprekendes ontsê deur die verwerping van hulle taal. ’n Mens kan sekerlik hier ook die eroderende rol van die wetenskaplike in die algemeen, die bestuursmatige en ook die markverwante belange byvoeg as sodanige verduistering van die potensiaal van taal.

Aanvullend hiertoe is sy opvattinge oor “poësie en moontlikheid” ewe relevant (Ricoeur 1991a:449-462). Dit is die taak van poësie om woorde soveel te laat sê as wat dit moontlik kan sê en nie so min moontlik nie. Dit, naamlik om so min moontlik te sê, is presies wat gebeur in gewone taal, in onderrigtaal, in wetenskaptaal, in die taal van tegniek. Hierdie instrumentalisering van taal is vir Ricoeur die gevaarlikste tendens van ons tyd. Hy skrywe: “The first thing I should like to emphasize is that poetry preserves the width, the breadth of language, because the first danger in our present culture is a kind of reduction of language to communication at the lowest level or to manipulate things and people. So it’s full of language which becomes merely instrumental. This instrumentalization of language is the most dangerous trend of our culture. We have only one model of language – the language of science [die

meetbare] and technology [die digitale] [albei saam – die berekenbare] (Ricoeur 1991a:448). Hierby kan gevoeg word wat Ricoeur (1976:99,101) al heelwat vroeër gesê het: Alle vorme van instrumentele intelligensie is die medewerker van geweld en om nie-gewelddadig in diskoers te wees is om die meervoudigheid en diversiteit van tale te respekteer.

'n Groter bekommernis is dat 'n deel van die filosofie slegs hierop konsentreer, terwyl hy hierteenoor die verantwoordelikheid van die filosofie van taal soos volg skets: “to preserve the varieties of the uses of language and the polarities between these different kinds of language, ranging from science through political and practical language and ordinary language, let us say, and poetry. And ordinary language, mediating between poetry, on the one hand, and scientific language, on the other hand” (Ricoeur 1991a:448).

Hier moet ons onthou dat dit nie bloot gaan oor digting en digbundels nie. Ons lees in die voorwoord tot die prosa van Heidegger se *Wat is dat – filosofie?* die volgende stelling van die redaksie: “Hierdie fassinerende prosa besit sowel die strengheid van 'n teoretiese verhandeling as die seggingskrag van 'n digwerk”, al is dit geen digbundel nie (Heidegger 1970:7). Kyk wat skrywe George Steiner (1978:26) oor Freud se opstel “Civilization and its discontents”: “Freud’s essay is itself a poetic construct”. Let ook op wat Girard (2014:104) oor Levi-Strauss sê: “His great book on the elementary structures of kinship ... is unquestionably austere and rather technical, but what came after is as poetic as it is true. Levi-Strauss is one of the great poets of ethnology.” Hy het egter sover my kennis strek nooit 'n digbundel geskrywe nie. Shosana Felman skrywe oor Jacques Lacan: “Lacan’s writing read like Mallarme’s – an obscure and enigmatic, yet powerful and effective, poetic prose” (Felman 1987:5). Geen wonder dat Hannah Arendt (1982:50) oor Walter Benjamin die volgende gevolgtrekking maak nie: “He understood language as an essentially poetic phenomenon”.

Wat nou van die grootste bedreiging?

Ricoeur hoop op 'n “her-skepping van taal”. Hermeneutiek beklemtoon die verskillende funksies van of gebruike van taal, maar is veral ook besorg oor “die permanente gees van taal”. Met “gees van taal” word bedoel “die kapasiteit van taal om nuwe wêrelde te open” (Ricoeur 1991c:489). Die vernietiging van Afrikaans is 'n simboliese gebaar wat sê: “Kom ons sny hulle, hierdie Afrikaanssprekendes af van die moontlikheid om nuwe wêrelde te open of te skep, en skep by hulle die onvermoë om die toekoms te sien”. Die besef by diesulkes is afwesig: Taal as gereedskap kan nie wêrelde skep nie; en om die een stukkie gereedskap met 'n ander te vervang immobiliseer steeds almal en maak hulle dom. Geen wonder ons kom nie by werklike nuwe wêrelde uit nie. Die herskepping is veel meer en anders as die blote funksies van taal, selfs meer as die sogenaamde hoër funksies. Ter versterking van hierdie ander deel van taal sê Ricoeur: “In poetry language turns back on itself to celebrate itself” (Ricoeur 2013a:136). As taal sigself verheerlik, of vier, is dit geensins as 'n vorm van gereedskap te verstaan nie. Dit is 'n skeppende aktiwiteit. Dit klop met sy opmerking oor “die inventiewe krag van taal” (Ricoeur 1991b:463). Hierdie opmerkinge moet in gedagte gehou word wanneer dit lyk asof Ricoeur die poësie bloot sien as nog 'n funksie van taal. Vir hom is dit veel meer en anders. Wanneer hy skrywe oor die “permanente gees van taal”, dat taal inventief is, en dat taal sigself vier, of, nuwe wêrelde open, is dit baie ver verwyder van taal as “gereedskap”.

Dit is belangrik om die punt te maak: Die verlaging van taal tot gereedskap maak dit 'n uiters nuttige instrument vir manipulerings, daarom is so 'n taalopvatting tog so gepas in ons situasie van transformasie waar transformasie byvoorbeeld in so 'n misvormde, verskraalde, eenduidige sin en wyse gebruik word dat almal dit kan verstaan – dit (transformasie) gaan slegs om sommetjies en nie oor dieper sake soos gesindhede nie. “Transformasie” soos dit hier te lande gebruik word, is 'n pragtige voorbeeld van die volledige verskraling en verarming

van taal, die totale miskenning van die volle betekenis van die woord, selfs die vernedering en verwoesting daarvan. So 'n misbruik van taal dui ook op die marteling daarvan. Ons het baie sulke voorbeelde. Die universiteite loop oor daarvan.

4 Bernard Stiegler: Die marteling van taal, of, taal as martelaar

Taal konstitueer 'n proses van psigiese en kollektiewe individuering waarin 'n mens vind dat die voorwaarde van individuering is dat die taalmilieu neerkom op die deelname van almal aan die ontvouing van so 'n taalmilieu. Taal is 'n simboliese en 'n intrinsiek deelnemende sosiale milieu waarbinne die proses van individuering gekonstitueer is tot die mate dat die aangesprokene terselfdertyd ook potensieel aansprekers is. In wese is hierdie proses dus psigies en kollektief: sprekers individueer hulself, dit wil sê transformeer hulself en word wat hulle is deur die uitinge wat hulle produseer asook deur die uitinge wat hulle ontvang. Dit is die proses van dialoog of gesprek wat eie is aan taal. Hierdie uitinge self dra by tot die transformasie van die taal waarin dit uitdrukking vind, tot dieselfde mate as wat dit bydra tot die individuering van die spreker. Die psigiese individuering van die spreker kan hier net sowel die kollektiewe individuering wees wat die gewone taal vir sprekers konstitueer wat hulself konstitueer vir sover hulle praat. "The speaker is he who practices his language, not he who "uses" or "employs" it. One neither employs nor uses his language, he is constituted by it..." (Stiegler 2016:34).

Wat hier individuering genoem word en wat gekonstitueer word deur taal, die simboliese sisteem by uitstek, is belangrik omdat dis-individuering op verskeie gronde en wyses aan die orde van die dag is en dis-affektiewe individue en samelewings skep. Dit hou weer verband met de-simbolisering en albei hiervan kan direk met taal in verband gebring word. Industriële de-simbolisering het gelei tot die radikale herkonfigurering van die prosesse van transindividuering. Dit lei tot 'n degradering in die verhouding tot taal, tussen ons en in elkeen van ons, en in ons wyses van gedrag, handeling en denke, wat weer klem plaas op die degradering van ons geestestoestand, van ons moraal, van ons selfbesef en ons sosiale verhoudinge. Terwyl hiermee 'n ware agteruitgang in intellektuele vermoëns ontlok word, sal hierdie verlaking van taal eindig met die skepping van 'n lakse taal, dit wil sê, gereed vir al die lakshede (Vergelyk byvoorbeeld die taal van die Derde Ryk in Duitsland) (Stiegler 2013:72). Vergelyk ook Steiner (2001:234) oor taal en die Derde Ryk.

Hierdie desimbolisering het ramspoedige gevolge vir veral jongmense met die implikasie van die verwerping van alle gesag: ouerlik, akademies, juridies, wetgewend, artistiek, en literêr. Hierdie devaluering is slegs 'n element van die berekende houding van devaluering van alles en almal. Sodanige simboliese ramp, wat demoraliseer veral met betrekking tot die lewe van die gees, is as proses van desimbolisering planetêr in omvang. So sien ons dit selfs op groot skaal in Suid-Afrika.

Behalwe vir die industriële desimbolisering, maar ook as deel van hierdie proses, word hierdie omvattende aftakeling, of brutale degradering, van taal wat neerkom op 'n kortsluiting van kollektiewe individuering, veral deur tegnifisering, digitalisering en outomatisering van taal verweselik. Dit kom vir Stiegler neer op 'n misdaad teen die simboliese waarsonder die kind nie volwassenheid kan bereik nie, dus nie kan lewe en bestaan nie en dus as resultaat het dat dit eintlik 'n misdaad teen die jeug is. Hierdie vernietiging van taal, wat al die sosiale realiteite soos sorghebbende organisasies, terapeutiese modelle, werk, sosiale beskerming, opvoeding, reg, kultuur en wetes, selfs navorsing en wetenskap aan mekaar verbind en heg,

word besonder treffend geïllustreer deur die disintegrasië van psigiese individuering tot op die punt van die ont-lering om te praat en te dink.

Teen hierdie agtergrond skrywe Stiegler (2013:84-88) dat taal die afgelope tyd so gelyk het dat dit nie oordrewe sal wees om van “die martelaarskap van taal” of “die mishandeling van taal” te praat nie, soos dit deur die nuwe proses van trans-individueering wat deur psigotegnologieë (tegnologieë van die kontrole van trans-individueering) opgedwing word. Die “martelaarskap van taal” het volgens Stiegler sekere gevolge. Die eerste gevolg: Die tegnologiese kontroliering van transindividueering is presies dit waardeur die sprekers beroof word van hulle vermoë tot spreke soos ook van hulle vermoë om te luister. Insiggewend is dat dit hier gaan om taal en nie oor ’n spesifieke taal nie. Ons leef in ’n tyd van die vernedering, verwoesting, vulgarisering van taal met verwysing na Frans, Duits en net sowel na enige ander taal. In die hedendaagse opset het taal, ongeag watter taal, vir die gebruikers slegs ’n stuk gereedskap geword. Terselfdertyd kan taal, so afgewater, maklik as sondebok uitgekryt word sonder om te besef dat daar van die alternatiewe taal eweseer slegs ’n stukkie gereedskap gemaak is en niks meer nie. Die wese van taal as sodanig gaan dus verlore in hierdie proses. Die tweede gevolg: “Dit is waarom die praktyk van taal benaderd, lui (slordig) en in die finale sin diepgaande vulgêr geword het by elkeen van ons – niemand of byna niemand ontsnap aan die druk afkomstig, aan die een kant, van die effekte van dis-individueering en van desimbolisering, bewerkstellig deur die ge-dissosieerde milieus, wat sig gekombineer het”. Die derde gevolg: “Aan die ander kant, afkomstig van die effekte van die advertensiewese en die aktiwiteit daarvan, wat beteken die besitname van taal deur die kultuur-industrieë [en politieke gedrewe ideoloë].” Advertensiewese trek ook voordeel uit die poëtiese, retoriese, prosodiese (vertellende), pragmatiese, ensovoorts effekte wat die prosesse van transindividueering versterk, dit wil sê, in die deel van betekenis, in die uitbuiting van die wetes wat van linguistiek en semiologie uitgaan. Die afgelope eeu het industriële advertensiewese op massiewe skaal ingemeng in hierdie prosesse van kollektiewe individuering wat taal is. Die advertensiewese kombineer met die linguïstiese manipulering van die outomatiese hantering van natuurlike tale. Slegs berekeninge en algoritmes geld hier. Woorde word handelsware, danksy Google (Stiegler 2013:96-97). Taal as proses van kollektiewe individuering word verongeluk deur industriële advertensiewese, dus word taal gebruik as gereedskap, ... en die gevolg is: kollektiewe individuering, dit wil sê volwaswording, kan nie verweselik word nie. Infantilisme is ons voorland. Steiner (2001:223) praat van “manipulerende infantilisme”. Die vierde gevolg: Die tegnologiese ontwikkelinge wat bydra, op die terrein van inligting-industrieë, tot die ontwikkeling van industrieë van taal en van linguïstieke tegnologieë, waarna verwys word as “die outomatiese behandeling van natuurlike taal” (Stiegler 2013:87-88) het tot gevolg die nadelige uitwerking van disindividueering, desimbolisering en van die beslaglegging op taal deur die advertensiewese.

Taal het in die martelaarskap op verskeie wyses slegs ’n stukkie gereedskap geword. Taal as gereedskap alleen kan nie same-lewing stig nie, want same-lewing is ’n synsaangeleentheid en hier verloor taal as gereedskap sy krag. “Die poëtiese, retoriese, prosodiese, pragmatiese, ensovoorts effekte van taal versterk juis die prosesse van transindividueering, dit wil sê, die deelname aan betekenisgewing as gesamentlike aktiwiteit en gemeenskapsbeleving (Stiegler 2013: 88).

Oplossings is moeilik te vind maar is nie onmoontlik nie en hier volg die parafrasering van ’n paar gedagtes van Stiegler.

Om degradering, desimbolisering en disaffectiwiteit, dus ook die aftakeling van taal, en die marteling daarvan, die hoof te bied vereis hersimbolisering. Dis ons taak en wat ’n taak

is dit nie. Wie is daarvoor opgewasse, of selfs: wie besef hoegenaamd dat dit die voorwaarde is? Die probleem is nie die taal nie; die taal is bloot 'n, of selfs die, simptoom van desimbolisering, disindividueering, met 'n diep impak op transindividueering, en 'n verlies aan lewensgevoel. Niks bly oor nie. Mense raak ontredder, sondeboksoekend en vindend. Die vraag is hoe om hieruit op te staan?

Wêreldwye aandag is nodig. Daar moet begin word deur 'n einde te maak aan die vernietiging van taalkundige milieus en van die prosesse van psigies-infantiele individueering waarvan hulle die voorwaarde is. Die openbare welsyn van die wêreld hang hiervan af en onverskilligheid, stilswye, onbewustheid, en onverantwoordelikheid, veral deur openbare gesagsdraers en -figure is onaanvaarbaar, al sal hulle dit nie self insien nie vanweë hul eie verblindende ideologieë en allerlei slimmighede (drogredes).

Psigiese individueering moet verweselik word as die noodsaaklike voorwaarde. Dit kom veral, en voor alles, neer op simbolisering, dit wil sê om met ander hul individueering te deel, en dus ook kollektiewelik te individueer, duidelik met die oog op ander. 'n Normale verhouding tot taal is dus eerstens en in die primêre sin 'n verhouding van ko-individueering, dit wil sê individueering met ander as gespreksgenote met die verstandhouding dat 'n antwoord moontlik is en dat daar dus geluister word – 'n gesprek vind plaas en dit open die weg na die “oneindige gesprek” (Blanchot). Dit is die vertrekpunt van trans-individueering in 'n proses van kollektiewe individueering: praat en luister. Dit bring die ervaring van ware, egte transformasie na vore, wat eintlik individueering in die proses van *Bildung* (vorming) is, wat én ondergaan én bewerkstellig moet word. Die sleutel hiertoe is taal na die wese daarvan (Stiegler 2013:76). Die betekenis hiervan is dat die transformasie van menseverhoudinge juis in die wêreld gery word deur die vernietiging van 'n taal eerder as om die transformasie van verhoudinge daardeur te bevorder. Die bevordering van tweedehandse eentaligheid ry juis hierdie noodsaaklike transformasie in die wêreld.

WIE EN WAT LY SKADE WANNEER TAAL IN HIERDIE DIEP SIN SKADE LY?

Om saam te vat: Wanneer daar sprake is van die verwoesting, vernedering, instrumentalisering, marteling van taal wat is dit dan nou wat werklik skade ly? Wat is hierdie meer as, hierdie oorblyfsel, die restant, hierdie anders en meer as gereedskap, wat in die slag bly?

1 Vir Heidegger is dit ons sinsverhouding: sinsverlies, werklikheidsverlies, wêreldverlies, plek- en tuisteverlies.

2 Vir Ellul (1985:167) word taal verneder deur sin, die sinsverhouding, die restant te vernietig en te misken, wat die diepste wese van taal reflekteer. Dit skep 'n nihilisme, naamlik niks het meer sin of betekenis nie.

3 Volgens Ricoeur is dit wêreldverlies. Die instrumentalisering van taal vernietig die poëtiese vermoë van taal om wêreld te open en te skep. Dit is presies waaraan ons vandag ly: die afwesigheid van 'n geskepte wêreld waarin almal sinvol kan lewe en bestaan, en meer nog: die afwesigheid van 'n gees van inventiwiteit wat nuwe, alternatiewe wêreld kan of wil skep. Die gees van vandag sal eerder lei tot die vernietiging van wêreld!

4 Vir Stiegler (2013:73) is dit same-lewingsverlies. Wanneer individueering en veral ko-individueering, same-lewingstigting deur die misbruik en wangebruik van taal vernietig word dan word same-lewing voluit ontstig, gedisaffecteerde individue en samelewing geskep, maar dan ly die taal ook waarvan die wese eintlik same-lewingstigting in die diepste en mees intense sin denkbaar verteenwoordig en kan verweselik.

Hierdie diepgaande verliese raak nie slegs diegene wie se taal dit is wat vernietig word nie, maar veral ook diegene wat hierdie verlies van taal inisieer, bevorder, bespoedig en verwesenlik. Hoekom het al diesulkes andersins verontskuldigings van allerlei aard?

TERUG NA DIE OORSPRONGE

Hoe kom ons terug by die “oorspronge” en die “wese”, die ware sinswyse van taal? Enkele opmerkings is reeds by die bespreking van sekere van die outeurs gemaak.

1 Heidegger wys op die erg problematiese hiervan, maar vra vir die kultivering van sinsevoeligheid, indringende denkmaticheid en luistersaamheid. Stop elke vorm van reduksie, byvoorbeeld deur drogredes, en doen dit deur behoorlike besinning en gesprekvoering. Die vererende aandagtigheid aan die onverborgenheid (waarheid) van wat ook al aanwesig is, die beskermende, sorgdraende kyk op die waarheid. Dit vra ’n ekstra sintuig. Taal maak dit moontlik.

2 Deur die oorgawe aan taal, wat oop is en bly vir die volle waarheid, as die kreatiewe en inventiewe skepper en bewerker van sinvolle bestaan met ander terwyl elke vorm van imbesiele reduksie van dit wat is geheel en al gestop moet word, soos byvoorbeeld: Taal is nie die sondaar nie en is ook nie ’n soort gereedskap nie. Die werkinge of handelinge van taal, en nie bloot die funksies (laag of hoog) nie, moet raakgesien word en ons moet ons daaraan oorgee en ons denke moet daaraan toevertrou word. Ons moet terugkom by die restant.

3 Verheerlik taal deur poëtisering, deur die herskepping van taal, deur die terugkeer na die permanente gees van taal, dit wil sê deur die oopstelling aan taal voor die werklikheid sodat nuwe wêrelde kan ontsluit en opduik, gesien kan word. Taal, waaraan so oorgegee word gee visie. Wêrelde, moontlikhede, word raakgesien wat andersins duister en onsigbaar sou bly. Die aandeel aan die doodmaak van ’n taal sal hom wreek deur die doding van alle tale sonder meer, die doding van die gehoor vir die Syn, die afstomping vir die invensie van sin en waarheid, en die verlies van alle moontlike wêrelde. Die grondloosheid van taal, waar taal sigself vier, is dit waarvan poësie die grootse en verhewe inspirasie vind en waardeur, met verbeelding (Valery), fantasma (Stiegler) en dromery (Bachelard) lood in goud verander word.

4 Deur taalvolheid as geestesvolheid na te jaag met besondere klem op hersimbolisering, woordeskatontwikkeling as werklikheidsbelewing en verwesenliking word nuwe samelewingsmoontlikhede geskep. Luister na die syn en skep woorde wat weergee wat ek hoor en vermy sodoende die marteling van taal wat belangrik is omdat die marteling sig kan wreek. Dit kan mense woordeloos laat, stomslaan, en dom maak – intellektuele infantilisme is diesulkes se voorland en ons land is oorbevolk met diesulkes – tweederangse en tweedehandse geletterdes en dit is letterlik lewensgevaarlik en die onvermoë tot ware same-lewing. “Vir ’n nuwe situasie is ’n nuwe taal nodig”, skrywe Serres (1995:72). Maak nuwe stories en verhale op! Dit is ’n uitdaging aan almal. Hiermee is ons terug by die gees van taal. Dit is dus ’n noëtiese oefening by uitstek.

Die vermoording en verwerping van ’n taal, die uitwerp van ’n taal op grond van drogredes, bring die “moordenaars” onvermydelik te staan voor die eie syns- of werklikheidsverlies, sinsverlies, waarheidsverlies, meelewendheidsverlies en uiteindelik wêreldverlies. Niemand kan armer, dooier en ellendiger wees as dit nie. Krokodiltrane mag uiteindelik ware trane word en moralistiese berouvolheid mag uiteindelik eerder op diep ervaarde gewetenswroeging uitloop. Die koste van die verwerping van ’n taal is nog nie werklik bereken nie – nóg vir die verworpenes, nóg vir die verwerpers. Die littekens wat universiteite aan hulleself gedoen het, en nog meer en meer voortgaan om te doen, sal onmiskenbaar teenwoordig bly. Kyk wat

skrywe Michel Serres (1997:124) oor die lot van eentaligheid waaroor almal in vervoering is: “When all people of the world finally speak the same language and commune in the same message or the same norm of reason, we will descend, idiot imbeciles, lower than rats, more stupidly than lizards. The same maniacal language and science, the same repetitions of the same names in all latitudes – an earth covered with screeching parrots.”

In die lig hiervan raak taalhandelinge dus besonder betekenisvol. Wanneer taal slegs “gereedskap” is, verloor dit hierdie dimensies en ook sy handelingskrag, want dit word dan slegs ’n bestuurbare, manipuleerbare entiteit, maar bestuurbaar deur feilbare, gebrekkige, dikwels oneerlike individue wat eiebelang of gesuggereerde of gewaande belang, of selfs ideologiese versinsels en sinistere verlangens, najaag.

WATTER TAALHANDELINGE KRY ONS?

Wanneer, en slegs wanneer, taal na sy ware aard en wese geag en gehuldig word en solank taal nie slegs as gereedskap geag word nie, sal die volgende wesenlike sake in menselewens verwesenlik word:

- 1 Taal bied ’n tuiste vir die Syn (huis, verblyfruimte, van die syn, van die werklikheid, van dit wat ook al is). Dit is wat mense tuismaak in die wêreld!! Die onsinnige geraas van die media, alle media, het so oorgeneem en ons oortuig dat dit al is wat waar is en belangrik, hulle besluit vir ons, dat ons nie meer kan luister na die Syn nie, dit nie kan hoor nie – selfs nie verstaan wat die Syn beteken nie.
- 2 Taal is koesteraar van menslike geestelikheid waarsonder gees nie tot manifestasie kan kom nie. Die sekerste manier om gees te vergeet, is om taal volledig te laat opgaan in ’n stuk gereedskap vir berekening en rekenarisering en bestuurbaarheid en dus beheerbaarheid. Taal vereis ’n toegewyde verbintenis tot die wese van die menslike gees.
- 3 Taal is die inisieerder en verwesenliking van komposisionele denke en omvattende denke wat verbeeldingryk en fantasmaties en droomryk is en staan teenoor eendimensionele denke wat ons maklik en gewoonlik lei tot die graad nul van denke.
- 4 Taal is die skepper van wêreld; dit is die poëtiese funksie daarvan (poësie is om te maak of te doen).
- 5 Taal is die skepper van etos, dus van plek, tuiste, in die volle betekenis daarvan.
- 6 Taal is die verwekker en bewusmaker van lewe, die bewaarder van lewe, die artikuleerder van lewe; die verfrisser en gewaarmaking daarvan.
- 7 Taal is behoeder en verwesenliker van same-lewing maar wat deur misbruik in al die vorme daarvan die verwoester van same-lewing is en ook van individue.
- 8 Taal is by uitstek die verwesenliker van lewensinvloed in en deur al die bogenoemde handelinge en is in ’n sin die hoogtepunt van dit alles (waar meervoudige, konnektiewe intellek verwesenliking vind).
- 9 Taal is die inventeerder van ’n heilsame toekoms wat gesien moet word teenoor taal as gereedskap wat vernietiging deur katastrofe uitspel.
- 10 Om te eindig by die begin, by ons motto’s: dit suggereer iets van die nimmereindigende, die onsterflike, die selfstandige oneindigheid van taal.

SLOT

Wanneer taal as gereedskap gebruik word en nie toegelaat word om self te doen en te gebruik en te skep nie is die skade onberekenbaar: die syn word verloor; sin gaan tot niet; wêreld

raak vermink; die toekoms raak weg; die gees verdor en raak vergete; denke verstar; lewe verval; gemeenskap is daarmee heen en die oneindige is ons nie beskore nie. Om taal slegs as gereedskap te sien, beteken om menswees af te sny van alle diepsinnige mensvormende taalhandelinge. Taal as gereedskap is vervangbaar en uitruilbaar. Die verlies van die restant van taal, aan die ander kant, is so erg soos lewensverlies.

Dit is goed dat daar gestry en geveg word vir die behoud van Afrikaanse instellinge. Wat die afgelope tyd met Afrikaanse instellinge gebeur, is krimineel en dit geld ook van diegene wat om watter rede ook al, ondanks krokodilrane en gebare van berou, hieraan lustig en ook listig en selfs leedvermakerig meedoen. Dit vernietig alle moontlikhede wat Afrikaans vir alle Afrikaanssprekendes bied bo en behalwe om 'n stukkie gereedskap te wees. So 'n geveg het niks met regsheid te doen soos baie van diegene wat politieke hiperkorrek wil wees, beweer nie. Hierdie stryd, om outentiek te wees, moet eger om veel meer gaan as bloot die behoud van instellinge wat Afrikaans as gereedskap gebruik, maar wat fokus op die herwinning van die Afrikaanse taal in die volheid daarvan as taalwees met die poëtiese krag van verbeelding, fantasma en dromery in die belang van ALLE Afrikaanssprekendes en vanselfsprekend ook in belang van almal met wie hulle saam lewe en in aanraking kom en die bewusmaking en kultivering hiervan binne sulke instellinge. Die wonder van taal, elke taal, wat 'n lofrede verdien, is slegs hierin geleë, en nie slegs in taal as blote gereedskap nie. Wanneer taal as blote gereedskap geag en verstaan word, maak dit al die gebruikers daarvan dom, sonder uitsig en hoop. Hier is dit miskien van pas om Derrida (2007) se woorde in herinnering te roep: 'n taal is nie iets wat behoort nie, dit wil sê dit is nie ons eiendom waarmee ons kan maak wat ons wil nie; dit is eerder iets waaraan ons behoort en waaraan ons ons moet oorgee sodat die poëtiese werkinge daarvan deur ons verweselik kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Arendt, H. 1982. Introduction: Walter Benjamin 1892–1940. In Benjamin, W. *Illuminations*. London: Fontana Books.
- Atlan, H. 1986. *Entre le cristal et la fumée*. Paris: Seuil.
- Bachelard, G. 1969. *The poetics of reverie*. Boston: Beacon Press.
- Barthes, R. 1979. Writers, intellectuals, teachers. In *Image-Music-Text*. Glasgow: Fontana/Collins.
- Benjamin, W. 1982. The task of the translator. In *Illuminations*. London: Fontana Books.
- Derrida, J. 2007. *Learning to live finally*. Brooklyn, NY: Melville House.
- Ellul, J. 1985. *The humiliation of the word*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Felman, S. 1982. *Jacques Lacan and the adventure of insight*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Girard, R. 2014. *The one by whom scandal comes*. East Lansing: Michigan State University Press.
- Heidegger, M. 1955;1970. *Wat is dat – filosofie?* Tiel: Lannoo.
- Heidegger, M. 1947;1973. *Brief over het humanisme*. Tiel: Lannoo.
- Latour, B. 1988. *The Pasteurization of France*. Cambridge: Harvard University Press.
- Lecerclé, J-J. 1985. *Philosophy through the looking glass: Language, nonsense, desire*. London: Hutchinson.
- Lecerclé, J-J. 1990. *The violence of language*. London: Routledge.
- Ricoeur, P. 1976. Violence and language. In *Political and social essays*. Athens: Ohio University Press.
- Ricoeur, P. 1991a. Poetry and possibility. In *A Ricoeur Reader: Reflection and imagination*, edited by Mario J. Valdes. Toronto: University of Toronto Press.
- Ricoeur, P. 1991b. The creativity of language, in Valdes (1991).
- Ricoeur, P. 1991c. Myth as bearer of possible worlds, in Valdes (1991).
- Ricoeur, P. 2013a. Hermeneutics and the idea of revelation. In *Hermeneutics: writings and lectures*, vol. 2. Cambridge: Polity Press.

- Ricoeur, P. 2013b. Salvation myths and contemporary reason. In *Hermeneutics* (2013).
- Serres, M. 1995. *Conversations on Science, culture and time*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Serres, M. 1997. *The troubadour of knowledge*. Ann Arbor: The university of Michigan Press.
- Serres, M. 2015. *Bonheur aujourd'hui*. Paris: Le Pommier.
- Steiner, G. 1971. In *Bluebeard's Castle: Some notes towards the re-definition of culture*. London: Faber & Faber.
- Steiner, G. 2001. *Grammars of creation*. London: Faber & Faber.
- Steiner, G. 2005. *Dix raisons (possibles) à la tristesse de pensée*. Paris: Albin Michel.
- Stiegler, B. 2013. *Pharmacologie du Front national, suivi du Vocabulaire d'Ars industrialis*. Paris: Flammarion.
- Stiegler, B. & Ars Industrialis. 2016. *Reenchantment of the world: The value of spirit against industrial populism*. London: Bloomsbury.

Michel Serres, die ondeunde denker – ’n huldeblyk

Die dood van Michel Serres op 1 Junie 2019 was hartseer, soos die dood meesal is. Tog is daar ryk en kosbare vertroosting in sy nalatenskap. Hy het die geheim geken om ondanks omstandighede altyd vreugdevol en selfs vredevol te lewe, met ’n tikkie speelsheid, selfs guitigheid, wat alles in sy omvangryke oeuvre weerspieël word en raakgelees kan word. Die erns van die meeste filosofe was vir hom een te veel.

“Yster slyp yster, so slyp een mens die persoon van die ander” (Spreuke 27:17). Hierdie slypwerk geskied deur persoonlike verkeer, deur gesprekvoering en taal, en deur leeswerk. Boeke transformeer, gee rigting, vorm, dring die gees binne en keer dit dikwels om. Boeke bring ons nader aan ander, lei ons in hulle siele, gees en denke in. Sy dood het my die afgelope jaar weer met vertroosting, maar ook met ’n sublieme verlustiging na sy ryk nalatenskap van meer as 70 boeke oor ’n halwe eeu laat gryp. Om dit weer te fynkam was intellektueel besonder verfrissend.

Die, vir my, grootse dekade van Franse filosofie (1968–1980+) het Michel Serres (wat meesal ongenoemd bly) ingesluit. Terwyl daar meesal na sy tydgenote verwys word as die poststrukuraliste is daar selfs na hom verwys as die enigste werklik strukturele (of selfs strukturalistiese) denker, veral geïnspireer deur sy studie van die wiskunde. Sy heel merkwaardige Hermesreeks van vyf volumes wat van hom die enigste filosoof van inligting en kommunikasie, waarvan ek kennis dra, gemaak het, het gedurende hierdie tyd die lig gesien.

Verskeie ontmoetinge met hom, by sy huis, by die Franse Akademie, in koffiekroegies in Parys, in die nuwe Franse Nasionale biblioteek, en selfs in ’n plaaslike wildreservaat, die lees van sy boeke en daarmee ook die beleving van die rykdom en inspirasie van sy boeiende en uitdagende insigte en gedagtes maak die lewe op blywende wyse onnoembaar ryk en vol, selfs in hierdie tyd wat gevul word met ’n enkele allesoorheersende retoriek oor ’n pandemie. So het sy lewe deel van myne geword. Sy omvangryke nalatenskap en ook vriendskap, ’n soort kosbare erflating, is onkoopbare rykdom – onvernietigbaar.

Sou ’n huldeblyk aan so iemand in die troosteloos onfilosofiese Suid-Afrikaanse omgewing hoegenaamd sin maak, of indruk maak, of bloot ’n vermorsing van woorde wees? Ons moet onthou: allerlei slimmighede is nog nie, en nie noodwendig intelligensie nie, en nog minder weelderige, volwaardige denke. Sy speelse, spelende, vrolike denke neem ’n mens in opwindende nuwe wêreld in waarvan jy jou die bestaan nie kan voorstel of verbeel nie. Die ondeundheid wat blywend tot die einde in sy oë gevonkel het, vind op ’n besondere wyse uitdrukking en weerklank in sy denke en dus in sy werke. Dit is nooit swaarmoedig nie, selfs in die swaarmoedigste omstandighede, al is al sy werk volgens hom te verbind aan en aangespoor deur die weersinwekkende verskynsel van geweld. Hiroshijima, het hy meermale gesê en geskrywe, het hom tot die filosofiese gedwing. En dit het hy aangevul met sy, vir baie onverstaanbare, parallel tussen die ontploffing van die ruimtetuig “Challenger” waarin sewe mense gesterf het (wat vir hom neerkom op wetenskaplike misdadigheid) met die standbeeld van die afgod Baäl waarin mense gereeld vir die afgod geoffer is. Nogtans kon hy nog kort voor sy dood in ’n radiopraatjie soos volg uitspel hoe sentraal geluk eintlik in ons lewens hoort te wees: vreugde is alledaags volgens hom. Dink maar net aan moeders wat hul kinders koester, kinders wat speel, die lewende liggaam wat fisies aktief is, vriende wat lief is en omhels, die invensies van nuwe idees, die toegewydes aan hulle werk, die oues van dae wat hulle verlustig

in die lengte van hul dae – kyk net na die produseerders van vreugde wat oneindig meer talryk is as die ellendes waarvan mense prooi kan wees. Ongeluk (moord, korrupsie, katastrofes, die kwaad, ensovoorts), wat gewoonlik die voorblaaie en hoofberigte haal, is en bly meesal uitsonderlik hierteenoer.

Om hierdie denker te kon leer ken was om 'n ander lewe binne te gaan. Sy verset teen dogmatismes (*Statues*) soos die kriticisme, is geheel en al bevrydend al verloor dit nooit in die minste respek vir die diepgaande, die fundamentele en die etosmatige nie. Sy liefde vir die lewe en die dinge (*Biogea*) word nooit gestuit of gerem deur die onstuimigheid en vernietigende stormagtigheid van geweld nie.

Om sy wegwees te betreur sou nie sy wens wees nie, want die lewe wat nog vir die treurendes gegun word, is te vreugdevol om te rou. Om sy menswees en denkvernuf te huldig en te eer sou aan hom vreugde verskaf. Die dood is altyd seer, maar sy nalatenskap is so groot, ryk en vol en die herinneringe daaraan en die verfrissende en gereelde weer-kyk daarna so besonder kosbaar dat om juis daar te verwyl gedagtig aan hom en sy werk 'n geestelike rykdom bied wat nie uitgeput en opgebruik kan word nie. Dit bly altyd vars, nuut en invensievol.

Sy werke is weliswaar vir baie, en selfs vir diegene wat van beter behoort te weet, obskuur en moeilik toeganklik. Dit vra ontginning, uitleg, verwonderende leesentoesiasme en ontsyfering – die geheimenisse van vernuftige leeswerk. Hierdie soort leeshandelinge ontsluit asemrowende wêrelde, die weelde van die dinge, die onnoembaar verwonderenswaardige van die lewende in al die omvangryke rykdomme daarvan. Die toegang wat hierdeur verleen word tot geestesvolheid kan nouliks oorwaardeer word en noukeurig na waarde geskat word. Sy ontsluiting van die skatkamers van die werklikheid laat 'n mens telkens na jou asem snak. Om hierdie insigte te mis kan slegs bydra tot die betreurenswaardige en mistroostige geestesarmoede van hedendaagse samelewings en individuele lewens wêreldwyd.

Sommige van die mees **prominente sake** wat hy in sy werke beklemtoon wat heel besondere sin maak wanneer ek aan hom dink, sluit die volgende in:

- Sy soort klem, uniek en eiesoortig, op die formidabele en opwindende van komposisionele denke
- Sy klem op die lewensnoodsaaklike van die gees van invensie en inventiwiteit
- Sy omhelsing van en liefde en pleidooie vir wysheid, letterlik vir die filosofiese
- Sy besondere klem op grensoorskrydende, meervoudige en interkonnektiewe kennis en die oormaat daarvan
- Sy letterlik pryswennende perspektiewe op menswees, mensbeeld en menswording en die unieke weelde van sintuiglike ervaringe en desondanks sy hewige protes teen die verheerliking van menseregte sonder inagneming en dikwels ten koste van die regte van natuurlike dinge (lewendig of dood) in terme van 'n natuurkontrak
- Sy vreugdevolle, onblusbare entoesiasme vir die lewe, die natuur en die dinge
- Sy klem op die skeppendheid, die poëtiese, van taal en die fatale domheid van te strewe na slegs een wêreldtaal (waarna vele klaarblyklik smag!)
- Sy hele lewe lank bly hy stomgeslaan deur die haat vir intelligensie wat onmiskienbaar deel vorm van die stilswyende sosiale kontrak van sogenaamde intellektuele establishments.

KARAKTERS, KERNFIGURE, GESKEP VIR SY FILOSOFERING

Die storie van hierdie entoesiastiese liefhebber van die lewe, 'n nuuskierige van die wêreld, die avonturier van die denke, dwing tot refleksie, diepgaande nadenke, besinning. Hy was 'n

mens van die aarde, 'n rugbymens, filosoof, historikus van die wetenskappe, akademikus van formaat soos min. Hy reis deur wêreld, wetes en kulture. Sy fassinerende, onklassifiseerbare werke neem die vorm aan van 'n pantopie (van die Grieks pan = alles en topos = plek). Hy het voor enigiemand die rewolusies van die wêreld gesien en voorsien: die koms van inligting en kommunikasie, die sorg vir die liggaam, die ekologiese krisis, die digitale omwenteling, en religieuse metamorfoses.

Om elk van hierdie gebeure te artikuleer het hy nuwe konsepte en karakters, kernfigure, geskep: Pantopie, Hermes, Thanatokrasie, Hominessent, die Ware kwaad, Natuurkontrak, Petit Poucette (vroulik), Hermafrodiet, Groot Narratief en Fetish, en hy verbeel hom dat dit wat hy karakters noem juis vorm aanneem in die nuwe ervarings van menswees in ons tyd.

ENKELE TEMATIESE SIERADE UIT SY DENKE WAT MEESAL HIERBY AANSLUIT

- Hermes, die boodskapper van die gode, waaraan hy die eerste vyf (ses?) boeke in sy oeuvre gewy het as 'n indringende studie oor en bespreking van die inligting en kommunikasierevolusie waarvan die einde nog nie eers bereik is nie.
- Die thanatokrasie (die mag van die dood) van die wetenskap: die keuse in die wetenskapsgeskiedenis vir Mars teenoor Venus. Volgens hom het hierdie keuse 'n dodelike impak op die wetenskapsgeskiedenis wat sou volg.
- Epistemologie impliseer dat rasionaliteit slegs in die wetenskappe en nêrens anders nie bestaan. Dit is nóg rasionalisme nóg 'n geldige en getroue beskrywing van rasionaliteit, maar doodgewoon 'n kaping.

Want rede en uitnemendheid kan op baie ander gebiede as in kanonieke wetenskap gevind word. Omgekeerd kan 'n mens in laasgenoemde net soveel mites vind as in ouvroutories. Die heel beste hedendaagse mite is die idee van 'n wetenskap wat gesuiwer is van alle mites. Hoe meer 'n mens mite probeer uitsluit, hoe meer keer dit met krag terug.

- Die pragmatogoniese: die skeppende en vormende mag van die dinge oor subjekte eerder as die mag van subjekte oor dinge.
- Die noodsaaklikheid van 'n teorie van “wulpse” kennis

Ons behoort 'n teorie van obskure, verwarde, donker, nie-evidente kennis te inventeer – 'n teorie van “adelos”-kennis (afkomstig van die Griekse eiland Delos, wat vroeër A-delos (die verborge/versteekte eiland) genoem was). Hierdie lieflike byvoeglike naamwoord, met vroulike resonansies, beteken dat iets sigself versteek/verberg en nie sigself openbaar/wys nie.... Skaduwee vergesel lig, net soos teen-materie materie vergesel. (Teenoor die “wetenskapfilosoof” wat plegtig verklaar: in wetenskap gaan dit slegs oor feite en is daar geen plek vir bygeloof en vooroordele nie, waarteenoor 'n wetenskaplike skrywe: Die kuns is: bly maar skepties oor alle “feite”) [lees saam met die tweede kolpunt hier bo].

- Die skrywer se roeping: Om vir 'n lang tyd sy sitplek reg binne in die woordeboek te maak: Hoe ryker sy taal hoe betroubaarder sy werk. Hy plaas veral die klem op die belangrikheid daarvan om nuwe woorde vir nuwe situasies te skep. En vir die aandag van die denker: om goed te dink, vereis talryke woorde. Ons moet versigtig wees om nie die onuitspreeklike met die gebrek aan woordeskat te verwar nie (teenoor die filosoof wat stel: dit is onnodig vir studente om woordeskat te bou).
- Invensie is die kernsaak waarna hy telkens terugkeer, vandaar sy Cartesiaanse nuanse:

Ek inventeer, daarom is ek. Volgens hom is invensie die enigste outentieke intellektuele handeling.

- Die onblusbaarheid van taal in die poëtiese lewe

Die mag van die poëtiese lewe artikuleer hy so: Veel belangriker as middel tot kommunikasie is taal dit wat ons maak wat ons is. Dit maak van ons individue, mense. Die poësie beroep sig op hierdie funksie van taal. Dit laat ons onself wees. Dit maak ons liggaam, ons gees, ons bewussyn, ons menswees, ons aard. Taal moet van geboorte af aanvaar word, want ons word in taal gebore. En dan verder, nog veel vroeër, beklemtoon hy:

Wanneer alle mense in die wêreld uiteindelik dieselfde taal praat en volgens dieselfde boodskap of volgens dieselfde norme van redelikheid kommunikeer, sal ons neerdaal, idiotiese imbesiele, laer as rotte, veel dommer as akkedisse. Dieselfde maniakale taal en wetenskap, dieselfde herhaling van name op alle vlakke – ’n aarde oordek met skreeuende parkiete. Die verwerping van ’n taal is die kenmerk van geveinsde naïwiteit of waaragtige domheid.

- Gevange filosofie beweeg nie, hul herhaal slegs
Wanneer filosofie verstrik raak en opgesluit word in akademia, beweeg dit nie veel nie. Wat wel wêreldwyd voortgaan is die instellinge waarvan die funksie die reproduksie van gehoorsame jongmense bly.
- Die opwindende aard van die liefde vir die lewe en die lewe tussen en met die dinge op ’n ten volle intense wyse en in heelhartige bewustheid (*Biogea*).
- Meervoudige, konnektiewe intelleksie: die lewensbelangrike beweeglikheid tussen die dissiplines deur hoe moeilik dit ook al mag wees. (Saam met laaste kolpunt op p. 857 te lees).
- Hy het ’n heel merkwaardige wysgerige antropologie in nie minder nie as nege boeke ontwikkel. Hy het begin met “Die Parasiet” (1980) waarin hy ondersoek hoe menseverhoudings identies is aan dié van die parasiet tot die liggaam van die gasheer en wat ook gesien kan word as voorloper van ’n postmoderne mensbeskouing. Dit is gevolg deur ’n boeiende bespreking van menslike sintuiglikheid (Vyf Sintuie 1985) wat in die tyd van data en inligtingtegnologie afgeskeep word en waarvolgens sintuiglikheid oorheers word deur taal. Geen wonder dat mense minder belangstel in die smaak van wyn as in die beskrywing van die wyn op die bottel se etiket nie. Op hierdie wyse word ’n steriele kennisstelsel geskep wat geskei is van liggaamlike ervaringe. Dan volg sy boek oor die menslike liggaam (1999) wat hierby aansluit en waarin hy beklemtoon dat die menslike liggaam met gemak die dinge en die lewende naboots; dit skep selfs tekens. Uit die velerlei variasies van posisies en metamorfoses van die liggaam word die gees gebore. Die liggaam is veel moeiliker om te “robotiseer” as die intelligensie met verwysing na kunsmatige intelligensie. Die vyf sintuie is nie die enigste bron van kennis nie; kennis spruit grootliks voort uit die nabootsing wat moontlik gemaak word deur die buitengewone plastisiteit van die liggaam as geheel. Hierin, hierdeur en hiermee kom kennis voort. Hierna het hy vier volumes oor mensbeeld geskep wat hy as sy eintlike antropologie beskou en waarvan die eerste twee titels *Hominessent* (2001) en *Inkandessent* (2003) die merkwaardigste is. Hy sluit sy reeks oor menswees af met *Petite Poucette* (die vroulike vorm) (waarvan meer as ’n kwartmiljoen eksemplare in Frans al verkoop is) wat ’n nuwe ruimte skep wat vra vir oop, inventiewe denke wat klop met die transformasie van ons liggame, ons tegnologieë en ons kennisvorme en sosiale organisasies. Hy gebruik hiervoor die beeld van die skooldogter wat hy in die Metro in Parys dophou wat met haar twee

duimpies teksboodskappe per selfoon na vriende stuur en dan gebruik hy hierdie beeld om iets veel breër oor menswees te illustreer: dat mense gevorm word deur hulle tegnologie en dat met die koms van rekenaars, selfone, en die internet 'n nuwe soort mens gebore is. Hierdie nuwe mens, of menswording, word op 'n besondere wyse uitgebeeld en beskrywe in die twee genoemde boeke *Hominessent* en *Inkandessent* wat taalkundig klop met *adolescent* (volwassewording). Al hierdie terme dui op 'n staat of 'n handeling wat in die proses is om sigself te vorm, of, om 'n metamorfose te ondergaan. Hy het, om dit kortweg te stel, oor hierdie twee temas die volgende in 'n latere onderhoud te sê gehad: Die *hominessent* het die krag verkry om te verander, om metamorfose te bewerkstellig, te ondergaan en om te transformeer – menswording is aan die gang en word nooit afgehandel nie. Die *hominessent* is 'n menslike faset van 'n veel groter fenomeen wat hy *inkandessent* noem (letterlik die gloeiende of hittegewende). Die mens is toegerus met die kapasiteit om te metamorfoseer. Wat die mens kan word is onvoorsienbaar en onvoorspelbaar. Die mens is die wese met moontlikhede: hy is in staat tot allerlei fisiese aktiwiteite, maar veral ook in staat om te inventeer. Die *Inkandessent* het veral die kapasiteit om te inventeer. Meer nog: die *inkandessent* is die inkarnasie van alle menslike kapasiteite; dit het die krag daartoe en die gloeiende vurigheid vir die verwesenliking daarvan – vir herkapasitering. Hierdie persoon is in staat tot ... komposisionele denke, tot die skep van wêreld, van nuwe individue, van gemeenskappe, van etos, van kennisvorme en wetes, van die oorwinning oor parasitisme en narcisisme, en veral ook van die invensie van 'n sinvolle en leefbare toekoms.

- *Brûe* en verhoudinge: die filosofie van brugbou, om tussenmenslike verhoudinge te illustreer en te bewerkstellig, moontlik te maak, word pragtig geïllustreer in 'n spesiale bundel *L'art des Ponts*. (Die kuns van brûe).
- *Pantopiaan*: hy bewandel alle weë ten einde behoorlik te kan filosofer. Hy stel dit so: Uit 'n oorsig oor die titels van my boeke sal jy met groot gemak kan naspoor hoe ek van wiskunde na fisika, van fisika na die lewenswetenskappe, en van die lewenswetenskappe na die menswetenskappe oorbeweeg het, sonder om ooit hulle historiese komponent agterweë te laat. Maar dit skep nie 'n naatlose lys of 'n kategorie wat 'n homogene oppervlakte beset nie; hulle suggereer intendeel 'n tormente, ondulêre landskap – chaoties, fraktaal, maar getrou aan die werklikheid (kyk ook die 4de kolpunt).
- Die onderrigte derde is die troebadoer van kennis wat die intensiewe en volhoubare artikulasie tussen die wetenskappe van die natuur, die wetenskappe van die gees en die filosofiese fasiliteer en bevorder. Die vertaler artikuleer hierdie stelling soos volg:

“The *Troubadour of Knowlegde* [as title for the book *Le tiers-instruit*] was chosen to reflect Michel Serres's identification of the third-instructed with the troubadour, his equation of learning and knowing with finding and inventing. Throughout the text, knowledge, learning, and philosophy are linked to travel, to seeking and encountering, to intersection of genres and disciplines, and to the felicitous use of language.”

AFSLUITING

In 'n betreklik onlangse reeks onderhoude oor sy lewenswerk wat ook 'n besondere soort weergawe van sy lewe is, sluit hy in antwoord op die laaste stelling en vraag soos volg af:

Die stelling: *Om op te som, die lewe is slegs die pyn om geleef te word werd indien daar liefde is en indien daar denke is*, waarop hy antwoord:

Waarna strewende ek om elke dag te doen? 'n Mooi bladsy, aan die een kant, en 'n lewe gedra deur liefde aan die ander kant.

Die vraag: *Watter gevoel, om mee af te sluit, trek jy saam uit alles waaroor gepraat is, jou lewe en werk?*

Sy antwoord: Vreugde! Die eenvoudige kontingente vreugde van te bestaan; die vreugde van die geweld van verskeie oorloë te kon oorlewe; die vreugde, hier en nou, van vrede wat al vir meer as 'n halfeeu duur; die vreugde verskaf deur die skoonheid van die wêreld en die van vroue; die drievoudige vreugde om lief te hê, wonderbaarlik drievoudig omdat dit jou, my, en ons verhouding verbind; die vreugde van te onderrig, te luister, te skrywe, en te praat, om te maak en te fabriseer (te inventeer); die uitgelate vreugde van die liggaam, van liefkosinge, van sport in al die vorme daarvan, en van musiek, die oormatige vreugde van denke in die oortreffende trap.

Wie sou hulle nie heelhartig met hierdie gelade gevoelens kon of wou vereenselwig nie? Mag hierdie oorsig tot groot vreugde dien vir wie ook al wil deel in so 'n vreugdevolle filosofiese lewe.

Hierdie is 'n brute oorsig oor wat ons van Michel Serres kan en eintlik moet leer en waaroor ons deeglik en deurlopend behoort te reflekteer, behoort te besin, ter wille van ons eie geestelike welstand.

EIE BYDRAES OOR SY WERK

- 1 Hermes overtaken (RSA 2000, RGN) (1987).
- 2 Atlas of knowledges: in pursuit of new knowledge (*Mousaion*, XIX(1):35-52) (2001).
- 3 Pragmatogony: the impact of things on humans (*Phronimon*, 11(2):5-17)(2007).
- 4 The challenge to the contemporary knowledge worker: the troubadour of knowledge, *Managing knowledge workers: a new HR paradigm*, onder redaksie van Sukvinder Kaur Multani. Hyderabad: The Ictai University Press (2007).
- 5 Troubadour of knowledge: a knowledge worker for the new knowledge age, in *Paradigms and conceptual systems in knowledge organization*, edited by C. Gnoli and F. Mazzocchi. (2010). Würzburg: Ergon Verlag. (Hierdie hoofstuk is 'n verwerking vir hierdie uitgawe van die publikasie onder kolpunt 4 genoem).
Hierdie hoofstuk is ook in Pools vertaal en gepubliseer in *Bibliotekarz Podlaski*, nr. 22 (2011).
- 6 Michel Serres' multidisciplinary philosophy of information and knowledge. *The Journal for Transdisciplinary research in Southern Africa*, 10(1):19-36 (2014).
- 7 Multiple, connective intellection. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 11 (2) (2015).

CS (FANIE) DE BEER

Emeritus professor

Universiteit van Suid-Afrika

E-pos: Careldebeer17@gmail.com

Gedigte

HERFSLEWE

Vanoggend kom die son tog weer op
 en ek eet lang tand my bordjie sop;
 witstinkhout blare val op my kop en hart
 totdat alles een winternag stop.

BY DIE DOOD VAN 'N MOEDER

Familieledede is draers van die kis langs mekaar,
 maar hulle is almal lankal kwaad uitmekaar,
 met verversings sit hulle om tafels en stryk verskille uit;
 daar eenkant staan 'n soutpilaar, bot en onversoenbaar.

GESELLIGHEID

Heel gesellig eet ons klomp by ou perskebome saam
 aan ons laaste suur laatvuggies, wie weet, ons laaste maal;
 ons is vrolik as ons lag oor die jare in 'n knipoog vergaan,
 dan lui daar 'n foon: ou Japie is dood – stil heengegaan.

OUETEHUIS?

Ek sien dit in een kind se oë: wat van 'n ouetehuis,
 dan kom nog twee en bespreek ons toekoms as ons rolbos word,
 erken dat ons onself tog nog versorg en die bad ruil vir stort;
 die land kantel na afvat, maar ons is nog steeds in ons eie huis.

HOOP OP 80

Met ouer word besef jy dat die einde wag,
 bome van vriende wat val, is 'n terugslag,
 maar die harde werklikheid van hierdie toestand
 word versag deur die troos van 'n nageslag.

JONKHEID VAN DIE OUDERDOM

HERINNERINGE

Gebeure in bokse oor sewentig jaar opgetel
 verpak in my herinnering, oor familie asook
 oor Gog-Magog in ons eie tyd, kan ek nou aan
 my kleinkind met blink oë en oop ore oorvertel.

ORLOGSUG

Mense is inherent goed, boos, wars
 van mekaar, 'n vuurspuwende berg;
 insig in oorlogsug oor jare verwerf:
 Vesuvius sal nou erger uitbars.

WYSHEID

Hulle loop wankelrig, sien sleg en is half-dooft,
met vervreemding in 'n nuwe wêreld belas,
maar hulle lewenservaring is in 'n maalstroom gewas;
nou kan wyse oë die wesenskern oopkloof.

COVID-19**SWART MANEL**

Lank gelede sweef daar in ons stamlande die Swart Dood
Desiderius Erasmus vlug met boekkis in nood;
wie het ooit gedink dat Swart Manel wéér in ons tyd van kis tot kis sou sweef
'n gestorm vir kos terwyl die doodsklok lui laat my tuis met 'n stukkie brood;
nou keer mense weer na mekaar – dit lig ons op in hoop.

HENNIE PIETERSE

E-pos: pieterhjc@absamail.co.za

1. REËNBOOG

Seeruisings oor deinings;
 en die groen see kaats 'n rooi son.
 'n Reënboog draai sy kaleidoskoop oor die aarde,
 laat val fyn skitterings van lig
 wat deur die prisma van die firmament
 in die tyd inwig.

Die reënboog is soos geloof wat ons klee in hoop,
 met die smeking dat God sin sal bring en ons doop
 in die bestaan waar ons verbly in vreugdekleure loop.

2. MÔRESON

Wie het die son so skraal in gloed sien opkom oor die oerslik
 as die eerste skynsel oor ons bestaan?

God het self die klein atoom met 'n enkele woord
 so ligweg uitgeskiet in die uitspansel en elke moontlike soort
 soos rooigrassprietjies laat uitloop
 en boslelies laat blom
 om ons in die planeet aan Hom te laat behoort.
 O Heer, as ons maar U lof kon uitsing,
 en jubbelend U genade kon ná-woord!

3. LEWE

'n Meeu swenk soos 'n vlieër se lint
 voortgedryf deur 'n nuwe wind,
 na die wit van die eerste skittering van die stil lig.
 Ek kniel soos 'n kind
 by vissies in 'n poel waar die lewe begin wink
 met krappies en seewier wat vrolik rinkink,
 steek my vingers in
 die roersels wat uitkring,
 soek en soek na lewensin
 in die oervloeistof
 en dan die meeu
 lewend
 in die kring ná kring
 sodat ek later
 dankbaar bid tot God die Vader

4. BLYDSKAP

Het almal saamgesing in die vreugde van die eerste lewe?
Loeries koketterig geklee in somerskleur bewe
van blydskap oor die uitgelate ligstrale
wat oor al wat boom en blaar is swewe.

Sandtrapsuutjies kreun van lekkerte
en steun teen die duin waar hulle goggas kry,
terwyl die insekte hulle verras probeer vermy.
Olifante juig slurpe omhoog
en die miertjies
wriemel ywerig verby.
Die sjimpanjees snoep
en smoesel tevrede,
terwyl ietermagogs
skubbe ratel van plesier.

En ek verwonder my
oor die vreugde
wat so kortstondig bly.

PIETER VERSTER

E-pos: versterp@ufs.ac.za

Een frase, verskeie sake

Onlangs lees ek die volgende frase in 'n langer sin raak: "... enige terrein van die onderwys (vanaf vroeë-kind-onderwysvlak tot tersiêre onderwysvlak)"; dit is die gedeelte tussen hakies wat tot onderstaande bespreking gelei het.

As ek daardie gedeelte in Engels moes vertaal, sou dit waarskynlik "from early childhood education level to tertiary education level" wees. Koppeltekengebruik in Engels verskil in groot mate van dié van Afrikaans. Hoewel dit geen wet van Mede en Perse is nie, is daar tog 'n tendens om 'n koppelteken te plaas tussen kombinasies soos "early + childhood" en "tertiary + education" wanneer daardie kombinasie 'n volgende selfstandige naamwoord bepaal – hier "level". My eie voorkeur sou dus wees: "from early-childhood education level to tertiary-education level".

Drie sake in die betrokke frase interesseer my: vertaling, die Afrikaanse spelreëls en idiomatiese Standaardafrikaans.

1. VERTALING

Die vertaling van "childhood" is dikwels problematies. Daar is verskillende moontlikhede, soos *kinderjare*, *kindertyd* en *kleintyd* (laasgenoemde 'n bietjie informeel), of net die verbindingsvorm *kinder-*, byvoorbeeld in verbindings soos *kindersiektes*, *kinderbehoefes*, *kinderontwikkeling*. Vir my is *kinderjare* hier die beste oplossing.

Maar wat gemaak met "early-childhood education"? Myns insiens is *kindonderwys* hoogs onidiomatiese Afrikaans, en *kinderonderwys*, hoewel volkome idiomaties, laat weer betekenismoontlikhede toe wat nie klop met "early-childhood education" nie. Laasgenoemde word gewoonlik gedefinieer as onderwys vir kinders van tot so agt, nege jaar oud. *Kinderonderwys* kan klaarblyklik heelwat ouer kinders insluit. 'n Moontlikheid is dus *vroeë kinderonderwys*.

Die *Teaching dictionary of education* van prof. AJ Smit (hoofred.; Pretoria: Privaat uitgegee, 2008) vertaal "early childhood" met *kleinkinderskap*, wat teoreties seker moontlik is, maar vir my is *kleinkind* en *kleinkinder-* te naby aan "grandchild(ren)" en dus te geredelik oop vir wanvertolking. Ook *kindskap* sal nie regtig in so 'n verbinding deug nie, want dié word hoofsaaklik in religieuse of figuurlike verband gebruik. Dalk kan die koppeltekens in iets soos *klein-kind-onderwys* 'n ander betekenis suggereer, maar die kans is skraal.

'n Vertaalwebwerf van die EU gee in Nederlands naas onder meer "onderwijs voor jonge kinderen" ook "voorschools onderwijs", maar laasgenoemde stem nie ooreen met die definisie wat ons Departement van Basiese Onderwys gebruik nie. Skynbaar vermy Nederlands dit om 'n konstruksie op die patroon van "early childhood education" te probeer maak en stel dit eerder idiomaties om.

Indien 'n eenwoordterm of dieselfde volgorde as Engels eenvoudig móét, sou my keuse *vroeëkindersjareonderwys(vlak)* wees. Dié soort samestelling probeer ek egter vermy waar ek kan.

2. SPELREËL

Hoekom het ek *vroeë kinderonderwys* hier bo twee woorde geskryf, maar *vroeëkindersjareonderwysvlak* een woord? Dit hang af van waarop *vroeë* betrekking het; in die eerste geval

slaan *vroeë* op *onderwys* (dus ‘vroeë onderwys vir kinders’), en in die tweede slaan dit op *kinderjare* – dus ‘die vlak van onderwys vir/in die vroeë kinderjare’.

Hier is een van die Afrikaanse spelreëls ter sprake wat die meeste probleme vir Afrikaansskrywendes oplewer (benewens die blote vas skryf van samestellings!), naamlik die skryfwyse van die sogenaamde samestellende samestellings (reëls 12.6 en 15.27 in die 2017-*AWS*). Dit is samestellings wat bestaan uit (b.nw./telw. + s.nw.)¹ + s.nw., waar die (b.nw./telw. + s.nw.) gesamentlik op die laaste s.nw. slaan. Hier bo het ek so ’n samestelling gebruik, naamlik *eenwoordterm*, want die bedoeling is ‘’n term wat uit een woord bestaan’, nie ‘een term wat ’n woord is’ nie. Nog een is *vastetermynebelegging*: ‘belegging vir ’n vaste termyn’ – een slaan op *woord*, vaste slaan op *termyn*.

Dit verduidelik waarom *vroeëkindonderwys* nie deug nie (afgesien daarvan dat *-kind-* in plaas van *-kinder-* ongewoon is), want dit beteken ‘onderwys vir ’n vroeë kind of vroeë kinders’, wat weer die vraag laat ontstaan of dit ’n kind is wat ’n premature baba was of aangekom het voordat die ouers getroud is of dalk selfs vroeë by die skool aangekom het. Klaarblyklik nie, want dit klop glad nie met “early childhood” nie.

As ’n mens egter “childhood” vertaal met *kinderjare*, dan is dit *vroeëkinderjareonderwys*, want dit is ‘onderwys in/vir die vroeë kinderjare’. Om dieselfde rede behoort dit myns insiens ook *tersiëreonderwysvlak* te wees, want dit is in die eerste plek “tersiëre onderwys”, selfs al is “tersiëre vlak” miskien denkbaar.

3. IDIOOM

Laastens die kwessie van idioom of idiomatiese Standaardafrikaans. Die eerste punt is dat ons te maklik geneig is om (in vertaling) die Engelse patroon te wil volg. In Engels is dit moontlik (hoewel nie altyd goeie styl nie) om ’n rits woorde tot ’n samestelling aaneen te strengel (al skryf Engels so ’n “compound” nie vas nie). Vanweë Afrikaans (en Nederlands en Duits) se tradisie om samestellings vas te skryf, word dit bitter moeilik, indien nie onmoontlik nie, om altyd dieselfde aantal woorde in dieselfde volgorde as Engels in ’n enkele samestelling in te ryg.

In die meeste gevalle – nie altyd nie, maar meestal – is dit vir leser en skrywer beter om ’n omstelling te gebruik, soos wat Nederlands doen in die voorbeeld hier bo. Bowendien is dit juis die gewone leser en skrywer wat skop teen sulke ellelange vreemde of ongewone samestellings. Hulle wil eenvoudig nie *opvoedkundigesielkundestudente* of *statistiese berekeningsprogrammatuur* skryf óf lees nie.

Ten slotte: Hoewel daar niks verkeerd is met die voorsetsel *vanaf* nie, is die kombinasie daarvan met *tot* stilisties en idiomaties nie aan te beveel nie. *Vanaf* dui die beginpunt van iets aan – tyd, plek of getalle. Dikwels is bloot *van* genoeg, en dikwels kan dit geskei word tot *van ... af*.

Vir my sou “van die vlak van onderwys in die vroeë kinderjare tot die vlak van tersiëre onderwys” of net “van vroeëkinderjareonderwys tot tersiëre onderwys” die bevredigendste weergawe van die “probleemfrase” wees wat vertaling, spelling en idioom betref.

JD (TOM) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

¹ b.nw. ‘byvoeglike naamwoord’; telw. ‘telwoord’; s.nw. ‘selfstandige naamwoord’.

Boekbespreking/Book Review

Titel: *Die trekos en trektoerusting in Suid-Afrika: 'n historiese perspektief*
Outeur: C. Marius Oosthuizen
Uitgewer: Protea Boekhuis, Pretoria
ISBN: 978-1-4853-1127-0 (gedrukte boek)
Aantal bladsye: 250 plus 24 bladsye fotoseksie

Hierdie boek is 'n geskiedkundige en kultuurhistoriese juweeltjie. Baie selde kom handwerkers by skryf uit, en gevolglik word baie van die kundigheid en vaardigheid van hele praktiese beroepe en ondernemings nooit geboekstaaf nie. As dit nie vir die enkele dagboek van Louis Trichard was nie, het ons min geweet van die lewe op die Groot Trek. Die togryer-era en bedryf waarby honderde duisende betrokke was het nie 'n enkele eerstehandse verslag nagelaat nie, net die geromantiseerde en erg verwronge "Jock of the Bushveld." Onder dié omstandighede is 'n dokument soos hierdie 'n rare aanwinst.

Marius Oosthuizen is nog van die laaste generasie wat die praktiese aanwending van die trekos beleef het. Nie net dit nie, maar hy het 'n leeftyd lank naas sy boerdery inligting versamel uit die literatuur, maar ook van tydgenote wat self nog osdrywers, velverwerkers, tuie-makers en sweepvlegters was. Daarby is hy as boer by uitstek prakties, en het duidelik self alle tegnieke rondom die trekosbedryf op die proef gestel en bemeester. Sy beskrywings is nie net teoreties volledig nie, dis duidelik eerlike praktyk.

In sy inleiding kla die outeur dat vorige literatuur oor die trekos dikwels mank gaan aan die hebbelikheid om die klem op die outeur se spesifieke belangstelling te plaas. Dit is onvermydelik, en ook nie afwesig in sy eie werk nie. Sy liefde vir leer en rieme kom byvoorbeeld in drie hoofstukke aan die beurt. Maar dit is dan ook waar elke outeur sy besondere kundigheid en entoesiasme deel, en daar is niks fout mee nie.

Vir my was daar ook deurleefde juweeltjies in die breedvoerige bespreking van liggaamsmate as meet-instrument by al hierdie veld-ambagte, en die skatkis van kennis oor tradisionele gebruike van 'n os: letterlik van die beendere tot by die vel.

Dit is maklik om 'n handwerker en boer se skryfwerk te kritiseer, maar enige tekortkominge vergewe mens dan ook graag. Tewens, die ietwat deurmekaar uitleg en gevolglike herhaling is eerder 'n fout van die redaksie, en so ook die swak foto-reproduksies. So iets is vreemd, gesien die beskikbaarheid van vandag se foto-opkikkerprogramme. 'n Ander ding wat pla, is die soms hoogdrawende taal (dalk die promotor se invloed?), en 'n effe karige oorsig oor die genetica waaruit die trekosse geteel is. (*Bos primigenus* word byvoorbeeld voorgestel as 'n derde tipe bees, maar is eintlik die uitgestorwe voorvader van die ander twee).

Só 'n boek bring mens weereens onder die indruk van wat 'n wonderlike ding boeke is. Hier word 'n man se hele lang lewe en belangstelling, en wat hy van dosyne ander geleer het, vir 'n paar rand jou eie en generasies vorentoe s'n!

ERIK HOLM

E-pos: Erikholm1945@gmail.com

Aug 2020

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. HOOFOPSKRIFTE verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die *Social Sciences Citation Index*

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag